

**Wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog, met  
spesifieke verwysing na Afrika en Suid-Afrika.**

**deur**

**Frederick Albrecht van der Merwe**

Proefskrif voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes  
vir die graad DOCTOR PHILOSOPHIAE in Internasionale Politiek  
in die Fakulteit Geesteswetenskappe  
Universiteit van Pretoria.

Promotor: Prof Dr M Hough

Februarie 2002



## VOORWOORD

Graag betuig ek hiermee my opregte dank, en bring ek lof aan my Skepper, vir krag na liggaam en gees aan my geskenk om hierdie proefskrif, te midde van soms moeilike omstandighede, te kon voltooi.

My oprekte dank en waardering aan my promotor, Prof Dr Mike Hough vir die uiters kundige, vriendelike en welwillende wyse waarop hy my van raad en leiding voorsien het om hierdie studie te kon voltooi. Dit was vir my 'n eer en 'n voorreg om met hom te kon saamwerk.

'n Besondere woord van dank aan my familie en vriende vir hulle belangstelling en aanmoediging.

Pretoria  
Februarie, 2002.



Opgedra aan my eggenote, Marietjie, in opregte dankbaarheid vir al die jare se opofferings, liefde, begrip en bystand terwyl ek met my studies besig was.



## INHOUDSOPGawe

### INLEIDING

Bladsy

1.	Oriëntering en hipotesestelling.....	1
2.	Die keuse van die onderwerp.....	2
3.	Die indeling van die studie .....	2
4.	Die metode van ondersoek .....	4

### HOOFSTUK 1: WAPENBEHEER EN ONTWAPENING: 'N KONSEPTUELE RAAMWERK

1.	Ontwapening.....	6
1.1	Omskrywing.....	6
1.2	Benaderings tot ontwapening.....	7
1.3	Argumente ten gunste van ontwapening.....	10
1.4	Argumente teen ontwapening.....	11
1.5	Probleme onderliggend aan ontwapening.....	17
1.6	Algemene en omvattende ontwapening.....	18
2.	Wapenbeheer.....	21
2.1	Omskrywing.....	23
2.2	Die ontstaan van wapenbeheer.....	25
2.3	Benaderings tot wapenbeheer.....	27
2.3.1	Wapenbeheerooreenkomste.....	30
2.3.2	Verdieping van wapenbeheer.....	33
2.4	Argumente ten gunste van wapenbeheer.....	33
2.5	Argumente teen wapenbeheer.....	36
2.6	Probleme onderliggend aan wapenbeheer.....	37
3.	Verifikasie, inspeksie en afdwinging van wapenbeheer- en ontwapeningsooreenkomste.....	39
3.1	Omskrywing.....	39
3.2	Vereistes vir verifikasie.....	40
3.3	Doelstellings van verifikasie.....	41
3.4	Kategorieë van verifikasie.....	42
3.5	Afdwinging.....	43
3.6	Probleme onderliggend aan verifikasie en inspeksie.....	45
4.	Maatreëls om vertroue tussen partye te versterk {"Confidence Building Measures (CBM's)"}.....	47
5.	Die invloed van die beëindiging van die Koue Oorlog op wapenbeheer en ontwapening.....	49
6.	Samevatting.....	51
	Verwysings.....	58

## HOOFSTUK 2: 'N HISTORIESE OORSIG VAN GLOBALE ONTWAPENING EN WAPENBEHEER TOT 1991

1.	Wapenbeheer en ontwapening in die antieke wêreld.....	68
2.	Wapenbeheer in die Middeleeue.....	69
3.	Wapenbeheer in die tydperk 1648-1914.....	71
4.	Wapenbeheer in die tussen-oorlogtydperk (1919-1939) .....	73
4.1	Wapenbeheer aan die einde van konflikte.....	74
4.2	Wapenbeheer om verhoudings te stabiliseer.....	74
4.3	Wapenbeheer deur gedragsnorme te bepaal.....	75
4.4	Wapenbeheer deur die proliferasie van wapens te bestuur.....	76
4.5	Wapenbeheer deur middel van internasionale organisasie.....	77
5.	Wapenbeheer gedurende die Koue Oorlog.....	79
5.1	Kernontwapening vanaf 1945 tot 1962.....	79
5.1.1	Die stigting van die VN.....	80
5.1.2	Die VN se vroeëre pogings tot ontwapening.....	80
5.1.3	Die Baruch Plan.....	81
5.1.4	Die Internasionale Atoom Energie Agentskap (IAEA) .....	82
5.1.5	Verdere pogings deur die VN tot ontwapening.....	82
5.1.6	Wapenbeheer as reaksie op die mislukking van kernontwapening.....	83
5.2	Wapenbeheer vanaf 1963 tot 1979.....	84
5.2.1	Vrees vir kernproliferasie.....	84
5.2.2	Die Zanger Komitee en die Kernverskaffersgroep (KVG) .....	85
5.2.3	Beheer oor kerntoetse .....	85
5.2.4	Die SALT I Ooreenkoms.....	86
5.2.5	Die Salt II Verdrag.....	87
5.2.6	Verbod op biologiese wapens.....	87
5.2.7	Wapenbeheer om gedragsnorme te bepaal.....	88
5.2.8	Vertroue- en veiligheidsversterkende maatreëls (CSBM's) .....	89
5.3	Die periode na die mislukking van die SALT II Verdrag tot 1984.....	91
5.4	Wapenbeheer en ontwapening in die Gorbatsjof-era (1985-1991) .....	92
5.4.1	Die Australië Groep.....	93
5.4.2	Die "Intermediate-range Nuclear Forces" (INF) Verdrag.....	94
5.4.3	Die VSA-Sowjet Chemiese Wapenooreenkoms.....	94
5.4.4	Die "Conventional Forces in Europe" (CFE)Verdrag.....	94
5.4.5	Die gedwonge ontwapening van Irak.....	96
5.4.6	Die START I Verdrag.....	96
5.4.7	Die Missieltegnologie Beheerregime (MTBR) .....	97
5.4.8	VSA/Sowjet unilaterale vermindering van kernmagte.....	98
6.	Samevatting.....	99

Verwysings.....	103
-----------------	-----

## HOOFSTUK 3: GLOBALE WAPENBEHEER EN ONTWAPENING NA DIE KOUE OORLOG

1. Bepalende faktore vir die toepassing van wapenbeheer en ontwapening ná die Koue Oorlog.....	111
1.1 Faktore wat wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog bevorder het.....	111
1.2 Faktore wat wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog nadelig beïnvloed.....	114
2. Proliferasie van wapens en lanceerstelsels.....	117
2.1 Die proliferasie van kernwapens.....	118
2.2 Die proliferasie van chemiese en biologiese wapens.....	119
2.3 Die proliferasie van ballistiese missiele en vliegtuie wat kernwapens kan aflewer.....	120
2.4 Die proliferasie van konvensionele wapens.....	121
3. Die belangrikste wapenbeheer en ontwapeningsooreenkoms wat na die Koue Oorlog gesluit is.....	123
3.1 Ooreenkoms wat ten opsigte van kernwapens gesluit is.....	124
3.1.1 Die 1991-1992 VSA-Russiese unilaterale vermindering van kernwapens.....	125
3.1.2 Die START I Verdrag.....	126
3.1.3 Die START II Verdrag.....	129
3.1.4 Die Omvattende Kerntoetsverbod.....	131
3.1.5 Die Kernsperverdrag.....	131
3.1.6 Kernwapenvrye sones.....	132
3.2 Inspeksie- en uitvoerbeheermaatreëls om kernwapenproliferasie teë te werk.....	133
3.2.1 Die Internasionale Atoom Energie Agentskap (IAEA) .....	133
3.2.2 Die Zanger Komitee en die KVG.....	134
3.3 Ooreenkoms wat ten opsigte van chemiese en biologiese wapens gesluit is.....	136
3.3.1 Die Chemiese Wapenkonvensie (CWK) .....	136
3.3.2 Hersieningskonferensies van die Biologiese en Toksiese Wapenkonvensie (BTWK) .....	138
3.4 Die Australië Groep (AG) .....	138
3.5 UNSCOM.....	139
3.6 Langafstand ballistiese missiele.....	140
3.7 Ooreenkoms wat ten opsigte van konvensionele magte en wapens gesluit is.....	141
3.7.1 Die "Conventional Forces in Europe" (CFE) Verdrag.....	141
3.7.2 Die CFE 1A Ooreenkoms.....	143
3.7.3 Die Onmenslike Wapenkonvensie.....	143
3.7.3.1 Laserwapens.....	144
3.7.3.2 Landmyne.....	144
3.7.4 Die Teen-Personeelmyn (TPM) Konvensie.....	145
3.8 Die Wassenaar Reëling.....	146
3.9 Die Europese Unie Regulasie (EU Regulasie) .....	147
4. CSBM's.....	148

4.1	Die "Conference for Security and Co-operation in Europe" (CSCE) en die "Forum for Security Co-operation" (FSC)	148
4.2	Die Weense Dokumente.....	150
4.3	Die Verdrag op Oop Lugruime.....	152
4.4	Die VN Register van Konvensionele Wapens.....	153
5.	Samevatting.....	155
	Verwysings.....	159

#### HOOFTUK 4: 'N HISTORIESE OORSIG OOR WAPENBEHEER EN ONTWAPENING IN AFRIKA GEDURENDE DIE KOUE OORLOG

1.	Konflik in Afrika gedurende die Koue Oorlog.....	169
2.	Militêre uitgawes en wapenhandel in Afrika gedurende die Koue Oorlog.....	170
3.	Die Afrika perspektief op wapenbeheer en ontwapening.....	172
3.1	Ghana se rol.....	173
3.2	Die Onverbонde Beweging (OB) en ontwapening.....	174
3.3	Die OAE en ontwapening gedurende die Koue Oorlog.....	174
3.4	Afrika se betrokkenheid by globale wapenbeheer en ontwapening gedurende die Koue Oorlog...	177
4.	Teenstrydighede in Afrika se pogings tot wapenbeheer en ontwapening gedurende die Koue Oorlog	178
5.	'n Kernwapenvrye sone in Afrika.....	179
6.	Organisasies wat gedurende die Koue Oorlog in Afrika gestig is om veiligheid te bevorder.....	183
6.1	Die Organisasie vir Afrika Eenheid (OAE) .....	183
6.2	Die Ekonomiese Gemeenskap van Wes-Afrikaanse State (EGWAS) .....	186
6.3	Die VN se Streeksentrum vir Vrede en Ontwapening in Afrika (VNSVOA) .....	186
7.	Die VN en vredeshandhawing in Afrika gedurende die Koue Oorlog.....	187
8.	Samevatting.....	188
	Verwysings.....	190

#### HOOFTUK 5: WAPENBEHEER EN ONTWAPENING IN AFRIKA NA DIE KOUE OORLOG

1.	Afrika perspektiewe op wapenbeheer en ontwapening.....	195
2.	Faktore wat wapenbeheer en ontwapening in Afrika benadeel.....	197
2.1	Konflik in Afrika in die negentigerjare.....	199
2.2	Kleinwapenproliferasie in Afrika na die Koue Oorlog.....	201
3.	Faktore wat wapenbeheer en ontwapening in Afrika na die Koue Oorlog bevorder het.....	203
4.	Inisiatiewe wat deur die VN en organisasies in Afrika na die Koue Oorlog geneem is wat bevorderlik vir wapenbeheer en ontwapening is	206
4.1	Vredesendings deur die VN in Afrika na die Koue Oorlog.....	206
4.2	Die Kampala Dokument.....	208



4.3	Die OAE se Meganisme vir Konflikvoorkoming, -Bestuur en Oplossing.....	209
4.4	Die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap.....	210
5.	Afrikastate en wapenbeheer/ontwapeningsooreenkoms na die Koue Oorlog.....	212
5.1	Die instelling van 'n kernwapenvrye sone in Afrika.....	212
5.2	Die Kernsperverdrag se Hersieningskonferensie van 2000 .....	214
5.3	Wapenbeheer en ontwapening met verwysing na biologiese en chemiese wapens in Afrika na die Koue Oorlog	215
5.4	Teen-personeelmyne in Afrika.....	218
5.5	Klein- en ligte wapenbeheer en ontwapening in Afrika na die Koue Oorlog.....	220
5.5.1	VN insiatiewe.....	221
5.5.2	Die eerste streekkonferensie van Afrika deskundiges oor die onwettige proliferasie, sirkulasie en handel in klein- en ligte wapens in Afrika.....	224
5.5.3	'n Moratorium op die invoer, uitvoer en vervaardiging van ligte wapens in Wes-Afrika.....	225
5.5.4	Operasies Rachel in Suider-Afrika.....	226
6.	CSBM's in die Afrika konteks.....	226
7.	Samevatting.....	228
	Verwysings.....	230

## HOOFSTUK 6 : SUID-AFRIKA EN WAPENBEHEER EN ONTWAPENING GEDURENDE EN NA DIE KOUE OORLOG

1.	Die Koue Oorlogtydperk.....	238
1.1	Konflikte waarby Suid-Afrika betrokke was en herbewapening gedurende die Koue Oorlog.....	239
1.2	Die VN se wapenembargo's van 1963,1977 en die boikotte van 1984 en 1986.....	240
1.3	Suid-Afrika en chemiese en biologiese wapens gedurende die Koue Oorlog.....	242
1.4	Suid-Afrika en kernwapens gedurende die Koue Oorlog.....	244
1.5	Suid-Afrika en missielvervaardiging gedurende die Koue Oorlog.....	245
2.	Die na-Koue Oorlogtydperk.....	246
2.1	Die aanvang van ontwapening.....	246
2.2	Suid-Afrika se beleid ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening.....	247
2.3	Suid-Afrika se benadering tot die nie-proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging.....	249
2.3.1	Die Kernsperverdrag.....	250
2.3.2	Die Internasionale Atoom Energie Agentskap (IAEA) .....	251
2.3.3	Die Omvattende Kerntoetsverbod (CTBT).....	251
2.3.4	Die Afrika Kernwapenvrye Sone Verdrag (Pelindaba Verdrag) .....	252
2.3.5	Kern- en tweeledige gebruik uitvoerbeheer.....	253
2.4	Chemiese en biologiese wapens.....	253
2.4.1	Die BTWK.....	253
2.4.2	Die CWK.....	254
2.5	Suid-Afrika en die Missieltegnologie Beheerregime (MTBR) .....	255



2.6 Konvensionele wapens.....	256
2.6.1 Verbintenis deur die Suid-Afrikaanse regering tot konvensionele wapenbeheer .....	256
2.6.2 Die Nasionale Komitee vir Beheer oor Konvensionele Wapens (NKBKW) .....	257
2.6.3 Suid-Afrika en die Onmenslike Wapenkonvensie.....	260
2.6.4 Suid-Afrika en teen-personeelmyne.....	260
2.6.5 Kleinwapens.....	261
2.6.5.1 Kleinwapenproliferasie in Suid-Afrika .....	261
2.6.5.2 Beheer oor kleinwapens in Suid-Afrika.....	265
2.7 Suid-Afrika en die VN se Konferensie oor Ontwapening (KO) .....	266
3. Samevatting .....	267
Verwysings.....	270

## HOOFTUK 7 : WAARDESKATTING

1. Die konsep van wapenbeheer en ontwapening.....	277
2. Die situasie na die beëindiging van die Koue Oorlog .....	279
3. 'n Historiese oorsig van die toepassing van wapenbeheer en ontwapening.....	280
4. Globale wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog.....	283
5. Afrika en wapenbeheer en ontwapening gedurende die Koue Oorlog.....	286
6. Afrika en wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog.....	288
7. Suid-Afrika en wapenbeheer en ontwapening tydens en na die Koue Oorlog.....	290
8. Gevolgtrekkings.....	292
Verwysings.....	294
<b>BIBLIOGRAFIE.....</b>	<b>295</b>



## TABELLE

	Bladsy
Stand van die kernmagte van die vyf verklaarde kernwapenstate soos op 1 Januarie 2001.....	124
Limiete vir SKA's, kernplofkoppe en sub-limiete vir kernplofkoppe van IKBM's en SLBM's soos deur die <u>Start I</u> Verdrag bepaal	128
Jaarlikse gemiddelde wapeninvoere vir sub-Sahara Afrika en Suid-Afrika (1960-1983).....	171
Wapenverkope aan sub-Sahara Afrika (1984-1991).....	172
Steun uit Afrika vir die belangrikste multilaterale nie-kernwapenooreenkomste tydens die Koue Oorlog	177
Steun uit Afrika vir multilaterale kernverdrae tydens die Koue Oorlog.....	181
Groot gewapende konflikte wat tussen 1990 en 2000 in Afrika plaasgevind het .....	200
Status ten opsigte van Afrikastate van multilaterale kernverdrae soos op 15 April 2001.....	213
Status van belangrike multilaterale nie-kernverdrae ten opsigte van Afrikastate soos op 1 Januarie 2001	217
VN wapenembargo's teen Afrikastate en rebellegroepe na die Koue Oorlog.....	222
Nasionale wapenbeheer wetgewing, beheerstrukture en verantwoordelike instansies.....	248

## INLEIDING

### 1. Oriëntering en hipotesestelling

Die Koue Oorlogtydperk, sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog tot 1990/1991, is gekenmerk deur 'n stryd tussen die Ooste, verteenwoordig deur die voormalige Sowjet-Unie en sy Oos-Europese bondgenote, en die Weste, verteenwoordig deur die Verenigde State van Amerika (VSA) en sy Wes-Europese en ander bondgenote. Dié twee supermoondhede was in 'n deurlopende stryd om wêreldoorheersing gewikkel en het in die proses hulle invloed op allerlei wyses gebruik om ander state in die wêreld se guns te wen. Op militêre gebied is ander state van wapens voorsien en op ander wyses in streeks- en plaaslike oorloë deur die supermoondhede gehelp, indien die supermoondhede op een of ander wyse voordeel sou kon trek uit 'n oorwinning vir 'n sekere faksie of staat in so 'n surrogaat oorlog.

Die Koue Oorlog is dus gekenmerk deur 'n wapenwedloop tussen die Ooste en die Weste om die magsbalans in die wêreld te behou. Hierdie magsbalans is veral deur 'n strewe na oorheersing ten opsigte van kernwapens en hul aflewingstelsels gekenmerk. Ontwikkeling op die gebied van chemiese, biologiese en konvensionele wapens het egter ook onverpoosd voortgegaan.

Ten einde hierdie wapen- en magstryd te probeer temper asook om die wêreld van totale kernuitwissing te red, is daar gedurende die Koue Oorlog, en daarna, hoofsaaklik deur tussenkoms van die Verenigde Nasies, gepoog om deur die sluiting van talle ooreenkoms wapenbeheer en ontwapening oor die hele wêreld toe te pas en te bevorder. Die volgende hipoteses word met hierdie studie ondersoek:

- Daar kan van die veronderstelling uitgegaan word dat weens die feit dat daar skynbaar nog geen omvattende studie van wapenbeheer en ontwapening, soos dit ná die Koue Oorlog in Afrika en Suid-Afrika gemanifesteer het gemaak is nie, daar moontlik nie genoeg navorsingsmateriaal bestaan om so 'n studie te regverdig nie.
- Weens die feit dat die Koue Oorlog na 45 jaar tot 'n einde gekom het, kan daar van die veronderstelling uitgegaan word dat 'n wêreldkatastrofe tans vergesog is en wapenbeheer dus van minder belang geword het.
- Die beëindiging van die Koue Oorlog het 'n positiewe invloed op internasionale veiligheidstoestande gehad.
- Die beëindiging van die Koue Oorlog het 'n positiewe invloed op die voorkoms van konflikte in Afrika en daarom op wapenbeheer en ontwapening in Afrika gehad.
- Die beëindiging van die Koue Oorlog het 'n positiewe invloed op wapenbeheer en ontwapening in Suid-Afrika gehad.

Die konsepte van wapenbeheer en ontwapening soos deur twintigste eeuse teoretici ontwikkel, is gedurende en na die Koue Oorlog toegepas. Daar is dus ook gepoog om die teorie in die praktyk te toets.

## 2. Die keuse van die onderwerp

Alhoewel daar al tale artikels en boeke met wapenbeheer en ontwapening as onderwerp verskyn het, is hierdie onderwerp gekies om spesifiek op wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog, met spesifieke verwysing na Afrika en Suid-Afrika, te fokus. 'n Bestaande studie wat spesifiek oor wapenbeheer en ontwapening in Afrika en Suid-Afrika handel en die hele spektrum van wapens dek, blyk uit hierdie studie nie geredelik beskikbaar te wees nie. Hierdie studie is 'n poging om 'n bydrae in hierdie opsig te lewer deur bestaande insigte aan te vul en uit te brei, maar ook om 'n geheelbeeld van die situasie in Afrika en in Suid-Afrika daar te stel. Die navorsing vir die studie is tot 'n groot mate op gepubliseerde werke gebaseer. Daar is onder andere ook van die volgende bronne gebruik gemaak: artikels in tydskrifte; VN publikasies en dokumente; SIPRI publikasies; inligting vanaf die Suid-Afrikaanse Departement van Buitelandse Sake verkry; OAE dokumente; nuusbladberigte en die Internet.

## 3. Die indeling van die studie

Die tydperke waarop gefokus word is hoofsaaklik vanaf 1960 tot 1991 gedurende die Koue Oorlog en vanaf 1992 tot 1999 na die Koue Oorlog. Alhoewel die sogenaamde "Berlynse Muur" reeds in 1989 afgebreek is, het die Sowjet-Unie steeds bestaan. Die Sowjet-Unie het aan die einde van 1991 eers tot 'n val gekom, vandaar die uitgangspunt dat 1991 die jaar was waartydens die Koue Oorlog tot 'n einde gekom het. Volledigheidshalwe is op 1999 as die "afsnypunt" vir die na-Koue Oorlogtydperk besluit. Daar sal egter, waar toepaslik, na gebeure gedurende 2000 en 2001 ook verwys word.

Die indeling van die hoofstukke is soos volg:

In Hoofstuk 1 word aandag gegee aan die konseptuele aspekte van wapenbeheer en ontwapening. Dié twee terme word omskryf; die aard en benaderings in die toepassing daarvan word bespreek ; die argumente daarvoor en daar teen; en probleme met die toepassing daarvan. Daar word ook op die verskille tussen wapenbeheer en ontwapening gewys, sowel as vertroueskeppende maatreëls en verifikasie van ooreenkomste.

In hoofstuk 2 word die geskiedenis van wapenbeheer en ontwapening bespreek. Tydsgewys word tydperke soos volg ingedeel: die antieke tydperk; die Middeleeue; die

tydperk 1648-1914; die tussen-oorlogtydperk, 1919-1939; en die Koue Oorlogtydperk, 1945-1991. Die benaderings wat gedurende die verskillende historiese tydperke gevvolg is asook die tendense ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening word ook bespreek. Ontwapening kan in sekere omstandighede 'n element van 'n wapenbeheerooreenkoms wees, maar wapenbeheer kan nooit as 'n element van 'n ontwapeningsooreenkoms beskou word nie. Dié benadering sal deurgaans in hierdie en opvolgende hoofstukke gevvolg word.

Hoofstuk 3 handel oor globale wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog (1992-1999). Die beeindiging van die Koue Oorlog het veroorsaak dat die fokus, in aanvulling tot die militêre terrein, ook op ander dimensies, wat 'n invloed op die internasionale veiligheidssituasie kan hê, geplaas is. In hierdie hoofstuk word die faktore wat wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog bevorder het sowel as faktore wat dit nadelig beïnvloed het, in oënskou geneem. Die proliferasie van wapens van alle kategorieë sowel as die belangrikste wapenbeheer- en ontwapeningsooreenkomste wat na die Koue Oorlog gesluit is, word bespreek.

Hoofstuk 4 handel oor wapenbeheer en ontwapening, soos dit gedurende die Koue Oorlog in Afrika gemanifesteer het. Die bespreking fokus spesifiek op sub-Sahara Afrika. Meeste Afrikastate het vanaf 1960 hulle onafhanklikheid verkry. Die tydperk waarop dus veral gekonsentreer word is vanaf 1960 tot 1991.

Twee belangrike aspekte wat 'n negatiewe invloed op wapenbeheer en ontwapening in Afrika gehad het en inderwaarheid teenstrydig is met pogings tot wapenbeheer en ontwapening, is die voorkoms van militêre konflikte en die gevolglike vraag na wapens. Dié twee aspekte word ook in hoofstuk 4 bespreek.

Hoofstuk 5 handel oor wapenbeheer en ontwapening in Afrika na die Koue Oorlog. Met die ineenstorting van die Sowjet-Unie en die Oos-Europese state en die ekonomies ontwrigtende hereniging van Oos- en Wes-Duitsland, het Afrika tot die besef gekom dat Westerse hulp in die vorm van kapitaal en tegnologie eerder na die Gemenebes van Onafhanklike State (eertydse Sowjet-Unie) en Oos-Europa gekanaliseer sal word as na Afrika. Die Westerse moondhede het ook tot 'n groot mate belangstelling in Afrika verloor as gevolg van swak regering, swak bestuur en korruksie wat in vele Afrikastate hoogty gevier het. Rusland was in elk geval nie meer instaat om hulp te verleen soos in die verlede nie, en die Oos-Wes mededinging om uitbreiding van invloedsfere in Afrika was iets van die verlede. Bykans terselfdertyd het die Suid-Afrikaanse regering hervormings aangekondig wat die einde van die apartheid beleid beteken het en 'n einde aan die insurgesie-veldtog deur die ANC in Suid-Afrika sou meebring.

In die lig van hierdie gebeure handel hierdie hoofstuk oor faktore wat wapenbeheer en ontwapening in Afrika na die Koue Oorlog nadelig beïnvloed het asook oor faktore wat

wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog bevorder het. Die Verenigde Nasies (VN) het verskeie inisiatiewe na die Koue Oorlog in Afrika geneem om wapenbeheer en ontwapening te bevorder. Die proliferasie van teen-personeelmyne en klein en ligte wapens word bespreek asook wat in Afrika na die Koue Oorlog gedoen is om dit te bekamp. Afrikastate was ook betrokke by verskeie multilaterale globale wapenbeheer- en ontwapeningsooreenkomste. Daar word ook kortliks aan vertroue- en veiligheidskeppende maat- reëls in die Afrika konteks aandag gegee.

In hoofstuk 6 word op wapenbeheer en ontwapening gedurende en na die Koue Oorlog in Suid-Afrika gefokus. Die tydperk wat gedek word is hoofsaaklik vanaf 1960 tot 1999. Alhoewel Suid-Afrika gedurende hierdie tydperk 'n aantal multilaterale ooreenkomste onderteken het, was daar gedurende die Koue Oorlog nie werklik sprake van wapenbeheer en ontwapening deur Suid-Afrika nie. Dit word in hierdie hoofstuk aangetoon dat Suid-Afrika vanaf die sestigerjare tot in die laat tachtigerjare, weens sy apartheidsbeleid en sy omstrede administrasie van Suid-Wes Afrika (later Namibië) aan twee fronte, naamlik aan die Angolese grens teen SWAPO en aan die grense van die sogenaamde frontliniestate in Suider-Afrika teen die ANC in militêre konflikte betrokke was. Suid-Afrika moes noodwendig herbewapen. Die VN se wapenembargo's van 1963 en 1977 het Suid-Afrika gedwing om sy eie wapens te vervaardig. Die VN boikot van 1984, wat in 1986 verskerp is, was 'n poging om te verhoed dat Suid-Afrika buitelandse valuta kon verdien deur wapens uit te voer. In hierdie hoofstuk word Suid-Afrika se betrokkenheid, teenstrydig met die doelstellings van wapenbeheer en ontwapening, by die vervaardiging van wapens van grootskaalse vernietiging, missiele, konvensionele en kleinwapens bespreek. Verder word Suid-Afrika se radikale verandering in benadering aan die einde van die Koue Oorlog en na die Koue Oorlog, veral na die 1994 demokratiese verkiesing, ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening beskryf, asook Suid-Afrika se bydraes in hierdie verband op internasionale vlak.

In hoofstuk 7 word 'n waardeskattung van die studie aangebied en gevolgtrekkings gemaak of die hipoteses soos in die Inleiding gestel geverifieer kon word.

#### **4. Die metode van ondersoek**

Die metode van ondersoek wat gevolg is vir die bestudering van die onderwerp is histories-beskrywend en analities van aard. Die doel hiermee was om die verskillende wapenkategorieë en tydperke af te baken en dan vas te stel tot hoe 'n mate wapenbeheer en ontwapening globaal, en meer spesifiek op streeks-(Afrika) en nasionale (Suid-Afrika) vlakke gedurende en na die Koue Oorlog toegepas is. Wapenbeheer en ontwapening soos

voor en na die Koue Oorlog toegepas word deur analise verder aan die teorie, soos in hoofstuk 1 uiteengesit, getoets.

Die prosedure wat met die navorsing gevolg is was soos volg: selektering van boeke, dokumente, tydskrifte, nuusblaaie en publikasies van verskillende aard; dataver-sameling en bestudering van tekste; data-ontleding ten einde vas te stel watter toepaslik is; die proses van interpretering van die inligting; toepassing van inligting; evaluasie en die vorming van gevolgtrekkings.

## HOOFSTUK 1

### WAPENBEHEER EN ONTWAPENING: 'N KONSEPTUELE RAAMWERK

Die idee van ontwapening kan vár in die geskiedenis teruggevoer word, terwyl die term wapenbeheer van meer resente oorsprong is. Sedert die begin van die 1990's word die term "nie-proliferasie" ook toenemend gebruik. In hierdie hoofstuk sal daar aandag gegee word aan die konseptuele aspekte van ontwapening en wapenbeheer. Die twee terme sal omskryf word, daar sal na die aard en benaderings in die toepassing daarvan gekyk word, die argumente daarteen en daarvoor, en die probleme met die implementering daarvan sal bespreek word. Verder sal die verskille tussen die twee benaderings ontleed word, daar sal kortliks na vertroueversterkende maatreëls verwys word, en verifikasie van ooreenkoms sal aangespreek word.

#### 1. Ontwapening

Daar bestaan verskeie sienings oor wat die aard en die betekenis van ontwapening is. Dit sal vervolgens bespreek en ontleed word.

##### 1.1 Omskrywing

Volgens Bull is ontwapening "the reduction or abolition of armaments. It may be unilateral or multilateral; general or local; comprehensive or partial; controlled or uncontrolled".<sup>1</sup> Voortspruitend hieruit word deur unilaterale ontwapening eensydige optrede deur 'n enkele staat bedoel; bilaterale ontwapening beteken dat 'n ooreenkoms tussen twee state aangegaan is, en multilaterale ontwapening, dat 'n ooreenkoms tussen meer as twee state aangegaan is.<sup>2</sup>

Booth verklaar weer dat: "Disarmament is a continuation of strategy by a reduction of military means, ...these concepts are best understood as strategies in the business of politics among nations,..."<sup>3</sup>

Buzan se omskrywing van die konsep van ontwapening lui soos volg: "Disarmament is the most direct - and in a sense the crudest - response to the problem of military means. Its logic is that since weapons create the problem, the solution is to get rid of them. This logic can be applied to all weapons - general and complete disarmament (GCD) - or to specific categories of weapons deemed to be particularly dangerous, such as nuclear bombs and biological warfare agents. It can be applied unilaterally or multilaterally, and can

involve partial or complete elimination of the specified type(s) of weapon. The concept refers both to the process by which military capabilities are reduced, and to the end condition of being disarmed".<sup>4</sup>

Uit die voorgaande blyk dit dus dat ontwapening deel uitmaak van politieke en militêre strategieë wat tussen state gevolg word. Weens die argument dat wapens die oorsaak van die probleem is, is die logika dat dit verminder of geheel en al mee weggedoen moet word. Dit kan deur unilaterale, bilaterale of multilaterale aksies plaasvind. Verder kan dit net op sekere kategorieë wapens van toepassing gemaak word, of dit kan vir alle wapens geld. Dit kan ook vir die gedeeltelike of algehele vernietiging van spesifieke tipes wapens geld, op 'n beheerde of onbeheerde wyse plaasvind, en kan byvoorbeeld op 'n streeksgrondslag op alle state of net op sekere state van toepassing wees. Die proses verwys na beide die toestand van verminderde militêre vermoë en na die eindtoestand wanneer 'n staat ontwapen is.

## 1.2 Benaderings tot ontwapening.

Die benaderings tot ontwapening is gegrond in die siening dat wapens op sigself 'n oorsaak van oorlog is, as gevolg van die wedersydse vrees en vyandskap wat dit in tussenstaatlike verhoudinge veroorsaak.<sup>5</sup> Soos reeds genoem, is die voorstanders van ontwapening se oplossing hiervoor dat die wortel van die kwaad, naamlik wapens, mee weggedoen moet word. Volgens Singer kan die benaderings tot ontwapening volgens uitgangspunt en tipe ooreenkoms geklassifiseer word. Volgens hom is daar drie benaderings wat ooreenkombig basiese uitgangspunte gevolg kan word: die "spanning eerste" benadering; die "politieke skikking" benadering; en die "wapens eerste" benadering.<sup>6</sup>

Volgens die "spanning eerste" benadering, kan konflik verminder of uit die weg geruim word deur opvoeding en deur beter verstandhoudings tussen die betrokke partye te bewerkstellig deur fisies met mekaar te skakel en mekaar te leer ken. Dit behoort tot 'n beter verstandhouding, groter respekte vir mekaar en groter verdraagsaamheid te lei. Hierdie verbeterde houdings sal interstaatlike verhoudinge positief beïnvloed. Verbeterde internasionale verhoudinge, sal die spanning tussen state verminder en sodoende die behoeftte aan duur en geværlike wapenarsenale laat afneem. Hierdie besef behoort dan aanleiding te gee tot groter buigsaamheid in ontwapeningsonderhandelinge en selfs 'n gewilligheid om te ontwapen.<sup>7</sup>

Volgens die "politieke skikking" benadering kan wapenvermindering alleen plaasvind nadat die politieke konflik, en die gepaardgaande spanning opgeklaar is, en is ontwapening nie moontlik solank politieke kwessies, wat die partye as van kardinale belang vir hulself

beskou, onopgelos bly nie. Die eerste stap is dus om die areas van politieke konflik te identifiseer, die belang van die betrokke partye te definieer, en dan te poog om 'n realistiese, vir alle partye aanvaarbare, oplossing te vind. Voortvloeiend hieruit sal 'n reeks onderhandelde politieke ooreenkomste hopelik volg, waarna dan voortgegaan kan word met onderhandelinge vir ontwapening.<sup>8</sup>

Morgenthau stel dit soos volg: " Disarmament or at least regulation of armaments is an indispensable step in a general settlement of international conflicts. It can, however, not be the first step. Competition for armaments reflects, and is an instrument of, competition for power. So long as nations advance contradictory claims in the contest for power, they are forced by the very logic of the power contest to advance contradictory claims for armaments. Therefore, a mutually satisfactory settlement of the power contest is a precondition for disarmament. Once the nations concerned have agreed upon a mutually satisfactory distribution of power among themselves, they can then afford to reduce and limit their armaments. Disarmament, in turn, will contribute greatly to the general pacification. For the degree to which the nations are able to settle the issue of disarmament will be the measure of the political understanding they were able to achieve".<sup>9</sup>

Die "wapens eerste" benadering is gegrond op die idee dat spanning alleenlik verminder, en politieke konflik alleenlik opgelos kan word, wanneer die ontwapeningsproses begin. Alhoewel dit aanvaar word dat onopgeloste konflik en die gepaardgaande spanning sal bydra tot bewapeningsprogramme van die betrokke partye, is dit ook 'n gegewe dat daar 'n hoë vlak van spanning tussen state moet wees indien hulle swaar gewapen is en in konflik met mekaar is oor kwessies wat nie noodwendig met wapens as sulks te doen het nie. Die voorstanders van hierdie benadering is verder van mening dat indien die bewapeningsproses eers aan die gang is, spanninge en politieke konflik nie maklik verminder word nie. Wapens gee 'n ander dimensie aan die konflik-situasie, en indien die wapens, volgens hierdie siening, nie mee weggedoen word nie sal die konflik nie opgelos word nie.<sup>10</sup>

Die voorstanders van laasgenoemde benadering is verder, volgens die ooreenkoms wat aangegaan word, in twee groepe verdeel. Die eerste groep word die "gradualist school" genoem. Hulle redeneer dat indien wapens versigtig en op 'n beheerde wyse verminder word, 'n atmosfeer van vertroue tussen die betrokke state sal ontstaan. Soos hierdie proses dan sal vorder, sal daar 'n spiraal van vertroue en ontwapening ontwikkel.<sup>11</sup> Die mees bekende vorms van hierdie benadering is die "Graduated Reciprocation in Tension Reduction" (GRIT)-skema van Osgood<sup>12</sup> en die sone-skema van Sohn.<sup>13</sup> Hiedie skemas se doel is om die wapenwedloop om te keer.

Die "gradualist school" se siening is deur ander voorstanders van die "wapens eerste" benadering verwerp. Hulle baseer hulle hoop op 'n enkele multilaterale ooreenkoms. Hulle redeneer dat indien die betrokke state ernstig genoeg is, hulle sal optree en ontwapen wanneer die omstandighede geskik is daarvoor.<sup>14</sup> Noel-Baker was die mees bekende Westerse voorstander van hierdie siening.<sup>15</sup>

Daar is meriete in die argument, volgens die "wapens eerste" benadering, dat die beste wyse om te ontwapen is om te ontwapen, aangesien politieke konflik en die gepaardgaande spanninge tussen state nie op die kort of medium termyn maklik uit die weg geruim sal kan word nie. Daar is egter ook meriete in die argument wat deur die voorstanders van die ander twee benaderings gevolg word, dat state nie maklik sal begin ontwapen indien daar ernstige politieke konflik en spanning tussen hulle bestaan nie. Die aard van verhoudings tussen state, die mate van kommunikasie wat tussen hulle bestaan en die heersende omstandighede, sal tot 'n groot mate bepaal watter benadering gevolg sal word.

Sedert die laat sestigerjare het die debat oor wat die beste benadering tot ontwapening is, polarisasie veroorsaak tussen die multilateraliste en die unilateraliste. Die multilateraliste se siening is dat nasionale veiligheid vereis dat enige ontwapeningspoging onderhandel moet word; gebaseer moet wees op ooreengekome verifikasiestelsels; en in 'n verdrag verskans moet wees. 'n Verdere argument is dat die unilateraliste die gevaar van 'n kernoorlog vergroot, wanopvatting oor die aard van die wapenwedloop het, en naïef is oor die rol wat wapens in wêreldsaake speel. Hulle vrees dat unilateralisme die magsbalans in die wêreld kan versteur; deur sommige ambisieuse state as 'n swakheid vertolk kan word; en dat eensydige ontwapening huis die onveiligheid en oorlog wat dit wil verhoed, tot gevolg kan hê.

Die unilateraliste redeneer weer dat veiligheid en sekuriteit soms bevorder kan word deur onafhanklike en informele ontwapening aan die kant van 'n enkele staat, veral waar dit soortgelyke aksies deur ander state, wat kan lei tot 'n spiraal van ontwapening, kan aanmoedig. Volgens hulle hang "vordering" nie af van eindeloze onderhandelinge nie. Unilateralisme het gewoonlik nie 'n groot aanhang in enige staat nie terwyl wantroue gewoonlik 'n groot probleem is by multilaterale onderhandelinge.<sup>16</sup>

Die voorgaande benaderings tot ontwapening sou van nul en gener waarde gewees het indien diegene wat dit voorstaan, nie oortuig is van die noodsaaklikheid van ontwapening nie. Daar word dus vervolgens oorgegaan tot die argumente wat ten gunste van ontwapening aangevoer word.



### 1.3 Argumente ten gunste van ontwapening

Argumente ten gunste van ontwapening dek 'n wye spektrum van redes; die belangrikste daarvan is soos volg:

(a) Die vrees vir oorlog

Moontlik die mees algemene motief vir die propagering van ontwapening is die begeerte om van die vrees vir oorlog te ontkom; vrees vir die bedoelinge van 'n potensiële vyand; vrees dat die politieke situasie besig is om buite beheer te raak; en vrees vir sekere tipes wapenstelsels.<sup>17</sup> In die twintigste eeu word die vrees vir oorlog onlosmaaklik geassosieer met wapens van immertoenemende grootskaalse vernietiging. Hierdie vrees was baie sterk na die Eerste Wêreldoorlog en het gegroei na die Tweede Wêreldoorlog - veral as gevolg van die vrees vir 'n kernkatastrofe en kernafskrikking wat die supermoondhede se buitelandse beleid in die sewentigerjare oorheers het.<sup>18</sup> Ontwapening bied 'n eenvoudige oplossing vir die vermindering van vrees, deur die verwydering en vernietiging van die wapens waarmee vrees geassosieer word. Kernontwapening was na die Tweede Wêreldoorlog, en is steeds, 'n primêre oogmerk van die voorstanders van ontwapening.<sup>19</sup> Die argumente ten gunste van kernontwapening is gebaseer op die gedagte dat hierdie wapens in besonder afkeurenswaardig is as gevolg van hulle kenmerk van "ondiskriminerende vernietiging", die skrikwekkende omvang van vernietiging, en die afgryslike en afstootlike langtermyn gevolge van 'n ontploffing.<sup>20</sup>

(b) Etiese argumente

Daar is ook diegene wat gekant is teen oorlog as 'n metode om internasionale geskille te besleg, asook die pasifiste wat oorlog en die voorbereiding vir oorlog as moreel onverdedigbaar beskou.<sup>21</sup>

(c) Onaanvaarbaarheid van die militarisering van die samelewing

Alhoewel van minder belang, is die argument dat die weermag, weens die tradisionele suspisie van korruptie, sosiaal onaanvaarbaar is. 'n Verdere argument is dat uniforms 'n militaristiese invloed op die gewone mense het, want hulle assosieer uniforms met oorlog, en oorlog is 'n negatiewe gedagte.<sup>22</sup>

(d) Ekonomiese argumente

Ontwapening is 'n aantreklike opsie vir 'n staat wat ekonomiese probleme het. Die argument is dat die belastingbetalers se geld beter spandeer kan word op die ontwikkeling van die ekonomie, as om dit op wapens, wat as ekonomies onproduktief beskou word, te spandeer. Wapens is verder baie duur, en die argument is dat geld wat op wapens spandeer word, beter gebruik kan word om byvoorbeeld hospitale of skole te bou, asook om onderontwikkelde state te help met ekonomiese opbou en sodoende 'n bydrae te lewer tot internasionale veiligheid. Verskeie studies het al bewys dat indien ontwapening werkloosheid sou veroorsaak, die arbeidsmag wat sodoende beskikbaar sou word, in ander, meer produktiewe rigtings, byvoorbeeld in nywerheid aangewend sou kon word.<sup>23</sup>

(e) Wapens as die oorsaak van internasionale spanning

Die voorstanders van ontwapening beskou die universele ophoping van wapens as die vernaamste oorsaak van internasionale spanninge.<sup>24</sup> Daar bestaan 'n vrees by sommige ontleders van internasionale verhoudinge dat 'n beleid van bewapening vir verdedigings- en afskrikkingsdoeleindes moontlik vernietigend teenproduktief kan wees. Volgens hierdie denkskool sal die eenvoudige aksie van 'n toevoeging van gesofistikeerde wapens tot 'n staat se magte, selfs al was dit uitgevoer met die edelste voornemens van verdediging, kan dien as die katalisator wat vrees en suspisie by die teenparty sal laat posvat dat voorbereidings getref word vir 'n aanval. Die teenstander sal dan begin om sy eie teenmaatreëls te tref, wat weer deur homself as verdedigend beskou sal word, maar as 'n bedreiging deur die ander party. 'n Bose kringloop van aksie-teenreaksie sal ontstaan, wat kan lei tot 'n sinnelose wapenwedloop en selfs oorlog, weens wanpersepsies en die gevolglike wantroue deur die betrokke partye.<sup>25</sup>

In teenstelling met die argumente ten gunste van ontwapening is daar ook 'n indrukwekkende reeks van argumente daarteen, soos vervolgens aangetoon:

#### 1.4 Argumente teen ontwapening

Die volgende is van die belangrikste argumente wat kritici teen ontwapening aanvoer.

(a) Die tegniese momentum

Tegnologie is 'n onmiskenbare deel van die mens se aktiwiteite en belang, sy

nuuskierigheid en vindingrykheid, en sy strewe na meer kennis, rykdom, gerief en mag. Ondervinding het bewys dat tegnologiese vooruitgang en ontwikkeling toegeneem het ten tyde van oorlog, vanselfsprekend weens die feit dat beter en meer gesofistikeerde wapens as wat die vyand besit, die doelwit was. Ten opsigte van tegnologiese ontwikkeling is dit so dat die siviele en militêre sektore ten opsigte van kennis en tegnologie noue bande met mekaar het. Elke nywerheidsamelewing het, behalwe sy siviël-ekonomiese bedrywighede, ook 'n latente militêre potensiaal. In 'n ontwapende wêreld sal daardie latente militêre potensiaal 'n baie belangriker rol speel in die magsverhoudinge van state, as in 'n wêreld waar militêre mag manifesteer. Tegnologiese vooruitgang sal voortdurend militêre opsies tot gevolg hê, weens die feit dat tegnologiese uitvindsels soos laserstrale en robotte byvoorbeeld maklik vir militêre doeleeindes aangewend kan word. State wat tegnologies op die voorpunt is sal dus polities oor groter oorredingsvermoë beskik as state wat nie tegnologies so ver gevorderd is nie. Ontwapening is nie in staat om hierdie probleem die hoof te bied nie. Om te poog om tegnologiese ontwikkeling en vooruitgang aan bande te lê is teen die mens se natuur en dus nie moontlik nie.<sup>26</sup>

#### (b) Interne druk

Die ekonomiese logika van ontwapening is gegrond op die idee dat hulpbronne wat nie vir militêre doeleeindes aangewend word nie, beskikbaar sal wees om in 'n verskeidenheid van menslike behoeftes te voorsien. Beide gedeeltelike en algemene ontwapening veroorsaak egter ekonomiese teendruk vanaf dié sektore in die ekonomie wat afhanklik is van verdedigingsbehoeftes ten opsigte van wapens, wapenuig en verwante toerusting, vir werkgeleenthede, besigheidsgeleenthede en voorspoed. Die vraag ontstaan noodwendig wat van hierdie sektore sou word in geval van ontwapening.<sup>27</sup>

Baie belangrike vertakkinge van die nywerheid is direk of indirek betrokke by navorsing, ontwikkeling en produksie van wapenstelsels. Vele regerings beskou wapenverwante navorsing en 'n minimumvlak van outonome wapenvervaardiging as essensieel vir hulle veiligheid en sekuriteit. Vir sommige verskaf dit 'n waarborg van onafhanklikheid; vir ander is dit 'n statusimbool. Vir vele state is die wapenhandel 'n belangrike en stabiele bron van inkomste. Vir groter state is die wapenhandel 'n metode om invloed uit te oefen deur dit te weerhou as 'n strafmaatreël of dit te verskaf as beloning aan 'n bepaalde kliënt wat met hulle saamwerk. Daar is ook vele regerings in die wêreld wat hulle gewapende magte as noodsaklik vir die handhawing van binnelandse vrede en as 'n teenvoeter vir aggressie van buite die staatsgrense beskou. Interne druk sal dus toegepas word om plaaslike wapenproduksie en die buitelandse handel in wapens in stand te hou eerder as om dit te

beëindig.<sup>28</sup>

(c) Oorversekering

Die praktyk het geleer dat diegene wat verantwoordelik is vir die veiligheid van 'n spesifieke staat, gewoonlik hul eie verdedigingsvermoë onderskat en dié van 'n potensiële vyand oorskot. Diegene verantwoordelik vir verdediging is gewoonlik geneig tot oorversekering en verkies superioriteit eerder as pariteit. Die idee van ontwapening sal dus nie vir hulle baie aanvaarbaar wees nie.<sup>29</sup>

(d) Persepsies

Menseoordeel mekaar volgens eie standarde en ondervinding. Die feit dat staat A byvoorbeeld wapens aanskaf word deur staat B gesien as 'n bedreiging en nie as selfverdediging nie. A verstaan nie dat B bedreigd voel nie want hy skaf eintlik die wapens net vir selfverdediging aan. B begin nou ook wapens aanskaf om sy verdedigingsvermoë te verbeter. A sien dit as 'n bedreiging; hulle konfronteer mekaar albei oortuig daarvan dat hulle dit uit selfverdediging doen. Sulke wanpersepsies lei dan tot 'n onnodige wapenwedloop en selfs oorlog.<sup>30</sup>

(e) Verskillende opvattings oor veiligheid

Ter aanvulling tot die voorgaande is daar ook ander redes waarom regerings soms onveilig voel. Wanneer 'n staat byvoorbeeld tussen twee ander state, wat mekaar vyandig gesind is, geleë is en as 'n buffer tussen hulle dien; en wanneer 'n staat geïsoleerd is en omring is deur vyandig gesinde state of wanneer 'n staat direk langs 'n baie magtiger buurstaat geleë is, dra dit by tot 'n gevoel van onveiligheid. Die mededinging tussen die Verenigde State van Amerika (VSA) en die voormalige Sowjet-Unie om oorheersing en leierskap in die wêreld, het die res van die wêreld gedurende die Koue Oorlog, weens die vrees vir 'n moontlike kernkatastrofe, baie onveilig laat voel. 'n Voorbeeld hiervan is die Kubaanse missielkrisis van 1962.<sup>31</sup> Veiligheid is 'n opvatting wat oop is vir vele interpretasies. Dit vorm die front waaragter elke tipe beleid ten gunste van bewapening geregverdig en verskoon kan word, maar is terselfdetyd vaag genoeg om of belangstelling in ontwapening te wek of om enige regverdiging daarvoor te misken.<sup>32</sup>

(f) Die strewe na magsewewig

Wapens word beskou as die belangrikste instrument waardeur 'n aanvaarbare magsbalans met 'n potensiële vyand ingestel of heringestel kan word. In enige kompeterende situasie streef die betrokke partye daarna om ten minste 'n balans van magte te hê. 'n "Balans van magte" beteken 'n min of meer vergelykbare aantal van verskillende tipes wapens aan albei kante. Dit is nie maklik om in die praktyk vas te stel wanneer so 'n balans bestaan nie, weens die feit dat dit grootliks subjektief van aard is, en op persepsies gebaseer is. Ontwapening beteken inderwaarheid 'n verswakking van 'n staat se militêre vermoë. Vir 'n staat wat, soos hierbo aangedui, in kompetisie met 'n ander staat is om 'n militêre magsbalans te handhaaf, sal ontwapening nie 'n maklik aanvaarbare opsie wees nie, tensy deur alle betrokke partye op 'n aanvaarbare wyse ooreengekom kan word om tot op 'n sekere vlak te ontwapen.<sup>33</sup>

(g) Wapens nie noodwendig die belangrikste oorsaak van internasionale spanning nie

Voorstanders van ontwapening gaan van die standpunt uit dat wapens die belangrikste oorsaak van internasionale spanninge is. Dougherty het in 1962 veertien redes genoem waarom regerings in die moderne staat die oorlogopsie gekies het om konflikte te besleg.<sup>34</sup> Indien hierdie redes bestudeer word, word dit duidelik dat die konflikte ontstaan het as gevolg van die mens se selfsug; naywer; trots; 'n behoefte aan selfverdediging; en die soek na eie belang, in sommige gevalle, sonder om die ander party se regte, houding of mening in ag te neem. In geen geval was wapens as sulks die direkte oorsaak van die konflik nie, maar ander redes. Wapens was wel die instrument wat aangewend is om die geskil te besleg. Dit is histories bewys dat politieke oorsake van internasionale konflik dikwels van 'n baie ernstige aard is. Volgens Osgood is dit ongelukkig so dat gewapende mag beide die primêre instrument tot orde is maar ook die primêre bedreiging vir veiligheid is.<sup>35</sup> Solank as wat die internasionale politieke struktuur van anargie bly voortbestaan, sal ontwapening die gevaar loop om huis die gedrag wat dit graag wil vermy, aan te wakker.

Die konflik wat in 1997 tussen Saddam Hoessein van Irak en die Verenigde Nasies (VN) ontstaan het, is veroorsaak deurdat hy geweier het dat internasionale inspeksiespanne sy presidensiële paleise en persele ondersoek om vas te stel of daar chemiese en/of biologiese wapens of aanlegte vir die vervaardiging van sulke wapens op genoemde persele versteek is. Die oorsaak van hierdie konflik is chemiese en/of biologiese wapens, maar die aanloop tot die konflik het reeds in 1990 begin toe Irak om ekspansionistiese redes Koeweit binnegeval en ingeneem het.<sup>36</sup>



(h) Bevraagtekening van oproepe om ontwapening

Oproepe om ontwapening word dikwels om propagandistiese redes gemaak en voorstanders van ontwapening word gekritiseer dat hulle nie die konsekwensies van so 'n oproep goed deurdink nie. Unilaterale ontwapening word gewoonlik as of 'n swakheid of 'n set geïnterpreteer. Die neiging om eersgenoemde te eksploteer, of te waak teen laasgenoemde, is dan gewoonlik ook onweerstaanbaar.<sup>37</sup>

(i) Verbreking of omseiling van ontwapeningsooreenkomste

Wanneer die politieke verhoudinge tussen partye verswak, en die beheermaatreëls om te verseker dat ontwapeningsooreenkomste nagekom word onvoldoende is, sal dit veroorsaak dat partye mekaar nie vertrou nie. Onvoldoende beheermaatreëls sal dit ook vir 'n party aanloklik maak om ooreenkomste te omseil.<sup>38</sup>

(j) Verskillende wêreldsieninge

Indrukke en gevolglike sienswyses van die wêreldsiuersie bepaal watter rol wapens en militêre mag daarin sal speel. Die optimiste se sienswyse is dat wapens beperk en beheer kan word, en dat wapens minder relevant sal word namate die samelewing, en veral verhoudinge tussen state, vorder en verbeter. Die realiste redeneer dat gewapende magte nog altyd 'n geïntegreerde deel van interstaatlike verhoudinge gevorm het. Alhoewel dit moontlik beperk en beheer kan word, sal dit die uiteindelike vorm van verdediging en vergelding bly. Die pessimiste glo dat die rol van militêre mag eerder sal toeneem as wat dit sal afneem. Hulle is skepties oor die moontlikheid van konflikoplossing en die bewerkstelliging van vrede en hulle het min vertroue in wapenbeheer en nog minder in ontwapening.<sup>39</sup>

(k) Wantroue

Daar bestaan twyfel of dit haalbaar of selfs wenslik is om 'n benadering van ontwapening te volg. 'n Totaal ontwapende wêreld kan nie gevisualiseer word nie, tensy die hele internationale opset en die mens self fundamenteel verander. Diegene wat 'n totaal ontwapende wêreld voorstaan se motiewe word ook bevraagteken. Dit is eerder die beskouing dat elke staat 'n sekere substantiewe militêre mag behoort te behou om te verseker dat hy homself

teen vyande van buite sy staatsgrense sal kan beskerm en interne veiligheid sal kan handhaaf.<sup>40</sup>

#### (I) Die koste van vernietiging van wapens

Die eerste vanselfsprekende feit is dat die uitgawes wat aangegaan is om wapens te bekom, op verkwiste uitgawes neerkom wanneer die wapens vernietig word. Die waarde van die wapens wat vernietig word is dié van skrootmetaal. Sommige van die onderdele en elektroniese komponente en stroombane sal moontlik vir nie-militêre doeleinades aangewend kan word, maar dikwels is die koste verbonde aan modifikasies en aanpassings groter as om bloot 'n nuwe te vervaardig of aan te koop.

Die omskakeling van militêre nywerhede na instellings wat in siviele behoeftes kan voorsien is 'n lang en moeisame proses.<sup>41</sup> Alhoewel personeel wat in wapenproduksie gespesialiseer het weer heropgelei kan word om in ander nywerheidsektore opgeneem te word, bestaan daar 'n wesenlike gevaar dat ontwapening tot werkloosheid in sekere militêre nywerheidsektore sal lei, as gevolg van produksie wat ingekort of geheel en al gestaak is. Die koste verbonde aan verifikasiëring van ontwapeningsooreenkoms sal weer veroorsaak dat baie mense en duur toerusting op 'n deurlopende basis benodig sal word om te verseker dat ooreenkoms nagekom word.<sup>42</sup>

Indien kernwapens geheel en al tot niet gemaak sou word sal die koste verbonde aan afskrikking deur middel van konvensionele wapens astronomies toeneem, want sonder een of ander vorm van afskrikking sal state onveilig voel in 'n vyandige internasionale omgewing.<sup>43</sup>

Daar is in die VSA alleen 17 500 militêre persele waar van afvalmateriaal, onder andere kernmateriaal, ontslae geraak moet word. Ongeveer 11 000 persele moet gerestoureer word. Net vir 1993 is daar 3,7 biljoen dollar toegewys vir die bestryding en bekamping van besoedeling by militêre basisse, en 5,5 biljoen dollar aan die VSA se Departement van Energie se kernwapenprogramme vir die bestryding van besoedeling. Dit word geskat dat dit 30 jaar sal neem om besmetting en besoedeling doeltreffend te bestry en te bekamp, teen 'n koste van ongeveer 400 biljoen dollar.<sup>44</sup>

Die VSA en die voormalige Sowjet-Unie het in die vroeë negentigerjare nog gesamentlik oor ongeveer 47 000 kernwapens beskik.<sup>45</sup> Strategic Arms Reduction Talks, (START I en START II) Verdrae het 'n meer stabiele en deursigtige strategiese omgewing van krimpende kernarsenale ten doel.<sup>46</sup> Volgens die START I Verdrag, wat op 5 Desember 1994 geratificeer is, moes die VSA en Rusland teen 5 Desember 1999 hulle strategiese kernwapens se kernploffkoppe verminder het tot 7 950 elk.<sup>47</sup> Teen 7 Januarie 1997 het beide

reeds hulle kernploffoppe verminder tot minder as hierdie teikengetal.<sup>48</sup> Die VSA het, onderworpe aan sekere voorwaardes, reeds die START II Verdrag geratificeer.<sup>49</sup> Die Russiese parlement het dit gedurende April 2000 geratificeer.<sup>50</sup>

Die demontering van 'n kernwapen is 'n hoogs ingewikkeld, tydrowende en gevaaarlike proses. Die gevaaar van ontploffing, radio-aktiewe bestraling en vergiftiging is baie groot. Sommige onderdele word opgesmelt en ander word vernietig. Die kernmateriaal self moet chemies geprosesseer word om die verrykte uraan en plutonium vry te stel en te suiwer. Daar moet dan van die materiaal ontslae geraak word of dit moet in metaal of oksiedvorm gestoor word. Terwyl die aftakelingsproses aan die gang is moet die wapens gestoor word.<sup>51</sup>

Die grootste wêreldwye probleem is hoe om ontslae te raak van die al groter wordende hoeveelheid plutonium wat as 'n neweproduk vrygestel word deur kernreaktors en deur die aftakeling van kernwapens beskikbaar gemaak word. Plutonium is geweldig giftig. Indien dit in die atmosfeer vrygestel sou word, het dit 'n halflewe van 24 000 jaar, vir alle praktiese doeleindes dus permanent.<sup>52</sup>

Totdat 'n veilige en doeltreffende metode gevind is om plutonium onskadelik te maak en daarvan ontslae te raak, sal groot hoeveelhede geberg moet word. Dit moet verkiekslik in oksiedvorm geberg word, want oksied is meer stabiel as die vaste metaalvorm, en minder geskik om in kernwapens te gebruik, indien dit in verkeerde hande sou beland.

'n Studie deur die "US Nuclear Regulatory Commission" het bevind dat 'n 25 000 vierkant meter bergingsfasilitet vir 50 ton plutoniumoksied in 12 500 skeepshouers, elkeen met vier kilogram oksied, se kapitaalkoste, teen 1990 pryse, 240 miljoen dollar sou wees. Die jaarlikse kapitaal- en bedryfskoste om een ton plutoniumoksied te berg sou 840 dollar wees. Indien die bergingskapasiteit verdubbel sou word sal die koste tot onder 500 dollar per ton per jaar verminder. 'n Belangrike vraag is wie die bergingsplekke moet besit, bedryf en beveilig terwyl voorbereidings getref word vir die permanente vernietiging van die kernmateriaal. Die internasionale gemeenskap sal net vertroue hê indien die bergingsplekke onder streng internasionale beheer sou wees.<sup>53</sup>

Aanvullend tot die voorgaande argumente teen ontwapening word daar vervolgens oorgegaan tot enkele probleme wat met ontwapening ondervind kan word.

## 1.5 Probleme onderliggend aan ontwapening

State wat ontwapen, het met die volgende probleme te kampe in hulle pogings om ontwapeningsooreenkomste te bewerkstellig:<sup>54</sup>

- (a) Die besit van wapens is 'n wêreldwye verskynsel. Konvensionele wapens het so gesofistikeerd geraak dat dit moeilik is vir 'n leek om hulle vernietigingsvermoë te visualiseer of te besef. Weens die feit dat wapens 'n wêreldwye verskynsel geword het, het dit ook baie moeilik geword om dit te probeer beheer of te verminder.
- (b) Die besit van wapens is deel van die politieke, ekonomiese en maatskaplike samestelling van state en samelewings en is die uitdrukking van individue se vrese en gevoel van onveiligheid. Menslike en interstaatlike verhoudings word in die finale instansie gereguleer deur mag, en dit beteken in die meeste gevalle gewapende mag. Om oor te gaan tot die gebruik van geweld sal altyd 'n aanloklike opsie vir die sterke bly en die laaste opsie vir die swakte.
- (c) Elke staat bewapen homself met min of geen inagnome van hoe die buitewêreld daaroor mag voel. Elke staat voel dat hy in sy eie belang van veiligheid en selfverdediging handel, alhoewel dit nie noodwendig die enigste redes mag wees nie. Ten spye van hierdie argumente en probleme glo die voorstanders van ontwapening dat algemene en omvattende ontwapening ('n vorm van ontwapening), selfs moontlik is.

## 1.6 Algemene en omvattende ontwapening

Algemene en omvattende ontwapening is die uiteindelike doel van die voorstanders van ontwapening. Dit verwys na die wêreldwyse vermindering van alle belangrike kategorieë van wapens. Sheehan omskryf algemene en omvattende ontwapening soos volg: "Disarmament can mean total disarmament, often referred to as GCD, 'general and complete disarmament'. This approach aims for a reduction of armaments to the bare minimum required for domestic policing purposes".<sup>55</sup>

Booth omskryf dit soos volg: " General and comprehensive disarmament (GCD) is the most extensive aim of disarmers: it refers to worldwide reductions in all major categories of weapons".<sup>56</sup>

Bull se omskrywing lui soos volg:" There is an important doctrine according to which the case for any kind of arms control turns to a large extent, if not entirely, upon the case that can be made out for a general and comprehensive disarmament agreement, an agreement which is general in the sense that the limitations and reductions it imposes bind all powers, and comprehensive in the sense that they bind all categories of armament or

types of armed power... Total disarmament is not necessarily, and has not been usually, the objective of plans for general and comprehensive disarmament. A disarmament agreement which involves all powers and all categories of armed power may allow for the retention of internal security forces, and of agreed kinds and quantities of weapons and forces. General and comprehensive disarmament is usually seen as something embodied in a single grand treaty leading by stages from less to more drastic and radical measures".<sup>57</sup>

'n Amerikaanse voorstel van 27 Junie 1960 het 'n program vir algemene en omvattende ontwapening uiteengesit. Dit bevat die volgende verklaring om die doelwit te bereik:<sup>58</sup>

"The ultimate goal is a secure and peaceful world of free and open societies in which there shall be general and complete disarmament under effective international control and agreed procedures for the settlement of disputes in accordance with the principles of the United Nations Charter. General and complete disarmament in a secure, free and peaceful world requires:

- (1) The disbanding, through progressive stages, of all armed forces of all States and the prohibition of their re-establishment in any form whatsoever, except for those contingents of agreed size required for the purpose of maintaining internal order and ensuring the personal security of citizens and for agreed contingents for the international peace force.
- (2) The cessation of the production of all kinds of armaments, including all means for delivering weapons of mass destruction, and their complete elimination from national arsenals, through progressive stages, except for those armaments agreed upon for use by an international peace force and agreed remaining national contingents.
- (3) Strict and effective international control, from beginning to end, of the carrying out of all disarmament measures, to ensure that there are no violations.
- (4) The establishment of effective means for enforcement of international agreements and for the maintenance of peace".

Algemene en omvattende ontwapening het dus die volgende kenmerke: dit is die uiteindelike doel van die voorstanders van ontwapening; dit verwys na die wêreldwyse vermindering van alle belangrike kategorieë wapens, tot die minimum wat nodig is om interne wet en orde te handhaaf, die veiligheid van burgerlikes te verseker, en ooreengekome kontingente vir 'n internasionale vredesmag te voorsien. Dit is algemeen in die sin dat die beperkings en verminderings alle state in die wêreld verbind, en omvattend in die sin dat dit alle kategorieë wapens en tipes gewapende magte insluit. Effektiwe internasionale beheer sal toegepas moet word en ooreengekome prosedures gevvolg moet word om dispute by te lê.

In die lig van die bestaande omskrywing van algemene en omvattende ontwapening,

word daar vervolgens, aanvullend tot die reeds gemelde argumente teen ontwapening, gekyk na die implikasies wat dit vir die wêreldgemeenskap sou inhoud indien algemene en omvattende ontwapeningsmaatreëls tot die letter ten uitvoer gebring sou word. 'n Belangrike probleem wat met algemene en omvattende ontwapening ontstaan, is dat 'n staat toegelaat moet word om interne stabiliteit te handhaaf. State wat op grond van hulle ideologie, 'n beleid van onderdrukking van hulle landsburgers volg, (soos kommunistiese state) en state met 'n swak politieke struktuur, of state waar misdaad en geweld hoogty vier, het vanselfsprekend 'n sterker weermag nodig om wet en orde en interne stabiliteit te handhaaf as 'n staat met 'n stabiele politieke en sosio-ekonomiese stelsel. Verskille in die aantal en tipes wapens asook in die getalsterkte van gewapende magte, wat benodig word om interne veiligheid en stabiliteit te handhaaf, mag wel betekenisvol wees in die verhoudings tussen buurstate wat polities opponerend is. Die binnelandse situasie in 'n staat mag moontlik net 'n relatief klein weermag regverdig, maar die bedreigings van buite die landsgrense mag dalk 'n heelwat groter weermag regverdig.<sup>59</sup>

Alleenlik deur demilitarisering van die samelewing kan met algemene en omvattende ontwapening gehoop word dat die verwydering van wapens standhoudend van aard sal wees, en dat dit die basis sal skep vir die transformasie van internasionale verhoudinge. Maar die kwessie van demilitarisering opsigself veroorsaak politieke vrae oor die aard van die staat en die rol wat dwang in die owerheidsproses moet speel. Algemene en omvattende ontwapening beteken grootskaalse revolusionêre veranderings in 'n staat se politieke, ekonomiese, nywerheids, militêre en maatskaplike strukture. Die vraag ontstaan of enige staat bereid sal wees tot sulke revolusionêre veranderings in sy samelewing.<sup>60</sup> Dit is die essensie van die nasistaat om na sy eie veiligheid binne sy eie militêre strukture te soek. Diep gewortelde ideologiese, politieke en kulturele verskille, asook die soewereiniteit en nasionale trots van 'n staat, sy reg op selfbeskikking en sy wil om te oorleef is nie maklik onderhandelbaar nie en in meeste gevalle nie moontlik om prys te gee of om kompromieë daaroor aan te gaan nie.<sup>61</sup>

Algemene en omvattende ontwapening sal vergesel moet wees van 'n transformasie van die internasionale politieke struktuur. Die fragmentering, as gevolg van anargie, sal vervang moet word deur die eenheid van wêreldregering. Die siening is dat 'n wêreldregering politieke verskille sal oplos en die positiewe funksie, wat wapens nou speel om die magsbalans te behou, sal vervang. Ongelukkig het die idee van wêreldregering een baie belangrike nadeel, dit is nie prakties uitvoerbaar nie. Die totstandbring van 'n wêreldstaat beteken 'n revolusionêre verandering in die wyse waarop state oor die hele wêreld regeer word. Die ekonomiese-, politieke-, konstitusionele-, ideologiese- en soewereiniteitskwessies wat hieruit sou ontstaan, asook die vrae oor hoe so 'n regering

gestruktureer sou wees en volgens watter reëls dit sou funksioneer, sal probleme laat ontstaan wat nie in die basiese anargistiese wêreld van vandag opgelos sal kan word nie.<sup>62</sup> Die moontlikheid is in elk geval sterk dat so 'n wêreldregering in 'n tirannie sal ontaard.

Terwyl die benadering met ontwapening in hoofsaak te make het met die vermindering van, of die algemene en omvattende afskaffing van wapens, is die benadering met wapenbeheer, in hoofsaak, eerder een van beheersheid en kontrole ten opsigte van die ontwerp, vervaardiging, verspreiding, ontplooiing en vermeerdering van wapens. Laasgenoemde verskynsel word vervolgens in oënskou geneem.

## 2. Wapenbeheer

Alhoewel wapenbeheer as verskynsel sy oorsprong in die verre verlede gehad het, word daar vir die doel van hierdie studie, wat die konseptuele aspekte van wapenbeheer betref, gekonsentreer op die tydperk wat na die Tweede Wêreldoorlog begin het. Daar bestaan 'n besliste verwantskap tussen wapenbeheer en ontwapening en die terme word dikwels sinoniem gebruik. In 1961 het Schelling en Halperin gesê: " We use the term 'arms control' rather than 'disarmament'. Our intention is simply to broaden the term. We mean to include all the forms of military cooperation between potential enemies in the interest of reducing the likelihood of war, its scope and violence if it occurs, and the political and economic costs of being prepared for it".<sup>63</sup>

In 1996 verklaar Goldblat dat: "Today, the term 'arms control' is often used interchangeably with 'arms regulation', 'arms limitation' and even 'disarmament'".<sup>64</sup>

Die teorieë van ontwapening en wapenbeheer het egter uit verskillende uitgangspunte van hoe die situasie ten tye in die wêreld gesien is, ontstaan. 'n Aantal duidelike verskille tussen ontwapening en wapenbeheer word vervolgens uitgewys:

- (a) Ontwapening verwys altyd na die vermindering van wapens terwyl wapenbeheer nie net die vermindering nie, maar selfs 'n vermeerdering van wapens kan beteken en betrekking het op beheer en beperking eerder as verminderung.<sup>65</sup> Booth verwys in hierdie konteks na wapenbeheer as "a continuation of strategy by a mutual restraint on military means".<sup>66</sup>
- (b) Voorstanders van ontwapening is revolusionêre wat die tradisionele prosesse van die internasionale stelsel wil transformeer; voorstanders van wapenbeheer wil daardie prosesse net effektiel laat werk en veilig maak; voorstanders van ontwapening wil beskerm word teen die bedreiging van wapens; voorstanders van wapenbeheer soek sekuriteit deur die beter beheer van wapens; voorstanders van ontwapening glo dat militêre mag radikaal verminder moet word; voorstanders van wapenbeheer glo dat dit

suksesvol bestuur kan word.<sup>67</sup>

- (c) Voorstanders van ontwapening streef na die totale afskaffing van kernwapens; voorstanders van wapenbeheer wil slegs die rol wat kernwapens in die struktuur van afskrikking speel, definieer. Voorstanders van ontwapening glo dat die beklemtoning van die oorlogstelsel 'n bose en potensieel katastrofiese aspek van internasionale verhoudinge is; voorstanders van wapenbeheer glo dat effektiewe bestuur van militêre mag minder oorloë tot gevolg sal hê.<sup>68</sup>
- (d) Ontwapening is in direkte teenstelling met afskrikking; wapenbeheer kan in harmonie met afskrikking toegepas word.<sup>69</sup>
- (e) Ontwapeningsooreenkoms vereis 'n baie hoër mate van wedersydse vertroue as wat die geval met wapenbeheerooreenkoms is. Met 'n wapenbeheerooreenkoms kan albei partye nog wapens tot hul beskikking hê. Met 'n ontwapeningsooreenkoms, veral wanneer daar besluit word dat 'n sekere tipe of kategorie wapen totaal afgeskaf en vernietig moet word, loop albei partye die risiko dat die ander moontlik nog van die betrokke wapen in syarsenaal kan behou, wat hom dan 'n onregverdigte voorsprong op sy teenstander kan besorg.
- (f) Die bestek van die verifikasieproses is in die geval van ontwapening baie meer uitgebreid as wat die geval met wapenbeheer is, waar daar gewoonlik met hanteerbare gedeeltes van die wapenarsenaal gewerk word.
- (g) Ontwapening is ingestel op die beëindiging van die kernwapenwedloop; wapenbeheer is eerder ingestel op die bestuur van die kernwapenwedloop.<sup>70</sup>
- (h) Voorstanders van ontwapening gaan van die standpunt uit dat algemene en omvattende ontwapening moontlik is; voorstanders van wapenbeheer gaan van die standpunt uit dat dit nie moontlik is nie.<sup>71</sup>
- (i) Voorstanders van ontwapening sien die bestaan van wapens as die oorsaak van oorloë en wapenwedgelede; voorstanders van wapenbeheer glo dat daar geen eenvoudig verklaarbare oorsaak-en-gevolg verband tussen die besit van wapens en die uitbreek van oorlog bestaan nie.<sup>72</sup> Hulle sienswyse is dat oorlog in die denke van die mens ontstaan, en dat vrede en stabiliteit tot dieselfde mate 'n funksie van voornemens is as wat dit van militêre vermoë is. Indien state wil veg, vir watter rede ookal, sal hulle die middele vind om dit te doen. Die doel word dus die beheer van daardie faktore wat state laat besluit om te begin met 'n oorlog. Dié faktore sluit dikwels nie wapens in nie.<sup>73</sup> Schuman stel dit soos volg: "In reality, ...war machines are reduced only when peace seems probable, the expectation of conflict leads to competition in armaments, and armaments spring from war and from the anticipation of war".<sup>74</sup> Morgenthau se mening is weer dat: " Men do not fight because they have arms. They have arms because they

deem it necessary to fight."<sup>75</sup>

Dit kan met sekerheid aanvaar word dat een of ander vorm van konflik altyd teenwoordig sal wees in menslike verhoudinge. Die mens se vernaamste doel behoort nie te wees om alle konflik uit te skakel nie maar eerder om dit te hanteer en te bestuur wanneer dit voorkom, en om dié energie eerder in konstruktiewe en nie-gewelddadige rigtings te kanaliseer wat sal lei na maatskaplike ontwikkeling en die wêreld 'n beter plek sal maak om in te woon.<sup>76</sup>

## 2.1 Omskrywing

Bull omskryf wapenbeheer as die internasionale toepassing van beheersheid in wapenbeleid ten opsigte van die hoeveelheid, aard, ontplooiing en gebruik van wapens.<sup>77</sup> Volgens Bowie se definisie sluit die konsep van wapenbeheer enige ooreenkoms tussen verskeie partye in om een of ander aspek van hulle militêre vermoë of potensiaal te reguleer. Die reëling kan van toepassing gemaak word op die ligging, hoeveelheid, gereedheid of tipes militêre magte, wapens of fasiliteite.<sup>78</sup> Bowie se definisie laat 'n belangrike aspek, wat deur Schelling en Halperin in hulle definisie genoem word, buite rekening. Dit is dat daar samewerking tussen potensiële vyande moet wees. Hulle definisie is steeds die duidelikste: "We mean to include all the forms of military cooperation between potential enemies in the interest of reducing the likelihood of war, its scope and violence if it occurs, and the political and economic costs of being prepared for it. The essential feature of arms control is the recognition of the common interest, of the possibility of reciprocation and cooperation even between potential enemies with respect to their military establishments".<sup>79</sup> Brennan se sienswyse oor wapenbeheer is soos volg: "It is neither necessary nor desirable to formulate a precise definition that would include everything thought of as 'arms control', 'arms limitation' or 'disarmament', and would exclude everything else. However, it is useful to think generally of arms control as a cooperative or multilateral approach to armament policy - where 'armament policy' includes not only the amount and kind of weapons and forces in being, but also the development, deployment, and utilization of such forces, whether in periods of relaxation, in periods of tension, or in periods of shooting wars. The approach should be thought of as orientated toward improving the national security of each of the nations involved by adjusting at least some armament capabilities and uses to those 'actually' desirable in the light of the intentions, actions, and adjusted capabilities of the other nations. It is necessary to put 'actually' within quotation marks because a sharply defined concensus of what is 'actually' desirable is in no way to be expected in any circumstances in even the remotely foreseeable future".<sup>80</sup>

Croft definieer en omskryf wapenbeheer weer soos volg: "(A) search for collaborative arrangements between political entities that seeks to set restraints on the possession and use of certain forms of arms, whether in complete form or in component parts. The definition uses 'political entities' to include substate groups, supra-state institutions, and pre-modern states; 'possession' refers to types of weapons, and who may deploy, build, store and operate them, in what numbers, and in what conditions; and 'use' refers to questions related to legitimate targets and geographical areas. Arms control is collaborative, but may include unilateral measures, but only when they are designed primarily to induce reciprocal measures or to enhance international security. It is about setting political limits on military policy".<sup>81</sup>

Pearson definieer wapenbeheer as die ooreenkoms of proses wat gebruik word om die ontwikkeling, ontplooiing of gebruik van verskeie tipes wapens te beperk, met beperkings op die kwantiteit en kwaliteit (of beide) van die betrokke wapens.<sup>82</sup>

Volgens Gray kan wapenbeheer na die volgende verwys: (1) Formele prosesse van onderhandeling tussen state; (2) die resultaat van interstaatlike onderhandelinge; (3) die teorie van interstaatlike militêre samewerking tussen potensiële vyande; (4) enige aktiwiteit wat gerig is op die bevordering van interstaatlike militêre samewerking tussen potensiële vyande; en (5) die konsekwensies van gedrag (unilateraal of wederkerend; stilstwyend of formeel) wat wapenbeheer as doel het.<sup>83</sup>

Dus kan wapenbeheer omskryf word as 'n ooreenkoms wat tussen twee of meer state, wat potensiële vyande is, aangegaan word, waardeur, as gevolg van gemeenskaplike belang, samewerking bewerkstellig word om beheersheid aan die dag te lê, en beperkings toe te pas ten opsigte van die besit, ontwikkeling, gebruik en bering van sekere tipes en kategorieë wapens, asook die hoeveelhede en eienskappe van volledige wapens of komponente daarvan. Beheersheid en beperkings geld ook vir militêre installasies en fasiliteite, ten opsigte van ligging en aard, en die ontplooiing, aard en getalle van gevegsmagte sowel as die ontplooiing van wapens. Die totale militêre vermoë en potensiaal moet dus deur oorekomste beheer en beperk word. Wapenbeheer kan ook op 'n unilaterale wyse toegepas word, mits dit 'n wedersydse reaksie van 'n potensiële vyand tot gevolg het, en internasionale veiligheid sal bevorder. Sommige van die doelwitte van wapenbeheer is om internasionale veiligheid te bevorder, die moontlikheid van oorlog te verminder en, indien oorlog wel sou uitbreek, die skade en lewensverlies as gevolg daarvan tot 'n minimum te beperk.

## 2.2 Die ontstaan van wapenbeheer

Op grond van voormelde definisies van wapenbeheer, word daar vervolgens ingegaan op die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van dié benadering in die tydperk wat in 1945, na die Tweede Wêreldoorlog, begin het.

Die wapenbeheerkonsep het voortgespruit uit die afskrikkingsteorie wat ten opsigte van kernwapens in die vyftigerjare ontstaan het. In beginsel kan kernafskrikking op een van twee maniere bewerkstellig word, of deur die ontwikkeling van sterk verdediging of deur middel van bedreiging deur strafmaatreëls. In die eerste geval word die aggressor afgeskrik deur die moontlikheid dat hy nie sal slaag nie. In die tweede geval word hy afgeskrik deur die bedreiging dat die vergelding wat hy sal moet verduur, groter sal wees as die suksesse wat hy mag behaal. In geval van 'n kernoorlog was die Sowjet-Unie gereed en bereid om nie net te vergeld nie, maar om te oorleef en selfs 'n oorlog te wen.<sup>84</sup>

Wapenbeheer was 'n belangrike element in die totstandkoming en instandhouding van "Mutual Assured Destruction" (MAD) en wapenbeheer het ook as 'n alternatief vir ontwapening ontstaan. Dit was in 'n sekere sin 'n reaksie op die al langer wordende rekord van mislukkings van ambisieuse ontwapeningskemas om enige impak in die praktyk te hê.<sup>85</sup>

In 1955 het wapenbeheer ontwapening begin vervang as die realistiese doelwit van die supermoondhede. Die Verenigde State van Amerika (VSA) en die Sowjet-Unie het in daardie jaar vir die eerste keer erken dat hulle nie meer algehele kernontwapening as 'n realistiese doelwit vir diplomacie sien nie. Twee idees, naamlik die onmoontlikheid van 'n totale kernverbod en die nodigheid om 'n verrassingsaanval af te weer was na 1955 die VSA en die Sowjet-Unie se vernaamste uitgangspunte.<sup>86</sup> Uit die probleem wat na die Tweede Wêreldoorlog met ontwapeningsooreenkoms ontstaan het, het daar in die vyftigerjare nuwe idees ontwikkel. Bull het dit "new thinking" genoem.<sup>87</sup> Dit was die stimulus vir die ontwikkeling van wapenbeheer. Bull het die sentrale gedagtes hierom soog volg beskryf:<sup>88</sup>

- (a) Kommer wat in die wêreld bestaan het oor gevare van 'n kernoorlog en ontevredenheid oor bestaande beleidsrigtings;
- (b) bedenkinge oor 'n algemene en omvattende ontwapeningsooreenkoms;
- (c) aandrang dat daar 'n verband moet wees tussen strategie en wapenbeheer;
- (d) 'n verbreding van die fokus van wapenbeheer en 'n waardering vir die verband tussen 'n verskeidenheid militêre aktiwiteite wat voorheen as heeltemal apart van mekaar gesien is;
- (e) kritiek teen die opvatting dat ontwapening die doel van wapenbeheer moet wees; en
- (f) 'n vasberadenheid om die illusies van ontwapening tot niet te maak, en om optimisties te bly oor die bydrae van strategiese teorie om die verwagtinge vir vrede en veiligheid te

verbeter.

Die teorie van wapenbeheer het in die kern-era uit hierdie skool ontstaan. Die essensie van Schelling en Halperin se siening van die teorie van wapenbeheer is die idee dat gemeenskaplike belang wel tussen opponente in die beheer van wapens kan bestaan.<sup>89</sup> Bowie huldig ook hierdie siening: "(B)oth sides have possible common or parallel interests in preventing an unintended all-out war and in minimizing the burden of the deterrent."<sup>90</sup>

Croft som die uitgangspunte van ontleders soos Schelling, Halperin en Bull, wat aanleiding gegee het tot die toepassing van wapenbeheer in die kern-era, soos volg op:<sup>91</sup>

- (a) Die wêreld sou gedomineer word deur twee supermoondhede wat met kernwapens bewapen is.
- (b) Daar sou pariteit ten opsigte van die vernietigingsvermoë van die kernwapens van die twee supermoondhede wees.
- (c) Daar sou 'n onvermydelike wedywering tussen dié state, naamlik die VSA en die Sowjet-Unie, wees.
- (d) Die vernietigingskrag van kernwapens was so groot dat alle rasioneel denkendes na metodes sou soek om die wydverspreide gebruik daarvan so ver moontlik te verhoed en te vermy.
- (e) Ten einde 'n kernkatastrofe te verhoed sou die supermoondhede en hulle bondgenote daarna streef om enige gewapende konflik te vermy, uit vrees dat so 'n konflik na die gebruik van kernwapens kon eskaleer.
- (f) Hierdie sou 'n langtermyn aangeleentheid wees omdat state in besit van kernwapens 'n duidelike voordeel sou geniet oor state wat nie in besit van kernwapens is nie.
- (g) Alhoewel alle state daarna sou streef om die gebruik van kernwapens te vermy, was die mededinging tussen die supermoondhede van so 'n aard dat die gevær van 'n misrekening (of 'n onopsetlike kernaanval) dialoog en wapenbeheer genoodsaak het.

Wapenbeheer het dus ontwikkel in reaksie op die kombinasie van die Koue Oorlog en die kernwapenwedloop, en in 'n sekere sin ook as 'n reaksie op die al langer wordende rekord van mislukkings van ambisieuse ontwapeningskemas om enige impak in die praktyk te hê. Ten spye van hulle diepgewortelde antagonisme het die Ooste en die Weste 'n gemeenskaplike belang gehad by die voorkoming van oorlog, veral 'n kernoorlog. Dit was vir hulle beter om eerder 'n skaakmatsituasie te aanvaar as om voor te berei vir 'n beslissende konfrontasie wat kon lei tot 'n kernkatastrofe wat die hele wêreld kon vernietig.<sup>92</sup>

Dit is gehoop dat die balans van vrees ("balance of terror"), hoewel ongemaklik, stabiel sou kon bly indien effektief bestuur. Dié toestand het bekend geraak as wedersydse versekerde vernietiging ("Mutual Assured Destruction" (MAD)). MAD was bedoel om 'n altyd

teenwoordige moontlikheid te beskryf. Solank as wat beide partye onder die besef gebly het dat enige vernietiging wedersyds en verseker sou wees, sou hulle altyd hulle kernmagte weerhou van 'n aanval op die teenparty.<sup>93</sup>

Die terreine waarop wapenbeheer in die tagtigerjare van toepassing gemaak is was: die wapenwedloop tussen die supermoondhede; die opbou van kernmagte in Europa; konvensionele magte in Europa; kern nie-proliferasie; verbod op kerntoetse; chemiese wapens; maatreëls om wedersydse vertroue te bou en die bewapening van die buitenste ruimte.<sup>94</sup>

### 2.3 Benaderings tot wapenbeheer

Bull het vyf belangrike aspekte van die klassieke benadering tot wapenbeheer (1958-1961) benadruk:<sup>95</sup>

- (a) Wapenbeheer is nie 'n doel op sigself nie, maar eerder 'n middel tot 'n doel. Die doel van wapenbeheer was in die eerste plek die versterking van veiligheid, veral ten opsigte van die voorkoming van 'n kernoorlog. Dit sou dus nie die doel dien om enige ander sekondêre oogmerke na te jaag tensy dit bewys kon word dat dit veiligheid sou verhoog nie.
- (b) Wapenbeheer gaan van die veronderstelling uit dat daar waarneembare gronde vir gemeenskaplike belang vir die betrokke antagonistiese partye bestaan. Die feit dat moondhede in 'n politieke en ideologiese konflik, wat selfs 'n militêre vorm kon aanneem, gewikkel kon wees, het nie beteken dat hulle nie gemeenskaplike belang soos die voorkoming van 'n verwoestende kernoorlog kon hê en kon saamwerk om gemeenskaplike belang te bevorder nie.
- (c) Wapenbeheer en verdedigingstrategie is nie teenstrydig nie en moet in harmonie met mekaar, binne 'n globale veiligheidsbeleid ontwikkel word. Ten opsigte hiervan het teoretici van wapenbeheer gepleit vir verdedigingsplanne wat wapenbeheer in ag sou neem, en vir wapenbeheer voorstelle wat 'n ingeligte benadering tot verdediging sou hê, eerder as om dit summier te ignoreer.
- (d) Wapenbeheer dek 'n wyer spektrum van militêre beleid as net wat deur formele ooreenkomste gedek word, aangaande die aard, ontplooiing of gebruik van wapens. Informele ooreenkomste asook unilaterale aksies deur partye om hulle van wapenwedywering en gewapende konflik te weerhou, is van groot belang in die handhawing van internasionale veiligheid.
- (e) Die belangrikste onmiddellike doelwit van wapenbeheer was om die verhouding van

wedersydse afskrikking tussen die supermoondhede te stabiliseer. Militêre ontwikkelinge wat wedersydse kernafskrikking kon ondermyn moes in bedwang gehou word, terwyl ontwikkelinge wat dit kon bevorder aangemoedig moes word. Dit is so dat wedersydse kernafskrikking tot aan die einde van die Koue Oorlog in stand gehou is, en steeds geld, ten spyte van ontwikkelings soos die ontplooiing van land- en see gebaseerde strategiese missielmagte, die ontwikkeling van anti-ballistiese missieltegnologie, veelvuldige plokoppe, verbeterde missiel akkuraatheid, satelliet intelligensiestelsels en interkontinentale ballistiese missieltegnologie.

Die benadering met wapenbeheer is om te poog om die wapendinamika, unilateraal of deur onderhandeling, op so 'n wyse te bestuur, dat wapenwedloopneigings in bedwang gehou word en onstabiliteit in 'n verhouding van wedersydse afskrikking verminder word. Die probleem in wapenbeheerterme is die militêre en politieke onstabiliteit wat ontstaan uit elke party se vrees dat die ander sal poog om militêr te oorheers. Onstabiliteit verhoog die gevaar van oorlog. Die basiese beginsel wat hier geld is dat state metodes sal vind om mekaar te verseker dat hulle nie daarna streef om militêr te oorheers nie.<sup>96</sup> Wapenwedlope is dus 'n probleem, want dit wakker die wedywering om oorheersing aan. Die instandhouding van die militêre *status quo* op die laagste vlak wat versoenbaar is met afskrikkingstabiliteit, is dus die doel. Wapenbeheer mag sekere maatreëls soos wapenvermindering insluit, maar nie noodwendig nie. Dit mag soms die ontplooiing van sekere wapens ontmoedig. Die sleutelwoord is weerhouding eerder as vermindering.<sup>97</sup>

Gebaseer op die geskiedenis van wapenbeheer, onderskei Croft vyf benaderings tot wapenbeheer wat met verloop van tyd die bestek van die toepassing van wapenbeheer aansienlik verbreed het vanaf die beperkte funksies wat dit aanvanklik gehad het, tot die breër definisie wat wapenbeheer aan die einde van die Koue Oorlog, en dus aan die begin van die na-Koue Oorlogtydperk, gehad het. Die vyf benaderings is:<sup>98</sup> wapenbeheer soos toegepas aan die einde van konflikte; wapenbeheer om strategiese stabilitet te bevorder; wapenbeheer om gedragsnorme te skep; wapenbeheer om die proliferasie van wapens te bestuur; en wapenbeheer deur internasionale organisasie. Hierdie vyf benaderings word vervolgens in oënskou geneem.

#### (a) Wapenbeheer aan die einde van konflikte

Hierdie benadering verwys na wapenbeheerooreenkomste wat aan die einde van oorloë of groot konflikte aangegaan word. Die fokus in hierdie geval is nie soseer om strategiese stabilitet te bevorder of 'n moontlike konfrontasie af te wend nie, maar is eerder ingestel op die skepping van 'n reeks na-oorlogse verhoudinge. Die aard van die ooreenkoms sal deur

die heersende militêre en politieke omstandighede aan die einde van 'n konflik bepaal word. Indien daar 'n duidelike oorwinnaar in die konflik was sal die oorwinnaar aan die party wat die onderspit gedelf het wil dikteer. Daar bestaan volgens Croft vier moontlikhede: eerstens, wanneer een staat oorweldigend deur 'n ander verslaan is, sal die neiging by die oorwinnaar ontstaan om die verloorder geheel en al te ontwapen. Tweedens, wanneer 'n staat grootliks, maar nie geheel en al nie, oorwin is kan wapenbeheerbepalings baie ongelyk deur die oorwinnaar ingestel word, met die doel om die verloorder strategies en polities minderwaardig te laat. So 'n situasie staan bekend as die *foedus inaequum*. Derdens, as daar 'n duidelike militêre sukses behaal is, sal die oorwinnaar die verloorder strategies wil beperk om toestande vir vrede te skep. Vierdens, waar een staat in die proses is om die oorhand te kry, maar nie 'n oorweldigende oorwinning behaal het nie, sal die bepalings vir vrede meer gebalanceerd wees, maar nog in die guns van die dominante staat of party.

Croft laat met hierdie indeling nie ruimte vir 'n vyfde situasie, waar daar geen duidelike oorwinnaar is nie, en geeneen van die partye besig is om die oorhand te kry nie, met ander woorde waar albei partye "verloorders" is soos wat met 'n intrastaatlike konflik kan gebeur. In so 'n geval kan die partye besluit dat die militêre konflik sinneloos is deurdat duisende mense onnodig vermink en gedood word en 'n staat ekonomies geruïneer word, en dat daar eerder onderhandel en vir 'n politieke oplossing gesoek moet word.

(b) Wapenbeheer om strategiese stabiliteit te versterk

Hierdie benadering fokus hoofsaaklik op die versterking van strategiese stabiliteit tussen twee of meer state. Bilaterale maatreëls om krisisstabiliteit te versterk en multilaterale maatreëls om wapenwedloop-onstabiliteit te verhoed, is twee belangrike tipes maatreëls om strategiese stabiliteit te bevorder.

(c) Wapenbeheer deur die proliferasie van wapens te bestuur.

Politieke opponente was nog altyd bekommert oor die proliferasie van wapens in die hande van hulle potensiële vyande. Wapens in die algemeen asook spesifieke tipes wapens word gesien as destabiliserend vir internasionale verhoudinge, of dit nou geld vir 'n spesifieke staat, 'n streek of die wêreld as geheel. Drie tipes beheer van proliferasie kan onderskei word, naamlik defensiewe optrede om wapenhandel te beperk; wapenbeheer om proliferasie te beheer en daardeur globale stabilitet te bevorder; en wapenbeheer om geweld te beperk en daardeur te poog om oorlog te verhoed of die eskalering van oorlog in 'n staat of streek te verhinder.

(d) Wapenbeheer om gedragsnorme te skep

Wapenbeheerpogings wat sulke norme probeer ontwikkel kan in drie kategorieë verdeel word, naamlik pogings om die verwoestende en vernietigende effek van sekere wapens soos kern, chemiese en biologiese wapens te verhoed, deur die gebruik daarvan te verbied; die skepping van maatreëls aangaande die identifikasie en behandeling van individue, en burgerlikes soos kerklikes, boere, handelaars, vroue, kinders en oorlogsgevangenes wat nie direk by die konflik betrokke is nie, asook nie-militêre geboue en installasies, dorpe, plase, en wonings wat nie in oorlogtyd in die onmiddellike omgewing van die slagveld is nie; en wapenbeheerooreenkomste wat sekere geografiese gebiede identifiseer waarbinne militêre konflik onwettig is.

(e) Wapenbeheer deur internasjonale organisasie

Ten opsigte van globale beheer oor wapens verskaf internasjonale organisasies 'n forum vir bespreking van watter vorm van optrede gevvolg kan of moet word, eerder as om werklike optrede te genereer. Besluite wat bindend is vir die state wat aan so 'n organisasie behoort kan egter ook geneem word en dan in die naam van die organisasie toegepas of uitgevoer word. Wapenbeperkings kan ook op individuele state toegepas word deur middel van die Volkereg.

'n Belangrike aspek van enige benadering tot wapenbeheer is die ooreenkoms, van een of ander aard, wat tussen die betrokke partye aangegaan moet word. Dié aspek word vervolgens aangespreek.

### 2.3.1 Wapenbeheerooreenkomste

Goldblat se beskrywing van 'n wapenbeheerooreenkoms is soos volg: "(A)n 'arms control agreement' is an agreement among sovereign states, freely arrived at in time of peace through a process of formal inter-governmental negotiation; it must provide for both mutual rights and mutual obligations".<sup>99</sup>

Gedurende 1961 het Bull reeds die punt gemaak dat 'n formele verdrag wat voorsiening maak vir internasjonale inspeksie en afdwinging nie essensieel vir wapenbeheer is nie.<sup>100</sup> Ander metodes soos hoëvlak ooreenkomste deur middel van blote kommunikasie, eksplisiete maar informele verstandhoudings, en selfbeheersing, wat baie belangrik is, kan ook toegepas word.<sup>101</sup> Die enigste formeel onderhandelde ooreenkoms wat voor 1960

bereik is, was die 1959 Suidpool Verdrag. Lefever het geredeneer dat "mutual restraint can lead to tacit understandings that are in many ways as effective as formal agreements".<sup>102</sup> Schelling en Halperin het verwys na "induced or reciprocated 'self-control' ".<sup>103</sup>

Wat die inisiatief met betrekking tot wapenbeheerooreenkomste betref, is daar basies drie wyses van toepassing, naamlik deur unilaterale aksies; stilstwyende ooreenkomste; en formele ooreenkomste. Laasgenoemde twee metodes kan verder bilateraal of multilateraal van aard wees.

'n Staat wat op unilaterale wapenbeheer besluit, sal vanselfsprekend verwag dat ander state, veral sy potensiële vyande, ook op sodanige optrede sal besluit. Die voordele verbonde aan unilaterale optrede is dat dit nie te kampe het met probleme ten opsigte van geografiese en strategiese verskille, die militêre opperbevel se sieninge en die sensitiewe aspekte van verifikasie en nakoming, soos wat met bilaterale of multilaterale onderhandelinge ondervind word nie. Unilaterale optredes is dus minder onderworpe aan burokratiese teenstand, as wat die geval met bilaterale of multilaterale onderhandelinge sou wees. Nog 'n voordeel van unilaterale optrede is dat dit situasies vermy waarin die partye, deur die ontwikkeling of ontplooiing van wapens, sal probeer om uit 'n magsposisie te onderhandel.<sup>104</sup>

Die nadeel verbonde aan 'n unilaterale aksie is, dat dit maklik deur 'n inkomende regering verander of tot niet gemaak kan word omdat geen formele internasionale verbintenis daarby betrokke is nie.

Stilstwyende ooreenkomste vermy ook die nadele verbonde aan die onderhandelingsproses. 'n Stilstwyende ooreenkoms kom neer op 'n verstandhouding wat tussen die betrokke partye tot stand kom. 'n Voorbeeld van so 'n ooreenkoms is dié wat gedurende die Koreaanse Oorlog tussen die betrokke moondhede aangegaan is om nie die konflik te laat uitbrei deur mekaar se strategiese voorraad toevoerroetes aan te val nie.

Die voordeel van stilstwyende ooreenkomste is dat dit nie aan die plaaslike politieke gehoor of die politici "verkoop" hoef te word nie en daarom is daar ook geen oortuiging van politici en ander belangegroepe of partye nodig nie. Omdat die beperkings van die ooreenkomste nie duidelik is nie, is state versigtig om die maksimum druk uit te oefen, weens vrees dat hulle moontlik die perke kan oorskrei en die ooreenkoms daardeur kan verongeluk. Die groot nadeel van stilstwyende ooreenkomste is dan ook dat, weens die feit dat beperkings nie duidelik uiteengesit is nie, dit kan lei tot misverstande en misrekening.

Die derde metode waardeur wapenbeheer toegepas kan word is formele ooreenkomste. Sulke ooreenkomste skakel die probleem van misverstande grootliks uit, want die beperkings word duidelik uiteengesit, met ooreengekome interpretasies. Formele ooreenkomste is dikwels ook makliker om intern te regverdig as unilaterale aksies, want 'n

regering kan na die ooreenkoms verwys om aan te dui watter voordele daaruit behaal is in ruil vir konsessies wat aan die teenparty gemaak is. Formele ooreenkomste het verder interne politieke effek deurdat dit 'n omstredenheid kan afhandel op 'n wyse wat 'n unilaterale aksie nie kan nie. Alhoewel 'n ooreenkoms geopponeer kan word en selfs te midde van hewige onsekerheid onderteken kan word, word dit as bindend beskou as dit eers onderteken is.<sup>105</sup>

Sommige ooreenkomste tree in werking by ondertekening en ander moet eers deur die betrokke state se onderskeie parlemente geratifiseer word. Indien 'n ooreenkoms geratifiseer moet word het dit in werklikheid geen nut totdat ratifikasie plaasgevind het nie. Sommige partye tot 'n ooreenkoms onderteken die ooreenkoms onderworpe aan sekere voorwaardes en uitsonderings. Sommige ooreenkomste tree ook eers in werking nadat 'n bepaalde aantal state, of spesifieke state, dit onderteken het.

Meeste wapenbeheer- en ontwapeningsooreenkomste maak voorsiening vir gereelde hersiening van die ooreenkoms. Die doel van hersiening is: om vas te stel of die doelwitte wel bereik en die voorskrifte wel nagekom word; om vas te stel of daar enige skuiwergate of tekortkominge in die ooreenkoms is wat omseiling moontlik maak; en om, indien nodig, die teks volgens 'n vasgestelde prosedure by heersende omstandighede aan te pas. Omdat aanpassing soms 'n ingewikkeld en tydrowende taak kan wees, poog die partye gewoonlik om dubbelsinnighede te verwijder en voorskrifte te versterk sonder om die konteks te verander.<sup>106</sup>

'n Onderhandelde ooreenkoms is nie noodwendig die beste pad om te volg om wapenbeheer te bewerkstellig nie. Dit het al gebeur dat onderhandelinge 'n situasie wat aangespreek is, eerder verswak het as om dit te verbeter. Vervolgens word 'n aantal faktore wat hiertoe kan bydra in oënskou geneem.

(a) 'n Obsessie met pariteit ten opsigte van hoeveelhede en tipe wapens, kan veroorsaak dat elke staat vir homself 'n doelwit van gelykheid stel vir elke tipe wapen, terwyl daar voor die onderhandelinge reeds 'n globale balans bestaan het deurdat tekortkominge op een gebied uitgebalanseer is deur 'n voorsprong op 'n ander gebied. Hierdie obsessie met pariteit veroorsaak dan 'n opbou van wapens, wapentuig of magte in alle areas waar 'n agterstand bestaan, wat eintlik onnodig is.<sup>107</sup>

(b) Konsentrasie op die bereiking van 'n numeriese balans het die nadeel dat dit makliker is om gelyke hoë perke vas te stel as om lae perke vas te stel. Die staat wat agter is word toegelaat om wapens te vermeerder tot die vlak waar die ander staat/state reeds is. Dit beteken verdere verdedigingsuitgawes vir so 'n staat, wat moontlik verhoed kon gewees

het indien daar verder onderhandel is.<sup>108</sup>

- (c) Enige ooreenkoms wat finansieel of andersins perke plaas op militêre uitgawes of ontwikkeling, kan hulpbronne vrystel wat aangewend kan word om nog meer en gevaariger wapens te vervaardig.<sup>109</sup>
- (d) 'n Spesifieke tipe wapen, plan of doel van een party, kan tot so 'n mate deur die teenparty gevrees word dat hulle bereid sal wees om toegewings te maak om te verhoed dat dit gebruik of in werking gestel word. So 'n situasie kan natuurlik ook misbruik word om af te pers of te intimideer.<sup>110</sup>
- (e) Voorstanders van wapenbeheer plaas die klem dikwels op stabiliteit, pariteit, die kans op oorlewing en die vermoë om 'n teenaanval te loods in geval van 'n verrassingsaanval deur die teenparty. Dit lei dan dikwels daartoe dat wapenvoorrade en getalle verhoog, eerder as verlaag word.<sup>111</sup>
- (f) Lang uitgerekte onderhandelinge kan veroorsaak dat partye eventueel baie versigtig is om toegewings te maak, en word dit net gemaak omdat dit onderhandelbaar is en nie omdat dit strategies noodwendig van enige waarde is nie.<sup>112</sup>

### **2.3.2 Verdieping van wapenbeheer**

Die verdieping van wapenbeheer verwys na die aard van ooreenkomste wat met verloop van tyd, vanaf die negentiende eeu tot net voor die begin van die kern-era, verander het. Dit het eerstens 'n beweging weg van ooreenkomste wat net breë riglyne verskaf het, na ooreenkomste wat in baie meer detail opgestel is, behels; verifikasie het baie belangriker geword; en ooreenkomste is in 'n groter mate gesien as 'n regime wat 'n bydrae tot stabiliteit in die breë moes bevorder, eerder as 'n ooreenkoms wat net aan 'n onmiddellike probleem aandag gee.<sup>113</sup> Partye wat 'n wapenbeheerooreenkoms aangaan moet sekerlik goeie redes hê waarom hulle bereid is om so 'n ooreenkoms aan te gaan. Die argumente wat ten gunste van wapenbeheer aangevoer word, word vervolgens in oënskou geneem.

### **2.4 Argumente ten gunste van wapenbeheer**

Soos in die geval van ontwapening, is daar 'n wye spektrum van argumente wat ten gunste van wapenbeheer aangevoer word. Die belangrikste daarvan is soos volg:

- (a) Die essensiële doel van wapenbeheer is om die wêreld teen 'n kernoorlog te beveilig en internasionale veiligheid te verwesenlik. Die veronderstelling is dat kernwapens nie geëlimineer kan word nie en dat die wêreld dus daarby moet aanpas en daarmee moet saamleef.<sup>114</sup> Bull sê ter ondersteuning van hierdie siening: "The chief object of arms control is international security". Hy sê verder dat pogings om wapens te beheer op die beste manier kan bydra tot genoemde doel indien dit ontwerp is om die magsbalans te behou, en te versterk.<sup>115</sup>

Goldblat huldig die volgende siening in hierdie verband: " Nations may live free from fears of aggression only in conditions of international security. This involves strict observance of the following basic principles: (a) sovereign equality of nations; (b) non-use and non-threat of use of force; (c) inviolability of national frontiers; (d) respect for human rights and fundamental freedoms; (e) right of people to determine their own destiny; and (f) fulfilment of obligations under international law".<sup>116</sup>

- (b) Wapenbeheer ontmoedig 'n verrassingsaanval van een staat teen 'n ander en verminder die moontlikheid van onopsetlike oorlog.
- (c) Wapenbeheer bevorder stabiliteit in internasionale strategie en 'n algemene vermindering van wêreldspanning; dit bevorder wedersydse respek en vertroue tussen state en beperk die wapenwedloop.<sup>117</sup>
- (d) Volgens die konsep van krisisstabiliteit is dit nie nodig dat diplomacie en die soek na 'n politieke ooreenkoms verhaas word deur die tempo van militêre voorbereidings en die vrees vir 'n verrassingsaanval nie. 'n Stabiele militêre verhouding is een waarby geen van die betrokke partye baat sal vind deur 'n oorlog te ontketen nie. Die beginsel is dat geen oorlog toegelaat moet word om as gevolg van een of ander militêre imperatif te begin tensy alle moontlike diplomatieke opsies uitgeput is nie. Dit moet moontlik wees om alle militêre aksies te weerhou sonder vrees om onkant betrap te word deur 'n vroeë mobilisering of 'n verrassingsaanval.<sup>118</sup> Volgens Goldblat is dit in hierdie opsig die funksie van wapenbeheer om die voorspelbaarheid van optrede in die verhoudings van opponerende state te verhoog en sodoeende die vrees vir die oogmerke van 'n moontlike teenstander te verminder.<sup>119</sup> Uiteindelik word oorlog vermy deur politieke oordeel op kritieke stadia en kan dit nie gewaarborg word deur enige vorm van militêre mag nie. Volgens die klassieke teorie is die doel van wapenbeheer uitsluitlik om die strategiese verhouding aan te pas, ten einde ewewig te herstel.<sup>120</sup>

- (e) Wapenwedloopstabiliteit is meer ingestel op die vermyding van vredestydse wapenwedywering wat 'n krisis kan veroorsaak as op wat gedoen moet word indien 'n krisis sou ontstaan. Die doel is om te verhoed dat wedywering hande uitruk weens die vrees wat daar by die partye bestaan dat die ander 'n voorsprong sal behaal. Wapenwedloopstabiliteit gaan van die veronderstelling uit dat twee antagoniste wel 'n behoefté sal hê om deur middel van gewapende magte hulself te wil verdedig. Die argument is verder dat enigiets meer as die minimum vir selfverdediging te veel sal wees, en indien albei partye beperk sou kon word tot die minimum, agterdog en uitgawes grootliks verhoed sou kon word. Indien hulle dan deur wapenbeheer tot vergelykbare magsvlakte beperk kon word sou hulle nie 'n verskoning hê om die vlakte te verhoog nie.<sup>121</sup>
- (f) Wapenbeheer verbeter internasionale verhoudinge deur die wapenwedloop te beëindig of ten minste te vertraag; die bestaande veiligheidsraamwerk vir die wêreld te versterk deur sekere risiko's in die heersende militêre situasie te verminder; die waarskynlikheid en voorkoms van gewelddadige konflik op alle vlakke te verminder, en sodoende die openbare mening ten gunste van wapenbeheer te versterk.<sup>122</sup> Wapenbeheer moedig state aan om op 'n vreedsame wyse oplossings vir geskille te vind.<sup>123</sup>
- (g) Deur wapenbeheer word die moontlikheid vergroot dat, indien militêre konflik wel sou voorkom, die betrokke regerings eerder intelligente beheersheid aan die dag sal lê, as om betrokke te raak in aksies wat sal lei tot onbeheersde eskalasie, ongebreidelde geweld en onbeperkte uitdelging van burgerlikes.<sup>124</sup>
- (h) Ekonomiese besparings word teweeg gebring deur duur en wedersyds kansellerende wedywering in gevorderde wapentegnologie uit te skakel, en die hulpbronne wat as gevolg van die besparings vrygestel sal word, aan te wend op gebiede soos internasionale ontwikkeling, ekonomiese opheffing, omgewingsbewaring en bestryding van lugbesoedeling.<sup>125</sup>
- (i) Internasionale politieke skikkings word bevorder deur 'n klimaat van *détente* en samewerking te skep.<sup>126</sup>
- (j) Die gevare waaraan die omgewing blootgestel word, as gevolg van byvoorbeeld oorlog of kerntoetse, word deur wapenbeheer verminder.<sup>127</sup>

- (k) Deur wapenbeheerooreenkomste aan te gaan kan maatreëls soos die volgende ingestel word: die onttrekking of uitdunning van magte; die skepping van 'n gedemilitariseerde of kernvrye sone; en nie-aanvalsverdrae en verklarings van "geen eerste gebruik" wat grootliks kan bydra om spanning binne 'n streek te verminder. Doeltreffende en betroubare kommunikasiefasiliteite wat geheimhouding verseker, is hier van groot belang. 'n Verbod op sekere aktiwiteite soos die verkoop van konvensionele wapens en aflewingstelsels aan state in gebiede waar konflik maklik kan ontstaan; kerntoetse; die plasing van wapens van grootskaalse vernietiging in wentelbane in die buitenste ruimte; of die skepping van invloedsfere in die buitenste ruimte, is maatreëls wat gebiedend noodsaaklik is. Samehangend hiermee is 'n maatreël soos die formele bevriesing van die produksie van spesifieke items, soos kernmateriaal vir wapens of vir strategiese aflewingstelsels.<sup>128</sup> Die proliferasie<sup>129</sup> van kernwapens na state, wat dit nog nie besit nie, kan ook verhoed of vertraag word.<sup>130</sup>

## 2.5 Argumente teen wapenbeheer

In teenstelling met argumente ten gunste van wapenbeheer, word die volgende argumente teen wapenbeheer aangevoer:<sup>131</sup>

- (a) Die propagering van wapenbeheer spreek nie die oorsaak aan nie want wapens is 'n refleksie van politieke wantroue.
- (b) Wapenbeheer is unrealisties want veiligheid is 'n uitvloeisel van die handhawing van militêre oorheersing.
- (c) Wapenbeheerooreenkomste is waardeloos want dié wat dit respekteer word gepenaliseer deur dié wat dit wil omseil.
- (d) Die gebrek aan substansie en konstruktiwiteit van die ooreenkomste wat bereik word demonstreer die ontoepaslikheid van die onderneming.
- (e) Indien wapenbeheer tot vermindering van wapens sou lei sal dit ekonomiese resessie tot gevolg hê.
- (f) Militêre mag is sinoniem met status in die wêreld en dwing daarom eerbied, respek en agting af.

Indien dit aanvaar word dat wapenbeheer wel 'n opsie is, is daar 'n aantal praktiese probleme wat dit uiter moeilik kan maak om 'n ooreenkoms te bereik. 'n Aantal van hierdie probleme word vervolgens in oënskou geneem.

## 2.6 Probleme onderliggend aan wapenbeheer

Schelling en Halperin het die potensiële probleme wat met wapenbeheer verband hou, soos volg ontleed: " The least favorable prognosis is most probably for an agreement that one party expects to symbolize the burying of the hatchet, a new era of good feeling, and a resolution to live up to new standards of international friendship, while the other takes for granted that 'realistic' diplomacy will prevail, subject only to the concrete matters agreed on. In this case acute disappointment and recrimination might result, and the greatest of misunderstandings".<sup>132</sup> Sommige van die vernaamste probleme wat onderliggend aan wapenbeheer is word vervolgens in oënskou geneem.

(a) Wanneer sekere wapenstelsels beperk word, sal daar na ander metodes gesoek word om die taak, wat die beperkte wapens sou verrig, steeds gedoen te kry.

(b) 'n Belangrike faktor wat bykans onmoontlik is om met wapenbeheerooreenkoms te probeer beheer en beperk, is tegnologie. Tegnologiese deurbraak wat op wapens van toepassing gemaak kan word, kan een party bo 'n ander bevoordeel. Om militêre tegnologie te probeer beheer word nog moeiliker gemaak deur die feit dat gewapende magte aan beide kante van verskillende samestellings van wapens en personeel gebruik kan maak. Dit sou dan onafwendbaar wees dat beperkings op enige spesifieke wapenstelsel een party bo die ander sal bevoordeel. Onder sulke omstandighede sal 'n ooreenkoms vanselfsprekend nie maklik bereik word nie.

Verder is dit baie moontlik dat een party sy teenstander voor kan wees op 'n sekere gebied van militêre tegnologie maar agter is op 'n ander gebied. 'n Ooreenkoms om albei kante te beperk sou dan nog moeiliker wees om te bereik.<sup>133</sup> Selfs nadat 'n ooreenkoms bereik is, sal tegnologiese voordele steeds die ooreenkoms bedreig, weens die feit dat die impak van beperkinge gedurig sal verander, en so ook die koste en voordele.<sup>134</sup>

(c) Verifikasie is ook potensieel 'n groot hindernis vir suksesvolle wapenbeheer. Die inherente wantroue wat teenwoordig was in Koue Oorlogverhoudinge het geleid tot 'n behoefte aan verifikasie. Verifikasie is die proses waardeur state hulle intelligensie-inligting en interpretasievermoëns gebruik om bevestiging te verkry dat hulle teenparty/e, wat 'n verdrag met hulle aangegaan het, wel die bepalings van die verdrag eerbiedig.<sup>135</sup>

(d) In die wapenbeheer arena bedryf 'n regering twee onderhandelingsprosesse: met hulle eie plaaslike kritici en met hulle teenparty. Indien die plaaslike teenstand teen 'n verdrag

te groot word, sal die regering gewoonlik probeer om sy kritici 'af te koop'. Die mees algemene metode is om in ruil vir beperkings in een area van verdedigingsuitgawes te kompenseer deur 'n toename in uitgawes in 'n ander area.<sup>136</sup>

(e) 'n Verdere probleem is die ontwikkeling van 'n formule wat nie kwalitatief of kwantitatief ten opsigte van tipes en aantal wapens tot nadeel van enige van die betrokke partye sal wees nie. Teen die agtergrond van verskillende persepsies deur betrokke partye van veiligheidsvereistes, veroorsaak verskillende wapensisteme, kwalitatief, 'n probleem ten opsigte van vergelykbaarheid. Hoeveel bomwerpers is die ekwivalent van 'n oorlogskip?. Hoeveel infanterie divisies is die ekwivalent van 'n eskader vegvliegtuie?. Selfs 'n kwantitatiewe formule vir die vermindering van 'n enkele tipe wapen kan omstredenheid veroorsaak.

Gestel staat A het 4 000 kernwapens en staat B het 2 000, en daar word besluit dat daar 'n 50 persent vermindering aan beide kante moet plaasvind. Staat A sal dan 2 000 kernwapens hê en staat B 1 000, nog steeds genoeg om die hele mensdom uit te wis. Staat B sal dit steeds sien as dat staat A se mag twee keer so sterk soos syne is en sal dit nie maklik aanvaar nie. Indien die getalle verminder sou word sodat beide dieselfde aantal wapens het sal dit weer nie vir staat A maklik aanvaarbaar wees nie, want hy sal 'n meerderwaardige posisie moet prysgee vir een van gelykheid.<sup>137</sup>

(f) Wapenbeheer en wapenwedlope verteenwoordig verskillende tipes risiko's. Die besef by staatsleiers dat 'n wapenwedloop die gevaar van oorlog vergroot is 'n bekende risiko. Die risiko's verbonde aan 'n wapenbeheer- of 'n ontwapeningsooreenkoms is egter minder bekend, en daarom gevaarlik, weens die onsekerheid wat bestaan oor of die teenparty die ooreenkoms tot die letter nakom al dan nie. Slegs maatreëls wat die vertroue in afskrikking sal verhoog sal vir state aanneemlik wees, wat beteken dat maatreëls binne die konteks van afskrikking getref sal moet word.<sup>138</sup>

Ten spye van die argumente teen wapenbeheer en die onderliggende probleme daaraan verbonde, is dit steeds van die uiterste belang dat voortgegaan sal word op die internasionale politieke terrein met pogings om wapens te beheer en veral die proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging soos kern-, chemiese en biologiese wapens te beperk en dit selfs wêreldwyd te verbied indien moontlik. Dit bly steeds 'n beter opsie om verskille deur onderhandeling en ooreenkoms te probeer bylê voordat daar oorgegaan word tot oorlog, met die katastrofiese gevolge op talle terreine daaraan verbonde. Dit bly steeds ook uiters belangrik dat daar voortgegaan word om internasionale veiligheid op dié wyse te probeer bewerkstellig en te versterk.

Soos vroeër aangedui, is een van die aspekte van die verdieping van wapenbeheer dat verifikasie van wapenbeheer- en ontwapeningsooreenkoms, met verloop van tyd baie belangriker geword het. Dié aspek word vervolgens in groter besonderhede in oënskou geneem.

### **3. Verifikasie, inspeksie en afdwinging van wapenbeheer- en ontwapeningsooreenkoms**

Met 'n wapenbeheer- of 'n ontwapeningsooreenkoms tussen state, sal daar gewoonlik 'n verifikasieprocedure van een of ander aard ingestel word, om te verseker dat die ooreenkoms wel eerbiedig word.

Verifikasie is die proses waardeur state hulle intelligensie inligting en interpretasievermoëns gebruik om tevredenheid te verkry dat hulle teenparty/e wat 'n verdrag met hulle aangegaan het, wel die verpligte ten opsigte van die verdrag nakom. Die proses van verifikasie bestaan uit twee fases. Die eerste fase is die monitering en die inwin van inligting aangaande die ander party/e se gedrag in die nakoming van die ooreenkoms of verdrag. Die tweede fase is die evaluering van die inligting om vas te stel of die verdrag wel nagekom word.<sup>139</sup>

Inspeksie is 'n aktiwiteit wat deel van die verifikasieproses uitmaak. Om in staat te wees om te kan verifieer, moet daar onder andere van inspeksies gebruik gemaak word.

#### **3.1 Omskrywing**

Die definisie vir verifikasie wat in die 1985 volume van Arms Control Statements verskyn het, lui soos volg: " (T)he process of determining, to the extent necessary to adequately safeguard national security, that the other side is complying with an agreement".<sup>140</sup>

Verifikasie is ook al omskryf as: " A process, specifically established or approved by a disarmament agreement, carried out by individual state parties to the agreement, either reciprocally or not, or by an international body established or empowered to carry out the process, by personnel or technical means, in order to determine the degree to which the parties to the agreement have implemented its provisions and thereby observed or discharged their obligations under the treaty".<sup>141</sup>

Hierdie omskrywing is ook van toepassing op verifikasie van wapenbeheerooreenkoms.



### 3.2 Vereistes vir verifikasie

'n Vroeë omskrywing van die vereistes vir verifikasie, deur die "UN Commission for Conventional Armaments", is soos volg geformuleer:<sup>142</sup>

"A system of safeguards cannot be adequate unless it possesses the following characteristics

- (a) it is technically feasible and practical;
- (b) it is capable of detecting promptly the occurrences of violations;
- (c) it causes the minimum interference with, and imposes the minimum burdens on any aspect of life of individual nations."

Vier groepe vereistes kan vervolgens onderskei word, naamlik tegniese, wetlike, militêre en politieke vereistes.

#### (a) Tegniese vereistes

Dit wat deur verifiëring bereik wil word moet tegnies waarneembaar wees. Haalbaarheid word bepaal deur hoe goed die staat wat wil verifieer tegnologies toegerus is vir die taak. Die verifikasiestelsel moet tegnies goed genoeg wees vir die doel waarvoor dit aangewend wil word. Verder moet die stelsel deurlopend kan funksioneer en inligting deurlopend kan deurstuur. Die betrokke partye moet in staat gestel word om tydig en vinnig te kan reageer op inligting wat ontvang word. In die geval van nasionale verifikasie is vertroulikheid van belang. 'n Verdere belangrike vereiste is aanpasbaarheid van die stelsel. Tegnologies meer gesofistikeerde wapens verg meer gesofistikeerde verifikasiestelsels.<sup>143</sup>

Ekonomiese aanvaarbaarheid en koste-effektiwiteit van 'n verifikasiestelsel speel ook 'n rol. Die beskikbare hulpbronne asook hoe belangrik verifikasie deur die betrokke regering geag word, is bepalende faktore. Die finale besluit berus by die politici.<sup>144</sup>

#### (b) Wetlike vereistes

Wetlike vereistes kom eenvoudig daarop neer dat alle vereistes van die ooreenkoms tot die letter nagekom moet word. 'n Omseiling of ontduiking van die bepalings van die ooreenkoms sal neerkom op verbreking van die wetlike vereistes van die ooreenkoms.<sup>145</sup>

(c) Militêre vereistes

Hierdie vereistes het betrekking op die funksie van die verifikasiestelsel om enige oortreding van die ooreenkoms, wat die militêre veiligheid van state in gevaar kan stel, waar te neem. Hierdie militêre veiligheidsverifikasie vereiste is ook onderworpe aan politieke faktore. Die rede waarom dit so noodsaaklik is om hierdie tipe oortreding van 'n ooreenkoms tydig en spoedig vas te stel, is dat die oortreding 'n militêre voorsprong aan een staat, ten koste van ander state betrokke by die ooreenkoms, kan gee.<sup>146</sup>

(d) Politieke vereistes

Hierdie vereiste het sy oorsprong in die politieke behoeftes van 'n staat in reaksie op die internasionale politieke situasie. Binnelandse politieke eise vir verifikasie is gewoonlik van twee tipes: 'n opportunistiese reaksie op die politieke stryd tussen verskillende drukgroepe, of dit mag gebaseer wees op dieper gewortelde houdings van die algemene publiek teenoor ontwapenings/wapenbeheerooreenkomste as geheel asook teenoor die ander partye betrokke by die ooreenkoms. Gewoonlik is hierdie houdings gebaseer op persepsies van die ander state en die bedreiging wat dit skyn in te hou. Die werklike buitelandse politieke situasie kan natuurlik nie uit die oog verloor word nie want die publiek se persepsies kan soms geheel en al verkeerd wees.<sup>147</sup>

### 3.3 Doelstellings van verifikasie

Die doelstellings van verifikasie is om inligting te versamel om die partye betrokke by die ooreenkoms, sover dit prakties moontlik is, te verseker dat hulle veiligheid nie bedreig word nie<sup>148</sup>; afwykings en oortredings te ontmoedig en nakoming van die ooreenkoms of verdrag te verseker; om enige afwykings van ooreengekome wapenbeperkinge te ontdek; om openbare vertroue in wapenbeheerooreenkomste te bevorder<sup>149</sup>; om 'n vertrouensverhouding tussen die partye betrokke by die ooreenkoms te bevorder; en om te dien as kommunikasiekanaal waardeur state verskille en teenstrydighede wat tot dispute kan lei kan identifiseer en daaraan aandag kan gee voordat dit ernstig word.<sup>150</sup>

Daar sal egter altyd 'n subjektiewe element teenwoordig wees in die proses van verifikasie, in die sin dat daar nooit met absolute sekerheid vasgestel sal kan word of die ooreenkoms in alle opsigte tot die letter nagekom word nie.<sup>151</sup>

### 3.4 Kategorieë van verifikasie

Verifikasie kan, volgens die benadering wat gebruik word, in 'n aantal kategorieë onderverdeel word, naamlik tradisionele intelligensie-insameling (diplomatieke tegnieke, nagaan van mediaberigte en spioenasie); nasionale tegniese metodes; en op-perseel-inspeksie (OPI).<sup>152</sup> Die derde kategorie kan verder onderverdeel word volgens die mate van toegang wat verkry kan word met die toepassing daarvan, naamlik afstands OPI (seismiese toerusting, voorafopgestelde kameras); beperkte OPI (inspeksies beperk tot uitnodigings en beperkte deursigtigheid); awissellende OPI (gereelde periodieke inspeksies); residensiële OPI (permanente observasies op sekere punte deur waarnemers); en onbeperkte gesoneerde inspeksies (onbeperkte inspeksieregte in sekere vasgestelde sones).<sup>153</sup>

Die verskillende verifikasiestelsels kan gekategoriseer word as nasionale, eksterne, wedersydse, gemengde of internasjonale stelsels:

(a) Nasionale stelsels

Nationale stelsels kan verdeel word in unilaterale verifikasie (sonder instemming van die staat onderhewig aan verifikasie) en koöperatiewe verifikasie (met die samewerking van die betrokke staat). Nog 'n vorm van nasionale verifikasie sal maatreëls gebaseer op unilaterale of multilaterale ooreenkomste wees. Hiervolgens sal verifikasie wedersyds deur die betrokke partye uitgevoer word: of op 'n individuele basis as teenstanders, of wedersyds.<sup>154</sup>

(b) Eksterne stelsels

Volgens hierdie konsep kan elke staat die aktiwiteite van ander state moniteer op enige wyse behalwe deur fisiese inmenging. Metodes wat hiervoor gebruik word is onder andere elektroniese verkenning, deur seismiese, akoestiese en hidro-akoestiese monitering en ontleding van lugmonsters. Alle data word gerapporteer aan 'n sentrale punt wat dit saamvoeg, nagaan, ontleed en interpreteer.<sup>155</sup>

(c) Wedersydse stelsels (bilateraal en multilateraal)

Met die wedersydse stelsel inspekteer een staat (of groep state) 'n ander staat of state. Op nasionale vlak beteken dit dat 'n groep deskundiges fasiliteite en aktiwiteite in die geïnspekteerde staat of state sal moniteer en inspekteer en omgekeerd.<sup>156</sup>

(d) Gemengde stelsels

Met die gemengde stelsel is nasionale en internasionale elemente betrokke by verifikasie. Inligting wat op nasionale grondslag versamel is word aan 'n internasionale liggaam beskikbaar gestel vir ondersoek en evaluering. Die idee hiermee is om groter geloofwaardigheid en aanvaarbaarheid aan die inspeksiegroep te gee.<sup>157</sup>

(e) Internasionale stelsels

Met internasionale verifikasie word die verifikasie deur een of ander internasionaler erkenning soos die Internasionale Atoom Energie Agentskap (IAEA) behartig. Die funksies toegeken aan so 'n liggaam kan beperk wees tot sekere dienste of uitgebreide gesag kan aan hulle verleen word.<sup>158</sup>

### 3.5 Afdwinging

'n Ontwapenings- of wapenbeheerooreenkoms sal nie maklik aangegaan word sonder dat so 'n ooreenkoms een of ander vorm van 'n inspeksie en afdwingingstelsel insluit nie.<sup>159</sup>

In 'n situasie waar wantroue hoogty vier, en baie verskille moontlik is, moet bevredigende metodes vir die beslegting van dispute en vir nakoming van beide die basiese reëls en die besluite wat nodig is om dit in te stel, voor die tyd gevind word.<sup>160</sup>

Geen ooreenkoms is sonder skuiwergate nie, en daarom sal probleme met nakoming noodwendig voorkom. Meeste dispute kan redelik maklik opgelos word. Indien albei partye ernstig is om die ooreenkoms na te kom sal die bron van die dispuut of dubbelsinnige moniteringsdata wees, in welke geval addisionele inligting voorsien kan word om die probleem op te los, of dat die twee partye 'n verdrag of klousule verskillend interpreteer en albei interpretasies redelik is. In so 'n geval sal eerder onderhandel moet word of 'n kompromis sal getref moet word. Die werklike probleem ontstaan wanneer een party klaarblyklik die ooreenkoms of 'n reeks oorekomste opsetlik op 'n stelselmatige wyse verbreek en daardeur ernstige twyfel by die ander partye laat ontstaan of die party wat oortree enige waarde aan die ooreenkoms heg.<sup>161</sup>

Die benadeelde party behoort slegs met 'n teenreaksie te begin indien die oortredings bo alle twyfel bevestig is en dan behoort die reaksie steeds beheersd te wees.<sup>162</sup>

Sommige oortredings word gepleeg om die reaksie van die teenparty te toets. Indien die reaksie vinnig en ferm is sal die oortreder dit heelwaarskynlik afmaak as 'n fout aan sy kant en verdere pogings laat vaar. Indien daar egter min of geen reaksie is nie, sal dit die

oortreder aanspoor om ongestoord voort te gaan om opsetlik een oortreding na die ander te begaan totdat die hele stelsel van beperkings breekpunt bereik.<sup>163</sup>

Metodes waarvan gebruik gemaak kan word om dispute te besleg kan een van die volgende wees:

- (a) Die benadeelde party kan besluit op unilaterale optrede of om hom na 'n internasionale instelling of na 'n ander staat of state te wend vir hulp. Die aangewese inisiële optrede sal wees om in gesprek te tree met die oortreder ten einde 'n oplossing vir die dispuut te probeer vind.
- (b) Die partye kan ooreenkom om die dispuut na 'n kommissie van ondersoek te verwys, vir 'n onafhanklike ondersoek van die feite van die saak. Die kommissie kan versoek word om nie net sy gevolgtrekkings deur middel van 'n verslag aan die partye bekend te maak nie, maar ook om 'n oplossing aan die hand te doen. Die kommissie sal heelwaarskynlik uit 'n gelyke aantal lede afkomstig van elk van die betrokke state bestaan.<sup>164</sup>
- (c) In meeste gevalle is 'n meer bevredigende metode, wat tot 'n bindende besluit sal lei, nodig om die dispuut te besleg. Drie instellings is beskikbaar vir so 'n doel: 'n arbitrale tribunaal; die Internasionale Hof, of 'n spesialis hof.

'n Tribunaal kan saamgestel word volgens die wense van die partye betrokke by die dispuut. Die lede sal heelwaarskynlik kundiges op die onderwerp waарoor die dispuut handel, wees.<sup>165</sup>

Die Internasionale Gereghof, is die prim  re regsgrootvader van die Verenigde Nasies en bestaan uit vyftien regters, waarvan geen twee van dieselfde staat mag wees nie.<sup>166</sup>

Kundigheid ten opsigte van tegniese aspekte, administratiewe reg en konstitusionele reg kan in sommige gevalle van groter waarde wees as slegs Volkereg. Dit sal dus verkiesslik wees om eerder van kundiges op hierdie gebiede, in 'n afsonderlike tribunaal of hof, gebruik te maak.<sup>167</sup>

Reaksies op onduikings of omseilings kan vir een of meer van die volgende doeleinades geneem word: om die oortreder te straf; om die oortreding reg te stel; om die balans te herstel; of om 'n oortreding te verhoed.<sup>168</sup> Dit moet in gedagte gehou word dat daar 'n proporsionele ooreenkoms tussen die oortreding en die reaksie behoort te wees<sup>169</sup> en dat tugstappe progressief van minder ernstig tot ernstig toegepas behoort te word.<sup>170</sup>

Die volgende tugstappe kan teen 'n oortreder geneem word:

- (a) Die oortreder kan aanges   word om die oortreding reg te stel. Indien hy weier sal daar vanselfsprekend verdere stappe teen hom geneem moet word.<sup>171</sup>

- (b) In geval van klein of medium grootte oortredings kan die oortreder beboet word.<sup>172</sup>
- (c) Ekonomiese sanksies kan toegepas word teen die staat wat oortree het.<sup>173</sup>
- (d) Wapenembargo's kan toegepas word teen die staat wat oortree. Die sukses daarvan sal egter, soortgelyk aan ekonomiese sanksies, afhang van hoe selfonderhoudend die staat, wat oortree het is, asook of hulp van ander state of groot moondhede beskikbaar is al dan nie.
- (e) Militêre optrede kan as 'n laaste uitweg nodig wees. Die erns van die oortreding deur die teenparty en hoeveel gevaar dit vir die benadeelde staat se veiligheid en voortbestaan inhou, sal hier van kardinale belang wees. Die benadeelde staat sal baie deeglik moet besin of die risiko's wat met militêre optrede gepaard gaan, werklik die moeite werd is. Militêre optrede kan unilateraal van aard wees of in samewerking met ander state wat die benadeelde staat steun, of dit kan deur 'n internasionale organisasie soos die Verenigde Nasies onderneem word. In laasgenoemde geval is militêre optrede gewoonlik in die vorm van 'n vredesmag wat 'n moniteringsfunksie verrig. Aangesien so 'n internasionale mag uit verskillende state se militêre kontingente bestaan, lewer die samestelling, organisasie en beheer van so 'n mag gewoonlik probleme van sy eie op.<sup>174</sup>

Militêre optrede teen 'n staat wat 'n wapenbeheer- of ontwapeningsooreenkoms verbreek het, sal vanselfsprekend duí op die algehele mislukking van so 'n ooreenkoms. Een van die hoofdoelstellings, indien nie die belangrikste nie, naamlik om oorlog te voorkom, sal dus heeltemal verydel word.

### 3.6 Probleme onderliggend aan verifikasie en inspeksie

Met die ontwapeningsonderhandelinge na die Tweede Wêreldoorlog was die vernaamste oorsaak vir die opskorting van ondehandelinge die inspeksie aangeleentheid, weens die feit dat dit 'n sensitiewe aangeleentheid was wat verteenwoordigend van wantroue van die betrokke partye in mekaar was, en ook daartoe aanleiding gegee het. Die infasering, orde en wyse van inspeksie het vele meningsverskille veroorsaak. Enige verrekende ontwapenings/ wapenbeheerooreenkoms sal in elk geval so 'n diepgaande inspeksieproses verg dat regerings dit nie sal kan vereenselwig met die beginsels van soewereiniteit en onafhanklikheid nie.<sup>175</sup>

Die supermoondhede het ontwapening of wapenbeheer sonder inspeksie en verifikasie natuurlik verwerp, maar die wantroue tussen hulle was so groot dat hulle die risiko's soos 'n verrassingsaanval of 'n agterstand in die wapenwedloop, steeds gevrees het al was daar oor verifikasie ooreengekom.<sup>176</sup> Volmaakte verifikasie is nie werklik haalbaar in die praktyk

nie, en 'n element van risiko, en daarmee saam wantroue, sal altyd in enige verifikasieproses bestaan.<sup>177</sup> Omseiling, soos byvoorbeeld versteekte wapenvoorrade wat nie verklaar word nie, bly 'n risiko met wedersydse wapenbeheer/ontwapening.<sup>178</sup> Fisiese inspeksietegnieke en selfs waarnemings van buite die grense van 'n staat sal nie 'n versteekte wapenopslagplek of 'n klein laboratorium wat biologiese wapens produseer, maklik opspoor nie.<sup>179</sup>

'n Groot probleem met verifikasie, is wat presies as genoegsame verifikasie beskou kan word. 'n Standaard van genoegsame verifikasie is een wat erken dat absolute sekerheid nie prakties moontlik is nie, en dat indien moniteringsvereistes te veeleisend gemaak sou word, dit kan veroorsaak dat daar uiteindelik geen verdrag gesluit sal word nie.<sup>180</sup> Admiraal Inman, voormalige Adjunk-Direkteur van die "Central Intelligence Agency" het gesê dat " If you insist on absolute certainty, if you insist on the capacity to detect every violation, you'll never have an arms control process. You have to take risks. The key is being confident that you will detect any serious cheating".<sup>181</sup>

Moniteringsdata kan net redelike sekerheid in beide rigtings vasstel; dit kan nie absolute sekerheid vasstel nie as gevolg van die subjektiwiteit van die evalueringsprosesse.<sup>182</sup> Soms kom daar ook dubbelsinnighede in moniteringsdata voor. Dit kan tot subjektiewe gevolgtrekkings lei dat die ooreenkoms nie nagekom word nie.<sup>183</sup> Dubbelsinnighede kom ook in verdrae voor. Dit kan te wyte wees aan, onder andere, nalatigheid, tegniese vordering wat nie voorsien was nie, of as gevolg van opsetlikheid sodat daar in die toekoms beweegruimte binne die beperkinge van die verdrag sal wees. Hierdie dubbelsinnighede bemoeilik vanselfsprekend die verifikasieproses geweldig.<sup>184</sup>

Die spanninge wat veroorsaak word deur die vordering in wapentegnologie teenoor vordering in waarnemingstegnologie is nog 'n belangrike kenmerk van wapenbeheer, wat die verifikasieproses bemoeilik.<sup>185</sup>

As gevolg van die omvang van die taak, moet daar dikwels tydens inspeksies van monsterneming gebruik gemaak word. In 'n omgewing egter, waar daar te doen gekry word met onverklaarde fasilitete en wapens en/of klandestiene aksies of operasies, en die betrokkenes daarop uit is om die ooreenkoms te probeer omseil, sal dit baie moeilik wees om 'n metode van monsterneming toe te pas.<sup>186</sup>

As gevolg van bogenoemde probleme sal daar altyd 'n sekere mate van onsekerheid teenwoordig wees met die sluiting van ooreenkomste. Dit is die klein sweem van onsekerheid wat veroorsaak dat diegene wat die besluite moet neem, nie bereid is om risiko's wat groot gevaar inhoud, te neem nie.<sup>187</sup> Die ondersteuners van verifikasie redeneer egter dat die relatief klein risiko's wat deur 'n verifikasiestelsel met 'n lae falingsmoontlikheid geneem word, die groot risiko's van 'n wapenwedloop by verre oorskadu.<sup>188</sup>

Vertroueversterkende maatreëls tussen state is hier van groot belang. Daar word vervolgens in meer besonderhede ingegaan op die aard en doel van vertroueversterkende maatreëls.

#### **4. Maatreëls om vertroue tussen partye te versterk** **{"Confidence building measures" (CBM's)}**

Die doel van maatreëls om vertroue tussen state te versterk is om die algemene beginsels van die Volkereg in positiewe optrede te omskep om geloofwaardigheid aan state se versekeringe van hulle vreedsame voornemens te gee. Sulke optrede sal lei tot die instelling van maatreëls wat gemik is op:<sup>189</sup>

- (a) Versekeringe aan state van nie-aggressiewe voornemens van hulle potensiële teenstanders of vyande en die vermindering van die moontlikheid van die waninterpretasie van veral sekere militêre aktiwiteite;
- (b) vermindering van die moontlikheid van politieke intimidasie deur sterker state of moondhede; en
- (c) die verlaging van die moontlikheid van onopsetlike eskalasie van vyandige optrede in 'n krisissituasie. Hierdie maatreëls verminder die moontlikheid van die gebruik van geweld om geskille te besleg.

Aangesien hierdie maatreëls se hoofdoel is om die risiko van gewapende konflik te verminder, fokus hulle hoofsaaklik op militêre aangeleenthede. Ekonomiese en maatskaplike maatreëls, waarvoor die afwesigheid van oorlog 'n voorvereiste is, is egter ook belangrik. Daarsonder is internasionale veiligheid nie moontlik nie. Die volgende maatreëls om vertroue tussen state te bewerkstellig is universeel toepaslik:

- (a) maatreëls wat beperkinge plaas op die gedrag van partye;
- (b) maatreëls wat deursigtigheid en openheid tussen partye en direkte kommunikasie tussen hulle bevorder en moontlik maak;
- (c) maatreëls wat die sekuriteit van partye, deur ekonomiese en politieke samewerking, bevorder.

Daar sal volgens Gasteyger min of geen vordering wees om 'n wapenwedloop te beperk indien alle energie, tyd en verbeelding net aan ontwapening (en wapenbeheer) gewy word. Om te vra vir die vernietiging van kernwapens en ander wapens van grootskaalse vernietiging, of dat sulke wapens nie ontplooï word nie, mag deur vele state verwelkom word, maar sulke maatreëls sal nie die onderliggende politieke probleme, wat in die eerste plek gelei het tot die vervaardiging en ontplooiing van die wapens, oplos nie. Die vermindering van bestaande, en 'n verbod op toekomstige wapens, sal volgens Gasteyger

net moontlik wees nadat ander maatreëls ook toegepas is. Sulke maatreëls het te doen met die politieke klimaat waarin bewapening floreer, konflikte ontbrand en gewapende magte gebruik word, en is gemik teen die politieke "sagteware" en nie teen die militêre "hardeware" nie, en spreek die kern van internasionale politiek aan: gebrek aan veiligheid; onstabiliteit; misrekening; impulsiewe optrede en gebrek aan inligting, waaruit die drang na veiligheid en wapens ontstaan.<sup>190</sup> Gasteyer noem hierdie maatreëls nie spesifiek vertroueversterkende maatreëls nie. Die maatreëls dui egter aan wat state kan en behoort te doen om die gevaar van konflik en oorlog te verminder, en 'n politieke milieu te skep waarbinne wapenbeheer en ontwapening moontlik is en kan plaasvind, en kan dus met reg as vertroueversterkende maatreëls beskou word.

Gasteyer noem dit "The six imperatives of international security" en dit behels die volgende:<sup>191</sup>

- (a) Ontwikkel en versterk bestaande wapenbeheerooreenkomste.
- (b) Verbeter internasionale stabiliteit deur gemeenskaplike gedragsmaatreëls te bevorder.
- (c) Verbeter kommunikasie, inligting en deursigtigheid op alle gebiede waar dit ondoeltreffend, en daarom 'n bron van wantroue en misrekening is.
- (d) Verminder die rol van militêre mag as 'n instrument van buitelandse beleid en 'n simbool van nasionale status.
- (e) Bevorder streeksamewerking tussen state wat soortgelyke sekuriteitsbehoeftes het, om hulle sodoende in staat te stel om groter verantwoordelikheid te aanvaar vir stabilitet en vrede in hulle gebied, met die doel om uiteindelik 'n raamwerk vir planne vir streekswapenbeheer en ontwapening te ontwikkel.
- (f) Versterk en brei internasionale instellings uit in gevalle waar hulle rol vir die bewaring van vrede en hulle optrede as tussenganger in onderhandelinge of krisisbestuur belangrik is.

Vertroueversterkende maatreëls het veral na die beëindiging van die Koue Oorlog van kardinale belang geword, weens die feit dat daar weg beweeg is in wêreldpolitiek van 'n hoofsaaklik bilaterale benadering tot wapenbeheer en ontwapening na 'n multilaterale benadering. Volgens Rotfeld is koöperatiewe veiligheid nou aangewese vir die toekoms. Koöperatiewe veiligheid is 'n strategiese beginsel wat doelstellings nastreef deur institusionele toestemming eerder as deur dreigemente van fisiese of materiële afdwinging.<sup>192</sup>

Die basis van veiligheid gedurende die Koue Oorlog was wedersydse afskrikking. Die basis van die na-Koue Oorlogse benadering is die inboeseming van wedersydse versekerings en vertroue.<sup>193</sup>

Koöperatiewe veiligheid vereis die vermoë om samewerking oor sake, wat

tradisioneel beskou word as die hart van soewereiniteit, tussen soewereine state te inisieer en in stand te hou; en besluite oor wat presies nodig is om nasionale veiligheid in stand te hou.<sup>194</sup> Koöperatiewe veiligheid beteken verder die algemene aanvaarding en nakoming van verbintenisse om militêre vermoëns en aksies te beperk.<sup>195</sup>

Die hoofakteurs in hierdie stelsel is die nasiestate *per se*, nie trans- of supranasionale strukture nie; die stelsel veronderstel wapenbeheer en beperking, nie universele en omvattende ontwapening nie; en die regime moet onderhandel en aanvaar wees, nie net toegepas word nie. In plaas van wantroue, afskrikking en dwang impliseer die koöperatiewe stelsel,

- (a) vertroue gebaseer op openheid, deursigtigheid en voorspelbaarheid;
- (b) samewerking en versekering; en
- (c) legitimiteit wat afhang van die aanvaarding van lede dat die militêre beperkinge van die regime in der waarheid hulle veiligheid verseker.<sup>196</sup>

Die invloed wat die beëindiging van die Koue Oorlog op wapenbeheer en ontwapening gehad het word vervolgens in breë trekke in oënskou geneem.

## 5. Die invloed van die beëindiging van die Koue Oorlog op wapenbeheer en ontwapening

Die beëindiging van die Koue Oorlog het veroorsaak dat daar sekere klemverskuiwings in wapenbeheer plaasgevind het. Behalwe vir onderhandelinge wat steeds van tyd tot tyd gevoer word aangaande die verdere vermindering van wapens en vertroueversterkende maatreëls, het die klem ook begin val op konflikvoorkoming, krisisbestuur en veiligheidskepping.<sup>197</sup>

Die mees oorheersende euwel sedert die einde van die Koue Oorlog is die ontstaan van burgeroorloë en plaaslike en streekkonflikte. Dit wil voorkom of die groot moondhede nie meer belang het by sulke konflikte nie. Al meer state verval, as gevolg van interne swakhede en tekortkominge in hul regerings, in anargie en onregeerbaarheid.<sup>198</sup> In 1996 was daar 27 ernstige gewapende konflikte wêreldwyd, waarvan net een interstaatlik van aard was. Die ander was intrastaatlik van aard. Die vreedsame beslegting van geskille en konflikoplossing het ook prioriteite geword.<sup>199</sup>

Die doel is nie meer soseer die bestuur van verhoudings tussen teenstanders soos wat gedurende die Koue Oorlog die geval was met Oos-Wes verhoudings nie, maar eerder samewerking in 'n gees van welwillendheid om militêre en politieke stabiliteit en vrede in die wêreld te bevorder.<sup>200</sup> In die plek van negatiewe faktore soos wedersydse afskrikking om internasionale veiligheid te bewerkstellig, het interafhanklikheid en samewerking tussen

state gekom om stabiliteit en veiligheid te bewerkstellig.<sup>201</sup> Met die val van Kommunisme in die voormalige Sowjet-Unie het die ideologiese wedywering tussen die Ooste en die Weste tot 'n groot mate tot 'n einde gekom, en in die plek daarvan, groter Oos-Wes samewerking op politieke en ekonomiese gebied. Die strewe na kernsuperioriteit en die gevaar van 'n kernkatastrofe het ook grootliks verdwyn.<sup>202</sup> Die gevaar van proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging het egter toegeneem.<sup>203</sup>

Die koste van die vervaardiging van wapentuig;<sup>204</sup> omgewingskwessies soos lugbe-soedeling;<sup>205</sup> en toenemende klem wat op menseregte geplaas word,<sup>206</sup> het nuwe stukrag aan wapenbeheer en ontwapening gegee in die na-Koue Oorlogtydperk. Die beginsels van wapenbeheer geld steeds en die doel van wapenbeheer bly steeds die wedersydse regulering van veral kernwapens in 'n poging om die waarskynlikheid dat dit ooit gebruik gaan word te verminder.<sup>207</sup> Laurance stel dit duidelik dat wapenbeheer ten spyte van die beëindiging van die Koue Oorlog steeds relevant bly: "(A)rmed conflict is alive and well in the post-Cold War world. A world featuring super power rivalry marked by ideological struggle and the primacy of nuclear weapons has been replaced by one in which wars rage in many places and more are threatening to erupt at any moment."<sup>208</sup> Hy is verder van mening: "Now that regional conflicts have been freed from Cold War constraints, arms control is more important than it has ever been. As long as arms buildups occur and lead to or exacerbate conflicts, there is a place for arms control in the menu of strategies utilized to ameliorate differences between groups and states".<sup>209</sup>

Die hoofdoel wat vir dekades tussen die VSA en die voormalige Sowjet-Unie bestaan het was om die bestaande magsbalans te stabiliseer op verminderde wapenvlakte. Alhoewel hiedie doel steeds belangrik is, het die fokus verskuif na 'n belangriker onmiddellike doelwit, naamlik die nie-proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging en gevorderde wapentegnologie. Tradisionele nie-proliferasie sluit nou 'n belangrike aspek, naamlik deproliferasie in. Deproliferasie is gemik op die omkering van proliferasie in state en streke waar dit reeds plaasgevind het. Multilaterale wapenbeheer het in die nuwe konteks belangriker as bloot net bilaterale wapenbeheer geword, en gaan steeds voort om die vraag na gevorderde tegnologieë en wapens aan te spreek, en daardeur pogings tot nie-proliferasie te komplementeer.<sup>210</sup> Internasionale organisasies met groter outonomiteit as voor die beëindiging van die Koue Oorlog, het op die gebied van wapenbeheer, ontwapening en internasionale veiligheid tot stand gekom. Hierdie situasie dra by tot geloofwaardigheid van hierdie organisasies, want hulle word nie meer bloot as marionette van die groot moondhede beskou nie.<sup>211</sup>

Strategieë teen die verskaffers van wapens en tegnologieë sal faal indien die aanvraagkant nie ook aangespreek word nie. Wapenbeheer kan 'n belangrike bydrae lewer

om internasionale nie-proliferasienorms te ontwikkel en te versterk. Dit kan ook 'n bydrae lewer tot vertroueversterking om daardeur die behoefte aan nuwe wapens en tegnologieë te verminder. Wapenbeheer en nie-proliferasie is dus aanvullend tot mekaar om die waarskynlikheid van oorlog te vermy, asook die intensiteit daarvan, indien dit wel sou plaasvind, te verminder. Wapenbeheer bly dus 'n essensiële instrument, wat ook in die nuwe konteks geld.<sup>212</sup>

Drie komplementêre faktore is van belang in die na-Koue Oorlogtydsgewrig. Eerstens is daar ruimte vir unilaterale sowel as samewerkende maatreëls aan die kant van verskaffers om die verspreiding van wapens van grootskaalse vernietiging sowel as die aflewingstelsels van sulke wapens te beëindig. Hierdie maatreëls geld ook vir die oorplasing van wapens van een staat na 'n ander. Tweedens is daar 'n dringende noodsaaklikheid vir regionale wapenbeheermaatreëls om die verspreiding van wapens te beheer en om wapens in die toekoms te verminder. Verder is wêreldwye maatreëls nodig om die proliferasië van wapens van grootskaalse vernietiging en hulle aflewingstelsels te beëindig, om inspeksies te verskerp en om sekere weersinwekkende wapens geheel en al te verbied.<sup>213</sup> Met toenemende openheid in militêre aangeleenthede is verifikasie, inspeksie en nakoming nie meer so 'n groot hindernis by die aangaan van wapenbeheer- en ontwapeningsooreenkomste as gedurende die Koue Oorlog nie. Indringende inspeksies word in meeste gevalle nie meer gesien as 'n onaanvaarbare skending van staatsoewereiniteit nie.<sup>214</sup>

## 6. Samevatting

Ontwapening beteken 'n algemene internasionale toestand van verminderde wapenvlake, wat bewerkstellig moet word deur 'n tussenstaatlike ooreenkoms, wat dikwels deur 'n proses van onderhandeling voorafgegaan word.

Verskillende benaderings kan met ontwapening gevolg word. Volgens die "spanning eerste" benadering kan konflik verminder word deur beter kommunikasie tussen die partye. Dit kan lei tot 'n beter verstandhouding wat interstaatlike verhoudinge positief sal beïnvloed wat aanleiding kan gee tot groter buigsaamheid in ontwapeningsonderhandelinge en selfs 'n gewilligheid om te ontwapen. Volgens die "politieke skikking" benadering is ontwapening nie moontlik solank politieke kwessies wat belangrik is vir die betrokke partye onopgelos bly nie. Die "wapens eerste" benadering is gegrond op die idee dat spanning alleenlik verminder en politieke konflik alleenlik opgelos kan word wanneer die ontwapeningsproses begin.

Die belangrikste argumente ten gunste van ontwapening is die volgende: die vrees vir oorlog; etiese argumente wat oorlog as moreel onregverdigbaar beskou;

onaanvaarbaarheid van die militarisering van die samelewing; ekonomiese argumente deurdat beskikbare fondse beter aangewend kan word as om dit op wapens te spandeer; en dat wapens die oorsaak van internasionale spanning en oorlog is en daarom afgeskaf moet word.

Argumente teen ontwapening sluit weer die volgende in: tegnologiese gevorderdheid wat een staat militêr bo 'n ander kan bevoordeel sal nie deur ontwapening aan bande gelê word nie; oorversekering omdat superioriteit bo pariteit verkies word; wanpersepsies van die teenparty se militêre bedrywighede wat aanleiding gee tot wapenwedlope; alle state is, afhangend van hulle veiligheidsituasie, nie noodwendig ten gunste van ontwapening nie, as gevolg van verskillende opvattings daaroor; vir die state wat strewe na magsewewig sal ontwapening nie 'n aanvaarbare opsie wees nie; wapens is nie noodwendig die belangrikste oorsaak van internasionale spanning nie; unilaterale ontwapening word gewoonlik beskou as 'n set of 'n swakheid; ontwapeningsooreenkoms word te maklik verbreek; die mens se inherente wantroue in sy medemens maak algemene en omvattende ontwapening 'n vergesote opsie; die koste van die vernietiging van veral wapens van grootskaalse vernietiging sal astronomies hoog wees.

Algemene en omvattende ontwapening verwys na die wêreldwye vermindering van alle kategorieë wapens tot die minimum wat nodig is om interne wet en orde te handhaaf, die veiligheid van burgerlikes te verseker en ooreengekome kontingente vir 'n internasionale vredesmag te voorsien. Dit is die uiteindelike doel van die voorstanders van ontwapening. Weens uiteenlopende politieke en samelewingsomstandighede, geografiese ligging en grootte, en owerheidsvorme sal dit uiters moeilik wees om 'n ooreenkoms te bereik oor die toelaatbare militêre vermoë vir elke staat in die wêrel; en demilitarisering van die samelewing en revolucionêre veranderings in state se politieke-, ekonomiese-, nywerheids-, militêre- en maatskaplike strukture sal nodig wees. Die fragmentasie, as gevolg van anargie in die wêrel, sal vervang moet word deur die eenheid van wêreldregering.

Die ekonomiese-, politieke-, militêre-, konstitusionele-, ideologiese- en soewereinitetskressies wat uit die voorgaande sal voortspruit, asook die vrae wat sal ontstaan oor hoe 'n wêreldregering gestruktureer sou wees en volgens watter reëls dit sal funksioneer, sal probleme laat ontstaan wat nie in 'n basiese anargistiese wêreld opgelos sal kan word nie. In teenstelling met ontwapening is die benadering met wapenbeheer een van beheersheid en beperking ten opsigte van die ontwerp, vervaardiging, verspreiding, ontplooiing en vermeerdering van wapens. Daar bestaan 'n besliste verwantskap tussen wapenbeheer en ontwapening en die terme word dikwels sinoniem gebruik. Daar is egter 'n aantal duidelike verskille tussen die twee konsepte, wat die volgende insluit: ontwapening verwys altyd na die vermindering van wapens terwyl wapenbeheer ook die vermeerdering van wapens kan

beteken; voorstanders van ontwapening wil beskerm word teen die bedreiging van wapens, voorstanders van wapenbeheer soek sekuriteit deur die beter beheer van wapens; voorstanders van ontwapening streef na die totale afskaffing van kernwapens, voorstanders van wapenbeheer wil slegs die rol wat kernwapens in die struktuur van afskrikking speel definieer; voorstanders van ontwapening glo dat algemene en omvattende ontwapening moontlik is, voorstanders van wapenbeheer se standpunt is dat dit nie moontlik is nie; voorstanders van ontwapening sien die bestaan van wapens as die oorsaak van oorloë en wapenwedlope; voorstanders van wapenbeheer glo dat daar geen eenvoudige verklaarbare oorsaak- en -gevolg verband tussen die besit van wapens en die uitbreek van oorlog bestaan nie.

Wapenbeheer is 'n ooreenkoms wat tussen twee of meer state, wat potensiële vyande is, aangegaan word, waardeur, as gevolg van gemeenskaplike belang, samewerking bewerkstellig word om beheersheid aan die dag te lê, en beperkings toe te pas, ten opsigte van die besit, ontwikkeling, gebruik en bering van sekere tipes en kategorieë wapens, asook die hoeveelhede en eienskappe van volledige wapens of komponente daarvan. Wapenbeheer het na die Tweede Wêreldoorlog in reaksie op die kombinasie van die Koue Oorlog en die kernwapenwedloop tussen die VSA en die voormalige Sowjet-Unie ontwikkel. Die al langer wordende rekord van mislukkings van ambisieuse ontwapeningskemas om enige impak in die praktyk te hê, het ook tot dié ontwikkeling bygedra.

Gebaseer op die geskiedenis van wapenbeheer is daar vyf benaderings tot wapenbeheer te onderskei: wapenbeheer soos toegepas aan die einde van konflikte; wapenbeheer om strategiese stabiliteit te bevorder; wapenbeheer om sekere gedragsnorme te skep; wapenbeheer om die proliferasie van wapens te bestuur; en wapenbeheer deur internasionale organisasie.

'n Belangrike aspek van enige benadering tot wapenbeheer is die ooreenkoms wat aangegaan word. Daar is basies drie wyses van optrede, naamlik unilaterale optrede, stilstwyende ooreenkomste en formele ooreenkomste. Laasgenoemde twee metodes kan verder bilateraal of multilateraal van aard wees. Unilaterale optrede is minder onderworpe aan burokratiese inmenging as wat die geval met bilaterale en multilaterale onderhandelinge is. Dit kan egter maklik ter syde gestel word deur 'n inkomende regering. 'n Stilstwyende ooreenkoms kom neer op 'n verstandhouding tussen partye. Dit vermy ook die nadele verbonden aan 'n onderhandelingsproses en geen oortuiging van politici of ander belangegroepe is nodig nie. 'n Formele ooreenkoms skakel misverstanden grootliks uit; die beperkings is duidelik uiteengesit; dit is makliker regverdigbaar as unilaterale optrede; en kan 'n omstredenheid makliker afhandel as unilaterale aksies. 'n Formele ooreenkoms is

bindend as dit geratifiseer is.

Die volgende faktore kan veroorsaak dat 'n onderhandelde ooreenkoms nie maklik bereik word nie: 'n obsessie met pariteit ten opsigte van hoeveelhede en tipes wapens kan 'n onnodige opbou van wapens veroorsaak; konsentrasie op die bereiking van 'n numeriese balans het die nadeel dat dit makliker is om gelyke hoë perke vas te stel as om lae perke vas te stel; lang uitgerekte onderhandelinge kan veroorsaak dat partye eventueel baie versigtig is om toegewings te maak, en word dit net gemaak omdat dit onderhandelbaar is en nie omdat dit strategies enige waarde het nie.

Die belangrikste argumente ten gunste van wapenbeheer is soos volg: die essensiële doel is om die wêreld teen kernafskrikking te beveilig en internasionale sekuriteit te verwesenlik; dit bevorder stabiliteit in internasionale strategie en 'n algemene vermindering van wêrelspanning; dit is ingestel op die vermyding van vredestydse wapenwedlope en verbeter daardeur internasionale verhoudinge en moedig state aan om vreedsame oplossings vir hulle geskille te vind; ekonomiese besparings word teweeg gebring deur duur en wedersydse kansellerende wapenwedywering uit te skakel en die vrygestelde hulpbronne eerder vir doeleinades soos maatskaplike opheffing, omgewingsbewaring en die bestryding van besoedeling aan te wend. Hierbenewens kan maatreëls soos die volgende ingestel word: uitdunning van magte, die skepping van gedemilitariseerde of kernvrye sones, nie-aanvalsverdrae en verklarings van "geen eerste gebruik", en die nie-proliferasie van kern en ander wapens van grootskaalse vernietiging na state wat dit nog nie besit nie.

Die volgende argumente word onder andere teen wapenbeheer aangevoer: wapens is die refleksie van politieke wantroue, nie die oorsaak nie; wapenbeheer is onrealisties want sekuriteit is die uitvloeisel van die handhawing van militêre oorheersing; dié wat wapenbeheerooreenkomste respekteer word gepenaliseer deur dié wat dit omseil; ooreenkomste het 'n gebrek aan substantiwiteit en konstruktiviteit; wapenbeheer wat 'n vermindering in wapens tot gevolg sal hê, sal ekonomiese resessie tot gevolg hê; militêre mag is sinoniem met status in die wêreld en dwing daarom eerbied, respek en agting af.

Die volgende probleme is onderliggend aan wapenbeheer: wanneer sekere wapenstelsels beperk word sal daar na ander metodes gesoek word om die taak te verrig; dit is bykans onmoontlik om militêre tegnologiese ontwikkeling, wat een party bo 'n ander kan bevoordeel, met wapenbeheerooreenkomste te probeer beheer; die inherente wantrouefaktor verbonde aan die verifikasieproses maak dit 'n groot hindernis vir suksesvolle wapenbeheer; die ontwikkeling van 'n aanvaarbare formule wat nie kwantitatief of kwalitatief ten opsigte van tipes en aantal wapens tot nadeel van enige van die partye sal wees nie, is 'n groot probleem.

Ten spyte van die argumente teen wapenbeheer en die onderliggende probleme daaraan verbonde is dit steeds van die uiterste belang dat voortgegaan sal word op die internasionale politieke terrein met pogings om wapens te beheer en veral die proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging wêreldwyd te verbied. Onderhandelinge en ooreenkoms bly steeds 'n beter opsie as om deur oorlog geskille tussen state te besleg.

Wanneer 'n wapenbeheer- of ontwapeningsooreenkoms tussen state aangegaan word sal daar as 'n reël 'n verifikasie-, inspeksie- en afdwingingsprosedure ingestel word om te verseker dat die ooreenkoms wel nagekom sal word. Die doel van 'n verifikasieprosedure is om sover dit prakties moontlik is afwykings en oortredings van die verdrag of ooreenkoms te ontmoedig; nakoming te bevorder; en vertroue tussen partye, sowel as die openbare vertroue, in die ooreenkoms te versterk.

Sonder een of ander vorm van inspeksie van buite of binne die state wat by die ooreenkoms betrokke is, is verifikasie nie werklik moontlik nie. Geen ooreenkoms is egter sonder skuiwergate nie, en weens die subjektiewe aard daarvan is volmaakte verifikasie nie moontlik nie. 'n Element van risiko, en daarom wantroue sal dus altyd in enige verifikasieproses teenwoordig wees.

Tugstappe wat teen 'n oortreder geneem kan word in 'n poging om nakoming af te dwing kan die volgende insluit: die oortreder kan aangesê word om die oortreding reg te stel; die oortreder kan beboet word; ekonomiese en/of wapensanksies kan teen hom ingestel word; die benadeelde party/e kan selektief of algeheel van die ooreenkoms onttrek; of militêre optrede kan as 'n laaste uitweg teen die oortreder onderneem word.

Die vertroue wat die partye in mekaar en in die ooreenkoms sal hê, sal grootliks deur hulle toeganklikheid vir mekaar en die deursigtigheid van hulle militêre bedrywighede bepaal word. Soos die naam aandui dra vertroueversterkende maatreëls huis daar toe by om vertroue tussen state te versterk en die risiko van gewapende konflik tussen state te verminder.

Die volgende vertroueversterkende maatreëls is universeel van toepassing: maatreëls wat beperkings plaas op die gedrag van partye; maatreëls wat deursigtigheid, openheid en direkte kommunikasie tussen partye moontlik maak; maatreëls wat ekonomiese en politieke samewerking tussen partye bevorder.

Die volgende maatreëls spreek die kern van die internasionale politiek, naamlik gebrek aan sekuriteit, onstabilitet, misrekening, impulsiewe optrede en gebrek aan inligting, waaruit die drang na sekuriteit en wapens ontstaan, aan: ontwikkel en versterk bestaande wapenbeheerooreenkoms; bevorder gemeenskaplike gedragsmaatreëls; verminder die rol van militêre mag as 'n simbool van nasionale status en 'n instrument van buitelandse beleid; bevorder regionale samewerking tussen state met soortgelyke veiligheidsbehoeftes, met die

ontwikkeling van 'n raamwerk vir planne vir regionale wapenbeheer en ontwapening as doel; en versterk en brei internasionale instellings uit in gevalle waar hulle rol as vredemakers en tussengangers in onderhandelinge en krisisbestuur belangrik is. Wapenbeheer en verifikasie is inderwaarheid vertroueversterkende maatreëls.

Vertroueversterkende maatreëls het veral na die beëindiging van die Koue Oorlog van kardinale belang geword. In 'n multilaterale benadering is koöperatiewe veiligheid nou aangewese vir die toekoms. Koöperatiewe veiligheid is 'n strategiese beginsel wat doelstellings nastreef deur institutionele instemming eerder as deur dreigemente van fisiese of materiële afdwining. In plaas van wantroue, afskrikking en dwang impliseer die koöperatiewe stelsel,

- (a) vertroue gebaseer op openheid, deursigtigheid en voorspelbaarheid;
- (b) samewerking en versekering; en
- (c) legitimiteit wat afhang van die aanvaarding deur lede dat die militêre beperkinge van die regime inderwaarheid hulle veiligheid waarborg.

Na afloop van die Koue Oorlog het sekere klemverskuiwings in wapenbeheer plaasgevind. Behalwe vir verdere wapenvermindering en vertroueversterkende maatreëls wat steeds aandag geniet, het die klem op konflikvoorkoming, konflikoplossing, die vreedsame beslegting van geskille, krisisbestuur en veiligheidskepping begin val.

Die mees oorheersende euwel sedert die einde van die Koue Oorlog is die ontstaan van burgeroorloë en plaaslike en streekkonflikte. In 1996 was daar 27 ernstige konflikte wêreldwyd, waarvan net een interstaatlik van aard was. Die ander was intrastaatlik van aard. Met die val van Kommunisme in die voormalige Sowjet-Unie het die ideologiese wedywering, en daarmee saam, die kernwapenwedloop, kernafskrikking en die gevaar van 'n kernkatastrofe tussen die Ooste en die Weste grootliks verdwyn. In die plek daarvan het groter Oos-Wes samewerking op politieke en ekonomiese gebied gekom. Die koste van die vervaardiging van wapens, omgewingskwessies en toenemende klem op menseregte het nuwe stukrag aan wapenbeheer en ontwapening gegee.

Alhoewel die stabilisering van die magsbalans op verminderde vlakke van wapens steeds belangrik is, het die fokus na 'n belangrike onmiddellike doelwit, naamlik die nie-proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging en gevorderde wapentegnologie verskuif. Komplementêr tot nie-proliferasie is deproliferasie tans ook van groot belang.

Multilaterale wapenbeheer het in die nuwe konteks belangriker as bloot net bilaterale wapenbeheer geword. Hieruit voortspruitend het internasionale organisasies met groter outonomiteit as gedurende die Koue Oorlog, op die gebied van wapenbeheer, ontwapening en internasionale veiligheid tot stand gekom. Hierdie situasie dra by tot die geloofwaardigheid van die organisasies, want hulle word nie meer bloot as marionette van

die groot moondhede beskou nie.

Wapenbeheer kan 'n belangrike bydrae lewer om nie-proliferasie te ontwikkel en te versterk, sowel as om vertroueversterkende maatreëls te versterk en daardeur die behoefte aan wapens en wapentegnologie te verminder.

Met toenemende openheid in militêre aangeleenthede is verifikasie, inspeksie en nakoming nie meer so 'n groot hindernis by die aangaan van wapenbeheer en ontwapeningsooreenkomste as gedurende die Koue Oorlog nie. Indringende inspeksie word in meeste gevalle nie meer gesien as 'n onaanvaarbare skending van staatsoewereiniteit nie.

Die argumente wat na die Tweede Wêreldoorlog ten gunste van wapenbeheer en ontwapening aangevoer is, is steeds geldig. Die gevare verbonde aan die kernwapenwedloop, kernafskrikking en 'n moontlike wêreldwye kernkatastrofe het wel bykans verdwyn, maar die mens se inherente natuur het geensins verander nie. Nuwe vrese het na die Koue Oorlog ontwikkel en eienskappe soos naywer, gierigheid, magshonger en strewes na oorheersing, selfs al is dit net binnelands, het nie saam met die Koue Oorlog verdwyn nie.

Indien die proliferasie van wapens in ag geneem word en dit in gedagte gehou word dat die afvalmateriaal van kernreaktors verwerk kan word om as kernmateriaal vir wapens gebruik te word, en dat daar in 1993 reeds 29 state in die wêreld was wat kernkragreaktors besit het, het die fokus na die Koue Oorlog eintlik net na nuwe gevare verskuif.<sup>215</sup> Uraan is redelik vrylik deur internasionale handel aan meeste state beskikbaar. Honderde ton word jaarliks verkoop vir oënskynlik onskuldige doeleindes. Reeds in 1972 het die Verenigde State van Amerika se Energie Kommissie bekend gemaak dat daar 23 lae-tegnologie metodes beskikbaar is om uraan te verryk.<sup>216</sup> Konvensionele wapentegnologie het ook hoogs gesofistikeerd geword en state se regerings sal dit om verskeie redes, wat nie noodwendig kwaadwillig is nie, wil bekom.

Die versplintering van die Sowjet-Unie in 'n aantal onafhanklike state asook die voormalige Warschau Verdrag-state wat van die Sowjet invloedsfeer bevry is, het die potensiaal vir konflik in die wêreld verhoog.

Die feit dat die Chemiese Wapenkonsensie in 1993 onderteken is en deur meer as 150 state onderskryf word,<sup>217</sup> beteken nie noodwendig dat al die betrokke state wat oor sulke wapens, aanlegte en tegnologie beskik dit summier tot niet gemaak het, of aktief in die proses is om dit te doen nie. State soos Sirië, Irak, Egipte, Libië en Noord-Korea het byvoorbeeld nie die Konvensie onderteken nie.

Die beginsels van wapenbeheer en ontwapening geld dus steeds en die doel van wapenbeheer bly steeds die regulering vanveral kernwapens in 'n poging om die waarskynlikheid dat dit ooit gebruik gaan word te verminder.

In die volgende hoofstuk word die historiese ontwikkeling van ontwapening en wapenbeheer in oënskou geneem. Die doel sal wees om die tendense wat met verloop van tyd uitgekristalliseer het aan te dui, sowel as om die beperkende maatreëls wat deur middel van verdrae en ooreenkoms gedurende die Koue Oorlog op verskillende kategorieë van wapens van toepassing gemaak is in oënskou te neem.

## VERWYSINGS

- 1 Bull, H, The Control of the Arms Race: Disarmament and Arms Control in the Missile Age, Second Edition, Frederick A Praeger, New York, 1965, p.vii.
- 2 Dougherty, J E, How to Think about Arms Control and Disarmament, Crane, Russak & Company, New York, 1962, p.24; en Schoonees, P C, (red), HAT, Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal, Voortrekkerpers, Johannesburg, Eerste Uitgawe, Sesde Druk, 1975, p.933.
- 3 Booth, K, "Disarmament and Arms Control", in Baylis, J, et al, Contemporary Strategy, Vol I: Theories and Concepts, Second Edition, Croom Helm, London, 1987, p.140.
- 4 Buzan, B, An Introduction to Strategic Studies: Military Technology and International Relations, Macmillan Press, London, 1987, p.237.
- 5 Sheehan, M, The Arms Race, Martin Robertson, Oxford, 1983, p.186.
- 6 Singer, J D, Arms Control and Disarmament: Towards a Synthesis in National Security Policy, Ohio State University Press, Columbus Ohio, 1962, p.173.
- 7 Ibid, pp. 173-176.
- 8 Ibid, pp. 176-179.
- 9 Morgenthau, H J, Politics Among Nations: The Struggle for Power and Peace, Knopf, New York, 1985, p.439.
- 10 Singer, op cit, pp. 179-180.
- 11 Booth, K, "Disarmament and Arms Control", op cit, p.153.
- 12 Osgood, C E, An Alternative to War or Surrender, University of Illinois Press, Urbana III, 1962, pp. 85-89.
- 13 Sohn, L B, "Zonal Disarmament and Inspection: Variations on a Theme", Bulletin of the Atomic Scientists, September 1962, pp. 4-7 en 10.
- 14 Booth, K, op cit, p.153.
- 15 Noel-Baker, P, The Arms Race: A Programme for World Disarmament, John Colder Ltd, London, 1958, pp. 85-88 en 10-11.



- 16 Booth, K, op cit, pp.153-154.
- 17 Sheehan, M, Arms Control: Theory and Practice, Basil Blackwell, Oxford, 1988, p. 7.
- 18 Buzan, B, op cit p.238.
- 19 Ibid.
- 20 Booth, K, op cit pp.142-143.
- 21 Ibid.
- 22 Ibid, p.143.
- 23 Ibid.
- 24 Ibid.
- 25 Dougherty, J E, op cit, p.9.
- 26 Buzan, B, op cit, pp.242-243.
- 27 Ibid, pp.243-245.
- 28 Gasteyger, C, Searching for World Security: Understanding Global Armament and Disarmament, Frances Pinter, London, 1985, pp. 32-33.
- 29 Booth, K, "Soviet Defence Policy", in Baylis, J, et al, Contemporary Strategy: The Nuclear Powers, Vol II, Croom Helm, London, 1987, pp.93-94; en Gasteyger, op cit, p.33.
- 30 Dougherty, J E, op cit, p.9.
- 31 Edmonds, R, Soviet Foreign Policy: The Brezhnev Years, Oxford University Press, Oxford, 1983, pp.23-37 ;en Gasteyger, C, op cit, p.35.
- 32 Gasteyger, C, op cit, pp.34-35.
- 33 O'Neill, R, and Schwartz, D N, Hedley Bull on Arms Control, St. Martin's Press, New York, 1987, pp.54-57.
- 34 Dougherty, J E, op cit, p.16; en Wright, Q, A Study of War, Vol II, University of Chicago Press, Chicago, Illinois, 1942, pp. 717-739, en 1284-1295.
- 35 Osgood, R E, en Tucker, R W, Force, Order and Justice, Johns Hopkins Press, Baltimore, 1967, p.32.
- 36 Croft, S, Strategies of Arms Control: A history and typology, Manchester University Press, New York, 1996, pp.189-190.
- 37 Booth, K, "Disarmament and Arms Control", op cit, pp. 153-154 ; Buzan, B, op cit, p. 248; en Gasteyger, C, op cit, p.39.
- 38 Buzan, B, op cit, pp.240 en 248.
- 39 Gasteyger,C, op cit, pp.37-38.
- 40 Ibid, p.39.



- 41 Goldblat, J, Arms Control: A Guide to Negotiations and Agreements, Sage Publications, London, Thousand Oaks, New Delhi, 1996, p.244.
- 42 Booth, K, " Disarmament and Arms Control", op cit, p.145.
- 43 Buzan, B, op cit, pp.244-245.
- 44 Klein, L R, "The economics of arms reduction", in Klein, L R, et al (ed) Arms Reduction: Economic Implications in the Post-Cold War Era, United Nations University Press, Tokyo, New York, Paris, 1995, p.107.
- 45 Barnaby, F, How Nuclear Weapons Spread: Nuclear Weapon Proliferation in the 1990's, Routledge, London and New York, 1993, p.64.
- 46 Kile, S, "Nuclear arms control", in SIPRI Yearbook 1997: Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 1997, p.366.
- 47 Ibid, p.368.
- 48 Ibid, pp.394-396.
- 49 Ibid, pp.370-379.
- 50 Ferm, R, " Arms control and disarmament agreements", in SIPRI Yearbook 2000, Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 2001, p.708
- 51 Barnaby, F, op cit, pp.54-56.
- 52 Ibid, p.57.
- 53 Ibid, pp.60-61.
- 54 Gasteyger, C, op cit, pp. 30-31.
- 55 Sheehan, M, The Arms Race, op cit, p.186.
- 56 Booth, K,"Disarmament and Arms Control ", op cit, p. 140.
- 57 Bull, H, op cit, p.137.
- 58 Frisch, D, (ed), Arms Reduction Program and Issues, The Twentieth Century Fund, New York, 1961, p.22.
- 59 Buzan, B, op cit, p. 240.
- 60 Ibid, p. 241.
- 61 Dougherty, J E, op cit, pp.23-28.
- 62 Buzan, B, op cit, pp. 248-249.
- 63 Schelling T C, en Halperin, M H, Strategy and Arms ontrol, Twentieth Century Fund, New York, 1961, p.2.
- 64 Goldblat, J, op cit, p.3.
- 65 Booth, K, "Disarmament and Arms Control", op cit, pp. 140-141.

- 66 Ibid, p.140.
- 67 Garnett, J, "Disarmament and Arms Control since 1945", in Martin, L, (ed) Strategic Thought in the Nuclear Age, Heineman, London, 1979, pp.191-192; en Booth, K, "Disarmament and Arms Control", op cit, pp. 141-142.
- 68 Garnett, J, op cit, pp.191-192 en 213-217; en Booth, K, "Disarmament and Arms Control", op cit, pp.141-142.
- 69 Buzan, B, op cit, pp.239 en 256-257.
- 70 Sheehan, M, The Arms Race, op cit, pp.190-192.
- 71 Dougherty, J E, op cit, pp.28-31.
- 72 Bull, H, op cit, pp.4-9.
- 73 Sheehan, M, Arms Control, op cit, pp.7-8.
- 74 Schuman, F L, International Politics: Anarchy and order in the World Society, McGraw Hill, New York, 1969, p.251.
- 75 Morgenthau, H J, op cit, p. 436.
- 76 Dougherty, J E, op cit, p.11.
- 77 Bull, H, op cit, p.vii.
- 78 Bowie, R R, "Basic Requirements of Arms Control", in Brennan D G, (ed), Arms Control Disarmament, and National Security, George Braziller, New York, 1961, p.43.
- 79 Schelling, T C, en Halperin, M H, op cit, p. 2.
- 80 Brennan, D G, " Setting and Goals of Arms Control", in Brennan, D G, (ed), Arms Control, Disarmament, and National Security, George Braziller, New York, 1961, pp.30-31.
- 81 Croft, S, op cit, pp.14-15.
- 82 Pearson, F S, The Global Spread of Arms. Political Economy of International Security, Westview Press, Boulder, San Francisco, Oxford, 1994, p.139.
- 83 Gray, C S, House of Cards: Why Arms Control must fail, Cornell University Press, Ithaca and London, 1992 pp. 6-7.
- 84 Speed, R D, Strategic Deterrence in the 1980's, Hoover Institution Press, Stanford, California, 1979, pp. 7-8; en Garthoff, R L, "Mutual Deterrence, Parity and Strategic Arms Limitation in Soviet Policy" in Leebaert, D, (ed) Soviet Military Thinking, George, Allen & Unwin, London, 1981, pp.95-96.
- 85 Freedman, L, "Strategic Arms Control", in O'Conner Howe, J, (ed) Armed Peace: The Search for World Security, Macmillan, London, 1984, pp.35-37; en Freedman, L, The Evolution of Nuclear Strategy, Macmillan, London, 1981, pp.196-199.

- 86 Sheehan, M, Arms Control, op cit, pp.4-5.
- 87 Meyer, S M, " Verification and Risk in Arms Control", International Security, Vol 8 No 4, 1984 p.126.
- 88 O'Neill, R, en Schwartz, D N, op cit, pp.100-103; en Booth, K, "Disarmament and Arms Control", op cit, p.157.
- 89 Schelling, T C, and Halperin, M H, op cit, p. 2. Ander belangrike bydraes tot "new thinking" is gemaak deur Bull, H, op cit; Brennan, D G,(ed) op cit;en Frisch, D H, (ed) op cit.
- 90 Bowie, R R, op cit, p. 46.
- 91 Croft, S, op cit, p. 33.
- 92 Freedman, L, Arms Control: Management or Reform?, Routledge & Kegan Paul, London, 1986, p.5.
- 93 Ibid, pp.6-7.
- 94 Booth, K, "Disarmament and Arms Control" op cit, pp.179-183.
- 95 O'Neill, R, en Schwartz, D N, op cit, pp.119-124.
- 96 Freedman, L, "Strategic Arms Control", op cit, pp.32-37; en Freedman, L, The Evolution of Nuclear Strategy, Macmillan, London, 1981 p.199.
- 97 Booth, K, "Disarmament and Arms Control", op cit, p.141; en Bull, H, op cit, pp.vii-viii.
- 98 Croft, S, op cit, pp. 40-60.
- 99 Goldblat, J, op cit, p.3.
- 100 Bull, H, op cit, pp.ix-x
- 101 Schelling, T C, en Halperin, M H, op cit, pp. 77-79.
- 102 Lefever, E W, Arms and Arms Control, Thames & Hudson, London, 1962, p.xiii.
- 103 Schelling, T C, en Halperin, M H, op cit, p.5.
- 104 Goldblat, J, op cit, p.4.
- 105 Sheehan, M, The Arms Race, op cit, pp.192-193.
- 106 Goldblat,J, op cit, p.10.
- 107 Sheehan, M, The Arms Race, op cit, pp.198-199.
- 108 Ibid.
- 109 Ibid.
- 110 Ibid.
- 111 Ibid, p.202.
- 112 Ibid, pp.202-203.
- 113 Croft, S, op cit, p.32.

- 114 Spanier, J W, en Nogee, J L, The Politics of Disarmament: A Study in Soviet-American Gamesmanship, New York, 1962, p.15; en Sheehan, M, Arms Control, op cit, p.10.
- 115 Bull, H, " Arms Control and the Balance of Power", in Lefever, E W, (ed) Arms and Arms Control, op cit, p.27.
- 116 Goldblat, J, op cit, p.6.
- 117 Frisch, D H, op cit, pp.14-15.
- 118 Freedman, L, Arms Control, op cit, p.6.
- 119 Goldblat, J, op cit, p.5.
- 120 Freedman, L, Arms Control, op cit, pp.6-8.
- 121 Ibid, pp.8-10.
- 122 Ibid, p.12.
- 123 Goldblat, J, op cit, p.5.
- 124 Dougherty, J E, op cit, p.31.
- 125 Ibid.
- 126 Ibid.
- 127 Goldblat, J, op cit, p.5.
- 128 Dougherty, J E, op cit, pp.32-33.
- 129 Kyk Buzan, B, op cit, p.57. vir 'n beskrywing van die betekenis van die begrip kernproliferasie.
- 130 Dougherty, J E, op cit, pp.32-33.
- 131 Booth, K, "Disarmament and Arms Control", op cit, pp.158-159.
- 132 Schelling, T C, en Halperin, M H, op cit, p.132.
- 133 Sheehan, M, Arms Control, op cit, p.17; en Bowie, R R, "Basic Requirements", op cit, p.48.
- 134 Bowie, R R, "Basic Requirements", op cit, pp.48-49; en Sheehan, M, Arms Control, op cit, p.17.
- 135 Sheehan, M, Arms Control, op cit, pp.19 en 123.
- 136 Sheehan, M, The Arms Race, op cit, p.201.
- 137 Holsti, K J, International Politics: A Framework for Analysis, Prentice Hall, Englewood Cliffs, New Jersey, 1992, p.264.
- 138 Ibid, pp.264-265.
- 139 Sheehan, M, Arms Control, op cit, p.123.
- 140 Fiscal Year 1986 Arms Control Impact Statements, Washington D C, 1985 p.354. (soos aangehaal deur Sheehan, Arms Control, op cit, p.130).

- 141 Stockholm International Peace Research Institute (SIPRI), Strategic Disarmament: Verification and National Security, Taylor & Francis Ltd, London, 1977, pp.13-14.
- 142 Resolution of the Commission for Conventional Armaments: Formulation of Proposals for Regulation and Reduction of Armaments and Armed Forces, 12 August 1948, in Documents of Disarmament, 1945-1959 Volume I, 1945-1956, p.175, (soos aangehaal in SIPRI, Strategic Disarmament, op cit, p.28.)
- 143 SIPRI, Strategic Disarmament, op cit, pp.28-30.
- 144 Finkelstein, L S, Arms Inspection, International Conciliation, No 540, Nov. 1962; International Organizational Arrangements to Verify Compliance with Arms Control and Disarmament Agreements. Report prepared for the Arms Control and Disarmament Agency, G C 70, June 1966, p.140; Linde, H A, "Verification Requirements for a Production Cut-off of Weapons Grade Fissionable Materials", in Barnett, RJ, and Falk, R A, Security in Disarmament, Princeton University Press, Princeton, New Jersey, 1965, pp.69-79; en SIPRI, Strategic Disarmament, op cit, p.30.
- 145 SIPRI, Strategic Disarmament, op cit, pp.30-31.
- 146 Ibid, p.31.
- 147 Ibid, pp.31-32.
- 148 Barnet, R J, "Inspection: Shadow and Substance", in Barnett, R J , and Falk, R A, (eds) Security in Disarmament, op cit, pp.32-33 en 18.
- 149 Scribner, R A, et al, The Verification Challenge: Problems and Promise of Strategic Nuclear Arms Control Verification, Birkhäuser, Boston, Basel, Stuttgart, 1985, p.18.
- 150 SIPRI Strategic Disarmament, op cit, pp.34-35.
- 151 Sheehan, M, Arms Control, op cit, pp.126-128.
- 152 Ibid, p.132.
- 153 Ibid.
- 154 SIPRI, Strategic Disarmament, op cit, pp.21-22
- 155 Wainhouse, D W, Arms Control Agreements: Designs for Verification and Organisation, The Johns Hopkins Press, Baltimore, Maryland, 1968, pp.107-108.
- 156 Ibid, p.109.
- 157 SIPRI, Strategic Disarmament, op cit, p.22.
- 158 Wainhouse, D W, op cit, pp.111-116.
- 159 Booth, K, "Disarmament and Arms Control," op cit, pp. 154.
- 160 Sohn, L B, "Adjudication and Enforcement in Arms Control", in Brennan, D G, Arms Control, Disarmament, and National Security, George Braziller, New York, 1961, p. 365.



- 161 Sheehan, M, Arms Control, op cit, pp.141-142.
- 162 Ibid, p.142.
- 163 Sohn, L B, " Responses to Violations", in Barnett, R J, and Falk, R A, (eds) Security in Disarmament, op cit, p.179.
- 164 Sohn, L B, "Adjudication and Enforcement", op cit, p. 366.
- 165 Ibid.
- 166 Sohn, L B, "Adjudication and Enforcement", op cit, pp.366-367; en Hough, M, and Du Plessis, A, "Part 1: Universal Organizations", Ad hoc Publication No 34, Contemporary International Organizations and Treaties: Selected Documents, Institute for Strategic Studies, University of Pretoria, 1997, p.33.
- 167 Sohn, L B , "Adjudication and Enforcement" , op cit, p.367.
- 168 Sohn, L B, "Responses to Violations", op cit, p.178.
- 169 Ibid, p.179.
- 170 Sohn, L B, "Adjudication and Enforcement" op cit, p.373.
- 171 Sohn, L B, "Responses to Violations", op cit, p.198.
- 172 Ibid, p.199.
- 173 Ibid, p.200.
- 174 Ibid, pp.201-202.
- 175 Booth, K, "Disarmament and Arms Control", op cit, pp. 154-155.
- 176 Ibid, p.155.
- 177 Ibid, p.156.
- 178 Buzan, B, op cit, pp.239-240.
- 179 Martin, L, (ed), Strategic Thought in the Nuclear Age, Heinemann, London, 1979, p.209.
- 180 Sheehan, M, Arms Control, op cit, p.128.
- 181 The Defence Monitor, 11.8, 1982, p.7 (soos aangehaal deur Sheehan, Arms Control, op cit, pp.128-129).
- 182 Sheehan, M, Arms Control, op cit, p.131.
- 183 Ibid, p.127.
- 184 Ibid.
- 185 Ibid, p.134.
- 186 Brennan, D G, op cit, p.325.
- 187 Martin, L, op cit, p.210.
- 188 Ibid, pp.210-211.
- 189 Goldblat, J, op cit, pp. 4-5.



- 190 Gasteyer, C, op cit, pp. 193-194.
- 191 Ibid, p.194.
- 192 Rotfeld, A D, "Introduction: the search for a new security system", in SIPRI Yearbook 1994, Oxford University Press, New York, 1994, pp.3-4.
- 193 Ibid, p.5.
- 194 Ibid,
- 195 Ibid,
- 196 Ibid,
- 197 The International Institute for Strategic Studies, Strategic Survey, 1991-1992, Brassey's, London, pp.196-197.
- 198 Rotfeld, A D, "Introduction: towards a pluralistic security system", in SIPRI Yearbook 1996: Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, New York, 1996, p.1.
- 199 Rotfeld, A D, "Introduction: The emerging international security agenda", in SIPRI Yearbook 1997: Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, New York, 1997, pp.1-2.
- 200 Strategic Survey, 1991-1992, op cit, pp.196-197.
- 201 Rotfeld, A D, SIPRI Yearbook, 1996, op cit, p.5.
- 202 Goldblat, J, op cit, p.244.
- 203 Rotfeld, A D, SIPRI Yearbook 1996, op cit, pp.11-12.
- 204 Rotfeld, A D, "Introduction: the international system in transition", SIPRI Yearbook 1995: Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, New York, 1995, p.7.
- 205 Ibid, p.10; en Rotfeld, A D, SIPRI Yearbook 1996, op cit, p.6.
- 206 Rotfeld, A D, SIPRI Yearbook, 1997, op cit, p.14; en Rotfeld, A D, SIPRI Yearbook 1996, op cit, p.12.
- 207 Strategic Survey, 1992-1993, op cit p.219.
- 208 Laurance, E J, "The Role of Arms Control in Coping with Conflict after the Cold War", in Kolodziej, E A, and Kanet, R E, Coping with Conflict after the Cold War, The Johns Hopkins University Press, Baltimore and London, 1996, p.331.
- 209 Ibid, p.358.
- 210 Strategic Survey, 1993-1994, op cit, pp.50-51.
- 211 Laurance, E J, op cit, pp.334-336.
- 212 Strategic Survey, 1993-1994, op cit, p.59.
- 213 Ibid; en Strategic Survey 1990-1991, op cit, p.98.
- 214 Goldblat, J, op cit, p.244; en Laurance, E J, op cit, pp.334-336.



215 Barnaby, F, op.cit, pp. 13-14.

216 Shuman, M H, and Harvey, H, Security Without War: A Post-Cold War Foreign Policy,  
Westview Press, Boulder, San Francisco, Oxford, 1993, pp.206-207.

217 Croft, S, op.cit, pp.152-153.



## HOOFSTUK 2

### 'N HISTORIESE OORSIG VAN GLOBALE ONTWAPENING EN WAPENBEHEER TOT 1991

In hierdie hoofstuk word die geskiedenis van ontwapening en wapenbeheer soos volg ingedeel: die antieke wêreld; die middeleeue; die tydperk 1648-1914; die tussenoorlogtydperk, 1919-1939; en die Koue Oorlogtydperk 1945-1991. In aansluiting by hoofstuk 1 sal die benaderings wat gedurende die verskillende historiese tydperke gevvolg is asook die tendense ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening wat uitgekristalliseer het, bespreek word. Met die oog op wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog, wat in die opvolgende hoofstukke aangespreek gaan word, is 'n selektiewe en globale historiese oorsig hier toepaslik. Wapenbeheer en ontwapening is konsepte wat lank voor die Koue Oorlog ontstaan het. Wapenbeheer en ontwapening het egter, veral in die twintigste eeu, weens moderne ontwikkelinge meer gesofistikeerd geraak. Die faktore wat 'n rol hierin gepeel het sal in hierdie hoofstuk aangetoon word.

Soos in hoofstuk 1 aangetoon, word die terme wapenbeheer en ontwapening dikwels as sinoniem beskou en gebruik. 'n Kardinale aspek wat egter in gedagte gehou moet word is dat ontwapening altyd die vermindering van sekere tipes en/of kategorieë wapens, of selfs 'n globale vermindering of afskaffing van wapens kan betekende. Wapenbeheer daarenteen kan nie net die vermindering van wapens betekende nie, maar ook die vermeerdering daarvan. Dit kan verder die beperking en beheer van die gebruik, aanwending of ontplooiing van wapens betekende, sonder dat die aantal wapens verminder of vermeerder hoef te word.

Ontwapening kan onder sekere omstandighede 'n element van 'n wapenbeheerooreenkoms wees, maar wapenbeheer kan nooit as 'n element van 'n ontwapeningsooreenkoms beskou word nie. Dié benadering sal deurgaans in hierdie en opvolgende hoofstukke gevvolg word. Vir die doel van hierdie studie is die aanname dat die Koue Oorlog aan die einde van 1991 tot 'n einde gekom het.

#### 1. Wapenbeheer en ontwapening in die antieke wêreld

As 'n benadering tot internasionale veiligheid kan ontwapening tot 546 vC teruggevoer word, toe daar 'n ontwapeningskonferensie tussen vier groter en tien kleiner Sjinese provinsies gehou is. Die konferensie het tot 'n ontwapeningsooreenkoms geleid wat 'n periode van 72 jaar se oorlogvoering beëindig het.<sup>1</sup> Twee faktore onderskei wapenbeheer in die klassieke wêreld van later periodes: oorlog was endemies; en oorlogvoering was uiters gewelddadig en het gewoonlik relatief ongesofistikeerde wapens, waarmee geslaan of gesny is, behels.<sup>2</sup>

As gevolg van oorlog wat so gereeld voorgekom het dat dit deel van die kultuur van dié tyd was, was insetiewe om konflik te voorkom of geweld te beperk, raar.<sup>3</sup> Weens die eenvoud van die wapentuig, was dit ook moeilik om dit te beheer. Wapenbeheer het nietemin tog plaasgevind aan die einde van oorloë of wanneer belangrike tegnologiese vooruitgang in die vervaardiging van wapens en wapentuig gemaak is.<sup>4</sup>

Wapenbeheer in die antieke wêreld het gewoonlik een van twee vorms aangeneem: ontwapening van diegene wat verslaan is; en die skepping van bufferstroke om strategiese stabiliteit te versterk.<sup>5</sup> Voorbeeld van laasgenoemde is die ooreenkoms tussen Rameses II van Egipte en die Hitiet Hattusilis III na die veldslag van Qadesh in ongeveer 1280 vC, en die ooreenkoms tussen Rome en die Partiërs om die bufferstaat Armenië tussen hulle te bestuur.<sup>6</sup> Voorbeeld van wapenbeheer wat geleei het tot die ontwapening van die verloorder, is die verdrag wat die Romeine in 201 vC op die Kartage, en in 196 vC op die Masedoniërs van toepassing gemaak het. Beide moes hulle vlotte bykans geheel en al tot niet maak en Kartago moes sy oorlogsolifante vankant maak. Beide state moes skadevergoeding betaal en is verbied om enige militêre aktiwiteite te beoefen in die omstreke van hul tuisstede.<sup>7</sup> 'n Verdere voorbeeld is die Spartane wat aan die einde van die Peloponnesiese Oorlog in 404 vC, vir Athene forseer het om sy ommuurde verdedigingstellings en al sy skepe, behalwe twaalf, te vernietig.<sup>8</sup>

## 2. Wapenbeheer in die Middeleeue

Alhoewel oorlog in die Middeleeue steeds 'n belangrike kwessie was het die klem meer op die intensiteit van geweld binne state gevval. Die sekularisasie van mag het onmin tussen Kerk en Staat veroorsaak, maar albei het besef dat geweld binne die staat, beperk moes word.<sup>9</sup>

Sommige proklamasies om geweld te bekamp is deur die Kerk gemaak en ander deur die Staat. Deur wat genoem is die Peace of God, Truce of God, die Peace of the Prince en die Peace of the Land, is ooreenkomste bereik wat geskep is om geweld te bekamp.<sup>10</sup> Die Peace of God wat in 989 in die Sinode van Charroux geproklameer is, het bepaal dat indien iemand in 'n kerk sou inbreek of dit sou beroof, sou hy met die banvloek getref word tensy hy sy dade goedmaak; en indien iemand enige arm persoon of 'n landbouer van sy bees, os, bok, vark, of skaap sou beroof sou hy met die banvloek getref word tensy hy sy dade goedmaak.<sup>11</sup> Die Peace of God wat in 990 deur Guy of Anjou, Biskop van Puy, geproklameer is, het onder andere die volgende bepaal: "From this hour forth, no man in the bishoprics over which these bishops rule, and in these counties, shall break into a church,...No one shall seize or rob merchants. ... If anyone breaks the peace and refuses

to keep it, he shall be excommunicated and anathematized and cut off from the holy mother church, until he makes satisfaction;..."<sup>12</sup> Die Truce of God wat in 1027 deur die bisdom van Elne geproklameer is, het onder andere soos volg bepaal: " (T)hroughout the whole of the said country (Roussillon) and bishopric no one should attack his enemy from the ninth hour (counting from sunrise) on Saturday until the first hour (counting from sunrise) on Monday, so that everyone may perform his religious duties on Sunday".<sup>13</sup> 'n Gedeelte van die Peace of the Land Verdrag deur Henry IV in 1103 het 'n vereiste ingesluit naamlik " to keep peace with churches, clergy, monks, merchants, women, and Jews".<sup>14</sup> Hierdie was vroeëre pogings om gedragsnorme te bepaal en beperkings op geweld te plaas en was dus in 'n breë sin wapenbeheermaatreëls.

Die duidelikste voorbeeld van direkte beheer oor wapens was die Second Lateran Council van 1139 wat die gebruik van die kruisboog onder die volgende dekreet verbied het: "We forbid under penalty of anathema that that deadly and God-detested art of slingers and archers be in the future exercised against Christians and Catholics".<sup>15</sup> Drie aspekte is belangrik in hierdie dekreet: die legitieme gesag was die Kerk; die verbod was nie algemeen nie, die wapens kon teen nie-Christene en nie-Katolieke gebruik word; en die druk vir die verbod op kruisboë het van die adellikes gekom. Die kruisboog was die mees merkwaardige militêre innovasie van die twaalfde eeu. Dit is gebruik deur soldate uit die laer sosiale vlakke en kon deur die harnas van 'n ridder dring en sy dood veroorsaak. Die kruisboog was dus 'n wapen met potensiële maatskaplike-revolusionêre implikasies.<sup>16</sup>

Daar is in die Middeleeue ook pogings aangewend om defensiewe proliferasiebeheer ten opsigte van wapens toe te pas. Die doel was om te verhoed dat wapens direkte vyande bereik. Voorbeeld hiervan is die Third Lateran Council van 1179 en die Fourth Lateran Council van 1215 wat dit ten doel gehad het om te verhoed dat militêre voorrade, veral vlootmateriaal en kundigheid, aan die "Saracens" verkoop word, uit vrees dat hulle dit teen die Christene sou gebruik. 'n Verdere voorbeeld is die Conformatio Tractatus Flandriae van 1370 tussen Koning Edward III van Engeland en die Hof van Vlaandere.<sup>17</sup> Wapenbeheer was dus 'n produk van die middeleeuse politieke verwarring, maar het tog beperkinge geplaas op sekere tipes geweld deur sekere gedragsnorme te skep,<sup>18</sup> en beperkings te plaas op die proliferasie van wapens.

Voorgaande is dus voorbeeld van drie benaderings tot wapenbeheer wat reeds in hierdie vroeë tyd gegeld het, naamlik die skepping van gedragsnorme, wapenbeheer deur sekere wapens te verbied, en nie-proliferasie van materiaal en kundigheid wat vir die vervaardiging van wapens aangewend kon word. Dit blyk uit die voorgaande dat ooreenkoms wat in die antieke tyd gesluit is in die algemeen bilateraal van aard was en aan die einde van konflikte gesluit is. Die verloorder is deur middel van 'n ongelyke verdrag

(*foedus inaequum*) ontwapen en magteloos gelaat, om sodoende verdere konflik te vermy. Gedurende die middeleeue is wapenbeheer hoofsaaklik deur middel van proklamasies en bilaterale ooreenkomste toegepas. Die ooreenkomste was ook meer gerig op wapenbeheer as op ontwapening.

### 3. Wapenbeheer in die tydperk 1648-1914

Gedurende die tydperk vanaf die Vrede van Wesfale in 1648 tot die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914, het wapenbeheer werklik eers tot sy moderne vorm ontwikkel. Baie van die gebeure in die middeleeue, gedateer tot die Vrede van Wesfale, het die grondslag vir die moderne statestelsel gelê.<sup>19</sup> Sommige vroeë voorbeeld van wapenbeheer toon 'n mate van kontinuitéit van die middeleeuse kommer oor en pogings om geweld te beperk. In Artikel XXIII van die verdrag tussen die Verenigde State van Amerika (VSA) en Pruisie wat in 1785 onderteken is het albei state hulself verbind om sommige van die voorskrifte van die Peace of God, Truce of God, Peace of the Prince en die Peace of the Land te volg maar met uitsluiting van die strafmaatreëls. 'n Deel van Artikel XXIII het soos volg gelui: "If war should arise between the two contracting parties,... all women and children, scholars of every faculty, cultivars of the earth, artizans, manufacturers and fishermen unarmed and inhabiting unfortified towns, villages or places, and in general all others whose occupations are for the common subsistence and benefit of mankind, shall be allowed to continue their respective employments and shall not be molested in their persons, nor shall their houses or goods be burnt, or otherwise destroyed, nor their fields wasted by the armed force of the enemy,..."<sup>20</sup> In 'n soortgelyke ooreenkoms in die Verdrag van Handel, tussen Nederland en die VSA in 1782 is ooreengekom dat:

"For the better promoting of commerce, on both sides it is agreed, that if a war should break out,... there shall always be granted to the subjects on each side, the term of nine months after the date of the rupture, or the proclamation of war, to the end that they may retire, with their effects, and transport them where they please,..."<sup>21</sup>

In die latere deel van die negentiende eeu en die vroeëre deel van die twintigste eeu is heelwat konvensies onderteken wat te doen gehad het met die skep en beklemtoning van reëls en wette oor oorlog. Dit het gevareer van gedragskodes tot die afskaffing van sekere wapens. Die Haagse Konvensies (1899-1907) het 'n reeks beperkings wanneer oorlog gevoer word, uiteengesit, byvoorbeeld 'n verbod op die gebruik van gasse in projektlele; die dood of verwonding van gevangenes; en die onnodige vernietiging of buit van die vyand se eiendom.<sup>22</sup>

Die Deklarasie van St Petersburg in 1868 het die gebruik van enige projekiel, ligter

as 400 gram, wat plofbaar is of 'n lading van ontvlambare of plofbare aard bevat, verbied, want dit sou die lyding van 'n persoon wat buite aksie gestel is, vererger.<sup>23</sup> 'n Deklarasie is in 1899 by die Den Haagse Konferensie uitgevaardig wat die gebruik van uitsetkoeëlpunte en koeëls wat maklik plat word wanneer dit die menslike liggaam binnedring, verbied het. Koeëls waarvan die harde buitenste omhulsel nie die hele koeël bedek nie of wat gaatjies in het, sorteer onder hierdie kategorie.<sup>24</sup> In 'n verdere eggo van die Middeleeue, het die Deklarasie van St Petersburg in 1868 bepaal dat sekere projektile nie in oorlogtyd tussen state wat hulle tot die Deklarasie verbind het, gebruik mag word nie. Die Deklarasie aangaande projektile ligter as 400 gram wat kan ontploff was egter nie bindend indien een van die state tot die ooreenkoms deur 'n nie-kontrakterende staat in die konflik gehelp sou word nie.<sup>25</sup>

Wapenbeheermaatreëls wat norme van gedrag geskep het met betrekking tot geografiese gebiede waar oorlogvoering as onwettig beskou is, is in die middeleeuse Europa ontwikkel deur deklarasies wat daarop gemik was om kerklike eiendom te beskerm. Voorbeeld sluit die Clayton-Bulwer Verdrag van 1850 en die Straat van Magellan Verdrag van 1881 in.<sup>26</sup>

Twee vorme van wapenbeheer wat in die klassieke wêreld gegeld het, naamlik die vestiging van buffergebiede en die ongelyke verdrag of *foedus inaequum*, het hulself ook in hierdie tydperk herhaal.<sup>27</sup> 'n Voorbeeld van laasgenoemde is artikel IX van die Verdrag van Utrecht van 1713. Die Franse het ingestem tot Britse eise dat " all the Fortifications of the City of Dunkirk be razed, that the Harbour be filled up, and that the Sluices or Moles which serve to cleanse the Harbour be levelled, and that at the said King's own Expense, within the space of five Months after the Conditions of Peace are concluded and signed;..."<sup>28</sup> Artikel XXVII van die Brits-Spaans-Nederlandse Verdrag van 1715 lui soos volg: "The fortifications and all the works of the citadel of Liège and also those of the chateau of Huy, including all forts and works, shall be razed and demolished, in such a way that they can never be rebuilt or restored".<sup>29</sup>

In 1807 het die Franse die Pruise en die Russe in die Friedland veldslag verslaan. Ingevolge 'n ooreenkoms tussen Frankryk en Pruise, die Verdrag van Parys van 1808, is die Pruise gedwing om 'n ooreenkoms met Frankryk aan te gaan dat die Pruisiese leër tot 42 000 man beperk moes word, met subbeperkings op sekere regimente vir 'n periode van tien jaar vanaf 1 Januarie 1809. Pruise was ook onder verpligting om 16 000 man te voorsien in geval Frankryk in 'n gewapende konflik met Oostenryk betrokke sou raak.<sup>30</sup> 'n Soortgelyke voorbeeld is die beperkings wat die Ottomanse Turke in 1841 op Egipte geplaas het. 'n Limiet van 18 000 man is op die Egiptiese leër geplaas, alhoewel dit verhoog sou kon word in geval die Sultan van Turkye meer troepe in oorlogtyd sou benodig. Die Egiptenare is ook

verbied om gepantserde oorlogsbote te bou.<sup>31</sup>

In die negentiende eeu is verdrae onderteken wat state soos België in 1839<sup>32</sup>; Luxemburg in 1867<sup>33</sup>; en die Swart See in 1856<sup>34</sup>; as neutrale gebied verklaar het. Volgens die Rush Bagot ooreenkoms van 1817 het die VSA en die Verenigde Koninkryk ooreengekom om die Noord-Amerikaanse mere te demilitariseer.<sup>35</sup>

Die doel van 'n ooreenkoms om strategiese stabiliteit te versterk is tweeledig van aard. Dit is eerstens die doel om in 'n tyd van krisis te verseker dat geen van die partye die persepsie sou hê dat die een wat eerste aanval 'n militêre voorsprong sal behaal nie, en ook om te verhoed dat politieke krisisse in militêre konfrontasies ontaard. Die idee is dus om impulsiewe militêre optrede te verhoed; meer ruimte vir diplomacie te skep, en dus krisisstabiliteit te bevorder.<sup>36</sup>

Tweedens is die doel met hierdie tipe ooreenkoms om wapenwedloopstabiliteit te skep en daardeer 'n wapenwedloop in die toekoms te verhoed. Die Argentyns-Chileense Vlootbeperkingkonvensie van 1902 was so 'n ooreenkoms. Die doel van die ooreenkoms was om wapenkompetisie in 'n spesifieke veld, wat duur sou wees en 'n bedreiging vir die ander staat sou wees, te verhoed.<sup>37</sup>

Ooreenkomste wat gedurende hierdie tydperk aangegaan is, was hoofsaaklik bilateraal van aard, en wapenbeheer eerder as ontwapeningsooreenkomste is gesluit. Wapenbeheer deur die skepping van strategiese stabiliteit; wapenbeheer deur die bepaling van gedragsnorme; en wapenbeheer aan die einde van konflikte deur middel van ongelyke verdrae is die benaderings wat gevolg is. Laasgenoemde benadering sowel as die skepping van buffergebiede, wat reeds in die antieke tyd voorgekom het, is gedurende die tydperk 1648-1914 herhaal.

#### 4. Wapenbeheer in die tussen-oorlogtydperk (1919-1939)

Voor die aanvang van die tussen-oorlogtydperk is wapenbeheer toegepas aan die einde van konflikte; om stabiliteit tussen state te bewerkstellig; as pogings om reëls van oorlog neer te lê; en om norme vir militêre en strategiese gedragskodes tussen state en gedurende konflikte neer te lê. Die tussen-oorlogtydperk is gekenmerk deur al hierdie vorme van wapenbeheer, maar het addisioneel daartoe, die fokus op die probleem van proliferasie van wapens en op internasionale beheer geplaas.<sup>38</sup>



#### 4.1 Wapenbeheer aan die einde van konflikte

Voordat die tussen-oorlogtydperk begin het, is wapenbeheer by verskeie geleenthede gebruik as deel van die na-oorlogse ooreenkoms.<sup>39</sup> Voorbeeld van wapenbeheer in die tussen-oorlogtydperk by die beëindiging van konflikte is die volgende:

Na die Eerste Wêreldoorlog het die Verdrag van Versailles van 1919 Duitsland se leër tot 100 000 man beperk en tenks en swaar artillerie is verbied. Die Duitse vloot moes verminder word tot ses oorlogskepe, ses ligte kruisers, twaalf aanvalsvaartuie, twaalf torpedojaers en geen duikbote nie. 'n Lugmag is verbied. Toegelate hoeveelhede wapens, ammunisie en ander oorlogsmateriaal is spesifiek vasgestel en kon alleen in goedgekeurde fabrieke vervaardig word. Die vervaardiging van alle stikgasse, gifgasse of enige ander gasse, sowel as enige verwante materiale, vloeistowwe of toestelle is streng verbied. Die Duitse Generale Staf moes ontbind; verpligte militêre diens moes afgeskaf word; en mobilisering van enige aard is verbied. Geen opleidingsinstelling of enige ander instelling is toegelaat om hulle met militêre sake te bemoei nie.<sup>40</sup>

Die ontwapeningsvereistes van hierdie Verdrag is openlik omseil of oortree deur Duitsland. Die Generale Staf het bly voortbestaan; die toegelate aantal militêre personeel is oorskry; personeel is onwettig opgelei; paramilitêre groepe is vir reserwepligte saamgestel; wapens is in geheime opslagplekke behou; en wapens wat deur die Verdrag van Versailles verbied is, is in Duitsland ontwikkel en vervaardig of ingevoer. Verifikasie van nakoming was uiters oneffektief en is selfs later nie meer toegepas nie. Die Britse en Franse regerings was terdeë bewus van die situasie maar was of onwillig of onmagtig om nakoming af te dwing. Dit het daartoe gelei dat Duitsland herbewapen het en twintig jaar later weer 'n wêreldoorlog begin het.<sup>41</sup>

Die Verdrag van St Germaine-en-Laye van 1919 het die Oostenrykse leër tot 30 000 man beperk; die Verdrag van Neuilly van 1919 het die Bulgaarse leër tot 33 000 man beperk; en die Verdrag van Trianon van 1920 het die Hongaarse leër tot 35 000 man beperk. Elk van hierdie verdrae het nie net die weermagte van hierdie state beperk nie maar het ook die strukture daarvan bepaal. Hierdie ongelyke verdrae is almal voorbeeld van die *foedus inaequum*.<sup>42</sup>

#### 4.2 Wapenbeheer om verhoudings te stabiliseer

Daar is in hierdie tydperk vele ooreenkomste aangegaan om verhoudings tussen state te stabiliseer.<sup>43</sup> 'n Voorbeeld hiervan was die 1930 Vloot Protokol wat tussen Turkye en Griekeland aangegaan is. Volgens dié Protokol het die twee state onderneem om mekaar

ses maande kennis te gee van enige beplande verbetering of vermeerdering van die oorlogsvermoë van hulle vloete sodat die regerings daaroor kon onderhandel ten einde 'n wapenwedloop te vermy.<sup>44</sup>

'n Meer substantiewe vlootooreenkoms is tussen die groot vlootmagte aangegaan. Die Washington Vlootverdrag van 1922 tussen die VSA, Brittanje, Frankryk, Japan en Italië het 'n verhouding tussen die grootte van die vloete van hierdie state geskep. Groot versigtigheid is aan die dag gelê aangaande die grootte en tipe skepe, die tipe en grootte van hulle wapentuig, en ten opsigte van 'n skedule vir die vervanging van die skepe.<sup>45</sup> Finland en Rusland het in 1921 'n ooreenkoms aangegaan om stabiliteit tussen hulle te versterk ten einde die moontlikheid van oorlog in 'n tyd van krisis te verminder.<sup>46</sup> Die Konvensie van 1921 ten opsigte van die nie-fortifisering van die Åland eilande deur die Sowjet-Unie, het krisisstabiliteit in die gebied tussen die Sowjet-Unie en Finland versterk.<sup>47</sup> Die Kellogg Briand Verdrag wat in 1928 tussen die VSA, Groot Brittanje en agt ander state gesluit is, het oorlog as 'n instrument van nasionale beleid verwerp. Artikel I van dié Verdrag lui soos volg: "The High Contracting Parties solemnly declare in the names of their respective peoples that they condemn recourse to war for the solution of international controversies, and renounce it as an instrument of national policy in their relations with one another".<sup>48</sup>

#### 4.3 Wapenbeheer deur gedragsnorme te bepaal

Vele pogings is gedurende die tussen-oorlogtydperk aangewend om die reëls van oorlog te ontwikkel en 'n universele wêreldorde te skep. Hierdie pogings het gefokus op die beperking van sekere tipes wapens, die identifisering van onwettige teikens en die plasing van beperkings op die aanvaarbare geografiese gebied vir oorlogvoering.<sup>49</sup> Ten opsigte van die eerste kategorie is waarskynlik die mees bekende ooreenkoms die Geneefse Protokol, ook die "Gasprotokol" genoem, van 1925. Volgens hierdie Protokol het state ooreengekom dat "the use in war of asphyxiating, poisonous or other gases, and of all analogous liquids, materials or devices, has been justly condemned by the general opinion of the civilized world;... the High Contracting Parties so far as they are not already Parties to Treaties prohibiting such use, accept this prohibition, agree to extend this prohibition to the use of bacteriological methods of warfare and agree to be bound as between themselves according to the terms of this declaration".<sup>50</sup>

In 1922 is 'n verdrag ten opsigte van die reëls vir die aanwending van duikbote en skadelike gasse in oorlogvoering gesluit. Die aanhef tot hierdie verdrag lui soos volg: "The United States of America, the British Empire, France, Italy and Japan, hereinafter referred to

as the Signatory Powers, desiring to make more effective the rules adopted by civilized nations for the protection of the lives of neutrals and noncombatants at sea in time of war, and to prevent the use in war of noxious gases and chemicals, have determined to conclude a Treaty to this effect,..."<sup>51</sup> 'n Voorbeeld van beperkings op aanvaarbare geweld wat in oorlogvoering toegepas mag word is die Rooi Kruis Konvensie van 1929 wat reëls neergelê het vir die menslike behandeling van siekes en gewondes van oorlogsmagte op die slagveld.<sup>52</sup> Die Geneefse Konvensie van 1929 het die reëls neergelê vir die behandeling van oorlogsgevangenes. Artikel II van die Konvensie lui onder andere soos volg: "They must at all times be humanely treated and protected, particularly against acts of violence, insults and public curiosity."<sup>53</sup> Ten opsigte van die derde kategorie is die Verdrag van Lausanne van 1923, wat bepaal het dat die Strate van die Dardanelles, die See van Marmora en die Bosphorus gedemilitariseer moet word, 'n voorbeeld.<sup>54</sup>

Gedurende hierdie tydperk is verdrae, in vergelyking met vorige verdrae en ooreenkomste, reeds in groter detail saamgestel. Die Verdrag van Versailles en die Washington Vlootverdrag is voorbeeld hiervan. Toenemende kommer oor die verifikasie van verdrae het ook hier reeds ontstaan.<sup>55</sup>

#### 4.4 Wapenbeheer deur die proliferasie van wapens te bestuur

Groeiente kommer het gedurende die tussen-oorlogtydperk oor die proliferasie van wapens ontstaan. Reeds in 1179 het die Third Lateran Council gedeeltelik op die proliferasie probleem van die Middeleeuse Christelike Europa gefokus. Mense is swaar gestraf indien dit bevind sou word dat hulle hout, wapens en yster aan die "Saracens" voorsien het, wat dit kon gebruik om oorlogstuig te vervaardig en dit dan teen die Christene gebruik.<sup>56</sup> In September 1919, na die Eerste Wêreldoorlog, het 23 state die Convention for the Control of the Trade in Arms and Ammunition onderteken. Die Konvensie het onder ander die uitvoer van die volgende verbied: "(A)rtillery of all kinds, apparatus for the discharge of all kinds of projectiles explosive or gas-diffusing, flame-throwers, bombs, grenades, machine-guns and rifled small-bore breech-loading weapons of all kinds, as well as the exportation of the ammunition for use with such arms. The prohibition of exportation shall apply to all such arms and ammunition, whether complete or in parts".<sup>57</sup>

'n Voorbeeld van wapenbeheer wat ten doel gehad het om geweld en die gevaar van oorlog en die eskalasie daarvan in 'n spesifieke staat of streek te beperk, was die Restraining Sales of Armaments in China ooreenkoms van 1919.<sup>58</sup> 'n Verdere voorbeeld van pogings om proliferasie van wapens te beperk is die Convention for the Supervision of the International Trade in Arms and Ammunition and Implements of War, van 17 Junie 1925,<sup>59</sup>

en die Convention for the Control of the Trade in Arms and Ammunition van 1919.<sup>60</sup>

Die Sowjet-Unie het gedurende die tussen-oorlogtydperk, en veral sedert 1922 wêreldwye ontwapening sterk in sy buitelandse beleid beklemtoon, waarskynlik in hoofsaak omdat die Sowjet-Unie militêr swak was gedurende hierdie tydperk en ook omdat sy leiers bedreigd gevoel het deur die kapitalistiese state. Die Sowjet-Unie se voorstelle vir so 'n Konvensie het egter nie byval gevind by die oorgrote meerderheid van Westerse state nie.<sup>61</sup>

#### 4.5 Wapenbeheer deur middel van internasionale organisasie

Wapenbeheer deur middel van internasionale organisasie is vir die eerste keer onder artikel 8 van die Handves van die Volkebond geïnstitutionaliseer. Die Artikel het naamlik bepaal dat:<sup>62</sup> "The Council, taking account of the geographical situation and circumstances of each State, shall formulate plans for such [arms] reduction for the consideration and action of the several Governments. Such plans shall be subject to reconsideration at least every ten years. After these plans shall have been adopted by the several Governments, the limits of armaments therein fixed shall not be exceeded without the concurrence of the Council."

Die Volkebond het in 1919 na die Eerste Wêreldoorlog tot stand gekom. Dit het aanvanklik uit vier permanente lidstate naamlik Frankryk, Brittanje, Italië en Japan, en vier nie-permanente lidstate bestaan. In 1939, die jaar waarin die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek het, het dit egter uit net twee permanente lidstate, naamlik Frankryk en Brittanje, en elf nie-permanente lidstate bestaan.<sup>63</sup> Die Volkebond het gedurende sy bestaan verskeie bydraes tot wapenbeheer en ontwapening gelewer. Die Handves van die Volkebond is as deel 1 in die Verdrag van Versailles van 1919 ingesluit. Die Handves het onder andere (artikel 8) vereis dat wapens verminder moes word " to the lowest point consistent with national safety and the enforcement by common action of international obligations".<sup>64</sup> Lidstate van die Volkebond het onderneem om inligting aangaande die omvang van hulle wapenarsenale, hulle weermag, vloot lugmagprogramme en die besonderhede van nywerhede wat aangepas kon word vir militêre doeleindes, aan mekaar bekend te maak.<sup>65</sup>

Die Raad van die Volkebond moes planne formuleer vir wapenverminderings wat deur state se regerings oorweeg en in werking gestel moes word. Die geografiese situasie en die binnelandse omstandighede van elke staat moes in ag geneem word. Wapenopbou het opgehou om 'n saak van nasionale belang alleen te wees. 'n Permanente Adviesraad is in die lewe geroep om die Volkebond op hoogte te hou van die vordering met ontwapening. Die Adviesraad het bestaan uit militêre-, vloot- en lugmagverteenvoordigers van elk van die lidstate. 'n Tydelike kommissie is ook aangestel om die politieke, maatskaplike en

ekonomiese implikasies van ontwapening te bepaal. In 1925 het 'n voorbereidende kommissie bestaande uit lede en nie-lede met werksaamhede in verband met die Wêreld Ontwapeningskonferensie, wat in 1932 gehou is, begin. Hierdie kommissie is in 1930 na ses sittings, en die indiening van 'n proefkonvensie oor die vermindering en beperking van wapens, ontbind.<sup>66</sup>

Die Volkebond het twee jaarboeke in 1924 begin publiseer. Die Armaments Yearbook het inligting oor die sterkte en die tipe toerusting van state se gewapende magte sowel as inligting oor paramilitêre en polisiemagte bevat. 'n Aanduiding van die omvang en tendense van militêre uitgawes is ook gegee. 'n Ander publikasie, Statistical Yearbook het inligting bevat aangaande die internasionale oorplasing van wapens en ammunisie en die geldwaarde van in- en uitvoere. Alhoewel nie volledig nie, het hierdie publikasies 'n bydrae gelewer tot die Volkebond se aktiwiteite wat die beheer oor internasionale handel in, en vervaardiging van wapens, ten doel gehad het. Dit het ook die problematiek van wapens onder die openbare aandag gebring.<sup>67</sup>

Die Volkebond was die eerste internasionale liggaam aan wie die algemene toesig oor die handel in wapens en ammunisie en die voorkoming van die private vervaardiging van ammunisie en wapens toevertrou is. Die Geneefse Konvensie aangaande die toesig oor die internasionale handel in wapens en ammunisie is in 1925 onderteken maar nooit geratificeer nie. Dit is dus nooit in werking gestel nie. Van die dokumente wat saam met die Konvensie onderteken is, het net die Protocol for the Prohibition of the Use of Asphyxiating, Poisonous or Other Gases and Bacteriological Methods of Warfare, in werking getree en van krag gebly.<sup>68</sup>

Die 1932 Wêreld Ontwapeningskonferensie was die eerste konferensie wat gehou is om die algemene vermindering en beperking van alle tipes wapens te bespreek. Die konferensie het onder die beskerming van die Volkebond in Genève plaasgevind, en is deur verteenwoordigers van sestig state bygewoon. Deelnemende regerings is gevra om hulle vir 'n jaar lank te weerhou van enige maatreëls om wapens te vermeerder. Die tydperk is later met 'n paar maande verleng. In 1936 het die Volkebond besluit om die Konferensie af te skaf. Baie kan uit die werksaamhede van die Konferensie ten opsigte van die politieke, tegniese, ekonomiese, wetlike en morele aspekte van ontwapening geleer word, en dit is ook 'n voorbeeld van die toepassing van wapenbeheer deur 'n internasionale organisasie.<sup>69</sup>

In ooreenstemming met die benaderings tot wapenbeheer, soos in hoofstuk 1 uiteengesit, is al die genoemde benaderings gedurende die tussen-oorlogtydperk in 'n mindere of meerdere mate toegepas. Na die Eerste Wêreldoorlog was verdrae soos aan die einde van konflikte toegepas aan die orde van die dag en is daar 'n aantal ongelyke verdrae gesluit om veral vir Duitsland te dwing om te ontwapen. Daar is ook 'n aantal verdrae gesluit

om strategiese en verhoudingstabiliteit te bewerkstellig. Die pogings om verhoudings te stabiliseer kan as vertroueversterkende maatreëls beskou word. Deur die Kellogg-Briand Verdrag is verhoudinge versterk deurdat die betrokke partye oorlog as 'n instrument van nasionale beleid verwerp het.

Wapenbeheer om gedragsnorme te bepaal het ook sterk gefigureer in die tussenoorlog-tydperk. Die 1925 Geneefse Protokol is 'n baie goeie voorbeeld hiervan. Gedurende hierdie tydperk is verdrae ook inhoudelik in groter detail as voorheen saamgestel om dubbelsinnighede en skuiwergate te probeer uitskakel. Groeiende kommer oor die verifikasie van verdrae sowel as oor die proliferasie van wapens, wat ten tye hoofsaaklik konvensioneel van aard was, het ook reeds gedurende hierdie tydperk ontstaan. Verdrae om die proliferasie van wapens te beheer is dan ook aangegaan en daar was toe reeds oproepe om wêreldwye ontwapening.

Wapenbeheer deur middel van internasionale organisasie het vir die eerste keer beslag gekry in 1919 deurdat die Handves van die Volkebond as deel 1 in die Verdrag van Versailles ingesluit is. Die Wêreld Ontwapeningskonferensie van 1932 is 'n verdere voorbeeld in dié verband.

## 5. Wapenbeheer gedurende die Koue Oorlog

Nadat die VSA in 1945 twee atoombomme op onderskeidelik Hiroshima en Nagasaki in Japan neergelaat het, het daar 'n nuwe era in wapenbeheer in die wêreld begin. Die vrees vir oorlog is daarna onlosmaaklik geassosieer met wapens van grootskaalse vernietiging en dit het ook die begin van die Koue Oorlog tussen 1946 en 1948 beteken.

Weens die vrees vir 'n kernkatastrofe is wapenbeheer en ontwapening vanaf 1945 rondom kernafskrikking gestruktureer, en moes dit op 'n deurlopende basis aandag kry van die beleidmakers ten einde stabiliteit in die verhouding tussen die supermoondhede te verseker.<sup>70</sup> Vir die doel van hierdie studie word die Koue Oorlogtydperk in die volgende periodes ingedeel: fokus op kernontwapening vanaf 1945 tot 1962; wapenbeheer vanaf 1963 tot 1979; die periode na die mislukking van die SALT II ooreenkoms tot 1984; en wapenbeheer in die Gorbatsjof-era, 1985-1991.

### 5.1 Kernontwapening vanaf 1945 tot 1962

Internasionale pogings om wapens op 'n wêreldwye skaal te beheer is deur die Tweede Wêreldoorlog onderbreek, maar is in 1945 binne die raamwerk van die Verenigde Nasies (VN) hervat.



### 5.1.1 Die stigting van die VN

Die stigting van die VN in 1945 was 'n voortsetting van wapenbeheer deur middel van internasionale organisasie. Anders as die Volkebond wat ontwapening as baie belangrik beskou het, maak die VN Handves min melding van ontwapening. Beginsels oor "governing disarmament and the regulation of armaments" is ingesluit in die algemene beginsels vir internasionale vrede en veiligheid wat deur die VN se Algemene Vergadering oorweeg moes word. Die VN se Veiligheidsraad moes planne formuleer vir die totstandkoming van 'n stelsel vir die regulering van wapens, tot die mate dat daar minimale aanwending van die wêreld se menslike en ekonomiese hulpbronne sou wees vir die vervaardiging van wapens. Een rede vir die verskil in klem wat gelê is, was dat die Handves van die Volkebond geskryf is in 'n tyd toe vele geglo het dat die Eerste Wêreldoorlog veroorsaak is deur die wapenwedloop wat die oorlog voorafgegaan het. Daarteenoor is daar 'n paar dekades later geglo dat die Tweede Wêreldoorlog verhoed kon gewees het indien die groot moondhede genoegsame militêre potensiaal, sowel as die gereedheid om dit te gebruik, gehandhaaf het.<sup>71</sup>

Anders as die Volkebond se handves is die VN se handves opgestel in 'n tyd toe oorlog aan die orde van die dag was, en toe 'n stelsel van ontwapening geheel onvanpas en tydsgewys misrekend sou wees. Verder is die stelsel van vredehandhawing en afdwingingsmaatreëls in die VN Handves gegrond op die bestaan van nasionale gewapende magte, wat aan die Veiligheidsraad beskikbaar gestel moet word indien internasionale vrede en veiligheid herstel moet word, maar wat ook gebruik mag word vir selfverdediging indien 'n staat aangeval sou word. Dit beteken dat die term "ontwapening" in die Handves van die VN nie die algehele afwesigheid van wapens beteken nie.<sup>72</sup>

### 5.1.2 Die VN se vroeëre pogings tot ontwapening

Die gebruik van atoombomme in die Tweede Wêreldoorlog net na die Handves van die VN onderteken is, en vrees dat dié wapens van grootskaalse vernietiging weer gebruik kon word, het aanleiding daartoe gegee dat die VN kort na die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog by wapenbeheer en ontwapening betrokke geraak het. Die eerste VN Algemene Vergadering se Resolusie 1(I) van 24 Januarie 1946<sup>73</sup> het bepaal dat 'n kommissie aangestel moes word om die probleem van atoomenergie en atoomwapens aan te spreek. Hierdie resolusie het vir die gebruik van kernkrag uitsluitlik vir vredesdoeleindes versoek. In Desember 1946 het die VN 'n gebalanseerde vermindering van nasionale gewapende magte aanbeveel. Sedertdien het ontwapening 'n belangrike item op die VN

agenda geword.<sup>74</sup>

In 1959 het die VN vér verby die oorspronklike bepalings van die Handves en met 'n indrukwekkende uitbreidung van sy mandaat Resolusie 1378/XIV wat "general and complete disarmament" bepleit het, aanvaar.<sup>75</sup> In 1961 het die VN die beginsels vir onderhandeling vir universele ontwapening goedgekeur, want ontwapening is toe beskou as die grootste enkele probleem wat die wêreld in die gesig gestaar het.<sup>76</sup>

Die VN Resolusie 1665(XVI)<sup>77</sup> van 1961 wat 'n internasionale ooreenkoms wat die oorplasing of verkryging van kernwapens deur enige staat verbied, versoek het, het die basis vir die Kernsperverdrag van 1968 gevorm.<sup>78</sup>

### 5.1.3 Die Baruch Plan

Gedurende die periode onder bespreking, vanaf die begin van die Koue Oorlog tot aan die begin van die sestigerjare, het die politieke debat hoofsaaklik oor idees van algemene en algehele ontwapening, veral met betrekking tot kernwapens, gehandel.<sup>79</sup> In November 1946, vyftien maande na die atoombomaanval op Japan, het die VSA die Baruch Plan, so genoem na een van die skrywers daarvan, saamgestel. Volgens dié plan het die VSA homself bereid verklaar om sy kernwapens tot niet te maak en sy kerntegnologiese inligting vir vrede same aanwending aan ander state in die wêreld beskikbaar te stel. Beskikking oor die wapens en die vredestydse aanwending van die tegnologie moes onder toesig van 'n internasional saamgestelde liggaam, die "International Atomic Development Authority", plaasvind. Op 31 Desember 1946 het die VN die plan goedgekeur, maar dit is deur die Sowjet-Unie verwerp omdat hulle gevrees het dit sou Sowjet navorsing verhoed, wat die VSA 'n permanente voorsprong oor die Sowjet-Unie ten opsigte van kerntegnologie en kernwapens sou gee; met ander woorde hulle het die VSA nie vertrou nie. Die Sowjet-Unie het voortgegaan met kernnavorsing, in 1949 sy eerste atoombom laat ontploff en in 1954 'n waterstofbomtoets suksesvol uitgevoer. Hierna het die VSA die hele idee, wat moontlik die laaste geleentheid was om 'n totale verbod op kernwapens te verkry, laat vaar. Gedurende die vyftigerjare het die supermoondhede voortgegaan om van tyd tot tyd vir so 'n verbod te vra en selfs vir 'n totale verbod op alle wapens van enige grootte, maar hierdie oproepe was eerder om propagandistiese redes as enigets anders gedoen.<sup>80</sup>

### 5.1.4 Die Internasionale Atoom Energie Agentskap (IAEA)

Die totstandkoming van die Internasionale Atoom Energie Agentskap (IAEA) in 1956 is nog 'n voorbeeld van wapenbeheer deur internasionale organisasie. Voortspruitend uit die President van die VSA, Dwight Eisenhower, se " atoms for peace " toespraak in Desember 1953, het die IAEA tot stand gekom. Die doelstellings van die agentskap word soos volg in artikel II van die Statuut aangedui: " The Agency shall seek to accelerate and enlarge the contribution of atomic energy to peace, health and prosperity throughout the world. It shall ensure, so far as it is able, that assistance provided by it or at its request or under its supervision or control is not used in such a way as to further any military purpose".<sup>81</sup> Verder is dit onder ander die IAEA se verantwoordelikheid om te verseker dat nie-kernwapenstate nie die bepalings van die Kernsperverdrag oortree en met kernwapenprogramme begin, om daardeur kernwapenstatus te bekom, en 'n kernproliferasie kettingreaksie te ontketen nie. Die maatreëls van die IAEA is globaal van toepassing en lewer 'n belangrike bydrae tot kernwapenbeheer.<sup>82</sup> Die aantal lidstate van hierdie agentskap was 132 teen Junie 2000.<sup>83</sup>

### 5.1.5 Verdere pogings deur die VN tot ontwapening

In 1959 het die Sowjet-Unie met die volgende ambisieuse voorstel na die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies gekom: " (O)ver a period of four years, all States should carry out complete disarmament... land armies, naval fleets and air forces will cease to exist,... All atomic and hydrogen bombs at the disposal of States will be destroyed, and all further production of such bombs will cease".<sup>84</sup> In Resolusie 1653 van die VN wat in 1961 aangaande kernwapens aanvaar is, spreek die Algemene Vergadering hulle kommer uit dat onderhandelinge oor ontwapening tot op daardie stadium nie bevredigende resultate gelewer het nie en dat die wapenwedloop, veral ten opsigte van kernwapens, 'n gevaelike stadium bereik het en dat alles moontlik gedoen moet word om die wêreld teen 'n kernkatastrofe te beskerm. Die Algemene Vergadering wys verder op die volgende: "Recalling that the use of weapons of mass destruction, causing unnecessary human suffering, was in the past prohibited, as being contrary to the laws of humanity and to the principles of international law, by international declarations and binding agreements, such as the Declaration of St. Petersburg of 1868, the Declaration of the Brussels Conference of 1874, the Conventions of the Hague Peace Conferences of 1899 and 1907, and the Geneva Protocol of 1925, to which the majority of nations are still parties...".<sup>85</sup>

In bogenoemde resolusie word verklaar dat die gebruik van kernwapens teen die letter en gees van die Handves van die VN is, en regerings van lidstate word versoek om 'n



konferensie te reël met die doel om 'n konvensie wat 'n verbod op die gebruik van kernwapens in oorlogvoering sal plaas, te onderteken.<sup>86</sup>

Op 20 September 1961 het die VSA en die Sowjet-Unie aan die Algemene Vergadering van die VN gerapporteer oor hulle sogenaamde "Statement of Agreed Principles" om algemene en algehele ontwapening te bewerkstellig. Hulle het op 13 Desember 1961 verdere verklarings gemaak aan 'n Komitee van Agtien Nasies wat gestig is om die saak aan te spreek. Selfs 'n resolusie van die VN aan die Komitee om teen 1 Junie 1962 terug te rapporteer oor vordering, en konsepverdrae wat deur die VSA en die Sowjet-Unie aan die Agtien Nasie Komitee gedurende 1962 voorgelê is, het steeds nie 'n finale ooreenkoms tot gevolg gehad nie.<sup>87</sup>

### **5.1.6 Wapenbeheer as reaksie op die mislukking van kernontwapening**

Dit was die ontevredenheid met sulke onrealistiese voorstelle soos dié wat die Sowjet-Unie in 1959 oor algemene en algehele ontwapening gemaak het en die frustrasie wat veroorsaak is deur geen effektiewe vordering met onderhandelinge in die verband nie, wat geleid het tot die ontstaan van wapenbeheer, in die laat vyftiger- en die vroeë sestigerjare, as 'n meer gepaste benadering in die kern-era. King het dit soos volg gestel: "(T)otal disarmament is a tragic illusion, if not a deliberate fraud. No conceivable inspection system could prevent the 'internal security' forces envisaged by every such proposal from being a threat to neighbouring countries, nor commercial aircraft from being converted to military purposes. And nuclear weapons cannot be effectively abolished".<sup>88</sup>

Vir die doel van hierdie studie is die Geneefse Konvensies van 1949 en die Suidpool Verdrag van 1959 wat ook gedurende die tydperk, 1945 tot 1962 gesluit is, van belang. Die vier Geneefse Konvensies wat internasionale humanitaire gedragsnorme bepaal, is in 1949 by 'n konferensie wat in Genève, Switzerland gehou is gesluit. Die gedragsnorme handel oor die volgende aspekte: versorging en behandeling van gewondes en siekes op die slagveld gedurende 'n oorlog; versorging van gewondes, siekes en skipbreukelinge van gewapende magte ter see; behandeling van oorlogsgevangenes; en die beskerming van burgerlikes in tyd van oorlog.<sup>89</sup>

Die Suidpool Verdrag van 1959 is 'n voorbeeld van 'n verdrag wat gesluit is om strategiese stabiliteit te bevorder en om vertroue tussen state te versterk. Dit was die eerste verdrag van hierdie aard wat na die Tweede Wêreldoorlog gesluit is. Deur die Verdrag is daar 'n verbod op enige militêre aktiwiteit, van watter aard ook al, sowel as die toets van enige tipe wapen, in die Suidpoolgebied geplaas. Dit is onder andere verder bepaal dat die gebied uitsluitlik vir vrede same doeleindes gebruik mag word.<sup>90</sup>

## 5.2 Wapenbeheer vanaf 1963 tot 1979.

Die wapenbeheerbenadering, soos dit na die Tweede Wêreldoorlog toegepas is het om twee aannames gewentel: dat kernstate 'n opregte begeerte gehad het om 'n kernoorlog te vermy uit vrees vir die gevolge daarvan, en tweedens dat wapenbeheer gebruik moes word om die insentiewe om 'n eerste aanval te loods te verminder, en daardeur wapenwedloopstabiliteit te verhoog; en strategiese stabiliteit te verhoog deur 'n situasie van wedersydse versekerde vernietiging te skep.<sup>91</sup>

### 5.2.1 Vrees vir kernproliferasie

Kommer in die sestigerjare oor internasionale veiligheid was nie net gesetel in die stabiliteit van die kernwapenverhouding tussen die supermoondhede nie maar ook in die vrees vir kernproliferasie. Dit was die basis vir die tweede periode wat vanaf die vroeë sestigerjare tot die laat sewentigerjare gestrek het. Sedert die middel en laat sestigerjare was daar reeds sterk internasionale pogings om wêreldwyd beheer oor die proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging uit te oefen.<sup>92</sup>

Die Kernsperverdrag van 1968 was verteenwoordigend van die sukses wat met kernwapenbeheer behaal is. 'n Relatief stabiele wapensituasie wat teen die middel sestigerjare tussen die VSA en die Sowjet-Unie bestaan het is egter deur twee belangrike verwikkelinge bedreig. Een was die eskalasie van wapens in die vorm van Anti-Ballistiese Missiele (ABM's) en "Multiple Independently targetable Reentry Vehicles" (MIRV's). Die ander was die verspreiding van kernwapens na ander state. Frankryk en die Volksrepubliek van Sjina het reeds kernwapens gehad; Wes-Duitsland, Japan en Kanada kon dit bekom indien hulle bereid sou wees om die belegging te maak. 'n Aantal ander state sou binnekort ook in besit van kernwapens kon wees. Die gevaar van 'n kernoorlog was besig om toe te neem. Daar was dus 'n sterk gevoel ten gunste van 'n ooreenkoms wat addisionele state kon verbied om kernwapens te ontwikkel en kernmoondhede kon verbied om sulke wapens aan ander state beskikbaar te stel. Na onderhandelinge wat vir drie jaar geduur het, het die VN se Algemene Vergadering die Kernsperverdrag op 12 Junie 1968 goedgekeur. Die Sjinese Volksrepubliek, Frankryk en onder andere, Suid-Afrika, het dit nie onderteken nie.<sup>93</sup>

Kommer het ten tye by die nie-kernwapenstate oor hulle veiligheid ontstaan indien hulle die Kernsperverdrag sou onderteken. Die Veiligheidsraad van die VN het dus op 19 Junie 1968 besluit dat die lede van die VN wat kernmoondhede is, onderneem om onmiddellik volgens hulle verbintenis tot die VN se Handves ter ondersteuning van 'n nie-

kernwapenstaat, wat die Kernsperverdrag onderteken het, op te tree indien daardie staat deur 'n staat wat wel oor kernwapens beskik bedreig sou word.<sup>94</sup>

### 5.2.2 Die Zanger Komitee en die Kernverskaffersgroep (KVG)

Kernproliferasie het toegeneem sedert die Kernsperverdrag in 1968 gesluit is. Hierdie situasie het ontstaan omdat dit makliker geword het vir state om kernwapens te vervaardig en omdat meeste nie-kern komponente van kernwapens in die internasionale handel beskikbaar is. Die behoefte aan nog strenger maatreëls het dus ontstaan. In 1971 is die multilaterale groep, die "Nuclear Exporters Committee", ook die Zanger Komitee (na die eerste voorsitter genoem), gestig. Die Komitee is 'n informele liggaam, wie se doelstellings nie deur internasionale reg afdwingbaar is nie, maar lidstate eerbiedig die doelstellings op 'n unilaterale wyse. Die doel van die Komitee is onder andere om die uitvoere van kernmateriaal, -toerusting en -tegnologie, volgens die Kernsperverdrag se bepalings te kontroleer. Inligting aangaande uitvoere na nie-kernwapenstate, wat nie deel het aan die Kernsperverdrag nie, word konfidensieel onder lede van die Komitee gesirkuleer.<sup>95</sup>

In 1977 het 'n groep kernverskaffers die sogenaamde "London Club", wat tans as die multilaterale Kernverskaffersgroep (KVG) bekend staan, gestig. Hulle het 'n lys van kernmateriaal, -toerusting en -tegnologie saamgestel, wat IAEA voorsorgmaatreëls sou insisseur, indien dit na nie-kernwapenstate vir vreedsame doeleindes uitgevoer sou word. Die London Guidelines for Nuclear Transfers, soos in 1977 deur die KVG ooreengekom en in 1993 hersien, vereis van ontvangers van items wat op genoemde lys verskyn, om voldoende effektiewe fisiese beskerming vir die items te verskaf en 'n onderneming om dit nie vir die vervaardiging van kernploffotoestelle te gebruik nie. Dit geld ook vir die plaaslik vervaardigde replikafasilitete. Heroorplasings is onderworpe aan dieselfde voorwaardes as oorspronklike oorplasings. In geval van 'n verbreking van reëls deur een staat besluit die ander state op gemeenskaplike strafmaatreëls.<sup>96</sup>

### 5.2.3 Beheer oor kerntoetse

Drie belangrike Koue Oorlogverdrae is gedurende die sestiger en sewentigerjare gesluit om kerntoetse te beheer, naamlik die Gedeeltelike Kerntoetsverbod (Partial Test Ban Treaty (PTBT)) van 1963 wat die belangrikste was; die Threshold Test Ban Treaty van 1974; en die Peaceful Nuclear Explosions Treaty van 1976. Die PTBT van 1963 is deur die VSA, die Verenigde Koninkryk en die Sowjet-Unie onderteken. Volgens artikel I bevat dit 'n verbintenis<sup>97</sup> "to prohibit, to prevent, and not to carry out any nuclear weapon test explosion,



- or any other nuclear explosion, at any place under its jurisdiction or control:
- (a) in the atmosphere; beyond its limits, including outer space; or underwater, including territorial waters or high seas; or
  - (b) in any other environment if such explosion causes radioactive debris to be present outside the territorial limits of the State under whose jurisdiction or control such explosion is conducted".

Die Threshold Test Ban Treaty van 1974 is deur die VSA en die Sowjet-Unie onderteken. Hiervolgens is ondergrondse kerntoetse met 'n plofkrug van meer as 150 kiloton verbied, en die twee state het ooreengekom om ondergrondse kerntoetse tot 'n minimum te beperk. Die Verdrag het eers in 1990 van krag geword.<sup>98</sup>

The Peaceful Nuclear Explosions Treaty is deur die VSA en die Sowjet-Unie in 1976 onderteken. Toetse vir vreedsame doeleindes was toegelaat met 'n perk van 150 kiloton per enkele ontploffing en 1500 kiloton vir groepontploffings. Hierdie Verdrag het ook eers in Desember 1990 van krag geword.<sup>99</sup>

#### 5.2.4 Die SALT I Ooreenkoms

Na aanleiding van die gevaar wat Anti-Ballistiese Missiele (ABM) vir wêrelvdvrede ingehou het, het die VSA en die Sowjet-Unie na twee en 'n half jaar se Strategic Arms Limitation Talks (SALT) onderhandelinge, die ABM Verdrag en die tussentydse ooreenkoms, naamlik die SALT I Ooreenkoms, om strategiese kernwapens te beperk, op 26 Mei 1972 onderteken. Die ABM Verdrag verbied landweie ontplooiing van ABM's in die twee state. Dit verbied ook ontplooiing van ABM's vir die verdediging van 'n spesifieke streek, met die uitsondering van die hoofstad en een ICBM gebied in elk van die twee state. Verder het die Verdrag bepaal dat die getal ABM lanseerders sowel as die ABM onderskep-missiele tot 100 beperk sou word by elke perseel.<sup>100</sup> Die ABM Verdrag het nietemin verseker dat wedersydse versekerde vernietiging 'n realiteit bly.<sup>101</sup>

Die SALT I Ooreenkoms wat terselfdetyd as die ABM Verdrag onderteken is, het voorsiening gemaak vir 'n vyf jaar moratorium op die ontplooiing van strategiese offensiewe missielanseerders. Die doel van die Ooreenkoms was om eenvoudig ICBM ontplooiings op heersende vlakke te bevries, aangesien dit in die vooruitsig gestel is dat die onderhandelingsproses om 'n omvattende ooreenkoms vir die beperking van strategiese kernwapens te bereik, baie tyd in beslag sou neem. 'n Belangrike tekortkoming in die ooreenkoms was egter dat die aantal MIRV's onbeperk gelaat is. Soos in die geval van die ABM Verdrag, moes verifikasie deur middel van nasionale tegniese metodes geskied.<sup>102</sup>



### 5.2.5 Die SALT II Verdrag

Die SALT II Verdrag van 1979 tussen die VSA en die Sowjet-Unie het omvattende beperkings wat op 1 Januarie 1981 'n aanvang moes neem, op offensiewe interkontinentale kernwapens geplaas. Sommige van hierdie wapens moes tot op sekere vlakke verminder word. Beperkings was egter van so 'n aard dat sommige wapens binne die perke van die Verdrag vermeerder kon word. Kernwapens van die twee supermoondhede het dan ook gedurende hierdie tydsgewrig vermeerder. Die Verdrag was veronderstel om van krag te bly tot 31 Desember 1985. 'n Verbetering op die SALT I Ooreenkoms was dat die SALT II Verdrag voorsiening gemaak het vir kwantitatiewe pariteit van die hoeveelhede wapens wat betrokke was.

Die SALT II Verdrag het egter nooit in werking getree nie. Die gespanne internasionale situasie wat ten tye veroorsaak is deur die besetting van die VSA ambassade in Tehran deur Iranese ekstremiste, sowel as die teenwoordigheid van 'n Sowjet troepe brigade in Kuba en die Sowjet gewapende inval in Afghanistan in Desember 1979, het verhoudinge tussen die supermoondhede vertroebel en ratifikasie van die Verdrag verydel.

Teenstanders van die Verdrag in die VSA het ook aangevoer dat die Verdrag nie die swaar IKBMs wat reeds in die Sowjet-Unie ontplooい was ingesluit het nie; dat die Sowjet-Unie se "Backfire Bombers", wat beskou is as dat dit interkontinentale strategiese vermoëns sou hê, nie in die numeriese beperkings van die Verdrag ingesluit was nie; en dat die Verdrag nie doeltreffend genoeg geverifieer kon word nie. Alhoewel die Verdrag ongeratificeer gebly het, het die twee moondhede tog die belangrikste beperkings van die Verdrag vir 'n aantal jare nagekom. In 1986 is die Verdrag final afgeskryf.<sup>103</sup>

### 5.2.6 Verbod op biologiese wapens

In 1969 is die verslag, "Chemical and Bacteriological (Biological) Weapons and the Effects of Their Possible Use", van die Sekretaris-Generaal van die VN deur die Algemene Vergadering ondersteun. Resolusie 2603(XXIV) wat die verslag ondersteun het, het soos volg gelui: "(T)he prospects for general and complete disarmament under effective international control and hence for peace throughout the world would brighten significantly if the development, production and stockpiling of chemical and bacteriological (biological) agents intended for purposes of war were to end and if they were eliminated from all military arsenals".<sup>104</sup>

Kort daarna het verskeie Westerse state 'n verdrag, wat 'n verbod op biologiese

wapens sou plaas, voorgestel. Hierdie voorstel is deur die Agtien Nasie Komitee aangaande ontwapening, sowel as die Komitee se opvolgende instelling, die " Conference of the Committee on Disarmament " aanvaar en onderhandelinge het 'n aanvang geneem.<sup>105</sup> Die Biologiese Wapenkonvensie is in 1972 onderteken en het in 1975 van krag geword. Die essensie van die ooreenkoms, soos vervat in artikel I, lui soos volg:<sup>106</sup> "Each state party to this convention undertakes never in any circumstances to develop, produce, stockpile or otherwise acquire or retain:

- (1) Microbial or other biological agents or toxins whatever their origin or method of production, of types and in quantities that have no justification for prophylactic, protective or other peaceful purposes.
- (2) Weapons, equipment or means of delivery designed to use such agents or toxins for hostile purposes or in armed conflict.

'n Mandaat vir 'n verbod op chemiese wapens (artikel IX) is in die Biologiese Wapenkonvensie ingesluit:<sup>107</sup> "Each state party to this convention affirms the recognized objective of effective prohibition of chemical weapons and, to this end, undertakes to continue negotiations in good faith with a view to reaching early agreement on effective measures for the prohibition of their development, production and stockpiling and for their destruction, and on appropriate measures concerning equipment and means of delivery specifically designed for the production or use of chemical agents for weapons purposes".

'n Kenmerk van die periode wat van 1963 tot 1979 gestrek het is onder andere dat die benadering met wapenbeheer tot 'n groot mate norme vir gedrag bepaal het, en die norme vir gedrag verbread is deur die toevoeging van vertroueskeppende maatreëls. Hierdie twee aspekte word vervolgens bespreek.

### **5.2.7 Wapenbeheer om gedragsnorme te bepaal**

Wapenbeheer wat toegepas word om norme vir gedrag te bepaal kan in drie kategorieë verdeel word, naamlik: 'n verbod op sekere tipes wapens; die behandeling van nie-deelnemers tydens 'n militêre konflik; en 'n verbod op die gebruik van sekere tipes wapens of enige militêre aktiwiteit in 'n bepaalde gebied of streek.<sup>108</sup>

Ten opsigte van die tydperk onder bespreking is die Biologiese en Toksiese Wapenkonvensie (BTWK) van 1972 'n goeie voorbeeld van 'n verbod op sekere tipes wapens. Die aanhef van die Konvensie lui onder andere soos volg: " Determined, for the sake of all mankind, to exclude completely the possibility of bacteriological (biological) agents and toxins being used as weapons. Convinced that such use would be repugnant to the conscience of mankind and that no effort should be spared to minimise this risk".<sup>109</sup>



Hierdie is ook 'n voorbeeld van ontwapening.

Die tweede kategorie van wapenbeheer wat norme van gedrag bepaal het was verdere bepalings ten opsigte van die behandeling van nie-deelnemers tydens 'n militêre konflik. Aanvullend tot die Geneefse Konvensie van 1949 is die volgende voorbeeld van toepassing: Resolusie 2444<sup>110</sup> van die Algemene Vergadering van die VN van 1968 en Resolusie 2675 van 1970, handel oor die toepassing van basiese humanitaire beginsels en die beskerming van burgerlikes in alle konflikte.<sup>111</sup>

Die derde kategorie handel oor die verbod op die gebruik van sekere tipes wapens of op enige militêre aktiwiteit in sekere geografiese en ander gebiede. Volgens artikel IV van die Buitenze Ruimte Verdrag van 1967 het state ooreengekom "not to place in orbit around the Earth any objects carrying nuclear weapons or any other kinds of weapons of mass destruction, install such weapons on celestial bodies, or station such weapons in outer space in any other manner"<sup>112</sup>

Ooreenkostig die Seebodemverdrag van 1971 het state saamgestem om geen kernwapens of enige ander wapens van grootskaalse vernietiging, of strukture, lanseerinstallasies of enige ander fasilitete vir die berging, toetsing of gebruik van sulke wapens op of in die seebodem buite hulle seegrense te plaas nie.<sup>113</sup>

Die Verdrag van Tlatelolco van 1967 was die eerste verdrag wat 'n verbod geplaas het op kernwapens in 'n bewoonde gebied. Hierdie Verdrag het kernwapens in die Latyns-Amerikaanse gebied verbied<sup>114</sup>

Wapenbeheer het die norme van gedrag gedurende hierdie tydperk ook verbreed deur die toevoeging van vertroue- en veiligheidsversterkende maatreëls (Confidence and Security Building Measures, hierna CSBM's genoem).

### 5.2.8 Vertroue- en veiligheidsversterkende maatreëls (CSBM's)

CSBM's kan in drie groepe verdeel word, naamlik: om inligting te verskaf; om reëls vir optrede te bepaal; en om direkte kommunikasiemetodes te skep.<sup>115</sup>

'n Ooreenkoms wat aan die eerste groep, hierbo genoem, naamlik om inligting te verskaf, behoort, is die Agreements Between the United States and the Soviet Union on the Prevention of Incidents On and Over the High Seas van 1972. Die ooreenkoms bepaal onder andere dat partye drie tot vyf dae kennis moet gee van optrede wat 'n gevaaar sou inhoud vir navigasie of vir vliegtuie in vlug. Dit word ook bepaal dat: "The Parties shall exchange appropriate information concerning instances of collision, incidents which result in damage, or other incidents at sea between ships and aircraft of the Parties".<sup>116</sup>

Nog 'n voorbeeld wat in hierdie kategorie val is die Document on confidence-building



measures and certain aspects of security and disarmament, included in the Final Act of the Conference on Security and Co-operation in Europe (Helsinki CBM Document), van 1975. Die Final Act is deur 35 state, wat die VSA, Sowjet-Unie, die Verenigde Koninkryk, Frankryk en Duitsland ingesluit het, onderteken. Die doel van die ooreenkoms was om spanninge wat tussen state mag bestaan op te klaar, en daardeur by te dra tot die versterking van vrede en veiligheid in die wêreld, sowel as om die vertroue tussen hulle te versterk en daardeur by te dra tot verhoogde stabiliteit en veiligheid in Europa. Sake soos vroeë kennisgewing aan ander state van enige beplande militêre maneuvres, uitruil van waarnemers om sulke maneuvres by te woon, en vroeë kennisgewing aan ander state van enige groot militêre bewegings, is in die Ooreenkoms ingesluit.<sup>117</sup>

CSBM's wat gedragsreëls bepaal sluit verdrae in wat gedurende die hele tydperk vanaf die vroeë sestiger tot die laat sewentigerjare gesluit is. Die Agreement between the USA and the USSR on the prevention of nuclear war, van 1973; die Agreement between France and the USSR on the prevention of the accidental or unauthorized use of nuclear weapons van 1976; en die Agreement between the UK and the USSR on the prevention of accidental nuclear war van 1977, was verklarings dat beide state in elke geval daarna sal streef om 'n kernoorlog tussen hulle of tussen enigeen van hulle en 'n ander party of partye te vermy. Met eersgenoemde ooreenkoms onderneem die partye dat hulle situasies wat 'n gevaar vir hulle verhouding inhou en moontlik tot 'n militêre konfrontasie kan lei sal vermy. Indien verslegtende verhoudinge die risiko van 'n kernkonflik sou insluit sal die partye onmiddellik dringend met mekaar konsulteer om die krisis sonder versuim op te los en 'n kernkonflik te vermy.<sup>118</sup>

Met laasgenoemde twee ooreenkomste onderneem die partye om mekaar in te lig oor enige onvoorsiene of onverklaarbare incident wat kan lei tot 'n ontploffing van een van hulle kernwapens en sodoeende enige misverstand dadelik uit die weg te ruim. Vir dié doel sal hulle van hulle direkte kommunikasieverbindings gebruik maak.<sup>119</sup>

In 1971 het die VSA en die Sowjet-Unie 'n Agreement on Measures to Reduce the Risk of Outbreak Of Nuclear War onderteken. Artikel 2 van hierdie ooreenkoms lui soos volg: "The Parties undertake to notify each other immediately in the event of an accidental, unauthorized or any other unexplained incident involving the possible detonation of a nuclear weapon which could create a risk of outbreak of nuclear war".<sup>120</sup>

Die derde kategorie CSBM wat gedurende die Koue Oorlog ontwikkel is het betrekking op die skepping van direkte metodes van kommunikasie tussen state. Hierdie ooreenkomste het in hoofsaak verwys na die sogenaamde "hotline" kommunikasieverbindings tussen state. Die eerste ooreenkoms van hierdie aard was die United States-Soviet Union Memorandum of Understanding Regarding the Establishment of a Direct Communication



Link, onderteken in 1963.<sup>121</sup> 'n Soortgelyke ooreenkoms tussen Frankryk en die Sowjet-Unie is in 1966<sup>122</sup> onderteken en een tussen die Verenigde Koninkryk en die Sowjet-Unie in 1967.<sup>123</sup>

Dit is dus uit die voorgaande duidelik dat CSBM's gedurende hierdie periode, wat gestrek het vanaf die vroeë sestiger tot die laat sewentigerjare, 'n betekenisvolle bydrae gelewer tot die skepping van gedragsnorme tussen state.

### 5.3 Die periode na die mislukking van die SALT II Verdrag tot 1984

Die wapenbeheerooreenkomste en -verdrae wat sedert die vroeë sestigerjare tot die middel sewentigerjare gesluit is was tot 'n groot mate suksesvol. Meeste van die doelwitte van wapenbeheer wat in die sestigerjare gestel is, was teen die middel sewentigerjare bereik. Die strewe na verhoogde strategiese stabilitet het minder dringend geword in 'n situasie waarin strategiese pariteit bereik is, en wedersydse versekerde vernietiging 'n realiteit van kernafskrikking geword het. Die mislukking van SALT II; die probleme rondom die ontwikkeling van 'n strategiese logika vir wapenbeheer; en die reeds genoemde verslegtende Koue Oorlog verhoudinge het daartoe gelei dat daar vir die eerste keer sedert 1969 'n periode was waartydens daar geen kernwapenbeheer onderhandelinge tussen die supermoondhede plaasgevind het nie. Bydraende faktore was ook dat politieke aspekte soos *détente* en die politieke wedywering tussen die supermoondhede, veral in die Derde Wêreld wat aanvanklik uit wapenbeheer onderhandelinge uitgesluit was, veroorsaak het dat wapenbeheer uit die terrein van deskundige bespreking geneem is en deel van die politieke debat gemaak is.<sup>124</sup>

Die Strategic Arms Reduction Talks (START) onderhandelinge tussen die VSA en die Sowjet-Unie het in Julie 1982 begin. Hierdie onderhandelinge het voortgespruit uit die SALT II onderhandelinge waartydens die supermoondhede hulself verbind het tot verdere onderhandelinge om hulle kernarsenale kleiner te maak. Agtien maande se START onderhandelinge het nie veel resultate opgelewer nie en in Desember 1983 het die Sowjet-Unie ontrek uit die onderhandelinge. Die rede daarvoor was die VSA se ontplooiing van langafstand kruisermannissele en Pershing II's in Wes-Europa; wat veroorsaak het dat die Sowjet-Unie verplig was om sy posisie te herwaarde. Die kloof wat daar figuurlik gesproke tussen hulle ontstaan het, was die gevolg van verskillende geostrategiese sieninge, tegnologieë, politieke belangte en strategieë. Beide supermoondhede was vasgevang in hulle doktrines en strategiese kultuur en deur hulle gedetermineerdheid om die "spel van ontwapening" met oorgawe te speel. Onderhandelinge sou nie hervat word tot in 1985 nie.<sup>125</sup>



'n Belangrike ooreenkoms wat wel gedurende hierdie tyd bereik is, en wat teen 1985 deur 24 state geratificeer is, was die konvensie wat handel oor die verbod en beperkings op die gebruik van sekere konvensionele wapens, wat as onmenslik beskou word (Convention on prohibitions or restrictions on the use of certain conventional weapons which may be deemed to be excessively injurious or to have indiscriminate effects (Inhumane Weapons Convention)), ook die Onmenslike Wapenkonvensie genoem}. Die Konvensie is in 1981 onderteken en het op 2 Desember 1983 van krag geword. Die protokolle van hierdie konvensie sluit die volgende wapens in: wapens waarvan die fragmente nie deur X-strale in die menslike liggaam opgespoor kan word nie; landmyne, fopmyne of enige soortgelyke wapens wat ontwerp is om te dood, te vernietig of te beskadig (seemyne uitgesluit); en brandbomme.<sup>126</sup> Hierdie Konvensie is weereens 'n voorbeeld van maatreëls om norme van gedrag te bepaal.

Op 17 Julie 1984 het die VSA en die Sowjet-Unie "notas uitgeruil" om te reël vir die voorsiening van faksfasiliteite addisioneel tot die direkte kommunikasieverbinding tussen hulle. Hierdie reëling kan beskou word as 'n verdere CSBM maatreël.<sup>127</sup>

#### 5.4 Wapenbeheer en ontwapening in die Gorbatsjof-era (1985-1991)

Wapenbeheer en ontwapening het in die laat tagtigerjare weer internasionaal herlewe nadat Mikhail Gorbatsjof in 1985 President van die Sowjet-Unie geword het. Hy en die reformiste elemente in die Sowjet-Unie het na 1985 begin met pogings om die bestek van wapenbeheer nog verder uit te brei ten einde die proses te gebruik om die Koue Oorlog te beëindig.<sup>128</sup> Die einde van die Koue Oorlog is dan ook gekenmerk deur die radikale verandering in die patroon van verhoudinge tussen die VSA, verteenwoordigend van die Weste, en die Sowjet-Unie as verteenwoordigend van die Ooste. Die einde van die Koue Oorlog het die einde van 'n bipolêre verhouding van polarisasie tussen die twee supermoondhede beteken en in plek daarvan het die VSA as unipolêre mag na vore getree.<sup>129</sup> 'n Aantal van die belangrikste verdrae en ooreenkomste wat in hierdie periode gesluit is word vervolgens bespreek.

Die verrekendste vorm van 'n CSBM-tipe ooreenkoms was die Stockholm Conference on Security Building Measures and Disarmament in Europe van 1986. Volgens hierdie ooreenkoms moes state in NAVO en die Warschau Verdragsorganisasie vooraf kennis gee van sekere militêre aktiwiteite op land, in die lug en aangrensende seegebiede oor en om Europa. Twee-en-veertig dae kennis moes gegee word van enige militêre bewegings van magte groter as 13 000 man of 300 tenks. Oor militêre oefening waarby meer as 40 000 troepe betrokke sou wees, moes voor 15 November van die jaar, wat die

jaar waarin die oefening gaan plaasvind, voorafgaan kennis gegee word. Tydens sulke militêre manuevers kon alle ander state waarnemers stuur. Hierdie ooreenkoms het vyf-en-dertig paragrawe aangaande verifikasie en nakoming ingesluit, en was een van die mees betekenisvolle wapenbeheersuksesse in die Koue Oorlog-era. Dit het voorsiening gemaak vir indiepte gedetailleerde op-perseel inspeksies waарoor ooreenkoms vroeër nie moontlik gelyk het nie. Dit het 'n omgewing geskep waarbinne dit uiters moeilik vir enige staat of groep state sou wees om magte op te bou wat 'n ander staat kon bedreig, sonder dat die bedreigde staat daarvan bewus sou wees.<sup>130</sup>

Die volgende ooreenkomste wat gedurende hierdie periode gesluit is, kan almal as CSBM's beskou word:

- Die 1987 Ooreenkoms tussen die VSA en die Sowjet-Unie om elkeen 'n Kern Risiko Verminderingsentrum tot stand te bring, waarvandaan hulle kennisgewings aan mekaar kan stuur van enige beplande ballistiese missielansering, ten einde 'n kernoorlog as gevolg van waninterpretasie, misrekening of onopsetlike optrede te verhoed.<sup>131</sup>
- Die 1988 Ooreenkoms tussen die VSA en die Sowjet-Unie om aan mekaar vooraf kennis te gee van enige beplande lansering van interkontinentale ballistiese missiele of duikboot gelanseerde ballistiese missiele.<sup>132</sup>
- Die 1989 Ooreenkoms tussen die VSA en die Sowjet-Unie om gevaarlike militêre aktiwiteite te vermy en daardeur die moontlikheid van 'n konfrontasie tussen hulle gewapende magte te vermy.<sup>133</sup>
- Die 1989 Ooreenkoms tussen die VSA en die Sowjet-Unie om mekaar ten minste veertien dae voor die tyd in kennis te stel van enige groot militêre oefening van hulle strategiese magte.<sup>134</sup>

Vervolgens word 'n aantal belangrike verdrae wat gedurende hierdie tydperk gesluit is in breë trekke bespreek.

#### 5.4.1 Die Australië Groep

Hierdie liggaam is in 1985 deur 'n groep state gestig met die doel om streng uitvoerbeheermaatreëls toe te pas op die oorplasing van chemiese reageermiddels; toerusting wat vir die vervaardiging van chemiese en biologiese wapens gebruik kan word; en organismes wat vir biologiese oorlogvoering aangewend kan word, te beperk. Die deelnemende state in hierdie informele groep het onderneem om besluite wat kollektief deur die groep geneem word, op hul nasionale uitvoerbeheerstelsels van toepassing te maak.<sup>135</sup>



#### 5.4.2 Die “Intermediate- range Nuclear Forces” (INF) Verdrag

Hierdie Verdrag wat tussen die VSA en die Sowjet-Unie aangegaan is het in 1988 in werking getree, en het in hoofsaak neergekom op die totale afskaffing en vernietiging van 'n kategorie middelafstand en kortafstand kernmissiele aan beide kante. Die Verdrag het 'n gaping wat met die SALT Ooreenkomste gelaat is gevul. Die SALT Ooreenkomste het net vir die beperking van langafstand ballistiese missiele voorsiening gemaak. Die vernietiging van die INF missiele het 'n sekere kategorie kernwapen geheel en al uitgewis. Die pofkoppe wat op die missiele gemonteer was is egter nie tot niet gemaak nie, wat beteken het dat dit moontlik later weer gebruik sou kon word.<sup>136</sup>

#### 5.4.3 Die VSA-Sowjet Chemiese Wapenooreenkoms

Volgens hierdie ooreenkoms wat in 1990 onderteken is maar teen die einde van die Koue Oorlog nog nie in werking was nie, het die partye onder andere die volgende onderneem: om saam te werk ten opsigte van metodes en tegnologieë vir die veilige en doeltreffende vernietiging van chemiese wapens; om geen chemiese wapens te vervaardig nie; om hulle chemiese wapenarsenale tot gelyke lae vlakke te verminder; om saam te werk om gepaste inspeksieprosedures te ontwikkel, uit te toets en uit te voer; en om praktiese maatreëls aan te wend om alle ander state wat 'n chemiese wapenvermoë het, aan te moedig om deel te neem aan 'n multilaterale konvensie.<sup>137</sup> Hierdie ooreenkoms sou later in 1993 'n ontwapeningswerklikheid word.

#### 5.4.4 Die “Conventional Forces in Europe” (CFE) Verdrag

Die wapenbeheerooreenkomste wat aan die einde van die Koue Oorlog gesluit is, was in die guns van die dominante partye. Wapenbeheeraktiwiteite is sonder twyfel beïnvloed deur die oorweldigende morele oorwinning wat die VSA en die Weste met die ineenstorting van Kommunisme in Oos-Europa en die opvolgende disintegrasie van die Sowjet-Unie behaal het.<sup>138</sup>

Die sentrale onderwerpe van onderhandelinge teen die einde van die Koue Oorlog was die pogings om kernarsenale aan beide kante te verminder sowel as om die konvensionele magte in Europa te verminder. Twee verdrae, naamlik die Strategic Arms Reduction Treaty (START)<sup>1</sup> van 1991 en die Conventional Forces in Europe (CFE) Verdrag van 1990 is in hierdie opsig van belang. Verder het die VSA en die Sowjet-Unie unilaterale verminderings van kernwapens net na die START<sup>1</sup> Verdrag wat op 31 Julie 1991



onderteken is, aangekondig. Dit was op 'n stadium voordat die Sowjet-Unie ontbind het.<sup>139</sup>

Onderhandelinge met die oog daarop om konvensionele magte in Europa te verminder het reeds in Oktober 1973 begin. Dit het bekend gestaan as die Mutual and Balanced Force Reduction (MBFR) talks. Elf state wat op daardie tydstip militêre magte in sentraal Europa gestasioneer gehad het, was volle deelnemers aan die onderhandelinge. Agt addisionele state het "indirekte" deelnemerstatus gehad. Die gedeelte van Europa waaroor daar ten opsigte van die vermindering van konvensionele magte onderhandel is, het België, Wes-Duitsland, Oos-Duitsland, Luxemburg, Nederland, Tsjeggo-Slowakye en Pole ingesluit. Die samesprekings het basies neergekom op wedersydse voorstelle van die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO) state en die Warschau Verdragsorganisasie (WVO) state, wat bespreek is. Die twee supermoondhede, die VSA en die Sowjet-Unie, het ook seggenskap gehad. Oor 'n tydperk van dertien jaar kon daar egter nooit ooreengekom word oor daadwerklike verminderings van konvensionele magte in Europa nie. Vanuit 'n strategiese oogpunt beskou was 'n relatief klein gedeelte van Europa betrokke, en kon dit nie van die res van Europa afgesonder word vir genoemde doel nie, want 'n vermindering van magte in dié gebied alleen, sou die hele Europa se magsbalans beïnvloed. In Februarie 1989 het die MBFR onderhandelinge tot 'n einde gekom.<sup>140</sup>

Die Conventional Forces in Europe (CFE) onderhandelinge het in Maart 1989 in Wenen begin. In teenstelling met die MBFR onderhandelinge het hierdie onderhandelinge tussen al sesien NAVO state en al ses WVO state plaasgevind. As gevolg van die gunstige politieke klimaat wat ten tye in Europa en tussen die supermoondhede geheers het, kon 'n ooreenkoms binne twee jaar bereik word en is die CFE Verdrag op 19 November 1990 onderteken. Die CFE Verdrag was die eerste werklik betekenisvolle konvensionele wapenbeheerooreenkoms wat die grootste deel van Europa gedek het.<sup>141</sup>

Die CFE Verdrag is van toepassing op die hele gebied wat strek vanaf die Atlantiese oseaan tot by die Oeral gebergte, {"Atlantic to the Urals "(ATTU zone)} en dit sluit alle betrokke state se grondgebied in.<sup>142</sup>

Die Verdrag se beperkings is op die twee groepe state, NAVO en WVO, van toepassing gemaak. Binne die betrokke gebied moes elke groep vyf spesifieke kategorieë wapens beperk of verminder. Hierdie vyf kategorieë was oorlogstenks, gepantserde gevegsvoertuie, artillerie, vegvliegtuie en helikopters. Die volgende gesamentlike getalle vir elke groep moes veertig maande nadat die Verdrag gesluit is nie oorskry word nie: 20 000 oorlogstenks waarvan nie meer as 16 500 in aktiewe eenhede opgeneem is nie; 30 000 gepantserde gevegsvoertuie waarvan nie meer as 27 300 in aktiewe eenhede opgeneem is nie; 20 000 artillerie wapens waarvan nie meer as 17 000 in aktiewe eenhede opgeneem is nie; 6 800 vegvliegtuie; en 2 000 aanvalshelikopters.<sup>143</sup> Hierbenewens is die ATTU gebied in



subsones opgedeel om magskonsentrasie te verhoed, en is daar ten opsigte van genoemde kategorieë wapens beperkings op individuele state geplaas.<sup>144</sup>

Die verbrokkeling van die Sowjet-Unie laat in 1991 het veroorsaak dat die Verdrag se beperkings nie soos oorspronklik beplan, toegepas kon word nie. Sommige van die nuutgestigte onafhanklike state van die vroeëre Sowjet-Unie het byvoorbeeld afsydig gestaan teenoor die Verdrag.<sup>145</sup> Behalwe die verbrokkeling van die Sowjet-Unie, het die WVO ook tot 'n einde gekom. Vir Rusland, gestroop van sy eertydse republieke en sy bondgenote, het die CFF Verdrag, soos dit toe gestaan het, 'n vernederende verlies aan status en militêre mag beteken.<sup>146</sup>

Die CFF Verdrag sou dus by die veranderde omstandighede aangepas moes word, wat dan ook na die Koue Oorlog gebeur het, waarna dit geratifiseer is.<sup>147</sup>

#### 5.4.5 Die gedwonge ontwapening van Irak

Irak se inval in Koeweit op 2 Augustus 1990 het gelei tot VN-resolusie 661 op 6 Augustus 1990 dat algemene sanksies teen Irak toegepas word.<sup>148</sup> Op 6 April 1991 het Irak amptelik die VN se skietstakingsvoorraades, soos in resolusie 687 van 3 April 1991 uiteengesit, aanvaar.<sup>149</sup>

Die VN se Veiligheidsraad resolusie 687 het die internasionale raamwerk vir die ontwapening van Irak van sy vernaamste wapenstelsels bevat.<sup>150</sup> Hierdie resolusie het die verbod op die verkoop of verskaffing van wapens of verwante materiaal aan Irak, sowel as die voortsetting van sanksies ingevolge resolusie 661 teen Irak, bevestig. Ingevolge die kern van die nuwe beperkings moes Irak "unconditionally accept the destruction, removal, or rendering harmless, under international supervision, of: a) All chemical and biological weapons and all stocks of agents and all related subsystems and components and all research, development, support and manufacturing facilities related thereto; b) All ballistic missiles with a range greater than one hundred and fifty kilometres and related major parts, and repair and production facilities". Genoemde resolusie is tans nog van krag.<sup>151</sup>

#### 5.4.6 Die START I Verdrag

Die onderhandelinge tussen die VSA en die Sowjet-Unie oor die START I Verdrag het soos genoem in Junie 1982 begin. Die START I Verdrag is die eerste wapenbeheerverdrag wat langafstand offensiewe kernwapens aan beide kante verminder het.<sup>152</sup> Die twee supermoondhede was ten tye ten diepste verdeel ten opsigte van ideologie; suspisieus teenoor mekaar oor strategiese en politieke motiewe; en in kompetisie met mekaar vir



wêreldinvloed. Gedurende die tagtigerjare is onderhandelinge dan ook tot 'n groot mate verpolitiseer. Na bykans nege jaar se onderhandelinge, teen 1991, was Oos-Europa egter nie meer deel van die Sowjet invloedsfeer nie; die Warschau Verdragsorganisasie was ontbind; Duitsland was herenig; en die 1990 CFE Verdrag het 'n moontlike konvensionele aanslag deur die Sowjet-Unie op Wes-Europa aansienlik verswak. Die Sowjet-Unie het grootliks as bedreiging verdwyn.<sup>153</sup> Die START onderhandelinge het egter ongehinderd deur die veranderende politieke en veiligheidsituasie voortgegaan. Die redes hiervoor was soos volg: teen die tyd dat die Koue Oorlog tot 'n einde gekom het, was daar alreeds oor baie aspekte ooreenkoms bereik; meeste van die aspekte waarvoor die Verdrag voorsiening gemaak het was teen einde 1989 reeds in plek; daar is reeds oor die vermindering van kernwapens en die versterking van strategiese stabiliteit ooreengekom. Omdat START die hele spektrum van strategiese kernvermoë aangespreek het, was dit van die uiterste belang om te verhoed dat enige van die partye uit die Verdrag sou onttrek; dat die taalgebruik in die Verdrag ondubbelssinnig sou wees; en dat verifikasie effektiief sou wees.<sup>154</sup> Aan die einde van die Koue Oorlog het START dus alreeds 'n onderhandelingsformaat gehad en het dit dan ook in dié formaat voortgegaan. Die veranderende politieke omgewing se invloed was dus sekondêr van aard. Alhoewel die samewerking tussen die supermoondhede met die CFE onderhandelinge, in die VN, en gedurende die Golf-oorlog aansienlik verbeter het, was die hersiening van die START doelwitte nooit 'n politieke opsie nie.<sup>155</sup>

Die politieke veranderings in Oos-Europa en in die Sowjet-Unie, en die tegniese detail wat nog uitgewerk moes word het egter veroorsaak dat die Verdrag nie gefinaliseer kon word nie. Die Golf-oorlog en die gebruik van geweld deur die Sowjet-Unie in die Baltiese republieke het verder hertoe bygedra.<sup>156</sup> Die Verdrag is op 31 Julie 1991 onderteken maar is nie gedurende die Koue Oorlog geratifiseer nie.<sup>157</sup>

#### 5.4.7 Die Missieltegnologie Beheerregime (MTBR)

Die MTBR is in 1987 deur Brittanje, Kanada, Frankryk, Wes-Duitsland, Italië, Japan en die VSA tot stand gebring. In 1997 het die MTBR uit 28 lidstate bestaan.<sup>158</sup> Die MTBR is 'n vrywillige organisasie waardeur state wat deel is van die regime inligting uitruil en hul nasionale aktiwiteite koördineer. Die MTBR is nie 'n besluitnemende liggaam nie en elke lidstaat is verantwoordelik om groepbesluite deur nasionale wetgewing en regulasies ten uitvoer te bring. Binne die groep het lede gemeenskaplike benaderings tot die oorplasing van 'n gespesifieerde lys van beheerde items ontwikkel. Die MTBR meng egter nie in met vreedsame aanwending van missieltegnologie in die ruimte en vir meteorologiese doeleindes nie.<sup>159</sup>

Daar bestaan geen multilaterale wapenbeheerooreenkoms of verdrag wat beperkings plaas op die gebruik, beskikking oor, besit, vervaardiging of handel in missiele nie. Hierdie stelsels word ook nie binne die raamwerk van Europese konvensionele wapenbeheer beperk nie. Verder is meeste state buite Europa gesteld daarop dat die inhoud van hul missielarsenale geheim bly.<sup>160</sup>

Die MTBR is 'n informele organisasie, nie'n internasionale ooreenkoms of verdrag nie, tussen state wat belang het by die beëindiging van die proliferasie van missieltegnologie.<sup>161</sup>

Die doel van die MTBR is om die proliferasie van missiele, onbemande vliegtuie, en verwante tegnologie vir dié stelsels wat die vermoë het om 500 kilogram gewig ten minste 300 kilometer ver te dra, deur uitvoerbeheer te beperk. As regime beteken die MTBR nie dat daar by formele verdragverbintenis gehou moet word nie, maar behels dit 'n gemeenskaplike uitvoerbeleid wat betrekking het op twee kategorieë items wat verband hou met missiel ontwikkeling, vervaardiging en bedryf. Kategorie I het betrekking op volledige vuurpylstelsels, onbemande vliegtuie en volledige substelsels soos vuurpymotore. Kategorie II sluit onderdele, komponente, en sekere substelsels in. Die verbintenis om die uitvoer van hierdie items te beperk word op nasionalevlak ingevolge die betrokke state se uitvoerwetgewing geïmplementeer. Die regime is in 1993 uitgebrei om alle stelsels, wat die vermoë het om 'n kern-, chemiese- of biologiese wapen af te lewer, in te sluit.<sup>162</sup>

#### 5.4.8 VSA-Sowjet unilaterale vermindering van kernmagte

Kernwapengeskiedenis het dramaties in 1991 verander. Die VSA en die Sowjet-Unie het hulle 45 jaar lange kernwapenkonfrontasie beëindig en voor die disintegrasie van die Sowjet-Unie aan die einde van daardie jaar met 'n proses van ontwapening begin. Na die mislukte staatsgreep in die Sowjet-Unie in Augustus 1991 het die VSA en die Sowjet-Unie radikale verminderings in hulle kernmagte op 'n unilaterale en wederkerige basis aangekondig.<sup>163</sup>

In President G Bush se toespraak van 27 September 1991 het hy 'n reeks konsessies en aanbiedinge aan die Sowjet-Unie gemaak, wat die volgende ingesluit het:<sup>164</sup> Die Amerikaanse "Minuteman" Inter-Kontinentale Ballistiese Missiele (IKBM's) wat volgens die START I Verdrag geskeduleer is om gedeaktiveer te word, sou onmiddellik gedemobiliseer word. Alle Amerikaanse strategiese bomwerpers sou van "gereedstaatus" afgehaal word. Die mobiele program van die MX/ "Peacekeeper" IKBM's sowel as die programme vir die kortafstand SRAM II missiel en sy SRAM-T variant sou gekanselleer word. Alle vloot taktiese wapens, insluitende duikbootgelanseerde kernwapens, sou ontrek



word en of vernietig word of gestoor word. Alle kernartilleriebomme en plofkoppe vir grondgelanseerde kortafstand kernwapenmissiele sou vernietig word. Bush het verder die gesamentlike eliminering (net enkel plofkoppe op missiele toegelaat) van alle VSA en Sowjet MIRV's voorgestel. Hy het ook aangekondig dat alle Amerikaanse strategiese kernwapens voortaan onder een bevelstruktuur geplaas sou word en daarmee saam 'n aanbod aan die Sowjet-Unie gemaak vir samewerking aangaande verbeterde bevel en beheer, veiligheid vervoer en demontering van kernwapens.

Gorbatsjof se reaksie op Bush se unilaterale optrede was 'n bykans identiese handeling. Alle Sowjet strategiese bomwerpers sou van "gereedstaanstatus" afgehaal word en hulle kernwapens sou op aparte plekke geberg word; so ook alle IKBM's, wat volgens die START<sub>I</sub> Verdrag onttrek sou word; vernietiging van alle Sowjet kernartillerie, kortafstand missiele en landmyn plofkoppe; verwydering van alle kernplofkoppe vir lugverdedigingsmissiele van ontplooiingsgebiede en vernietiging of bering daarvan; verwydering van alle taktiese kernwapens van vlootmagte; en die skepping van 'n enkele verenigde strategiese bevel en beheerstruktuur vir kernwapens.<sup>165</sup>

Gorbatsjof het selfs verder as Bush gegaan en verklaar dat die Sowjet-Unie sy strategiese kernarsenaal tot 5 000 plofkoppe eerder as tot die START<sub>I</sub> bepaalde 6 000 sal verminder. Hy het verder ook verskeie ontwikkelingsprogramme vir kernwapens gekanselleer; 'n een jaar moratorium deur die Sowjet-Unie op die toets van kernwapens aangekondig; verdere samesprekings om START<sub>I</sub> vlakke met 50 persent te verminder voorgestel; en 'n verbod op die verdere vervaardiging van kernmateriaal voorgestel.<sup>166</sup>

Alhoewel hierdie wederkerende unilaterale optredes die diplomatieke proses verkort het, kon dit nie vanaf Oktober tot Desember 1991, toe die Sowjet-Unie finaal tot 'n val gekom het, van verklarings tot volle implementering vorder nie.<sup>167</sup>

## 6. Samevatting

Soos reeds genoem was ooreenkoms wat in die antieke tyd gesluit is in die algemeen bilateraal van aard en aan die einde van konflikte gesluit. Die verloorder is deur middel van 'n ongelyke verdrag gedwing om te ontwapen. Die Verdrag van 546 vC was egter 'n vrywillige multilaterale ontwapeningsooreenkoms aan die einde van 'n konflik. Gedurende die middeleeue is wapenbeheer hoofsaaklik deur proklamasies en bilaterale ooreenkomste toegepas. Die ooreenkoms was ook meer op wapenbeheer as op ontwapening gerig.

In die lig van die vyf benaderings tot wapenbeheer soos in hoofstuk 1 aangetoon, kan wapenbeheer om gedragsnorme te bepaal, wapenbeheer om strategiese stabiliteit te bevorder en wapenbeheer aan die einde van konflikte, met ongelyke verdrae, geïdentifiseer



word gedurende die tydperk wat vanaf 1648 tot 1914 gestrek het. Dié ooreenkomste was hoofsaaklik bilateraal van aard. Die verdrae wat Luxemburg, België en die Swart See as neutrale gebiede verklaar het, is voorbeeld van wapenbeheer om strategiese stabiliteit te skep.

Die Anglo-Franse Vlootbeperkingsverdrag van 1787 en die Argentyns-Chileense Vlootbeperkingskonvensie van 1902 was gesluit om wapenwedloopstabiliteit te bevorder. Hierdie Verdrag en Konvensie kan ook as vertroueversterkende maatreëls beskou word. Heelwat konvensies wat gedragskodes en reëls vir oorlogvoering neergelê het is gedurende hierdie tyd gesluit. Die Deklarasie van St Petersburg van 1868 het byvoorbeeld 'n verbod op die gebruik van sekere tipes projektlede in oorlogvoering geplaas. Alhoewel die Verdrag van Handel van 1782 en die Verdrag wat in 1785 tussen die VSA en die Pruise gesluit is, as humanitaire tipe verdrae beskou kan word, het dit indirek met wapenbeheer te doen gehad, in die sin dat die verdrae onderskeidelik reëls neergelê het dat wapengeweld nie teen sekere burgerlikes gebruik mag word nie. Dit het dus gedragsnorme bepaal.

Twee vorme van wapenbeheer wat onder andere in die antieke tyd gegeld het, naamlik die skepping van buffergebiede en die ongelyke verdrag aan die einde van konflikte, is gedurende die tydperk 1648 tot 1914 herhaal. Wapenbeheer eerder as ontwapening het ook deurgaans gedurende hierdie tydperk gegeld. Al die benaderings tot wapenbeheer is gedurende die tussen-oorlogtydperk toegepas. Wapenbeheer aan die einde van konflikte, was na die Eerste Wêreldoorlog ook toegepas. Die ongelyke tipe verdrag, die Verdrag van Versailles van 1919, is op Duitsland en soortgelyke verdrae op verskeie ander Europese state van toepassing gemaak, deurdat die grootte van hulle weermagte deur die verdrae beperk is. 'n Aantal verdrae om verhoudings, strategies en andersins, te stabiliseer, is ook gesluit. Hierdie verdrae, waarvan die Kellogg-Briand Verdrag van 1928 'n voorbeeld is, kan as vertroueversterkende maatreëls beskou word.

Vele pogings is ook gedurende hierdie tydperk aangewend om gedragsnorme en oorlogsreëls te bepaal. Die Geneefse Protokol van 1925 het byvoorbeeld die gebruik van giftige gasse in oorlogvoering verbied en het ook bakteriologiese wapens verbied. 'n Soortgelyke verdrag wat die gebruik van skadelike gasse in oorlogvoering verbied het is reeds in 1922 gesluit. Gedurende die tussen-oorlogtydperk is verdrae ook inhoudelik in groter detail opgestel, vanselfsprekend om dubbelsinnighede en skuwigate uit te skakel. Groeiende kommer oor die verifikasie van verdrae sowel as die proliferasie van wapens was verdere kenmerke van hierdie tydperk. Verskeie verdrae om die proliferasie van wapens te beheer en te beperk is dan ook gesluit.

Wapenbeheer deur middel van internasionale organisasie het vir die eerste keer deur die stigting van die Volkebond in 1919, en deur die Wêreld Ontwapeningskonferensie

van 1932 sy beslag gekry.

Ooreenkomste wat gedurende die tussen-oorlogtydperk gesluit is was hoofsaaklik wapenbeheerooreenkomste en dit was hoofsaaklik multilateraal van aard. Pogings tot vrywillige ontwapening het selde voorgekom en was nie suksesvol nie. Soos vroeër genoem, is die vrees vir oorlog na die Tweede Wêreldoorlog onlosmaaklik geassosieer met wapens van grootskaalse vernietiging en dié wapens het ook tot die begin van die Koue Oorlog tussen 1946 en 1948 bygedra. Wapenbeheer en ontwapening is na 1945 rondom kernafskrikking gestruktureer en beleidmakers moes dus op 'n deurlopende basis poog om verhoudinge tussen die supermoondhede te stabiliseer.

Gedurende die periode wat vanaf 1945 tot 1962 gestrek het was die fokus op kernontwapening. Die VN wat in 1945 tot stand gekom het, het deur middel van verskeie resolusies 'n prominente rol in hierdie pogings tot kernontwapening vervul. Die VN Resolusie 1665 (XIV) van 1961 het ook die basis vir die Kernsperverdrag van 1968 gevorm.

Die VSA was ingevolge die Baruch Plan van 1946 selfs bereid om sy kerntegnologiese inligting vir vreedsame doeleindes beskikbaar te stel. Die VSA is hierin deur die VN gesteun maar die Sowjet-Unie het dit teengestaan. Die gevolg was die begin van die Koue Oorlog. Verdere pogings gedurende die vyftigerjare deur albei supermoondhede om kernontwapening te bewerkstellig was vrugteloos.

Wapenbeheer deur middel van internasionale organisasie wat na die Koue Oorlog met die stigting van die VN sy beslag gekry het, is verder deur die stigting van die IAEA in 1956, wat tot stand gekom het om die vreedsame aanwending van atoomenergie te bevorder, versterk.

In die vroeë sestigerjare is daar as reaksie op die mislukkings van kernontwapening tot wapenbeheer oorgegaan. Addisioneel tot die vrees vir 'n kernkatastrofe en die stabilisering van verhoudinge tussen die kernmoondhede deur kernafskrikking, was die oogmerk dat wapenbeheer as middel moes dien om die insentiewe om 'n eerste kernaanval te loads te verminder; wapenstabiliteit te verhoog; strategiese stabiliteit te verhoog; en kernproliferasie deur 'n situasie van wedersydse versekerde vernietiging teen te werk. Hiedie benadering is dan ook gedurende die periode van 1963-1979 met sukses gevolg.

Gedurende hierdie tydperk is daar ook verskeie ooreenkomste gesluit wat gedragsnorme tussenveral die supermoondhede gereël het. Aanvullend hiertoe, is ook vele verdrae gesluit wat die vertroue- en veiligheidsituasie tussen die supermoondhede in die besonder en die kernmoondhede in die algemeen versterk het.

Die SALT I Ooreenkoms wat in 1972 tussen die supermoondhede gesluit is, het 'n vyf jaar moratorium op die ontplooiing van IKBM's in die twee state geplaas. Die ABM Verdrag wat in dieselfde jaar tussen hulle gesluit is het 'n beperking op die ontplooiing van

ABM's in die twee state geplaas. 'n Belangrike tekortkoming in die SALT I Ooreenkoms was egter dat die aantal MIRV's onbeperk gelaat is. Die SALT II Verdrag wat in 1979 tussen die twee supermoondhede gesluit is het beperkings op offensiewe IKBM's geplaas. Die gespanne internasionale situasie wat vanaf die laat sewentigerjare, om verskeie redes tussen die twee supermoondhede ingetree het, het egter daartoe geleid dat die SALT II Verdrag misluk het. Tot 1984 is geen vordering met kernwapenbeheer of -ontwapening tussen die twee supermoondhede gemaak nie. Die Onmenslike Wapenkonvensie ten opsigte van konvensionele wapens is egter in 1981 onderteken.

Toe Gorbatsjof in 1985 President van die Sowjet-Unie geword het, het daar 'n dramatiese verandering in die Sowjet-Unie se houding teenoor die VSA en die Weste ingetree. Die bipolêre verhouding van polarisasie tussen die twee supermoondhede het verander na een van tegemoetkomendheid en samewerking. Die gevolg was skouspelagtige vordering met wapenbeheer en ontwapeningsooreenkoms wat gedurende die voorafgaande veertig jaar ondenkbaar was. 'n Aantal ooreenkoms wat gedurende die periode 1985 tot 1991 gesluit is het die vertroue- en veiligheidsituasie tussen die twee state, en daarmee saam, die wêreld, verder versterk. Die JNE Verdrag van 1988 het geleid tot die totale afskaffing en vernietiging van middel- en kortafstand kernmissiele aan beide kante. Die Chemiese Wapenooreenkoms van 1990 tussen die supermoondhede het 'n totale verbod op die produksie van chemiese wapens geplaas. Die twee supermoondhede het verder onderneem om hulle chemiese wapens drasties tot gelyke vlakke te verminder. Die CFE Verdrag van 1990 wat deur die twee supermoondhede onderteken is het beperkings op vyf kategorieë konvensionele wapens geplaas, en die CFE 1A Ooreenkoms op die getalle van gevegsmagte in Europa.

Die START I Verdrag tussen die supermoondhede is op 31 Julie 1991 onderteken. Dit was die eerste wapenbeheerverdrag wat langafstand offensiewe kernwapens aan beide kante verminder het. In September 1991 het President Bush sy dramatiese aankondiging van die VSA se unilaterale vermindering van kernmagte gemaak, en twee weke later het Gorbatsjof 'n bykans identiese aankondiging aangaande die vermindering van die Sowjet-Unie se kernmagte gemaak.

Gorbatsjof se beleid van *glasnost* en *perestroika* het gedurende sy bewind daartoe geleid dat die Sowjet-Unie van sy eertydse Oos-Europese bondgenote sowel as van al sy eertydse provinsies gestroop is. Gorbatsjof het die slagoffer van sy eie beleid geword en het aan die einde van 1991 as Sowjetleier bedank. Hierdie gebeure het onder andere daartoe geleid dat meeste van die verdrae en ooreenkoms wat gedurende die Gorbatsjof-era tussen die supermoondhede gesluit is nie bekragtig of geratifiseer kon word nie.

'n Ontleding van die vernaamste verdrae en ooreenkoms wat gedurende die Koue



Oorlog gesluit is, sowel as die betrokke VN resolusies, toon dat dit grotendeels eerder oor wapenbeheer as ontwapening gehandel het, en dat bilaterale en multilaterale ooreenkomste bykans ewevel was. Bilaterale ooreenkomste is meesal tussen die supermoondhede gesluit.

Die vernaamste ooreenkomste en verdrae wat sedert die vroeë tagtigerjare tot aan die einde van die Gorbatsjof-era gesluit is, was meesal bilateraal van aard en wapenbeheer eerder as ontwapening was ter sprake. Die verdrae wat teen die einde van die Koue Oorlog gesluit is, resorteer onder die benadering "wapenbeheer aan die einde van konflikte".

In die volgende hoofstuk word die invloed wat die beëindiging van die Koue Oorlog op wapenbeheer en ontwapening gehad het bespreek. Die belangrikste ooreenkomste en verdrae wat gedurende die Koue Oorlog onderteken is maar nie geratifiseer is of in werking getree het nie, sowel as die verdrae en ooreenkomste ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening wat na die Koue Oorlog gedurende die periode 1992 tot 1999 gesluit is, sal bespreek word.

## VERWYSINGS

- 1 Sheehan, M, The Arms Race, Martin Robertson, Oxford, 1983, p.186 ; en Dupuy, T N, and Hammerman, G M, (ed) A Documentary History of Arms Control and Disarmament, R R Bowker, New York, 1973, pp.3-4.
- 2 Croft, S, Strategies of Arms Control: A History and Typology, Manchester University Press, New York, 1996, p.21.
- 3 Ibid.
- 4 Ibid, p.22.
- 5 Ibid
- 6 Burns, R D (ed), Encyclopedia of Arms Control and Disarmament, Vol III, Charles Scribner, New York, 1993, p.552 ; en Croft, S, op.cit, p.22.
- 7 Burns, R D, (ed) op.cit p.559.
- 8 Ibid p.556.
- 9 Heyn, U, "Medieval Arms Control Movements and the Western Quest for Peace", in Burns, R D, op.cit, pp.563-579.
- 10 Croft, S, op.cit, p.23.
- 11 Dupuy, T N, and Hammerman, G M, op.cit pp.4-5.
- 12 Ibid, pp.5-6.

- 13 Burns, R D, op.cit, p.1491.
- 14 Dupuy, T N, and Hammerman, G M, op.cit, p.9
- 15 Ibid, p.11.
- 16 Croft, S, op.cit, p.24.
- 17 Ibid, p.136.
- 18 Ibid, p.24.
- 19 Armstrong, D, Revolution and World Order: The Revolutionary State in International Society, Clarendon Press, Oxford, 1993, pp.32-34.
- 20 Friedman, L, (ed) The Law of War: A Documentary History, Vol I, Random House, New York, 1972, p.150 ; en Croft, S, op.cit, pp.24-25.
- 21 Friedman, L, op.cit, p.149.
- 22 Ibid, pp.204-250 (1899 Konferensie) en pp.270-397 (1907 Konferensie).
- 23 Ibid, p. 192 ; en Goldblat, J, Arms Control: A Guide to Negotiations and Agreements, Sage Publications, London, Thousand Oaks, New Delhi, 1996, p.255.
- 24 Dupuy, T N, and Hammerman, G M, op.cit, pp.55-56 ; en Goldblat, J, op.cit p.257.
- 25 Dupuy, T N, and Hammerman, G M, op.cit, p.48 ; en Goldblat, J, op.cit, p.257.
- 26 Croft, S, op.cit, p.116.
- 27 Ibid pp.25-26.
- 28 Israel, F L, (ed) Major Peace Treaties of Modern History (1648-1967), Vol I, Chelsea House Publishers in association with Mc Graw Hill Book Co: New York, Toronto, London, Sydney, 1967, p.207.
- 29 Parry, C, (ed), The Consolidated Treaty Series Vol 29, Oceana Publications Inc: Dobbs Ferry, New York, 1969 (Franse Teks) pp. 356-357; en Dupuy, T N, and Hammerman, G M, op.cit, p.21.
- 30 Dupuy, T N, and Hammerman, G M, op.cit, pp.36-37.
- 31 Burns, R D, op.cit, pp.1141-1142.
- 32 Oakes, A, and Mowat, R B, (ed), The Great European Treaties of the Nineteenth Century, Oxford University Press: London, 1918, pp.141-145.
- 33 Ibid, pp.260-262.
- 34 Israel, F L, Major Peace Treaties of Modern History, Vol II, Chelsea House Publishers In association with Mc Graw Hill Book Co: New York, Toronto, London, Sydney, 1967, pp.949-951.
- 35 Dupuy, T N, and Hammerman, G M, op.cit, p.39.
- 36 Croft, S, op.cit, p.91.
- 37 Dupuy, T N, and Hammerman, G M, op.cit, p.58 ;en Croft, S, op.cit, p.91.



- 38 Croft, S, op cit, p.27.
- 39 Ibid.
- 40 Goldblat, J, op cit, pp.11-12.
- 41 Ibid, p.12.
- 42 Croft, S, op cit, p.27.
- 43 Ibid.
- 44 Dupuy, T N, and Hammerman, G M, op cit, p.169.
- 45 Ibid, pp.107-119.
- 46 Croft, S, op cit, p.92.
- 47 Goldblat, J, op cit, pp.272-275.
- 48 Friedman, L, op cit, pp.467-470.
- 49 Croft, S, op cit, pp.28-29.
- 50 Friedman, L, op cit, pp.454-455.
- 51 Ibid, pp.450-453.
- 52 Ibid, pp.471-487.
- 53 Ibid, pp.488-522.
- 54 Pearson, F S, The Global Spread of Arms: Political Economy of International Security, Westview Press, Boulder, San Francisco, Oxford, 1994, p.75; en Croft, S, op cit, p.29.
- 55 Croft, S, op cit, p.29.
- 56 Ibid.
- 57 Ibid, p.30 ; en Dupuy, T N, and Hammerman, G M, op cit, pp.96-97.
- 58 Croft, S, op cit, p.136.
- 59 Dupuy, T N, and Hammerman G M, op cit, pp.126-138.
- 60 Ibid, pp.96-104.
- 61 Ibid, pp.138-139 en 144.
- 62 Osmanczyk, E J, Encyclopedia of the United Nations and International Agreements, Taylor and Francis, New York, 1990, pp.512-515; en Croft, S, op cit, pp.30-31.
- 63 Morgenthau, H J, Politics Among Nations: The Struggle for Power and Peace, Sixth Edition, Alfred A Knopf, New York, 1985, p.490.
- 64 Parry, C, The Consolidated Treaty Series, Volume 225, Oceana Publications Inc., Dobbs Ferry, New York, 1981, pp 189-406; en Friedman, L, op cit, pp.417-434.
- 65 Israel, F L, Vol II, op cit, p.1277.
- 66 Goldblat, J, op cit, pp.12-13.
- 67 Ibid, p.13.
- 68 Ibid, pp.13-14.



- 69 Ibid, pp.15-16 en 20.
- 70 Croft, S, op cit, p.33.
- 71 Yearbook of the United Nations 1946-1947, Department of Public Information, United Nations, Lake Success, New York, 1947, pp.832,834 en 836; en Goldblat, J, op cit, p.24.
- 72 Yearbook of the United Nations 1946-1947, op cit p.836 ; en Goldblat, J, op cit, p.24.
- 73 Yearbook of the United Nations, 1947-1948, Department of Public Information, United Nations, Lake Success, New York, 1949. p. 461.
- 74 Goldblat, J, op cit, p.24.
- 75 Osmanczyk, E J, op cit p.227.
- 76 Goldblat, J, op cit, pp.24-25; en Osmanczyk, E J, op cit, p.227.
- 77 Yearbook of the United Nations, 1961, Office of Public Information, United Nations, New York, 1963, pp.28-31.
- 78 Goldblat, J, op cit, p.25.
- 79 Croft, S, op cit, pp.34-35.
- 80 Sheehan, M, Arms Control: Theory and Practice, Basil Blackwell, Oxford, 1988, p.3.
- 81 Min-Chuan Ku, A Comprehensive Handbook of the United Nations, Vol 2, Monarch Press, New York, 1979, pp. 404-418; en Dupuy, T N, and Hammerman, G M, op cit, pp.358-364 en 397.
- 82 Simpson, J, "The nuclear non-proliferation regime after the NPT Review and Extension Conference", in SIPRI Yearbook 1996, op cit, p.585.
- 83 Member States of the IAEA. Internet: <http://f40.iaea.org/worldatom/About/member.shtml>  
Toegang:19/07/01.
- 84 Dupuy, T N, and Hammerman, G M, op cit, p.449.
- 85 Djonovich, D J, (ed), United Nations Resolutions, Series I, Resolutions Adopted by the General Assembly, Vol VIII, 1960-1962, Oceana Publications Inc., Dobbs Ferry, New York, 1974, pp.236-237; en Friedman, L, op cit, p.697.
- 86 Friedman, L, op cit, p.698.
- 87 Dupuy, T N, and Hammerman, G M, op cit, pp.469-516.
- 88 King, J E, "Arms Control and United States Security" in Henkin, L, Arms Control: Issues for the Public, Ballantine Books, New York, 1961, p.140.
- 89 Goldblat, J, op cit, pp. 192-194.
- 90 Dupuy, T N, and Hammerman, G M, op cit, pp.455-459.
- 91 Croft, S, op cit, pp.35-36.
- 92 Ibid, pp.37 en 151.
- 93 Dupuy T N, and Hammerman, G M, op cit, pp.559-564.



- 94 *Ibid*, pp.558-559.
- 95 Goldblat, J, *op cit*, pp.86 en 88.
- 96 *Ibid*, pp.86-88.
- 97 Dupuy, T N, and Hammerman, G M , *op cit*, pp.524-526.
- 98 World Armaments and Disarmament: SIPRI Yearbook 1975, The MIT Press: Cambridge, Massachusetts and London, England, 1975, p.453; en Goldblat, J, *op cit*, pp.391-397.
- 99 World Armaments and Disarmament : SIPRI Yearbook 1977, *op cit*, p.372; en Goldblat, J, *op cit*, p.409.
- 100 Dupuy, T N, and Hammerman, G M, *op cit*, p.603.
- 101 Croft, S, *op cit*, p.36.
- 102 Dupuy, T N, and Hammerman, G M, *op cit*, pp.607-615.
- 103 Goldblat, J, *op cit*, pp.60-62; en Booth, K, " Disarmament and Arms Control", in Baylis, et al, Contemporary Strategy: Theories and Concepts, Vol I, Croom Helm, London, 1987, p.167.
- 104 Djonovich, D J, United Nations Resolutions, Series I, Resolutions Adopted by the General Assembly, Volume XII, 1968-1969, Oceana Publications Inc., Dobbs Ferry, New York, 1975, pp.226-227; en Croft, S, *op cit*, p.151.
- 105 Goldblat, J, *op cit*, p.93.
- 106 Friedman, L, *op cit*, p.768.
- 107 *Ibid*, p.769;
- 108 Croft, S, *op cit*, p.115.
- 109 *Ibid*, p.116.
- 110 Djonovich, D J, (ed) United Nations Resolutions, Series I, Volume XII, op cit, pp.164-165.
- 111 Djonovich, D J, (ed) United Nations Resolutions, Series I, Resolutions Adopted by the General Assembly, Volume XIII, 1970-1971, Oceana Publications Inc., Dobbs Ferry, New York, 1976, p.292; en Friedman, L, *op cit*, pp.699-700 en 755-756.
- 112 Dupuy, T N, and Hammerman, G M, *op cit*, p.532.
- 113 *Ibid*, p.581.
- 114 *Ibid*, pp.536-547.
- 115 Croft, S, *op cit*, pp.117-118.
- 116 Goldblat, J, *op cit*, p.376.
- 117 *Ibid*, pp.405-409.
- 118 *Ibid*, pp.388-389.



- 119 World Armaments and Disarmament: SIPRI Yearbook 1977, The MIT Press: Cambridge, Massachusetts and London, England; Almqist & Wiksell International: Stockholm Sweden, 1977, pp.398-399; en World Armaments and Disarmament: SIPRI Yearbook 1979, Taylor and Francis Ltd: London, 1979, pp.646-647.
- 120 Goldblat, J, op.cit, pp.368-369.
- 121 Gasteyer, C, Searching for World Security: Understanding Global Armament and Disarmament, Frances Printer, London, 1985, p.26.
- 122 Ibid.
- 123 Ibid.
- 124 Croft, S, op.cit, pp.37-38.
- 125 Booth, K, op.cit, pp.168-170.
- 126 World Armaments and Disarmament: SIPRI Yearbook 1981, Taylor & Francis: London, 1981, pp.445-456; en Goldblat, J, and Ferm, R,"Major multilateral arms control agreements", in World Armaments and Disarmament: SIPRI Yearbook 1985, Taylor & Francis: London , 1985 pp.502-517.
- 127 Goldblat, J, Ibid, p.501.
- 128 Croft, S, op.cit, pp.38-39.
- 129 Ibid, p.68.
- 130 Ibid, pp.118-119.
- 131 SIPRI Yearbook 1988: World Armaments and Disarmament, Oxford University Press: Oxford, 1988, pp.486-489.
- 132 SIPRI Yearbook 1989: World Armaments and Disarmament, Oxford University Press: Oxford, 1989, pp.46-47.
- 133 Ferm, R, "Chronology 1989", in SIPRI Yearbook 1990: World Armaments and Disarmament, Oxford University Press, Oxford, 1990, p.677.
- 134 Goldblat, J, op.cit, pp.545-546; en Ferm, R, "Chronology 1989" op.cit, p.680.
- 135 Anthony, I, et al, "Multilateral military-related export control measures", in SIPRI Yearbook 1997, op.cit, p.351.
- 136 SIPRI Yearbook 1988, op.cit, pp.395-485; en Goldblat, J, op.cit, pp.62-65.
- 137 SIPRI Yearbook 1991: World Armaments and Disarmament, Oxford University Press: Oxford, 1991, pp.536-539; en Goldblat, J, op.cit, pp.547-550.
- 138 Croft, S, op.cit, pp.69-70.
- 139 Ibid.
- 140 Goldblat, J, op.cit, pp.171-173
- 141 Ibid, pp.173-174.
- 142 Ibid pp.173-174.



- 143 *Ibid.* p.174.
- 144 *Ibid.*
- 145 Sharp, J M O, "Conventional Arms Control in Europe", in *SIPRI Yearbook 1993: World Armaments and Disarmament*, Oxford University Press: Oxford, 1993, pp.616 en 599-601; en Goldblat, J, *op cit*, pp.178-179.
- 146 Sharp, J M O, *op cit*, pp.592-593.
- 147 *Ibid*; en "Treaty on conventional armed forces in Europe", in *SIPRI Yearbook, 1991, op cit*, pp.461-474.
- 148 *Resolutions and Decisions of the Security Council 1990*, Security Council Official Records: Forty Fifth Year, United Nations New York, 1991, p.19; en "U N Security Council resolutions on the Iraqi invasion of Kuwait", in *SIPRI Yearbook, 1991, op cit*, pp.627-628.
- 149 *Resolutions and Decisions of the Security Council 1991, op cit*, pp.11-15; en Ferm, R, "Chronology 1991", *SIPRI Yearbook 1992: op cit*, p.631.
- 150 *Resolutions and Decisions of the Security Coucil 1991, op cit* pp.11-15; en U N: "Security Council Resolution 687, the cease fire resolution", *SIPRI Yearbook 1992, op cit*, pp.525-530.
- 151 *Resolutions and Decisions of the Security Council 1991, op cit* pp.11-15; en *SIPRI Yearbook 1992, op cit*, pp.525-530.
- 152 *SIPRI Yearbook 1983, op cit*, 1983, p.43; en Karp, R C, "The START Treaty and the future of strategic arms control", in *SIPRI Yearbook 1992, op cit*, p.26.
- 153 Karp, R C, *SIPRI Yearbook 1992, op cit*, pp. 14-15.
- 154 *Ibid.*
- 155 *Ibid*, p.16.
- 156 *Ibid*, pp.16-17.
- 157 Goldblat, J, *op cit*, p.591.
- 158 "Assessing the Cruise Missile Threat", *Strategic Survey 1996-1997, op cit*, p.21.
- 159 Anthony, I, "Multilateral military-related export control measures" in *SIPRI Yearbook, 1997, op cit*, p.354.
- 160 *Ibid*, pp.355-356.
- 161 Larsen, J A, en Rattray, G J, (ed) *Arms Control: Toward the 21<sup>st</sup> Century*, Lynne Rennier Publishers, Boulder, London, 1996, p.324; en *Strategic Survey 1993-1994, op cit*, p.58.
- 162 *Strategic Survey 1996-1997, op cit*, p.21.
- 163 Fieldhouse, R, *et al*, "Nuclear weapon developments and unilateral reduction initiatives," in *SIPRI Yearbook 1992, op cit*, p.65.



164 *Ibid*, pp.67-70.

165 *Ibid*, pp. 71-72.

166 *Ibid*.

167 *Ibid*, pp.65 en 72.

## HOOFSTUK 3

### GLOBALE WAPENBEHEER EN ONTWAPENING NA DIE KOUE OORLOG

In hierdie hoofstuk word wapenbeheer en ontwapening, soos ná die Koue Oorlog (1992-1999) toegepas, bespreek. Die beëindiging van die Koue Oorlog het beslis 'n invloed op die internasionale veiligheidsituasie gehad, en veroorsaak dat die fokus, in aanvulling tot die militêre terrein, ook op ander dimensies wat 'n invloed op die internasionale veiligheidsituasie kan hê, geval het. Faktore wat 'n bepalende invloed op die toepassing van wapenbeheer en ontwapening het word aanvanklik in oënskou geneem. Die belangrikste wapenbeheer- en ontwapeningsooreenkomste, en verdrae wat ná die Koue Oorlog gesluit, geratifiseer en in werking gestel is waaronder pogings om nie-proliferasie in die hand te werk, word vervolgens ten opsigte van die verskeie kategorieë wapens bespreek. Verwikkelinge ten opsigte van CSBM's ná die Koue Oorlog word laastens bespreek.

#### **1. Bepalende faktore vir die toepassing van wapenbeheer en ontwapening ná die Koue Oorlog**

Ná die Koue Oorlog het faktore, anders as die militêre, 'n groter invloed op wapenbeheer en ontwapening begin uitoeften. Faktore soos streekkonflikte, menseregte en -vryhede, omgewingsbesoedeling, koöperatiewe veiligheid, gemeenskaplike en demokratiese waardes en verswakkende ekonomiese situasie het in 'n toenemende mate 'n rol in wapenbeheer- en ontwapeningsonderhandelinge begin speel. Sommige van die belangrikste faktore word vervolgens bespreek.

##### **1.1 Faktore wat wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog bevorder het**

Toe die Koue Oorlog in 1991 tot 'n einde gekom het, is 'n era in internasionale verhoudinge beëindig. Dit het egter ook die begin van 'n era van nuwe veiligheidsbeskouings en regimes ingelui. Die politieke landskap het binne 'n relatief kort tydsbestek radikaal verander. Die Sowjet-Unie het opgehou om te bestaan; die Warschau Verdragsorganisasie (WVO) het ontbind; en Duitsland is herenig. Vanuit die ruïnes van die Sowjet-Unie het vyftien nuwe onafhanklike state ontstaan. Van die state wat vroeër aan die WVO behoort het, het begin om die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO) te oorreed om hulle as lede toe te laat. Hierdie veranderinge het ook 'n invloed elders in die wêreld gehad. Suid- en Noord-Korea het begin kommunikeer met mekaar, radikale stappe is in Suid-Afrika geneem om die



sogenaamde apartheidstelsel tot 'n einde te bring, en in die Midde-Ooste het Israel en die Palestyne begin met veiligheidskeppende samesprekings. Met die VN se sanksie het 'n internasionale koalisie Irak militêr uit Koeweit gedwing en Irak verder gedwing om VN resolusies om sy wapens van grootskaalse vernietiging te vernietig, te aanvaar.<sup>1</sup>

Die gebeure in Oos-Europa het noodwendig 'n uitwerking gehad op die beleidsrigtings van die hoofakteurs op die wêreldtoneel. Omdat die persepsies van veiligheidsbelange van individuele state en groepe state radikaal verander het, moes dit noodwendig 'n invloed op die beleidsvorming van groot moondhede sowel as klein- en mediumgrootte state hê. Die situasie ten opsigte van multilaterale instellings soos die VN, NAVO, die Europese Gemeenskap (EG) en die "Conference on Security and Co-operation in Europe" (CSCE) moes herwaardeer word.<sup>2</sup> Die basiese skeidslyn in die wêreld het van 'n ideologiese een tussen Oos en Wes, na die groeiende ekonomiese gaping tussen die nywerheidstate en die ontwikkelende state - tussen die wêreld se ryk en arm state - verander.<sup>3</sup> Ironies genoeg was dit juis dié skeidslyn wat oorspronklik die ideologiese skeiding veroorsaak het.

Ná die Koue Oorlog het interafhangklikheid van nasionale belang en samewerking die dryfkrag vir stabiliteit en veiligheidskepping geword.<sup>4</sup> In die vorige veiligheidsysteem het militêre alliansies state teen 'n gemeenskaplike vyand verenig en gemobiliseer. Die nuwe veiligheidsysteem waarna nou gestreef word organiseer state nie soseer teen enigiemand of enigiets nie, maar eerder in die verdediging van gemeenskaplike waardes. Die nuwe stelsel is nie meer soseer op 'n balans van mag en vrees gebaseer nie, maar is eerder op die voorkoming van konflikte, waarvan die aard en oorsprong verskillend is van dié van die verlede, gebaseer.<sup>5</sup> Ten opsigte van konflikte, en veral gewapende konflikte, is die prioriteite ná die Koue Oorlog konflikvoorkoming, krisisbestuur, konflikoplossing en vreedsame oplossing van geskille, hetsy intra- of interstaatlik van aard.<sup>6</sup>

Koöperatiewe veiligheid het belangrik geword vir die uitdagings van die toekoms. Koöperatiewe veiligheid is 'n strategiese beginsel waarvolgens daarna gestreef word om bepaalde doelstellings deur institusionele goedkeuring eerder as deur ekonomiese of militêre afdwinging te bereik. Die doel is om deur onderhandeling konsensus te bereik aangaande gemeenskaplike doelwitte, norms, instellings en procedures. In plaas van wedersydse versekerde vernietiging is die basis van 'n koöperatiewe veiligheidstelsel wedersydse herversekering, wat 'n vermoë vereis om samewerking te inisieer en te onderhou tussen soewereine state oor sake wat vroeër as die kern van soewereiniteit beskou is, naamlik besluite wat nodig is om nasionale veiligheid te verseker.<sup>7</sup>

Die stelsel van koöperatiewe veiligheid impliseer algemene aanvaarding en nakoming van verbintenisse om militêre vermoëns en optredes te beperk. Die hoofakteurs in die stelsel is die nasiestate, nie trans- of supranasionale strukture nie; die stelsel veronderstel

wapenbeheer en beperking, nie algemene en algehele ontwapening nie; en maatreëls moet onderhandel en aanvaar word, nie afgedwing word nie. In plaas van wantroue, afskrikking en afdwining, berus die koöperatiewe stelsel op vertroue gebaseer op openheid, deursigtigheid en voorspelbaarheid; samewerking en versekering van goeie trou; en legitimiteit wat afhang van die mate waarin die wapenbeheer of ontwapeningsregime se militêre beperkinge daarin slaag om die lede se veiligheid te verseker. Baie van hierdie elemente funksioneer reeds binne die bestaande veiligheidstrukture soos die VN, OSCE, NAVO en die Wes-Europese Unie (WEU) in samewerking met Sentraal en Oos-Europese state in die Europese Unie (EU). Die koöperatiewe veiligheidstelsel is besig om vorm aan te neem maar dit sal nog lank neem om aan te pas by die veranderde veiligheidsituasie wat na die Koue Oorlog ontstaan het.<sup>8</sup>

Saam met die veranderinge in die globale politieke stelsel is die einde van die Koue Oorlog gekenmerk deur die val van Kommunisme in die Oos-blokstate en die Sowjet-Unie.<sup>9</sup> Die ideologiese polarisasie tussen die Ooste, verteenwoordigend van Kommunisme, en die Weste, verteenwoordigend van Kapitalisme, het tot 'n einde gekom. Die bedreiging van 'n globale militêre konfrontasie en kernoorlog, as gevolg van 'n bipolêre ideologiese verdeling, het dus grootliks verdwyn.

Demokratisering, konflikoplossing, nie-agressie, kollektiewe veiligheid en kompromis het begin om ouoritarisme, oorlog, militêre alliansies, unilaterale inmenging en konfrontasie as aanvaarde internasionale norme te vervang. Die vrye mark ekonomie geniet ook nou groter prominensie in die wêreld as gedurende die Koue Oorlog-era van bipolêre antagonistiese konfrontasie tussen die Ooste en die Weste.<sup>10</sup>

Die val van ouoritêre en totalitêre regimes in die laat tagtigerjare, wat met die val van Kommunisme gepaard gegaan het, het ná die beëindiging van die Koue Oorlog tot 'n groter bewustheid van menseregte en moraliteit in die wêreld geleid. Politieke veranderinge in Latyns-Amerika, Sentraal en Oos-Europa en in Afrika het hiertoe aanleiding gegee. Die sosialistiese siening van menseregte in Sentraal en Oos-Europa is blootgelê as 'n rookskerm vir die skending van menseregte. Konsepte soos liberalisering, demokratisering en die skepping van "regte-beskermende regimes" het begin manifesteer.<sup>11</sup>

Steun vir die handhawing van menseregte en moraliteit het na die Koue Oorlog tot 'n groter mate 'n internasionale norm geword.<sup>12</sup> Die erkenning van menseregte en moraliteit deur die regering van 'n spesifieke staat lei tot groter harmonie binneland en groter toegeneentheid vanaf die buiteland jeens so 'n staat. Die gevær van binnelandse onrus as gevolg van die ontsegging van menseregte, sowel as die moontlikheid van inmenging van buite, word dus veral in bepaalde wêrelddele verminder. Omdat die gevær van militêre konflik dus verminder, dien die erkenning van menseregte en moraliteit dus indirek as 'n bydraende faktor om wapenbeheer en ontwapening te bevorder.

In Europa is die hoof dryfvere nou die strewe na legitieme regerings en demokratiese state, menseregte en vryhede. Ander bedreigings het egter na vore gekom: ekonomiese krisisse, etniese konflikte, massamigrasie, internasionale terrorisme en misdaad, asook oor-grens besoedeling van die omgewing. Hierdie aspekte sal in die toekoms, addisioneel tot wapenbeheer en ontwapening, nuwe dimensies aan veiligheidsamesprekings en besluitneming gee.<sup>13</sup>

'n Verdere bydraende faktor tot die bevordering van wapenbeheer en ontwapening is die ekonomiese probleme wat veral in Sentraal en Oos-Europese state ná die Koue Oorlog ontstaan het. Ekonomiese ineenstortings het gelei tot wapenvermindering en demilitarisering en politieke transformasie het aktiewe deelname in wapenbeheeronderhandelinge genoodsaak. Ekonomiese probleme was ook in ontwikkelende state die hoofoorsaak van verminderde verdedigingsuitgawes en wapenaankope.<sup>14</sup> Wapens raak ook almeer gesofistikeerd en te duur om aan te skaf. Wanneer die gevvaar van oorlog verminder is dit ook 'n natuurlike neiging by state dat prioriteite verander en beskikbare fondse eerder vir die bevordering van sake soos die onderwys, gesondheid, behuising en werkskepping aangewend word. Indien state se ekonomiese omstandighede sou verbeter is daar vanselfsprekend geen waarborg dat verdedigingsuitgawes nie weer sal begin styg nie. In Suid-Oos Asië het ekonomiese vooruitgang na die Koue Oorlog gepaard gegaan met verhoogde verdedigingsuitgawes.<sup>15</sup> Humanitaire oorwegings het ook na die Koue Oorlog daartoe gelei dat daadwerklike stappe internasionaal gedoen is om sekere sogenaamde onmenslike wapens soos teen-personeelmyne en chemiese wapens te verbied en strenger maatreëls in te stel om die verbod op biologiese wapens te versterk. Hierdie wapens veroorsaak ontsettende leiding en verminking wanneer mense daardeur gewond of besmet word, en word daarom as onmenslik beskou.

## 1.2 Faktore wat wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog nadelig beïnvloed

Een van die grootste krisisse na die Koue Oorlog is die voorkoms van gewapende konflikte, veral in die Derde Wêreld, wat hoofsaaklik intrastaatlik van aard is.<sup>16</sup> Vanaf 1989 tot 1999 het gemiddeld 28 grootskaalse (met meer as 1 000 oorlogverwante sterftes) gewapende konflikte wêreldwyd, waarvan die meeste in Afrika en Asië, plaasgevind. Die duur van sommige konflikte strek vanselfsprekend oor 'n aantal jare. Veertien van die konflikte wat in 1999 aan die gang was, het byvoorbeeld reeds voor die beëindiging van die Koue Oorlog begin. Die oorblywende dertien is na die Koue Oorlog begin. Die gemiddelde voorkoms per jaar van

hierdie konflikte na die Koue Oorlog (1992-1999) per streek toon die volgende: Afrika: 6-7; Suid-Amerika: 1-2; Asië: 8; Europa: 2-3; Midde-Ooste: 5. In Afrika het die konflikte van 11 per jaar in 1990 en 1991 ná die Koue Oorlog aanvanklik afgeneem, maar in 1998 en 1999 weer toegeneem tot 11 per jaar.<sup>17</sup> Van die gewapende konflikte wat vanaf 1992 tot 1997 plaasgevind het was net vier interstaatlik van aard. Net twee van die konflikte, waarvan een in 1998 begin het, was in 1998 en 1999 interstaatlik van aard.<sup>18</sup>

Soos die Joego-Slawiese burgeroorlog, tussen die Serwiërs en die Kroate wat in 1992 begin het,<sup>19</sup> en die Irakse inval in Koeweit en bovermelde statistieke duidelik demonstreer, sal die toekomstige wêreld nie sonder konflik wees nie. Konflikte tussen vyandige groepe binne state; konflikte wat tussen state oor grense heen ontstaan; en rasse en etniese verskille, sal bly voortbestaan. Politieke revolusies sal steeds voorkom en historiese geskille oor politieke grense sal voortgaan.<sup>20</sup> Alhoewel besoedeling van byvoorbeeld 'n staat se riviere en mere deur suurreën, afkomstig vanaf 'n ander staat, nog nie tot dusver 'n militêre konflik veroorsaak het nie, is dié moontlikheid in die volgende dekade glad nie so vergesog nie.<sup>21</sup> Godsdienstige verskille binne state en tussen state; vinnige bevolkingsgroei wat gepaard gaan met 'n skaarste aan natuurlike hulpbronne soos voedsel en water; en oorgrens migrasie van vlugtelinge, is verdere moontlike faktore wat tot konflik aanleiding kan gee.<sup>22</sup> Ekonomiese verskille tussen state sal toeneem namate die een-en-twintigste eeu se tegnologie ongelyk deur die wêreld versprei. Gedurende die tydperk wat vanaf 1950 tot 1995 gestrek het, het 125 oorloë wat in die Derde Wêreld plaasgevind het 40 miljoen lewens geëis. Die onderliggende redes vir konflik in die Derde Wêreld het reeds voor die begin van die Koue Oorlog bestaan en sal dus sekertlik aanhou voortbestaan noudat die Koue Oorlog verby is.<sup>23</sup>

Veiligheidsorganisasies het blykbaar nie die vermoë om soortgelyke konflikte op te los nie, en die groot moondhede het belang verloor by gebiede wat vroeër binne hulle invloedsfeer geval het. Baie state verval in anargie en onregeerbaarheid vanweë hul eie onvermoë om doeltreffend te regeer en te administreer.<sup>24</sup> Die vraag ontstaan of die internasionale gemeenskap nie 'n plig en verantwoordelikheid het teenoor state waar die volgende aan die orde van die dag is nie: menseslagtings; aggressie wat deur die owerheid teenoor sy eie burgers gepleeg, word waardeur growwe skendings van menseregte aan die orde is; 'n owerheid wat nie in staat is om sy burgers wat van hulle basiese menseregte beroof word te beskerm nie; en burgers wat binne 'n staat gedood word omdat dit sogenaamd in belang van landsveiligheid is. Die reg van die internasionale gemeenskap om in te gryp in sulke gevalle, moet in hierdie konteks versoen word met die regte van die individuele staat tot soewereiniteit, gelyke regte, en die reg tot geen immenging in die huishoudelike sake van 'n spesifieke staat. Hierdie oorwegings het almeer na vore getree in die internasionale



gemeenskap nadat die risiko van 'n globale oorlog of 'n beplande kernaanval deur een moondheid of staat teen 'n ander, bykans verdwyn het. Plaaslike en intrastaatlike konflikte het nou 'n belangrike probleem geword.<sup>25</sup>

Die praktyk het getoon dat die opbou van wapenvoorrade nie noodwendig tot oorlog lei nie. Die kernwapenwedloop tussen die twee supermoondhede gedurende die Koue Oorlog is afdoende bewys hiervan. Wapens lei dus nie noodwendig, soos die teenstanders daarvan aanvoer, tot gewapende konflik nie maar dit kan streekstabiliteit benadeel en bestaande konflikte vererger, soos wat die twee supermoondhede gedurende die Koue Oorlog by herhaling, deur wapenverskaffing en militêre steun aan hulle bondgenote, bewys het.<sup>26</sup>

Daar is vanselfsprekend 'n duidelike verband tussen die aanvraag vir wapens en die voorkoms van militêre konflikte tussen state. Die aanvraag vir wapens sal styg met 'n toename in konflikte en vererger sodoende die probleem van proliferasie. State wat in 'n militêre konflik gewikkel is wil ten alle koste as oorwinnaar uit die stryd tree. Hulle sal dus van alle beskikbare metodes gebruik maak om wapens te bekom. Indien hulle dit nie deur die wettige kanale kan bekom nie sal hulle, indien nodig, in so 'n situasie in die belang van landsveiligheid en selfbehoud, ook van onwettige en koerte metodes om wapens te bekom, gebruik maak. Só 'n situasie bemoeilik vanselfsprekend enige wapenbeheer of ontwapeningspogings aansienlik. Die verspreiding van veral konvensionele wapens ry ook pogings om dit te beheer of af te skaf in die wiele. Ten spyte van talle pogings om dit te beperk gaan wapenhandel, wettig en onwettig, steeds wêreldwyd voort. State wat wapens vervaardig is onder interne druk om dit uit te voer want dit verdien buitelandse valuta en streeksvyandighede veroorsaak dat state meer wapens wil aanskaf. Oorplasings van wapens van een staat na 'n ander kan selfs as 'n vorm van afskrikking, om sodoende vrede en stabiliteit te handhaaf, bedoel wees.<sup>27</sup>

Die groeiende probleem om die nakoming van wapenbeheer- en ontwapeningsooreenkoms te bevestig, is 'n verdere faktor wat hierdie ooreenkoms bemoeilik. Sommige van die oorsake hiervan is die koste verbonde aan indringende verifikasie; nuwe wapenvervaardigstegnieke, die miniaturisering van elektroniese komponente; en wapenontwikkelingsprogramme en wapenvermoëns wat makliker word om te verberg en dus moeiliker om op te spoor en te verifieer.<sup>28</sup>

Soos later in hierdie hoofstuk bespreek sal word, is die koste verbonde aan die vernietiging van veral kern- en chemiese wapens van so 'n astronomiese omvang dat dit jare sal neem om die ooreenkoms wat reeds hieroor bereik is na te kom. Rusland is byvoorbeeld afhanklik van buitelandse finansiële ondersteuning vir die vernietiging van sy chemiese wapenarsenaal. Hierdie aspek het dus ook 'n negatiewe invloed op wapenbeheer en ontwapening.



In die nuwe internasionale politieke omgewing is die belangrikste uitdaging ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening sekerlik om die proliferasie van wapens, tegnologie en lanseerstelsels te verhoed of ten minste te probeer beperk. Hierdie aspek word vervolgens in oënskou geneem.

## 2. Proliferasie van wapens en lanseerstelsels

Die proliferasie van wapens geld in ewevel mate vir konvensionele, chemiese, biologiese en kernwapens. 'n Newe-effek van die Sowjet-Unie se verbrokkeling was byvoorbeeld dat behalwe Rusland, drie ander state van die Gemenebes van Onafhanklike State, naamlik Oekraïne, Belarus en Kazakhstan ook oor kernwapens en hulle aflewingstelsels beskik het.<sup>29</sup>

In 1992 het die direkteure van die Sentrale en Verdedigings Intelligensie Agentskappe van die VSA die Kongres daarop gewys dat die proliferasie van kern-, chemiese- en biologiese wapens besig was om 'n al groter bedreiging vir wêreldvrede te word. Kommer oor kernontwikkelings in Noord-Korea en die VN inspeksies van Irak se militêre en kernaanlegte het wêreldwyd prominente aandag geniet. Pakistan het reeds in 1991 erken dat hy oor al die komponente vir kernwapenvervaardiging beskik. Soortgelyke verklarings deur Indië het gevolg.<sup>30</sup> Soos welbekend is het hierdie twee state gedurende Mei 1998 suksesvolle kernwapentoetse uitgevoer.<sup>31</sup>

Streekspogings om kern, chemiese, bakteriologiese en biologiese wapens, ballistiese missiele en gevorderde konvensionele wapens te bekom, bedreig nie alleen streekstabiliteit nie maar ook globale stabiliteit.<sup>32</sup> Ter versterking van hierdie argument noem John Deutch, direkteur van die Sentrale Intelligensie Agentskap (SIA), in sy verslag getiteld World Wide Threat Assessment, aan die Kongres van die VSA in 1996, veral vier bedreigings in die ná-Koue Oorlogwêreld: etniese konflikte en humanitaire krisisse; die proses van transformasie en "metamorfose" wat in Rusland en die Volksrepubliek van Sjina aan die gang is; en dan twee belangrike bedreigings wat op proliferasie van wapens betrekking het: die sogenoamde "skurkstate" soos Iran, Irak, Libië en Noord-Korea wat formidabele militêre magte vir hulself opgebou het, en wat naarstiglik poog om wapens van grootskaalse vernietiging te bekom; en proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging, terrorisme, dwelms en misdaad. Veiligheidskundiges van een van die mees vooraanstaande navorsingsentra in post-Sowjet Rusland deel hierdie siening van risiko's vir, en prioriteite van, veiligheidsbeleid.<sup>33</sup> Indien hierdie "skurkstate" wapens van grootskaalse vernietiging sou bekom, sal veral die aangrensende state bedreigd voel en kan dit daartoe lei dat dié state ook pogings sal begin aanwend om wapens van grootskaalse vernietiging te bekom, sodat dit as afskrikmiddel kan

dien. "Skurkstate" soos Libië en Iran borg internasionale terrorisme, wat die saak verder vererger indien terroriste wapens van grootskaalse vernietiging sou bekom.<sup>34</sup>

Die proliferasie van kern, chemiese en biologiese wapens, ballistiese missiele en vliegtuie wat hierdie wapens kan aflewer, en konvensionele wapens, word vervolgens bespreek.

## 2.1 Die proliferasie van kernwapens

In 1995 was daar nog 'n geskatte 40 000 kernploffkoppe wêreldwyd, met 'n vernietigingskrag van een miljoen keer dié van die Hiroshima bom. Teen die jaar 2003 sal hierdie arsenale nog nie tot minder as 10 000 verminder wees nie. Dit is ietwat vergesog om te hoop op 'n kernwapenvrye wêreld in die toekoms. Politieke en burgerlike leiers in die Weste glo steeds dat kernafskrikking oorlog verhoed.<sup>35</sup>

Onlangse verklarings van al die kernwaperstate bevestig dat kernwapens steeds die basis vir verdediging en afskrikking vir die afsienbare toekoms sal bly. Die Russiese Federasie se militêre magte is tans gedemoraliseer en swak toegerus en hulle konvensionele wapens is ontoereikend. Hulle het totaal weg beweeg van Gorbatsjof se visie van 'n kernwapenvrye wêreld teen die jaar 2000, en die noodsaaklikheid van kernwapens herbevestig. Kern en konvensionele doktrines en magte in die Weste is in die proses om aangepas te word om bedreigings soos terrorisme, fundamentalisme en humanitaire krisisse die hoof te kan bied, maar steeds met groot nadruk om hulpbronne op die tradisionele wyse aan te wend om militêre meerderwaardigheid te bekom.<sup>36</sup>

Ten spyte van kommer wat wêreldwyd ten opsigte van die proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging bestaan, is dit bemoedigend en insiggewend om te let op hoe kernontploffings wêreldwyd afgeneem het na die Koue Oorlog. In vergelyking met die Gorbatsjof-era (1985-1991) toe daar, ten spyte van 'n radikale positiewe verandering in internasionale verhoudinge, steeds 206 kernontploffings plaasgevind het, het die aantal kernontploffings na die Koue Oorlog, tussen 1992 tot 1998, dramaties tot net 25 verminder. Die Volksrepubliek van Sjina was vir nege van hierdie ontploffings verantwoordelik, die VSA vir ses en Frankryk vir ses. Vanaf 1993 het Rusland, die VSA en die Verenigde Koninkryk geen kernontploffings laat plaasvind nie. Soos reeds genoem het Indië en Pakistan egter gedurende 1998 elk twee kernwapentoetse uitgevoer.<sup>37</sup>

Met vredestydse kernkragprogramme soos die van Japan word groot hoeveelhede plutonium en wapengehalte kernbrandstof egter steeds vervaardig. Geen ten volle betroubare globale monitering, verantwoordingdoening of rapporteringstelsel ten opsigte van produksie, berging, en verspreiding van sulke brandstof bestaan tans nie. Dié take val buite die huidige

beskikbare hulpbronne van die IAEA. Dit word geskat dat teen vyf tot sewe kilogram plutonium per bom, die potensiaal vir die vervaardiging van basiese kernwapens as gevolg van plutoniumproduksie, sowel as die hersirkulering van plutonium afkomstig van afgetakelde kernwapens, wêreldwyd bestaan.<sup>38</sup> Plutonium word ook wêreldwyd beskikbaar gemaak as gevolg van kernprosesseringsaanlegte wat plutonium uit gebruikte kernreaktorbrandstof onttrek. Daar is reeds 44 state wêreldwyd wat van kernreaktors gebruik maak.<sup>39</sup>

Plutonium en hoogs verrykte uraan wat afkomstig is van kernwapens verwissel ook hande wanneer dit van militêre beheer na burgerlike beheer oorgeplaas word vir aftakeling. Tien kilogram plutoniumoksied en 'n groot hoeveelheid konvensionele plofstof is genoeg om 'n eenvoudige kernploffestoel te vervaardig. Tegniese inligting om so 'n ploffestoel te vervaardig is vrylik in ope literatuur beskikbaar, en een bevoegde tegnikus kan die werk verrig. Materiaal en toerusting wat by 'n hardwarewinkel en by 'n verskaffer van wetenskaplike toerusting aan studente, gekoop kan word kan vir hierdie toestel gebruik word. So 'n kernploffestoel kan 'n plofkrag van 100 tot 1 000 ton trinitrotoluene (TNT) hê en kan in 'n mediumgrootte afleweringsvoertuig of 'n kleinerige motorboot vervoer word. Dit is van die voorgaande duidelik dat indien kernmateriaal in die hande van subnasionale groepe soos terroriste en smokkelaars moet val, dit geweldige gevare vir die hele wêreld inhoud. Internasionale kernterrorisme en smokkelhandel in kernmateriaal op die swartmark is dus 'n wesenlike gevaar.<sup>40</sup>

## 2.2 Die proliferasie van chemiese en biologiese wapens

In 1995 het die vermoede reeds bestaan dat vyftien state in die wêreld óf reeds chemiese wapens besit óf oor die vermoë beskik om dit te bekom. Soveel as elf ander state beskik waarskynlik ook oor die vermoë om chemiese wapens te vervaardig óf is in die proses om die vermoë te ontwikkel. Globale voorrade van hierdie wapens en die materiaal daarvoor is baie groot en dit is nie seker wanneer en met watter sekerheid dit vernietig sal kan word nie.<sup>41</sup>

Kommer oor die proliferasie van chemiese en biologiese wapens is geregverdig as gevolg van die aantreklikheid daarvan vir sekere state. Dié wapens verbeter 'n staat se militêre vermoë aansienlik; dit word beskou as wapens wat vir afskrikkings- en strategiese doeleindes gebruik kan word; ("n arm man se kernwapen"); dit kan teen lae koste ontwikkel word en is relatief eenvoudig om te vervaardig; en die relatief vrylike beskikbaarheid van aflewingstelsels verhoog die moontlikheid van effektiewe gebruik daarvan.<sup>42</sup> Baie van die chemiese stowwe en vervaardigingstoerusting wat nodig is om dié wapens te vervaardig is vrylik in die wettige handel beskikbaar. Die wapens kan afgelewer word deur middel van 'n mortierbom, artilleriebom, vuurpyl, missiel of selfs 'n spreiproses in die atmosfeer deur van 'n



vliegtuig gebruik te maak. Procedures wat gevolg kan word om só 'n bom te vervaardig is vrylik in die ope literatuur beskikbaar. Dit kan maklik in teeninsurgensie operasies aangewend word.<sup>43</sup> 'n Verdere oorweging wat dié wapens vir diegene wat dit wil gebruik aantreklik maak, is die feit dat die wapens mense uitwis sonder om byvoorbeeld geboue en wapentuig noemenswaardig te beskadig.

Die relatiewe lae koste en eenvoud van vervaardiging sowel as die eenvoudige metodes van aflewering in vergelyking met kernwapens, maak van hierdie uiters gevaarlike wapens van grootskaalse uitwissing, dus 'n uiters aantreklike instrument in die hande van 'n gewetenlose smokkelaar, internasionale terroris of selfs 'n staatshoof, om bepaalde doelwitte te bereik. Dit is ook uit die voorgaande duidelik dat proliferasie van hierdie wapens 'n geweldige groot gevaar vir die wêreld inhoud.

### **2.3 Die proliferasie van ballistiese missiele en vliegtuie wat kernwapens kan aflewer**

Wêreldwyd beskik 25 state reeds oor langafstand ballistiese missiele wat die vermoë het om wapens van grootskaalse vernietiging in hul teenstanders se gebiede af te lewer. Driekwart van hierdie state het reeds, of is in die proses om produksievermoë vir hierdie missiele te bekom. Gedurende 1995 het 20 state wêreldwyd reeds oor die vermoë om ten minste twee van chemiese, biologiese, of kernwapens en ballistiese missiele te vervaardig beskik, of dit reeds besit. Die betrokke state is die vyf permanente lede van die Veiligheidsraad van die VN sowel as Israel, Noord-Korea, Suid-Afrika, Indië, Pakistan, Irak, Iran, Sirië, Egipte, Taiwan, Suid-Korea, Argentinië, Brazilië, Libië en Kuba. Meeste van hierdie state het óf die vermoë, óf is in die proses om in drie van die vier kategorieë wapens 'n vermoë te ontwikkel.<sup>44</sup>

Westerse en Russiese grond-tot-grond ballistiese missiele kan kernwapens dra en hierdie missiele bestaan reeds in die wapenarsenale van verskeie Derde Wêreldstate. Hierdie missiele is baie effektief om kernwapens oor lang afstande af te lewer. Al meer state bekom ballistiese missiele deur wêreldhandel, en Derde Wêreldstate wat daaroor beskik voorsien aan state wat dit nie het nie. Hoe meer vervaardigers daar is hoe makliker is dit om die missiele te bekom. Die moontlikheid bestaan ook hier dat subnasionale groepe hierdie missiele in die toekoms op 'n onwettige wyse sal kan bekom.<sup>45</sup>

Al die Derde Wêreldstate soos Indië en Pakistan wat oor kernwapens beskik, sowel as dié wat vermoedelik oor kernwapens beskik of in die proses is om dit te vervaardig, beskik oor vliegtuie wat in staat is om kernwapens af te lewer. 'n Kernwapen is relatief klein, weeg 200 tot 300 kilogram en is ongeveer 60 sentimeter in deursnee. Hierdie wapens is klein genoeg om deur 'n terroristegroep in 'n kleinerige boot in 'n hawe ingesmokkel te word of in 'n



aflewerdingsvoertuig in die middel van 'n stad geparkeer te word, en dan met afstandbeheer gedetoneer te word, iets wat nie so vergesog is nie, en glad nie onmoontlik is indien so 'n wapen in die verkeerde hande sou val nie.<sup>46</sup>

## 2.4 Die proliferasie van konvensionele wapens

'n Sleutelaspek ten opsigte van die proliferasie van wapens na die Koue Oorlog is die wêreldwye oorplasings deur middel van uitvoere van gesofistikeerde konvensionele wapens, veral na die Derde Wêreld. Die genoemde grootskaalse gewapende konflikte wat na die Koue Oorlog oor die wêreld plaasgevind het sowel as dié wat tans aan die gang is word hoofsaaklik met ligte en klein wapens geveg. Die proliferasie van hierdie wapens gaan bykans onbeheersd voort en word wettig in die vrye handel bevorder. In die middel negentigerjare het die Amerikaanse Wapenbeheer en Ontwapeningsagentskap die handel in kleinwapens en ammunisie as gedeelte van wêreld wapenhandel op 13 persent geskat.<sup>47</sup> Gedurende die Koue Oorlog het die VSA en die Sowjet-Unie wapenoorplasings as 'n metode om politieke steun van strategies geleë Derde Wêreldstate te bekom, gebruik. 'n Kliëntestaat se militêre mag word byvoorbeeld versterk deur wapens aan hom te verskaf en daardeur die magsbalans in 'n streek te probeer verander, wat kan beteken dat dit ten alle koste vermy moet word dat die kliëntestaat tot 'n val kom of 'n militêre konflik verloor. Wapenverskaffing kan ook as middel dien om die ontvangerstaat te manipuleer om politieke besluite te neem wat die verskaffer begunstig. Wapens word dan as "straf" weerhou indien die kliëntestaat nie "saamwerk" nie en as "beloning" verskaf indien die kliëntestaat wel "saamwerk". Kommersiële verskaffers is weer meer ingestel op die inkomste wat hulle deur wapenhandel kan genereer, en die werkskeppende aard daarvan, as om te poog om enige invloed op die kliënt uit te oefen. Hulle is ook minder besorgd oor die identiteit van die ontvanger of sy politieke affiliasies, en meer geïnteresseerd in sy kredietwaardigheid en sy vermoë om te betaal. Hulle sal selfs wapens aan albei partye in 'n gewapende konflik verskaf.<sup>48</sup>

Vir baie Wes-Europese state en Derde Wêrelvoorsieners soos die Volksrepubliek van Sjina en Brasilië gaan dit om ekonomiese oorwegings. Ekonomiese oorwegings het in die laat negentigerjare vir die Sowjet-Unie ook belangriker geword. Die aanvraag na wapens was egter ook groot en veral state in die Derde Wêreld het aangehou om wapens te koop. Een van die belangrikste redes hiervoor was en is steeds die betrokkenheid van state by interne en eksterne konflikte.<sup>49</sup>

Nie alle wapenoorplasings vind deur regerings en legitieme handelskanale plaas nie. Wapenhandel is ook vir terroriste, smokkelaars en ander soortgelyke belangegroepe, sowel as koverte regeringsagentskappe wat betrokke is by geheime lewering van wapens, 'n baie

aanloklike en winsgewende besigheid. Die omset van onwettige of koverte wapenhandel wêreldwyd, beloop tussen vyf en tien biljoen dollars per jaar. Wapens soos gevorderde helikopters, klosbomme, missiele en volledige straalvegvliegtuie is hierby betrokke.

Hierdie wapenhandel bestaan uit twee marksegmente, naamlik die grysmark en die swartmark. Die grysmark behels regeringsgoedgekeurde of koverte wapentransaksies wat internasionale sanksies en embargo's omseil. Die swartmark behels onwettige of nie-goedgekeurde oorplasings van wapens deur privaat wapenhandelaars en smokkelaars. Hierdie wapens is gewoonlik kleiner van aard weens die probleme verbonde aan die onopsigtelike verpakking of verbergung van groot wapens soos tenks en kanonne. Vele Derde Wêreldstate wat in konfliktuasies betrokke raak bekom hulle wapens deur hierdie markte.<sup>50</sup>

Die vloei van wapens van uitvoerders na invoerders ná die Koue Oorlog, is die gevolg van ontwapeningsooreenkoms en wapenvermindering wat voortspruit uit die ineenstorting van die ekonomiese van state soos Rusland, Oekraïne en ander voormalige Sowjet republieke. Toetrede tot die wapennywerheid en -mark sal deur Sentraal en Oos-Europese state gesien word as 'n metode om hulle binnelandse ekonomiese probleme op te los. In die geval van die VSA, wat die grootste uitvoerder van gesofistikeerde konvensionele wapens en tegnologie is, geld ekonomiese redes sowel as die beskerming van sy belang binne sy invloedsfere seer sekerlik steeds.<sup>51</sup>

Gedurende die tydperk 1987 tot 1991 is gesofistikeerde konvensionele wapens ten bedrae van 174 532 miljoen dollar wêreldwyd uitgevoer. Die ses grootste uitvoerders (in volgorde), naamlik die Sowjet-Unie, die VSA, Frankryk, die Verenigde Koninkryk, die Volksrepubliek van Sjina en Duitsland, was verantwoordelik vir 89 persent van hierdie uitvoere. Die ses grootste invoerders (in volgorde) was Indië, Saoedi-Arabië, Irak, Japan, Afghanistan en Turkye.<sup>52</sup>

Gedurende die ná-Koue Oorlogtydperk vanaf 1992 tot 1999 is gesofistikeerde konvensionele wapens ten bedrae van 189 312 miljoen dollar wêreldwyd uitgevoer. Die ses grootste uitvoerders, naamlik die VSA, Rusland, Duitsland, die Verenigde Koninkryk, Frankryk en die Volksrepubliek van Sjina, (Nederland vanaf 1997-1999) was vir 87 persent van hierdie uitvoere verantwoordelik. Van die grootste invoerders was onder andere Saoedi-Arabië, Turkye, Egipte, Taiwan, Japan, die Volksrepubliek van Sjina, Indië en Suid-Korea. Alhoewel die uitvoere van hierdie wapens ná die Koue Oorlog met bykans 32 persent (1992-1996 in vergelyking met 1987-1991) afgeneem het, is dit uit bostaande statistiek duidelik dat wapenhandel steeds, ten spyte van die Koue Oorlog wat iets van die verlede is, 'n uiters winsgewende besigheid is en dat daar steeds 'n groot aanvraag vir wapens wêreldwyd bestaan.<sup>53</sup>

Ten opsigte van die proliferasie van gevorderde tegnologie en wapens, sal



strategieë om die aanbodkant aan te spreek faal indien die aanvraagkant nie ook met soortgelyke intensiteit aangespreek word nie. Teen die einde van 1993 is die tradisionele nie-proliferasie agenda, met die klem op die beheer van die verspreiding van wapens en tegnologie, met 'n nuwe dimensie, naamlik deproliferasie, aangevul. Deproliferasie, veral van kernwapens, het dit ten doel dat die proses van proliferasie omgekeer word waar dit reeds begin het.

Wapenbeheer, ontwapening en 'n internasionale koöperatiewe veiligheidstelsel sal internasionale nie-proliferasie norme kan skep en versterk en sodoende 'n bydrae lewer tot vertroueversterking wat die behoefte aan nuwe wapens en tegnologie kan verminder.<sup>54</sup> In die lig van die voorgaande situasie ten opsigte van die proliferasie van alle kategorieë wapens, is dit duidelik dat die noodsaaklikheid van doeltreffende wapenbeheer- en ontwapeningsmaatreëls geensins afgeneem het na die beëindiging van die Koue Oorlog nie.

Behalwe die militêre aspekte, het die klem egter ná die Koue Oorlog ook op aspekte soos konflikvoorkoming, konflikoplossing, krisisbestuur, sowel as ekonomiese, ekologiese, demografiese, kommunikasie, humanitaire en tegnologiese dimensies van die internasionale veiligheidsituasie begin val. Nasionale en internasionale veiligheid het dus sonder twyfel baie meer multidimensioneel geword nadat die Koue Oorlog tot 'n einde gekom het. Die belangrikste wapenbeheer- en ontwapeningsooreenkomste en verdrae wat ná die Koue Oorlog, veral gedurende die tydperk 1992 tot 1999 gesluit, geratifiseer en in werking gestel is word vervolgens bespreek.

### **3. Die belangrikste wapenbeheer- en ontwapeningsooreenkomste wat ná die Koue Oorlog gesluit is**

In die lig van die proliferasie van alle kategorieë wapens, soos in die voorafgaande afdeling geskets, is dit duidelik dat wapenbeheer en ontwapening in die ná-Koue Oorlogtydperk steeds 'n belangrike rol in die strewe na internasionale vrede en veiligheid het, om te vervul. Die belangrikste ooreenkomste ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening met verwysing na kernwapens, chemiese en biologiese wapens, langafstand ballistiese missiele, en konvensionele wapens, insluitende ligte en kleinwapens, word vervolgens bespreek. Ten slotte word die vordering wat daar na die Koue Oorlog ten opsigte van CSBM's gemaak is, bespreek.



### 3.1 Ooreenkomste wat ten opsigte van kernwapens gesluit is

Aan die begin van 2001 was die stand van kernmagte van die vyf verklaarde kernwapenstate soos volg:

Staat	Strate-giese Bom-werpers	IKBM's	DGBM's	Nie-Strategiese Magte	Defensiewe Strategiese Magte	Totale aantal Kernplof-koppe
VSA	115/72	550	432	325 SGKM's en bomme (1 670 kernplofkoppe)	0	8 876
Rusland	78	738	284	480 vliegtuie, SGKM'S en torpedo's (2 390 kernplofkoppe)	1 200 GLM's (1 200 Kernplofkoppe)	9 196
Frankryk	84	0	48	0	0	348
Verenigde Koninkryk (VK)	0	0	48	0	0	185
Volksrepubliek van Sjina	150	128 LGM's	12	Getalle onbekend (120 kernplofkoppe)	0	410

Bron : Kristensen, H M, and Handler, J M, "Tables of nuclear forces", in SIPRI Yearbook 2001: Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 2001, pp.457-486. IKBM: Inter-Kontinentale Ballistiese Missiel; DGBM: Duikboot-Gelanseerde Ballistiese Missiel; SGKM's: See-Gelanseerde Kruiser Missiele; GLM's: Grond-tot-lug Missiele; LGM's: Landgebaseerde Missiele.

Die VSA se getalle bomwerpers word aangetoon as 'n totaal van 115 waarvan 72 vir operasionele aanwending beskikbaar is. Die VSA se aantal bomme wat vir nie-strategiese doeleindes aangewend kan word is onbekend maar verteenwoordig 1 350 kernplofkoppe. Die Volksrepubliek van Sjina se nie-strategiese magte bestaan uit missiele, bomme en "Atomic Demolition Mines".

Benewens bogemelde beskik Indië oor 'n geskatte 30 kernwapens; Pakistan oor 'n geskatte 15-20 kernkomponente; en Israel vermoedelik oor 'n geskatte 200 kernplofkoppe. Aldrie hierdie state beskik ook oor vliegtuie en missiele wat hierdie wapens kan aflewer.<sup>55</sup>

Alhoewel die gevaar van 'n kernkonflik tussen die VSA en Rusland na die beeindiging van die Koue Oorlog grootliks verdwyn het, is die toekoms onvoorspelbaar en hou die proliferasie van kernwapens en verwante tegnologieë steeds 'n groot bedreiging vir die wêreld



in. Soos reeds aangetoon bestaan daar steeds groot kernarsenale en Indië, Pakistan, en na bewering Israel, besit ook kernwapens.

Pogings om kernwapens te verminder en kernproliferasie teë te werk gaan dus onverpoosd voort ná die Koue Oorlog. Hierdie ooreenkomste en onderhandelinge vind hoofsaaklik op 'n bilaterale basis tussen die VSA en Rusland plaas, want dié twee state beskik oor die grootste getalle kernwapens in die wêreld. Behalwe hierdie bilaterale ooreenkomste is daar egter ook, soos onder andere vervolgens aangedui sal word, 'n aantal multilaterale ooreenkomste na die Koue Oorlog gesluit.

### **3.1.1 Die 1991-1992 VSA-Russiese unilaterale vermindering van kernwapens**

In opvolging van die aankondigings oor unilaterale vermindering van kernmagte wat Presidente Bush van die VSA en Gorbatsjof van die voormalige Sowjet-Unie gedurende 1991 gemaak het, het President Bush en President B Yeltsin van Rusland hulself in 1992 op 'n informele wyse tot verdere kernontwapening verbind. Op 28 Januarie 1992 het President Bush die volgende unilaterale maatreëls aangekondig: die "Midgetman" enkelplofkop ICBM program is gekanselleer en produksie van die B-2 strategiese bomwerper en die MX ICBM is gestaak; en geen gevorderde kruisernissiele sou meer aangekoop word nie. Hierdie unilaterale maatreëls was vergesel van voorstelle om land-gebaseerde ballistiese missiele met veelvuldige plofkoppe af te takel. Om hierdie voorstel aantreklik te maak vir die Gemenebes van Onafhanklike State (GOS) het Bush onderneem om die 50 MX missiele wat reeds ontplooい was te vernietig; om 500 drieplofkop "Minuteman" missiele se plofkoppe met twee elk te verminder; en om die VSA se DGBM plofkoppe met 'n derde onder die START Ivlak te verminder. Hy was verder bereid om 'n substantiewe aantal strategiese bomwerpers aan te pas om primêr vir konvensionele doeleindes aangewend te word. President Bush was bereid tot laasgenoemde addisionele toegewings indien die GOS sou instem om hulle land-gebaseerde MIRV's af te takel.<sup>56</sup>

Op 29 Januarie 1992 het President Yeltsin die volgende unilaterale maatreëls aangaande die vermindering van strategiese kernmagte deur Rusland aangekondig: ongeveer 600 land- en seegebaseerde strategiese ballistiese missiele, verteenwoordigend van bykans 1 250 kernplofkoppe, is van operasionele gereedheid verwijder; 'n totaal van 130 interkontinentale ballistiese missielanseersilos is vernietig of is in die proses van voorbereiding vir vernietiging; ses kernduikbote is voorberei vir die aftakeling van hul missielanseerstelsels; en programme vir die ontwikkeling en modernisering van verskeie tipes offensiewe strategiese wapens is gestaak.<sup>57</sup>

Verdere maatreëls wat President Yeltsin aangekondig het is die volgende: die

produksie van die TU-160 EN TU-95MS swaar bomwerpers is gestaak; en die produksie van lug-gelanseerde langafstand kruisermissiele en see-gebaseerde langafstand kernkruisermissiele is in die proses om gestaak te word; die aantal kernduikbote wat met DGBM'S toegerus is, en wat op gevegspatrolliedienste gebruik word, sal gehalveer word en sal verder verminder word. Verder het Yeltsin aangekondig dat Rusland ten gunste daarvan is dat strategiese offensiewe kernwapens aan beide kante nie meer op VSA en Russiese teikens onderskeidelik gerig moet wees nie. (Vir so 'n reëling om in die praktyk sinvol te wees sou dit beteken dat alle ontplooide strategiese offensiewe kernwapens aan beide kante verifieerbaar afgetakel sou moes word). President Yeltsin het verder aangekondig dat voorstelle reeds voorberei is om verdere verminderings van offensiewe strategiese kernwapens tot die vlak van 2 000-2 500 aan elke kant te bewerkstellig.<sup>58</sup>

Die atmosfeer van welwillendheid, wat deur hierdie aankondigings van informele unilaterale vermindering van strategiese kernmagte deur die presidente van onderskeidelik die VSA en Rusland geskep is, het 'n groot bydrae gelewer tot die uiteindelike ratifikasie van die Strategic Arms Reduction Talks (START I) Verdrag in 1994. Die START I Verdrag word vervolgens bespreek.

### 3.1.2 Die START I Verdrag

Toe die START I Verdrag gedurende Julie 1991 deur die voormalige Sowjet-Unie en die VSA gesluit is het dit die einde van nege jaar se onderhandelinge beteken. Soos in hoofstuk 2 aangedui, het die verbrokkeling van die Sowjet-Unie en die politieke veranderinge wat in Sentraal en Oos-Europa daarmee gepaard gegaan het, egter onder ander veroorsaak dat die START I Verdrag nie geratificeer en in werking gestel kon word nie.<sup>59</sup>

Artikel II van die START I Verdrag plaas beperkings op die totale aantal strategiese kernaflewingstelsels (SKA's) en die wapens wat hulle dra. Dié verminderings moet binne 'n tydperk van sewe jaar bereik word. Die SKA's (IKBM's, Duikboot-Gelanseerde Ballistiese Missiele (DGBM's) en swaar bomwerpers) aan beide kante moet volgens die Verdrag na 1 600 verminder word. Die kernplofkoppe wat deur hierdie aflewingstelsels gedra kan word moet tot 6 000 verminder word, met die volgende sublimiete: 4 900 plofkoppe op ballistiese missiele ; 1 100 op IKBM's met mobiele lanseerstelsels; en 1 540 op swaar IKBM's. Sewe jaar nadat die Verdrag gesluit is mag die totale ballistiese missiel werpgewig vir ontplooide IKBM's en DGBM's nie 3 600 metriekie ton oorskry nie. Hierdie bepalings moet in drie fases, naamlik na 36, 60 en 84 maande geïmplementeer word en die verminderingsproses moet gesstruktureerd en verifieerbaar wees.<sup>60</sup>

Die START I Verdrag was die eerste formele kernontwapeningsverdrag tussen die

eertydse twee supermoondhede wat langafstand offensiewe kernwapens aan beide kante verminder het. Die Verdrag se mees indrukwekkende kenmerk is die skepping van 'n verifikasieregime. Nog nooit in die geskiedenis van kernwapenbeheer was die voorsiening vir verifikasie so ambisieus soos in die START I Verdrag nie.<sup>61</sup> Dit maak 'n onvergelyklike standaard van deursigtigheid van kernmagte en hul vermoëns moontlik. Die START I Verdrag is die laaste Koue Oorlog kernwapenbeheerverdrag, maar is ook die eerste ná-Koue Oorlog verdrag wat tussen die supermoondhede gesluit is.<sup>62</sup>

Vyf aspekte is hier van belang: (a) Die vermindering eerder as die beperking tot 'n sekere aantal kernwapens is hier ter sprake, want beperking laat die moontlikheid toe dat wapens vermeerder mag word. Met die START I Verdrag in werking sal dit uiters moeilik vir die betrokke partye wees om 'n toename in strategiese kernmagte in 'n na-Koue Oorlog omgewing te regverdig; (b) Die Verdrag maak voorsiening vir deursigtigheid van bestaande en voorspelbaarheid van toekomstige strategiese magte op die voormalige Sowjet-Unie se grondgebied, op 'n stadium nadat die Sowjet-Unie verbrokkel het; (c) Die Verdrag kan dien as 'n basis vir toekomstige verdere vermindering van kernwapens; 'n opvolgverdrag sal makliker gesluit kan word en die bepalings sal ge-akkommodeer kan word in die START verifikasie regime; (d) Ratifikasie van die Verdrag deur Rusland en die ander drie republieke, naamlik Belarus, Kazakhstan en Oekraïne, wat voorheen Sowjet republieke was, op wie se grondgebied daar ook kernwapens ontplooi was, sou 'n geweldige bydrae lewer tot Westerse vertroue dat Rusland nou 'n volwaardige betroubare internasionale vennoot is; en (e) Sonder ratifikasie sou dit uiters moeilik vir die republieke wees om Westerse ekonomiese hulp te verkry. Westerse state het dit ten tye duidelik gestel dat ekonomiese hulp afhanklik sou wees van die nakoming deur die genoemde republieke van internasionale verdragsverpligte.<sup>63</sup>

Ten tye van die START I onderhandelinge het daar groot kommer by Westerse state geheers oor die situasie ten opsigte van kernwapens wat na die Sowjet-Unie se verbrokkeling in die republieke Belarus, Kazakhstan en Oekraïne ontplooi was. Soos reeds genoem was hierdie state voorheen deel van die voormalige Sowjet-Unie. Met verreikende transformasieprosesse wat ten tye op politieke, ekonomiese en militêre gebied in hierdie republieke aan die gang was, sou dit uiters moeilik wees om 'n verdrag met die omvang van die START I Verdrag deur hulle aanvaar en geïmplementeer te kry.<sup>64</sup> Ten tye van die onderhandelinge was daar 352 IKBM's buite Rusland in die ander drie republieke ontplooi.<sup>65</sup> Na onderhandelinge het die vier betrokke republieke hulself op 21 Desember 1991 te Alma-Ata tot 'n ooreenkoms aangaande die beheer van kernwapens verbind.<sup>66</sup>

Na verdere onderhandeling tussen die VSA en die vier republieke is die Lissabon Protokol tot die START I Verdrag op 23 Mei 1992 deur die vyf partye onderteken. Hierdeur het hulle hul gesamentlike steun aan die START I Verdrag gegee en het hulle onderneem

om hulle te onderwerp aan die voorwaardes en bepalings van die Verdrag. Die republieke van Belarus, Kazakhstan en Oekraïne het ook onderneem om hulle te hou by die bepalings van die Kernsverdrag van 1968 en in die kortste moontlike tydsbestek nie-kernwapenstate te word. Hulle het onderneem om onmiddellik te begin met die nodige stappe om dié doel te bereik. Volgens artikel VI van die Protokol vorm die Protokol 'n integrale deel van die START I Verdrag en sal dit so bly vir solank as die Verdrag bly voortbestaan. Volgens dieselfde artikel sal die Verdrag in werking tree met die finale uitruil van instrumente van ratifikasie tussen die vyf partye.<sup>67</sup>

Kazakhstan het die START I Verdrag op 2 Julie 1992 geratificeer<sup>68</sup> en op 14 Februarie 1994 homself finaal as 'n nie-kernwapenstaat tot die Kernsverdrag verbind.<sup>69</sup> Belarus het die START I Verdrag op 4 Februarie 1993 geratificeer<sup>70</sup> en op 22 Julie 1993 homself finaal as 'n nie-kernwapenstaat tot die Kernsverdrag verbind.<sup>71</sup> Oekraïne het die START I Verdrag op 18 November 1993 geratificeer<sup>72</sup> en hul instrumente van onderwerping aan die bepalings van die Kernsverdrag op 5 Desember 1994 by wyse van 'n seremonie by die CSCE spitsberaad te Budapest, Hongarye ingedien.<sup>73</sup> Op dieselfde dag het die leiers van die VSA, Rusland, Oekraïne, Kazakhstan en Belarus, 'n protokol tot die START I Verdrag geteken, waardeur die START I Verdrag geratificeer is.<sup>74</sup>

Op 1 Junie 1996 het Oekraïne se president aangekondig dat alle kernploffkoppe wat in Oekraïne ontplooi was na Rusland oorgeplaas is vir aftakeling. Kazakhstan het gedurende April 1995 die laaste van 898 kernploffkoppe na Rusland oorgeplaas. Op 29 Augustus 1996 is die laaste van 104 SS-18 ICBM silos in Kazakhstan vernietig en op 27 November 1996 het Belarus die laaste van 81 kernploffkoppe wat te Mozyr en Lida gebaseer was na Rusland oorgeplaas. Na dié oorplasings is Rusland nou die enigste kernwapenstaat op die grondgebied van die voormalige Sowjet-Unie.<sup>75</sup> Die START I Verdrag is ook uniek in dié sin dat die onderhandelinge op 'n bilaterale grondslag begin het tussen die destydse Sowjet-Unie en die VSA, maar uiteindelik as 'n multilaterale verdrag geratificeer is. Die limiete vir SKA's, kernploffkoppe en sub-limiete vir kernploffkoppe van ICBM's en SLBM's, soos deur die START I Verdrag bepaal, en die datums waarteen hierdie limiete bereik moes word, is soos volg:

	5 Des 1997	5 Des 1999	5 Des 2001
SKA's	2 100	1 900	1 600
Totale kernploffkoppe	9 150	7 950	6 000
Sub-limiete (ICBM's en SLBM's)	8 050	6 750	4 900

Bron: Kile, S, "Nuclear arms control", in SIPRI Yearbook 1998: Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 1998, p.405.

Aan die einde van 1997 was die aantal SKA's van beide die VSA en Rusland reeds binne die 2001 limiet. Ten opsigte van die totale aantal kernplofkoppe was Rusland reeds binne die 1999 limiet terwyl die VSA 36 meer kernplofkoppe as dié limiet gehad het. Ten opsigte van sub-limiete vir kernplofkoppe vir ICBM's en SLBM's was albei die state reeds binne die 1999 limiet.<sup>76</sup>

### 3.1.3 Die START II Verdrag

Presidente Bush en Yeltsin het die START II Verdrag formeel op 3 Januarie 1993 te Moskou onderteken. Die START II Verdrag is 'n bilaterale ontwapeningsooreenkoms. Een van die bepalings was dat die START II Verdrag nie in werking sal tree voordat die START I Verdrag in werking getree het nie. Die START II Verdrag sluit onder andere die volgende in: die VSA en Rusland moet al hulle MIRV toegeruste ICBM's vernietig; ontplooide strategiese kernplofkoppe moet deur elke party tot 3 000-3 500 verminder word; en dié verminderings moet afgehandel wees teen die jaar 2003 of teen die einde van die jaar 2000, indien die VSA vir Rusland finansieel van hulp kan wees om strategiese offensiewe kernwapens in Rusland te elimineer. Die Verdrag plaas ook perke op plofkoppe vir DGBM's tot 1 700-1 750 elk.<sup>77</sup> Die Verdrag tel strategiese bomwerpers asof hulle wel oor die kernwapens beskik waarvoor hulle toegerus is. Elke party sal egter toegelaat word om 100 strategiese bomwerpers, wat vir kernwapens, anders as langafstand luggelanseerde kruisernissiele toegerus is, en wat nie reeds ingevolge START I as swaar bomwerpers in berekening gebring is nie, vir konvensionele gebruik aan te pas.<sup>78</sup>

Die Verdrag sal die VSA verbind tot 'n vermindering van sy ontplooide strategiese kernplofkoppe met meer as 70 persent van die September 1990 vlak en met bykans 60 persent van die aantal wat die VSA beplan het om te ontplooい volgens die START I Verdrag. Volgens die START I Verdrag word dit van Rusland verwag om sy strategiese kernmagte met 70 persent van die September 1990 vlak te verminder en met 50 persent van wat die "Defence Intelligence Agency" (DIA) van die VSA geprojekteer het dat Rusland volgens die START I Verdrag ontplooい sou hê.<sup>79</sup>

Al die START I bepalings, insluitende die verifikasie regime, is van toepassing op START II (behalwe vir spesifieke modifikasies soos die reeds genoemde bomwerper telreëls).<sup>80</sup> Op 26 Januarie 1996 het die Amerikanse Senaat die START II Verdrag geratifiseer- meer as drie jaar nadat President Bush dit voorgelê het vir ratifisering. Die Senaat se resolusie van ratifikasie het egter agt bindende voorwaardes en 12 nie-bindende verklarings bevat. Van die belangrikste voorbehoude was dat die Senaat se ratifikasie van die START II Verdrag niks

verander aan die twee partye se regte ten opsigte van die bepalings van die ABM Verdrag nie. Dié voorwaarde is gestel weens die vermoede dat Rusland die ratifikasie van die START II Verdrag moontlik sou wou koppel aan 'n ABM ooreenkoms wat die VSA se ballistiese missielverdedigingsopsies streng sou beperk. 'n Verdere voorwaarde was dat ratifikasie van die START II Verdrag nie afhanklik moet wees van waarborgs dat die VSA vir Rusland se implementering van die Verdrag sal betaal nie. Die Amerikaanse Senaat het verder gestipuleer dat indien Rusland nie die START II Verdrag sou ratifiseer nie, die President van die VSA eers die Senaat moes raadpleeg voordat die VSA se strategiese kernmagte tot onder die START I vlakke verminder sou word.<sup>81</sup>

Teen Augustus 1997 was die START II Verdrag nog nie deur die Russiese Parlement geratificeer nie.<sup>82</sup> Sommige van die belangrikste redes hiervoor was: Rusland se kommer oor Westerse planne om NAVO te vergroot deur Sentraal-Europese state wat voorheen aan die WVO behoort het tot NAVO toe te laat; en kommer by Rusland oor moontlike pogings deur die VSA om van die ABM Verdrag te onttrek, ten einde vrylik te kan voortgaan om 'n landwye ballistiese missielverdedigingstelsel te ontplooi. Een van die mees omstrede besware is dat die START II Verdrag bepaal dat alle MIRV IKBM's tot niet gemaak moet word.

Hierdie kernwapens is die kragtigste en belangrikste van die Russiese strategiese kernmagte. Indien dié wapens geheel-en-al vernietig sou moes word, sal dit 'n omvattende herstrukturering van die Russiese strategiese magte binne 'n kort tydsbestek beteken. Dit sou ook in 'n tyd moes plaasvind wanneer die Russiese regering dit nie kon bekostig nie. Die VSA sou in teenstelling hiermee nie so 'n herstrukturering hoef te doen nie, wat die VSA bo Rusland sou bevoordeel. Rusland sou nie die implementeringstydtafel kon nakom nie want sy ekonomiese sou dit nie kon bekostig nie. Die tydtafel was in elk geval opgestel met die veronderstelling dat dit in die jaar (1993) waarin die Verdrag onderteken is, in werking sou tree. Dit sou die Russiese regering vanuit 'n finansiële en veiligheidsoogpunt beter pas indien die tydtafel met drie tot vyf jaar uitgestel kon word.<sup>83</sup> Op 26 September 1997 het die twee partye 'n Protokol tot die Verdrag onderteken wat uitstel tot 2007 vir die vermindering van hul offensiewe strategiese kernmagte verleen. Die Russiese Duma en die Federale Raad het die Verdrag op 14 en 19 April 2000 onderskeidelik geratificeer.<sup>84</sup>

Kernwapenpariteit is vir Rusland van die uiterste belang en die enigste oorblywende nalatenskap van sy eertydse supermoondheid status. Dit word gesien as die enigste waarborg dat die VSA Rusland met agting en respek sal behandel. Indien genoemde tydtafel uitgestel kon word sou Rusland meer tyd tot sy beskikking hê om 500 nuwe enkel plofkop SS-27 IKBM's te vervaardig om pariteit met die VSA se strategiese magte onder die START II "plafon" te bewerkstellig.<sup>85</sup>



### 3.1.4 Die Omvattende Kerntoetsverbod

Die Engelse benaming van hierdie Verdrag is die Comprehensive Test Ban Treaty (CTBT). Die afkorting sal voortaan gebruik word. Hierdie Verdrag is op 24 September 1996 deur 71 state onderteken en teen die einde van 2000 het 160 state die Verdrag reeds onderteken en 76 het dit teen 15 April 2001 geratificeer.<sup>86</sup>

In die aanhef van die Verdrag word dit bevestig dat die doel met die Verdrag is dat state dit sal nakom en sodoende 'n bydrae sal lewer tot die effektiewe nie-proliferasie van kernwapens; die proses van kernontwapening; en daardeur tot die bevordering van internasionale vrede en veiligheid.<sup>87</sup>

Volgens artikel I van die Verdrag onderneem die betrokke partye om geen kerwapen toetsontploffing, of enige ander kernontploffing uit te voer op enige plek onder die betrokke staat se jurisdiksie of beheer nie. Hulle onderneem ook om nie so 'n ontploffing op hul grondgebied toe te laat nie en 'n verbod daarop te plaas. Die betrokke staat onderneem ook om geen deel te hê aan die uitvoer van sulke ontploffings, of dit aan te moedig nie.<sup>88</sup>

Vir die Verdrag om in werking te tree moet 44 sleutelstate wat oor kernreaktors beskik dit ratificeer. Indië, Pakistan en Noord-Korea sal dit ook moet onderteken en ratificeer voordat die Verdrag in werking kan tree. Soos reeds genoem, het Indië en Pakistan gedurende Mei 1998 kernwapentoetse uitgevoer en kom dit dus voor asof dié twee state die Verdrag op hierdie stadium nie maklik sal onderteken nie.<sup>89</sup>

Hierdie Verdrag is 'n uitbreiding van die Gedeeltelike Kerntoetsverbod (PTBT) wat in 1963 gesluit is in die sin dat dit 'n globale multilaterale ooreenkoms is, terwyl die PTBT net tussen die VSA, die Verenigde Koninkryk en die voormalige Sowjet-Unie aangegaan is. Hierdie Verdrag is formeel van aard, is globaal van toepassing en is 'n multilaterale teen-proliferasie ooreenkoms.

### 3.1.5 Die Kernsperverdrag

Die Kernsperverdrag vorm die basis van die kern nie-proliferasie regime; is die enigste formele, globale, en wettige instrument waardeur 'n staat homself tot nie-kernwapen status kan verbind; en is dus ook 'n ontwapeningsverdrag. Sedert 1975 is daar elke vyf jaar 'n hersieningskonferensie gehou om die implementering van die Verdrag te hersien.<sup>90</sup> Op 11 Mei 1995 het die Kernsperhersieningskonferensie sonder om te stem, besluit dat die meerderheid van die betrokke partye ten gunste van 'n onbepaalde verlenging van die geldigheidsduur van die Verdrag is. Hierdie was een van drie besluite wat gelyktydig geneem



is. Die ander twee besluite het onderskeidelik betrekking gehad op amendamente tot die proses om die implementering van die Verdrag in die toekoms te hersien, en 'n stel gedetailleerde beginsels en doelwitte om implementering in die toekoms sover moontlik te verseker. Die konferensie het ook die VN resolusies dat 'n sone vry van kernwapens en ander wapens van grootskaalse vernietiging in die Midde-Ooste geskep word, sowel as die Midde-Oosterse vredesproses, onderskryf.<sup>91</sup>

Aan die einde van 2000 het 188 state reeds die Verdrag geratifiseer. Suid-Korea, Noord-Korea, Kuba, Indië, Pakistan en Israel was teen 1 Januarie 2001 nog nie partye tot die Verdrag nie.<sup>92</sup>

Drie belangrike implikasies wat die besluit dat die Kernspererverdrag vir 'n onbepaalde tyd geldig moet bly vir die nie-proliferasie regime inhoud, is die volgende: dit het verseker dat kern nie-proliferasie vir 'n onbepaalde tyd in die toekoms 'n internasionale norm sal bly; dat IAEA veiligheidsmaatreëls steeds aktief en van krag sal bly; en dat kernontwapening op 'n stabiele basis sal kan voortgaan.<sup>93</sup>

Kernontwapening en nie-proliferasie aktiwiteite is in die proses om mekaar tot so 'n mate te komplementeer dat 'n universele dinamiese nie-proliferasie regime 'n sterk moontlikheid geword het vir die toekoms. 'n Deurlopende proses van kernontwapening is ook besig om veld te wen. Die aangepaste hersieningsproses van die Kernspererverdrag het die potensiaal om tekortkominge van die verlede ten opsigte van leidinggewing en die ontwikkeling van nuwe inisiatiewe om die nie-proliferasie regime in staat te stel om by veranderde omstandighede aan te pas, te oorkom.<sup>94</sup>

### 3.1.6 Kernwapenvrye sones

Die toenemende aantal kernwapenvrye sones wat reeds in die wêreld bestaan, sowel as dié wat onder oorweging is, reflektere die internasionale gemeenskap se afkeur van die aanskaffing, gebruik of bedreiging van die gebruik van kernwapens. Streekspogings om sulke sones te skep vorm belangrike komponente in die globale nie-proliferasie regime en versterk die internasionale pogings om die ontstaan van nuwe kernwapenstate teë te werk. Daar is reeds vyf kernwapenvrye sones geskep: Latyns-Amerika, die Suid-Atlantiese streek, die Koreaanse skiereiland, Suid-Oos Asië en Afrika. Eersgenoemde vier streke se ooreenkoms het reeds in werking getree.<sup>95</sup> Die Pelindaba Verdrag, ten opsigte van Afrika, is op 11 April 1996 vir ondertekening beskikbaar gestel maar het teen 1 Januarie 2001 nog nie in werking getree nie.<sup>96</sup> Die Verdrag van Bangkok ten opsigte van 'n kerwapenvrye sone in Suid-Oos Asië is op 15 Desember 1995 onderteken en het op 27 Maart 1997 in werking getree.<sup>97</sup> Die Verklaring aangaande die "ontkerning" ("denuclearisation") van die Koreaanse skiereiland het

op 19 Februarie 1992 in werking getree.<sup>98</sup> Laasgenoemde drie ooreenkomste het dus almal na die Koue Oorlog tot stand gekom.

Onderhandelinge is reeds aan die gang met die oog op kernwapenvrye sones in Sentraal-Asië, Noord-Oos Asië, Suid-Asië, Sentraal en Oos-Europa, die Midde-Ooste en die suidelike halfrond.<sup>99</sup>

Die belangrikste aspekte wat deur hierdie ooreenkomste gedek word is die volgende: die ontwikkeling, vervaardiging, aanskaffing of toets van kernwapens binne of buite die sonegebied, sowel as die plasing en vervoer van kernwapens in of deur die sone word verbied. Die partye onderneem om geen radio-aktiewe materiaal of afval in die see of in die atmosfeer binne die sone vry te stel, of van radio-aktiewe materiaal op land ontslae te raak nie. Die sones sluit die kontinentale plat en die eksklusieve ekonomiese sones van die betrokke state in. Volgens 'n protokol wat gewoonlik tot hierdie verdrae toegevoeg word, onderneem die vyf erkende kernwapenstate, naamlik die VSA, Rusland, Frankryk, Brittanje en die Volksrepubliek van Sjina, om nie 'n kernwapen teen enige van die state wat 'n party tot die Verdrag is, te gebruik of te dreig om dit te doen nie.<sup>100</sup> Hierdie ooreenkomste is formeel van aard, het betrekking op spesifieke streke, en is multilaterale nie-proliferasie ooreenkomste. Verdere maatreëls, om die proliferasie van kernwapens teë te werk soos ná die Koue Oorlog toegepas, word vervolgens bespreek.

### **3.2 Inspeksie- en uitvoerbeheermaatreëls om kernwapenproliferasie teë te werk**

Die aktiwiteite van die IAEA, ten opsigte van maatreëls wat moet verseker dat kernmateriaal en komponente wat bedoel is vir vreedsame aanwending nie misbruik word vir die vervaardiging van kernwapens nie, word eerstens bespreek. Daarna volg 'n bespreking van

die werkzaamhede van die Zanger Komitee en die Kernverskaffersgroep (KVG) ten opsigte van uitvoerbeheer van kernmateriaal en komponente.

#### **3.2.1 Die Internasionale Atoom Energie Agentskap (IAEA)**

Tot 1991 was die aktiwiteite van die IAEA hoofsaaklik gerig op berekeningsprosedures van verklaarde kernmateriaal, in 'n poging om vas te stel of dié materiaal nie vir ander as vreedsame doeleindes aangewend word nie.<sup>101</sup>

Irak se klandestiene kernwapenprogram wat in 1991 blootgelê is het egter ernstige

tekortkominge in die IAEA se werkswyses en prosedures blootgelê. Gedurende 1992 en 1993 het die Raad van Direkteure van die IAEA dus verskeie maatreëls ingestel om die vertroue in die IAEA se werksaamhede te herstel. Die maatreëls sluit die volgende in: bevestiging van die reg van die Agentskap om spesiale inspeksies uit te voer; die betrokke partye te verplig om ontwerpinfo ten opsigte van fasiliteite wat onder konstruksie is of veranderinge ondergaan, beskikbaar te stel; die inisiëring van 'n stelsel van rapportering aan die Agentskap van alle uitvoere en invoere van gespesifieerde toerusting en kern en nie-kern materiaal van militêre aard; verbeterde inspeksie- en dataversamelingstegnieke; neem van lugmonsters by verklaarde fasiliteite waar die Agentskap reg tot toegang het; en beskikbaarstelling deur alle betrokke state van data aangaande uraanontginning, prosessering en omsettingsaanlegte, en detail van kernaktiwiteite van die verlede.<sup>102</sup> In 1997 het die Raad van Direkteure van die IAEA 'n addisionele Protokol, wat bestaande veiligheidsmaatreëls aanvul, aanvaar. Hierdie Protokol staan bekend as die Program 93+2 veiligheidsmaatreëls en is bedoel om 'n swakheid in vorige maatreëls aan te spreek. Vorige maatreëls het nie vasgestel of IAEA lidstate volledige verklarings van hul kernaktiwiteite gegee het nie. Die Program 93+2 maak daarvoor voorsiening. Die nuwe Protokol dek veral drie belangrike aspekte, naamlik maatreëls om IAEA toegang tot inligting te verstrek; makliker fisiese toegang tot persele; en 'n rasionalisering van die voorsorgmaatreëlstelsel, deur nouer samewerking tussen die IAEA, sy lidstate en internasionale organisasies.<sup>103</sup>

### **3.2.2 Die Zangger Komitee en die KVG**

Soos reeds genoem bestaan die Zangger Komitee reeds vanaf 1971. In 1992 het die Zangger Komitee hulle lys van kernmateriaal, komponente en toerusting weereens opnuut uiteengesit en verduidelik om te verseker dat daar geen twyfel sal ontstaan van watter kernmateriaal, komponente en toerusting IAEA veiligheidsmaatreëls moet inisieer wanneer dit uitgevoer word nie. In 1995 is die lys weereens aangepas.<sup>104</sup>

In 1997 het die Volksrepubliek van Sjina, Suid-Korea en Oekraïne partye tot die Zangger Komitee geword.<sup>105</sup> Op 1 Januarie 2001 het die Zangger Komitee uit 35 lede bestaan.<sup>106</sup> Gedurende Maart-April 1992 het die KVG riglyne vir die oorplasing van kernverwante dubbeldoelige toerusting, materiaal en verwante tegnologie, aanvaar. Dié reëls het in Januarie 1993 van krag geword. 'n Spesiale lys is ook vir hierdie items saamgestel. Die verskaffers het besluit om geen oorplasings vir kernverwante dubbeldoelige toerusting, materiaal of tegnologie vir gebruik deur nie-kernwapenstate goed te keur indien die volgende risiko's bestaan nie: 'n kernploffbare situasie; onveilige kernbrandstof siklus aktiwiteite; in die algemeen indien daar enigsins 'n risiko van 'n afwyking na so 'n aktiwiteit bestaan; of indien

die oorplasing in stryd met die doelstellings van nie-proliferasie van kernwapens plaasvind. Die belangrikste aspek wat in ag geneem moet word is of die ontvangerstaat 'n party tot die Kernsverdrag, of 'n soortgelyke internasionale wettig bindende nie-proliferasie ooreenkoms is, en of die staat se vreedsame kernaktiwiteite onderworpe is aan 'n IAEA veiligheidsvoorsorgooreenkoms.<sup>107</sup>

In 1995 het die KVG besluit dat hul riglyne in die toekoms nie net die lys van kernmateriaal en -toerusting sal bevat wat na state, wat omvattende IAEA voorsorgmaatreëls aanvaar het uitgevoer mag word nie, maar ook die verwante tegnologie.<sup>108</sup> Deurdat die KVG die reeds genoemde streng reëls van toepassing gemaak het, het die Zangger Komitee weens duplisering van verantwoordelikhede eintlik oorbodig geword. Die Zangger Komitee kan egter die KVG komplementeer deur tegniese ondersteuning met die samestelling van genoemde lyse en dit op datum te hou soos en wanneer nodig.<sup>109</sup> Op 1 Januarie 2001 het die KVG uit 39 lede bestaan. Al die lede van die KVG, behalwe Brasilië, Belarus, Nieu-Seeland, Latvië en Ciprus is ook lede van die Zangger Komitee. Dit is opmerklik dat state soos die Volksrepubliek van Sjina, Noord-Korea, Libië, Sirië, Irak, Iran, Indië, Pakistan en Israel nie lidstate van die KVG is nie.<sup>110</sup>

Hierdie twee organisasies is albei multilateraal en informeel van aard, maar lewer tog 'n bydrae tot globale kernwapenbeheer deur beheer uit te oefen oor die oorplasing van kernmateriaal, komponente en tegnologie na nie-kernwapenstate, in 'n poging om te verhoed dat dit vir kernwapenvervaardiging aangewend word.

Die seleksie van verdrae/ooreenkomste en ander maatreëls, soos in die voorgaande beskrywing aangetoon, is gemaak om al die belangrikste aspekte van kernwapenbeheer en -ontwapening, soos dit na die Koue Oorlog toegepas is, in te sluit. Die START verdrae en die Kernsverdrag is almal kernwapenbeheerverdrae, waarin 'n sekere mate van ontwapening ook 'n rol speel terwyl die Omvattende Kerntoetsverbod soos die naam aandui 'n verbod op kerntoetse plaas. Die IAEA, die Zangger Komitee en die KVG is almal organisasies wat deur hul werkzaamhede bydraes tot globale kernwapenbeheer lewer.

Alhoewel die VSA en Rusland se kernwapens na die Koue Oorlog aansienlik verminder is, is die arsenale wat steeds bestaan van so 'n aard dat kernafskrikking in werklikheid steeds 'n realiteit is. Alhoewel die Koue Oorlog iets van die verlede is, en die wedywing tussen hierdie twee state, ideologies en polities gesproke, as gevolg van die val van Kommunisme en verbeterde verhoudinge, grootliks verdwyn het, beskou Rusland sy kernarsenaal as die enigste waarborg dat die VSA Rusland steeds met agting en respek sal behandel.

Terwyl hierdie twee state besig is om hulle kernarsenale kleiner te maak, is state soos Indië en Pakistan besig om 'n kernafskrakkingspotensiaal te ontwikkel. Met die IAEA en

UNSCOM wat tans deur die Irakse owerheid toegang tot Irak geweier word, is Irak vry om met moontlike kernwapenaktiwiteite voort te gaan. Soos meer kernwapenstate ontstaan sal dit noodwendig 'n nadelige uitwerking op pogings om globale kernwapenbeheer en ontwapening toe te pas hê en dwing dit bestaande kernwapenstate om hul kernwapens te behou. Kernwapenbeheer en -ontwapening se belangrikheid het dus ná die Koue Oorlog geensins afgeneem nie.

Die START I en START II Verdrae; die besluit in 1995 dat die Kernsperverdrag vir 'n onbepaalde tydperk geldig moet bly; die ondertekening in 1996 van die Omvattende Kerntoetsverbod; en die IAEA se betrokkenheid saam met UNSCOM, na die Golf-oorlog, om Irak te dwing om sy kernaanlegte en kernmateriaal te vernietig, is genoeg bewys hiervan. Die skouspelagtige vermindering van die VSA en Rusland se kernarsenale, en die skepping van drie bykomende kernwapenvrye sones na die Koue Oorlog, is verdere bewyse van die erns waarmee kerwapenbeheer en -ontwapening na die Koue Oorlog bejeën word.

### **3.3 Ooreenkoms wat ten opsigte van chemiese en biologiese wapens gesluit is**

Soos reeds genoem word chemiese en biologiese wapens, naas kernwapens, as uiters gevaaarlike wapens van grootskaalse uitwissing beskou. Weens genoemde redes is chemiese en/of biologiese wapens, veral vir state wat nie oor kernwapens beskik nie, en deur ander state of 'n spesifieke staat bedreig word, 'n uiters aantreklike plaasvervanger vir kernwapens om as afskrikmiddel te dien. Die nie-proliferasie van hierdie wapens is dus van groot belang vir internasionale veiligheid. Die Chemiese Wapenkonvensie (CWK), die Biologiese en Toksiese Wapenkonvensie (BTWK), en enkele ander pogings wat internasionaal aangewend word om die proliferasie van hierdie wapens te verhoed, word vervolgens bespreek.

#### **3.3.1 Die Chemiese Wapenkonvensie (CWK)**

Die Konvensie aangaande die verbod op die ontwikkeling, vervaardiging, berging en gebruik van chemiese wapens en hul vernietiging is op 13 Januarie 1993 te Parys vir ondertekening oopgestel. Twee dekades se werk en onderhandelinge het dit vooraf gegaan. 'n Aantal internasionale politieke gebeure het tot die finalisering van die CWK bygedra. Die beëindiging van die Koue Oorlog het wedersydse vertroue tussen state verbeter; die ineenstorting van die Sowjet-Unie; die uitslag van die 1991 Golf-oorlog; en die duidelike politieke wil van state om chemiese wapens totaal te verbied, was belangrik in dié verband. Die CWK is 'n geskiedkundige ooreenkoms in die sin dat dit chemiese wapens wêreldwyd verbied; 'n wye

spektrum van inspeksies om verifikasie van die verbod te verseker impliseer; enige gebruik van chemiese wapens onwettig verklaar; en alle aktiwiteite om nuwe chemiese wapens te ontwikkel of dit te vervaardig, streng verbied.<sup>111</sup>

Die CWK is 'n formele multilaterale ontwapeningsooreenkoms wat globaal van toepassing is en wat 'n balans tussen regte en voorregte aan die een kant en verpligte en koste aan die ander kant bewerkstellig. Enersyds sal lidstate hul aktiwiteite, en dit waарoor hulle ten opsigte van chemiese wapens beskik, moet verklaar; algemene maatreëls vir bekendmaking moet aanvaar; hul chemiese nywerhede moet oopstel vir inspeksie; die reëls vir onverwagte inspeksies moet aanvaar; die koste van die Konvensie moet help betaal; en self die koste vir die vernietiging van die wapens moet dra. Volgens raming sal die koste vir die vernietiging van 'n chemiese wapen tien keer die vervaardigingskoste beloop. Andersyds sal lidstate by verbeterde veiligheidstoestande, 'n hoër vlak van internasionale vertroue, en by internasionale optrede in gevalle waar die CWK verontagsaam word, kan baat. Verdere voordele is beter handelsvoortsigte in chemiese produkte en tegnologie, spesifieke beskerming teen chemiese wapens en die beskikbaarheid van internasionale bystand in dié verband.<sup>112</sup> Op 31 Oktober 1996 het die vyf-en-sestigste staat, naamlik Hongarye, die CWK geratificeer.<sup>113</sup> Op 29 April 1997 het die Konvensie van krag geword. Teen 1 Januarie 2001 het 143 state, waaronder Rusland en die VSA, reeds die Konvensie geratificeer en was daar reeds 172 state wat dit onderteken het.<sup>114</sup>

Die vernietiging van chemiese wapens moet nie later nie as twee jaar nadat die Konvensie vir 'n spesifieke party in werking getree het, 'n aanvang neem. Binne drie jaar moet een persent van die voorraad vernietig wees; 20 persent binne vyf jaar; 45 persent binne sewe jaar; en 100 persent binne tien jaar.<sup>115</sup>

Rusland het 'n verklaarde chemiese wapenvoorraad van 40 000 ton en het gedurende 1996 nog nie met vernietigingsaktiwiteite begin nie. Fasilitate was toe nog nie beskikbaar nie, daar is politieke teenkanting in Rusland daarteen, en daar is 'n tekort aan fondse om met die vernietigingsproses te begin. Rusland maak staat op buitelandse finansiële hulp vir 35-50 persent van die totale koste van 3,3-5 biljoen dollar vir die vernietiging van chemiese wapens, en dit sal ongeveer 10 tot 15 jaar neem om Rusland se chemiese wapens te vernietig.<sup>116</sup> Groot skaalse vernietiging van die VSA se chemiese wapens, wat op nege plekke geberg is, het op 22 Augustus 1996 begin. Die totale geskattte koste verbonde aan die vernietigingsproses van die VSA se chemiese wapens is 12,4 biljoen dollar,<sup>117</sup> en die sperdatum vir die vernietiging van dié wapens is 31 Desember 2004.<sup>118</sup>

### 3.3.2 Hersieningskonferensies van die Biologiese en Toksiese Wapenkonvensie (BTWK)

Die BTWK is 'n formele multilaterale nie-proliferasie konvensie wat, soos reeds genoem, gedurende 1975 in werking getree het en globaal van toepassing is. Twee hersieningskonferensies van die BTWK, is in die negentigerjare, naamlik gedurende 1991 en 1996 gehou. Alhoewel artikel IV van die Konvensie bepaal dat partye nasionale wetgewing moet instel wat die ontwikkeling, vervaardiging, beskikking oor, en bering van biologiese en tokseiese wapens verbied, en wat proliferasie van hierdie wapens verhoed, het net 'n minderheid van die betrokke state dit teen 1991 nodig geag om die BTWK se verbintenis in nasionale wetgewing te vervat. Die hersieningskonferensie van 1991 het dit dus beklemtoon dat state dit so gou doenlik moet doen. Daar is ook besluit dat partye jaarliks verklarings moet doen van wetgewing, regulasies en CSM's wat ingestel is om proliferasie van biologiese en tokseiese wapens teen te werk. Gedurende die 1991 hersieningskonferensie is daar ook besluit om 'n *ad hoc* groep van deskundiges saam te stel om die moontlikheid van verifikasiëring van die BTWK te ondersoek.<sup>119</sup>

Dié *Ad Hoc* Groep is ten tye van 'n spesiale konferensie in September 1994 gestig. Die opdrag aan die groep was dat hulle vanuit 'n tegniese en wetenskaplike oogpunt ondersoek moes instel na die moontlikheid om 'n verifikasiëroproses wat die BTWK kon versterk in te stel wat in 'n wettige bindende dokument saamgevat kan word.<sup>120</sup>

Artikel 10 (1) van die BTWK maak voorsiening vir die vreedsame aanwending van toerusting, materiaal en tegnologie sowel as bakteriologiese reageermiddels en toksiene. Dié artikel bepaal ook dat die Konvensie se toepassing nie internasionale samewerking op die gebied van vreedsame bakteriologiese aktiwiteite sal verhinder nie.<sup>121</sup>

Die vierde hersieningskonferensie van die BTWK is gedurende November/ Desember 1996 gehou. Die konferensie het die werksaamhede van die *Ad Hoc* Groep onderskryf. Alhoewel daar groot probleme is wat oorkom moet word, bestaan die hoop dat die BTWK vroeg in die 21ste eeu 'n verifieerbare ontwapeningsverdrag kan word.<sup>122</sup>

### 3.4 Die Australië Groep (AG)

Soos reeds genoem is hierdie Groep in 1985 deur 'n groep state gestig. Oorspronklik was die Groep se doel om die proliferasie van CW's te verhoed terwyl onderhandelinge vir die CWK nog aan die gang was. Dit het ook opgetree om BW's se proliferasie te verhoed terwyl onderhandelinge vir verbeterde maatreëls vir die BTWK aan die gang was.<sup>123</sup> In Junie 1992 het die Groep hul lys van 50 chemiese stowwe wat aan uitvoerbeheermaatreëls onderworpe

is tot 54 verleng. Verder is 'n lys van 65 biologiese reageermiddels en 'n lys van dubbeldoelige toerusting wat ook aan uitvoerbeheermaatreëls onderworpe is ook bekend gestel.<sup>124</sup>

In Junie 1993 het die AG 'n sogenaamde 'no undercut' beleid aanvaar. Dié beleid probeer 'n situasie verhoed waarin 'n AG lidstaat wat in kompetisie is met 'n ander AG lidstaat vir 'n aantreklike transaksie wat 'n potensiële uitvoerder aanbied, 'n lisensie aan so 'n uitvoerder toe te staan uit vrees dat indien hy dit nie doen nie, die ander AG lidstaat dit wel sal doen. Die AG lidstate eerbiedig mekaar se uitvoerbeheer besluite en stel mekaar in kennis wanneer 'n uitvoerlisensie nie toegestaan word nie, asook oor die redes daarvoor, die aard van die goedere, die bestemming en die eindgebruiker.<sup>125</sup>

Ten spyte van die feit dat hierdie Groep op 'n informele wyse optree is die aktiwiteite van die Groep van waarde as 'n addisionele meganisme om proliferasie te verhoed en is die Groep se optrede komplementêr tot die CWK, BTWK en die werksaamhede van die "United Nations Special Commission on Iraq" (UNSCOM). Al die lede van die Groep het ook die CWK en die BTWK onderteken, maar hulle voel sterk dat die instandhouding van effektiewe uitvoerbeheer 'n essensiële praktiese metode is om verpligtinge onder die CWK en die BTWK na te kom.<sup>126</sup>

### 3.5 UNSCOM

UNSCOM is in Mei 1991 ingevolge resolusie 687 van die VN gestig. Die onmiddellike doel van hierdie kommissie was om op-perseel inspeksies van Irak se chemiese en biologiese wapens sowel as missielvermoëns uit te voer; voorsiening te maak vir die vernietiging van hierdie vermoëns; en ander funksies soos voorgeskryf deur die VN in hierdie verband te verrig. UNSCOM verrig hierdie funksies in samewerking met en aanvullend tot die IAEA. Die IAEA se primêre verantwoordelikheid, met die ondersteuning en samewerking van UNSCOM, is om toe te sien dat Irak se kernwapenvermoë vernietig word.<sup>127</sup>

UNSCOM, wat 'n suborgaan van die VN Veiligheidsraad is, betaan uit 21 individue wat deur die VN se Sekretaris-Generaal aangestel is. Hulle is van verskillende nasionaliteite en vanoor die hele wêreld en is almal kundiges op die gebied van chemiese, biologiese, en kernwapens sowel as ballistiese missiele.<sup>128</sup>

Sedert die begin van UNSCOM se aktiwiteite in Irak was daar herhaaldelik probleme met Irak wat nie wil saamwerk met inspeksiespanne nie, inligting weerhou en die inspeksiespanne verhinder om hulle pligte uit te voer. In Maart 1996 het die voorstitter van UNSCOM, Rolf Ekúes aangedui dat die VN se deurlopende monitering- en verifikasie-programme van Irak se aktiwiteite moontlik vir nog 15-20 jaar sal moet voortgaan. In 1996

was UNSCOM nog nie oortuig dat Irak al sy fasiliteite vir die ontwikkeling van wapens van grootskaalse vernietiging en ballistiese missiele afgetakel en vernietig het nie. Ongeveer 115 fasiliteite is gemoniteer vir CW-verwante aktiwiteite en 86 persele vir BW-verwante aktiwiteite. In Julie 1996 was daar nog tussen ses en sestien langafstand missiele, wat die vermoë het om chemiese of biologiese wapenploffoppe te dra, waarvan nog nie deur Irak rekenskap gegee is nie.<sup>129</sup>

Op 27 Maart 1996 het die VN Veiligheidsraad resolusie 1051, waardeur die invoere en uitvoere van materiaal en tegnologie deur Irak gemoniteer word, aanvaar. Dié VN stelsel het op 10 Oktober 1996 in werking getree.<sup>130</sup>

### 3.6 Langafstand ballistiese missiele

Soos reeds genoem is die Missieltegnologie Beheerregime (MTBR) in 1987 deur Brittanje, Kanada, Frankryk, Wes-Duitsland, Italië, Japan en die VSA tot stand gebring. Teen 1 Januarie 2001 het die MTBR uit 32 lidstate bestaan.<sup>131</sup>

Die doel van die MTBR is om die proliferasie van missiele, onbemande vliegtuie, en verwante tegnologie vir dié stelsels wat die vermoë het om 500 kilogram gewig ten minste 300 kilometer ver te dra, deur uitvoerbeheer te beperk. Die regime is in 1993 uitgebrei om alle stelsels, wat die vermoë het om 'n kern, chemiese of biologiese wapen af te lewer, in te sluit.<sup>132</sup>

In 1995 het die MTBR se lidstate 'n 'no undercut' beleid aanvaar. Volgens dié beleid moet MTBR lidstate mekaar in kennis stel en besonderhede verskaf wanneer 'n uitvoerlisensie vir beheerde goedere geweier is. Die ander lidstate onderneem dan om nie 'n uitvoerlisensie aan dieselfde staat vir dieselfde goedere toe te staan nie. Dié maatreël verhoed dat lidstate 'n onregverdigte voordeel op handelsgebied oor mekaar verkry, deurdat riglyne verskillend geïnterpreteer word.<sup>133</sup>

Die riglyne van die MTBR is sensitief vir die feit dat ballistiese missiel en ruimtelanseringstelseltetegnologie feitlik identies is. Die riglyne is so saamgestel dat dit nie 'n staat se ruimteprogram sal kortwiek nie, tensy die ruimteprogram 'n bydrae tot die ontwikkeling van aflewingstelsels vir wapens van grootskaalse vernietiging lewer. Lidmaatskap van die MTBR is oop vir enige staat wat verbind is tot die beginsel van nie-proliferasie en wat 'n rekord van effektiewe uitvoerbeheer het. 'n Reeds gevinstigde uitvoerbeheer sal slegs aangepas hoeft te word vir MTBR doeleinades terwyl in die geval waar daar geen uitvoerbeheer of swak uitvoerbeheer aan die orde is, die gevaar sou bestaan dat die MTBR se uitvoerbeheermaatreëls nie effekief toegepas sou kon word nie. Die MTBR is die enigste bestaande multilaterale missiel nie-proliferasie regime.<sup>134</sup>

Alhoewel hierdie regime op 'n vrywillige basis, sonder monitering of verifikasie bedryf word, is dit bemoedigend dat state bereid is om hulle by die riglyne van die regime te hou. Selfs state soos die Volksrepubliek van Sjina, Israel, en Oekraïne, wat nie-lede is, is bereid om by die MTBR riglyne te bly.<sup>135</sup> In die afwesigheid van 'n volwaardige ooreenkoms of verdrag om die proliferasie van missiele te beperk, lewer hierdie regime 'n waardevolle bydrae om proliferasie teë te werk en dit ten minste te vertraag.

### **3.7 Ooreenkomste wat ten opsigte van konvensionele magte en wapens gesluit is**

Konvensionele magte en wapens word vanaf die vroegste tye deur die oorgrote meerderheid van state in die wêreld gebruik om hulself te beskerm teen aanvalle deur ander state van buite hul grense sowel as om binnelandse veiligheid te handhaaf. Juis as gevolg van hierdie redes sal 'n soewereine staat nie maklik instem om sy konvensionele magte en/of wapens ten koste van sy eie veiligheid te verminder of te vernietig nie. Hy sal dit inderwaarheid net oorweeg indien sy eie veiligheid nie in gevaar gestel word nie. Die meeste state in die wêreld se konvensionele magte is die enigste middel tot hul beskikking om hul eie veiligheid te verseker en hulself te verdedig indien nodig. Sommige van die pogings wat na die Koue Oorlog op die gebied van wapenbeheer en ontwapening aangewend is om konvensionele magte en wapens te beperk en selfs af te skaf, word vervolgens bespreek. Soos gesien sal word ontstaan daar wel omstandighede waar wapenbeheer toegepas kan word. Sommige van die ooreenkomste is op 'n streeksgrondslag gesluit en ander is globaal van toepassing. Soos ook duidelik sal word is sommige ooreenkomste op 'n informele wyse aangegaan en ander op 'n baie meer formele wyse. Die ooreenkomste wat bespreek sal word het betrekking op konvensionele magte sowel as konvensionele wapens.

#### **3.7.1 Die “Conventional Forces in Europe” (CFE) Verdrag**

Soos reeds in hoofstuk 2 aangedui is die CFE Verdrag in November 1990 onderteken. Dit het egter nie 'n einde gebring aan die debat daaroor nie. Ratifikasie van die Verdrag is vertraag deur die implikasies wat die ineenstorting van die Sowjet-Unie vir internasionale verhoudinge ingehou het, sowel as deur die Westerse state se ontevredenheid met die inligting wat die Sowjet-Unie in verband met getalle wapens waaroer die Sowjet-Unie en die Warschau Verdragsorganisasie se lidstate binne die ATTU sone beskik het, verstrek het. Westerse state was ook ongelukkig oor groot hoeveelhede wapens wat die Sowjet-Unie uit die ATTU gebied na 'n gebied oos van die Oeral gebergtes verskuif het, sowel as oor die indeling van

leëreenhede deur die Sowjet-Unie by die vloot. In laasgenoemde geval was die Sowjet-Unie se standpunt dat die Verdrag vlootmagte uitgesluit het. Alhoewel die Sowjet-Unie drie divisies infanteriesoldate en hul toerusting, insluitende 800 tenks en pantservoertuie, voordat die Verdrag gesluit is na die vloot oorgeplaas het, het die Weste dit as teenstrydig met die gees en letter van die Verdrag gesien. Hiedie probleme wat die Weste met die optrede van die Sowjet-Unie gehad het, het die ratifikasie van die Verdrag vertraag.<sup>136</sup>

Gedurende Maart 1991 het die Sowjet-Unie egter 'n toegewing gemaak dat hulle vloot verdedigingsmagte ook ingesluit kan word in die Verdrag, en gedurende Mei 1991 het hulle 'n verdere toegewing gemaak dat hulle vloot infanterie ook ingesluit kan word. Na die verbrokkeling van die Sowjet-Unie was daar onder ander sewe state binne die ATTU gebied wat hulle onafhanklikheid binne die Gemenebes van Onafhanklike State (GOS), (die voormalige Sowjet-Unie) verkry het. Hierdie state moes instem om deel aan die CFE Verdrag te hê, anders sou die integriteit van die Verdrag in die gedrang kom. Op 10 Januarie 1992 het die sewe state ingestem om partye tot die Verdrag te word sonder dat die bepalings verander hoef te word. Aangaande die ontevredenheid aan Westerse kant oor toerusting wat deur die Verdrag beperk word en wat nie deur die Sowjet-Unie verklaar is nie, het die Amerikaanse Intelligensiediens geraam dat die items ongeveer 40 000 in getal is. Hierdie raming is later na 10 000 verminder. Die Weste het daarna dié beswaar basies laat vaar. Verduidelikings deur die Sowjet-Unie van hoe daar oor die toerusting en wapentuig wat na die oostekant van die Oeral gebergte verskuif is, beskik sou word, hoofsaaklik dat groot getalle daarvan vernietig sou word, het die Weste ook grootliks tevrede gestel.<sup>137</sup>

Na verdere onderhandelinge is die Verdrag verander om die betrokke eertydse Sowjet republieke as onafhanklike state in te sluit. Nege-en-twintig state het partye tot die Verdrag wat op 5 Junie 1992 te Oslo onderteken is, geword. Rusland het die Verdrag op 8 Julie 1992 geratifiseer. Op 10 Julie 1992 het 16 NAVO state, ses voormalige WVO state en sewe voormalige Sowjet republieke twee ooreenkomste geteken: die voorlopige toepassing van die CFE Verdrag en die CFE 1A Ooreenkoms. Die CFE Verdrag het op 17 Julie 1992 in werking getree. Al die wapens en toerusting wat by die Verdrag ingesluit is, is onderworpe aan verifikasiëring en die basiese inspeksiefase van 120 dae het op 17 Julie 1992 'n aanvang geneem.<sup>138</sup> Die CFE Verdrag is dus 'n formele multilaterale wapenbeheerverdrag wat regionaal van toepassing is. Die CFE 1A Ooreenkoms wat beperkings op militêre mannekrag binne die ATTU gebied geplaas het, word vervolgens bespreek.

### 3.7.2 Die CFE 1A Ooreenkoms

Onderhandelinge oor die CFE 1A Ooreenkoms het reeds in Februarie 1991 begin. Die probleme wat die CFE Verdrag voorafgegaan en die ratifikasie daarvan vertraag het, het egter veroorsaak dat onderhandelinge ten opsigte van die CFE 1A Ooreenkoms agterweë gebly het. Na die ratifikasie van die CFE Verdrag kon daar dus voortgegaan word met onderhandelinge met die oog op die sluiting van die CFE 1A Ooreenkoms.<sup>139</sup>

Die CFE 1A Ooreenkoms is, soos reeds genoem, op 10 Julie 1992 formeel deur 29 state tydens 'n CSCE vergadering te Helsinki onderteken. Omdat verskeie state (Armenië, Azerbaijan en Moldova) egter ten tye van die ondertekening van die Ooreenkoms in oorloë betrokke was, kon hulle nie perke op hul militêre mannekrag plaas nie.<sup>140</sup>

Die perke van toepassing op mannekrag van sommige van die groter state is soos volg: die VSA 250 000; Rusland 1 450 000; Frankryk 325 000; Brittanje 260 000; Oekraïne 450 000; Spanje 300 000; en Turkye 530 000.<sup>141</sup> Hierdie magte het alle landgebaseerde magte, insluitende leër, lugmag en reserviste wat vir langer as negentig dae opgeroep is, ingesluit.<sup>142</sup>

Die perke wat deur 'n spesifieke staat vasgestel is kon nie sonder konsensus instemming deur die ander state aangepas word nie. Die ondertekening van die CFE 1A Ooreenkoms het na drie jaar en vier maande 'n einde aan die CFE onderhandelingsproses gebring.<sup>143</sup>

Die CFE 1A Ooreenkoms is 'n multilaterale ooreenkoms wat regionaal van toepassing is.

### 3.7.3 Die Onmenslike Wapenkonvensie

Protokol II van die Convention on Prohibitions or Restrictions on the Use of Certain Conventional Weapons which may be Deemed to Be Excessively Injurious or to Have Indiscriminate Effects (Die Onmenslike Wapenkonvensie) wat, soos reeds genoem, in 1983 in werking getree het, plaas sekere beperkings op die gebruik van landmyne, fopmyne en ander soortgelyke toestelle wat sterfes beserings en verminking van militêre personeel kan veroorsaak. Dié Protokol is ook daarop ingestel om sterfes, beserings en verminking van burgerlikes, gedurende en ná vyandighede, wat deur hierdie wapens veroorsaak word, te verhoed of ten minste te verminder. Teen 1 Januarie 2001 het 84 state hierdie Konvensie reeds geratifiseer.<sup>144</sup>

### 3.7.3.1 Laserwapens

Gedurende September-Oktober 1995 is 'n hersieningskonferensie van die Onmenslike Wapenkonvensie te Wenen gehou. Die hoofdoel van die konferensie was om die bepalings van Protokol II te versterk en om 'n addisionele protokol aangaande die gebruik van laserwapens te oorweeg. Net die tweede taak is voltooi en op 13 Oktober 1995 is Protokol IV tot die Konvensie toegevoeg.<sup>145</sup> Dié Protokol verbied die gebruik van laserwapens wat ontwerp is om permanente blindheid by mense te veroorsaak. Dit verbied ook die oorplasing van laserwapens wat permanente blindheid kan veroorsaak na enige ontvangers. Laserstelsels wat nie spesifiek bedoel is om blindheid te veroorsaak nie, is van die verbod uitgesluit.<sup>146</sup>

Vir die eerste keer sedert die 1868 Deklarasie van Petersburg is 'n nuwe wapen wat reeds ontwikkel en getoets was, verbied voordat dit op die slagveld gebruik kon word. Dit was ook die eerste keer dat beide die gebruik en die oorplasing van 'n spesifieke wapen deur internasionale humanitaire wetgewing verbied is. Alhoewel hierdie Protokol 'n belangrike deurbraak verteenwoordig het, het dit tog sekere tekortkominge waarvan die belangrikste die volgende is:<sup>147</sup>

- (a) Die vervaardiging van sulke wapens is nie verbied nie;
- (b) Verblinding van persone wat verkykers of periskope gebruik is nie verbied nie;
- (c) Protokol IV maak nie voorsiening vir verifikasiemaatreëls nie; en
- (d) Die Protokol is net op internasionale gewapende konflikte van toepassing en nie op interne konflikte nie.

Die Protokol het op 30 Julie 1998 in werking getree en teen 1 Januarie 2001 het 56 state die protokol reeds geratificeer.<sup>148</sup>

### 3.7.3.2 Landmyne

Dit is hoofsaaklik aan nie-regeringsorganisasies te danke dat die internasionale openbare mening teen landmyne so hewig geword het dat dit regerings verplig het om te begin onderhandel, met die doel om 'n wêreldwye totale verbod op landmyne te bewerkstellig. Van hierdie organisasies is onder andere die " International Campaign to Ban Landmines" (ICBL) en die " International Committee of the Red Cross " (ICRC). In 1996 het die getal state wat so 'n verbod steun, tot 53 gestyg.<sup>149</sup>

Die hersieningskonferensies van die Onmenslike Wapenkonvensie wat in 1996 gehou is het tot gevolg gehad dat Protokol II van die Konvensie verander is en deur 55 state aanvaar is. Die vernaamste veranderings aan die Protokol is soos volg:<sup>150</sup>

- (a) Die internasionale reëls wat ten opsigte van teen-personeelmyne geld is nou, behalwe vir internasionale konflikte, ook op interne konflikte van toepassing.
- (b) Alle onopspoorbare teen-personeelmyne is verbied. Teen-personeelmyne wat na 1 Januarie 1997 vervaardig is, en nog in voorraad is, moet toestelle of materiaal wat die ekwivalent van 'n agt gram stukkie yster is, bevat om dit opspoorbaar te maak. Myne wat vóór dié datum vervaardig is moet binne nege jaar nadat die Protokol in werking getree het gemodifiseer word om hulle opspoorbaar te maak.
- (c) Die verantwoordelikheid vir die instandhouding of verwijdering van landmyne wat in 'n gebied gelê is, berus by die party wat dit gelê het.
- (d) 'n Algehele verbod is op die oorplasing van verbode landmyne van een staat na 'n ander geplaas. Verskaffing van teen-personeelmyne aan state wat nie 'n party tot dié Protokol is nie is strafbaar en word verbied.
- (e) Vergaderings sal jaarliks gehou word om die vordering met die implementering van die Protokol te bespreek. Die volgende hersieningskonferensie is vir 2001 beplan.
- (f) Streng vereistes ten opsigte van opspoorbaarheid, merking, montering en verwijdering van nie-self-verniëtbare myne is neergelê. Alle teen-personeelmyne moet óf in gemerkte óf beveiligde mynvelde gehou word of toegerus word met selfvernietigende of self-aktiverende meganismes om te verseker dat hulle nie 'n langtermyn bedreiging vir burgerlikes inhou nie. Afstandbeheerde teen-personeelmyne word verbied tensy rekord gehou word van hulle geskatte posisie, die aantal en tipes wat gelê is, en die datum en tyd toe dit gelê is. Die Protokol het op 3 Desember 1998 in werking getree en 57 state het dit teen 1 Januarie 2001 reeds geratificeer.<sup>151</sup>

Die belangrikste tekortkominge van die Protokol is die volgende:<sup>152</sup>

- (a) State mag steeds voortgaan om landmyne, behalwe dié waarop 'n verbod geplaas is, te vervaardig en dit uit te voer, op voorwaarde dat daar by die bepalings van die Protokol gehou word.
- (b) Daar is geen voorsiening gemaak vir 'n verifikasieprocedure nie, en die nege jaar periode verswak die ooreenkoms.

Genoemde twee Protokolle (II en IV) is globaal van toepassing en die Onmenslike Wapenkonvensie is 'n multilaterale ooreenkoms. Voortspruitend uit Protokol II het die Teen-personeelmyn (TPM) Konvensie tot stand gekom. Dié Konvensie word vervolgens bespreek.

### 3.7.4 Die Teen-Personeelmyn (TPM) Konvensie

In opvolging van die hersieningskonferensie van die Onmenslike Wapenkonvensie wat in 1996 gehou is, is die Teen-personeelmyn (TPM) Konvensie Op 3-4 Desember 1997 deur 121

state onderteken. Dit plaas 'n verbod op die gebruik, bering, vervaardiging en oorplasing van teen-personeelmyne en bepaal verder dat bestaande teen-personeelmyne vernietig moet word. Die Konvensie is die eindresultaat van die Ottawa proses waartydens die Kanadese regering die inisiatief geneem het en sterk deur nie-regeringsorganisasies ondersteun is. Die VSA het sekere voorwaardes gestel voordat hulle bereid sou wees om die Konvensie te onderteken. Die finale voorwaardes van die VSA was dat nege jaar toegelaat moet word vir die vernietiging van landmyne in Korea; dat partye toegelaat moes word om van die Konvensie te onttrek in tye van oorlog; en dat 'n uitsondering vir die gebruik van ploftoestelle, gekombineerd met tenk afweermyne in metaalhouers, gemaak moes word. Hierdie voorwaardes is suksesvol deur die meerderheid state teengestaan. Dit het daartoe geleid dat die VSA uiteindelik van die TPM Konvensie onttrek het en dit dus nie onderteken het nie. Die TPM Konvensie is 'n multilaterale ontwapeningsooreenkoms waarvan die doel is om 'n spesifieke kategorie van wapens, naamlik teen-personeelmyne, op 'n globale grondslag geheel en al te elimineer en nie net te beperk nie.<sup>153</sup> Die Konvensie het op 1 Maart 1999 in werking getree en teen 23 Fbruarie 2001 het 111 state die Konvensie reeds geratificeer en 137 dit onderteken. Die VSA en Rusland het die Konvensie teen 23 Februarie 2001 nog nie onderteken nie.<sup>154</sup>

### 3.8 Die Wassenaar Reëling

Na twee jaar van samesprekings het die verteenwoordigers van 28 state op 19 Desember 1995 die Wassenaar Reëling ten opsigte van die uitvoerbeheer van konvensionele wapens en dubbeldoelige goedere en tegnologieë te Wassenaar, in die Nederlande, onderteken. Voorwaardes vir lidmaatskap van die Reëling sluit die volgende in: die betrokke staat moet oor nasionale wetlike en administratiewe meganismes beskik om besluite wat deur die groep geneem word te kan implementeer; die staat moet internasionale nie-proliferasie verdrae en ooreenkomste eerbiedig; en konsensus besluitneming moet aanvaarbaar wees vir aspirant lede.<sup>155</sup> Tydens 'n vergadering wat gedurende September 1995 deur die 28 state gehou is om die regime te stig het hulle op die volgende riglyne vir optrede deur die regime besluit:<sup>156</sup>

- (a) Bevordering van groter deursigtigheid ten opsigte van oorplasings van wapens en sensitiewe dubbeldoelige goedere en tegnologieë.
- (b) Om te verhoed dat state wie se gedrag en optrede 'n bron van kommer vir die deelnemende state is, wapens, dubbeldoelige goedere en tegnologieë bekom.
- (c) Waak teen bedreigings van internasionale vrede en veiligheid, wat as gevolg van die oorplasing van wapens en sensitiewe dubbeldoelige goedere en tegnologieë kan ontstaan. So 'n reëling moet egter nie teen enige staat of groep state gerig wees nie; nie

*bona fide* burgerlike transaksies ondermyn nie; en nie met die reg van state om op legitieme wyses middele vir selfverdediging te bekom, in te meng nie.

- (d) Om voorsiening te maak vir die toepaslike uitruil van inligting, op 'n vrywillige basis, en die moontlikheid van die koördinering van nasionale uitvoerbeheerbeleide vasstel, om te verseker dat handel in wapens en dubbeldoelige goedere en tegnologieë verantwoordelik bedryf word.
- (e) Lede moet die ooreengekome kriteria op 'n globale en nie-diskriminerende basis aanvaar.

Die aanbevelings van die regime moet deur nasionale uitvoerbeheer geïmplementeer word, maar die besluit om wapens of goedere te weier of oor te plaas berus by elke individuele staat.<sup>157</sup>

Die Wassenaar Reëling het in die plek van die "Co-ordinating Committee on Multilateral Export Controls for Conventional Weapons" (COCOM), wat in Maart 1994 ontbind is, gekom,<sup>158</sup> en het in Julie 1996 te Wenen formeel van krag geword. Die regime het geen kollektiewe besluitnemingsmagte nie. Die lede ruil inligting uit en bespreek beleidsbenaderings. 'n Lys van wapens, goedere en tegnologieë waarop die regime betrekking het is deur 'n span kundiges vanuit die ledestate saamgestel en word deur hulle op datum gehou.<sup>159</sup>

Op 1 Januarie 2000 het die regime uit verteenwoordigers van 33 state bestaan, maar state uit die Derde Wêreld ondersteun dit nie juis nie.<sup>160</sup>

### 3.9 Die Europese Unie Regulasie (EU Regulasie)

Die Europese Unie het ingevolge die Maastricht Verdrag in November 1993 tot stand gekom. Volgens dié Verdrag onderneem die 12 lidstate om 'n gemeenskaplike buitelandse- en veiligheidsbeleid te definieer. Die 12 lidstate is Duitsland, Frankryk, die Verenigde Koninkryk, Spanje, Portugal, Luxemburg, Nederland, Denemarke, België, Ierland, Griekeland en Italië. Die doelstellings van die beleid is soos volg gedefinieer: om die gemeenskaplike waardes, fundamentele belang en onafhanklikheid van die Unie te beskerm; om die veiligheid van die Unie en sy lidstate op alle moontlike wyses te versterk; om vrede te onderhou en internasionale veiligheid ingevolge die Handves van die Verenigde Nasies, die Helsinki Final Act, en die Handves van Parys te versterk; om internasionale samewerking te bevorder; om demokrasie, die oppergesag van die reg, en respek vir menseregte en fundamentele vryhede te ontwikkel en te konsolideer. Die Maastricht Verdrag verplig lidstate om die Unie se buitelandse en veiligheidsbeleid in 'n gees van lojaliteit en solidariteit aktief en ongereserveerd te ondersteun.<sup>161</sup>

Die Europese Unie (EU) se Raad van Ministers het op 19 Desember 1994 die EU

Regulasie ten opsigte van die beheer oor uitvoere van dubbeldoelige goedere aanvaar. Die Regulasie is deur die EU Kommissie in konsultasie met deskundiges van die lidstate saamgestel.<sup>162</sup>

Dié uitvoerbeheerstelsel vir dubbeldoelige goedere het op 1 Julie 1995 in werking getree. Die EU state het vir dié doel mekaar se nasionale uitvoerbeheerstelsels vir spesifieke goedere en tegnologieë erken. Dit verteenwoordig die eerste stap na 'n gemeenskaplike stelsel vir beheer oor die uitvoer van dubbeldoellige goedere, met ander woorde goedere wat vir siviele én militêre doeleindeste in die lidstate van die EU aangewend kan word. Alhoewel die doel van die EU Regulasie is om 'n eeniformige toepassing van uitvoerbeheer deur lidstate na derde state te verseker, word die spesifieke besluite en beheermaatreëls, soos die uitreiking van lisensies, aan lidstate oorgelaat. Die doel is om doeltreffend te wees as 'n nie-proliferasie instrument, terwyl die minimum beperkings op intragemeenskaplike verkope van dubbeldoelige items geplaas word.<sup>163</sup>

Ingesluit in die EU Regulasie is 'n aantal aanhangsels wat die volgende inligting bevat: 'n Lys van produkte wat onderworpe is aan uitvoerbeheer; state waarheen hierdie uitvoere oor die algemeen goedgekeur word; riglyne oor uitvoerbeleid waарoor die lidstate ooreengekom het; en hoogs sensitiewe goedere wat tussen lidstate aan beheermaatreëls onderworpe is.<sup>164</sup> Veranderings aan of amendamente tot hierdie lyste, kan net deur lidstate gedoen word, en dan net ná 'n konsensus besluit. Die EU Kommissie moniteer die implementering van die Regulasie en mag te enige tyd amendamente voorstel.<sup>165</sup>

Hierdie Regulasie is 'n verdere poging van die Europese gemeenskap om proliferasie van goedere en tegnologieë wat vir militêre doeleindeste aangewend kan word, teë te werk. Tot hoe 'n mate dit suksesvol sal wees sal net die tyd leer.

#### **4. CSBM's**

Soos reeds in hoofstuk 2 genoem is die norme van gedrag ten opsigte van wapenbeheer gedurende die sewentigerjare deur die toevoeging van vertroue en veiligheidsversterkende maatreëls (CSBM's) verbreed. 'n Aantal van hierdie maatreëls wat na die Koue Oorlog ingestel is word vervolgens bespreek.

##### **4.1 Die "Conference for Security and Co-operation in Europe" (CSCE) en die "Forum for Security Co-operation" (FSC)**

Soos reeds genoem het die CSCE in 1975 tot stand gekom toe die sogenaamde Final Act van die Helsinki CBM Dokument deur 35 deelnemende state, wat die VSA, Kanada en die

Sowjet-Unie ingesluit het, aanvaar is. Na die beëindiging van die Koue Oorlog, met die hereniging van Duitsland, die verbrokkeling van die Sowjet-Unie, die Federasie van Joego-Slawië, en die Tsjeggyese en Slowakse Federale Republieke, en die aanvaarding van Albanië deur die CSCE, het die aantal state in die CSCE van 35 na 50 (insluitende verskeie van die voormalige Sowjet Asiatische republieke) toegeneem.<sup>166</sup> Aan die einde van 'n spitsberaad wat die CSCE vanaf 19-21 November 1990 te Parys gehou het, het hulle die Charter for a New Europe, ook die Handves van Parys genoem, geteken. Dié Handves het riglyne neergelê vir die toekomstige werksaamhede van die CSCE. As deel van die veranderings is die volgende strukture geskep: 'n Komitee van Senior Beamptes (KSB) wat die vergaderings van die Raad moet reël en die besluite moet uitvoer; 'n Konflik Voorkomingsentrum (KVS) is te Wenen tot stand gebring; en 'n Kantoor vir Vrye Verkiesings (KVV) is te Warschau geopen.<sup>167</sup>

Tydens 'n spitsberaad wat deur die CSCE op 9 en 10 Julie 1992 te Helsinki gehou is, is die Forum vir Veiligheidsamewerking ("Forum for Security Co-operation"(FSC)) deur die CSCE gestig. Die FSC moes onderhandelinge oor wapenbeheer en CSM's inisieer; gereelde beraadslaging en samewerking tussen state oor veiligheidsake bevorder; en voortgaan met die proses om die risiko van konflik te verminder.<sup>168</sup>

Die werksaamhede van die Forum word deur die Program van Onmiddellike Aksie wat by voormalde spitsberaad in die Helsinki Dokument opgeneem is, bepaal. Dié dokument het die instellings en die strukture van die CSCE bevestig. Die program vir die FSC dek 14 prioriteitsareas vir wapenbeheer, CSM's en konflikvoorkoming<sup>169</sup> en sluit onder andere die volgende in: harmoniëring en koördinering van die verpligte van state wat by wapenbeheer en CSM's betrokke is; bevordering van militêre stabiliteit deur maatreëls vir militêre beheersheid te bevorder; uitruil van militêre inligting; streeksveiligheidsmaatreëls; samewerking om nie-proliferasie te bevorder; die vestiging van 'n gedragskode tussen state ten opsigte van veiligheidsbestuur; en samewerking op die gebied van verifikasie.<sup>170</sup> Die Forum is die enigste multilaterale wapenbeheer onderhandelingsinstelling in Europa.<sup>171</sup>

Sedert die spitsberaad van die CSCE te Budapest tot die Lissabon spitsberaad in 1996 het die Forum egter nie oor een enkele dokument ooreengekom en 'n besluit geneem nie.<sup>172</sup> In Desember 1994 het die CSCE 'n naamsverandering ondergaan, en is dit na die "Organisation for Security and Co-operation in Europe" (OSCE) verander.<sup>173</sup>

By die spitsberaad van die OSCE te Lissabon in 1996 het dit geblyk dat nog die Program van Onmiddellike Aksie, vir die FSC, soos uiteengesit in die 1992 Helsinki Dokument, nog die verdere take soos uiteengesit in hoofstuk V van die 1994 spitsberaad van die CSCE te Budapest, genoegsaam was vir die nuwe uitdagings wat na die Koue Oorlog in Europa ontstaan het.<sup>174</sup>



Die deelnemende state het dus in 1996 by die Lissabon spitsberaad besluit dat die FSC sy prioriteite moes hersien en op 'n nuwe agenda moes fokus. Volgens die Lissabon Dokument is daar by dié spitsberaad besluit dat die FSC voortaan op die volgende aspekte sal konsentreer:<sup>175</sup>

- (a) Opvolging om die volle implementering van 'alle ooreengekome wapenbeheerooreenkomste, verpligtinge en verbintenisse te verseker.
- (b) Om streekmaatreëls aan te spreek waar implementering nie na wense was tot op datum nie, of 'n konseptuele raamwerk nog nie bestaan nie.
- (c) Om 'n netwerk van wapenbeheerooreenkomste deur middel van die OSCE raamwerk vir wapenbeheer te ontwikkel, om koöperatiewe benaderings te ondersteun en veiligheidskwessies aan te spreek.
- (d) Ooreengekome maatreëls versterk en nuwe maatreëls ontwikkel om CSBM regimes te bevorder, deursigtigheid en voorspelbaarheid te verhoog, en ondersoek in te stel na wyses waarop dit in voorkomende diplomacie, krisisbestuur en post-konflik rehabilitasie aangewend kan word.

Die raamwerk vir wapenbeheer wat tydens die Lissabon spitsberaad deur die OSCE aanvaar is, sal in die toekoms as gids vir alle wapenbeheeronderhandelinge en ander wapenbeheeraktiwiteite dien. Dit sal ook die OSCE se deurlopende werksaamhede komplementeer om 'n veiligheidsmodel vir Europa vir die een-en-twintigste eeu te ontwikkel. Die volgende is van die belangrikste aspekte wat onder andere deur genoemde raamwerk vir wapenbeheer gedek word: militêre wanbalanse; interstaat konflikte en spanninge; groot internasionale dispute; bevordering van deursigtigheid en voorspelbaarheid aangaande militêre aktiwiteite; die bevordering van demokratiese politieke beheer oor militêre, paramilitêre en veiligheidsmagte; verseker dat geen staat sy veiligheidsituasie ten koste van 'n ander versterk nie; versekering van die volle implementering van wapenbeheerooreenkomste; verseker dat wapenbeheerooreenkomste aan veiligheidsbehoeftes voldoen; versekering van volle samewerking om terrorisme te beveg; verbetering van bestaande verifikasieprosedures en die ontwikkeling van nuwes.<sup>176</sup>

Die OSCE is 'n formele organisasie waarvan die wersaamhede en aktiwiteite, soos die naam aandui, regionaal van toepassing is.

#### 4.2 Die Weense Dokumente

Op 17 November 1990 is die Weense Dokument aangaande onderhandelinge oor CSBM's deur die CSCE state aanvaar. Dié dokument het die tradisionele én nuwe CSBM's bevat. Met die bedreiging van 'n massiewe verrassingsaanval in Europa iets van die verlede, moes

CSBM's aangepas word om 'n nuwe funksie te verrig. CSBM's moes nou enersyds nuwe positiewe samewerkingsverhoudinge skep, en andersyds moes dit nuwe bedreigings vir veiligheid voorkom, ontloot en bestuur. Bedreigings het na die Koue Oorlog van 'n Oos-Wes konfrontasie na interne konflikte binne individuele state en oorgrens bedreigings tussen buurstate, op etniese en nasionale gronde, verander.<sup>177</sup>

Die Weense Dokument van 1990 is eerder 'n uitbreiding van die klassieke CSBM benadering as 'n geheel nuwe innovasie. Die nuwe CSBM ooreenkoms sluit maatreëls van die 1986 Stockholm Dokument in maar voeg 'n aantal nuwe aspekte ten opsigte van risiko verminder; deursigtigheid van militêre organisasie; kontak tussen state op militêre gebied; en kommunikasie by. Die Weense Dokument van 1990 was eerder polities as wetlik bindend op die deelnemende state, en het op 1 Januarie 1991 in werking getree. Ten opsigte van kommunikasie is 'n direkte verbindingsnetwerk tussen die hoofstede van die deelnemende CSCE state in die vooruitsig gestel. Onder beskerming van die Konflik Voorkomingsentrum wat in 1990 by die spitsberaad te Parys deur die CSCE state tot stand gebring is, sal daar jaarliks 'n vergadering gehou word om die implementering van CSBM's te hersien. Die Konflik Voorkomingsentrum speel 'n belangrike ondersteunende rol hierin.<sup>178</sup>

Die Weense Dokument van 1990 het nie net die bestek van die Stockholm Dokument verder ontwikkel en uitgebrei nie, maar het die proses om inligting te verskaf en samewerking oor militêre bedrywighede tussen state, geïnstitutionaliseer.<sup>179</sup>

Op 1 Mei 1992 het die Weense Dokument van 1992, soos deur die CSCE state besluit, in werking getree. Hierdie dokument was 'n verfyning van die 1990 Dokument om dit meer relevant te maak in die ná-Koue Oorlog omgewing, sowel as om vertroue tussen state te verhoog en veiligheid te bevorder.<sup>180</sup>

In 1992 het 53 state die Weense Dokument van 1992 reeds onderskryf. Die toepassingsgebied is ook in 1992 uitgebrei om verskeie voormalige Sowjet republieke in te sluit.<sup>181</sup> Die Weense Dokument van 1994, is op 28 November 1994 deur die Spesiale Komitee van die FSC aanvaar. Die Dokument het onder andere die organisatoriese herstrukturering sedert die Weense Dokument van 1992 gereflekteer. Dié veranderings was die volgende: die stigting van die FSC se Spesiale Komitee; die CSCE se Permanente Komitee; en die skepping van 'n pos van CSCE Sekretaris-Generaal.<sup>182</sup> Die vernaamste bepalings wat deur die deelnemende CSCE state aanvaar is en uiteengesit word in die Weense Dokument van 1994, is soos volg:<sup>183</sup>

- (a) Die jaarlikse uitruiling van militêre inligting tussen state oor die aard en grootte van militêre magte; belangrike wapens en toerustingstelsels; die ontplooiing daarvan; verdedigingsbeplanning; en verdedigingsbegrotings.
- (b) Die vermindering van risiko's deur die uitruiling van inligting met betrekking tot ongewone

militêre aktiwiteite; gevaarlike insidente wat plaasgevind het; en wedersydse besoeke om onsekerhede en twyfel met betrekking tot militêre aktiwiteite uit die weg te ruim.

- (c) Kontak en samewerking tussen weermagpersoneel van deelnemende state.
- (d) Vroeë kennisgewing van sekere groot militêre manuevers en oefeninge.
- (e) Wedersydse observasie van militêre aktiwiteite wat 'n moontlike veiligheidsrisiko inhou.
- (f) Jaarlikse wedersydse beskikbaarstelling van kalenders van alle militêre aktiwiteite wat onderworpe is aan vooraf kennisgewing deur alle deelnemende state.
- (g) Beperkings op grootte van magte wat vir militêre oefeninge aangewend mag word sowel as die aantal militêre oefeninge per jaar.
- (h) Doeltreffende direkte kommunikasie tussen die hoofstede van alle deelnemende state.
- (i) Nakoming en verifikasie van bepalings.
- (j) Jaarlikse vergaderings om die doeltreffendheid van, en die vordering met, implementering van die maatreëls te bepaal en waar nodig besluite aangaande regstellende stappe te neem.

Gedurende 1995-96 het die FSC verdere verbeterings aan die 1994 Weense Dokument voorgestel om die implementering van CSBM's in Europa te verbeter. Daar is aktief voortgegaan om CSBM's by bestaande omstandighede aan te pas en te verbeter.<sup>184</sup>

#### 4.3 Die Verdrag op Oop Lugruime

Die konsep van oop lugruime is oorspronklik deur President Eisenhower van die VSA in 1955 by die Geneefse Konferensie van staatshoofde aangeroer. In 1989 het President Bush van die VSA 'n nuwe oop lugruim inisiatief voorgestel.<sup>185</sup> So 'n ooreenkoms sou beteken dat ongewapende verkenningsvlugte oor die grondgebied van die VSA, die Sowjet-Unie en hul bondgenote onderneem sou kon word. Dit het verder die potensiaal gehad om militêre openheid en deursigtigheid te verbeter; om die monitering van bestaande en toekomstige wapenbeheer- en ontwapeningsooreenkomste te fasiliteer; en om die kapasiteit vir konflikvoorkoming en krisisbestuur binne die raamwerk van die "Conference on Security and Co-operation in Europe" (CSCE) en ander instansies te versterk. Die Verdrag op Oop Lugruime is dan ook op 24 Maart 1992 onderteken. Die totale aantal oorspronklike ondertekenaars van die Verdrag was 25. Dit is 'n multilaterale verdrag wat regionaal van toepassing is.<sup>186</sup> Die "Open Skies Consultative Committee" (OSCC) is volgens artikel X van die Verdrag in die lewe geroep om sake soos nakomingskwessies, dubbelsinnighede in die Verdrag, aansoeke deur state om te deel in die Verdrag, en tegniese en administratiewe reëlings aangaande die insluiting van addisionele state te hanteer.<sup>187</sup> Gedurende 1992 is daar reeds met proefvlugte vir opleidings- en orienteringsdoeleindes oor die grondgebiede van

verskeie state begin.<sup>188</sup>

Hierdie Verdrag is een van die mees verreikende vertroueskeppende maatreëls wat binne die raamwerk van wapenbeheeronderhandelinge in die ná-Koue Oorlog-era aangegaan is. Dit sal openheid en deursigtigheid bevorder deurdat dit partye sal toelaat om observasievlugte oor mekaar se grondgebied te onderneem. Hierdie vlugte is bedoel om onder andere inligting oor moontlike verrassingsaanvalle te verskaf; misverstande uit die weg te ruim; en om wedersydse vertroue te bevorder. Die Verdrag is van groot waarde vir state wat nie oor ander meer gesofistikeerde metodes van observasie beskik of dit kan bekostig nie. Die inligting wat aan alle state wat deel het aan die Verdrag beskikbaar gestel kan word, maak die potensiële Oop Lugruim regime veral vir kleiner state besonder waardevol. Die Verdrag dek 'n geografiese gebied wat strek van Vladivostok tot by Vancouver.<sup>189</sup> Volgens artikel XVII kan die Verdrag 60 dae nadat die 20ste staat dit geratificeer het, in werking tree. Dié getal moet egter alle state wat 'n "passiewe kwota" van agt of meer oorvliegtuie het, insluit.<sup>190</sup> Teen 1 Januarie 2001 het 24 state, waaronder die VSA, Brittanje en Frankryk die Verdrag reeds geratificeer maar die Verdrag was toe nog nie in werking nie.<sup>191</sup>

#### 4.4 Die VN Register van Konvensionele Wapens

Op 9 Desember 1991 het die Algemene Vergadering van die VN ingevolge Resolusie 46/36L besluit om 'n universele, nie-diskriminerende Register van Konvensionele Wapens in te stel. VN lidstate word hierdeur versoek om jaarliks 'n verslag van invoere en uitvoere van sekere kategorieë wapens na die VN in te dien. Die volgende kategorieë wapens is betrokke: tenks, gepantserde gevegsvoertuie, groot kaliber artilleriestelsels, vegvliegtuie, aanvalshelikopters, oorlogskepe, missiele, en missielanseerders. Alhoewel die doel van die Register nie is om die vloei van wapens te beheer nie, beteken dit die openbare beskikbaarstelling van inligting aangaande watter state na watter state wapens oorplaas en watter tipe wapens dit is. Dit op sigself sal oormatige en destabiliserende vermeerdering van wapens deur individuele state aan bande lê en dus op dié wyse 'n indirekte bydrae tot wapenbeheer lewer. Die Register se doelstellings is onder andere verbeterde openheid en deursigtigheid; vermindering van wantroue en spanning tussen state; ondersteuning aan state om konflikte op te los; ondersteuning aan state met die beheer van uitvoere en invoere van konvensionele wapens; en die bevordering van internasionale vrede en stabiliteit. Die Register is op 1 Januarie 1992 in werking gestel.<sup>192</sup>

In 1992 het 93 van die 186 state wat deur die VN versoek is om inligting in te stuur, wel inligting van die in- en uitvoere van konvensionele wapens ingestuur. Meeste van die state wat nie gereageer het nie, het waarskynlik nie in genoemde kategorieë wapens handel

gedryf nie. Sleutelgroepe soos regerings van die Midde-Ooste en Asië het egter nie gereageer nie. Vir die kalenderjare 1992-1996 het meer as 90 state jaarliks verslae ingestuur. Nege-en-veertig state het op daardie stadium egter nog nooit 'n verslag ingestuur nie.<sup>193</sup>

In meeste gevalle het verskaffers en ontvangers nie hulle inligting gekoördineer nie. Net 51 van die 192 opgawes wat deur verskaffers en ontvangers in 1992 voorsien is het ooreengetrek. Honderd ses-en-twintig kon nie geverifieer word nie omdat een van die partye óf nie deelgeneem het nie, óf nie gerapporteer het nie. Sewentien verslae het weerspreekende inligting verskaf. Oorsake vir die lae persentasie van verifikasie, naamlik opgawes van verskaffers en ontvangers wat nie ooreengetrek het nie, is nie-rapportering deur state; verskillende procedures wat deur state gevvolg word om spesifieke wapenkategorieë en eienaarskap te definieer en afleweringsdatums aan te dui.<sup>194</sup>

Die volgende is tipiese probleme wat met die implementering van die Register ervaar word:<sup>195</sup>

- (a) Data vir net 'n relatief klein gedeelte van wapens en militêre toerusting word deur sommige state verskaf.
- (b) Die inligting word vrywillig deur state verskaf en dit gee aanleiding daartoe dat sommige state dit nie as 'n prioriteit beskou nie, en dus nie verplig voel om inligting beskikbaar te stel nie. Terwyl die Register gesien word as 'n funksie wat in goeie trou verrig word, is dit moontlik dat vele state dit as niks meer as een van 'n reeks bruikbare aanwysers van wapenverkryging beskou nie.
- (c) Sommige state verstrek skynbaar opsetlik nie die ware toedrag van sake nie.
- (d) Omdat plaaslike produksie nie in die Register aangetoon word nie, is verifikasie daarvan nie moontlik nie.
- (e) Weens die feit dat verskillende instansies binne 'n spesifieke staat betrokke is by die insameling van inligting van wapens wat uit- en ingevoer word, lewer dit probleme op om die verslag saam te stel.

Die vraag wat noodwendig ontstaan is van watter waarde die Register in werklikheid is. Dit is duidelik uit die voorgaande dat die Register by heelwat state nie 'n saak van erns is nie; foutiewe en onvolledige inligting verskaf word; verskaffers en ontvangers se inligting nie ooreenkom nie; en sommige state nie moeite doen om verslae in te dien nie. Daar bestaan nie afdwingingsmaatreëls nie en daar word bloot staat gemaak op die goeie trou van state wat deel het aan die Register. Die Register sal nie oorleef indien onakkurate en misleidende inligting opsetlik verskaf word en indien die state wat veronderstel is om inligting te verskaf, dit nie stiptelik en met sorg en toewyding doen nie.

## 5. Samevatting

Die beëindiging van die Koue Oorlog is gekenmerk deur 'n aantal gebeurtenisse wat 'n radikale invloed op internasionale politieke verhoudinge gehad het. Saam met die verbrokkeling van die Sowjet-Unie, die WVO wat tot 'n einde gekom het en Duitsland wat herenig is, het 'n aantal soewerein onafhanklike state binne 'n kort tydsbestek in Europa ontstaan. Hierdie proses is verhaas deur die val van Kommunisme in die Sowjet-Unie en in Oos-Europa, want die Sowjet-Unie se invloed het binne 'n kort tydsbestek, in Sentraal en Oos-Europa verdwyn. Die bipolêre ideologiese verhouding van konfrontasie tussen die Ooste en die Weste het verander na 'n multilaterale benadering, van samewerking, ook ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening.

Met die nuwe veiligheidsysteem het state baie meer ingesteld geraak op gemeenskaplike waardes soos konflikvoorkoming, konflikoplossing en krisisbestuur eerder as 'n balans van mag en vrees. Die basiese skeidslyn in die wêreld het van 'n ideologiese tussen Oos en Wes verander na 'n groeiende ekonomiese gaping tussen Noord en Suid. Die hoofdryfvere, veral in Europa, is nou die strewe na legitieme regerings, demokrasie en handhawing van menseregte. Nuwe bedreigings soos ekonomiese krisisse, etniese konflikte, misdaad, internasionale terrorisme en besoedeling van die omgewing, het prioriteit geword en sal in die toekoms 'n groot invloed hê op samesprekings oor wapenbeheer en ontwapening.

Verskeie faktore het na die Koue Oorlog wapenbeheer en ontwapening bevorder. Die primêre dryfkrag vir stabiliteit en veiligheidskeepping ná die Koue Oorlog is interafhanklikheid van nasionale belang en samewerking om koöperatiewe veiligheid te bevorder. Daarvoor is openheid, deursigtigheid, vertroue, en voorspelbaarheid nodig. Baie van hierdie elemente funksioneer reeds binne veiligheidstrukture soos die VN, OSCE, NAVO, die WEU, en die EU; steun vir die handhawing van menseregte en moraliteit het tot 'n groter mate 'n internasionale norm geword; verswakkende ekonomiese toestande, in veral Sentraal en Oos-Europa, het tot 'n vermindering in verdedigingsuitgawes geleid; en die bipolêre ideologiese Oos-Wes verdeling wat verdwyn het, het die gevaar van 'n moontlike wêreldwye militêre konfrontasie grootliks verminder.

In teenstelling met die voorgaande, is daar ook 'n aantal faktore wat wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog nadelig beïnvloed het, byvoorbeeld, die voorkoms van konflikte, hoofsaaklik in die Derde Wêreld, wat primêr intrastaatlik van aard is. Die redes vir dié konflikte is onder andere etniese verskille, oorgrens migrasie, grensgeskille, godsdiensstige verskille en skending van menseregte; proliferasie van wapens en wapenhandel wat onverpoosd voortgaan; probleme met die toepassing van doeltreffende

verifikasie van wapenbeheer- en ontwapeningsooreenkoms; en die koste verbonde aan die vernietiging van wapens.

Daar is egter ná die Koue Oorlog op verskeie gebiede merkwaardige vordering met wapenbeheer en ontwapening gemaak. Op die gebied van kernwapenbeheer en ontwapening is die START<sup>1</sup> Verdrag die eerste multilaterale verdrag wat langafstand offensiewe kernwapens verifieerbaar aan beide kante, dit wil sê die VSA aan die een kant en Rusland aan die ander kant, verminder het. Die onderhandelinge met betrekking tot die START<sup>1</sup> Verdrag was aanvanklik bilateraal van aard, maar die Verdrag is uiteindelik tussen vyf partye, naamlik Rusland, Belarus, Kazakhstan, Oekraïne en die VSA gesluit. Die betrokke kernwapens is uiteindelik net in Rusland en die VSA ontplooí en die ander vernietig. Die ander drie state beskik ingevolge die Verdrag oor geen kernwapens nie. Dit skep 'n besondere situasie van deursigtigheid van kernmagte aan beide kante. Die onbepaalde verlenging van die geldigheid van die Kernsperverdrag en, wanneer geratificeer, die Omvattende Kerntoetsverbod, is twee lofwaardige pogings om globale kernwapenproliferasie teë te werk.

Ten opsigte van chemiese wapens is die mees uitstaande ooreenkoms na die Koue Oorlog, die Chemiese Wapenkonvensie wat in April 1997 van krag geword het. Dit is 'n geskiedkundige ooreenkoms in die sin dat dit chemiese wapens wêreldwyd verbied; 'n wye spektrum van inspeksies om verifikasié van die verbod te verseker, impliseer; en alle aktiwiteite om nuwe chemiese wapens te ontwikkel of dit te vervaardig, streng verbied. Die CWK is 'n multilaterale ooreenkoms wat reeds deur 170 state, waaronder Rusland en die VSA, geratificeer is en wat globaal van toepassing is.

'n Voorbeeld van internasionale optrede teen 'n enkele staat, ná die Koue Oorlog, is die totstandkoming van UNSCOM en die gedwonge ontwapening van Irak na die Golfoorlog. Behalwe vir die gedwonge ontwapening van Irak is streng ekonomiese sanksies ook deur die VN teen dié staat ingestel.

In die afwesigheid van 'n multilaterale ooreenkoms wat die proliferasie van missiele beperk, lewer die MTBR steeds 'n waardevolle bydrae om proliferasie van missiele teë te werk, veral indien in ag geneem word dat state soos Brittanje, Kanada, Frankryk, West-Duitsland, Japan en die VSA stigterslede van dié regime is. State soos die Volksrepubliek van Sjina, Israel, Roemenië en Oekraïne, wat nie lede is nie, is verder bereid om hulle by die riglyne van die regime te hou.

Op die gebied van konvensionele wapenbeheer en ontwapening is daar ook na die Koue Oorlog 'n aantal deurbroke gemaak. Die CFE Verdrag wat reeds in 1990 geteken is, is ná die Koue Oorlog geratificeer. Dit is 'n regionale multilaterale ooreenkoms waarvolgens konvensionele wapens in die betrokke gebied, naamlik die ATTU sone, drasties verminder is.

Die opvolgende CFE 1A Ooreenkoms het die gevegsmagte van Europese state in genoemde sone ook drasties verminder.

Protokol IV wat in 1995 tot die Onmenslike Wapenkonvensie toegevoeg is verbied wapens, naamlik laserwapens, wat ontwerp is om permanente blindheid by mense te veroorsaak. Vir die eerste keer sedert die 1868 Deklarasie van Petersburg is 'n nuwe wapen wat reeds ontwikkel en getoets is, verbied voordat dit op die slagveld gebruik kon word. Protokol II van dieselfde Konvensie is ten opsigte van teen-personeelmyne versterk. Voortspruitend daaruit is die Teen-personeelmyn (TPM) Konvensie op 3-4 Desember 1997 deur 121 state onderteken. Die TPM Konvensie plaas 'n algehele globale verbod op teen-personeelmyne en bepaal verder dat alle bestaande teen-personeelmyne vernietig moet word.

Deur die stigting van die FSC in 1992, het die CSCE state ná die Koue Oorlog voortgegaan om hulle pogings te intensifiseer om op 'n regionale basis CSBM's te inisieer, te verfyn en te bevorder; gereelde beraadslaging tussen state oor veiligheidsake te bevorder; en voortgegaan met die proses om die risikos van konflik te verminder. Die Verdrag op Oop Lugruime wat in 1992 deur 25 state onderteken is, is een van die mees verreikende vertroueskeppende maatreëls wat nóg binne die raamwerk van wapenbeheeronderhandelinge na die Koue Oorlog aangegaan is. Dit sal openheid en deursigtigheid bevorder, deurdat partye observasievlugte oor mekaar se grondgebied sal kan onderneem.

Die VN Register van Konvensionele Wapens lewer ook 'n belangrike bydrae tot die bevordering van deursigtigheid en openheid en is ook 'n CSBM.

Met verwysing na die benaderings tot wapenbeheer, soos in hoofstuk 1 uiteengesit, kan die ná-Koue Oorlog verdrae, ooreenkomste en konvensies soos volg gekategoriseer word:

(a) Wapenbeheer aan die einde van konflikte.

Die START I Verdrag, die VSA-Russiese unilaterale vermindering van kernwapens en die CFE Verdrag resorteer onder hierdie kategorie. Die instelling van UNSCOM na die Golfoorlog is 'n ontwapeningsmaatreël wat op 'n spesifieke staat van toepassing gemaak is. Die *foedus inaequum* beginsel is hier van toepassing.

(b) Wapenbeheer en ontwapening om proliferasie te bestuur en dit te beheer.

Alle genoemde verdrae, konvensies en ooreenkomste behalwe die CFE 1A Ooreenkoms, die VN Register van Konvensionele wapens, CSBM's en die Verdrag op Oop Lugruime resorteer onder hierdie kategorie.

(c) Wapenbeheer om gedragsnorme te skep en te bepaal.

Die CFF 1A Ooreenkoms, die Verdrag op Oop Lugruime, die VN Register van Konvensionele Wapens en CSBM's is in hierdie opsig bepalend vir gedragsnorme. Die Verdrag op Oop Lugruime en die VN Register van Konvensionele Wapens is ook voorbeeld van CSBM's.

(d) Wapenbeheer deur internasionale organisasie.

Alhoewel die VN Register van Konvensionele Wapens op hierdie stadium nie afgedwing word op lidstate van die VN nie kan dit as 'n maatreël, wat 'n indirekte invloed op wapenbeheer uitoefen gesien word, aangesien dit deursigtigheid bevorder en dus 'n bydrae lewer tot veiligheid en vertroueskeppende maatreëls.

UNSCOM is 'n instelling wat deur die VN ingestel is vir 'n spesifieke doel, naamlik om te verseker dat Irak van sy kern, chemiese, en biologiese wapens sowel as enige aanlegte ontslae raak. Die IAEA se aktiwiteite is ook 'n voorbeeld van wapenbeheer deur internasionale organisasie.

(e) Wapenbeheer om strategiese stabiliteit te versterk.

Die volgende ooreenkomste resorteer onder hierdie kategorie: die START I Verdrag; die VSA-Russiese unilaterale vermindering van kernmagte; die START II Verdrag; die CFF Verdrag ; die CFF 1A Ooreenkoms; kernvrye sones; UNSCOM; die CSCE state se CSBM's; en die Verdrag op Oop Lugruime.

Alhoewel die fokus ná die Koue Oorlog verander het, en ander aspekte, behalwe die militêre, ten opsigte van internasionale veiligheid belangriker geword het, geld die onderliggende argumente ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening steeds. Probleme soos intra-staatlike konflikte, veral in die Derde Wêreld en proliferasié van wapens, wat vroeër deur die Oos-Wes polarisasie oorheers is, geniet tans groter prominensie in die internasionale politiek. Die belangrikheid van globale wapenbeheer en ontwapening het ná die Koue Oorlog nie werklik verminder nie. Skouspelagtige vordering is in teendeel ná die Koue Oorlog met wapenbeheer en ontwapening gemaak.

In die volgende hoofstuk word wapenbeheer en ontwapening, soos dit gedurende die Koue Oorlog in Afrika gemanifesteer het, bespreek. Die tydperk wat gedek word strek vanaf 1960 toe meeste state in Afrika hul onafhanklikheid verkry het, tot 1991 aan die einde van die Koue Oorlog. Bydraes wat deur Afrika ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening op die globale front gelewer is word ook in oënskou geneem.

## VERWYSINGS

- 1 Rotfeld, A D, "Introduction: The fundamental changes and the new security agenda", in SIPRI Yearbook 1992: World Armaments and Disarmament, Oxford University Press, Oxford, 1992, p.1.
- 2 Ibid, p.3.
- 3 Jaquet, P, "From Co-existence to interdependence", Survival, 34/1, Spring 1992, pp.90-105.
- 4 Ibid, pp.98-99.
- 5 Rotfeld, A D, in SIPRI Yearbook 1992, op.cit, p.2.
- 6 Boutros Boutros-Ghali, An Agenda for Peace: Preventive Diplomacy, Peacemaking and Peace Keeping, United Nations, New York, 1992, pp.7-8; en "Arms Control: The agenda transformed", Strategic Survey, 1991/1992, Brassey's, London, 1993, pp.196-197.
- 7 Rotfeld, A D, "Introduction: the search for a new security system", in SIPRI Yearbook 1994: World Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 1994 op.cit, pp.3-5.
- 8 Ibid, p.5.
- 9 Reynolds, D, "Beyond Bipolarity in Space and Time", in Hogan, M J, (ed), The End of the Cold War: Its Meaning and Implications, Cambridge University Press, New York, 1992, p.245.
- 10 Klare, M T, and Thomas, D C, World Security: Challenges for a New Century, St Martin's Press, New York, 1994, pp.228 en 37.
- 11 Ibid, pp. 247-248.
- 12 Ibid.
- 13 Rotfeld, A D, SIPRI Yearbook 1992, op.cit, pp.3 en 9.
- 14 Sen, S, " Economic incentives for demilitarization", in Klein, L R, et al, (ed) Arms Reduction: Economic Implications in the Post Cold War Era, United Nations University Press, Tokyo, New York, Paris, 1995, pp.324-325.
- 15 Ibid.
- 16 Rotfeld, A D, "Introduction: Towards a pluralistic security sysytem", in SIPRI Yearbook 1996, op.cit, pp.1 en 8.
- 17 Sollenberg, M, and Wallensteen, P," Major armed conflicts", in SIPRI Yearbook 1997: World Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 1997, pp.17-22; Seybolt, T B, "Major armed conflicts", in SIPRI Yearbook 2000, op.cit, pp.15-18; en Sollenberg, M, et al, "Major armed conflicts in 1999", in SIPRI Yearbook 2000, op.cit, pp.50-58.

- 18 Heldt, B, and Melander, E, " Major armed conflicts 1992", in SIPRI 1993: World Armaments and Disarmament, 1993, Oxford University Press, Oxford, 1993, pp. 119-130; Wallensteen, P, and Axell, K, " Major armed conflicts", in SIPRI Yearbook 1994 Oxford University Press, Oxford, 1994, p. 81; Sollenberg, M, and Wallensteen, P," Major armed conflicts", in SIPRI Yearbook 1995: Armament, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 1995, p.21; Sollenberg, M, and Wallensteen, P, "Major armed conflicts", in SIPRI Yearbook 1996, op cit, p.15; Sollenberg, M, and Wallensteen, P," Major armed conflicts", in SIPRI Yearbook 1997, op cit, p.21; Sollenberg, M, and Wallensteen, P, " Major armed conflicts", in SIPRI Yearbook 1998, op cit, pp.17-30; T B, Seybolt, "Major armed conflicts", in SIPRI Yearbook 2000, op cit, pp.15-18; en Sollenberg, M, et al. "Major armed conflicts", in 1999", in SIPRI Yearbook 2000, op cit, pp.50-58.
- 19 Heldt, B, and Melander, E, "Major armed conflicts in 1992", in SIPRI Yearbook 1993, op cit, p.121.
- 20 McNamara, R S, "A new international order and its implications for arms reductions", in Klein, L R, et al, (ed), op cit, p.268.
- 21 Davis, M J, Security Issues in the Post-Cold War World, Edward Elgar, Cheltenham, U K, Brookfield, U S, 1996, pp.167-168.
- 22 Betts, R K, Conflict After the Cold War: Arguments on Causes of War and Peace, Macmillan Publishing Company, New York, 1994, pp.383-385.
- 23 McNamara, R S, op cit, p.268.
- 24 Rotfeld, A D, SIPRI Yearbook 1996, op cit, p.1.
- 25 Rotfeld, A D, " The search for a new security system", in SIPRI Yearbook 1994, op cit, pp.2-3.
- 26 Pearson, F S, The Global Spread of Arms: Political Economy of International Security, Westview Press, Boulder, San Francisco, Oxford, 1994, pp.62-63.
- 27 Larsen, J A, and Rattray G J, (ed), Arms Control: Toward the 21st Century, Lynne Rienner Publishers, Boulder, London, 1996, p.290.
- 28 Ibid, p.289.
- 29 Rotfeld, A D, " Introduction: Parameters of change", in SIPRI Yearbook 1993: Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 1993, p.6.
- 30 "Arms Control: The agenda transformed", Strategic Survey 1991-1992, The International Beeld, (Pretoria), 03/07/98, p.11.
- 32 Strategic Survey 1991-1992, op cit, p.201.
- 33 Rotfeld, A D, SIPRI Yearbook 1996, op cit, p.5
- 34 Tanter, R, Rogue Regimes : Terrorism and Proliferation, St Martin's Press, New York, 1998, pp. 245-246, 131-135, en 67.

- 35 McNamara, R S, op cit, pp.271-272.
- 36 Johnson, R, "Post-Cold War Security : The Lost Opportunities", Disarmament Forum one 1999 : The New Security Debate, United Nations Institute for Disarmament Research, United Nations Publication, Geneva, Dec. 1998, pp.8-9.
- 37 Ferm, R, "Nuclear Explosions 1945-1998", in SIPRI Yearbook 1999, op cit, pp.562-563.
- 38 Pearson, F S, op cit, pp.82-83.
- 39 Arnett, E, "The Comprehensive Nuclear Test-Ban Treaty" in SIPRI Yearbook 1997, op cit, pp.404,408-409, en 544.
- 40 Barnaby, F, How Nuclear Weapons Spread: Nuclear Weapon Proliferation in the 1990's, Routledge, London and New York, 1993, pp.118-123.
- 41 McNamara, R S, op cit, p.273.
- 42 Latter, R, An End to Chemical and Biological Weapons?, Wilton Paper 63, London, HSMO, October 1992, p.2; en Pearson, F S, op cit, p.69.
- 43 Spiers, E M, " The Role of Chemical Weapons in the Military Doctrines of Third World Armies", in Krause, J, (ed) Security Implications of a Global Chemical Weapons Ban, Westview Press, Boulder, San Francisco and Oxford, 1991 pp.41- 45.
- 44 McNamara, R S, op cit, pp.273-274.
- 45 Barnaby, F, op cit, pp.129-131.
- 46 Ibid, pp.129 en 131-132.
- 47 Mathiak, L, "The Light Weapons Trade at the End of the Century", in Gamba, V, (ed) Society Under Siege: Crime, Violence and Illegal Weapons, Vol 1, Institute for Security Studies, Halfway House, South Africa, pp.73-75.
- 48 McNamara, R S, op cit, pp.275-276; en Pearson, F S, op cit, pp.53-55.
- 49 McNamara, R S, op cit, pp.275-276.
- 50 Pearson, F S, op cit, pp. 60-61.
- 51 Rotfeld, A D, SIPRI Yearbook, 1993, op cit, p.7.
- 52 Anthony, I, et al, " The trade in major conventional weapons", in SIPRI Yearbook 1992, op cit, pp.272-273.
- 53 Anthony, I, et al, " The trade in major conventional weapons", in SIPRI Yearbook 1997, op cit, pp.267-274; Hagelin, B, et al, "The volume of transfers of major conventional weapons by recipients and suppliers, 1995-99", in SIPRI Yearbook 2000, op cit, pp.368-373; en Anthony, I, et al, "Tables of the value of the trade in major conventional weapons", in SIPRI Yearbook 1992: World Armaments and Disarmament, Oxford University Press, Oxford, 1992, p.309.

- 54 "From Arms Control to Non-Proliferation", in Strategic Survey 1993 -1994, The International Institute for Strategic Studies, Brassey's, London, 1994, pp.50-51 en 59.
- 55 Norris, R S, and Arkin, W M, " Tables of nuclear forces", in SIPRI Yearbook 2000, op cit, pp.491-495.
- 56 Karp, R C, " The START Treaty and the future of strategic nuclear arms control", in SIPRI Yearbook 1992, op cit, pp.36-37; en "The 1991-1992 US, Soviet and Russian unilateral nuclear reduction initiatives", in SIPRI Yearbook 1992, op cit, pp. 88-92.
- 57 SIPRI Yearbook 1992, op cit, pp.88-92
- 58 Ibid.
- 59 Karp, R C, in SIPRI Yearbook 1992, op cit, p.13.
- 60 UN: "Treaty Between the United States and the Union of Soviet Socialist Republics on the Reduction and Limitation of Strategic Offensive Arms", in United Nations Disarmament Yearbook Vol.16 1991, United Nations Publication, New York, 1992, pp.450-476.
- 61 Karp, R C, op cit, pp.26-28.
- 62 Ibid, pp.30-31.
- 63 Ibid, pp.31-32.
- 64 Ibid, p.32.
- 65 Ibid, pp.32-33.
- 66 UN: "Nuclear arms limitation and disarmament", in United Nations Disarmament Yearbook, Vol 16, 1991, op cit, p.109.
- 67 UN: "Lisbon Protokol to the START I Treaty", in United Nations Disarmament Yearbook, Vol.17,1992, United Nations Publication, New York, 1993, pp.328-330.
- 68 UN: "Nuclear arms limitation and related issues", in United Nations Disarmament Yearbook, Vol.17, 1992,op cit, p.122.
- 69 UN: "Non-Proliferation issues", in United Nations Disarmament Yearbook, Vol.19, 1994, United Nations Publication, New York, 1995, p.14.
- 70 UN: United Nations Disarmament Yearbook, Vol.17, 1992, op cit, p.122.
- 71 UN: "Non-Proliferation", in United Nations Disarmament Yearbook, Vol.18, 1993, United Nations Publication, New York, 1994, p.12.
- 72 UN: "United Nations arms limitation, disarmament and related issues", in United Nations Disarmament Yearbook, Vol.18, 1993, op cit, p.135.
- 73 UN: "Non-Proliferation issues", in United Nations Disarmament Yearbook, Vol.19, 1994, op cit, p.14.
- 74 Goodby, J E, et al, " Nuclear arms control", in SIPRI Yearbook 1995, op cit, p.638.

- 75 Kile, S, " Nuclear arms control", in SIPRI Yearbook 1997, op cit, pp.368-370; en "Nuclear non-proliferation and disarmament", in United Nations Disarmament Yearbook, Vol.21 1996, United Nations Publication, New York, 1997, pp.34-35.
- 76 Norris, R S, and Arkin, W M,"Tables of nuclear forces", in SIPRI Yearbook 1998, op cit, pp.434-437.
- 77 UN: "Nuclear Arms limitation, disarmament and related issues", in United Nations Disarmament Yearbook, Vol.17, 1992, op cit, p.122-123.
- 78 UN: "Treaty between the United States of America and the Russian Federation on Further Reduction and Limitation of Strategic Offensive Arms (START II)", in United Nations Disarmament Yearbook, Vol. 18, 1993, op cit, pp.319-320.
- 79 Lockwood, D, "Nuclear arms control", in SIPRI Yearbook 1993, op cit, pp.554-555.
- 80 UN: "Treaty between the United States of America and the Russian Federation on Further Reduction and Limitation of Strategic Offensive Arms (START II)", in United Nations Disarmament Yearbook, Vol.18, 1993, op cit, pp.319-321.
- 81 Kile, S, " Nuclear arms control", in SIPRI Yearbook 1997, op cit, p.371.
- 82 UN: "Nuclear disarmament issues", in The United Nations Disarmament Yearbook, Vol 22, 1997, United Nations Publication, New York, 1998, p.6.
- 83 Kile, S, SIPRI Yearbook 1997, op cit, pp.374-377.
- 84 Ibid, pp.376-377.
- 85 Ferm, R, SIPRI Yearbook 2000, op cit, p.708
- 86 Ferm, R, and Berggren, C, "Arms control and disarmament agreements", in SIPRI Yearbook 2001, op cit, p.668; en UN: "Status of multilateral arms regulation and disarmament", in The United Nations Disarmament Yearbook, Vol 24, 1999, op cit , pp.192-193.
- 87 "The Comprehensive Nuclear Test Ban Treaty", in SIPRI Yearbook 1997, op cit, pp.414-431.
- 88 UN: "The Comprehensive Nuclear Test-Ban Treaty", in United Nations Disarmament Yearbook, Vol.21, 1996, op cit, p.24.
- 89 Arnett, E, SIPRI Yearbook 1997, op cit, pp.404 en 408-409.
- 90 Simpson, J, " The nuclear non-proliferation regime after the NPT Review and Extension Conference ", in SIPRI Yearbook 1996, op cit, pp.561-573.
- 91 UN:"Documents of the 1995 NPT Review and Extension Conference", in United Nations Disarmament Yearbook, Vol. 20, 1995, United Nations Publication, New York, 1996, pp.22-29.
- 92 Ferm, R, and Berggren, C, in SIPRI Yearbook 2001, op cit, pp.654-655.

- 93 UN: "The 1995 Review and Extension Conference of the Non-Proliferation Treaty", in United Nations Disarmament Yearbook, Vol.20, 1995, op cit, pp.22-29.
- 94 Simpson, J, SIPRI Yearbook 1996, op cit, pp.572-573.
- 95 Acharya, A and Ogunbanwo, S, "The nuclear weapon-free zones in South East Asia and Africa", in SIPRI Yearbook 1998, op cit, p.443.
- 96 Ferm, R, and Berggren, C, "Arms control and disarmament agreements", in SIPRI Yearbook 2001: Armaments Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 2001, p.666.
- 97 UN: "Status of multilateral arms regulation and disarmament agreements", in United Nations Disarmament Yearbook, Vol 24, 1999, United Nations Publication, New York, 2000, p.192.
- 98 Lockwood, D, and Wolfsthal, J B, "Nuclear weapon developments and proliferation", in SIPRI Yearbook 1993, op cit, p.245.
- 99 Acharya, A, and Ogunbanwo, S, in SIPRI Yearbook 1998, op cit, p.443.
- 100 Ferm, R, "Arms control and disarmament agreements", in SIPRI Yearbook 1998, op cit, pp.582-595.
- 101 Simpson, J, SIPRI Yearbook 1996, op cit, p.585.
- 102 Ibid, pp.585-586.
- 103 Anthony, I, and Zanders, J P, "Multilateral security-related export controls", in SIPRI Yearbook 1998, op cit, pp.381-382.
- 104 Anthony, I, et al, "Multilateral weapon-related export control measures", in SIPRI Yearbook 1995, op cit, p.601; en Anthony, I and Stock, T, "Multilateral military-related export control measures", in SIPRI Yearbook 1996, op cit, p.546.
- 105 Rotfeld, A D, "Introduction: Transformation of the world security system", in SIPRI Yearbook 1998, op cit, p.12.
- 106 Anthony, I, " Multilateral weapon technology export controls" in SIPRI Yearbook 2001, op cit, p.616.
- 107 Goldblat, J, Arms Control: A Guide to Negotiations and Agreements, Sage Publications, London, Thousand Oaks, New Delhi, 1996, p.87.
- 108 Simpson, J, in SIPRI Yearbook 1996, op cit, p.587.
- 109 Goldblat, J , op cit, p.88.
- 110 Anthony, I, in SIPRI Yearbook 2001, op cit, p.616.
- 111 Robinson, J P P, et al, " The Chemical Weapons Convention: the success of chemical disarmament negotiations", in SIPRI Yearbook 1993, op cit, p.705.
- 112 Ibid, pp.705-707.

- 113 UN: "Status of multilateral arms regulation and disarmament agreements", in United Nations Disarmament Yearbook, Vol.21, 1996, op cit, p.186.
- 114 Ferm, R, and Berggren, C, in SIPRI Yearbook 2001, op cit, pp.664-665; en UN: "Status of multilateral arms regulation and disarmament agreements", in United Nations Disarmament Yearbook, Vol 24 ,1999, op cit, pp.191-192.
- 115 Goldblat, J, op cit, pp.105-106.
- 116 Zanders, J P, et al. "Chemical and biological weapon developments and arms control", in SIPRI Yearbook 1997, op cit, pp.445-449.
- 117 Ibid, p.451.
- 118 Stock, T, and de Geer, A, "Chemical and biological weapons: developments and destruction", in SIPRI Yearbook 1995, op cit, p.344.
- 119 UN: "Third Review Conference of the Parties to the Convention on the Prohibition of the Development, Production and Stockpiling Of Bacteriological (Biological) and Toxin Weapons and their Destruction", in United Nations Disarmament Yearbook, Vol.16, 1991, op cit, pp.289-297.
- 120 UN: "Special Conference of the States Parties to the Biological Weapons Convention", in United Nations Disarmament Yearbook, Vol.19, 1994, op cit, pp.123-128.
- 121 Osmanczyk, E J, Encyclopedia of the United Nations and International Agreements, Taylor and Francis, New York, Philadelphia, London, 1990, pp.127-128; en UN: Yearbook of the United Nations, 1971, Vol 25, United Nations Publication, Office of Public Information, United Nations, New York, 1974, pp.19-22.
- 122 Zanders, J P, et al. SIPRI Yearbook 1997, op cit, pp.453 en 468.
- 123 Anthony, I, et al. " Multilateral military-related export control measures", in SIPRI Yearbook 1997, op cit, p.351.
- 124 Stock, T, "Chemical and biological weapons: developments and proliferation", in SIPRI Yearbook 1993, op cit, p.269
- 125 Anthony, I, and Zanders, J P, "Multilateral security related export controls", in SIPRI Yearbook 1998, op cit, pp.387-388.
- 126 Anthony, I, et al. SIPRI Yearbook 1997, op cit, pp.351-354.
- 127 UN: "Iraq- Action under Section C of Security Council Resolution 687 (1991)", in United Nations Disarmament Yearbook Vol.16,1991, op cit, pp.32-36.
- 128 Ibid.
- 129 Zanders, J P, et al. SIPRI Yearbook 1997, op cit, pp.457-458.
- 130 UN: Resolution S/Res./1051 of the Security Council, United Nations, New York, 1996.

- 131 "Assessing the Cruise Missile Threat", in Strategic Survey 1996-1997, The International Institute for Strategic Studies, Oxford University Press, London, 1997, p.21; en Anthony, I, in SIPRI Yearbook 2001, op.cit., p.616.
- 132 Strategic Survey 1996-1997, op.cit., p.21.
- 133 Anthony, I, and Stock, T, "Multilateral military-related export control measures", in SIPRI Yearbook 1996, op.cit., p.551.
- 134 Larsen, J A, and Rattray, G J, op.cit., p.324.
- 135 Strategic Survey 1996-1997, op.cit., p.21.
- 136 Croft, S, (ed) The Conventional Armed Forces in Europe Treaty: The Cold War Endgame, Dartmouth Publishing Co., Aldershot, Brookfield, USA, 1994, pp.241, 244 en 246.
- 137 Ibid., pp.248-251 en pp.243-247.
- 138 Ibid., p.254.
- 139 Ibid.
- 140 Ibid., p.256.
- 141 Ibid., pp.256-257.
- 142 Croft, S, Strategies of arms control: A history and typology, Manchester University Press, Manchester and New York, 1996, pp.128-129.
- 143 Croft, S, The Conventional Armed Forces in Europe Treaty: The Cold War End Game, op.cit., pp.256 en 258.
- 144 Ferm, R and Berggren, C, in SIPRI Yearbook 2001, op.cit., pp. 660-661; en Goldblat, J, op.cit., pp.486-490.
- 145 UN: "Convention on certain conventional weapons", in United Nations Disarmament Yearbook, Vol.20, 1995, op.cit., pp.164-169.
- 146 Goldblat, J, " Landmines and blinding laser weapons: the Inhumane Weapons Convention Review Conference", in SIPRI Yearbook 1996, op.cit., pp.761-764.
- 147 Ibid., pp.762-763.
- 148 Ferm, R, and Berggren, C, in SIPRI Yearbook 2001, op.cit., p.661.
- 149 Lachowski, Z, "Conventional arms control" in SIPRI Yearbook 1997, op.cit., pp.495-497.
- 150 Ibid.
- 151 Ferm, R, and Berggren, C, in SIPRI Yearbook 2001, op.cit., pp.660-661.
- 152 Lachowski, Z, "Conventional arms control", in SIPRI Yearbook 1997, op.cit., p.497.
- 153 Lachowski, Z, "A Ban on anti-personnel mines", in SIPRI Yearbook 1998, op.cit., pp.554-558.
- 154 Ferm, R, and Berggren, C, in SIPRI Yearbook 2001, op.cit., pp.668-669.

- 155 Anthony, I, and Stock, T, " Multilateral military-related export control measures", in SIPRI Yearbook 1996, op cit, pp.542-544.
- 156 Ibid, pp.543-544.
- 157 Ibid.
- 158 UN: "Conventional weapons", in United Nations Disarmament Yearbook, Vol.20, 1995,op cit, p.144; en " Conventional Weapons: global and regional approaches", in United Nations Disarmament Yearbook, Vol.21, 1996, op cit, pp.96-97.
- 159 Anthony, I, et al, SIPRI Yearbook 1997, op cit, pp.345-348.
- 160 UN: "Conventional weapons issues", in The United Nations Disarmament Yearbook Vol 24, 1999, op cit, p.97.
- 161 Rotfeld, A D, "Europe: towards a new regional security regime", in SIPRI Yearbook 1994, op cit, p.217; en Deger, S, "World military expenditure", in SIPRI Yearbook 1993, op cit, p.384
- 162 Anthony, I, and Stock, T, in SIPRI Yearbook 1996, op cit, p.545.
- 163 Anthony, I, et al, SIPRI Yearbook 1997, op cit, pp.359-363.
- 164 Ibid, p.360.
- 165 Ibid, pp.360-362.
- 166 Goldblat, J, op cit, p.7.
- 167 Ibid, p.166.
- 168 Bloed, A, (ed) Conference on Security and Co-operation in Europe: Analysis and Basic Documents 1972-1993, Kluwer Academic Publishers, Dordrecht, Boston, London, 1993, pp.733-736.
- 169 Ibid, pp.736-739.
- 170 Ibid, pp.739-743.
- 171 Lachowski, Z, "Conventional arms control and security dialogue in Europe", in SIPRI Yearbook 1995, op cit, p.783.
- 172 Lachowski, Z, "Conventional arms control", in SIPRI Yearbook 1997, op cit, p.491.
- 173 Holmes, J W, The United States and Europe after the Cold War, University of South Carolina Press, Columbia, 1997, pp.40 en 167.
- 174 Lachowski, Z, SIPRI Yearbook 1997, op cit, p.491.
- 175 Ibid, pp.491-492.
- 176 Ibid, p.493 ; "Documents on European Security", in SIPRI Yearbook 1997, op cit, pp155-156.
- 177 Lachowski, Z, "Implementation of the Vienna Document 1990 in 1991", in SIPRI Yearbook 1992, op cit, pp.480-481.
- 178 Bloed, A, op cit, pp.69-71, 489-532 en 553-558.

- 179 Ibid. pp.69-71 en 489-532.
- 180 Ibid. p.71.
- 181 Lachowski, Z, "The Vienna confidence-and security building measures in 1992", in SIPRI Yearbook 1993, op cit, pp.618-620.
- 182 Lachowski, Z, "The Vienna confidence-and security building measures", in SIPRI Yearbook 1995, op cit, p.795.
- 183 Vienna Document 1994 of the Negotiations on Confidence- and Security Building Measures, CSCE Document 1113/94, Vienna, 1994.
- 184 Lachowski, Z, "Confidence-and security building measures in Europe", in SIPRI Yearbook 1997, op cit, pp.503-504.
- 185 Croft, S, op cit, pp.121-122; en "A VintageYear for Arms Control", in Strategic Survey 1989-1990, Brassey's, London, 1990, p.209.
- 186 Bloed, A, op cit, pp.78-79.
- 187 Ibid, pp.1301-1302.
- 188 Ibid, p.79.
- 189 Bailer, S, " The Treaty on Open Skies", in SIPRI Yearbook1995, op cit, pp.821-824; en Goldblat, J, op cit, pp.657-665.
- 190 Bloed, A, op cit, p.1306.
- 191 Ferm, R, and Berggren, C, in SIPRI Yearbook 2001, op cit, pp.663-664.
- 192 Wulf, H, " The United Nations Register of Conventional Arms", in SIPRI Yearbook 1993, op cit, pp.533-534.
- 193 Laurance, E J, et al, Arms Watch: SIPRI Report on the First Year of the UN Register of Conventional Arms, Oxford University Press, Oxford, 1993, pp.1-2; en UN: "Global approaches to conventional weapons issues", in United Nations Disarmament Yearbook, Vol 22, 1997, op cit, pp.81-86.
- 194 Laurance, EJ, op cit, pp.3-4.
- 195 Anthony, I, et al, "The trade in major conventional weapons", in SIPRI Yearbook 1996, op cit, pp.478-479 en 472; en Anthony, I, et al, SIPRI Yearbook 1997, op cit, pp.281-291.

## HOOFSTUK 4

### 'N HISTORIESE OORSIG OOR WAPENBEHEER EN ONTWAPENING IN AFRIKA GEDURENDE DIE KOUE OORLOG

In hierdie hoofstuk word wapenbeheer en ontwapening, soos dit gedurende die Koue Oorlog in Afrika gemanifesteer het, sowel as Afrika se betrokkenheid by globale multilaterale ooreenkoms, bespreek. Die bespreking sal op die groter gedeelte van die streek, naamlik swart of sub-Sahara Afrika, wat uit 47 state bestaan, fokus. Dit word algemeen aanvaar dat die Sahara woestyn die noordelike grens van die sub-Sahara streek is. Alhoewel daar na die Noord-Afrikaanse state verwys sal word, word dié state eerder met die Mediterreense streek, die Midde-Ooste en Mohammedanisme ge-assosieer.<sup>1</sup> Die bevolkings is ook oorwegend Arabies-sprekend.<sup>2</sup> Dié Noord-Afrikaanse state is naamlik Marokko, Algerië, Tunisië, Libië en Egipte. Die tydperk wat gedek word strek vanaf 1960, toe 17 state hul onafhanklikheid verkry het, tot 1991, toe die Koue Oorlog tot 'n einde gekom het.<sup>3</sup>

Teen die einde van die vorige eeu was bykans die hele Afrika gekolonialiseer deur Europese state, veral Brittanje, Duitsland en Portugal. Gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu is Afrika egter gedekolonialiseer toe die Afrikastate, soos reeds genoem, veral vanaf 1960 hul onafhanklikheid verkry het. Dit word dikwels beweer dat Eritrea se onafhanklikwording van Ethiopië en die verkiesing van Nelson Mandela, 'n swart nasionalis, as president van Suid-Afrika in 1994, die kulminasie van Afrika se stryd om onafhanklikheid was.<sup>4</sup>

Twee belangrike aspekte wat 'n negatiewe invloed op wapenbeheer en ontwapening in Afrika gehad het en inderwaardheid teenstrydig is met pogings tot wapenbeheer en ontwapening, is die voorkoms van militêre konflikte en die gevoglike vraag na wapens. Hierdie twee aspekte, soos dit gedurende die Koue Oorlog in Afrika gemanifesteer het, word vervolgens bespreek.

#### 1. Konflik in Afrika gedurende die Koue Oorlog

Gedurende die tydperk wat vanaf 1960 tot 1991 gestrek het, is meeste oorloë in Afrika om onafhanklikheid en dekolonialisering geveg. As gevolg hiervan was meeste van hierdie militêre konflikte intrastaatlik eerder as interstaatlik van aard.<sup>5</sup> Sedert onafhanklikheid tot 1990 het daar 56 veranderings van regering deur middel van militêre staatsgrepe of paleisrevolusies, en 39 oorgrens konflikte in Afrika plaasgevind.<sup>6</sup> Die belangrikste rede vir interstaatlike konflikte was grensgeskille, as gevolg van die koloniale nalatenskap van

grense wat sonder kulturele of natuurlike oorwegings vasgestel is. Sommige grense het ook direk deur toegangsroetes en natuurlike hulpbronne gesny. Interne konflikte het hul oorsprong basies vanuit vier bronne gehad: deurlopende ekonomiese mislukking van 'n staat terwyl die bevolking vermeerder en voedsel al skaarser word; probleme met politieke opvolging afkomstig vanaf charismatiese leiers sowel as vanaf militêre regimes; 'n groeiende onkonvensionele oorlogsbedreiging met insypelaars vanaf oorgrens skuilplekke; en probleme met militêre magte, veral met soldate in die laer range wat gedemobiliseer word, en dié wat in diens bly se persepsie dat hulle byvoorbeeld nie behoorlike betaling, en/of behuising ontvang nie. 'n Verdere bron van konflik in Afrika is die Organisasie van Afrika Eenheid (OAE) se onvermoë om as bemiddelaar in deurlopende dispute tussen Afrikastate op te tree om sodoende 'n bevredigende staat van streeksamewerking op die verdedigingsterrein te bewerkstellig; en om 'n doeltreffende Afrika vredesmag tot stand te bring. So 'n vredesmag sal die OAE se bemiddelingspogings kan afdwing en die operasionele basis vir 'n Afrika verdedigingsmag kan vorm.<sup>7</sup>

Verdere oorsake van spanning en konflik in Afrika gedurende die Koue Oorlog was, en is tot 'n groot mate, steeds die volgende: skending van menseregte, massamigrasie van vlugtelinge oor staatsgrense, armoede en onstabilitet wat deur wanbestuur en swak regering veroorsaak word; magstryde van een of ander aard; ekonomiese en godsdiensongelykhede; onderdrukking; die strewe na politieke vryheid; etniese geskille; ideologiese en politieke propaganda en veldtogte; militêre inmenging deur een staat in 'n ander se interne aangeleenthede; interstaat aggressie; en steun deur een staat aan rebelle of separatiste in 'n ander staat.<sup>8</sup>

Gedurende die Koue Oorlog het die Ooste en die Weste meegeding om hul invloedsfere te vergroot, en dus ook om die guns van nuwe onafhanklike state in Afrika te verkry. Vele Afrikastate het gebaat by hulp, tegnologie, personeel en wapens in ruil vir ideologiese ondersteuning vir die Ooste of die Weste en uitvoer/invoer markte. Sommige Afrikastate se leiers het dit ook gesien as 'n geleentheid om die Ooste teen die Weste of teen hul eertydse koloniale oorheersers af te speel. Afrika is deur die supermoondhede as 'n arena wat vir strategiese, ideologiese en ekonomiese doeleindes verower moes word, gesien. Waar inter- of intrastaatlike konflikte egter ontstaan het, is dit dikwels gedurende die Koue Oorlog as gevolg van inmenging deur die supermoondhede vererger en verleng.<sup>9</sup>

## 2. Militêre uitgawes en wapenhandel in Afrika gedurende die Koue Oorlog

Sedert die begin van die sestigerjare het militêre uitgawes in Afrika op 'n snelle en wydverspreide basis vermeerder. Hierdie snelle groei in verdedigingsuitgawes kan deels toegeskryf word aan die pogings van nuwe onafhanklike state wat hul eie weermagte moes

uitbou en ontwikkel en deels aan die herbewapening van Suid-Afrika in die vroeë sestigerjare. In die algemeen was die uitgawes aan verdediging van meeste Afrikastate op interne veiligheid eerder as op eksterne bedreigings gerig. Die doel hiermee was hoofsaaklik om sterk militêre ondersteuning vir die regerende party te verseker sodat 'n spesifieke regime aan bewind kon bly. Militêre uitgawes vir Afrika (Suid-Afrika uitgesluit) het van 258.4 miljoen dollar in 1960 skouspelagtig gestyg tot 703.3 miljoen dollar in 1968, 'n styging van 172 persent. Ingeluit in hierdie verdedigingsuitgawes was daar vanselfsprekend uitgawes aan wapenaankope.<sup>10</sup> Die redes vir verhoogde uitgawes aan wapens gedurende hierdie tydperk het die volgende ingesluit: die onvermoë van burgerlike regerings om ekonomiese toestande in hul state te verbeter, wat aanleiding gegee het tot militêre staatsgrepe; onvermoë van burgerlike regerings om wet en orde te handhaaf en onwilligheid om demokratiese procedures te volg, wat ook aanleiding gegee het tot militêre staatsgrepe; geografiese ligging van 'n staat in verhouding tot die "verdedigingsgrense" van 'n groot moondheid; state wat gevestigde "verdedigingsgrense" van groot moondhede gevorm het, sou deurlopend 'n groot aantrekkinskrag vir uitgawes en wapenverskaffing vanaf die betrokke groot moondhede bly ; en wantroue tussen state.<sup>11</sup>

Soos in die geval met militêre uitgawes, het wapeninvoere na Afrika skerp gestyg gedurende die sewentigerjare en gedurende die vroeë tachtigerjare begin verminder.<sup>12</sup> Al hierdie wapens is nie altyd gekoop nie. Soms is dit bloot geskenk óf die skuld deur die verskaffers afgeskryf in ruil vir ideologiese steun, welwillendheid of die beskikbaarstelling van markte deur Afrikastate aan die supermoondhede en ander skenkerstate.<sup>13</sup> Onderstaande tabel illustreer die jaarlikse gemiddelde uitgawes (miljoene VSA dollars) aan wapeninvoere deur sub-Sahara Afrika en Suid-Afrika vir die tydperk wat gestrek het vanaf 1960 tot 1983.

Periode	Sub-Sahara Afrika	Suid-Afrika	Sub-Sahara Afrika en Suid-Afrika
1960-69	61	70	131
1970-74	106	57	163
1975-79	633	148	781
1980-83	533	33	566

Bron: Luckham, R, "Militarization in Africa" in SIPRI Yearbook 1985: World Armaments and Disarmament, Taylor & Francis, London, 1985, p.302.

Voormalige koloniale moondhede soos Frankryk en Brittanje het veral in die vroeë sestigerjare, na onafhanklikheid van die Afrikastate steeds voortgegaan om wapens aan

hulle voormalige kolonies te verskaf. Veral in Frankryk se geval was dit onder andere om Franse belangte beskerm.<sup>14</sup>

Wapenverkope aan sub-Sahara state in Afrika gedurende die tydperk 1984-1991 sien soos volg daaruit: ( die bedrae word in miljoene VSA dollars teen 1990 konstante pryse aangedui).

1984	1985	1986	1987	1988	1989	1990	1991
2 596	2 425	2 282	2 540	1 884	495	1 202	234

Bron: Anthony, I, et al, "Tables of the value of the trade in major conventional weapons", in SIPRI Yearbook 1993: World Armaments and Disarmament, Oxford University Press, Oxford, 1993, p.476.

Die hoofverskaffers (in volgorde van belangrikheid) vanaf 1984 tot 1987 was die Sowjet-Unie, die Verenigde State van Amerika (VSA), Frankryk, Brittanje, die Sjinese Volksrepubliek en Wes-Duitsland.<sup>15</sup> Vanaf 1988 tot 1991 was die hoofverskaffers (weereens in volgorde van belangrikheid) die Sowjet-Unie, die VSA, die Sjinese Volksrepubliek, Frankryk, Brittanje en Wes-Duitsland.<sup>16</sup> Die totale uitgawes vir die eerste vier jaar beloop 9 843 miljoen dollar. Die laaste vier jaar se verkope het 3 814 miljoen dollar beloop, wat ongeveer 39 persent van die eerste vier jaar se verkope is. Daar was dus 'n groot afname in wapenverkope aan state in sub-Sahara Afrika gedurende die laaste vier jaar van die Koue Oorlog.<sup>17</sup>

Die vermindering in uitgawes aan wapens in die laat tagtigerjare deur Afrikastate kan, soos hierna sal blyk, nie werklik toegeskryf word aan doelbewuste pogings tot wapenbeheer en ontwapening nie. Dit kan eerder toegeskryf word aan die Koue Oorlog wat toe al, hoofsaaklik as gevolg van 'n radikale houdingsverandering deur die voormalige Sowjet-Unie, reeds aan die afneem was, sowel as finansiële beperkings wat Afrikastate gedwing het tot verminderde uitgawes aan wapens. 'n Afrika perspektief op wapenbeheer en ontwapening word vervolgens bespreek.

### 3. Die Afrika perspektief op wapenbeheer en ontwapening

Die Afrika perspektief op wapenbeheer en ontwapening het gedurende die middel tot laat vyftigerjare, met die onafhanklikwording van Ghana, en toe die Onverbonde Beweging (OB) se grondslag gelê is, gestalte gekry. Die OB se grondslag is gedurende 1955, ten tye van 'n konferensie van state afkomstig van Afrika, Asië en die Midde-Ooste, te Bandung gelê. Meeste van Afrika se gebiede was ten tye nog kolonies van Europese moondhede. Afrika is by die Bandung konferensie deur Egipte, Ethiopië, Liberië, Ghana en Soedan

verteenwoordig. Hierdie state het verklaar dat hulle Afrika verteenwoordig in hulle eis om wêreldwye ontwapening. Die Bandung Verklaring, waartoe genoemde Afrikastate hulle ook verbind het, het hulle misnoëë oor die wapenwedloop en die Koue Oorlog uitgespreek en die noodsaaklikheid van vrede en veiligheid beklemtoon.<sup>18</sup>

In die na-onafhanklikheid periode, maar voor die stigting van die OB en die Organisasie vir Afrika Eenheid (OAE) het Kwame Nkrumah, president van Ghana, 'n baie belangrike rol in die ontwikkeling van 'n Afrika perspektief op ontwapening gespeel. Die OB en die OAE het later 'n nuwe dimensie aan die vestiging van 'n Afrika perspektief op ontwapening gegee.

### 3.1 Ghana se rol

Ghana se onafhanklikwording in 1957 het 'n belangrike bydrae tot die verdieping van die Bandung ontwapeningsdoelstellings in Afrika gelewer. Nkrumah het in die laat vyftigerjare twee internasionale konferensies te Accra georganiseer. Die "All African Peoples Conference" en die "First Conference of Independent African States" het aan Afrikastate die geleentheid gebied om 'n basis van konsensus ten opsigte van Afrika se vryheid, veiligheid en sosio-ekonomiese ontwikkeling te skep.<sup>19</sup>

Tydens die eerste konferensie van onafhanklike Afrikastate is die siening onder ander bevestig dat die vermindering van konvensionele wapens essensieel in belang van internasionale vrede en veiligheid sou wees, en is die beleid om wapens aan state te verkoop en daardeur druk op regerings uit te oefen of in te meng in die interne sake van 'n staat, veroordeel. Nkrumah se sienswyse aangaande algemene ontwapening was nie net dat dit nodig was as gevolg van die vernietigende effek en kranksinnigheid van die wapenwedloop nie, maar ook dat dit die wêreld se vermoë om probleme soos armoede en onderontwikkeldheid die hoof te bied verminder het. Behalwe Ghana was ander Afrikastate ook gekant teen die wapenwedloop gedurende die Koue Oorlog.

Die Afrikastate wou vrede en orde in die wêreld hê sodat hulle hul tyd en energie aan ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling kon bestee. Hulle kon nie bekostig om skaars ekonomiese bronne op wapens te verkwis nie. Die Afrikastate se pogings om globale ontwapening en 'n kernwapenvrye wêreld 'n werklikheid te maak het, soos reeds genoem 'n nuwe dimensie gekry toe die OB in 1961 te Belgrado, en die OAE in 1963 te Addis Ababa gestig is.<sup>20</sup>

### 3.2 Die Onverbonde Beweging (OB) en ontwapening

Met die stigting van die OB in 1961 het Afrikastate 'n belangrike forum bekom vanwaar hulle hul doelstellings van globale ontwapening en 'n kernwapenvrye wêreld kon verkondig. Tot op daardie stadium was Ghana bykans alleen in die stryd. Die state wat aan die OB behoort is soewereine onafhanklike state wat ten tye nie deel van die Oos-blok of die Wes-blok wou wees nie. Die OB se hoofmotief gedurende die Koue Oorlog was om vrede in die wêreld te bevorder en te verhoed dat 'n derde wêreldoorlog ontketen word. Daarom was die OB van die begin af diep bekommert oor die ontwikkeling, vervaardiging, opberging en proliferasie van al hoe meer gesofistikeerde wapens, insluitende kernwapens, sowel as oor die wapenwedloop. Vanaf die OB se eerste sitting wat in 1961 in Belgrado gehou is het die OB 'n veldtog om globale ontwapening te bevorder geloods. Volgens die Belgrado Verklaring is ontwapening as die mees dringende taak van die mensdom aanvaar. Die Belgrado Verklaring het onder andere die volgende ingesluit: 'n oproep om wêreldwye algemene en algehele ontwapening onder effektiewe beheer; die eliminering van gewapende magte en wapens; 'n totale verbod op die produksie, besit of gebruik van kernwapens, biologiese en chemiese wapens, sowel as enige ander tipes wapens van grootskaalse vernietiging; en 'n onmiddellike moratorium op kernwapentoetse. Die konferensie het twee belangrike aanbevelings gemaak, naamlik dat 'n ooreenkoms om alle kernwapentoetse en termokerntoetse te verbied spoedig bereik moes word; en tweedens dat die Algemene Vergadering van die VN spoedig 'n spesiale sitting oor ontwapening moes hou. Van die 25 stigterstate van die OB was 11 uit Afrika. Dus was die OB se siening oor "ontkerning" en ontwapening ook 'n Afrika siening.<sup>21</sup>

### 3.3 Die OAE en ontwapening gedurende die Koue Oorlog

Met die stigting van die OAE in 1963 het Afrikastate nog 'n forum bekom waardeur hulle hul doelstellings van globale ontwapening en 'n kernwapenvrye wêreld kon bevorder. By die reeds genoemde eerste konferensie van onafhanklike Afrikastate wat in 1958 te Accra gehou is, is daar sterk standpunt ingeneem teen enige kerntoetse op enige plek in die wêreld, maar veral teen die voorgenome kerntoetse wat deur Frankryk in die Sahara woestyn uitgevoer sou word. Daar is verder 'n beroep op die groot moondhede gedoen om kernenergie slegs vir vreedsame doeleindes aan te wend.<sup>22</sup>

By sy stigtingskonferensie in 1963 het die OAE vir die eerste keer 'n Afrika standpunt, wat deur alle Afrikastate onderskryf is, geformuleer. In die resolusie oor algemene ontwapening het die OAE onder andere soos volg besluit: om deur

onderhandeling die besetting van die Afrikastreek deur militêre magte te beëindig; om 'n beroep op die groot moondhede te doen om konvensionele wapens te verminder, die wapenwedloop te beëindig, en om 'n ooreenkoms oor algemene en algehele ontwapening onder effektiewe internasionale beheer te onderteken. Die OAE het hierdeur die eerste belangrike stap in die rigting van ontwapening geneem, en het duidelik die OB se standpunte oor ontwapening en "ontkerning" beaam.<sup>23</sup>

In 1970 is dit egter verklaar dat "It is against this background of growing, not diminishing military strength in southern Africa that the majority of African countries now regard with either ambivalence or outright hostility attempts made to restrict their military capabilities. There was a time in the mid 1950's when many African politicians and leaders looked forward to the emergence of this continent as one of the first truly "disarmed" areas in the world. Few regarded defence expenditure as anything more than a direct burden on their poor economies. This no longer is the prevalent attitude in Africa ... In short, the painful awareness of the realities of power has persuaded several central African countries that unless they have well-trained and well-equipped armed forces, they will be severely handicapped, if not impotent, in their struggle against the southern African regimes. Equally, though, civilian politicians are aware that the statistical record of military *coups* in Africa is very high, and that the dangers of increasing the power of the military are considerable."<sup>24</sup>

Die aanvraag vir gevorderde wapens deur state in sub-Sahara Afrika was ten tye steeds laag in vergelyking met ander gebiede in die wêreld, terwyl ander minder gevorderde wapens in groot hoeveelhede verkrygbaar was vanaf 'n groeiende lys van wapenverskaffers. Dit sou dus verwag kon word dat enige pogings om die wapenvloei na Afrika teen die wense van Afrikastate te probeer inhibeer, onsuksesvol sou wees.<sup>25</sup> 'n Westerse wapenverbod teen Afrika, indien dit moontlik sou wees, sou in elk geval die deur vir groter wapenuitvoere vanaf die Volksrepubliek van Sjina en die Sowjet-Unie geopen het.<sup>26</sup>

Volgens Hutchful was daar in 1985 steeds nie sprake van ontwapening in Afrika nie. Hy het dit toegeskryf aan die feit dat die klem eerder op wapenbeheer gevall het as op die sistemiese kontradiksies wat tot geweld in Afrika lei. Volgens hom het die voorstanders van wapenbeheer en ontwapening te min klem gelê op probleme soos klasonderdrukking, onregverdigheid en ontseggeling van politieke regte, as die oorsake van oorloë in Afrika. Hy was van mening dat indien 'n werkbare formule vir onderhandelinge gevind kon word, en eenstemmigheid oor die beperking van wapens in Afrika gevind kon word, oorloë beperk en selfs tot 'n einde gebring kon word.<sup>27</sup>

Die OAE het deur middel van twee resolusies in onderskeidelik November 1984 en Julie 1985 sy ondersteuning uitgespreek vir die hou van 'n streekskonferensie oor veiligheid, ontwapening en ontwikkeling in Afrika te Lomé, Togo gedurende Augustus 1985.<sup>28</sup> Tydens dié konferensie wat toe wel in Augustus 1985 plaasgevind het, is Suid-Afrika uitgesonter as

die grootste bedreiging vir vrede en veiligheid in Afrika en lui die verklaring waartoe tydens die konferensie besluit is, onder ander soos volg: "The conference then defined disarmament as the joint commitment by countries in the region to eliminate rivalries between nations, along with all the various causes behind civil wars, revolts and *coups d'etat*, and to seek the peaceful resolution of all differences. This, plus a unified approach to confront the threat from South Africa and any other menace from outside the continent. While a reduction in military expenditure is considered necessary... cutbacks could only be implemented following agreements on regional and sub-regional military assistance and non-aggression. And as the racist minority regime of South Africa and its policy of apartheid constitutes the major cause of insecurity, aggression and instability on the continent, the conference reiterated its determination to eliminate this regime at all costs".<sup>29</sup> Volgens hierdie verklaring was daar in 1985 nog geen werklike sprake van ontwapening in Afrika nie, ten spye daarvan dat hierdie konferensie juis daaroor gehandel het. Suid-Afrika sou byvoorbeeld nie "ten alle koste geëlimineer" kon word deur ontwapening in die res van Afrika toe te pas nie.

Volgens Brayton het aktiewe guerilla groepe in sekere gebiede in Afrika teen 1986 sekerlik nie noemenswaardige kommer getoon aangaande wapenbeheer nie. Van groter belang op daardie stadium, was die feit dat ekstremistiese Afrika politieke leiers "have demonstrated a desire to rule with the traditional instruments of military power, reflecting a mixture of ego and the appetite for political control".<sup>30</sup> Wapenbeheer en ontwapening was dus nie 'n opsie nie.

Azikiwe, op daardie stadium Nigerië se permanente verteenwoordiger by die VN, het dit teen die einde van die Koue Oorlog beklemtoon dat konvensionele ontwapening in Afrika 'n illusie sal bly totdat Afrikastate genoeg vertroue in 'n internasionale struktuur, wat hul belange en veiligheid kan beskerm, ontwikkel het. In 'n atmosfeer waarin sommige state onder 'n vals indruk van "krag is mag, en mag is reg" verkeer sal wapens nie maklik verminder word nie. Die tyd van donasies en skenkings vanuit die Weste en die Ooste aan Afrika is verby en teen die einde van die Koue Oorlog het die fokus reeds vanaf Afrika na Oos-Europa verskuif. In die tagtigerjare het die meeste Afrikastate se regerings begin besef dat daar ook nie-militêre bedreigings vir veiligheid in Afrika bestaan. Alhoewel militêre uitgawes, as gevolg van allerlei oorloë, steeds relatief hoog gebly het, was daar 'n geleidelike verandering na 'n geïntegreerde benadering tot nasiebou by sommige Afrikastate te bespeur. Azikiwe het die hoop uitgespreek dat die doelwit van konvensionele ontwapening uiteindelik in Afrika bereik sou kon word.<sup>31</sup>

### 3.4 Afrika se betrokkenheid by globale wapenbeheer en ontwapening gedurende die Koue Oorlog

Onderstaande tabel toon aan wat die aard van ondersteuning uit Afrika vir die Onmenslike Wapenkonvensie van 1981, die Geneefse Protokol van 1925; die Biologiese en Toksiese Wapenkonvensie (BTWK), van 1972, en die Environmental Modification (ENMOD) Konvensie van 1977 gedurende die Koue Oorlog was. Hierdie ooreenkomste is die belangrikste nie-kernwapen ooreenkomste waarby Afrikastate sedert die twintigerjare en gedurende die Koue Oorlog betrokke was en steeds is. Die Onmenslike Wapenkonvensie se doel is 'n verbod op sekere tipes konvensionele wapens, soos laserwapens wat permanente blindheid kan veroorsaak en teen-personeelmyne wat verminking veroorsaak. Die Geneefse Protokol, wat ook as die "Gasprotokol" bekend staan plaas 'n verbod op die gebruik van stikgasse, giftige gasse, en soortgelyke ander materiaal, vloeistowwe of toestelle, sowel as op bakteriologiese metodes van oorlogvoering.

Die ENMOD Konvensie verbied mensgemaakte veranderings in die omgewing indien dit vir militêre of ander vyandige doeleinades aangewend word met die doel om skade, vernietiging of besering aan 'n ander staat en/of sy bevolking te berokken.<sup>32</sup>

Verdrag /Ooreenkoms	1925 Geneefse Protokol	1972 BTWK	1977 ENMOD Konvensie	1981 Onmenslike Wapenkonvensie
Geratificeer	34 (8 voorwaardelik)	25	7	2 (1voorwaardelik)
Geteken maar nie geratificeer nie	0	13	6	6

Bron: Ferm, R, "Major multilateral arms control agreements", in SIPRI Yearbook 1992: World Armaments and Disarmament, Oxford University Press, Oxford, 1992, pp. 600-615.

Hierdie tabel toon aan dat, behalwe vir die Geneefse Protokol, 'n groot aantal Afrikastate wapenbeheer en ontwapening ten opsigte van hierdie kategorieë wapens gedurende die Koue Oorlog nie as 'n prioriteit beskou het nie.<sup>33</sup> Soos reeds beskryf het hierdie houding in die algemeen ook ten opsigte van konvensionele wapens gegeld. Die uiters swak ondersteuning van die Onmenslike Wapenkonvensie spruit voort uit die feit dat landmyne, veral teen-personeelmyne, in hulle miljoene in Afrika konflikte gebruik is, en state daarom nie hulself maklik deur so 'n konvensie sou laat bind nie. Die belangstelling in die ENMOD Konvensie was ook baie swak. Die relatiewe groot aantal state wat die BTWK geteken maar nie geratificeer het nie, wou heelwaarskynlik hulle oophou in geval dit

vir hulle nodig sou word om "die arm man se kernwapen" in een of ander konflik of as 'n afskrikmiddel te gebruik – veral in die lig van die feit dat die vermoede reeds vanaf die sewentigerjare bestaan het dat Suid-Afrika besig was om 'n kernwapenvermoë te ontwikkel. Angola en Algerië het net die Geneefse Protokol geratifiseer. Alhoewel Suid-Afrika in die middel tagtigerjare die vermoë om chemiese en biologiese wapens te vervaardig en te ontplooi ontwikkel het<sup>34</sup>; en Libië in 1987 chemiese wapens teen Tsjaad gebruik het<sup>35</sup>, het albei hierdie state die BTWK onderskeidelik in 1975 (Suid-Afrika) en 1982 (Libië) onderteken.

Alhoewel Afrika net na onafhanklikwording tot in die sewentigerjare en selfs daarna sterk standpunt ingeneem het oor ontwapening het hierdie standpunt in hoofsaak, ten spyte van die feit dat konvensionele wapens ook genoem is, op kernwapens betrekking gehad. Die teenstrydighede in Afrika se benadering word vervolgens in oënskou geneem.

#### **4. Teenstrydighede in Afrika se pogings tot wapenbeheer en ontwapening gedurende die Koue Oorlog**

Alhoewel daar, soos reeds beskryf, by Afrikastate na onafhanklikheid 'n oopregte begeerte na die beskerming en behoud van hulle onafhanklikheid en soewereiniteit deur die verkryging van redelike hoeveelhede wapens was, het dit ongelukkig nie daarby gebly nie en het die volgende teenstrydighede dié goeie voornemens tot 'n groot mate ongedaan gemaak:<sup>36</sup>

- (a)'n Onbeheerde sug na wapens het daartoe gelei dat Afrika se deel aan Derde Wêreld militêre uitgawes van drie persent in 1959 tot 25 persent in 1979 gestyg het .
- (b) Die herhaalde oproepe om die instelling van 'n Afrika Opperbevel in Afrika en herhaalde oproepe vir die verkryging van kernwapens deur state in Afrika.
- (c) Etniese konflikte binne state wat regerings verplig om miltêr in te gryp.
- (d) Die neiging by state om grensgeskille eerder met die wapen as met onderhandelinge te besleg.
- (e) Die voortbestaan van apartheid in Suid-Afrika het veroorsaak dat veral die frontliniestate, as gevolg van oorgrensaanvalle met teeninsurgensie operasies deur Suid-Afrika, tot 'n groot mate moes militariseer.
- (f) Armoede het veroorsaak dat baie state hulself moes bewapen. Armoede veroorsaak ontevredenheid en dit lei tot konflik.
- (g) Outoritêre leiers wat hul eie posisie teen staatsgrepe en onveiligheid moes beskerm, het dit vanselfsprekend met wapens gedoen.
- (h) Die supermoondhede se stryd om wêreldoorheersing en hulle pogings om hulle invloed in Afrika uit te brei het noodwendig sommige Afrikastate by die wapenwedloop betrek.

Wapenbeheer en ontwapening gedurende die Koue Oorlog in Afrika, met verwysing na kernwapens, word vervolgens bespreek.

## 5. ‘n Kernwapenvrye sone in Afrika

Die konferensie van onafhanklike Afrikastate wat reeds in 1958 deur Ghana te Accra gereël is het ‘n beroep op die groot moondhede gedoen om die vervaardiging van kernwapens te beëindig en om alle kerntoetse in belang van wêrelvdvrede en menseregte te staak; hulle het alle kerntoetse op enige plek in die wêreld, veral die voorgenome toetse in die Sahara woestyn, sterk veroordeel; en ‘n beroep op die groot moondhede gedoen om kernkrag uitsluitlik vir vreedsame doeleinades aan te wend.<sup>37</sup>

Voorstelle vir die “ontkerning” van Afrika was dan ook die gevolg van Franse kerntoetse wat in 1960 in die Sahara woestyn uitgevoer is. In Desember van daardie jaar sowel as in November 1961 het die VN op aandrang van sommige Afrikastate resolusies aanvaar wat ‘n beroep op VN lidstate gedoen het om hulle daarvan te weerhou om enige verdere kerntoetse in Afrika uit te voer. Lidstate is verder versoek om hulle te weerhou daarvan om die gebied, gebiedswaters of lugruim van Afrika vir die toetsing, berging of vervoer van kernwapens te gebruik en om Afrika as ‘n “ontkernde” sone te beskou. In 1963 het die Afrika lede van die “Eighteen Nation Committee on Disarmament” (ENDC) ‘n resolusie vir die ontkerning van Afrika by dié organisasie ingedien. In Mei van dieselfde jaar is die resolusie tydens die spitsberaad van die OAE aanvaar.<sup>38</sup> Tydens ‘n spitsberaad te Kairo in 1964 het die OAE Afrika tot ‘n internasionale ooreenkoms, onder VN beheer, verbind om geen kernwapens te vervaardig, te bekom of onder hulle beheer te hê nie. Met dié verklaring het Afrika die eerste streek geword wat bereid was om ‘n ontwapeningsinisiatief van so ‘n omvang te onderneem. Dit was eers na hierdie inisiatief dat die idee van ‘n kernwapenvrye sone in Latyns-Amerika met die Verdrag van Tlatelolco ‘n werklikheid geword het. In die verklaring oor die “ontkerning” van Afrika doen die OAE ‘n beroep op alle state om Afrika as ‘n kernwapenvrye sone te respekteer. Die Kairo Verklaring kon egter nie geïmplementeer word nie, as gevolg van probleme soos die kernwapenwedloop wat ten tye aan die gang was asook die vermoede dat Suid-Afrika in die proses was om ‘n kernwapenvermoë te ontwikkel. Eerder as om voort te gaan om ‘n verdrag te sluit het verskeie groepe en individue in Afrika geargumenteer dat sommige Afrikastate ook ‘n kernwapenvermoë, wat as teenvoeter vir Suid-Afrika se kernwapenvermoë moes dien, moes ontwikkel.<sup>39</sup>

Die resolusie wat egter deur Afrikastate in 1963 by die ENDC ingedien is, is in Desember 1965 deur die VN se Algemene Vergadering deur resolusie 2033 (XX) aanvaar.<sup>40</sup>

Gerugte het in die laat sewentigerjare die rondte begin doen dat Suid-Afrika 'n kernwapenvermoë sou hê.<sup>41</sup>

Die OAE het in 'n resolusie van Julie 1978 hom sterk uitgespreek teen enige staat wat moontlik in die proses was om Suid-Afrika te help om kernwapens te ontwikkel en het terselfdetyd 'n beroep op die VN gedoen om alles moontlik te doen om Suid-Afrika te verhoed om 'n kernwapenvermoë te ontwikkel.<sup>42</sup> In 'n resolusie van Julie 1979 spreek die OAE hom sterk uit teen Israel se samewerking met Suid-Afrika op kernwetenskaplike gebied en doen hy 'n beroep op Westerse state om nie kernmateriaal en tegnologie aan Suid-Afrika te voorsien nie.<sup>43</sup>

Vanselfsprekend het die moontlikheid dat Suid-Afrika 'n kernwapenvermoë sou hê 'n vrees by Suid-Afrika se vyande, veral dié in Suider-Afrika, laat ontstaan, wat moontlik die belangrikste rede was waarom 'n kernwapenvrye sone in Afrika toe nie tot stand gekom het nie. Teen die middel tagtigerjare het die volgende state in Afrika oor kerntegnologie wat reeds in werking gestel is, of oor kernprojekte wat onder konstruksie was, beskik: Egipte, Libië, Marokko, Algerië en Suid-Afrika. Van hierdie state was Egipte, Libië en Marokko op daardie stadium partye tot die Kernsperverdrag. Suid-Afrika en Algerië was nie partye tot die Kernsperverdrag nie en Suid-Afrika se kernprogram was op daardie stadium by verre die mees gevorderde in Afrika. Van die state in Afrika wat op daardie stadium beskou is as state wat 'n kernwapenvermoë probeer bekom het, was Suid-Afrika eerste op die lys gevolg deur Libië, ten spyte van die feit dat Libië alreeds in 1975 die Kernsperverdrag geratifiseer het. Nie Nigerië of Egipte het op daardie stadium oor enige noemenswaardige kerntegnologiese vermoë beskik nie en daar het teen 1990 sterk twyfel bestaan of hulle enige voornemens gehad het om met 'n kernwapenprogram te begin.<sup>44</sup>

Dit was reeds sedert 1981 duidelik dat Suid-Afrika oor die vermoë beskik het om kernwapens te vervaardig asook dat Suid-Afrika oor die vermoë beskik het om kernwapens af te lewer. Teen die middel van 1988 was die skatting dat Suid-Afrika oor 'n aantal kernwapens beskik wat gewissel het van nege tot 23.<sup>45</sup> Ten spyte van die feit dat die OAE tot selfs in die laat tagtigerjare hom deur verskeie resolusies ten gunste van 'n kernwapenvrye sone in Afrika uitgespreek het, is daar by genoemde konferensie oor veiligheid, ontwapening en ontwikkeling wat in Augustus 1985 te Lomé gehou is, 'n beroep op alle Afrika wetenskaplikes, navorsers en die akademiese gemeenskap gedoen om 'n kernnavorsingsprogram vir Afrika te ontwikkel.<sup>46</sup> Indien in ag geneem word dat kerntegnologie vir die vreedsame gebruik van kernkrag ten tye wel beskikbaar was, asook die feit dat Suid-Afrika by hierdie konferensie as die grootste bedreiging vir vrede in Afrika geïdentifiseer is, is genoemde beroep op wetenskaplikes heelwaarskynlik gedoen met die doel om 'n kernwapenvermoë vir die res van Afrika as 'n teenvoeter vir Suid-Afrika se vermeende kernwapenvermoë te ontwikkel. In hierdie verband is Awua-Asamoah se stelling

van 'n "widely publicized appeal by a number of eminent African scholars for the acquisition of nuclear arms" insiggewend. Hy verklaar verder dat "The merits of such arguments have been extolled in several serious circles in recent times (particularly considering South Africa's acquisition of nuclear arms)".<sup>47</sup>

Die kwessie van 'n teenvoeter vind vir Suid-Afrika se kernvermoë het die Afrika agenda oor "ontkerning" gedurende die sewentiger en tagtigerjare oorheers. Twee insidente het kommer in die res van Afrika oor Suid-Afrika se kernvermoë vererger. Die voormalige Sowjet-Unie het in 1977 na bewering 'n ondergrondse kernwapentoetsterrein in die Kalahari ontdek. Die tweede incident was die waarneming van, wat vermoed is, 'n Suid-Afrikaanse kernontploffing deur 'n Amerikaanse satelliet. Ondersoeke na hierdie insidente het egter nik opgelewer nie. As gevolg van, onder andere, hierdie gebeure het 'n kernwapenvrye sone in Afrika dus nie gedurende die Koue Oorlog 'n werlikheid geword nie.<sup>48</sup>

Behalwe vir genoemde pogings wat gedurende die Koue Oorlog in Afrika deur die OAE aangewend is om Afrika as 'n kernwapenvrye sone verklaar te kry, het sommige Afrikastate hul steun aan die volgende multilaterale kernverdrae gegee: (soos aan die einde van 1991):

<b>Verdrag</b>	<b>Die Gedeeltelike Kerntoetsverbod (Partial Test Ban Treaty, (PTBT) 1963</b>	<b>Kernsperverdrag 1968</b>	<b>Seebodem Verdrag 1971</b>
Geratificeer	34 (8 voorwaardelik)	45	22
Geteken maar nie geratificeer nie	7	0	12

Bron: Ferm, R, "Major multilateral arms control agreements" in SIPRI Yearbook 1992: World Armaments and Disarmament, Oxford University Press, Oxford, 1992, pp.600-615.

Die baie goeie ondersteuning vanuit Afrika vir die PTBT en die Kernsperverdrag spruit voort uit Afrika se strewe, wat reeds by onafhanklikwording sy oorsprong gehad het, dat Afrika 'n kernwapenvrye sone moet wees sowel as teenkanting uit Afrika teen kernwapens in die algemeen. Tanzanië, Zimbabwe en Zambië, almal sogenaamde frontliniestate, het almal in 1991 die Kernsperverdrag geratificeer toe Suid-Afrika dit gedoen het. 'n Logiese gevolgtrekking hieruit sou wees dat hierdie state nie vir die ratifisering van 'n kernwapenvrye konvensie vir Afrika te vinde sou wees totdat Suid-Afrika ook gereed sou wees om so 'n konvensie te onderteken nie. Algerië en Angola is die enigste twee state wat nie een van bogemelde verdrae gedurende die Koue Oorlog geratificeer het nie. Angola het die Gedeeltelike Kerntoetsverbod (PTBT) onderteken.

Gedurende 1988 het die OAE verklaar dat die storting van kern- en nywerheidsafval in Afrika 'n misdaad teen Afrika en sy mense is, en is die Sekretaris-Generaal van die OAE versoek om, in samewerking met internasionale organisasies, state in Afrika te ondersteun om gepaste meganisme in werking te stel om die beweging van en beskikking oor kern- en nywerheidsafval in Afrika te moniteer en te beheer.<sup>49</sup>

Wapenbeheer in die breër sin van die woord, soos reeds in hoofstuk 1 na verwys, is al soos volg omskryf: "Our intention is simply to broaden the term (arms control). We mean to include all the forms of military cooperation between potential enemies in the interest of reducing the likelihood of war, its scope and violence if it occurs, and the political and economic costs of being prepared for it". Alhoewel hierdie siening in die konteks van die destydse kernwapenwedloop en die vrees vir 'n kernkatastrofe uitgespreek is kan een van die redes wat aangevoer word waarom wapenbeheer noodsaaklik is, naamlik die vermindering van die moontlikheid van oorlog, van toepassing gemaak word op die situasie in Afrika. Die pogings van organisasies soos die OAE, die Ekonomiese Gemeenskap van Wes-Afrikaanse State (EGWAS) en later, die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG), kan gewis beskou word as pogings om die moontlikheid van konflik te verminder. CSBM's is in hierdie konteks van belang deurdat deursigtigheid en die skepping van vertrouensverhoudings tussen state die opbou van wapenvoorrade onnodig sal maak, en die moontlikheid van wapenwedlope sal verminder of selfs uitskakel en dus tot wapenbeheermaatreëls behoort te lei. Die toepassing van CSBM's binne state is in die Afrika konteks van kardinale belang om intrastaatlike konflikte te verminder en selfs te verhoed.

Ten spyte van die feit dat wapenbeheer en ontwapening in Afrika gedurende die Koue Oorlog van beperkte omvang was, is pogings tog aangewend om bepaalde wapenbeheer inisiatiewe in genoemde breër sin van die woord te implementeer. Indien 'n situasie bereik kan word waar konflikte tot 'n minimum beperk word; groter politieke stabiliteit in Afrika bereik kan word en oorloë sodoende vermy kan word, sal die noodsaaklikheid van wapenvermindering, wapenbeheer en ontwapening 'n natuurlike uitvloeisel van so 'n situasie word. Alhoewel konflikresolusie nie in werklikheid as 'n metode van wapenbeheer beskou kan word nie dra konflikresolusie wel daartoe by om 'n omgewing, waarbinne wapenbeheer en ontwapening kan plaasvind, te skep. Verskeie organisasies, waarvan die OAE die belangrikste is, is gestig om onder andere konflikte tussen state te verhoed; dit te probeer oplos indien dit reeds aan die gang is; en veiligheid in die algemeen in die streek te bevorder. Sommige van dié organisasies word vervolgens bespreek.

## 6. Organisasies wat gedurende die Koue Oorlog in Afrika gestig is om veiligheid te bevorder

Soos reeds genoem is dit in die algemeen die benadering in Afrika dat wapenbeheer en ontwapening eers 'n werklikheid kan word wanneer vrede, veiligheid en stabiliteit in die streek ingetree het. Hierdie benadering moet gesien word in die konteks dat die talle gewapende konflikte wat gedurende die Koue Oorlog in Afrika plaasgevind het met konvensionele, ligte en kleinwapens geveg is. Sommige van die belangrikste organisasies in Afrika wat pogings aanwend om dié doelstellings van vrede, veiligheid, stabiliteit en uiteindelik wapenbeheer en ontwapening te bereik, se inisiatiewe word vervolgens bespreek.

### 6.1 Die Organisasie vir Afrika Eenheid (OAE)

Die OAE is in 1963 na 'n konferensie van Afrikastate te Addis Ababa, Ethiopië, gestig. Die voorbereidende vergadering is deur die Ministers van Buitelandse Sake van 32 Afrikastate bygewoon. Die Konferensie van Staatshoofde het die Handves van die OAE opgestel en 30 staatshoofde het dit op 30 Mei 1963 onderteken. Die OAE se leddetal is tans 53 en die hoofkwartier van die organisasie is in Addis Ababa. Die Vergadering van Staatshoofde is die hooforgaan van die organisasie en hulle vergader jaarliks. Die Vergadering oorweeg sake van gemeenskaplike belang; koördineer OAE beleid en verander die Organisasie se struktuur, funksies en aktiwiteite wanneer nodig. Die Raad van Ministers, wat bestaan uit die Ministers van Buitelandse Sake van die lidstate, reël vergaderings, is die uitvoerende liggaam verantwoordelik vir interstaatlike samewerking tussen lidstate en is verantwoordelik aan die Vergadering van Staatshoofde. Die Algemene Sekretariaat, onder leiding van die Sekretaris-Generaal, is by die hoofkwartier gesetel en het 'n aantal departemente soos onderwys, finansies, politiek, verdediging en ekonomiese ontwikkeling onder sy beheer. Die Kommissie vir Bemiddeling, Konsiliarie en Arbitrasie is in 1964 gestig met die doel om geskille tussen lidstate op 'n vreedsame wyse te besleg. Die Kommissie bestaan uit 21 lede wat deur die Vergadering van Staatshoofde vir 'n termyn van vyf jaar aangestel word.<sup>50</sup> Die doelstellings van die OAE is onder ander om die soewereiniteit, gebiedsintegriteit en onafhanklikheid van state te verdedig; en om internasionale samewerking te bevorder en in die proses die beginsels van die Handves van die VN en die Universele Verklaring van Menseregte te eerbiedig.<sup>51</sup>

Sedert sy bestaan het die OAE sy verbintenis as die primêre organisasie om in Afrika konflikte tussenbeide te tree wêreldkundig gemaak. 'n Sleutel element van die Handves van die OAE is inderdaad die lidstate se verbintenis tot die vreedsame beslegting van geskille

deur onderhandeling, konsiliasie, bemiddeling of arbitrasie. Afrikastate het nog deurgaans van die standpunt uitgegaan dat toestande van vrede en veiligheid die hoeksteen vorm waarop Afrika solidariteit en samewerking gebou kan word.<sup>52</sup>

Dit kom egter voor asof beide akademici en beleidmakers die OAE as 'n oneffektiewe instrument van konflikbestuur en die instandhouding van vrede en stabiliteit in Afrika afgeskryf het. Lidstate vind egter steeds rede om die OAE as hul enigste hoop op streeksvrede en stabiliteit te sien. Die OAE is die instelling wat deur Afrika leiers as 'n politieke sentrum gebruik word. Dit is die streek se instrument om streekstabiliteit en orde, deur die skepping van 'n politieke en veiligheidsgemeenskap, te vestig en te onderhou.<sup>53</sup>

Die OAE is volgens Amoo 'n klassieke assosiasie van state waarvan die reëls en praktyke ten doel het om ongewensde interaksies tussen lidstate te verhoed. Dit is essensieel 'n gemeenskaplike veiligheidsinstelling. Dit bestaan nie primêr om op te tree nie; dit bestaan in hoofsaak om voorkomingsmaatreëls te tref in geval die streek se vrede en orde deur die optreden van 'n lidstaat of lidstate bedreig word. Dit besit net beperkte mag vir konflikbestuur en het geen afdwingingsmag nie. Alhoewel die Handves van die OAE die vereiste "to observe scrupulously the principles" van die organisasie stel, is daar geen wyse waarop sanksies van enige aard teen state wat nie die beginsels nakom nie toegepas kan word. Die Kommissie vir Bemiddeling, Konsiliasie en Arbitrasie het nog nooit gefunksioneer nie. Die Vergadering van Staatshoofde van die OAE behou steeds die primêre verantwoordelikheid en die uiteindelike gesag om streeksgeskille en konflikte op te los. Weens die feit dat genoemde Kommissie nog nooit begin funksioneer het nie, het die Vergadering van Staatshoofde in die praktyk begin om van *ad hoc* kommissies gebruik te maak wanneer hulle in 'n bemiddellingshuedanigheid by konflikte betrokke geraak het. Hierdie kommissies het die primêre instrument van konflikbestuur van die OAE geword. Volgens Amoo "The OAU represents Africa's noble but unfulfilled search for regional peace and security".<sup>54</sup>

Volgens Oyebade en Alao was daar gedurende die Koue Oorlog hoofsaaklik drie oorsake vir konflikte in Afrika, naamlik grensgeskille, afskeidingstendense en bevrydingstryde. Die OAE het vroeg in sy bestaan reeds tot die slotsom gekom dat hierdie oorsake tot konflik in die nuut gestigte onafhanklike state sal lei en het daarom besluit om dit van die begin af aan te spreek. Om interstaatlike konflik te voorkom het die Organisasie dus besluit dat grondgebiede, soos tydens dekolonialisasie en onafhanklikheid verkry, onaantbaar moet bly. Hierdie voorsorgmaatreël was terselfdetyd bedoel om afskeiding te ontmoedig, aangesien pogings tot afskeiding noodwendig tot 'n verandering van staatsgrense sou lei. Die voortbestaan van koloniale state nadat 'n aantal Afrikastate hul onafhanlikheid verkry het, is ook deur die OAE as 'n potensiële bron van konflik beskou. Daarom was een van die hoofdoelstellings van die OAE van die ontstaan van die

Organisasie af die beëindiging van alle vorme van kolonialisme in Afrika. Vir hierdie doel is 'n Bevrydingskomitee binne die Organisasie gestig, met die doel om alle Afrika pogings om gebiede van kolonialisme te bevry te koördineer.<sup>55</sup>

Hierdie vroeë pogings tot konflikvoorkoming deur die OAE kon egter nie verhoed dat konflikte om juis genoemde redes gedurende die Koue Oorlog in verskeie gebiede en state in Afrika ontstaan het nie. Die genoemde Kommissie vir Bemiddeling, Konsiliatie en Arbitrasie wat in 1964 binne die OAE gestig is, se spesifieke doel was die oplossing van konflikte in Afrika. Die beginsel van die OAE wat hierop betrekking het lui soos volg: "Member-States pledge to settle all disputes among themselves by peaceful means and, to this end, decide to establish a Commission of Mediation, Conciliation and Arbitration..." . Soos reeds genoem het lidstate van die OAE egter verkieks om byvoorbeeld van *ad hoc* kommissies gebruik te maak om konflikte te besleg. In meeste van die belangriker gevalle van bemiddeling waarby die OAE betrokke geraak het, het hulle dus van die *ad hoc* kommissies, wat uit staatshoofde van lidstate bestaan het, gebruik gemaak. Die werk van hierdie kommissies was egter gebaseer op oorreding omdat die OAE nie oor die nodige wetlike mag of 'n kollektiewe militêre mag beskik het om besluite af te dwing nie.<sup>56</sup>

'n Verdere krisisbestuur benadering wat deur die OAE op 'n beperkte wyse gevolg is was deur middel van 'n vredehandhawingsoperasie. 'n Vredesmag is in die vroeë tagtigerjare na Tsjaad gestuur om vrede te handhaaf terwyl integrasie van regeringsmagte aan die gang was. Hierdie poging van die OAE was egter 'n volslae mislukking weens verskeie redes. Die mag wat gestuur is was nie groot genoeg nie, en dit het tot ernstige probleme met ontplooiing geleid. Vervoerprobleme het die ontplooiing van die mag verder bemoeilik; en die OAE Sekretaris-Generaal se kantoor in Addis-Ababa was glad nie voorberei vir die logistieke en finansiële eise van die operasie nie. In die algemeen was die OAE se pogings gedurende die Koue Oorlog om krisisse te bestuur dus geensins indrukwekkend nie.<sup>57</sup>

Die pogings en optrede van die OAE hou nie direkte verband met wapenbeheer en ontwapening nie maar soos ter inleiding aangedui, is dit die strewe van die OAE om vrede, veiligheid en stabiliteit in die streek te bevorder. Indien hierdie doelstellings wel bereik sou word sal wapens nie meer so 'n belangrike rol speel nie en sal pogings om wapenbeheer en ontwapening toe te pas meer realiseerbaar word.

In hoofstuk 1 word universele maatreëls soos die plaas van beperkings op die gedrag van partye; die bevordering van deursigtigheid en openheid tussen partye; direkte kommunikasie tussen partye; en maatreëls wat die veiligheid van partye waarborg, genoem as maatreëls om vertroue tussen state te bewerkstellig. Hierdie maatreëls geld sekerlik ook vir intrastaatlike konflikvoorkoming. Vertroueversterkende maatreëls word ook in hoofstuk 1 beskryf as maatreëls waarvan die hoofdoel is om die risiko van gewapende konflik te

verminder. Die pogings en maatreëls van die OAE sowel as dié van EGWAS, soos hieronder beskryf, om konflikte te voorkom, kan dus as pogings om vertroue en veiligheid tussen state en partye binne state te bewerkstellig, beskou word.

## 6.2 Die Ekonomiese Gemeenskap van Wes-Afrikaanse State (EGWAS)

EGWAS is op 28 Mei 1975, by die ondertekening van die Verdrag van Lagos, deur 15 Wes-Afrikaanse state gestig.<sup>58</sup>

Die stigters van EGWAS was aanvanklik net gemoeid met die nie-militêre aspekte van sekuriteit.<sup>59</sup> Spoedig was dit egter duidelik dat ekonomiese sekuriteit nie te midde van politieke en militêre onstabilitet en onveiligheid bereik sou kon word nie. Dus het EGWAS op 'n kollektiewe veiligheidsooreenkoms besluit. In 1978 is die Protokol oor Nie-Aggressie onderteken.<sup>60</sup>

In 1981 is die Protokol oor Wedersydse Steun in Verdediging onderteken. Die lidstate van EGWAS was ten tye besorgd oor aggressie wat moontlik van buiten die substreek teen 'n lidstaat of lidstate gepleeg kon word. Die doel van die Protokol was dat enige gewapende bedreiging of aggressie teen enige lidstaat beskou sou word as 'n bedreiging vir die gemeenskap van die Wes-Afrikaanse substreek en sou dus deur kollektiewe optrede deur die lidstate van EGWAS beantwoord word.<sup>61</sup>

EGWAS se pogings om vrede, veiligheid en stabiliteit in Wes-Afrika te bevorder dien inderwaarheid as ondersteuning van die OAE se pogings. Die Protokol oor Nie-Aggressie is soortgelyk aan 'n nie-aanvalsverdrag en dra by tot die bevordering van vrede en veiligheid in dié substreek. Die Protokol oor Wedersydse Steun in Verdediging kan as afskrikmiddel dien indien enige staat in die substreek deur 'n ander staat van buiten die substreek militêr bedreig sou word. Al die state se samewerking sal egter noodsaklik wees ten einde 'n verdedigingsmag, verteenwoordigend van die substreek, op die been te bring en in stand te hou. Alhoewel hierdie maatreëls geen direkte impak op wapenbeheer en ontwapening het nie lewer dit soortgelyk aan die OAE se pogings indirek 'n bydrae daartoe deurdat dit dien as vertroue- en veiligheidsversterkende maatreëls.

## 6.3 Die VN se Streeksentrum vir Vrede en Ontwapening in Afrika (VNSVOA)

Die (VNSVOA) wie se hoofkwartier in Lomé, Togo is, is op 24 Oktober 1986 gestig. Die stigting van die Sentrum was die gevolg van 'n resolusie waarvolgens die OAE sy oortuiging ten opsigte van die verband tussen veiligheid, ontwapening en ontwikkeling uitgespreek en

'n beroep op die VN gedoen het om 'n streekkantoor in Afrika te open om indiepte studies te doen en die doelwitte van vrede, wapenbeperking en ontwikkeling te bevorder. Volgens dié resolusie het die OAE die VN uitgenooi om 'n streeksentrum vir vrede en ontwapening in Afrika te stig.<sup>62</sup>

Die VNSVOA is 'n liggaam van die VN en sy mandaat is om lidstate van die Afrikastreek op versoek en in samewerking met die OAE van substantiewe steun vir inisiatiewe om vrede, wapenbeperking en ontwapening te laat realiseer te voorsien. Verder behels die mandaat dat die Sentrum die implementering van streeksaktiwiteite in Afrika op genoemde terreine, ingevolge die Wêreldveldtog vir Ontwapening (sedert 1992 die VN se Ontwapeningsinligtingsprogram) koördineer. Alhoewel die Sentrum waardevolle werk ten opsigte van die verspreiding van inligting, navorsing en opleiding op genoemde terreine verrig, kom dit weens 'n tekort aan fondse nie heeltemal tot sy reg nie.<sup>63</sup> Die sentrum beskik oor die volgende funksionele eenhede: vrede en veiligheid; wapenbeheer en ontwapening; hulpbron mobilisering; en inligting, navorsing en publikasie. Teen Augustus 2001 was 47 Afrikastate lidstate van die Sentrum.<sup>64</sup>

## 7. Die VN en vredehandhawing in Afrika gedurende die Koue Oorlog

Afrika is sedert onafhanklikwording bekend as die streek waar gewapende konflik deurlopend aan die orde is. Die VN moes noodwendig deur vredehandhawingsoperasies gedurende die Koue Oorlog betrokke raak by hierdie konflikte. Die relevansie tot wapenbeheer en ontwapening met hierdie operasies is daarin geleë dat indien gewapende konflikte tot 'n einde gebring is, die gebruik van wapens nie meer nodig sal wees nie, en die verkryging of aankoop van addisionele of meer gesofistikeerde wapens minder noodsaklik sou word. In die afwesigheid van 'n bedreiging verminder die behoefté aan wapens.

Gedurende die vier dekades wat vanaf 1948 tot 1988 gestrek het, het die VN 15 vredehandhawingsoperasies onderneem. Met die uitsondering van die operasie in die Demokratiese Republiek van die Kongo in die vroeë sestigerjare was die operasies in Afrika ingevolge redelik eenvoudige mandate onderneem. Die mandate was gewoonlik beperk tot die monitering van skietstakingsooreenkoms of die skeidung van die strydende magte van twee state, deur middel van die ontplooiing van ongewapende of lig gewapende VN-magte. Hierdie magte is ontplooï met die toestemming en op uitnodiging van die state wat in konflik was en met die verstandhouding dat die VN as onpartydige faciliteerder sou optree en dat die militêre personeel wat ontplooï word nie geweld sou gebruik nie, tensy dit uit selfverdediging sou wees.<sup>65</sup> Die bilaterale ooreenkoms tussen Angola en Kuba wat die basis vir die VN se mandaat vir hul verifikasiesending na Angola gedurende 1989-1991 gevorm het, het nie 'n element van ontwapening ingesluit nie, maar die Kubaanse troepe is in die

proses van onttrekking volgens die diskresie van hul bevelvoerders ontwapen. Die VN se oorgangsondersteuningsgroep wat gedurende 1989-1990 betrokke was by die implementering van die Namibiese vredesooreenkoms met Suid-Afrika, se mandaat het 'n spesifieke ontwapeningskomponent ingesluit.<sup>66</sup> Die ontwapening wat ingevolge hierdie ooreenkomste toegepas is kan gesien word as ontwapening aan die einde van konflikte soos in hoofstuk 1 beskryf.

Die internasionale wapenverbod wat die VN aanvanklik op 'n vrywillige basis in 1963 teen Suid-Afrika ingestel het en wat vanaf 1977 internasionaal verpligtend gemaak is, kan as 'n vorm van gedwonge wapenbeheer beskou word weens die feit dat dit 'n poging was om Suid-Afrika wapens te ontsê. Hierdie wapenverbod was egter nie 'n groot sukses nie weens die feit dat dit veroorsaak het dat Suid-Afrika 'n uiters doeltreffende en later finansieel voordeelige wapennywerheid van sy eie ontwikkel het.<sup>67</sup>

Die pogings van die OAE en EGWAS om gewapende konflikte tot 'n einde te bring of te voorkom; die stigting van die VNSVOA en die VN se pogings gedurende die Koue Oorlog om vrede te bewerkstellig en dit te handhaaf tussen strydende partye, was almal daarop ingestel om vrede, veiligheid en stabiliteit in Afrika te bewerkstellig en te bevorder. Dit kan met reg beskou word as pogings tot die skepping van vertroue en veiligheid tussen strydende partye. Hierdie pogings was ongelukkig nie altyd so suksesvol nie.

## 8. Samevatting

Die tydperk in Afrika gedurende die Koue Oorlog wat vanaf 1960 tot 1991 gestrek het, is deurveral drie aspekte gekenmerk wat 'n invloed op enige pogings om wapenbeheer en ontwapening toe te pas gehad het. Dié drie aspekte was naamlik die mededinging tussen die Ooste en die Weste wat om strategiese, ekonomiese en ideologiese redes hul invloed na onafhanklikwording in Afrika wou uitbou en versterk; die dekolonialiseringssproses in Afrika wat veral vanaf 1960 momentum gekry het en voortgeduur het tot in die laat tagtigerjare/vroeë negentigerjare; en Suid-Afrika se beleid van apartheid, wat vanaf die vroeë sestigerjare met geweld deur die "African National Congress" (ANC) teengestaan is en Suid-Afrika as die vyand van Afrika en as die grootste bedreiging vir vrede in Afrika uitgesonder het. Hierdie gebeure het tot vele hoofsaklik intrastaatlike oorloë geleid en veroorsaak dat Afrika wêreldbekendheid verwerf het as die streek waar staatsgrepe op 'n gereelde basis aan die orde was.

Die Afrika perspektief op wapenbeheer en ontwapening, soos in hierdie hoofstuk beskryf, toon sekere duidelike tendense in Afrika se benadering tot wapenbeheer en ontwapening gedurende die Koue Oorlog. Aanvanklik was daar 'n sterk gevoel by die OB sowel as die OAE teen kernwapens en ten gunste van algemene ontwapening. Alhoewel

hierdie sienswyse hoofsaaklik ten opsigte van kernwapens gedurende die Koue Oorlog voortgeduur het, het wapenbeheer en ontwapening ten opsigte van konvensionele wapens 'n illusie gebly en het die klem in die laat sewentiger/ vroeë tagtigerjare na een van konflikvoorkoming verskuif.

Die teenstrydighede in die Afrika opset, soos beskryf in hierdie hoofstuk, toon dat daar van die goeie voornemens ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening, met verwysing na konvensionele wapens, gedurende die Koue Oorlog nie veel in Afrika tot stand gekom het nie. Die talle militêre konflikte wat gedurende die Koue Oorlog in Afrika plaasgevind het, is met konvensionele, ligte en kleinwapens geveg.

Die vernaamste oorsaak van interstaatlike konflikte was grensgeskille as gevolg van grense wat gedurende die koloniale era vasgestel is en konflik tussen "nuwe" onafhanklike state veroorsaak het. Deurlopende ekonomiese mislukking van state; oneffektiewe regering; politieke ontevredenheid en etniese verskille binne state, was die belangrikste oorsake vir intrastaatlike konflikte. Hierdie redes en Suid-Afrika wat in die vroeë sestigerjare herbewapen het, het veroorsaak dat uitgawes aan wapens in Afrika skouspelagtig gestyg het in die sestigerjare, aanhou styg het in die sewentigerjare, en eers in die vroeë tagtigerjare begin afneem het.

In die omstandighede soos hierbo geskets, was daar dus gedurende die Koue Oorlog ten opsigte van konvensionele wapens nie werklik sprake van wapenbeheer en/of ontwapening in Afrika nie. Twee state het die Onmenslike Wapenkonvensie van 1981 geratificeer. Die Afrika beskouing van ontwapening, soos gedefineer by die konferensie wat in 1985 te Lomé plaasgevind het, duï eerder op 'n benadering van vreedsame oplossing van geskille as om wapenbeheer en/of ontwapening as sulks toe te pas. Dié benadering kan 'n bydrae lewer tot die skep van 'n omgewing waarbinne wapenbeheer/ontwapening toegepas sal kan word, maar dit op sigself is nie wapenbeheer of ontwapening nie. Die OAE en EGWAS se optrede duï ook op hierdie benadering en moet eerder as pogings om vertroue en veiligheid te bevorder gesien word.

Ten opsigte van kernwapens is daar, soos reeds genoem, alreeds vanaf die vroeë sestigerjare gepoog om Afrika as 'n kernwapenvrye sone verklaar te kry maar dié doel is nie gedurende die Koue Oorlog in Afrika bereik nie. Die ontwikkeling van 'n kernwapenvermoë in die tagtigerjare deur Suid-Afrika het hierin 'n belangrike rol gespeel. Die OAE het wel in 1988 die storting van kern- en nywerheidsafval in Afrika as 'n misdaad teen Afrika en sy mense bestempel. Hierbenewens het 34 Afrikastate die PTBT; 45 die Kernsperverdrag; en 22 die Seebodem Verdrag gedurende die Koue Oorlog geratificeer. Verder het 34 Afrikastate die Geneefse Protokol van 1925 geratificeer; 25 die BTWK van 1975; en sewe die ENMOD Konvensie van 1977 gedurende die Koue Oorlog geratificeer. Die ondersteuning vir die ooreenkomsste ten opsigte van wapens van grootskaalse vernietiging

en die Geneefse Protokol is bemoedigend maar dit was konvensionele wapens wat gedurende die Koue Oorlog in Afrika konflikte gebruik is.

VN vredesendings na Afrika gedurende die Koue Oorlog se mandate was gewoonlik beperk tot dié van onpartydige fasiliteerder, met militêre personeel wat nie veronderstel was om, behalwe vir selfverdediging, geweld te gebruik nie. Die VN ondersteuningsgroep wat in die laat tagtiger/begin negentigerjare in Namibië by die implementering van die vredesooreenkoms tussen Namibië en Suid-Afrika betrokke was, se mandaat het 'n spesifieke ontwapeningsklousule ingesluit. Ontwapening wat ingevolge hierdie ooreenkoms toegepas is kan gesien word as ontwapening aan die einde van 'n konflik soos in hoofstuk 1 beskryf. Die verpligte internasionale wapenverbod wat die VN vanaf 1977 teen Suid-Afrika ingestel het kan as gedwonge wapenbeheer beskou word weens die feit dat dit 'n poging was om Suid-Afrika wapens te ontsê.

In die volgende hoofstuk word wapenbeheer en ontwapening, soos dit na die Koue Oorlog in Afrika gemanifesteer het, bespreek. Soos gesien sal word is groter sukses na die Koue Oorlog behaal en is meer daadwerklike stappe geneem om die proliferasie van kernwapens, ligte- en kleinwapens sowel as teen-personeelmyne te beperk.

## VERWYSINGS

- 1 Baynham, S, "Armed Forces in Africa", in Baynham, S, Military Power and Politics in Black Africa, Croom Helm, London , 1986 p.1.
- 2 Du Plessis, L, "The Historical Development of Sub-Saharan Military Capabilities", in Du Plessis, L, and Hough, M, (eds) Protecting Sub-Saharan Africa: The Military Challenge, HSRC Publishers, Pretoria, 1999, p.23.
- 3 Ibid, pp. 23 en 25.
- 4 Ibid, p.23.
- 5 Mills, G, "Inter- and Intra-state Conflict in Africa in the 1990's: Democracy as a Cure-all?", Strategic Review for Southern Africa, Vol XVIII No1, 1996, p.22.
- 6 Ibid, pp.20-21; en Disarmament Workshop on the Role of Border Problems in African Peace and Security: A Research Project, United Nations, New York, 1993, pp.123-125.
- 7 Arlinghaus, B E, Development in Africa: The Military, Political and Economic Risks of Arms Transfers, Westview Press, Boulder, 1984, pp.19-20; en Furley, O, (ed) "Introduction: Africa: The Habit of Conflict", in Furley, O, (ed) Conflict in Africa, I B Tauris Publishers, London, 1995, pp.1-18.
- 8 Furley, O, op cit, pp.3-4
- 9 Ibid, p.7.

- 10 Arkhurst, F S, (ed) Arms and African Development, Praegers Publishers, New York, 1972, pp.17-18
- 11 Carney, D, "Notes on Disarmament and African Development", in Arkhurst, F S, op cit, pp.23-24.
- 12 Luckham, R, "Militarization in Africa", in SIPRI Yearbook 1985: World Armaments and Disarmament, Taylor & Francis, London, 1985, p.295.
- 13 Ibid, p.302.
- 14 Arlinghaus, B E, (ed) Arms for Africa: Military Assistance and Foreign Policy in the Developing World, D C Heath and Company, Lexington, 1983, pp. 122-123; en Foltz, W J, and Bienen, H S, (eds) Arms and the African, Yale University Press, London, 1985, pp.62-63.
- 15 Karp, A, "The trade in conventional weapons", in SIPRI Yearbook 1988: World Armaments and Disarmament, Oxford University Press, Oxford, 1988, p.176.
- 16 Anthony, I, et al, " Arms production and arms trade", in SIPRI Yearbook 1993, op cit, p.444.
- 17 Anthony, I, et al, "Tables of the value of the trade in major conventional weapons", in SIPRI Yearbook 1993, op cit, p. 476.
- 18 Saxena, S C, "Disarmament: the African Perspective", Strategic Analysis, Vol XXII, No 7, 1998. p.1. Internet: [www.idsa-india.org/an-oct8-3.htm](http://www.idsa-india.org/an-oct8-3.htm)! Toegang: 18/01/02.
- 19 Ibid, p.2.
- 20 Ibid, pp.2-4.
- 21 Ibid, pp.4-5.
- 22 Ibid, pp.5-6.
- 23 Ibid, pp.6-7.
- 24 Kemp, G, "Arms Traffic and Third World Conflicts", International Conciliation No 577, Carnegie Endowment for International Peace, New York, 1970, pp. 59-60.
- 25 Ibid, p.61.
- 26 Ibid, p.63.
- 27 Hutchful, E, " Disarmament and Development: An African View", IDS Bulletin, Vol 16 No 4, 1985, p. 67.

- 28 OAU: "Resolution on disarmament, denuclearization, security and development in Africa AGH/Res 126 (XX)", in Legum, C, (ed) African Contemporary Record: Annual Survey and Documents 1984-1985, African Publishing Company, New York, 1986, p.C12; en Resolution on Regional Conference on Security Development and Disarmament GH/Res 138 (XXI)", in Legum, C, (ed) African Contemporary Record: Annual Survey and Documents, 1985-1986, African Publishing Company, New York, 1987, p.C35.
- 29 Pela, L A, "Africa and Disarmament", African Defence Journal, No 63, Paris, 1985, p.53.
- 30 Brayton, A A, "Armed Forces in Africa", in Baynham, S, op cit, p.288.
- 31 Azikiwe, E A, "The impact of nuclear and conventional disarmament on the African continent", in Disarmament: Disarmament and Security in Africa, Department of Disarmament Affairs, United Nations, New York, 1991, pp.71-75.
- 32 "The prohibition of new weapons", in SIPRI Yearbook 1978: World Armaments and Disarmament, Taylor and Francis, London, 1978, p.377.
- 33 Ferm, R, "Major multilateral arms control agreements", in SIPRI Yearbook 1992: World Armaments and Disarmament, Oxford University Press, Oxford, 1992, pp. 595-615.
- 34 RSA: South Africa's Chemical and Biological Warfare Programme: Special Investigation into Project Coast. Truth and Reconciliation Commission Final Report, Volume Two, Chapter Six, October 1998. Internet: <http://www.fas.org/nuke/guide/rsa/cbw/2chap6c.htm> Toegang: 06/10/01.
- 35 Isenberg, D, "Should we be afraid? Yes!", Weekly Defence Monitor, Issue 20, 1997, p.2. Internet: <http://www.cdi.org>. Toegang: 25/08/01.
- 36 Saxena, S C, op cit, pp.13-15.; en Awua-Asamoah, M, "Discussion", in Disarmament: Disarmament and Security in Africa, United Nations, New York, 1991, pp.62-63.
- 37 Saxena, S C, op cit, p.2.
- 38 Arkhurst, F S, op cit, pp.15-16.
- 39 Saxena, S C, op cit, p.8.
- 40 Arkhurst, F S, op cit, p.16; en United Nations General Assembly Official Records, Agenda item 105, Annexes, Twentieth Session, New York, 1965, p.3.
- 41 Flournoy, M A, and Campbell, K M, "South Africa's Bomb: A Military Option?", ORBIS, Vol 32 No 3, 1988, p.387.
- 42 OAU: "Resolution on Nuclearization of SA, CM/Res 624(XXXI)", in Legum, C, (ed) African Contemporary Record: Annual Survey and Documents 1978-1979, African Publishing Company, New York, 1980, pp.C10-C11.
- 43 OAU: "Resolution on the Denuclearization of Africa, CM/Res 718 (XXXIII)", in Legum, C, (ed) African Contemporary Record: Annual Survey and Documents 1979-1980, African Publishing Company, New York, 1981, pp.C3-C4.

- 44 Gromyko, A A, and Whitaker, C S, Agenda for Action: Africa-Soviet-US Cooperation, Lynne Rennier Publishers, Boulder, 1990, p.181.
- 45 Flournoy, M A, and Campbell, K M, op cit, pp.385-388.
- 46 Pela, L A, op cit, p.53.
- 47 Awua-Asamoah, M, op cit, pp.62-63.
- 48 Saxena, op cit, p.9.
- 49 OAU: "Resolution on Dumping of Nuclear and Industrial Waste in Africa, CM/Res. 1153/28 ILM 567 (1989)", in Naldi, G J, (ed) Documents of the Organization of African Unity, Mansell, London, 1992, pp.76-77.
- 50 Hough,M, and Du Plessis, L, (ed) Contemporary International Organisations and Treaties: Selected Documents, Ad hoc Publication No 34, Institute for Strategic Studies, University of Pretoria, Pretoria, 1997, pp. 84-85.
- 51 Ibid, p.87.
- 52 Aamo, S G, "Role of the OAU: Past, Present, and Future", in Smock, D R, (ed) Making War and Waging Peace: Foreign Intervention in Africa, United States Institute of Peace Press, Washington D C, 1993, pp.239
- 53 Ibid, pp.239-240.
- 54 Ibid, pp.243-244 en 257.
- 55 Oyebade, A, and Alao, A, (ed) Africa After the Cold War: The Changing perspectives on Security, Africa World Press, Inc., Asmara, Eritrea, 1998, pp.145-146.
- 56 Ibid, pp.146-147.
- 57 Ibid, pp.147-149.
- 58 Hough, M, and Du Plessis, A, (ed), Africa: Selected Documents on Political, Security, Humanitarian and Economic Issues, Ad hoc Publication No 33, Institute for Strategic Studies, University of Pretoria, Pretoria, 1996, pp.123-124.
- 59 Olonisakin, F, "Rethinking regional security in Africa: An analysis of ECOWAS and SADC, Strategic Review for Southern Africa Vol XX No2, 1998, pp. 52-53.
- 60 Ibid, p.55.
- 61 Ibid, pp.55-56.
- 62 United Nations Regional Centre for Peace and Disarmament, UNRCPDA, July1999, p.1; Resolutions and Decisions Adopted by the General Assembly during the First part of its Fortieth Session, United Nations Press ReLase, Department Of Public Information, United Nations, New York, 1986, p.167; en United Nations Regional Centre for Peace and Disarmament in Africa, Internet: <http://www.unrec.org>. Toegang: 22/08/2001.
- 63 United Nations Regional Centre for Peace and Disarmament, UNRCPDA, July 1999, pp.1-2; en UN: United Nations Regional Centre for Peace and Disarmament in Africa: Report of the Secretary-General, General Assembly Document A/55/171, 2000, pp.1-9.

- 64 United Nations Regional Centre for Peace and Disarmament in Africa. Internet: <http://www.unrec.org>. Toegang: 22/08/2001.
- 65 Carey, M, "Peacekeeping in Africa: recent evolution and prospects", in Furley, O, and May, R,(ed) Peacekeeping in Africa, Ashgate, Brookfield USA, 1998, p.13.
- 66 Batchelor, P, "Disarmament, Small Arms, and Intra-State Conflict: The Case of Southern Africa", in Smith, C, et al, Disarmament and Conflict Resolution Project: Small Arms Management and Peacekeeping, United Nations, New York, 1996, p.64.
- 67 Cilliers, J, and Reichardt, M, " Swords and Business: The Past and Future of the South African Defence Industry", in Cilliers, J, and Reichardt, M, About Turn: The Transformation of the South African Military and Intelligence, Institute for Defence Policy, Halfway House, South Africa, 1995, pp.252-255.

## HOOFSTUK 5

### WAPENBEHEER EN ONTWAPENING IN AFRIKA NA DIE KOUE OORLOG

Na die Koue Oorlog het Afrikastate met die ineenstorting van die Sowjet-Unie en die Oos-Europese state, en die ekonomies ontwrigtende hereniging van Duitsland, tot die besef gekom dat Westerse hulp in die vorm van kapitaal en tegnologie eerder na die Gemenebes van Onafhanklike State (eertydse Sowjet-Unie) en Oos-Europa gekanaliseer sal word as na Afrika. Die Westerse moondhede het ook tot 'n groot mate belangstelling in Afrika verloor as gevolg van swak regering, swak bestuur en korruksie wat hoogty gevier het in vele Afrikastate. Rusland was in elk geval nie meer in staat om hulp te verleen soos in die verlede nie en die Oos-Wes mededinging om die uitbreiding van invloedsfere in Afrika was iets van die verlede. Bykans terselfdetyd het die Suid-Afrikaanse regering hervormings aangekondig wat die einde van die apartheid beleid beteken het en 'n einde aan die insurgensieveldtog teen Suid-Afrika sou meebring. Hierdie verwikkeling het veroorsaak dat die frontliniestate skielik nie meer 'n gemeenskaplike vyand, naamlik Suid-Afrika, gehad het om te staan nie. Hulle sou dus ander redes moes vind om buitelandse steun te verwerf.<sup>1</sup>

Soos in hierdie hoofstuk aangetoon sal word, is daar op sekere terreine soos kern nie-proliferasie en 'n verbod op teen-personeelmyne na die beëindiging van die Koue Oorlog wel sukses behaal en vordering gemaak in Afrika. Afrika perspektiewe op wapenbeheer en ontwapening word vervolgens bespreek.

#### 1. Afrika perspektiewe op wapenbeheer en ontwapening

Hoewel die beëindiging van die Koue Oorlog in Afrika onder andere tot 'n verlaging van uitgawes aan wapens gelei het, bly Afrika een van die mees oorlogsgesteisterde streke in die wêreld en blyk vrede, veiligheid en stabilitet steeds bykans onbereikbare illusies te wees. Om egter te aanvaar dat Afrika, as gevolg van die relatief hoë voorkoms van gewapende konflikte, onverskillig teenoor wapenbeheer en ontwapening staan, sal 'n growwe veralgemening wees. Die Onverbонde Beweging (OB), waarvan alle Afrikastate lede is, het byvoorbeeld in Oktober 1999 die Algemene Vergadering van die VN amptelik meegedeel dat hulle herbevestig dat die VN se Konferensie oor Ontwapening (KO) die enigste multilaterale onderhandelingsliggaam vir ontwapening is; dat hulle 'n kernwapenvrye sone in die Midde-Ooste steun; dat hulle hulself tot die besluite wat tydens die 1995 Kernsperverdrag se hersienigskonferensie geneem is verbind; dat hulle diep bekommert is oor die onwettige proliferasie van ligte en kleinwapens in baie state; en dat hulle die gebruik van teen-personeelmyne teen burgerlikes ten sterkste afkeur. Hulle het verder 'n beroep op die VN

gedoen om so spoedig moontlik 'n internasionale konferensie te belê, met algehele kernontwapening as doel.<sup>2</sup>

Die volgende menings van Afrikastate soos uitgespreek in die Eerste Komitee tydens die nege-en-veertigste sitting van die Algemene Vergadering van die VN in Oktober 1994 oor ontwapening dien as verdere illustrasie van die houdings (hoewel nie altyd die praktyk nie) van hierdie state teenoor wapenbeheer en ontwapening:

Sierra Leone was ten gunste van 'n omvattende kerntoetsverbod; het opnuut 'n verbintenis tot die Kernsperverdrag uitgespreek; was ten gunste van konvensionele wapenbeheer, die CWK, die BTWK; en die moratorium op die uitvoer van landmyne; en het steun aan wapenbeheer en ontwapening van alle kategorieë wapens, hetsy kernwapens of konvensionele wapens herbevestig.<sup>3</sup>

Libië se verteenwoordiger se mening was dat wapens van grootskaalse vernietiging 'n gevaar inhoud en 'n bedreiging vir wêreldvrede en veiligheid is; hulle ondersteun alle internasionale pogings om militêre begrotings te verminder sowel as die vernietiging van arsenale van alle wapens van grootskaalse vernietiging. State wat nie die Kernsperverdrag onderteken het nie word aangemoedig om dit so spoedig moontlik te doen; 'n kernwapenvrye sone vir Afrika is ondersteun, sowel as die internasionale gemeenskap se oproep om 'n verbod op alle kerntoetse.<sup>4</sup>

Nigerië se verteenwoordiger het hom sterk ten gunste van 'n verbod op wapens van grootskaalse vernietiging sowel as 'n algehele verbod op kerntoetse uitgespreek; en 'n beroep op die VN gedoen om die VN se Register van Konvensionele Wapens uit te brei om meer kategorieë van toerusting en data in te sluit en die doelwitte van volle deursigtigheid ten opsigte van alle tipes wapens na te streef.<sup>5</sup>

Zimbabwe het steun vir die Sekretaris-Generaal van die VN uitgespreek dat ontwapening alle kategorieë wapens moet insluit. Die Zimbabwe regering besef dat dit konvensionele wapens is wat konflikte in veral Afrika aanvuur en verskafferstate word tot 'n groot mate daarvoor blameer. Die mening is verder gehuldig dat algehele en algemene ontwapening konvensionele sowel as kernwapens moet insluit, en tevredenheid met die vordering wat gemaak is om 'n kernwapenvrye sone in Afrika te bewerkstellig is uitgespreek.<sup>6</sup>

Zambië se verteenwoordiger se mening was dat die wêreld in 'n era verkeer waar daar indringend aandag gegee behoort te word aan pogings om algemene en algehele ontwapening onder effektiewe verifieerbare internasionale beheer te bewerkstellig. In die strewe na kernontwapening moet die noodsaaklikheid van konvensionele ontwapening nie uit die oog verloor word nie. Verder het Zambië 'n versoek gerig vir 'n konvensie vir konvensionele ontwapening aangesien talle konflikte in veral Afrika voortduur as gevolg van

die beskikbaarheid van konvensionele wapens. Zambië het sy totale verbintenis tot ontwapening in die omvattende perspektief herbevestig.<sup>7</sup>

Die toepassing van wapenbeheer en ontwapening, aldan nie, in Afrika het hoofsaaklik op konvensionele wapens, insluitende klein en ligte wapens, betrekking. Die gebruik van konvensionele, lichte en kleinwapens in die talle gewapende konflikte wat deurlopend in Afrika aan die orde van die dag is, sowel as die behoefte aan wapens in enige staat vir selfverdediging teen moontlike vyande en vir die handhawing van binnelandse wet en orde, maak die toepassing van wapenbeheer en ontwapening in Afrika uiters moeilik, soos die volgende faktore sal aandui.

## 2. Faktore wat wapenbeheer en ontwapening in Afrika benadeel

Faktore wat wapenbeheer en ontwapening van veral konvensionele wapens in Afrika uiters moeilik maak word vervolgens in oënskou geneem.

(a) Volgens Fayemi is militêre konflikte in Afrika die onvermydelike konsekvensie van die akute aard van interne teenstrydighede en die bykans totale afwesigheid van enige bemiddelingsmeganisme in Afrika, en nie net die gevolg van die beskikbaarheid van wapens nie. Indien die onderdrukkende toestande wat rasionele mense die wapen laat opneem aangespreek word sal wapens van minder belang word.<sup>8</sup> Gewapende konflikte in Afrika is een van die mees belemmerende faktore wat pogings tot wapenbeheer en ontwapening in Afrika in die wiele ry.

(b) Afrika leiers se traagheid om drastiese stappe soortgelyk aan dié wat in Costa Rica, Panama en Haiti geneem is, te neem is grootliks gebaseer op die behoefte om eers heersende veiligheidsprobleme aan te spreek voordat hulle die vermindering van gewapende magte sal oorweeg. Genoemde drie state het gedemilitariseer tot op 'n punt waar hulle geen leermagte besit nie. Streekorganisasies in Afrika soos die (OAE), en substreekorganisasies soos die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) het ook nog geen daadwerklike belangrike besluite oor konvensionele wapenbeheer en ontwapening geneem nie.<sup>9</sup> Ondersteuning uit Afrika vir die VN se Konvensionele Wapenregister is ook uiters teleurstellend. Vir die periode 1992-1996 het 23 van die 53 Afrikastate gereageer en verslae ingestuur. Twaalf van die 23 state het vir net een jaar 'n verslag ingestuur. Net een staat, naamlik Tanzanië, het vir elke jaar tydens die genoemde vyfjaar periode verslae ingestuur. Die meerderheid verslae toon in elk geval dat daar geen in- of uitvoere van wapens plaasgevind het nie.<sup>10</sup> Die reaksie uit Afrika ten opsigte van die Register vir 1997 was steeds uiters swak. Van die tien state uit

Afrika wat gereageer het, het net Suid-Afrika en Kameroen iets gehad om te rapporteer. Die ander agt state se verslae het “nul” vir invoere en uitvoere aangetoon.<sup>11</sup> Die verslag vir 1998 toon dat net drie state uit Afrika gereageer het waarvan net Suid-Afrika iets gehad het om te rapporteer.<sup>12</sup>

- (c) Dit is moeilik om konvensionele wapens te beheer terwyl state ‘n wettige reg op wapens vir verdedigingsdoeleindes het. Dit is verder moeilik om te oordeel wanneer dieakkumulasie van konvensionele wapens destabiliserend of oortollig is. ’n Bydraende faktor is die proliferasie van ligte wapens as gevolg van verskeie redes soos gebrekkige benaderings tot nasionale veiligheid; intrastaatlike geweld ; onwettige wapenhandel; en misdaad wat hoogty vier in Afrika. Vele Afrikastate akkumuleer konvensionele wapens as gevolg van ‘n persepsie van bedreiging, veral van binne hul grense.<sup>13</sup>
- (d) ‘n Aantal hindernisse belemmer internasionale pogings om wapenhandel met Afrika te beperk of te beheer. Daar is ‘n bykans onbeperkte aantal lug-, land- en seeroetes waarslangs wapens Afrika kan binnekomm, maar min regerings in Afrika het die nodige mannekrag en hulpbronne tot hul beskikking om wapens wat hul staat binnekomm te moniteer of te verhoed dat dit gebeur. Pogings om wapenoorplasings na Afrika te reguleer word ook bemoeilik deur regerings wat wapens gebruik om in buurstate se interne sake in te meng, sowel as deur die korruksie van regeringsamptenare en instellings wat by wapenhandel betrokke is.<sup>14</sup>
- (e) Die vervaardiging en verkoop van wapens is finansieel voordeilig en verskaf werkgeleenthede in state soos Egipte en Suid-Afrika in ‘n tyd van ekonomiese druk.<sup>15</sup>
- (f) Ten spyte van ‘n krimpende wêreldmark vir wapenuitvoere het verskeie voormalige Sowjet republieke soos Belarus, Oekraïne en Moldova, en Oos-Europese state soos die Tsjeggyese Republiek en Slowakye na die Koue Oorlog tot die wapenuitvoermark toegetree, wat die kompetisie in dié mark verhoog het. Oekraïne het byvoorbeeld van die vyftiende plek op die lys van vernaamste wapenuitvoerstate in die wêreld vir die periode 1990-1994,<sup>16</sup> tot die negende plek vir die periode 1994-1998 gevorder.<sup>17</sup> Belarus wat vir die periode 1990-1994 nie onder die boonste 25 state was nie is in die veertiende posisie vir die periode 1994-1998.

Oekraïne het na die Koue Oorlog een van die vernaamste wapenverskaffers aan Afrika geword. ‘n Feitesending van die VN wat moes vasstel hoe die rebellebeweging UNITA in Angola van wapens voorsien word het in 1998 bevind dat Oekraïne UNITA se hoof wapenverskaffer is. Daar is vele ander verslae van Oekraïne se betrokkenheid deur

middel van wapens en/of huursoldate by konflikte in Afrika. Voorbeelde hiervan is die konflikte tussen Ethiopië en Eritrea (huursoldate aan beide kante); die Soedan (huursoldate aan die rebelle se kant); Sierra Leone; en die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK).<sup>18</sup>

- (g) Die VN se Konvensionele Wapenregister dek net sewe van die belangrikste konvensionele wapenkategorieë. Kleinwapens en ligte wapens, wat soveel verlies aan menselewens in konflikte oor die wêreld veroorsaak, is uitgesluit van die register.<sup>19</sup> In 1993 het die Sekretaris-Generaal van die VN die stelling gemaak dat streekregisters vir konvensionele wapens die volgende stap moet wees. Teen 1997 het geen streek egter nog 'n register ontwikkel nie. In 1995 het die VN se Staande Advieskomitee vir Veiligheidskwessies in Afrika ook hierdie aangeleentheid bespreek, veral dat metodes gevind moet word om Afrika se deelname aan die VN se Register te verbeter, sowel as om 'n Afrika streekregister te ontwikkel.<sup>20</sup>

Twee van bogenoemde faktore wat wapenbeheer en ontwapening in Afrika in die grootste mate nadelig beïnvloed is gewapende konflik en klein- en lichte wapen proliferasie. Dié aspekte word vervolgens in meer besonderhede bespreek.

## 2.1 Konflik in Afrika in die negentigerjare

In die plek van Oos-Wes surrogaat konflikte in Afrika om die groot moondhede se geskille te besleg sowel as die frontliniestate se stryd teen Suid-Afrika, het militêre konflikte in Afrika na die Koue Oorlog meer soos eie aan Afrika van aard geword, weens die feit dat die supermoondhede se invloed verdwyn het, en hulle belang dus nie meer gedien is nie. Vanselfsprekend verskaf die nywerheidslande die wapens, ammunisie en selfs die uniforms aan Afrika want die oorgrote meerderheid Afrikastate is nie in staat om hul eie te vervaardig nie. Hierdie situasie het 'n nuwe soort afhanklikheid by Afrikastate geskep, veral as gevolg van die tegnologiese gevorderdheid van wapens. Die moontlikheid van konflik in Afrika word ook verhoog deur die gemak waarmee wapens na rebellegroepe en afskeidingsbewegings ingesmokkel kan word. Privaat wapenhandelaars vanoor die hele wêreld is betrokke by hierdie wapenhandel. Oënskynlik is die beskikbaarheid van ligte wapens soos granaatlansseerders, swaar masjiengewere en Kalashnikofs nimmereindigend en is veral Kalashnikofs teen uiters lae pryse beskikbaar. Geen teenregeringsmag het blykbaar 'n tekort aan vuurwapens en ammunisie nie.<sup>21</sup>

Tussen 1990 en 1999 was daar tien staatsgrepe in Afrika, naamlik in Liberië (1990), Sierra Leone (1992), Burundi (1993 en 1994), Rwanda (1994), Gambië (1994), die Comores (1995) en Niger (1995), Sierra Leone in 1997 en die Ivoorkus in 1999.<sup>22</sup> Burgeroorloë het

deurlopend in die Soedan, Somalië, Angola, Burundi, Algerië, Marokko-Wes-Sahara, Liberië en Nigerië gewoed. Intrastaatlike konflikte wat in die vroeë negentigerjare voorgekom het, is teen 1995 beëindig. State soos Suid-Afrika, Mosambiek, Tsjaad, Rwanda en Eritrea-Ethiopië is hier ter sprake. In 1995 was die sterftes as gevolg van hierdie konflikte in Afrika reeds dubbel soveel as in 1986.<sup>23</sup> Die aantal groot gewapende konflikte (wat meer as 1 000 lewens per jaar geëis het) wat tussen 1990 en 2000 in Afrika plaasgevind het sien soos volg daaruit:

1990	1991	1992	1993	1994	1995	1996	1997	1998	1999	2000
11	11	7	7	6	5	3	4	11	11	9

Bron: Sollenberg, M, and Wallensteen, P, "Patterns of major armed conflicts 1990-2000", in SIPRI Yearbook 2001: Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 2001, p.54; en "Definitions, sources and methods for the conflict data", in SIPRI Yearbook 2001, *op cit*, p.65.

Afrika is die mees konflikgeteisterde streek in die wêreld en die enigste streek waar gewapende konflikte besig is om toe te neem.<sup>24</sup> Volgens Nhara was meer as die helfte van oorlogverwante sterftes in die wêreld in 1999 die gevolg van gewapende konflikte in Afrika. Hierdie konflikte in Afrika het verder in 1999 meer as agt miljoen vlugtelinge, mense wat na hul tuisstate teruggekeer het, sowel as misplaaste burgerlikes, tot gevolg gehad.<sup>25</sup>

Die primêre oorsake van intrastaatlike konflikte is geweldsmisdaad wat gepaard gaan met die ineenstorting van ekonomiese; stam- en etniese geskille; Islamitiese fundamentalisme; separatisme; en ontevredenheid met 'n bestaande regering. 'n Verdere uiters gevaarlike potensiële oorsaak van toekomstige intrastaatlike konflik in Afrika is die verspreiding van die Menslike Immuniteitsgebreks (MIV)-virus. Indien dit nie betyds onder beheer gebring gaan word nie, en die mense wat besmet is op groot skaal sterf, kan dit tot astronomiese ekonomiese probleme lei wat alle vlakke van die samelewing sal raak as gevolg van die ekonomiese werkmag wat nie meer in staat of beskikbaar sal wees om die ekonomie te bedryf nie. Ekonomiese agteruitgang en ineenstorting sal gewelddadige misdaad laat toeneem, anargie laat ontstaan en 'n onbeheersde stroom van vlugtelinge oor staatsgrense tot gevolg hê. Die polisie en weermag sal nie besmetting vryspring nie, en as gevolg daarvan sal wet en orde moeilik of glad nie gehandhaaf kan word nie. In 1990 was daar reeds een staat in Afrika waarvan die polisie en weermag 75 persent besmet was met MIV.<sup>26</sup>

Grense wat gedurende die koloniale tydperk vasgestel is; 'n gebrek aan demokratiese verteenwoordiging in regerings; en etniese verskille, is steeds moontlike bronne van konflik tussen en binne Afrikastate. Rwanda en Oeganda steun tans rebellie wat in die Demokratiese Republiek van die Kongo teen die regering veg.<sup>27</sup> Ekonomiese realiteite

soos werkloosheid as gevolg van 'n gebrek aan ekonomiese groei; onvervulde beloftes van regerings; buitelandse beleggings wat uitbly; voedseltekorte; en skaars waterbronne wat gepaard gaan met vinnige bevolkingsaanwas, kan ook tot konflikte lei. 'n Probleem wat steeds bestaan is die gevaar dat intrastaatlike konflikte wat eskaleer dikwels nie tot die grense van die betrokke staat beperk bly nie. Ander state word betrek deurdat vlugtelinge eenvoudig oor grense na naburige state vlug.<sup>28</sup>

## 2.2 Kleinwapenproliferasie in Afrika na die Koue Oorlog

Ter inleiding word 'n kategorisering van ligte- en kleinwapens soos deur 'n paneel van kundiges aan die Algemene Vergadering van die VN voorgelê, voorgehou. Die kategorisering is gegrond op bevindings deur die paneel van wapens wat in konflikte, waarby die VN deur sy vredespogings betrokke was (en steeds is), gebruik is.<sup>29</sup>

### (a) Kleinwapens (ontwerp vir persoonlike gebruik):

Rewolwers en selflaai pistole; gewere en karbyne; submasjiengewere; aanvalsgewere; en ligte masjiengewere.

### (b) Ligte wapens (ontwerp vir gebruik deur verskeie persone wat in 'n groep optree):

swaar masjiengewere; onderloop- en gemonteerde draagbare granaatlanserders; draagbare lugafweer wapens; draagbare tenkafweer wapens en terugslaglose gewere; draagbare lanserders vir tenkafweer missiele en vuurpylstelsels; draagbare lanserders vir lugafweer missielstelsels; en mortiere met 'n kaliber kleiner as 100mm.

### (c) Ammunisie en ploftoestelle:

Patrone vir kleinwapens; bomme en missiele vir ligte wapens; mobiele houers met missiele en bomme vir enkelaksie lugafweer en tenkafweer stelsels; teenpersoneel en tenkafweer handgranate; landmyne; en ploftostowe.

Die einde van die Koue Oorlog en die beëindiging van die supermoondhede se wedywering in baie dele van die Derde Wêreld, gevolg deur die beëindiging van apartheid in Suid-Afrika, het veroorsaak dat vele van Afrika se historiese konflikte tot 'n vreedsame einde gekom het. Voorbeeld hiervan is Namibië, Ethiopië en Mosambiek. Terselfdertyd het vele state in Afrika 'n toename in verskeie vorme van intrastaatlike konflik, wat met hoë vlakke van politieke geweld en onstabilitet gepaard gegaan het, beleef. Die toename in intrastaatlike konflik het vanselfsprekend gepaard gegaan met 'n toename in die vraag na wapens wat vir interne doeleindes eerder as teen eksterne militêre bedreigings gebruik kon

word. In vele state het nie-staatlike groepe soos insurgensiegroepe, separatiste magte, plaaslike krygshere en misdaadsindikate die hoofverbruikers van wapens geword.<sup>30</sup>

Die teenwoordigheid van verskeie vorms van intrastaatlike konflik, tesame met hoe vlakke van politieke geweld en onstabiliteit in vele Afrikastate, het 'n aanvraag vir kleinwapens laat ontstaan. Kleinwapens is lig, kan maklik vervoer word, en verg min logistiese steun, opleiding en instandhouding. In baie dele van Afrika is die owerheid onbevoeg en het 'n gebrek aan legitimiteit. Daarom is die owerheid dikwels onbevoeg om die verskeie vorms van intrastaatlike konflik wat mag bestaan die hoof te bied. Wetstoepassingsinstellings soos die polisie en doeane het ook dikwels nie die kapasiteit of die vermoë om effektief met probleme soos politieke geweld, gewapende misdaad en die proliferasie van kleinwapens wat verband hou met intrastaatlike konflik, te handel nie.<sup>31</sup> Groot hoeveelhede kleinwapens het Afrika binne gekom as gevolg van 'n toenemende vraag daarna deur staatlike sowel as nie-staatlike akteurs in vele Afrikastate. Alhoewel dit baie moeilik is om die presiese omvang van die verskaffing van hierdie wapens vas te stel, het dit 'n baie voordeelige bedryf vir verskaffers en handelaars geword. Die hoogs kompeterende aard van die internasionale markte, as gevolg van 'n surplus van wapens, tesame met die groot swart mark vir wapens, het veroorsaak dat hierdie wapens baie goedkoop bekom kan word. Dit het veroorsaak dat groot hoeveelhede wapens deur arm Afrikaregerings en nie-staatlike akteurs van amptelike sowel as nie-amptelike eksterne bronne bekom kan word.<sup>32</sup>

Kleinwapenproliferasie het 'n belangrike politieke en veiligheidskwessie op plaaslike, substreek en streekvlakte in Afrika geword. Dit is die gevolg van die volgende faktore: 'n lang geskiedenis van inter- en intrastaatlike konflik in baie Afrikastate; die rol van super- en streekmoondhede in die verskaffing van groot hoeveelhede wapens en militêre toerusting aan hul surrogaat weermagte in Afrika; onvoldoende wapenbeheer en ontwapeningsmaatreëls tydens VN vredesoperasies in Afrika, wat veroorsaak het dat talle wapens nie ingehandig is deur strydende groepe wanneer hul ontwapen is na beëindiging van vyandighede en die sluiting van vredesooreenkoms nie; staatsgrense wat nie eerbiedig word nie; en die reeds genoemde onvoldoende staatsoptrede deur middel van die polisie en doeane met wetstoepassing.<sup>33</sup>

Voorbeeld van state waar onvoldoende wapenbeheer- en ontwapeningsmaatreëls deur die VN gedurende vredesoperasies toegepas is, is Angola, Mosambiek en Namibië. Faktore wat 'n rol hierin gespeel het is onder andere beperkte en/of onvoldoende mandate wat aan die VN-magte verleen is; onvoldoende hulpbronne; onvoldoende bergingsfasilitete; en/of 'n gebrek aan samewerking aan die kant van die strydende partye. Verder het die VN-magte nie genoeg vooraf kennis gehad van die kwaliteit en kwantiteit van wapens wat in omloop in hierdie state was voor die VN magte ontplooい is nie; die VN personeel was nie voldoende opgelei vir die toepassing van wapenbeheer- en ontwapeningsmaatreëls nie; en

personeel en toerusting om wapenbeheer en ontwapeningsoperasies te onderneem was onvoldoende. As gevolg van hierdie faktore en gevolglike gebrekkige maatreëls om wapenbeheer en ontwapening effektief toe te pas gedurende genoemde vredesoperasies, het baie wapens veral in Angola en Mosambiek buite die ontwapeningsproses gebly. In meeste gevalle waar wapens buite die ontwapeningsproses gebly het, is dit nie versamel, geberg of vernietig nie, en het dit in die hande van strydende faksies beland wat dan opnuut met intrastaatlike konflikte begin het. Van hierdie wapens het ook in die onwettige wapenmarkte in buurstate beland en sodoende tot wapenproliferasie in hierdie state bygedra. Selfs in Namibië wat as 'n relatief suksesvolle sending deur die VN se multilaterale magte beskou is, het groot hoeveelhede wapens buite die ontwapeningsproses gebly, wat tot die probleme met wapenproliferasie, na gewapende konflikte beëindig is, bygedra het.<sup>34</sup>

As gevolg van vyf-en-twintig jaar se oorlog in Suider-Afrika het 'n oorvloed van wapens dié substreek binne gestroom. Namate die substreek na die Koue Oorlog 'n periode van relatiewe vrede begin beleef het, het die probleme verbonde aan kleinwapenproliferasie, veral van die AK-47 aanvalswapen, egter net vererger. Kleinwapens het 'n handelskommoditeit geword, is maklik verkrygbaar en word vir 'n verskeidenheid van doeleinades aangewend. In Mosambiek alleen is daar 'n geskatte een en 'n half miljoen outomatisiese wapens vrylik onder die gewone publiek in omloop en gee dit vanselfsprekend aanleiding tot die verhoging van misdaadvorkoms in dié staat. Vele van die wapens word deur misdaadsindikate na Suid-Afrika gesmokkel. Wanneer hierdie wapens eers in die hande van burgerlikes beland het, dra dit daartoe by dat etniese geskille in etniese konflik en politieke geskille in politieke geweld ontaard en dat geweldsmisdaad toeneem.<sup>35</sup>

In teenstelling met die faktore wat na die Koue Oorlog 'n negatiewe invloed op wapenbeheer en ontwapening gehad het word die faktore wat 'n positiewe invloed op wapenbeheer en ontwapening gehad het vervolgens bespreek.

### **3. Faktore wat wapenbeheer en ontwapening in Afrika na die Koue Oorlog bevorder het**

Alhoewel genoemde negatiewe faktore wapenbeheer en ontwapening in Afrika na die Koue Oorlog geweldig bemoeilik het, het sekere gebeure soos die beëindiging van sekere sogenaamde bevrydingstryde; die verandering in benadering van die supermoondhede teenoor Afrika; en verswakkende ekonomiese, wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog in Afrika tog positief beïnvloed. Dié positiewe faktore word vervolgens in meer besonderhede bespreek.

- (a) Net twee van die 47 sub-Sahara Afrikastate, naamlik Angola en Suid-Afrika, het wapens ter waarde van meer as 100 miljoen Amerikaanse dollar vir die periode 1993-1997 ingevoer. Die jaarlikse gemiddelde waarde van wapeninvoere vir die streek vir die periode 1993-1997 was 243 miljoen dollar, wat die laagste vir enige vyfjaar periode sedert 1960 is. Die sterk afname na 1990 kan deels toegeskryf word aan Angola se verlaagde invoere. Angola se aandeel in die streek se invoere vir die periode 1988-90 was 62 persent, maar dit het tot 12 persent gedaal in die periode 1991-1997. Die res van die sub-Sahara Afrikastate se invoere was deurgaans laag vir die periode 1988-1998.<sup>36</sup>
- (b) Die Koue Oorlog wat tot 'n einde gekom het, het ook die einde van die wedywering tussen die Sowjet-Unie en die VSA om die guns van state in Afrika beteken. 'n Groot gedeelte van die wapens wat in die sewentiger en tagtigerjare na Afrika uitgevoer is, was as gevolg van strategiese redes en motiewe wat ekstern tot Afrika was. Na die Koue Oorlog was daar 'n definitiewe afname in die volume wapens wat vanaf Rusland en die Weste na Afrika uitgevoer is.
- (c) 'n Verwante oorsaak is die feit dat burgeroorloë in Afrika beduidend minder geword het na die Koue Oorlog weens die feit dat die Sowjet-Unie aanvanklik en Rusland later belang verloor het in die ondersteuning van hul eertydse bondgenote wat by sommige van die oorloë betrokke was. Die situasie ten opsigte van gewapende konflikte in Afrika het egter sedert 1997 weer verswak toe die aantal konflikte met meer as 1 000 ongevalle weer begin toeneem het tot 1989/1990vlakke.<sup>37</sup> In 1999 het gewapende konflikte in 20 Afrikastate voorgekom.<sup>38</sup>
- (d) Die sogenaamde anti-koloniale bevrydingsoorloë het met die onafhanklikwording van Namibië in 1990 tot 'n einde gekom. Namibië was die laaste formele kolonie in Afrika wat moes veg vir sy onafhanklikheid.
- (e) Die pro-demokratiese bewegings oor die hele streek se eise vir meer verantwoordelike en meer verantwoordbare regerings. Die pro-demokratiese bewegings het tot gevolg gehad dat regerings begin het om finansiële bronne eerder aan te wend om stemme en ondersteuning te "koop" as om dit op wapens te spandeer.
- (f) Die verswakkende ekonomiese situasie van Afrikastate het veroorsaak dat uitgawes aan wapens eenvoudig 'n laer prioriteit ten gunste van ekonomiese oorlewing geword het. Die ekologie is ernstig beskadig, bevolksaanwas is geweldig hoog, en landbou produksie

is baie swak. Die skuldas van meeste Afrikastate is baie hoog en daar is dus nie geld vir luukshede soos wapens nie. Afrika het die meeste van die armste state in die wêreld.

- (g) In die verlede was die Wêreldbanks en die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) se houding dat Afrika se verdedigingsuitgawes polities van aard was en dat hulle dus nie daarin kon inmeng nie. In die negentigerjare het hierdie twee instansies egter begin besef dat militêre uitgawes 'n direkte uitwerking op strukturele ontwikkelingsprogramme het. Met die nuwe benadering word regerings aanspreeklik gehou vir "goeie regering". Verdedigingsuitgawes word dus meer direk gekontroleer en die IMF en die Wêreld Bank se *laissez faire* houding van die verlede ten opsigte van militêre uitgawes is vinnig besig om te verander.<sup>39</sup>
- (h) Wapenuitvoere vanaf tradisionele verskaffers soos die VSA, Rusland, Brittanje, Frankryk, die Volksrepubliek van Sjina, Israel en Brasilië na Afrika het skerp afgeneem. Terselfdetyd het belangrike nuwe bronre, waaronder Egipte en Suid-Afrika, egter beskikbaar geword vir wapenverskaffing aan Afrika. Allerlei nuwe verskaffers het ook tot die mark toegetree om wins te maak en politieke invloed te bekom. Afrikaregerings wat wapens aan vriende en bondgenote in ander state verskaf, privaat wapenhandelaars en kriminele organisasies is hierby ingesluit. Met enkele uitsonderings, is hierdie verskaffers, anders as vroeër, egter nie bereid om konvensionele wapens en militêre hulp teen lae of geen koste aan Afrikastate te verskaf nie. As gevolg hiervan het min Afrikastate toegang tot duur swaar konvensionele wapentuig en het hulle al meer afhanklik geword van die gebruik van kleinwapens en ander ligte wapentuig om hulle veilheidsmagte teen relatiewe lae koste toe te rus en militêre uitdagings van regeringsgesag die hoof te bied. Die probleem is egter dat die opponente van regeringsmagte ook toegang het tot die bronre wat ligte wapentuig en kleinwapens verskaf en dus bykans net so goed soos die veilheidsmagte bewapen is.<sup>40</sup>

Bykomend tot hierdie omstandighede wat na die Koue Oorlog bevorderlik vir wapenbeheer en ontwapening was, het inisiatiewe wat na die Koue Oorlog deur die VN en organisasies in Afrika geloods is, indirek tot wapenbeer en ontwapening bygedra. Dié inisiatiewe word vervolgens bespreek.

#### 4. Inisiatiewe wat deur die VN en organisasies in Afrika na die Koue Oorlog geneem is wat bevorderlik vir wapenbeheer en ontwapening is.

Alhoewel daar na die Koue Oorlog geen multilaterale direkte wapenbeheer en ontwapeningsooreenkomste ten opsigte van konvensionele wapens as sulks in Afrika gesluit is nie, is daar wel 'n aantal inisiatiewe deur die VN en organisasies in Afrika geloods wat as bevorderlik vir wapenbeheer en ontwapening beskou kan word.

##### 4.1 Vredesendings deur die VN in Afrika na die Koue Oorlog

Met verwysing na die veiligheidsprobleme in Afrika het die VN se Sekretaris-Generaal hom in 'n verslag in die vroeë negentigerjare soos volg uitgelaat:

"Our aims must be:

To seek to identify at the earliest possible stage situations that could produce conflict, and to try through diplomacy to remove the sources of danger before violence results;

Where conflict erupts, to engage in peace-keeping aimed at resolving the issues that have led to conflict;

Through peace-keeping, to work to preserve peace, however fragile, where fighting has been halted and to assist in implementing agreements achieved by peacemakers;

...rebuilding the institutions and infrastructures of nations torn by civil war and strife; and building bonds of peaceful mutual benefits among nations...;

And in the largest sense, to address the deepest causes of conflict, economic despair, social injustice and political oppression".<sup>41</sup>

Gedurende die tydperk wat gestrek het vanaf 1989 tot 1993 het die VN 15 vredesendings, waarvan nege in Afrika, wêreldwyd onderneem. Sommige van hierdie operasies was baie meer ambisieus as voorheen. Sommige van die konflikte waarby die VN deur vredesendings betrokke geraak het, het nasionale ekonomiese vernietig, bevolkings ontwortel en regerings- en burgerlike instellings ernstig verswak. As gevolg hiervan is ambisieuse mandate aan vredesendings toevertrou. Hierdie mandate het sommige of al die volgende take ingesluit: multi-faset vredesoordeelkomste; nasionale rekonsiliësie; ontwapening en demobilisering; die totstandbring van verenigde weermagte en polisiemagte; versterking van siviele administrasie, lewering van humanitaire hulp en ondersteuning; monitering van die handhawing van menseregte; en die hou van verkiesings. Ander het die beskerming van burgerlikes en die verskaffing van humanitaire hulp aan state waar konflikte nog aan die gang was behels. Hierdie operasies het geweldige eise aan die

VN gestel ten opsigte van die ontplooiing van duisende militêre en burgerlike personeel en die verskaffing van die nodige logistieke ondersteuning. As gevolg van suksesse wat met vredesoperasies ook in Afrika behaal is na die Koue Oorlog, het die VN, sommige lidstate en streekorganisasies stappe begin neem om hul kapasiteit vir vredesoperasies te verbeter. Sommige Afrikastate is bereid om 'n substantiewe rol in vredehandhawing te speel en het die personeel om dit te doen. Vele het egter nie die hulpbronne om militêre personeel toe te rus, op te lei en op bystand te hou vir vinnige ontplooiing nie.<sup>42</sup>

Ses multidimensionele vredehandhawingsoperasies is deur die VN na die Koue Oorlog in Afrika onderneem. Vier van die belangrikste operasies was die waarnemersending in Mosambiek vanaf 1993 tot 1995; die tweede VN vredesoperasie in Somalië vanaf 1992 tot 1995; die VN hulpsending aan Rwanda vanaf 1993 tot 1996; en die VN waarnemersending na Liberië vanaf 1993 tot 1997. Eersgenoemde en laasgenoemde sendings was suksesvol maar die ander twee was onsuksesvol, hoofsaaklik weens 'n gebrek aan volgehoue steun deur die internasionale gemeenskap aan die VN sendings. Die sukses van die sendings na Mosambiek en Liberië kan hoofsaaklik aan volgehoue steun vanaf die internasionale gemeenskap ten opsigte van mannekrag, logistieke steun en finansiering toegeskryf word.<sup>43</sup> Die VN was vanaf 1991 tot 1995 ook by 'n verifikasiesending in Angola betrokke. Die doel was om toe te sien dat die ooreenkoms wat tussen die Angolese regering en UNITA in Mei 1991 aangegaan is nagekom word. Demobilisering en ontwapening was ook deel van dié ooreenkoms.<sup>44</sup>

Die meer ambisieuse mandate wat aan die VN vredesendings toevertrou is, het vanselfsprekend groter betrokkenheid van die VN by vredesoperasies gevra, wat beteken het dat die gevaar dat foute begaan kon word; om van partydigheid beskuldig te word; en gedwing te word om geweld te gebruik, baie groter geword het.

Die VNSVOA verskaf ook substantiewe en administratiewe steun aan staats-, streek en substreekorganisasies in Afrika in hulle inisiatiewe om vrede in die streek te bewerkstellig. Organisasies soos SAOG, EGWAS en die VN se Staande Advieskomitee oor Veiligheidskwessies in Sentraal-Afrika is hierby ingesluit. So onlangs soos Julie 1999 was die VNSVOA suksesvol betrokke by die herstel van vrede in Noord-Mali sowel as by toesighouding oor die vernietiging van wapens en ammunisie wat deur die VN se waarnemersending na Liberië en ECOMOG gedurende die vredesproses in Liberië versamel is.<sup>45</sup> Die VNSVOA dien ook as operasionele raamwerk vir die VN se Programme for Co-ordination and Assistance for Security and Development (PCASED) om ondersteuning aan die Wes-Afrikaanse state te verleen met die implementering van die moratorium op die invoer, uitvoer en vervaardiging van ligte wapens. Gedurende 'n periode van vyf jaar sal die PCASED die volgende aktiwiteite onder andere ondersteun: die skepping van 'n databasis en substreek wapenregister; versameling en vernietiging van surplus en onwettige wapens;

verbeterde wapenbeheer by grensposte; en opvolgwerk om te verseker dat die moratorium op die invoer, uitvoer en vervaardiging van ligte wapens geïmplementeer word.<sup>46</sup>

Soos reeds genoem was ontwapeningspogings tydens multilaterale (VN) vredehandhawingsoperasies in Afrika en veral in Suider-Afrika in state soos Mosambiek, en Angola in die negentigerjare oneffektief en is dit een van die belangrikste oorsake van kleinwapenproliferasie in Suider-Afrika. Ontwapeningspogings in Namibië was meer suksesvol.

Afgesien van die VN se vredesinisiatiewe in Afrika is verskeie inisiatiewe na die Koue Oorlog deur verskeie organisasies eie aan Afrika, geneem om vrede, veiligheid en stabilitet in die streek te bevorder en daardeur 'n omgewing te skep waarbinne wapenbeheer en ontwapening bewerkstellig kon word. 'n Aantal van die belangrikste ontwikkelings in dié verband word vervolgens bespreek.

#### 4.2 Die Kampala Dokument

Gedurende 1991 het die Afrika Leierskapforum, die OAE en die VN Ekonomiese Kommissie vir Afrika gesamentlik 'n konferensie te Kampala (Oeganda) gereël. Die konferensie was 'n reaksie op 'n resolusie wat in 1990 deur die OAE aanvaar is, waarvolgens Afrikaleiers 'n behoeftte uitgespreek het om vinnige vreedsame oplossings vir die gewapende konflikte in Afrika te vind. Hulle was oortuig dat die beëindiging van konflikte nie alleen vrede en stabilitet sal bevorder nie, maar dat dit ook hulbronne sou vrystel wat vir ontwikkeling aangewend sal kan word en die grondoorsake van die vlugtelingsprobleem in Afrika sal verwijder. Die Kampala Dokument is gevvolglik by die spitsberade van die OAE gedurende 1991 en 1992 bespreek en het die basis vir die totstandkoming van die OAE se Meganisme vir Konflikvoorkoming, -Bestuur en -Oplossing gevorm.<sup>47</sup>

Volgens paragrawe agt tot tien van die Kampala Dokument is die lidstate van die OAE deeglik bewus van die noodsaaklikheid van die skepping van 'n raamwerk vir die voorkoming, bekamping en beëindiging van intra- en interstaatlike konflikte in Afrika, sowel as dat 'n effektiewe proses ontwikkel moet word vir die bestuur en oplossing van geskille en konflikte, om sodoende 'n bevorderlike omgewing vir streeksamewerking, integrasie en ontwikkeling te skep. Hulle is verder van oortuiging dat die verantwoordelikheid vir veiligheid, stabilitet, ontwikkeling en samewerking in Afrika nie net op spesifieke regerings rus nie maar ook op nie-regerings organisasies sowel as die individu. Hulle verwag ook samewerking en ondersteuning van state buite Afrika in die Conference on Security, Stability, Development and Cooperation in Africa (CSSDCA) proses.<sup>48</sup>

Ten opsigte van veiligheid geld die volgende beleidmaatreëls: die skepping van 'n struktuur vir arbitrasie en uitspraak in gevalle waar state in dispute of geskille betrokke raak; die skepping van 'n liggaam vir versoening en bemiddeling tussen state wat in geskille betrokke raak; die skepping van 'n Afrika vredesmag; vertroueskeppende maatreëls soos uitruil van inligting aangaande bewegings van troepe en waar hulle gestasioneer is, gesamentlike militêre oefeninge, opleiding, vlootpatrollies en gesamentlike studies en seminare oor substreek en streek veiligheidsaangeleenthede; en 'n nie-aanvalsverdrag tussen alle Afrikastate sowel as 'n verbintenis om mekaar te verdedig in geval van eksterne militêre aggressie. Indien voorgenoemde maatreëls doeltreffend toegepas kan word sal dit lei tot verlaagde inter-Afrika spanninge en openlike militêre konflik met verlaagde militêre uitgawes as resultaat, en dus indirek tot wapenbeheer en ontwapening. 'n Algehele vermindering in militêre uitgawes deur deelnemende state behoort werklike verminderings van, en beperkings op mannekrag en militêre toerusting in te sluit. Oorweging sal ook geskenk moet word aan 'n kollektiewe verstandhouding aangaande die tipe militêre toerusting wat geregverdig is vir gebruik deur Afrikastate. Om selfonderhoudend te word sal Afrikastate selektiewe vervaardiging van wapentuig vir Afrika se verdediging moetoorweeg.<sup>49</sup>

Soos reeds genoem het die Kampala Dokument die basis gevorm vir die stigting van die OAE se Meganisme vir Konflikvoorkoming, -Bestuur en -Oplossing.

#### **4.3 Die OAE se Meganisme vir Konflikvoorkoming, -Bestuur en –Oplossing**

Soos uit die Kampala Dokument blyk was die bedoeling dat 'n kollektiewe poging om spanning en konflik in Afrika te verminder en uit te skakel sal lei tot verminderde militêre uitgawes en daardeur 'n bydrae tot die bevordering van wapenbeheer en ontwapening in Afrika gemaak sou kon word. Dit het aanleiding gegee tot die inisiatief wat deur die OAE geneem is om die Meganisme vir Konflikvoorkoming, -Bestuur en -Oplossing tot stand te bring.

Konflikbestuur in Afrika het na die Koue Oorlog 'n radikale verandering ondergaan. Afrika se koloniale verlede het veroorsaak dat die beginsel van geen inmenging in interne sake in die Handves van die OAE opgeneem is. Hierdie beginsel het kollektiewe optrede deur Afrikastate deur middel van die OAE of substreekorganisasies in burgeroorloë en interne konflikte verydel. As gevolg hiervan is konflikbestuur in Afrika deur vreemde moondhede oorheers. Hierdie situasie het egter in Junie 1993 verander, toe die OAE se Vergadering van Staatshoofde te Kaïro die Meganisme vir Konflikvoorkoming, -Bestuur en – Oplossing geskep het. Konflikoplossing is sodoende geïnstitutionaliseer in die OAE en Afrika probleme sou voortaan deur Afrika self, naamlik die OAE Meganisme, behartig word.

en nie meer deur eksterne moondhede of organisasies nie. Die Sentrale Orgaan, bestaande uit 'n komitee van lidstate, is in beheer van die proses. Die OAE Sekretariaat behartig al die verantwoordelikhede en pligte verbonde aan die Meganisme.<sup>50</sup>

Die besluit deur die OAE om die Meganisme tot stand te bring is geneem teen die agtergrond van 'n geskiedenis van vele uitgerekte en vernietigende konflikte in Afrika; en as gevolg van die beperkte sukses wat, ten spyte van vele pogings deur die OAE, behaal is om blywende oplossings daarvoor te vind. Die OAE beskou die Meganisme as 'n vinniger metode om konflikte te voorkom, te bestuur en op te los waar en wanneer dit voorkom. Die Meganisme se werksaamhede sal binne die raamwerk van die doelstellings en beginsels van die OAE geskied. Die Meganisme se primêre doelwit is die antisipasie en voorkoming van konflikte. In gevalle waar konflikte reeds plaasgevind het sal dit die taak van die Meganisme wees om vredesluitings- en vrede-instandhoudingsfunksies te verrig om die oplossing van hierdie konflikte te faciliteer. Klem op antisiperende en voorkomende maatreëls en gedetermineerde optrede met vredesluiting en vrede-instandhouding sal voorkom dat dit nodig sal wees om oor te gaan tot komplekse en veeleisende vredehandhawingsoperasies, wat die lidstate moeilik sal kan finansier.<sup>51</sup> In hierdie verband verklaar Omitoogun soos volg: "All major arms control regimes in the world share certain basic objectives in addition to their specific goals. These basic objectives are, first, to help reduce the likelihood of war, or in the case of war, to limit the scope and level of violence and, second, to free resources for more productive uses".<sup>52</sup>

In Suider-Afrika getuig die doelstellings van die SAOG se Orgaan vir Politiek, Verdediging en Veiligheid (OPVV) oënskynlik van Suider-Afrika se verbintenis om die OAE te ondersteun in sy pogings om konflikvoorkoming, -bestuur en -oplossing doeltreffend toe te pas, en daardeur die las van die OAE en die VN om vrede en veiligheid in Afrika te bevorder ligter te maak.<sup>53</sup> Ingevolge die siening in Afrika dat vrede, veiligheid en stabiliteit eers in die streek bewerkstellig moet word voordat daar oor wapenbeheer en ontwapening onderhandel kan word, is die SAOG se OPVV oënskynlik 'n poging deur die Suider-Afrikaanse substreek om 'n omgewing waarbinne daar oor wapenbeheer en ontwapening onderhandel kan word, te skep.

#### 4.4 Die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap

Die SAOG het uit die "South African Development Coordination Conference" (SADCC) ontstaan. Die SADCC is in Julie 1979 deur die frontliniestate {Front Line States (FLS)} te Arusha, Tanzanië gestig. Die FLS het ten tye uit Angola, Botswana, Mosambiek, Tanzanië en Zambië bestaan. Die SADCC was oorspronklik ingestel op die bevordering van samewerking op die gebied van infrastruktur; op ekonomiese samewerking en

ontwikkeling; en om ekonomiese afhanklikheid van Suid-Afrika te verminder.<sup>54</sup> Vir die eerste 12 jaar van die SADCC se bestaan het dit sonder 'n wetlike raamwerk, verdrag of protokol gefunksioneer. Dit was eers in 1989 by 'n vergadering van die staatshoofde van die betrokke state te Harare dat 'n besluit geneem is om die organisasie te formaliseer en dit wetlike status te gee. Na vier jaar se onderhandelinge is die Deklarasie en Verdrag van die SAOG staatshoofde in 1992 te Windhoek onderteken. Met die verandering van naam het die SAOG se fokus ook van ontwikkelingskoördinasie na ontwikkelingsintegrasie verander. Lidmaatskap van die SAOG het sedert sy stigting tot 14 state toegeneem deurdat Suid-Afrika, Mauritius, die Demokratiese Republiek van die Kongo en die Seychelle teen 1997 ook lede geword het. In Artikel vyf van die Verdrag van die SAOG word daar agt doelwitte gestel. Onder andere word dit sterk beklemtoon dat daar samewerking binne die streek sal wees wat solidariteit, vrede en veiligheid sal bevorder sodat die inwoners van die streek in vrede en harmonie sal kan saamwoon en werk. Hierdie beroep op lidstate het aanleiding gegee tot die stigting van die SAOG se OPVV in Junie 1996.<sup>55</sup>

Die doel van die SAOG was van die begin af om politiek en veiligheid van ekonomiese ontwikkeling te skei, vandaar die stigting van die OPVV gedurende Junie 1996.<sup>56</sup> Die OPVV onderskryf en eerbiedig die SAOG se beginsels soos byvoorbeeld die soewereine gelykheid van alle lidstate, die vreedsame beslegting van geskille, die eerbiediging van menseregte, demokrasie en die oppergesag van die reg. Die OPVV se doelstellings sluit onder ander die volgende in: om die substreek te vrywaar teen onstabilitet van binne of buite sy grense; bevordering van politieke samewerking en gemeenskaplike politieke waardes; veiligheids- en verdedigingsamewerking deur konflikvoorkoming, konflikbestuur en konflikoplossing; bemiddeling in dispute en konflikte; die ontwikkeling van voorkomingsdiplomasie en mechanismes met strafmaatreëls as laaste uitweg; skepping van blywende vrede en veiligheid deur vrede te maak en vrede te bewaar; die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike veiligheidskapasiteit; en 'n wedersydse verdedigingsverdrag sowel as 'n substreekkapasiteit om vrede te handhaaf;<sup>57</sup> en om die ratifikasie van die VN-, OAE- en ander internasionale konvensies en verdrae ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening, menseregte en vreedsame verhoudinge tussen state aan te moedig en te moniteer.<sup>58</sup> Soos soortgelyke organisasies in Afrika, konsentreer die OPVV daarop om vrede, veiligheid en stabiliteit binne die substreek te bevorder. In 'n substreek waar vrede, veiligheid en stabiliteit heers, sal wapens, behalwe vir defensiewe aanwending, minder noodsaaklik wees.

Indien dit in ag geneem word dat Afrikastate se strewe in die algemeen eers na vrede, veiligheid en stabiliteit skyn te wees voordat aandag aan wapenbeheer en ontwapening gegee kan word, dui die faktore soos deur Honwana genoem daarop dat die ideaal van konstruktiewe wapenbeheer en ontwapening in Afrika nie in die afsienbare

toekoms 'n werklikheid sal word nie. Die regte omstandighede vir onderhandelinge oor wapenbeheer en ontwapening bestaan volgens genoemde faktore in elk geval nog nie in Suider-Afrika nie. Alhoewel die Kampala Dokument se inhoud; die OAE se Mechanisme vir Konflikvoorkoming, -Bestuur en -Oplossing en die SAOG se OPVV prysenswaardige pogings is om vertroue tussen Afrikastate te skep, konflik te voorkom, en stabiliteit en veiligheid te bevorder het dit nog nie in reële terme tot noemenswaardige wapenbeheer en ontwapening in Afrika geleei nie. Die VN en die VNSVOA se vredespogings het ook net gemengde welslae in Afrika tot gevolg gehad.

## 5 Afrikastate en wapenbeheer/ontwapeningsooreenkomste na die Koue Oorlog

Soos vroeër gemeld is daar na die Koue Oorlog op sekere terreine wel vordering gemaak met wapenbeheer- en ontwapeningsooreenkomste in Afrika asook deur Afrikastate ten opsigte van globale ooreenkomste. Dié ooreenkomste word vervolgens bespreek.

### 5.1 Die instelling van 'n kernwapenvrye sone in Afrika

Soos gemeld, het pogings in Afrika om Afrika as 'n kernwapenvrye sone verklaar te kry reeds in die vroeë sestigerjare begin. 'n Kernwapenvrye sone in Afrika het egter nie gedurende die Koue Oorlog 'n werklikheid geword nie. Moontlik die vernaamste rede hiervoor was die feit dat daar in die laat sewentigerjare reeds gerugte ontstaan het dat Suid-Afrika oor 'n kernwapenvermoë sou beskik. 'n Sterk vermoede in die laat tagtigerjare het dié gerugte versterk en later bewaarheid. Toe F W de Klerk in 1989 president van Suid-Afrika geword het, is die kernwapenprogram gestaak en op 10 Julie 1991 het Suid-Afrika die Kernsperverdrag onderteken. Die IAEA het gedurende dieselfde jaar begin om kernfasiliteite in Suid-Afrika te inspekteer ten einde te verseker dat Suid-Afrika die bepalings van die Kernsperverdrag nakom. Op 24 Maart 1993 het de Klerk vir die eerste keer in die openbaar erken dat Suid-Afrika inderdaad oor kernwapens beskik het. Daar is ses kernwapentoestelle vervaardig.<sup>59</sup>

Hierdie toedrag van sake het tot 'n groot mate die weg voorberei vir die skepping van 'n kernwapenvrye sone in Afrika. Die skepping van 'n Afrika kernwapenvrye sone is deur middel van die Verdrag van Pelindaba op 11 April 1996 te Kaïro vir ondertekening beskikbaar gestel.<sup>60</sup> In 'n resolusie van 1996 spoor die OAE lidstate wat nog nie die Pelindaba Verdrag onderteken het nie aan om dit so gou moontlik te doen, en word 'n beroep op die lidstate wat die Verdrag onderteken het, om dit so gou moontlik te ratifiseer,

gedoen.<sup>61</sup> Vyftig state het dit tot op daardie stadium reeds onderteken, maar 28 ratifikasies word benodig voordat die Verdrag in werking kan tree. Teen 1 Januarie 2000 het 11 state, naamlik Algerië, Botswana, Burkina Faso, die Ivoorkus, Gambië, Mali, Mauritius, Mauritanië, Suid-Afrika Tanzanië en Zimbabwe die Verdrag geratificeer.<sup>62</sup> Teen 9 Januarie 2001 het 15 state dit geratificeer.<sup>63</sup> Daar is dus 'n duidelike traagheid by Afrikastate om hierdie Verdrag te ratifiseer.

Die Verdrag plaas 'n verbod op navorsing, ontwikkeling, vervaardiging of die aanskaffing van kernploffestoelle en die toets of plasing van enige kernploffestoel binne die kernwapenvrye sone. Die Verdrag verbied ook enige aanval op kerninstallasies. Die partye onderneem om geen radio-aktiewe afval of enige ander radio-aktiewe stowwe binne die sone te stort of toe te laat dat iemand anders dit doen nie. 'n Afrika kernwapenvrye sone beteken die gebied van die streek van Afrika, eilandstate wat lede van die OAE is en alle eilande wat deur die OAE as deel van Afrika beskou word.<sup>64</sup>

Volgens Protokol I van die Pelindaba Verdrag moet die vyf erkende kernwapenstate naamlik die Volksrepubliek van Sjina, Frankryk, Rusland, Brittanje en die VSA onderneem om geen kernwapens teen enige van die partye tot die Verdrag te gebruik of te dreig om dit te gebruik nie. Volgens Protokol II moet genoemde kernwapenstate onderneem om geen kernploffestoel binne die sone te toets nie. Volgens Protokol III moet state wat internasionaal verantwoordelik is vir gebiede binne die sone sekere bepalings van die Verdrag ten opsigte van sulke gebiede respekteer en dit nakom.<sup>65</sup>

Benewens die kernwapenvrye sone vir Afrika wat na die Koue Oorlog uiteindelik op besluit is illustreer onderstaande tabel die status, ten opsigte van Afrika, van die Seebodem Verdrag, die Omvattende Kerntoetsverbod, die Kernsperverdrag, en die Gedeeltelike Kerntoetsverbod (PTBT), soos op 15 April 2001.

Verdrag/ooreenkoms	Seebodem Verdrag	Omvattende Kerntoetsverbod (CTBT)	Kernsperverdrag (NPT)	Gedeeltelike Kerntoetsverbod (PTBT)
Geratificeer	1971	1996	1968	1963
Onderteken maar nie geratificeer nie	23	9	53	35
	11	31	0	7

Bron: Ferm, R, and Berggren, C, " Arms control and disarmament agreements" in SIPRI Yearbook 2001: Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 2001, pp. 647-669.

Volgens die gegewens in hierdie tabel is dit duidelik dat Afrikastate die Kernsperverdrag as die belangrikste van hierdie verdrae beskou. Die meerderheid Afrikastate ondersteun ook die PTBT Verdrag. Die Omvattende Kerntoetsverbod is deur nog net vier Afrikastate, naamlik Suid-Afrika, Lesotho, Mali en Senegal geratificeer, alhoewel 36 ander Afrikastate dit onderteken het. Suid-Afrika is die enigste staat in Afrika wat al vier genoemde verdrae geratificeer het. Vyf-en-dertig state het die NPT en die PTBT geratificeer. Zimbabwe het die NPT geratificeer en die CTBT onderteken, maar die ander twee verdrae nie onderteken nie.

## 5.2 Die Kernsperverdrag se Hersieningskonferensie van 2000

Die Kernsperverdrag se hersieningskonferensie is vanaf 14 April tot 22 Mei 2000 te New York gehou. Die belangrikste aspekte waарoor daar onder andere beraadslaag is, is die volgende: die erkende kernwapenstate, naamlik die Volksrepubliek van Sjina, Brittanje, die VSA, Frankryk en Rusland, se verbintenis tot algehele kernontwapening; hul onderneming om geen kernwapens of ander kernploffotoetelle na enige ander staat oor te plaas of om 'n ander staat op enige wyse in beheer daarvan te plaas nie; die kernwapenstate se versekering en verbintenis dat hulle geen nie-kernwapenstaat met kernwapens sal aanval nie; alle partye tot die verdrag se onbetwistbare reg van toegang tot kerntegnologie, - toerusting en –materiaal vir aanwending vir vreedsame doeleindes; die ontwikkeling van 'n verifikasieproses om te verseker dat state wat tot die Kernsperverdrag verbind is, hul verbintenisse sal nakom; en die kwessie van universaliteit.<sup>66</sup>

Gedurende die konferensie het sommige Afrikastate hul sterk uitgespreek teen die onbuigsaamheid van die kernwapenstate om hul tot 'n groter mate tot kernontwapening te verbind. Ghana se verteenwoordiger se opmerking was byvoorbeeld "For how long, Mr President, can the NWS expect the NNWS to show commitment to the NPT and other disarmament treaties, when they themselves evince attitudes to the contrary?"<sup>67</sup> Namibië se mening was ook dat die toepassing van Artikel VI van die Kernsperverdrag nie die gewensde resultate gelewer het nie. Alhoewel kernarsenale substansieel kleiner geword het, is die vlakke van kernwapens steeds veel groter as wat vir redelike militêre doeleindes nodig is. Daar is steeds voortgegaan om kwantitatief en kwalitatief kernwapens te vermeerder en te verbeter. Die verteenwoordiger het dit gestel dat "One wonders whether what has taken place was real reduction or just the replacement of obsolete weapons with newer, more accurate weapons".<sup>68</sup> Tanzanië se verteenwoordiger se standpunt was dat die kernwapenstate nie die nie-kernwapenstate kan verhinder om ook by die "klub" aan te sluit deur dieselfde argumente oor afskrikking te gebruik as wat deur die kernwapenstate gebruik

word nie.<sup>69</sup> Zambië se verteenwoordiger het beweer dat onnodige beperkings op die uitvoer van kernmateriaal, toerusting en tegnologie na ontwikkelende state steeds aan die orde is.<sup>70</sup>

Slotverklarings deur, en namens, onder andere, state uit Afrika het egter groter tevredenheid met resultate wat tydens die konferensie bereik is weerspieël. Mexiko se verteenwoordiger het namens 'n groep van sewe state waaronder Egipte en Suid-Afrika, gesê dat die ondubbelzinnige verbintenis deur die kernwapenstate tot die totale eliminering van hul kernwapens, veroorsaak het dat dit wat vroeër implisiet was nou eksplisiet geword het. Dié verbintenis het die Verdrag, wat die hoeksteen van kernontwapening vorm, aansienlik verstewig, het hy gesê. Genoemde sewe state, naamlik Mexiko, Egipte, Suid-Afrika, Nieu-Seeland, Swede, Brasilië en Ierland het in Junie 1998 'n alternatiewe beweging, die Nuwe Agenda Deklarasie, gestig in 'n poging om kernontwapening te bespoedig.<sup>71</sup> Indonesië se verteenwoordiger het namens die OB gesê dat die hoogtepunt van die konferensie ongetwyfeld die aanvaarding van stelselmatige, progressiewe praktiese stappe om kernontwapening en kern nie-proliferasie tot 'n groter mate 'n werklikheid te maak, was.<sup>72</sup> Egipte se verteenwoordiger het sy tevredenheid oor die sukses wat daar tydens die konferensie spesifiek ten opsigte van kernontwapening behaal is, uitgespreek.<sup>73</sup>

Vervolgens word wapenbeheer en ontwapening, met spesifieke verwysing na chemiese en biologiese wapens, bespreek.

### **5.3 Wapenbeheer en ontwapening met verwysing na biologiese en chemiese wapens in Afrika na die Koue Oorlog**

Ongeveer die helfte van die Afrikastate is lidstate van die 1972 Biologiese Wapenkonvensie. Meeste indien nie al die Afrikastate nie, het nie die kapasiteit om biologiese wapens, wat potensieel baie gevaaerliker as chemiese wapens is, te vervaardig nie. Ingevolge voorstelle wat deur die Onverbonde Beweging tydens die BTWK Hersieningskonferensie in 1996 gemaak is, het die Konferensie soos volg ten opsigte van Artikel I van die Konvensie verklaar: "The Conference stresses that, as stated by the International Court of Justice in its Advisory Opinion of 8 July 1996, the principle according to which States must never make civilians the object of attack and must consequently never use weapons that are incapable of distinguishing civilians and military targets, is a fundamental rule of International Humanitarian Law to be observed by all States whether they have ratified or not the Conventions that contain it, because it constitutes an intransgressible principle of international customary law."<sup>74</sup> Artikel I van die Konvensie lui soos volg: "Each State Party to this Convention undertakes never in any circumstances to develop, produce, stockpile or otherwise acquire or retain:<sup>75</sup>

- (1) Microbial or other biological agents or toxins whatever their origin or method of production, of types and in quantities that have no justification for prophylactic, protective or other peaceful purposes;
- (2) Weapons, equipment or means of delivery designed to use such agents or toxins for hostile purposes or in armed conflict."

Ten opsigte van Artikel II van die Konvensie het die Hersieningskonferensie in antwoord op voorstelle deur die Onverbonde Beweging, soos volg verklaar:

"(1) The Conference expresses the view that destruction, or diversion to peaceful purposes, is a process by which biological agents are converted in an essentially irreversible way to a form unsuitable for production of biological weapons, and which in an irreversible manner renders munitions and other devices unusable as such.

(2) The Conference urges the States Parties which have destroyed their stockpiles in accordance with Article II to submit to the Centre for Disarmament Affairs, in addition to information supplied..., full information and details of the destruction in order to enhance confidence in the Convention."<sup>76</sup> Artikel II van die Konvensie lui soos volg: " Each State Party to this Convention undertakes to destroy, or to divert to peaceful purposes, as soon as possible but not later than nine months after entry into force of the Convention, all agents, toxins, weapons, equipment and means of delivery specified in article I of the Convention , which are in its possession or under its jurisdiction or control. In implementing the provisions of this article all necessary safety precautions shall be observed to protect populations and the environment.<sup>77</sup>

Die tegnologie vir die vervaardiging van chemiese wapens, ten minste die minder gesofistikeerde tipes, is binne die bereik van vele Afrikastate. Teen die einde van die Koue Oorlog en gedurende die negentigerjare het die internasionale benadering tot konflikte egter van een van konfrontasie na een van onderhandelinge om konflikte op te los verander. Dit, tesame met die internasionale tendens om nasionale hulpbronne eerder vir ontwikkeling as vir militêre uitgawes aan te wend, is hoopvolle tekens dat die moontlikheid van die proliferasie van chemiese wapens in Afrika tans baie skraal is. Afrikastate was aktief betrokke by die onderhandelinge wat tot die Chemiese Wapenkonvensie (CWK) in 1993 gelei het. Tydens 'n konferensie wat gedurende 1989 in Parys gehou is het vele ontwikkelende lande die globale pogings om 'n totale verbod op chemiese wapens te plaas ondersteun maar hulle het gevra dat effektiewe veiligheidswaarborgs vir hulle lede in die Konvensie opgeneem moes word. Egipte se Minister van Buitelandse sake het gesê dat "It would not be logical for the international community to permit some countries in the most sensitive regions of the world the nuclear option without the least international control, while the same international community demands the total prohibition of chemical weapons. We

consider that the progress in the field of prohibition of chemical weapons is linked to the realization of a parallel prohibition on the level of nuclear weapons.”<sup>78</sup>

Die Afrikalistate van die Konferensie vir Ontwapening (KO) het nog altyd in die verlede ‘n aktiewe rol gespeel in die strewe na die bereiking van die ideaal om ‘n totale wêreldwyse verbod op die vervaardiging, opberging, besit, oorplasing of gebruik van chemiese wapens te plaas.<sup>79</sup> Die KO is die enigste multilaterale onderhandelingsforum vir ontwapening tot beskikking van die internasjonale gemeenskap, en is ‘n VN liggaam wat in 1979 tot stand gekom het. Dit het oorspronklik uit 40 lidstate, waarvan sewe, naamlik Algerië, Egipte, Ethiopië, Zaïre, Marokko, Kenia en Negerië van Afrika afkomstig is, bestaan. Die KO bestaan tans uit 66 lidstate waarvan 12 Afrikastate (insluitende Suid-Afrika) is.<sup>80</sup> Gedurende 1992 toe daar deur die KO onderhandel is oor die CWK, is Afrika deur sewe state verteenwoordig.<sup>81</sup> In ‘n resolusie van Julie 1996 doen die OAE ‘n beroep op die Afrikastate wat die CWK onderteken het om dit te ratifiseer.<sup>82</sup> Soos reeds in hoofstuk 3 genoem het die CWK op 29 April 1997 in werking getree. Onderstaande tabel illustreer die status van die CWK, die BTWK en die Geneefse Protokol van 1925, in Afrika soos op 1 Januarie 2001.

Verdrag/Protokol	CWK 1993	BTWK 1972	Geneefse Protokol 1925
Geratificeer	34	28	34 (4 voorwaardelik)
Onderteken maar nie geratificeer nie	13	12	0

Bron: Ferm, R, and Berggren, C, “Arms control and disarmament agreements” in SIPRI Yearbook 2001: Armaments Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 2001, pp.647-669.

Dié reaksie toon dat die meerderheid Afrikastate die internasjonale gemeenskap ten opsigte van hierdie konvensies/protokolle steun. Uit ‘n ontleding van bostaande tabel blyk dit dat 15 state aldrie ooreenkomste geratificeer het. Alhoewel sommige van die volgende state sommige van die ooreenkomste onderteken het, het nie een van hulle enige ooreenkoms geratificeer nie: Comores, Djibouti, Eritrea, Tsjaad, Gaboen, Mosambiek, Somalië, en Zambië. Libië wat al geruime tyd daarvan verdink word dat hy chemiese wapens vervaardig het nie die CWK onderteken nie.

Deel van die probleem van wapenproliferasie in Afrika is sekerlik die proliferasie en gebruik van landmyne en meer spesifiek, teen-personeelmyne. Duisende mense, waarvan ‘n groot aantal onskuldige burgerlikes is, is as gevolg van hierdie wapens oor ‘n lang tydperk in

Afrika gedood en vermink. Die probleem van teen-personeelmyne is na die Koue Oorlog daadwerklik in Afrika aangespreek. Die vordering wat gemaak is word vervolgens in oënskou geneem.

#### 5.4 Teen-personeelmyne in Afrika

Sedert die Tweede Wêreldoorlog, het konflikte wat in Afrika geveg is, hetsy tussen state, burgeroorloë, of bevrydingsoorloë, 'n dodelike proliferasie van myne, waarvan 'n groot hoeveelheid teen-personeelmyne is, regoor Afrika nagelaat. Van die geskatte 110 miljoen geplante landmyne in 62 state in die wêreld is daar 30 miljoen in Afrika te vind. Afrika is inderwaarheid die streek waar die grootste konsentrasie van geplante landmyne in die wêreld te vinde is; 18 Afrikastate worstel met landmynprobleme; en meer landmyne word steeds geplant as wat onskadelik gestel word.<sup>83</sup>

Landmyne veroorsaak verder 'n konstante bedreiging vir die veiligheid, stabiliteit en ontwikkeling van Afrikastate. Dit verhoed dat mense wat weens konflikte hulle huise en omgewings vroeër moes verlaat, daarheen kan terugkeer en ontwrig dus hul normale lewenspatroon en verhoed dat hulle kan voortgaan om hul lande te verbou. Verder is die koste verbonde aan die onskadelikstelling van landmyne geweldig hoog, en plaas dit 'n geweldige finansiële las op state wat reeds verarm is deur jare se verwoestende oorloë. Dit kos tot 1 000 Amerikaanse dollar om een landmyn onskadelik te stel.<sup>84</sup>

In 1995 het die OAE in samewerking met die Internasionale Komitee van die Rooi Kruis deur die reëling van drie seminare met 'n landmyn bewuswordingsveldtog onder Afrikastate begin. As gevolg van die seminare het die OAE se Raad van Ministers tydens dié organisasie se 62ste gewone sitting 'n resolusie in dié verband sonder teenstem aanvaar.<sup>85</sup> Die resolusie fokus op die volgende:<sup>86</sup>

- (a) Die ratifikasie of aanvaarding van die 1980 Onmenslike Wapenkonvensie en Protokol II daarvan. Die Protokol plaas beperkings op die gebruik van myne, fopmyne en ander soortgelyke meganismes;
- (b) ondersteuning van 'n wêreldwye verbod op teen-personeelmyne - Afrikastate is versoek om 'n gemeenskaplike mening aangaande dié saak by die 1996 hersieningskonferensie van die Onmenslike Wapenkonvensie te huldig;
- (c) ontwikkeling en versterking van inter-Afrika samewerking op die gebiede van die onskadelikstelling van myne en hulp aan mynslagoffers; en
- (d) beroepe op die internasionale gemeenskap om meer hulp te verleen aan Afrikastate wat deur landmyne geaffekteer is.

Gedurende Februarie 1996 het die Raad van Ministers van die OAE tydens hul 63ste gewone vergadering 'n resolusie aanvaar waarvolgens die OAE kennis geneem het dat daar

by die 1995 hersieningskonferensie van die Onmenslike Wapenkonvensie nie 'n besluit oor 'n algehele verbod op teen-personeelmyne geneem is nie en dat, ten spyte van 'n vroeëre oproep dat soveel as moontlik Afrikastate verteenwoordigers na die konferensie moes stuur, daar minder as 12 Afrika verteenwoordigers was. Daar is toe 'n verdere beroep gedoen dat meer Afrikastate die 1996 hersieningskonferensie moes bywoon.<sup>87</sup>

Gedurende Mei 1997 het die OAE in samewerking met die Suid-Afrikaanse regering die eerste streekkonferensie van Afrika deskundiges op die gebied van landmyne te Kempton Park, Suid-Afrika gehou. Twee honderd afgevaardigdes van 40 state het dit bygewoon. Die konferensietema was " Towards a Landmine-Free Africa: The OAU and the Legacy of Anti-Personnel Mines".<sup>88</sup> Tydens dié konferensie is daar op 'n plan van aksie besluit wat onder andere die volgende ingesluit het: om die doelwit te stel om van alle teen-personeelmyne in Afrika ontslae te raak en Afrika 'n teen-personeelmynvrye sone te maak; alle Afrikastate is aangemoedig om die Teen-personeelmyn (TPM) Konvensie te onderteken; dat daar op streek en substreek vlakke instellings geskep word om landmynopsporing en vernietiging te beplan, te koördineer en te organiseer; om sover moontlik finansiële en humanitaire hulp aan landmynslagoffers te verskaf; en internasionale samewerking om alle moontlike hulp aan Afrikastate te voorsien in hul pogings om landmyne onskadelik te stel.<sup>89</sup>

Die OAE het in 1997 bogemeerde twee resolusies bevestig en die plan van aksie waarop by die Kempton Park konferensie besluit is ten volle onderskryf. Dié besluit het onder andere bepaal dat die Sekretaris-Generaal van die OAE die implementering van die Kempton Park Plan van Aksie moes moniteer en 'n verslag daaroor moes indien by die volgende gewone vergadering van die Raad van Ministers van die OAE.<sup>90</sup>

In 1998 verbind die OAE hom tot die doelwit van algehele afskaffing ("elimination") van teen-personeelmyne in Afrika; bevestig die noodsaaklikheid van inter-Afrika samewerking in die proses van mynopsporing en vernietiging sowel as hulp aan mynslagoffers; en doen 'n beroep op die internasionale gemeenskap om tegniese bystand en verskaffing van hulpbronne aan Afrikastate ingevolge die bepalings van die TPM Konvensie.<sup>91</sup>

Soos in hoofstuk 3 gemeld het die hersieningskonferensies van die Onmenslike Wapenkonvensie wat gedurende 1995 en 1996 gehou is nie 'n totale verbod op teen-personeelmyne opgelewer nie. Elf Afrikastate het die die eerste vergadering van die Ottawa Groep in Oktober 1996 bygewoon. Die Ottawa Groep was die resultaat van 'n Kanadese inisiatief in reaksie op genoemde konferensies wat nie op 'n algehele verbod op teen-personeelmyne ooreen kon kom nie.<sup>92</sup> Soos reeds genoem is die TPM Konvensie wat in 1997 deur 121 state onderteken is die resultaat van hierdie inisiatief. 'n VN resolusie, An International Agreement to Ban Anti-Personnel Landmines, is deur 155 state waarvan 38 Afrikastate was, ondersteun.<sup>93</sup> Teen 23 Februarie 2001 het 137 state wêreldwyd die TPM

Konvensie reeds onderteken en het 111 dit geratificeer. Teen dieselfde datum het 43 Afrikastate, die TPM Konvensie reeds onderteken, en het 32 dit geratificeer. Die TPM Konvensie het op 1 Maart 1999 in werking getree.<sup>94</sup> Die VSA, Rusland en die Volksrepubliek van Sjina het dit nog nie onderteken nie.<sup>95</sup>

Indien die ondersteuning uit Afrika vir die Onmenslike Wapenkonvensie en die verwante protokolle as maatstaf vir Afrika se erns met die besluite wat oor teen-personeelmyne geneem is, dien, is die Afrikastate nie werklik ernstig om 'n verbod op teen-personeelmyne te aanvaar nie. Die status ten opsigte van ondersteuning van die Onmenslike Wapenkonvensie en verwante protokolle uit Afrika het op 1 Januarie 2001 soos volg daaruit gesien:

Afrikastate wat die Konvensie geratificeer het ---- 12 (Benin steun net Protokol I en III)

Afrikastate wat die Konvensie onderteken het maar nie geratificeer het nie ---- 5

Afrikstate wat die veranderde Protokol II steun---- 4

Afrikastate wat Protokol IV steun---- 3

Die Onmenslike Wapenkonvensie is 'n "sambrel" ooreenkoms waaronder spesifieke ooreenkomste in die vorm van protokolle aangegaan kan word. Protokol I verbied die gebruik van wapens wat skrapnel kan veroorsaak wat nie deur X-strale in die menslike liggaam opgespoor kan word nie. Protokol II verbied die gebruik van myne, fopmyne en ander toestelle. Die veranderde Protokol II wat strenger beperkings op die gebruik van landmyne plaas het op 3 Desember 1998 in werking getree. Protokol III beperk die gebruik van wapens wat ergere brandwonde kan veroorsaak. Protokol IV wat in 1995 aanvaar is verbied die gebruik van laserwapens wat permanente blindheid kan veroorsaak. Dié Protokol het op 30 Julie 1998 van krag geword.<sup>96</sup>

Ter aanvulling tot die stappe wat ten opsigte van 'n verbod op teen-personeelmyne in Afrika na die Koue Oorlog geneem is, word die pogings wat na die Koue Oorlog binne Afrika en internasionaal aangewend is om ligte- en kleinwapens te beheer, vervolgens in oënskou geneem.

## 5.5 Klein- en ligte wapenbeheer en ontwapening in Afrika na die Koue Oorlog

In 1998 het die OAE in 'n resolusie die dringendheid en noodsaaklikheid van inter-Afrika samewerking in die soek na oplossings vir die probleme wat deur die proliferasie van ligte wapens veroorsaak word beklemtoon.<sup>97</sup> In Julie 1999 het die OAE die stappe wat reeds deur lidstate en streekorganisasies in Afrika geneem is om kleinwapenproliferasie teen te werk, in 'n resolusie verwelkom. Die EGWAS moratorium op kleinwapens; die vernietiging van surplus en uitgediende kleinwapens in Suid-Afrika; en die vernietiging van onwettige wapens

in Mosambiek is voorbeeld hiervan. In dié resolusie verwelkom die OAE ook die stappe wat deur die VN, die Europese Unie en die Organisasie van Amerikaanse State geneem is om die onwettige handel, vervaardiging en proliferasie van kleinwapens en ammunisie te bekamp. Die OAE doen ook weereens 'n beroep om internasionale samewerking sowel as inter-Afrika samewerking om die probleem van kleinwapenproliferasie die hoof te bied.<sup>98</sup> Die inisiatiewe wat deur die VN, die OAE en deur Afrikastate na die Koue Oorlog ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening met verwysing na klein- en ligte wapens geneem is word vervolgens in oënskou geneem.

### 5.5.1 VN inisiatiewe

Die VN Staande Komitee oor veiligheidskwessies in Sentraal -Afrika wat in 1989 gestig is het by hul negende ministeriële vergadering wat in Julie 1997 gehou is, die volgende aanbevelings gedoen: dat konflikvoorkoming meer effekief, haalbaar en goedkoper is as duur konflikbestuur en –oplossing; dat effektiewe optrede teen onwettige oorplasing en sirkulasie van wapens binne Sentraal-Afrika sal help om gewapende konfrontasies in die substreek te verhoed; dat addisioneel tot wapenbeheer aandag aan die afskaling van gewapende magte in die substreek gegee moet word; en dat CSBM's van groot belang is in die soek na vrede en stabiliteit in die substreek. Sentraal-Afrikaners behoort dus 'n nie-agressie ooreenkoms te onderteken en saam te werk in die stryd teen onwettige wapen- en dwelmhandel. Die vergadering het ook die volgende programme geloods: die ontwikkeling van 'n vroeë waarskuwingstelsel; programme om gedemobiliseerde troepe in die burgerlike lewe te integreer; gesamentlike militêre oefeninge vir vredesoperasies; en opleiding van militêre en veiligheidspersoneel oor aangeleenthede soos goeie regering, die oppergesag van die reg, en respek vir menseregte.<sup>99</sup>

In 1995 het die VN 'n internasionale kommissie van ondersoek aangestel om die oorplasing van wapens na die voormalige regering van Rwanda te ondersoek. In 1998 het die VN dié kommissie weer geaktiveer en twee verslae het hieruit voortgevloeи. Die wapens waarop die kommissie gefokus het was hoofsaaklik ligte wapens. Die volgende aanbevelings is gemaak: die instelling van 'n moratorium op die oorplasing na of vervaardiging van lichte wapens in Sentraal-Afrika, soortgelyk aan die moratorium wat in Wes-Afrika ingestel is; die standaardisering van eindgebruikersertifikate; die instelling van 'n effektiewe stelsel om wapens te merk en te identifiseer; en die identifisering van wapenmakelaars. 'n Verslag van die Sekretaris-Generaal van die VN in 1998 oor die konfliksiuasie in Afrika het 'n dringende behoeft om die proliferasie van lichte wapens in Afrika te stuit, onderstreep. In die verslag is onder andere aanbeveel dat Afrikastate aangemoedig moet word om die VN se Register van Konvensionele Wapens te ondersteun

sowel as om substreek registers van konvensionele wapens in te stel.<sup>100</sup> Soos reeds gemeld het net tien Afrikastate, waaronder Suid-Afrika, Kameroen, Tanzanië en Libië, inligting vir die 1997 register ingedien en net drie vir 1998.

Verdere aanbevelings deur die VN se Sekretaris-Generaal soos hierbo gemeld sluit in dat wapenverskaffers die nodige beheersheid aan die dag sal lê, en die openbare identifikasie van wapenhandelaars. Die Veiligheidsraad van die VN het ook uit dié verslag daarvan kennis geneem dat kommersiële en politieke motiewe 'n belangrike rol speel in die onwettige oorplasing enakkumulasie van kleinwapens in Afrika, en het die belangrikheid van die insameling van inligting in dié verband beklemtoon. Die moontlikheid van die insluiting van ligte wapens in die Register is in 1997oorweeg maar verwerp. Sommige state was onwillig om ligte wapens in te sluit.<sup>101</sup>

Die VN se wapenembargo's wat om uiteenlopende redes na die Koue Oorlog teen verskeie Afrikaregerings en rebellegroepe toegepas is het ook tot 'n sekere mate bygedra daartoe dat minder wapens Afrika binne gekom het. Onderstaande tabel toon aan teen watter Afrikastate en rebellegroepe die VN na die Koue Oorlog wapenembargo's toegepas het.

Afrikastaat	Datum Verbod ingestel	Datum verbod opgehef	VN Veiligheids Raad Resolusie	Verpligte of vrywillig
Angola (Unita)	15/09/93		864	Verpligte
Eritrea	17/05/00		1 298	Verpligte
Ethiopië	17/05/00		1 298	Verpligte
Liberië	19/11/92		788	Verpligte
Libië	31/03/92	05/04/99	748	Verpligte
Rwanda	17/05/94	16/08/95	918	Verpligte
Rwanda Rebelle	16/08/95		1 011	Verpligte
Sierra Leone	08/10/97	05/06/98	1 132	Verpligte
Sierra Leone Rebelle	05/06/98		1 171	Verpligte
Somalië	23/01/92		733	Verpligte
Eritrea	12/02/99	17/05/00	1 227	Vrywillig
Ethiopië	12/02/99	17/05/00	1 227	Vrywillig

Bron: Hagelin, B, et al, " Transfers of major conventional weapons" in SIPRI Yearbook 2001: Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 2001, p.346.

Die VN het in 1998 'n internasionale verbod op die aankoop van Angolese diamante, wat nie deur die Angolese regering goedgekeur is nie, geplaas. Dit is 'n poging om te verhoed dat UNITA fondse uit diamantverkope vir sy oorlog teen die Angolese regering

bekom om daarmee wapens aan te koop. Dié pogings is blykbaar nie suksesvol genoeg nie want UNITA gaan steeds voort met sy oorlog teen die Angolese regering.<sup>102</sup>

Om die probleem van kleinwapenproliferasie in Afrika en meer spesifiek in Suider-Afrika die hoof te bied, doen Gamba onder andere die volgende voorsorgmaatreëls tydens vredesoperasies aan die hand :

- (a) die implementering van 'n omvattende, stelselmatige ontwapeningsprogram sodra 'n vredesoperasie in werking gestel word;
- (b) die instelling van 'n behoorlike wapenbestuursprogram wat voortgaan tot in die stadium dat nasionale postkonflik heropbouprosesse in werking gestel word en die wapenbestuurprogram dan deel word van dié prosesse; en
- (c) die bevordering van noue samewerking ten opsigte van wapenbeheer en -bestuurs programme tussen state in die streek waar die vredesoperasie geïmplementeer word.

Hierdie drie aspekte is ongelukkig in VN vredesoperasies in Afrikastate soos Mosambiek, Angola, Liberië, Somalië en tot 'n mindere mate in Namibië, verwaarloos.<sup>103</sup>

Die state wat nie direk beïnvloed word nie moet natuurlik die gevare van kleinwapenproliferasie vir hulself besef indien genoemde prosesse nie behoorlik en effektief in werking gestel word nie, en die politieke wil hê om saam te werk en 'n bydrae te lewer om sulke programme te laat slaag. Baie belangrike aspekte van die wapenbestuursprogram is die kontrolering van wapens wat veronderstel is om ingehandig te word deur die gevegsmagte wat gedemobiliseer word; om sover moontlik te verseker dat alle wapens wel ingehandig word; dat wapenbergingsplekke deeglik bewaak word; en dat wapens wat nie weer uitgereik gaan word nie sonder versuim vernietig word.

Verdere maatreëls wat al voorgestel is om kleinwapenproliferasie te beperk en veral die probleem van onwettige wapenhandel en smokkelary aan te spreek, is die volgende:<sup>104</sup>

- (a) Die identifikasie van bron, deurgang en gebruikerstate in die streek;
- (b) die identifikasie van vraag en aanbod faktore en stappe om dit aan te spreek;
- (c) die opgradering van bestaande strukture en maatreëls by staatsgrense en doeane poste om onwettige wapenhandel te beëindig;
- (d) verskerpte beheer oor en kontrole van staatsvoorraad van wapens;
- (e) die uitroei van smokkelnetwerke en swartmarkbedrywighede;
- (f) strenger regeringsbeleid oor privaat eiennaarskap van kleinwapens.

Die eskalasie van wapenverwante misdaad en die proliferasie van veral handwapens in Suider-Afrika, getuig daarvan dat die daadwerklike effektiewe toepassing van bogemelde maatreëls gebiedend noodsaaklik geword het. Die eerste poging om die probleem van proliferasie van kleinwapens en ligte wapens in Afrika op streeksvlak omvattend te koördineer en aan te spreek is gedurende Mei 2000 deur die OAE van stapel gestuur, toe 'n konferensie in dié verband gehou is.

### 5.5.2 Die eerste streekkonferensie van Afrika deskundiges oor die onwettige proliferasie, sirkulasie en handel in klein- en ligte wapens in Afrika

Die eerste streekkonferensie van Afrika deskundiges oor die onwettige proliferasie, sirkulasie en handel in kleinwapens en ligte wapens, is vanaf 17 tot 19 Mei 2000 deur die sekretariaat van die OAE te Addis Ababa gereël. Regeringsdeskundiges van OAE lidstate, die Afrika Diplomatieke Korps in Addis Ababa, VN agentskappe en ander internasionale organisasies sowel as nie-regeringsorganisasies, het die vergadering bygewoon. Die doel van die konferensie was, om ter voorbereiding vir 'n soortgelyke internasionale konferensie wat vir 2001 geskeduleer is, 'n omvattende en gekoördineerde Afrika benadering ten opsigte van die probleem van die proliferasie van kleinwapens en ligte wapens in Afrika te ontwikkel. Die Sekretaris-Generaal van die OAE het dié organisasie se volle steun en samewerking aan die poging toegesê.<sup>105</sup> Die konferensie het 'n aantal aspekte wat 'n bydrae tot die verbetering van die kapasiteit van lidstate om die probleem van kleinwapenproliferasie en onwettige handel in wapens aan te spreek, onder andere geïdentifiseer, en steun is vir die volgende maatreëls uitgespreek.<sup>106</sup>

- (a) Die identifikasie en vernietiging van surplus en uitgediende voorrade van wettige en onwettige wapens en ligte wapens;
- (b) gesamentlike operasies vir die identifikasie, verwydering en vernietiging van onwettige wapens en ammunisie van opslagplekke in gebiede waar konflikte tot 'n einde gekom het; en
- (c) verhoogde kapasiteit van die OAE en streekorganisasies vir toesighouding en monitering van ontwapeningsoperasies tydens internasionale vredesoperasies in Afrika.

Die vergadering het verder oor die volgende aspekte ooreengekom:

- (a) 'n Beroep is op die internasionale gemeenskap gedoen om 'n verantwoordelike benadering ten opsigte van die storting van surplus wapens in Afrika te volg;
- (b) dat burgerlike besit van miltêre tipe wapens soos outomatiese en semi-outomatiese wapens onaanvaarbaar is;
- (c) dat langtermyn programme op nasionale en streekvlak onderneem moet word om gemeenskappe wat wapens wil inhandig te ondersteun; en
- (d) dat langtermyn programme vir die demobilisering, ontwapening en herintegrering van voormalige vegters ondersteun en aangemoedig moet word.

Inisiatiewe wat elders in Afrika na die Koue Oorlog geneem is ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening met verwysing na klein en ligte wapens word vervolgens bespreek.

### 5.5.3 'n Moratorium op die invoer, uitvoer en vervaardiging van ligte wapens in Wes-Afrika

Na die beëindiging van 'n etniese konflik in Mali in 1996 het die regering van Mali in samewerking met die VN die opposisiegroepe oorreed om hul wapens in te handig. Dié 3 000 wapens is tydens 'n seremonie te Timbuktu vernietig deur dit te verbrand. Hierdie ontwapeningsaksie is 'n voorbeeld van ontwapening aan die einde van 'n konflik soos in hoofstuk 1 beskryf. Voortspruitend hieruit het die president van Mali in 1996 'n beroep op buurstate in Wes-Afrika gedoen dat 'n moratorium op die invoer, uitvoer en vervaardiging van kleinwapens in dié substreek ingestel moet word. Die VN het hierdie versoek ondersteun en 'n konferensie oor konflikvoorkoming, ontwapening en ontwikkeling in Wes-Afrika is in November 1996 te Bamako gereël. Twaalf Wes-Afrikaanse state het die konferensie bygewoon en EGWAS is ook verteenwoordig. Die idee van 'n moratorium op die invoer, uitvoer en vervaardiging van ligte wapens het deurgaans gedurende die konferensie aandag geniet. Die moratorium is in essensie 'n vertroueskeppende maatreël wat die invoer, uitvoer en vervaardiging van lichte wapens dek en vir 'n sekere tydperk sal geld. Dit sal wapens soos handwapens, gewere, masjiengewere, landmyne, granate, draagbare vuurpyllanseerders, mortiere sowel as ammunisie vir die wapens insluit.

Die moratorium bied 'n geleentheid aan Wes-Afrikaanse leiers om saam te werk om die Wes-Afrika substreek veiliger te maak.<sup>107</sup> Op 31 Oktober 1998 het die lidstate van EGWAS die verklaring oor 'n moratorium op die invoer, uitvoer en vervaardiging van lichte wapens in Wes-Afrika onderteken. Die moratorium is van krag vir 'n periode van drie jaar waarna dit hersien sal moet word.<sup>108</sup> Soos reeds genoem speel PCASED 'n belangrike rol in die implementering van die moratorium. Die omvang van die taak om die moratorium ten volle te implementeer sal egter meer as drie jaar neem, veral as in ag geneem word dat daar 'n geskatte agt miljoen lichte wapens in omloop is in die Wes-Afrikaanse substreek en dat sestien state by die moratorium betrokke is. Teen Augustus 2000 het vier state, naamlik Gambië, Liberië, Mali en Niger, nasionale kommissies, wat die moratorium moet implementeer, tot stand gebring.<sup>109</sup> Liberië het ook sy erns met die bestryding van die proliferasie van konvensionele wapens gedemonstreer deur gedurende Oktober 1999, na 'n sewe jaar lange burgeroorlog, 'n groot aantal wapens te vernietig. Meer as 19 000 klein- en swaar masjiengewere en drie miljoen rondes ammunisie is vernietig. Artillerie, mortiere en tenkafweer vuurpyllanseerders is daarby ingesluit. Die grootste hoeveelheid van die wapens is vrywillig deur gevegsmagte ingehandig en ander is deur ECOMOG ingesamel.<sup>110</sup> Hierdie is 'n tipiese voorbeeld van ontwapening aan die einde van 'n konflik.

### 5.5.4 Operasies Rachel in Suider-Afrika

In 1995 het die regerings van Suid-Afrika en Mosambiek 'n misdaadbestrydingsooreenkoms aangegaan. Dit was die gevolg van die besef van die omvang van onwettige wapensmokkelary en voertuigdiefstalle en die negatiewe effek wat hierdie tipes misdade op veiligheid in die twee state gehad het. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat wapenopslagplekke in Mosambiek die hoofoorsaak is van wapens wat na Suid-Afrika gesmokkel word. 'n Gesamentlike operasie bekend as Operasie Rachel om wapens in Mosambiek op te spoor en te vernietig, is in die lewe geroep. Daar is ooreengekom dat beide Suid-Afrika en Mosambiek se polisiemagte inligting oor die ligging van wapenopslagplekke sou inwin en uitruil. 'n Gesamentlike polisiemag sou dan die wapens op die terrein vernietig. Teen September 1998 is daar reeds drie sulke operasies in Suid-Mosambiek van stapel gestuur. Polisie statistiek toon aan dat daar met die drie operasies meer as 300 ton vuurwapens en 40 miljoen rondes ammunisie vernietig is. In Oktober 1998 is Operasie Rachel IV in Sentraal-Mosambiek van stapel gestuur. Meer as 100 ton onwettige wapens, insluitende twee kannonne, aanvalsgewere, vier tipes handwapens, drie tipes ontstekers, agt tipes mortierbomme en vyf tipes vuurpyllanseerders is met dié operasie gevind en vernietig. Hierdie operasies moes 'n baie positiewe impak op die bestryding van onwettige wapensmokkelary in Suider-Afrika gehad het.<sup>111</sup>

Met die Afrika benadering van "spanning eerste" en "politieke skikking" tot wapenbeheer en ontwapening is die toepassing van vertroue- en veiligheidskeppende maatreëls van groot belang. Dit word vervolgens bespreek.

## 6. CSBM's in die Afrika konteks

Soos reeds in hoofstuk 3 aangedui is militêre vertroue- en veiligheidskeppende maatreëls van kardinale belang om vreedsame interstaatlike verhoudinge en streekveiligheid te bevorder en daardeur 'n bevorderlike omgewing, waarbinne wapenbeheer en ontwapening kan plaasvind, te skep. Solank state mekaar wantrou en bedreig voel sal hulle nie daaraan dink om wapens te beheer of om te ontwapen nie. Meeste interstaatlike konflikte in Afrika was tot dusver voorstellbaar in die sin dat dit voorafgegaan is deur periodes van spanning, vyandige propaganda en wedersydse beskuldigings. Só 'n situasie leen homself tot die toepassing van vertroueskeppende maatreëls om spanning te ontlont en moontlike militêre konflik te vermy.<sup>112</sup>

Meeste interstaatlike konflikte in Afrika is in die verlede deur *ad hoc* inisiatiewe van individuele staatshoofde, die OAE of deur substreek reëlings bemiddel. As gevolg van die

feit dat meeste Afrikastate hul wapens moet invoer, speel wapenverskaffers 'n belangrike rol in die toepassing van vertroueskeppende maatreëls deurdat hulle die situasie kan manipuleer deur die verskaffing aan, of die weerhouding van wapens van, die partye wat in die konflik betrokke is.<sup>113</sup>

Alhoewel daar geen formele forum, soos die OSCE in Europa, vir onderhandeling oor vertroue- en veiligheidskeppende maatreëls in Afrika bestaan nie, bestaan daar wel deur middel van die OAE 'n institutionele raamwerk vir die toepassing van hierdie maatreëls in 'n konfliksiituasie. Die aanhef van die Handves van die OAE bevestig die Handves van die VN en die Universele Deklarasie van Menseregte as 'n basis vir vreedsame en positiewe samewerking tussen state. Die beginsels wat in Artikel III van die OAE Handves voorkom, dien as 'n gedragskode vir bilaterale en multilaterale verhoudinge tussen Afrikastate,<sup>114</sup> naamlik die soewereine gelykheid van alle lidstate word erken; geen inmenging in die huishoudelike sake van state nie; respek vir die soewereiniteit en gebiedsintegriteit van elke staat en vir sy onvervreembare reg tot onafhanklike bestaan; vreedsame beslegting van geskille deur onderhandeling, bemiddeling, konsiliاسie en arbitrasie; summiere verwering en afkeur van politieke sluipmoord, in al sy vorms, sowel as enige subversiewe aktiwiteite van buurstate of enige ander staat teen 'n lidstaat.

Die OAE se Kommissie vir Bemiddeling, Konsiliاسie en Arbitrasie wat reeds in 1964 tot stand gekom het en destyds alreeds met die instelling van vertroue- en veiligheidskeppende maatreëls kon begin het, het nie werklik tot sy reg gekom nie.<sup>115</sup> Soos reeds genoem is die OAE se Meganisme vir die Voorkoming, Bestuur en Oplossing van konflikte in 1993 tot stand gebring. Daar bestaan egter sekere probleme om die Meganisme ten volle operasioneel te maak. Daar is 'n groeiende besef by state in Afrika dat interstaatlike sowel as intrastaatlike konflikte 'n ernstige destabiliserende invloed op verskeie terreine in die streek of substreke kan hê.<sup>116</sup>

Intrastaatlike konflikte is moeiliker vatbaar vir bemiddelingspogings, veral wanneer die ouoriteit en die legitimiteit van 'n regering deur sy teenparty uitgedaag word. So 'n uitdaging word deur die regering van die dag as hoogverraad beskou en as 'n interne saak, wat deur die regering self opgelos moet word. Die beginsel van geen inmenging in die huishoudelike sake van state het dit moeilik gemaak vir state in Afrika om by 'n spesifieke staat se huishoudelike sake betrokke te raak in 'n bemiddelingshoedanigheid; om hulp aan te bied in 'n vredesproses; of om betrokke te raak in 'n proses van vertroue- en veiligheidskepping. Daar is egter 'n groeiende besef by state in Afrika dat betrokkenheid by intrastaatlike konflikte deur state van buite, van waarde kan wees om orde en vrede in 'n staat te herstel.<sup>117</sup> Die pogings van die OAE, EGWAS en die SAOG ten opsigte van konflikresolusie kan as vertroue- en veiligheidskeppende maatreëls beskou word.

## 7. Samevatting

Na die Koue Oorlog het daar veral ten opsigte van kleinwapenproliferasie en teenpersoneelmyne 'n merkbare verandering in die houding van sommige Afrikastate ingetree en is daadwerklike stappe gedoen om die proliferasie van hierdie wapens teen te werk. Die situasie ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening met betrekking tot konvensionele wapens in die algemeen, het egter nie werklik verander nie. Die traagheid by Afrikaleiers om ontwapening en wapenbeheer in 'n ernstige lig te beskou is grootliks gegrond op die behoefte om eers heersende veiligheidsprobleme aan te spreek voordat wapenbeheer en ontwapening oorweeg kan word. Dié "spanning eerste" en "politieke skikking" benaderings word dus eerder gevolg. Alhoewel dit as 'n CSBM beskou word, word die VN se Register van Konvensionele Wapens swak ondersteun deur state uit Afrika en vele Afrikastate akkumuleer steeds wapens as gevolg van 'n persepsie van bedreiging veral van binne hul grense sowel as om oorlog te voer. Die VN se Register van Konvensionele Wapens sluit nie landmyne, ligte en kleinwapens in nie. Alhoewel gewapende konflik in Afrika in die middel negentigerjare afgeneem het, het dit nie 'n vermindering in konvensionele wapens teweeg gebring nie. Gewapende konflik het in die laat negentigerjare in elk geval weer tot die 1990 vlak toegeneem. Met die beëindiging van die Koue Oorlog het die mededinging tussen die Ooste en die Weste in Afrika grootliks tot 'n einde gekom en het die supermoondhede se belangstelling in Afrika verminder; hervormings het in Suid-Afrika begin wat uiteindelik tot die beëindiging van apartheid geleid het; en Oos-Wes surrogaat konflikte om die groot moondhede se geskille te besleg sowel as die frontliniestate se stryd teen apartheid en koloniale bevrydingsoorloë het ook tot 'n einde gekom. Hierdie gebeure het wapenbeheer en ontwapening bevorder. Oorsake van intrastaatlike konflikte, eie aan Afrika, soos separatisme, ontevredenheid met bestaande regerings, en etniese en stamgeskille, bestaan egter steeds en lei steeds tot bloedige konflikte.

Faktore wat wapenbeheer en ontwapening in Afrika na die Koue Oorlog bemoeilik is die volgende: intrastaatlike en interstaatlike konflikte wat toeneem; Afrikaleiers se siening om eers heersende veiligheidsprobleme aan te spreek voordat daar oor wapenbeheer en ontwapening onderhandel kan word; swak reaksie uit Afrika op die VN se Register van Konvensionele Wapens; en vele onbewaakte toegangsroetes na Afrika vir wapenhandel en smokkelary. Logistieke probleme en 'n gebrek aan hulpbronne en mannekrag maak die beheer van konvensionele wapens ook uiters moeilik.

Kleinwapenproliferasie het na die Koue Oorlog 'n ernstige politieke en veiligheidskwessie op plaaslike, streek en internasionale vlakke in Afrika geword. Die teenwoordigheid van verskeie vorms van intrastaatlike konflik, tesame met hoë vlakke van

politieke geweld en onstabiliteit in vele Afrikastate het 'n aanvraag na kleinwapens laat ontstaan. 'n Surplus van wapens op die internasionale mark en in Afrika en 'n groot swart mark vir klein- en ligte wapens het veroorsaak dat hierdie wapens baie goedkoop bekom kan word. Ander redes waarom daar so baie van hierdie wapens in omloop is in Afrika is 'n lang geskiedenis van intrastaatlike konflik in Afrika; en onvoldoende wapenbeheer- en ontwapeningsreëlings tydens VN vredesoperasies in Afrika, wat veroorsaak het dat talle wapens nie deur strydende groepe ingehandig is met die sluiting van vredesooreenkoms nie. Pogings word reeds in Afrika aangewend om hierdie enorme en gevaaarlike probleem die hoof te bied. EGWAS se moratorium op kleinwapens en die vernietiging van onwettige wapens in Mosambiek (Operasie Rachel) is bewys hiervan. Strenger maatreëls met vredesoperasies en om die proliferasie van kleinwapens, en veral die probleme van wapensmokkelary en onwettige wapenhandel aan te spreek, is egter nodig. Die tyd is ryp dat daar ernstige oorweging geskenk word aan die instelling van 'n register van konvensionele wapens in Afrika, wat klein en ligte wapens sal insluit.

Geplante teen-personeelmyne is 'n groot bron van kommer in Afrika. Gedurende 1997 is die eerste streekkonferensie oor die gevær van landmyne in Afrika te Kempton Park, Suid-Afrika, gehou. 'n Plan van aksie waarop by dié konferensie besluit is sluit onder andere die volgende in: opsporing en vernietiging van alle landmyne, insluitende teen-personeelmyne in Afrika, en alle Afrikastate is aangemoedig om die TPM Konvensie te onderteken. In die VN het 38 Afrikastate 'n resolusie wat 'n wêreldwyse verbod op teen-personeelmyne plaas, ondersteun. Teen 23 Februarie 2001 het 43 Afrikastate die TPM Konvensie reeds onderteken en het 32 dit geratifiseer. Die Konvensie het op 1 Maart 1999 in werking getree. Teen 1 Januarie 2001 was die steun uit Afrika vir die Onmenslike Wapenkonvensie egter steeds swak. Twaalf van die 17 state wat dié Konvensie onderteken het, het dit tot op daardie stadium geratifiseer.

Ten opsigte van wapens van grootskaalse vernietiging toon die steun uit Afrika vir die CWK, die BTWK en die Geneefse Protokol dat dit ook die meerderheid state in Afrika se erns is dat hierdie wapens wêreldwyd verbied word. Die Pelindaba Verdrag wat in 1996 vir ondertekening beskikbaar gestel is, het die weg voorberei vir 'n kernwapenvrye sone in Afrika om uiteindelik 'n werklikheid te word. Teen 9 Januarie 2001 het 50 state dit reeds onderteken, maar die verlangde 28 ratifikasies om dit in werking te laat tree is toe nog nie bereik nie. Net 15 state het dié Verdrag tot op daardie stadium geratifiseer. Hierbenewens het 53 Afrikastate die Kernsperverdrag en 35 die Gedeeltelike Kerntoetsverbod teen 15 April 2001 geratifiseer.

Soos aan die begin van hierdie hoofstuk genoem, is die voorkoms van gewapende konflikte in Afrika, wat aanleiding gee tot die invloei van wapens in Afrika, geweldig inhiberend op enige pogings tot wapenbeheer en ontwapening van hoofsaaklik

konvensionele wapens in Afrika. Daar sal dus in individuele state, veral dié waar politieke onstabiliteit heers, eers 'n politieke omgewing geskep moet word waarbinne mense in vrede en harmonie saam kan bestaan voordat onderhandelinge oor wapenbeheer en ontwapening kan plaasvind. Om regerings se vrese vir aggressie teen hulle van buite hul grense en wantroue tussen state te besweer, is vertroue- en veiligheidskeppende maatreëls van kardinale belang. Konflikvoorkoming, -bestuur en -resolusie is essensieel in gevalle waar konflikte wel dreig of reeds aan die gang is. Die OAE se Meganisme vir Konflikvoorkoming, -Bestuur, en Oplossing; en die SAOG se OPVV is pogings om dié doelstellings te bereik. Ten opsigte van al die voorgenoemde aspekte dien die Kampala Dokument se voorgestelde CSSDCA-proses as 'n handleiding vir Afrika.<sup>118</sup>

Om hierdie doelwitte van vrede en stabilitet in individuele state, vertroue- en veiligheidskeppende maatreëls, en konflikvoorkoming, -bestuur en resolusie in Afrika te bereik, is die politieke wil en samewerking van alle state in Afrika gebiedend noodsaaklik. Doeltreffende verifikasieprosedures en afdwingingsmaatreëls, soos in hoofstuk 1 beskryf, mag selfs nodig wees om state in Afrika te dwing om hul voornemens uit te voer en hul beloftes en ondernemings na te kom en growwe menseregteskendings tot 'n einde te bring.

Indien Afrikastate ernstig is om wapenbeheer en ontwapening en konflikbestuur 'n werklikheid in Afrika te maak, is die riglyne vir 'n venootskap onderling tussen Afrikastate en tussen Afrika en die internasionale gemeenskap, en die riglyne soos uiteengesit in die Kampala Dokument, van wesenlike belang.<sup>119</sup>

In die volgende hoofstuk word wapenbeheer en ontwapening soos dit gedurende en na die Koue Oorlog in Suid-Afrika gemanifesteer het, sowel as die rol wat Suid-Afrika in die sluit van sommige ooreenkomste gespeel het, in oënskou geneem.

## VERWYSINGS

- 1 Furley, O, Conflict in Africa, I B Tauris Publishers, London, 1995, pp.7-8.
- 2 UN: Final communique of the meeting of Ministers of Foreign Affairs and Heads of Delegations of the Movement of Non-Aligned Countries, held in New York on 23/09/99. General Assembly/Security document of the United Nations A/54/469; S/1999/1063, 1999.
- 3 UN: Permanent Mission of the Republic of Sierra Leone to the United Nations New York. Statement by His Excellency Dr Alusine Fofana of the Republic of Sierra Leone in the General Debate on Disarmament and International Security Issues, First Committee, 24/10/94.

- 4 UN: The Permanent Mission of the Libyan Arab Jamahiriya to the United Nations Statement by Mr A Azwai, Permanent representative to the United Nations, before the First Committee of the 49th Session of the United Nations General Assembly on Disarmament and International Peace and Security, New York, 21/10/94.
- 5 UN: Permanent Mission of Nigeria to the United Nations, UNGA49 First Committee, Statement by Ambassador I E Ayewah, Deputy Permanent Representative of Nigeria to the United Nations, New York, 18/10/99.
- 6 UN: Permanent Mission of the Republic of Zimbabwe to the United Nations. Statement by H E Simbarashe; S Mumbengegwi in the General Debate in the First Committee, 19/10/99.
- 7 UN: Permanent Mission of Zambia to the UN. Statement by Mr H B Kunda, Deputy Permanent Secretary in the Ministry of Foreign Affairs of the Republic of Zambia in the First Committee of the 49th Session of the United Nations General Assembly, New York, 24/10/99.
- 8 Fayemi, K, "Disarmament Illusions", African Events, Vol 9 No 2, 1993, p.25.
- 9 Olonisakin, F, "Conventional Arms Control in Post-Cold War Sub-Saharan Africa: Problems and Prospects", Strategic Review for Southern Africa, Vol XXI No1, 1999, pp.16-17.
- 10 Wezeman, S T, and Wezeman, P D, "Transfers of major conventional weapons", in SIPRI Yearbook 1998, op cit, pp.312-314.
- 11 UN Register of Conventional Arms, 1997, pp.2-3. Internet: <http://domino.un.org/ register.nsf/> Toegang: 06/10/01.
- 12 The United Nations Disarmament Yearbook, Vol 24, 1999, Department of Disarmament Affairs, United Nations, New York, 2000, pp.108-110.
- 13 Olonisaken, F, "Conventional Arms Control in Post-Cold War Sub-Saharan Africa" op cit, p.2.
- 14 Volman, D, The evolving pattern of African arms transfers, paper presented at the 38<sup>th</sup> Annual Meeting of the African Studies Association, Orlando, Florida, ASA, Atlanta, 1995, pp.8-9.
- 15 Ibid.
- 16 Anthony, I et al, "The trade in major weapons", in SIPRI Yearbook 1995: Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 1995, p.493.
- 17 Hagelin, B, et al, "Transfers of major conventional weapons", in SIPRI Yearbook 1999, Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 1999, p.424.
- 18 "Washington faced with choice between Africa and Ukraine", Stratfor Commentary: Global Intelligence Update, 02/08/99.

- 19 Hiltermann, J R , "Stemming the Flow of Arms into Africa: How African NGO's can make a Difference", African Journal of Political Science, New Series, Vol 3 No 1, 1998, p.126.
- 20 Meek, S, "Developing a Regional Register of Conventional Arms: An Option for Africa ?", African Security Review, Vol 6 No 4, 1997, pp.49-55.
- 21 Furley, O, op cit, pp. 9-10.
- 22 Mills, G, "Inter- and Intra-state Conflict in Africa in the 1990's: Democracy as a Cure-all?" Strategic Review, Vol XVIII No 1, 1996, pp. 24-25; en Beeld, (Pretoria), 11/01/00.
- 23 Mills, G, op cit, pp.24-25.
- 24 Sollenberg, M, et al, "Major armed conflicts", in SIPRI Yearbook 1999, op cit, pp.18-20; en Sollenberg M, et al, "Major armed conflicts 1999", in SIPRI Yearbook 2000: Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 2000, pp.52-55.
- 25 Nhara, W G, "The Impact of Armed Conflict in Africa" , Resolving Conflicts: OAU Conflict Management Bulletin, Special Edition, 1999, p.20.
- 26 Heitman, H, "Security and Africa's Armed Forces at the End of the 1990's", ISSUP Bulletin, 4/95, 1995, pp.1-12.
- 27 Beeld, (Pretoria), 11/01/00.
- 28 Mills, G, op cit, pp.24-28.
- 29 Di Chiaro III, J, "Reasonable Measures: Addressing the Excessive Accumulation and Unlawful Use of Small Arms", Brief 11, Bonn International Center for Conversion, 1998, pp.31-33.
- 30 Batchelor, P, "Intra-state Conflict, Political Violence and Small Arms Proliferation in Africa", in Gamba, V (ed) Society Under Siege: Crime Violence and Illegal Weapons, Vol 1, Institute for Security Studies, Halfway House, 1997, p.103.
- 31 Ibid, p.105.
- 32 Ibid, pp.119-120
- 33 Ibid, pp.121-122.
- 34 Batchelor, P, " Disarmament, Small Arms, and Intra-State Conflict: The Case of Southern Africa", in Smith, C, et al, Disarmament and Conflict Resolution Project: Small Arms Management and Peacekeeping in Southern Africa, United Nations, New York, 1996, pp. 85-89.
- 35 Solomon, H, and Cilliers, J, "The Southern African Development Community and Small Arms Proliferation", in Gamba, V, (ed) Society Under Siege: Licit Responses to Illicit Arms Vol II, Institute for Security Studies, Halfway House, South Africa, 1998, p.88.
- 36 Wezeman, S T, and Wezeman, P D, in SIPRI Yearbook 1998, op cit, p.302; en Hagelin, B, et al, "The volume of transfers of major conventional weapons, 1989-1998", in SIPRI Yearbook 1999, op cit, p.450.

- 37 Sollenberg, M, et al, SIPRI Yearbook 1999, op cit, p.18.
- 38 Beeld, (Pretoria), 11/01/2000.
- 39 "Africa Disarmed, Africa: No Shining Armour", African Events, Vol 9 No 2, 1993, pp.20-22.
- 40 Volman, D, op cit, pp.3-5.
- 41 El Shafei, O, "Conventional Disarmament in Africa" in Disarmament Topical Papers 12: Disarmament and Security in Africa, United Nations, New York, 1992, p.90.
- 42 Carey, M, "Peacekeeping in Africa: recent evolution and prospects", in Furley, O, and May, R, (ed) , Peacekeeping in Africa, Ashgate, Aldershot, Brookfield USA, Singapore, Sydney, 1998, pp.13-25.
- 43 Ibid, pp.17-26.
- 44 Batchelor, P, " Disarmament, Small Arms, and Intra-State Conflict: The Case of Southern Africa" op cit, p.65.
- 45 United Nations Regional Centre for Peace and Disarmament in Africa, UNRCPDA, July 1999, p.2
- 46 Ibid, pp.1-2.
- 47 "Draft Kampala Document for a Proposed Conference on Security, Stability, Development and Co-operation in Africa (CSSDCA)", in Hough, M, and du Plessis, A, Africa: Selected Documents on Political, Security, Humanitarian and Economic Issues, Ad hoc Publication No 33, Institute for Strategic Studies, University of Pretoria, Pretoria, 1996, p.7.
- 48 Draft Kampala Document for a Proposed Conference on Security, Stability, Development and Co-operation in Africa, (CSSDCA), Kampala, Uganda, 1991, pp.2-3.
- 49 Ibid, pp.3-7.
- 50 De Coning, C, "The Role of the OAU in Conflict Management in Africa", in Malan, M, (ed), Conflict Management, Peacekeeping and Peace-building: Lessons for Africa from a Seminar Past, ISS Monograph Series No 10, Institute of Security Studies, Halfway House, South Africa, 1997, pp. 14-15.
- 51 OAU: Declaration of the Assembly of Heads of State and Government on the Establishment within the OAU of a Mechanism for Conflict Prevention, Management and Resolution, Cairo, June 30 1993, p.ii.
- 52 Omitoogun, W, "Arms control and conflicts in Africa", DDA Occasional Papers, No 4, Department for Disarmament Affairs, United Nations, 2000 , p.43.
- 53 Monnakgotla, K, "From Ambivalence and Adversity to Stability in Southern Africa", in Malan, M, (ed), New Partners in Peace: Towards a Southern African Peacekeeping Capacity, Monograph Series No 5, Institute for Security Studies, Halfway House, South Africa, 1996, p.21.

- 54 "Regional Organisations: Geographically Proximate", in Hough, M, and Du Plessis, A, (eds) Contemporary International Organisations and Treaties, op cit, p.91.
- 55 Solomon, H, and Cilliers, J, op cit, pp.79-80.
- 56 Ibid, p.80.
- 57 Monnakgotla, K, op cit, p.20.
- 58 Olonisaken, F, "Rethinking regional security in Africa", Strategic Review for Southern Africa, Vol XX , No2, 1998, p.64.
- 59 Albright, D, "South Africa and the Affordable Bomb", The Bulletin of the Atomic Scientists, Vol 50 No 4, 1994, pp.37-38 en 45.
- 60 Ferm, R, " Arms control and disarmament agreements", in SIPRI Yearbook 1999, op cit, pp.721-722.
- 61 OAU: "Resolution CM/Res. 1660 (LXIV), Resolution on Expediting the Process of Ratification of the Treaty Establishing the African Nuclear Weapon Free-Zone", Resolutions Adopted by the Sixty-Fourth Ordinary Session of the Council Of Ministers/Organisation Of African Unity, OAU, Addis Ababa, 1996.
- 62 Ferm, R, "Arms control and disarmament agreements", in SIPRI Yearbook 2000, op cit, pp.710-711.
- 63 UN: Memorandum on activities relating to the African Nuclear-Weapon-Free Zone Treaty (Pelindaba Treaty) submitted by the Secretary-General of the Organization of African Unity at The 2000 NPT Review Conference (RevCon), 14 April-19 May 2000, New York; en Ferm, R, and Berggren, C, SIPRI Yearbook 2001, op cit, p.666.
- 64 Ferm, R, in SIPRI Yearbook 2000, op cit, pp.710-711.
- 65 Acharya, A, and Ogunbanwo, S, "The nuclear weapon-free zones in South East Asia and Africa", in SIPRI Yearbook 1998, op cit, p.454.
- 66 2000 Review of the Parties to the Treaty on the Non-Proliferation of Nuclear Weapons, Final Document, NPT/CONF.2000/28 (Vol I, Part I and II), New York, 22/05/2000.
- 67 UN: The 2000 Review Conference (Rev Con), 14 April-19 May 2000, New York. Statement by Mr Y Osei, Deputy Permanent Representative of the Mission of Ghana to the United Nations, pp.1-2.
- 68 UN: African Speakers in Concerted Assault against Failure of Nuclear Powers to Honour 1995 Commitments, United Nations Press Release DC/2701, 27/04/2000, p.4
- 69 Ibid, p.1.
- 70 Ibid.
- 71 UN: Nuclear Weapon States Endorse Goal of "Total Elimination" of Nuclear Arsenals at NPT Review Conference Concludes, United Nations Press Release DC/2710, 27/05/2000, p.7.
- 72 Ibid, pp.8-9.

- 73 Ibid, pp.9-10.
- 74 The Biological and Toxin Weapons Convention Database, Fourth Review Conference Final Documents, Part III, p.9; Document BWC/CONF.IV/9, p.44.
- 75 Convention on the Prohibition of the Development, Production and Stockpiling of Bacteriological (Biological) Biological and Toxin Weapons and on their Destruction,(1972), pp.1-2. Internet <http://www.sipri.se/cbw/docs/bw-btwc-text.html> Toegang:7/10/2001.
- 76 The Biological and Toxin Weapons Convention Database, Fourth Review Conference Final Documents, Part III, p.45.
- 77 Convention on the Prohibition of the Development, Production and Stockpiling of Bacteriological (Biological) and Toxin Weapons and on their Destruction, (1972), op cit, p.2.
- 78 Ezz, E A, "Chemical weapons: an African point of view", in Disarmament: Disarmament and Security in Africa, United Nations, New York, 1991, p.89.
- 79 Azikiwe, E, "The Role of African States in Disarmament and Security Issues in Global Multilateral Forums", in Disarmament Topical Papers 12: Disarmament and Security in Africa, United Nations, New York, 1992, pp.45-47
- 80 UN: Conference on Disarmament: Overview, Internet: <http://www.unog.ch/disarm/disconf.htm> Toegang: 06/10/01.
- 81 UN:"Report of the Conference on Disarmament" in General Assembly Official Records-Forty seventh Session, Supplement No 27 (A/47/27), United Nations, New York, 1992, p.1.
- 82 OAU: "CM/Res 1661 (LXIV), Resolution on the Convention on the Prohibition of the Development, Manufacturing, Stockpiling, and Use of Chemical Weapons and their Destruction ", Resolutions Adopted by the Sixty-Fourth Ordinary Session of the Council of Ministers/Organization of African Unity , OAU, Addis Ababa, OAU, 1996.
- 83 Salim Ahmed Salim, "Message", in Cilliers, J, (ed) Towards a Landmine-free Africa, Institute for Security Studies, Halfway House, South Africa, 1997, p.7.
- 84 Ibid,
- 85 El Ghassim Wane, "Introduction", in Cilliers, J, (ed) Towards a Landmine-free Africa, op cit, p.4.
- 86 Ibid.
- 87 OAU: Resolution "CM/Res 1628 ", in Towards a Landmine-free Africa, op cit, p.62
- 88 El Ghassim Wane, op cit, p.4.
- 89 " Plan of Action", in Towards a Landmine-free Africa, op cit, pp.41-44.

- 90 OAU: "Decision CM/Des.363 (LXVI), Report of the Secretary-General on the Issue of Anti-Personnel (Mines), and International Efforts to Reach a Total Ban", Decisions adopted by the Sixty-sixth Ordinary Session of the Council of Ministers/Organization of African Unity, OAU, Addis Ababa, 1997, pp.28-30.
- 91 OAU: "Decision CM/Dec. 377 ( LXVII), Report of the Secretary-General on the Decision CM/Dec. 363 (LXVI) on the International Efforts to Ban Landmines", Decisions of the Sixty-Seventh Ordinary Session of the Council of Ministers/Organization of African Unity, OAU, Addis Ababa, 1998, pp.17-19.
- 92 El Ghassim Wane, op cit, p.4.
- 93 UN: "General Assembly Resolution 51/45S: An International Agreement to Ban Anti-Personnel Landmines", in Towards a Landmine-free Africa, op cit, pp.91-92; en Salim Ahmed Salim, "Message", in Towards A Landmine-free Africa ,op cit, p.8.
- 94 Ferm, R and Berggren, C, in SIPRI Yearbook 2001, op cit, pp.668-669.
- 95 Beeld, (Pretoria), 03/03/00.
- 96 Ferm, R, and Berggren, C, in SIPRI Yearbook 2001, op cit, pp.660-661.
- 97 OAU: "Decision CM/Dec. 432 (LXVIII), Proliferation of Small Arms and Light Weapons", Decisions of the Sixty-eighth ordinary session of the Council of Ministers/Organisation of African Unity, OAU, Addis Ababa, 1998 , p.33.
- 98 OAU: "Draft Decision on the Illicit Proliferation , Circulation and Illicit Trafficing of Small Arms and Light Weapons, AHG/Draft/Dec.6 (LXX)", Draft Decisions of the Thirty-Fifth Ordinary Session of the Heads of State and Government/Organization of African Unity, OAU, Addis Ababa, 1999, pp.5,7 en 8.
- 99 Benson, W, Report: Light weapons control and security assistance: A review of current practice, A Safer World/International Alert Publication, London, 1998, p.38.
- 100 Adam, B, "Efforts to control the international trade in light weapons", in SIPRI Yearbook 1999, op cit, pp.510-511.
- 101 Ibid.
- 102 Sköns, E, et al, "Military expenditure", in SIPRI Yearbook 1999, op cit, p.273.
- 103 Gamba, V, "Disarmament and the Control of Light Weapons: Lessons from UN Peace Missions and Small Arms Proliferation in Southern Africa", in Malan, M (ed) New Partners in Peace: Towards a Southern African Peace Keeping Capacity, Monograph Series No 5, Institute for Security Studies, Halfway House, South Africa, 1996, p.64.
- 104 Gamba, V, "Small Arms Proliferation in Southern Africa: The Potential for Regional Control", African Security Review, Vol 7 No 4, 1998, p.61
- 105 OAU: "Report of the meeting of experts" on the First Continental meeting of African Experts on Illicit Proliferation, Circulation and Trafficking of Small Arms and Light Weapons, Addis Ababa, May 2000, pp.1-2.

- 106 Ibid, p.11
- 107 Poulton, R, and Youssouf, I, The Peace of Timbuktu, New York, Geneva, 1998, pp.120-122, 227-230, en 287-291.
- 108 ECOWAS: Declaration of a Moratorium on Importation, Exportation and Manufacture of Light Weapons in West Africa, Abuja, 31 October 1998.
- 109 ECOWAS: Workshop on Small Arms Opens in Abuja. Internet: [www.nisat.org/west%20africa/news%20from%20the%20region/ecowas%20workshop%20on%20small%20arms%20op](http://www.nisat.org/west%20africa/news%20from%20the%20region/ecowas%20workshop%20on%20small%20arms%20op) Toegang 08/10/01.
- 110 Liberia Destroys Remaining Wartime Weapons. Internet: [www.nisat.org/west%20africa/news%20from%20the%20region/liberia\\_destroys\\_remaining\\_warti](http://www.nisat.org/west%20africa/news%20from%20the%20region/liberia_destroys_remaining_warti) Toegang: 8/10/11
- 111 "Initiatives in Africa-Operations Rachel in Southern Africa", Small Arms Proliferation and Africa, Newsletter 1, 1998, p.4.
- 112 Mahiga, A P, "Confidence- and Security-Building Measures in the African Context: Relevance and Characteristics", in Disarmament Topical Papers 12: Disarmament and Security in Africa, op cit, p.130.
- 113 Ibid, p.131.
- 114 Ibid.
- 115 Ibid.
- 116 Ibid.
- 117 Ibid, p.133 ; en Ibrahima Sy, "Africa: A changed security environment? Challenges and Prospects", in Disarmament Topical Papers 12: Disarmament and Security in Africa, op cit, pp. 25-26.
- 118 Hough, M, and du Plessis, A, Africa: Selected Documents on Political, Security, Humanitarian and Economic Issues, op cit, pp.7-26
- 119 Cohen, H J, "African Capabilities for Managing Conflict:The Role of the USA" , in Smock, D R, and Crocker, C A (eds), African Conflict Resolution: The U S Role in Peacekeeping, 1995, United States Institute of Peace Press, Washington D C, 1995, pp.84-85 en 88-89.

## HOOFTUK 6

### SUID-AFRIKA EN WAPENBEHEER EN ONTWAPENING GEDURENDE EN NA DIE KOUE OORLOG

In hierdie hoofstuk word wapenbeheer en ontwapening soos dit gedurende en na die Koue Oorlog in Suid-Afrika gemanifesteer het, sowel as die bydraes wat deur Suid-Afrika op die globale terrein van wapenbeheer en ontwapening gemaak is, bespreek. Die tydperk wat gedek word strek vanaf die vroeë sestigerjare, toe Suid-Afrika begin herbewapen het, tot 1999. Waar toepaslik sal daar na verwikkelinge in 2000 en 2001 op die gebied van wapenbeheer en ontwapening verwys word. Soos sal blyk, was daar gedurende die Koue Oorlog (die periode wat van 1960 tot 1991 gestrek het) nie werklik sprake van enige pogings tot wapenbeheer of ontwapening in Suid-Afrika nie. Ontwapening en wapenbeheer het eers aan die einde van die Koue Oorlog, en ná die Koue Oorlog, in Suid-Afrika 'n werklikheid geword. Gedurende die Koue Oorlogtydperk was die teenoorgestelde van ontwapening en wapenbeheer, naamlik herbewapening en groot uitgawes aan wapenproduksie en wapenaankope, eerder aan die orde in Suid-Afrika.

#### 1. Die Koue Oorlogtydperk

Suid-Afrika het gedurende die tydperk wat gestrek het vanaf 1945 tot 1960 'n party tot drie belangrike internasionale ooreenkomste, naamlik die Handves van die VN (1945); die Statuut van die IAEA; (1956) en die Suidpool Verdrag (1959), wat betrekking op wapenbeheer /ontwapening gehad het, geword. Volgens artikel 11 van die VN se Handves kan die Algemene Vergadering aanbevelings aangaande wapenbeheer en ontwapening aan die lidstate of die Veiligheidsraad of albei maak. Volgens die Statuut van die IAEA het die IAEA 'n mandaat om internasionale veiligheidsvoorsorgmaatreëls toe te pas om te verseker dat kernmateriaal, kerntoerusting, -fasiliteite en -tegnologie uitsluitlik vir vreedsame doeleindes aangewend word. Suid-Afrika was ook een van die aanvanklike ondertekenars van die Suidpool Verdrag in 1959. Volgens dié Verdrag mag die Suidpoolstreek uitsluitlik vir vreedsame doeleindes gebruik word en is 'n verbod op alle militêre aktiwiteite, insluitende die toets van enige wapens, geplaas.<sup>1</sup>

Na die Tweede Wêreldoorlog was daar tot in die vyftigerjare geen onmiddellike streekbedreiging of 'n interne militêre bedreiging vir Suid-Afrika nie. Die blanke regerings noord van Suid-Afrika het ook 'n doeltreffende buffer tussen Suid-Afrika en die noordelike Afrikastate gevorm. Suid-Afrika het wel deur middel van sy weermag en polisiemag beperkte teeninsurgensie hulp aan die destydse Rhodesiese (later Zimbabwe) en Portugese

(Mosambiek) regerings verleen. In die vroeë sestigerjare het Suid-Afrika se verdedigingsuitgawes egter vinnig begin styg. Die redes daarvoor word vervolgens bespreek.

### **1.1 Konflikte waarby Suid-Afrika betrokke was en herbewapening gedurende die Koue Oorlog**

In 1958/59 was Suid-Afrika se verdedigingsbegroting 36 miljoen rand. Ses jaar later was dit 210 miljoen rand. Die redes hiervoor was onder andere dat insurgencies in Rhodesië, Mosambiek en Angola ontstaan het. Die gevaar wat ontstaan het dat dié konflikte deur ANC-insurgensie na Suid-Afrika kon oorspoel het die Suid-Afrikaanse regering genoop om sy teeninsurgensie vermoë te versterk. Ander minder belangrike redes vir die verhoogde verdedigingsuitgawes op daardie stadium was die persepsie van 'n moontlike konvensionele aanslag deur Afrikastate teen Suid-Afrika en ekonomiese en militêre sanksies deur die VN teen Suid-Afrika.<sup>2</sup> Die VN het inderdaad in 1963, as gevolg van Suid-Afrika se beleid van apartheid, 'n vrywillige wapenverbod teen Suid-Afrika ingestel.<sup>3</sup> 'n Verdere rede vir Suid-Afrika se verhoogde militêre uitgawes was die stigting van "Umkhonto we Sizwe", (MK), die militêre vleuel van die "African National Congress" (ANC) in 1961, toe die ANC sy gewapende stryd teen die Suid-Afrikaanse regering begin het.<sup>4</sup> Suid-Afrika was volgens die VN ook onwettig in beheer van die destydse Suidwes-Afrika (later Namibië). In die laat sestigerjare het die Suid-Afrikaanse weermag dan ook met 'n lae intensiteit teeninsurgensie oorlog teen die "South West African Peoples Organisation" (SWAPO) begin.<sup>5</sup> Tussen 1970 en 1975 het verdedigingsuitgawes van 257 miljoen rand tot 692 miljoen rand per jaar gestyg; teen 1980 tot 1,970 miljard rand; en teen 1988 tot 6,680 miljard rand.<sup>6</sup> Hierdie verstommende verhoging in verdedigingsuitgawes gedurende die sewentiger- en tagtigerjare was hoofsaaklik aan vier verwikkelinge in Suider-Afrika te wye; die onafhanklikwording van Angola en Mosambiek in 1975; die onafhanklikwording van Zimbabwe in 1980; die intensifisering van die oorlog teen SWAPO; en die intensifisering van die terreuraanslag deur die ANC binne Suid-Afrika. Mosambiek en Angola se regerings was aanvanklik duidelik Marxisties georiënteerd en dus vyandig gesind teenoor Suid-Afrika; honderde swart vlugtelinge uit Soweto is opgelei in kampe in Tanzanië, Mosambiek en Algerië; en Suid-Afrika se buurstate het tot 'n groter mate skuilplek aan ANC lede gebied vanwaar hulle dan Suid-Afrika binnegesypel het.<sup>7</sup>

Om hierdie gevare die hoof te bied het Suid-Afrika gedurende die tydperk wat vanaf 1975 tot 1979 gestrek het, met 'n program van modernisering en hertoerusting van sy konvensionele magte begin. Die doel hiermee was om die weermag in staat te stel om grootskaalse voorkomende- en strafaanvalle op ANC basisse in buurstate uit te voer, sowel

as om 'n konvensionele teenaanval vanuit so 'n buurstaat die hoof te kan bied.<sup>8</sup> Suid-Afrika het selfs, soos later in hierdie hoofstuk beskryf sal word, so ver gegaan om 'n chemiese-, biologiese- en kernwapenvermoë te ontwikkel. Dit is gedurende hierdie periode, naamlik in 1977, dat die VN 'n verpligte wapenverbod teen Suid-Afrika ingestel het, wat Suid-Afrika onder genoemde omstandighede genoop het om pogings aan te wend om die wapenverbod te omseil asook om maniere te vind om sy eie wapens te vervaardig.

Gedurende die tagtigerjare het Suid-Afrika 'n meer aggressiewe militêre houding teenoor sy buurstate begin inneem. Oorgrensaanvalle teen SWAPO basisse in Angola, wat daarop gemik was om hulle militêre vermoë te verswak, wat reeds in die laat sewentigerjare begin is, het in die tagtigerjare toegeneem. Deur middel van grond- en lugaanvalle is dele van Angola selfs beset. Suid-Afrika het die *União Nacional para a Independência Total de Angola* (UNITA) terselfdertyd in hulle guerilla oorlog teen die Angolese regering ondersteun.<sup>9</sup> Die Sowjet-Unie se ondersteuning van die *Movimento Popular de Libertação de Angola* (MPLA), deur middel van opleidingspersoneel en wapens, en Kuba se ondersteuning deur middel van soldate, het sake vir Suid-Afrika egter baie moeilik gemaak.<sup>10</sup>

'n Soortgelyke strategie is deur Suid-Afrika ten opsigte van Lesotho en Mosambiek gevolg. In dié gevalle was die oorgrensaanvalle op ANC basisse gerig. In hierdie gevalle was daar ook sterk gerugte dat Suid-Afrika die "Lesotho Liberation Army" in Lesotho en die "Mozambique National Resistance" (RENAMO) in Mosambiek teen die onderskeie regerings ondersteun het.<sup>11</sup> Volgens Luckham het Suid-Afrika inderdaad vir RENAMO in Mosambiek en UNITA in Angola logisties sowel as met wapens en opleiding ondersteun.<sup>12</sup> Daar was gedurende hierdie periode ook sterk gerugte van Suid-Afrikaanse oorgrensaanvalle teen die ANC in Botswana, Zambië en Zimbabwe.<sup>13</sup> Angola, Zambië, Lesotho, en die Seychelle het sedert die sewentigerjare tot in 1984 gereeld klagtes oor Suid-Afrikaanse aggressie teen hulle by die VN aanhangig gemaak.<sup>14</sup>

Die Suid-Afrikaanse regering se beleid van apartheid; sy volgehoue teenwoordigheid in die destydse Suidwes-Afrika (Namibië); en die militêre konflikte wat daarmee gepaard gegaan het, het veroorsaak dat Suid-Afrika internasionaal al meer geïsoleerd geraak het. Gevolglik het die VN sedert die vroeë sestigerjare begin om wapenembargo's teen Suid-Afrika in te stel.

## 1.2 Die VN se wapenembargo's van 1963, 1977 en die boikotte van 1984 en 1986

Die VN se wapenverbod van 1963 teen Suid-Afrika het 'n beroep gedoen op alle lidstate om alle verkope van wapens en militêre toerusting aan Suid-Afrika vrywillig te staak.<sup>15</sup> 'n

Verdere resolusie het ook toerusting en materiaal vir wapenproduksie in Suid-Afrika gedek. Hierdie verbod was ingestel weens die VN se afkeur van Suid-Afrika se beleid van apartheid.<sup>16</sup> Hierdie twee resolusies is in 1977 vervang deur 'n verpligte wapenverbod teen Suid-Afrika. Behalwe dat hierdie verbod die verkope van wapens en materiaal vir wapenproduksie gedek het, het dit ook samewerking met Suid-Afrika in die ontwikkeling en vervaardiging van kernwapens verbied. Hierdie verbod is teen Suid-Afrika ingestel weens, volgens die VN, Suid-Afrika se volgehoudende beleid van apartheid, onderdrukking van sy burgers, gebruik van geweld binnelandse en as gevolg van Suid-Afrika se aanvalle op sy buurstate en sy bedreiging vir internasionale vrede.<sup>17</sup> In 1984 het die VN 'n verdere vrywillige boikot teen Suid-Afrika ingestel waarvolgens 'n beroep op alle state gedoen is om geen militêre voertuie, wapens of ammunisie vanaf Suid-Afrika in te voer nie. Hierdie boikot is teen Suid-Afrika ingestel in 'n poging om Suid-Afrika te verhinder om sy eie wapens te vervaardig.<sup>18</sup> In 1986 het die VN deur 'n verdere resolusie die 1977 verbod versterk en bevestig en ook die vrywillige boikot van 1984 uitgebrei om invoere van wapens vanaf Suid-Afrika vir internasionale uitstallings, asook toegang tot state van Suid-Afrikaanse wapens vir uitstaldoeleindes te verhoed. Die 1986 resolusie versoek state verder om nie aan enige aktiwiteite in Suid-Afrika deel te neem nie, indien sulke deelname Suid-Afrika se militêre vermoë sou bevorder.<sup>19</sup>

Die vraag ontstaan onwillekeurig hoe effektief hierdie wapenembargo's en boikotte deur die VN teen Suid-Afrika was. Die antwoord hierop is dat die Suid-Afrikaanse regering sedert 1963 herhaaldelik verklaar het dat die wapenverbod veroorsaak het dat Suid-Afrika 'n eie wapennywerheid ontwikkel het. In reaksie op die instelling van die boikot in 1984 het die Suid-Afrikaanse afgevaardigde in die VN soos volg gereageer: "The outcome of the embargo was the creation of an efficient industry for the manufacture of arms of all types necessary for South Africa's self defence with the result that we are today self-sufficient in a number of important armaments sectors - and will be increasingly so tomorrow"<sup>20</sup> Voor 1963 het Suid-Afrika 70 persent van sy militêre uitgawes aan wapeninvoere spandeer. Teen 1984 is bykans 100 persent van dié uitgawes aan plaaslike wapenvervaardiging bestee.<sup>21</sup>

Ten spyte van isolasie weens sy beleid van apartheid, het Suid-Afrika daarin geslaag om sommige Westerse state, weens hulle vrees vir 'n kommunistiese aanslag teen Suid-Afrika, dikwels in stryd met die VN wapenverbod teen Suid-Afrika, te oorreed om Suid-Afrika met vervaardigstegnologie vir sy wapennywerheid te help. Deur homself onomwonne as anti-kommunisties te verklaar het Suid-Afrika 'n beeld van 'n "bolwerk" teen die snelle dekolonialisering van Afrika, wat tot talle linkse nasionalistiese bewegings in sub-Sahara Afrika geleid het, aan die Weste voorgehou. Gretig in die stryd teen kommunisme, het Westerse state gemaklik gevoel met die idee om die wapenverbod te ignoreer en Suid-Afrika van groot hoeveelhede militêre toerusting en tegnologie te voorsien. Die VSA, Wes-

Duitsland, Frankryk, Brittanje en Israel het almal losse interpretasies van die wapenverbod uitgebuit en Suid-Afrika van tweedoelige toerusting wat nie spesifiek verbied is nie, voorsien. Verder het Westerse wapenvervaardigers Suid-Afrika deur middel van die swart mark van militêre hulp voorsien.<sup>22</sup>

In 1968 is Krygkor, 'n organisasie wat spesifiek deur die Suid-Afrikaanse regering in die lewe geroep is om wapenvervaardiging in Suid-Afrika te behartig, gestig. In 1982 het Krygkor, ten spyte van die VN wapenverbod, met wapenuitvoere begin. Die waarde van uitvoere vir 1982 was 94 miljoen rand. Vanaf 1985 tot 1991 het die omset egter geweldig gestyg tot 'n gemiddelde van 661 miljoen rand per jaar.<sup>23</sup>

Genoemde pogings van die VN het ten doel gehad om gedwonge wapenbeheer teen Suid-Afrika toe te pas, maar soos uit voorgaande duidelik is, was dié pogings nie baie suksesvol nie.

Daar was dus gedurende die Koue Oorlog, behalwe vir die pogings van die VN, ten opsigte van konvensionele wapens nie sprake van wapenbeheer of ontwapening deur Suid-Afrika nie. Suid-Afrika het intendeel 'n selfversorgende wapennywerheid ontwikkel wat hom in staat gestel het om vol te hou met genoemde gewapende konflikte.

Suid-Afrika se ontwikkeling van 'n chemiese en biologiese wapenvermoë gedurende die Koue Oorlog word vervolgens bespreek.

### 1.3 Suid-Afrika en chemiese en biologiese wapens gedurende die Koue Oorlog

Suid-Afrika is sedert 1930 'n party tot die Geneefse Protokol, ook die "Gasprotokol" genoem, wat in 1925 oopgestel is vir ondertekening. Die "Gasprotokol" verbied die gebruik van giftige gasse tydens oorlogvoering, sowel as bakteriologiese metodes van oorlogvoering. Suid-Afrika is ook sedert 1975 'n party tot die Biologiese Wapenkonvensie.<sup>24</sup>

Suid-Afrika het, vóór enige Europese staat, gedurende die Tweede Wêreldoorlog chemiese stowwe vir wapens vervaardig. Die NCP Chloorkop chemiese aanleg in Gauteng het mosterdgas vir die geallieerde magte vervaardig.<sup>25</sup> Volgens Landgren was daar in die laat sewentiger- en vroeë tagtigerjare sterk gerugte dat Suid-Afrikaanse magte chemiese wapens in Angola en in die noorde van Namibië teen Angolese en SWAPO troepe gebruik het. Verskeie chemiese stowwe, senuweegas, asook virusse en bakterieë vir gebruik in biologiese oorlogvoering is ook, volgens Landgren, in Suid-Afrika vervaardig.<sup>26</sup>

Die Suid-Afrikaanse chemiese en biologiese wapenprogram, "Project Coast", is in die vroeë tagtigerjare begin omdat Suid-Afrika geglo het dat die Angolese regeringsmagte chemiese wapens in hulle konflik teen die Suid-Afrikaans gesteunde UNITA magte gebruik

het.<sup>27</sup> Volgens D Gerhardt, ‘n vlootkommodoor, wat in 1983 vir spioenasie en hoogverraad gevonnis is, was die Suid-Afrikaanse chemiese en biologiese wapenprogram van ‘n baie selektiewe en defensiewe aard.<sup>28</sup>

“Project Coast” is onder leiding van Dr Wouter Basson, Hoof van die Mediese Bataljon Groep in die Suid-Afrikaanse Mediese Dienste, in die vroeë negentigerjare begin. Hierdie eenheid was deurlopend interaktief met die Suid-Afrikaanse Spesiale Magte, waarvan Basson ‘n lid was. Daar was gedurende die negentigerjare en selfs tot in die vroeë negentigerjare sterk gerugte dat hierdie eenheid by die gebruik van chemiese wapens in Angola en Mosambiek teen regeringsmagte betrokke was.<sup>29</sup>

Die Suid-Afrikaanse Waarheid en Versoenings Kommissie (WVK) het gedurende Junie en Julie 1998 met verhore aangaande die Suid-Afrikaanse Chemiese en Biologiese Oorlog (CBO) program, (“Project Coast”) begin. Die Kommissie se ondersoek het reeds in 1996 begin met ‘n hoogs geheime inligtingsessie deur ene M. Kennedy van die Nasionale Intelligensie Agentskap (NIA) en die Geneesheer-Generaal, Dr D. Knobel. Die teenwoordige persone moes almal sekerheidsgeklaar wees. Die kern van die inligtingsessie was dat Suid-Afrika wel oor ‘n CBO vermoë in die verlede beskik het maar dat dit sedertdien reeds tot niet gemaak is.<sup>30</sup>

Die program is deur middel van ‘n aantal frontorganisasies bedryf en deur ‘n sentrale liggaam, bestaande uit onder andere die Hoof van Staf van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW), die Hoof van Staf Intelligensie, die Geneesheer-Generaal as projekbestuurder en Dr Basson as projekleier, beheer.<sup>31</sup>

Die WVK se ondersoek het met ‘n enkele aansoek om amnestie, ‘n aantal gekonfiskeerde dokumente wat oor die CBO program gehandel het en die CWK se navorsingsdepartement se dokumente begin. Nadat ‘n aantal trommels met dokumente oor die program in 1997 in Basson se besit gevind en gekonfiskeer is, het die ondersoek tot ‘n omvattende blootlegging, gebaseer op meer as 150 dokumente, beëdigde verklarings, amnestie aansoeke en onderhoude geleei. Bewyse van navorsing met cholera, botulisme, en antraks, chemiese vergiftiging en grootskaalse vervaardiging van dwelms wat vermoedelik vir skarebeheer bedoel was, is onder die projekte van die program gevind. Verder is chemiese stowwe, giwwie en dodelike mikro-organismes vir gebruik teen individue vervaardig en gekweek en is wapens vir die aanwending daarvan vervaardig. Dr A. Immelman, hoofnavorser by een van die frontlaboratoria het onder eed verklaar dat hy, op versoek van Basson, gifstowwe aan sekere individue moes voorsien. Items het antraks in sigarette, “botulinum” in melk en “paraoxon” in whisky ingesluit.<sup>32</sup>

Dit is egter by herhaling deur betrokkenes gedurende die WVK verhoor beklemtoon dat die CBO program nooit bedoel was om ‘n offensiewe program te wees nie en dat dit ook nie ‘n offensiewe program was nie. Die projek is begin met die doel om Suid-Afrika van ‘n

defensiewe vermoë te voorsien. Hierdeur is verstaan dat die nodige kundigheid beskikbaar moes wees om 'n chemiese of biologiese oorlogbedreiging van buite die staatsgrense te kan herken en daarop te kan reageer. Suid-Afrika moes ook oor die vermoë beskik om teenaanvalle te kan loods in geval chemiese of biologiese wapens teen Suid-Afrikaanse magte gebruik sou word.<sup>33</sup> President de Klerk het in 1993 opdrag gegee dat die oorblyfsels van chemiese en biologiese stowwe vernietig moes word.<sup>34</sup>

Volgens voorgaande beskrywing van Suid-Afrika se betrokkenheid gedurende die Koue Oorlog by chemiese en biologiese wapenvervaardiging, het die feit dat Suid-Afrika al sedert 1975 'n party tot die Biologiese Wapenkonvensie is hom geensins verhinder om genoemde wapens gedurende die Koue Oorlog te vervaardig nie. Soos reeds genoem is Suid-Afrika reeds sedert 1930 ook 'n party tot die Geneefse Protokol. Soos aan die begin van hierdie hoofstuk gemeld is het Suid-Afrika selfs 'n kernwapenvermoë gedurende die Koue Oorlog ontwikkel.

#### 1.4 Suid-Afrika en kernwapens gedurende die Koue Oorlog

Gedurende die laat sestigerjare toe spanning tussen Suid-Afrika, Angola en SWAPO op sy hoogste was, het Suid-Afrika 'n konvensionele aanslag deur Kubaanse troepe, wat ten tye die Angolese regering in hulle stryd teen UNITA en Suid-Afrika gehelp het, gevrees. Om die bedreiging van 50 000 Kubaanse troepe op Suidwes-Afrika se grens die hoof te kon bied, het die Suid-Afrikaanse regering nie veel van 'n keuse gehad as om die Weste op een of ander wyse te oorreed om in te gryp in die konflik nie. Volgens verslae was Luanda, die Angolese hoofstad, ten tye as 'n uiterste maatreël, geteiken vir 'n kernaanval indien die Kubane Suidwes-Afrika sou inval. In reaksie hierop het die VSA en die Sowjet-Unie, Angola, Suid-Afrika en Suidwes-Afrika gehelp om 'n onderhandelde skikking te bereik, wat geleei het tot die onttrekking van Suid-Afrikaanse en Kubaanse troepe vanuit die konflikgebied en die uiteindelike vreedsame oplossing van die Suidwes-Afrika kwessie.<sup>35</sup>

Wetenskaplike werk aan die lewensvatbaarheid van kernplofstowwe vir vreedsame aanwending het reeds in die sestigerjare in Suid-Afrika begin. Die vermoede wat in die sewentigerjare buite Suid-Afrika ontstaan het dat Suid-Afrika besig was om 'n kernvermoë te ontwikkel was dus nie heeltemal ongegrond nie. In 1977 het Suid-Afrika reeds 'n kerntoestel vir 'n "koue toets" {sonder die hoogs verrynke uraan (HVU) kern} gereed gehad. Die toestel sou in die Kalahari woestyn getoets word, maar die VSA en die Sowjet-Unie het Suid-Afrika oorreed om dit nie te doen nie nadat hulle vasgestel het dat Suid-Afrika die toets wou uitvoer.<sup>36</sup> Die Gedeeltelike Kerntoetsverbod (PTBT) wat in 1963 deur Suid-Afrika geratifiseer is, verbied nie ondergrondse toetse nie.<sup>37</sup>

In 1978 is die eerste hoeveelheid HVU vervaardig, en in 1979 die eerste kerntoestel met 'n HVU kern.<sup>38</sup> In 1982 is die eerste aflewerbare toestel vervaardig en teen 1987 is die eerste produksiemodel vervaardig. Daarna is 'n totaal van ses kerntoestelle vervaardig en 'n sewende was onder konstruksie toe kernwapenvervaardiging in 1989 deur die Suid-Afrikaanse regering gestaak is.<sup>39</sup>

Die aanleg vir die vervaardiging van HVU is in 1990 finaal gesluit en vanaf Julie 1990 tot Julie 1991 is die kerntoestelle vernietig en die verrykte uraan vir veilige bewaring deur Krygkor na die Atoomenergiekorporasie (AEK) oorgeplaas en het Suid-Afrika sodoende die eerste staat in die wêreld geword wat kernontwapening algeheel toegepas het.<sup>40</sup>

In 1991 het Suid-Afrika die Kernsperverdrag onderteken en homself tot 'n omvattende veiligheidsooreenkoms met die IAEA verbind. Op 24 Maart 1993 het die destydse Staatspresident van Suid-Afrika, F W de Klerk tydens 'n toespraak in die Parlement dit amptelik wêreldkundig gemaak dat Suid-Afrika wel oor 'n kernwapenvermoë beskik het maar dit tot niet gemaak het.<sup>41</sup>

Ter verbetering van die effektiwiteit van sy konvensionele wapenarsenaal en met die oog op 'n aflewingstelsel vir kernwapens, was die ontwikkeling van 'n missielprogram 'n bykans outomatiese keuse in Suid-Afrika se wapenvervaardigingsproses. Vandaar dan ook die ontwikkeling van 'n missielvervaardigingsvermoë gedurende die Koue Oorlog.

## 1.5 Suid-Afrika en missielvervaardiging gedurende die Koue Oorlog

Die ontwikkelingsgeschiedenis van die eerste Suid-Afrikaans vervaardigde lug-tot-lug missiel het gestrek vanaf die eerste toetse in 1968 totdat die V3B Kukri in 1982 bekend gestel is. See-tot-see missieltegnologie is met die hulp van Israel in die vorm van die Skerpioen missiel vanaf 1978 bekom. Die enigste suksesvolle missielprojek van die sestigerjare was die Kaktus grond-tot-lug missiel wat deur middel van Suid-Afrikaanse finansiering deur Frankryk vervaardig is.<sup>42</sup>

In 1964 is die Vuurpyl Navorsingsinstituut (VNI) gestig met die oog op navorsing en ontwikkeling in die missielveld. Volgens Prof A.J.A. Le Roux, ten tye vise-president van die Wetenskaplike Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) van Suid-Afrika, was Suid-Afrika as gevolg van verwikkelinge in Afrika verplig om betrokke te raak in die missielnywerheid. Die navorsing en vervaardiging van hierdie missiele sowel as meer gesofistikeerde tipes het voortgegaan tot in die tagtigerjare en daarna.<sup>43</sup>

In die vroeë tagtigerjare was daar gerugte dat Suid-Afrika met die hulp van Israel en Taiwan 'n kernmissiel met 'n reikafstand van 2 400 Kilometers vervaardig het.<sup>44</sup> Suid-Afrika het nie gedurende die Koue Oorlog 'n lid van die Missieltegnologie Beheerregime (MTBR) geword nie.<sup>45</sup>

Teen die einde van die Koue Oorlog het die Suid-Afrikaanse regering egter 'n radikale politieke beleidsaanpassing gemaak wat verreikende gevolge sou hê en wat onder ander daartoe gelei het dat Suid-Afrika met 'n omvattende ontwapenings- en wapenbeheerproses begin het.

## 2. Die na-Koue Oorlogtydperk

Suid-Afrika se eksterne strategiese omgewing het na 1989 dramaties verander. Die einde van die Koue Oorlog en die verbrokkeling van die Sowjet-Unie het 'n einde aan die wedwyering in Suider-Afrika tussen die twee supermoondhede gebring. Dit het 'n belangrike bydrae gelewer tot die vreedsame oplossing van meeste van die substreek se historiese konflikte en het vir die betrokke state geleenthede geskep om militêre uitgawes te verminder en te begin om ontwapeningsmaatreëls in te stel. Dit het ook 'n invloed op Suid-Afrika se eksterne bedreigingspersepsie gehad wat tot dramatiese veranderinge in buitelandse beleid gelei het.<sup>46</sup> Dié veranderinge word vervolgens bespreek.

### 2.1 Die aanvang van ontwapening

Suid-Afrika het sy gewapende magte na 1989 aan Suidwes-Afrika (Namibië) en Angola onttrek en aanvullend hiertoe in 1991 met onderhandelinge met die ANC begin om die binnelandse onrus in Suid-Afrika ook tot 'n einde te bring. Terselfdertyd het Suid-Afrika sy ergste resessie sedert die dertigerjare beleef. As gevolg van begrotingbeperkings is die verdedigingsuitgawes na 1989 drasties verminder.<sup>47</sup> In 1989 was Suid-Afrika se verdedigingsuitgawes die hoogste in die geskiedenis, naamlik 20 000 miljoen rand. Vanaf 1990 het dit egter vinnig verminder tot ongeveer 10 250 miljoen rand in 1995.<sup>48</sup>

Die verdedigingsbegroting se struktuur het ook drasties verander. Personeel en bedryfsuitgawes het verhoog ten koste van wapen/toerusting uitgawes sowel as uitgawes op navorsing en ontwikkeling. Personeelkostes het gestyg as gevolg van ontplooiing van die Weermag om die polisie te ondersteun as gevolg van 'n toename in politieke geweld net voor die algemene verkiesing in 1994 sowel as die integrasieproses en skepping van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) net na die verkiesing.<sup>49</sup> Aantal wapenprojekte is uitgestel wat onder andere veroorsaak het dat uitgawes op wapens en toerusting drasties verminder is.<sup>49</sup>

Tesame met die vermindering in uitgawes is 'n aantal wapenbeheermaatreëls ingestel: die SANW is geherstruktureer en gerasionaliseer; verskeie eenhede is ontbind en basisse en installasies is afgeskaal. In 1993 is diensplig vir blanke mans beëindig en surplus

militêre toerusting is verkoop of vernietig. Krygkor is in 1992 in twee aparte organisasies verdeel. 'n Nuwe staatsbeheerde nywerheidsmaatskappy, Denel, is gestig en onder beheer van die Minister van Openbare Instellings geplaas. Denel het meeste van Krygkor se vervaardigings-, navorsing- en ontwikkelingsfasiliteite oorgeneem. Krygkor het deel van die Ministerie van Verdediging gebly en het die verantwoordelikheid van wapenverkryging vir die SANW behou.<sup>50</sup>

Hierdie maatreëls het tot 'n groot mate gepaard gegaan met wetgewing, beleidsveranderings en beheerliggame wat na die Koue Oorlog deur Suid-Afrika in werking gestel is en vervolgens bespreek word.

## 2.2 Suid-Afrika se beleid ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening

Die Suid-Afrikaanse regering is sedert die April 1994 demokratiese verkiesing verbind tot 'n beleid van nie-proliferasie, ontwapening en wapenbeheer wat alle wapens van grootskaalse vernietiging insluit en strek tot die regering se pogings om die proliferasié van konvensionele wapens (insluitende klein en lichte wapens) teë te werk.<sup>51</sup> Op 17 Oktober 1994 tydens die nege-en-veertigste sitting van die Algemene Vergadering van die VN, het Suid-Afrika se verteenwoordiger onder andere die volgende verklaar: "South Africa's Government of National Unity has committed itself to a policy of non-proliferation and arms control which covers all the weapons of mass destruction and extends to our concerns about the proliferation of conventional weapons. To implement this policy South Africa is in the process of taking numerous substantive steps. It is our intention to be a responsible possessor of advanced technologies."<sup>52</sup>

Volgens die Witskrif oor Verdediging van 1996 is Suid-Afrika se nuwe wapenbeheermaatreëls gebaseer op die Handves van die VN, internasionale wetgewing, erkende internasionale wapenbeheerstelsels en 'n balans van ekonomiese, etiese, politieke, militêre en veiligheidsoorwegings.<sup>53</sup>

Volgens die Verdedigingsoorsig van 1998 is Suid-Afrika verbind tot die doelwitte van wapenbeheer en ontwapening op nasionale, streek- en internasionale vlakke. Soos later in hierdie hoofstuk bespreek sal word het Suid-Afrika onder andere 'n nuwe beleid aangaande die uitvoer van konvensionele wapens ingestel; 'n verbod op die vervaardiging en uitvoer van teen-personeelmyne geplaas; en ondersteun Suid-Afrika die internasionale verbod op die vervaardiging, gebruik en uitvoer van chemiese-, biologiese- en kernwapens en verwante tegnologieë.<sup>54</sup>

Dit is 'n duidelik gestelde Suid-Afrikaanse standpunt om 'n verantwoordelike benadering tot internasionale handel in verdedigingsverwante produkte te volg. Suid-Afrika

ondersteun dus, volgens die regering, alle resolusies ten opsigte van deursigtigheid in wapens, streeksvertroueskepping, en nie-proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging en konvensionele wapens.<sup>55</sup>

Die Suid-Afrikaanse regering se beheer van wapens en verwante toerusting word in ses areas op nasionalevlak toegepas. Elke area het 'n eie stel wetgewing en strukture. Die ses areas van owerheidsbeheer op nasionalevlak is: konvensionele wapens (twee areas); wapens van grootskaalse vernietiging en dubbeldoelige items; vuurwapens, ammunisie en traangas; plofstowwe; en kernverwante tegnologie.<sup>56</sup> Nasionale wapenbeheer wetgewing, beheerstrukture en verantwoordelikhede word in onderstaande tabel aangetoon.

Wetgewing	Beheer	Struktuur	Verantwoordelike Departement
Konvensionele Wapenbeheerwet; (Wetsontwerp op die Beheer van Konvensionele Wapens, 50/2000)	Konvensionele Wapens	Nasionale Konvensionele Wapenbeheer Komitee (NKWK); Direktoraat van Konvensionele Wapenbeheer (DKW)	Departement van Verdediging
Wapenontwikkeling en Vervaardiging Wet No 57 van 1968	Konvensionele Wapens	NKWK; DKW	Departement van Verdediging
Nie-Proliferasie Van Wapens van Grootskaalse vernietiging (Wet 87 van 1993)	Wapens van Grootskaalse vernietiging gebruiksitems	Nie-Proliferasie Raad	Departement van Handel en Nywerheid
Wet op Plofstowwe (No 26 van 1956)	Plofstowwe	Suid-Afrikaanse Polisie Diens (Inspektoraat van Plofstowwe)	Ministerie van Veiligheid en Sekuriteit
Wet op Vuurwapens en Ammunisie (No 75 van 1969); (Wetsontwerp op die Beheer van Vuurwapens, (B34D-2000)	(Kommersiële en Militêre aanwending)	Suid-Afrikaanse Polisie Diens (Sentrale Wapen Register)	Ministerie van Veiligheid en Sekuriteit
Wet op Traangas (No 16 van 1964)	Kommersiële Wapens en Ammunisie		
Wet op Kern Energie (1993)	Kernmateriaal en verwante Tegnologie	Kernenergiekorporasie (KEK) (voorheen AEK)	Dept van Mineraal en Energiesake

Bron: RSA: White Paper on South African Defence Related Industries, Chapter Six, 1999, p4.

Benewens hierdie wetgewing is Suid-Afrika ook tot 'n groot aantal multilaterale ooreenkomste, sowel as unilaterale aksies wat, soos later uit hierdie hoofstuk sal blyk, op wapenbeheer en ontwapening betrekking het, verbind. Daar word vervolgens oorgegaan tot die bespreking van die multilaterale wapenbeheer- en ontwapeningsooreenkomste waarvan Suid-Afrika teen die einde van die Koue Oorlog en daarna 'n party geword het.

## 2.3 Suid-Afrika se benadering tot die nie-proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging

Veranderinge in die veiligheidsomgewing in die laat tagtigerjare het 'n belangrike rol in Suid-Afrika se besluit om te "ontkern" gespeel. Na die ineenstorting van die Sowjet-Unie; die onafhanklikwording van Namibië; die beëindiging van vyandighede in Angola; en die terugtrekking van die Kubaanse troepe in Angola, was daar 'n opmerklike verandering in die veiligheidsituasie in Suider-Afrika, wat veroorsaak het dat vanuit Suid-Afrika se oogpunt gesien, kernafskrikking onnodig geword het. Toe F W de Klerk in 1989 as Staatspresident van Suid-Afrika gekies is, het hy dadelik met 'n program, wat gemik was op die normalisering van Suid-Afrika se buitelandse betrekkinge, begin. In November 1989 het 'n spesiale komitee van ondersoek aanbeveel dat Suid-Afrika se kernwapenprogram beëindig word, 'n besluit wat deur de Klerk goedgekeur is. Suid-Afrika het die Kernsperverdrag van 1968 in Julie 1991 onderteken. Die ooreenkoms met die Internasionale Atoom Energie Agentskap (IAEA) oor veiligheidsvoorsorgmaatreëls het op 16 September 1991 in werking getree. In 'n poging om nie-proliferasie pogings in die laaste paar jaar van die de Klerk regering te verskerp is streng maatreëls ten opsigte van wapens van grootskaalse vernietiging en hul aflewingstelsels ingestel. Op 23 Junie 1993 het de Klerk die Wet op die Nie-Proliferasie van Wapens van Grootskaalse Vernietiging, onderteken. Dié wet verbied Suid-Afrikaanse burgers om op enige wyse by enige program wat daarop gemik is om wapens van grootskaalse vernietiging of hul aflewingstelsels te bekom betrokke te raak.<sup>57</sup> Dié Wet omskryf 'n aantal van die belangrikste terme soos volg:<sup>58</sup>

- "wapen van grootskaalse vernietiging - enige wapen wat ontwerp is om deur die effekte van 'n kernontploffing of die toksiese eienskappe van 'n chemiese oorlogvoering-reagens of die besmetlike of toksiese eienskappe van 'n biologiese oorlogvoering-reagens, mense, diere of plante dood te maak, of te beseer, of te besmet, en ook 'n aflewingstelsel wat uitsluitlik ontwerp, aangepas of bedoel is om sodanige wapens af te lewer".
- "aflewingstelsel – enige vuurpyl, ballistiese missielstelsel, ruimtelanseertuig, sondeervuurpyl of onbemande lugvaartuig, met inbegrip van 'n kruisermissiel, afstandbeheerde teikenvliegtuig of afstandbeheerde verkenningsvliegtuig, wat in staat is om 'n loonvrag van minstens 500 kilogram oor 'n afstand van minstens 300 kilometer af te lewer".

Sesdert die verkiesing in April 1994 van 'n demokratiese regering van nasionale eenheid vir Suid-Afrika het die Suid-Afrikaanse regering hom verbind tot 'n beleid van die bevordering

van globale vrede en veiligheid deur die eliminering en nie-proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging. Sulke wapens word gewoonlik as kern-, chemiese- en biologiese wapens geklassifiseer. Ten einde 'n beleid van nie-proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging te implementeer, het die Suid-Afrikaanse Kabinet op 31 Augustus 1994 'n voorstel van die Minister van Buitelandse Sake aanvaar dat Suid-Afrika 'n aktiewe deelnemer in die verskillende nie-proliferasie regimes en verskaffergroepe behoort te wees; in die openbaar die nie-proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging, met die doel om internasionale vrede en veiligheid te bevorder, moes ondersteun; sy posisie as lid van die verskaffersregimes en die OB vir die bevordering van nie-proliferasie moes gebruik; en te verseker dat beheermaatreëls nie ontwikkelende state se toegang tot gevorderde tegnologieë vir vreedsame doeleindes en ontwikkelingsbehoeftes sou belemmer nie.<sup>59</sup>

Suid-Afrika se betrokkenheid by multilaterale ooreenkomste ten opsigte van wapens van grootskaalse vernietiging word vervolgens in oënskou geneem.

### 2.3.1 Die Kernsperverdrag

As 'n staat wat oor gevorderde kerntegnologie beskik, deel Suid-Afrika die internasionale gemeenskap se kommer oor die proliferasie van kernwapens en onderskryf Suid-Afrika die konsep van 'n internasionale kernwapenvrye wêreld. Bewys van Suid-Afrika se erns ten opsigte van hierdie saak is die vernietiging van Suid-Afrika se kernwapens gedurende 1990 tot 1991 en Suid-Afrika se ondertekening van die Kernsperverdrag in Julie 1991.<sup>60</sup>

Suid-Afrika het tydens die hersieningskonferensie van die Kernsperverdrag wat in 1995 gehou is, 'n sentrale rol gespeel. Die VSA wat namens die verklaarde kernwapenstate opgetree het, het druk op Suid-Afrika geplaas om ondersteuning om 'n onbeperkte verlenging van die Kernsperverdrag deur die konferensie aanvaar te verkry. Aan die ander kant wou die nie-kernwapenstate, waarvan die meeste saam met Suid-Afrika lidstate van die OB is, Suid-Afrika se steun hê vir die verlenging van die Kernsperverdrag vir 'n vasgestelde tydperk. Hulle wou druk op die kernwapenstate volhou vir 'n groter verbintenis tot kernontwapening en die beskikbaarstelling van nie-kernwapentegnologie.<sup>61</sup>

Weens die feit dat Suid-Afrika hom op daardie stadium in die unieke posisie bevind het dat hy die enigste staat ter wêreld was wat kernwapens besit het en toe geheel en al ontwapen het, kon Suid-Afrika se afgevaardigdes met gesag oor albei kante van die saak praat. Onder leiding van die Minister van Buitelandse Sake het die Suid-Afrikaanse afvaardiging dan ook 'n belangrike bydrae gelewer sodat daar uiteindelik 'n kompromis tussen die twee partye, naamlik die kernwapenstate en die nie-kernwapenstate, bereik kon word. Suid-Afrika het met die kernwapenstate saamgestem vir 'n onbeperkte verlenging van die Kernsperverdrag, maar terselfdetyd druk op hulle geplaas om hulle verbintenisse tot

artikel VI van die Kernsverdrag na te kom. Artikel VI lees soos volg: "Each of the Parties to the Treaty undertakes to pursue negotiations in good faith on effective measures relating to cessation of the nuclear arms race at an early date and to nuclear disarmament, and on a treaty on general and complete disarmament under strict and effective international control".<sup>62</sup>

Die Suid-Afrikaanse Minister van Buitelandse Sake het onder andere in sy toespraak by die konferensie aanbeveel dat die volgende beginsels vir kern nie-proliferasie en ontwapening in ag geneem word by die hersiening van die Kernsverdrag:<sup>63</sup>

- (a) Hernude verbintenis tot die nie-proliferasie van kernwapens;
- (b) versterking van IAEA veiligheidsmaatreëls en volle samewerking ten opsigte van ooreenkomste in dié verband;
- (c) toegang tot kernmateriaal en tegnologie vir vreedsame aanwending;
- (d) vordering met onderhandelinge oor 'n "Afsnykonvensie";
- (e) vordering in die vermindering van kernwapenarsenale;
- (f) vordering in onderhandelinge vir 'n omvattende kerntoetsverbodkonvensie;
- (g) verbintenis tot die instelling van streek kernwapenvrye sones; en
- (h) toepassing van bindende veiligheidsversekeringe vir nie-kernwapenstate.

Al hierdie beginsels is deel van die ooreenkoms wat in 1995 bereik is om die geldigheid van die Kernsverdrag vir 'n onbepaalde tydperk te verleng,<sup>64</sup>

### **2.3.2 Die Internasionale Atoom Energie Agentskap (IAEA)**

Suid-Afrika was 'n stigterslid van die IAEA toe dit in 1957 deur die VN gestig is. As die mees gevorderde staat op die gebied van kerntegnologie in Afrika het Suid-Afrika tot 1977 ook sitting op die agentskap se beleidmakende raad gehad. In 1995 is Suid-Afrika weer, verteenwoordigend van Afrika, tot dié raad toegelaat. In ooreenstemming met die Wet op Kernenergie van 1993 is die Kernenergiekorporasie (KEK) in Suid-Afrika verantwoordelik vir die implementering van die veiligheidsvoorsorgmaatreëls soos ooreengekom met die IAEA, en soos deur die Kernsverdrag vereis.<sup>65</sup> Dié ooreenkoms met die IAEA het op 16 September 1991 in werking getree.<sup>66</sup>

### **2.3.3 Die Omvattende Kerntoetsverbod (CTBT)**

Die primêre onderhandelinge oor 'n Omvattende Kerntoetsverbod het binne die VN se Konferensie vir Ontwapening (KO) gedurende 1994, 1995 en 1996 plaasgevind. Die doel van die Verdrag is dat die internasionale gemeenskap die wêreld van kernwapentoetse wil

bevry. Suid-Afrika het aktief deelgeneem aan die onderhandelinge met die oog op die sluiting van die Verdrag. Soos reeds genoem was een van Suid-Afrika se aanbevelings by die konferensie vir die hersiening en verlenging van die geldigheid van die Kernsverdrag dat 'n omvattende kerntoetsverbod so gou doenlik ingestel moes word. Suid-Afrika se verteenwoordiger was die voorsitter by die eerste vergadering van die voorbereidende kommissie van die "Comprehensive Test Ban Treaty Organisation" (CTBTO). Suid-Afrika het die Verdrag op 24 September 1996 onderteken en dit op 30 Maart 1999 geratificeer.<sup>67</sup> Die Verdrag maak voorsiening vir drie moniteringstasies op Suid-Afrikaanse grondgebied, naamlik te Boshoff, Sutherland, Marion Eiland en een by die Suidpool.<sup>68</sup>

### 2.3.4 Die Afrika Kernwapenvrye Sone Verdrag (Pelindaba Verdrag)

Suid-Afrika se ondertekening van die Kernsverdrag in 1991 en sy algehele kernontwapening wat dit vooraf gegaan het, het die weg gebaan vir die sluiting van 'n verdrag wat Afrika 'n kernwapenvrye gebied sou maak. Suid-Afrika se deelname aan die samesprekings om die Pelindaba Verdrag 'n werklikheid te maak het reeds in 1993 begin. Die Verdrag is dan ook die eerste grootskaalse samewerkingsverdrag wat tussen post-apartheid Suid-Afrika en die res van die streek gesluit is.<sup>69</sup>

Suid-Afrika het gedurende 1994 by die Algemene Vergadering van die VN resolusies vir die skepping van globale kernwapenvrye sones, insluitende 'n kernwapenvrye sone vir Afrika, ondersteun. Opvolgend op die hersienings- en verlengingskonferensie vir die Kernsverdrag is daar in Mei-Junie 1995 'n vergadering van OAE/VN deskundiges gehou om 'n kernwapenvrye sone verdrag vir Afrika saam te stel. Suid-Afrika was deur sy verteenwoordiger by die VN se Konferensie oor Ontwapening (KO) in Genéve in die groep van deskundiges verteenwoordig. Hierdie groep van deskundiges het die konsepverdrag artikelgewys, tesame met kommentaar wat deur lidstate ingedien is, oorweeg. Die konsep is deur die deskundiges aanvaar; deur die OAE onderskryf;<sup>70</sup> en op 11 April 1996 vir ondertekening beskikbaar gestel.<sup>71</sup> Suid-Afrika het die Pelindaba Verdrag, soos dit algemeen bekend staan, op 27 Maart 1998 geratificeer.<sup>72</sup>

Volgens artikel 12 en 13 van die Pelindaba Verdrag het die partye besluit dat 'n kommissie, naamlik die "African Commission on Nuclear Energy" (ACNE) gestig moes word om te verifieer dat die partye tot die Verdrag wel die bepalings van die Verdrag nakom. Volgens die OAE resolusie oor die implementering van die Verdrag sal die hoofkwartier van ACNE in Suid-Afrika wees.<sup>73</sup>



### 2.3.5 Kern- en tweeledige gebruik uitvoerbeheer

As deel van die Suid-Afrikaanse regering se verbintenis om Suid-Afrika se beeld as 'n verantwoordelike besitter en invoerder/uitvoerder van kern- en tweeledige gebruik kernmateriaal en tegnologie te bevorder, het Suid-Afrika in 1993 lid van die Zanger Komitee (ZK) en in 1995 lid van die Kernverskaffersgroep (KVG) geword.<sup>74</sup>

Die Zanger Komitee, wat 'n multilaterale organisasie is, definieer en moniteer die handel in goedere en toerusting wat spesifiek vir kerngebruik ontwerp is. Die Minister van Mineraal en Energie Sake in Suid-Afrika oefen, in samewerking met die Kernenergie-korporasie beheer uit oor die uitvoer van Zanger Komitee tipe items.<sup>75</sup>

Die KVG is ook 'n multilaterale organisasie wat hulle beywer vir uitvoerbeheer oor kernverwante tweeledige gebruik toerusting, materiaal en tegnologie. Die KVG beheer kernmateriaal, toerusting en tegnologie (deel een) en kernverwante tweeledige gebruik items (deel twee). In Suid-Afrika word KVG beheermaatreëls vir "deel een" tipe items deur die Minister van Mineraal en Energie Sake in samewerking met die Kernenergiekorporasie toegepas. Die Suid-Afrikaanse Raad vir die Nie-Proliferasie van Wapens van Grootskaalse Vernietiging pas KVG beheermaatreëls toe op die uitvoer van "deel twee" tweeledige gebruik tipe items.<sup>76</sup>

## 2.4 Chemiese en biologiese wapens

Soos reeds gemeld het Suid-Afrika gedurende die tagtigerjare die vermoë om chemiese en biologiese wapens te vervaardig ontwikkel.

Met 'n geheime interne ondersoek wat deur Luitenant-Generaal P. Steyn, in opdrag van die staatspresident na die lojaliteit van die Suid-Afrikaanse gewapende magte gedoen is, het Steyn in sy verslag aan die president beweer dat Basson se Sewende Mediese Bataljon, besig was met 'n biologiese oorlogvoeringprogram. Op 31 Maart 1993 het de Klerk opdrag gegee dat "Project Coast" onmiddellik gestaak word.<sup>77</sup> Suid-Afrika se betrokkenheid by die BTWK en die CWK word vervolgens bespreek.

### 2.4.1 Die BTWK

Soos reeds genoem is Suid-Afrika al sedert 1975 'n party tot die BTWK. Suid-Afrikaanse deskundiges neem sedert 1991 reeds deel aan vergaderings van die BTWK om 'n verifikasieprocedure vir die Konvensie saam te stel. Suid-Afrika is ook sedert 1994 'n aktiewe deelnemer in onderhandelinge van 'n *ad hoc* groep van die partye tot die Konvensie

om 'n verifikasie prosedure saam te stel. Die werk wat deur die *ad hoc* groep gedoen word en die vlak waarop Suid-Afrika daaraan deelneem het Suid-Afrika as een van die primêre deelnemers aan die onderhandelinge gevestig.<sup>78</sup>

Suid-Afrika neem jaarliks op 'n vrywillige basis deel aan die uitruil van inligting en data oor biologiese vermoëns en fasilitete ooreenkomsdig 'n gestandaardiseerde prosedure soos ooreengekom in die Algemene Vergadering van die VN. Die Suid-Afrikaanse Raad vir die Nie-Proliferasie van Wapens van Grootkaalse Vernietiging reguleer die implementering van die Konvensie in Suid-Afrika. Die Wet op die Nie-Proliferasie van Wapens van Grootkaalse Vernietiging van 1993 gee hulle die mandaat daartoe.<sup>79</sup>

#### 2.4.2 Die CWK

Op 13 September 1995 het Suid-Afrika die CWK geratificeer. Die Konvensie het op 29 April 1997 in werking getree, en word wettiglik ingevolge Wet 87 van 1993 in Suid-Afrika deur die Raad vir die Nie-Proliferasie van Wapens van Grootkaalse Vernietiging toegepas.<sup>80</sup> Die CWK bepaal dat state op 'n gereelde grondslag verklarings moet maak oor spesifieke militêre- en nywerheidsaktiwiteite, insluitende onlustebeheer, in die chemiese veld. Die verklarings word geverifieer deur op-terrein inspeksies deur inspeksiespanne vanaf die hoofkwartier van die "Organisation for the Prohibition of Chemical Weapons" (OPCW) in Den Haag. Hierdie organisasie administreer die CWK.<sup>81</sup> Die Suid-Afrikaanse Raad vir die Nie-Proliferasie van Wapens van Grootkaalse Vernietiging sien ingevolge Wet No 87 van 1993 toe dat die bepalings van die Konvensie in Suid-Afrika nagekom word.

Weens die feit dat Suid-Afrika 'n groot chemiese nywerheid het is Suid-Afrika een van nege Afrikastate wat lid is van die uitvoerende raad van die OPCW. Suid-Afrika se afgevaardigde was die voorsitter van die voorbereidende kommissie van die OPCW vir die periode Augustus 1995 tot Februarie 1996. Gedurende hierdie tyd het die Suid-Afrikaanse ambassadeur by Den Haag afvaardigings na die VSA en die Russiese Federasie, as die grootste verklaarde besitters van chemiese wapens, geleid om hulle te oorred om die Konvensie te ratifiseer.<sup>82</sup> Albei hierdie state het die CWK in 1997 geratificeer.<sup>83</sup>

Die Suid-Afrikaanse Departement van Buitelandse Sake het gedurende September 1994 'n suksesvolle seminaar te Pretoria gereël vir die nasionale implementering van die CWK. Die seminaar was die eerste van sy soort in Afrika en is deur 120 afgevaardigdes, waaronder afgevaardigdes van 38 Afrikastate wat die Konvensie tot op daardie stadium onderteken het, bygewoon. Die doel van die seminaar was om verteenwoordigers van Afrikastate van 'n forum te voorsien waar op 'n informele wyse standpunte oor voorbereidings vir die inwerkingtreding van die Konvensie uitgeruil kan word sowel as om 'n beter begrip van die vereistes vir die implementering van die Konvensie op nasionalevlak te

verkry. Suid-Afrika het ook aktief deelgeneem aan twee soortgelyke seminare wat sedertdien gehou is.<sup>84</sup>

Soos reeds genoem is die Australië Groep 'n groep state wat probeer om op 'n informele wyse beheer uit te oefen oor die proliferasie van chemiese en biologiese stowwe wat vir die vervaardiging van chemiese en biologiese wapens gebruik kan word. Alhoewel Suid-Afrika nie 'n lid van die groep is nie is Suid-Afrika nogtans bereid om Australië Groep tipe beheer uit te oefen oor die uitvoer van chemiese en biologiese stowwe en giwwé wat vir genoemde wapenvervaardiging gebruik kan word maar nie deur die CWK of die BTWK se bepalings gedek word nie.<sup>85</sup>

## 2.5 Suid-Afrika en die Missieltegnologie Beheerregime (MTBR)

Soos reeds gemeld was daar in die laat tagtigerjare sterk gerugte dat Suid-Afrika met hulp van Israel 'n ballistiese missiel vermoë ontwikkel het. Volgens Allbright het 'n behoefté by die Suid-Afrikaanse regering ontstaan vir 'n missiel met 'n reikafstand van 3 000 kilometers. Krygkor se ballistiese missielvermoë is toe in samewerking met Israel ontwikkel. Die twee state het intensief op dié gebied saamgewerk. Hierdie samewerkingspoging het in 1992 tot 'n einde gekom en in 1993 is Suid-Afrika se ballistiese missiel bedrywighede gestaak en is die tegnologie na 'n ruimte lanseringsprogram gekanaliseer.<sup>86</sup>

Die MTBR is 'n multilaterale organisasie wat in 1987 gestig is met die doel om die proliferasie van aflewingstelsels vir wapens van grootskaalse vernietiging te probeer verhoed. Die MTBR het riglyne vir sensitiewe missielverwante oorplasings tussen state saamgestel. Hierdie riglyne is in 1993 uitgebrei om alle ballistiese- en kruisermisiele wat vir die aflewing van wapens van grootskaalse vernietiging gebruik kan word, in te sluit.<sup>87</sup>

Suid-Afrika se gevorderde wapennywerheid het missieltegnologieë ontwikkel wat ook vir die ontwikkeling van ballistiese missiele gebruik kan word. In die lig van Suid-Afrika se ondersteuning van die nie-proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging maak die Wet op die Nie-Proliferasie van Wapens van Grootskaalse Vernietiging voorsiening vir beheer oor die beweging van toerusting en tegnologieë wat gebruik kan word vir die vervaardiging van aflewingstelsels vir wapens van grootskaalse vernietiging.<sup>88</sup>

Op 3 Oktober 1994 het Suid-Afrika en die VSA 'n bilaterale missielverwante invoer/uitvoer ooreenkoms wat Suid-Afrika se verbintenis tot die MTBR verpligte bevestig het, onderteken. Die ooreenkoms tussen die VSA en Suid-Afrika het verder bepaal dat Suid-Afrika lanseerstelsels om satelliete in die buitenste ruimte te plaas mag invoer, in ruil vir 'n onderneming deur Suid-Afrika om sy eie ruimte lanseringsnavorsingsprogram te staak.<sup>89</sup>

Suid-Afrika het op 13 September 1995 lid van die MTBR geword. MTBR beheermaatreëls word in Suid-Afrika deur die Suid-Afrikaanse Raad vir die Nie-Proliferasie van Wapens van Grootkaalse Vernietiging geïmplementeer.<sup>90</sup>

Soos reeds gemeld was Suid-Afrika gedurende die Koue Oorlog tot 'n groot mate selfversorgend ten opsigte van konvensionele wapens. Die beleid ten opsigte van konvensionele wapens is egter na die Koue Oorlog tot 'n groot mate by die veranderde omstandighede aangepas. Dit word vervolgens bespreek.

## 2.6 Konvensionele wapens

Die Suid-Afrikaanse regering het die beleid ten opsigte van beheer oor konvensionele wapens aansienlik aangepas by die veranderde politieke omgewing wat na die Koue Oorlog in Suid-Afrika, veral na die 1994 demokratiese verkiesing, ingetree het, soos vervolgens bespreek word.

### 2.6.1 Verbintenis deur die Suid-Afrikaanse regering tot konvensionele wapenbeheer

Ten einde 'n internasionaal-aanvaarbare en verantwoordelike benadering tot konvensionele wapenbeheer te handhaaf en te verseker verbind die Suid-Afrikaanse regering homself tot die volgende beginsels:<sup>91</sup>

- (a) Ooreenkomsdig die Handves van die VN huldig die regering die sienswyse dat 'n vermindering in wêreldwyre militêre uitgawes 'n positiewe uitwerking op die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van die mensdom kan hê.
- (b) Alle soewereine state het, volgens die Handves van die VN, die reg tot selfverdediging.
- (c) Dit moet verseker word dat wapens wat van een staat na 'n ander oorgeplaas word nie vir die skending van die doelstellings van die Handves van die VN gebruik word nie.
- (d) Oormatige en destabiliserende konvensionele wapenvermeerdering bedreig nasionale, streek-, en internasjonale vrede en veiligheid. Wapenverkope aan state in streke waar oorloë gereeld ontstaan moet op 'n deurlopende basis geëvalueer en hersien word om die moontlike eskalasie van streekskonflikte te beperk.
- (e) Die noodsaaklikheid van effektiewe nasionale mekanismes om die oorplasing van konvensionele wapens en verwante tegnologieë te beheer.
- (f) Die regering ondersteun die VN se Register van Konvensionele Wapens en is verbind tot die verskaffing van die nodige data en inligting vir die Register, soos deur die VN verlang.

Suid-Afrika het in 1994 besluit om inligting ten opsigte van in- en uitvoere van sekere kategorieë wapens vir opname in die VN se Register van Konvensionele Wapens beskikbaar te stel. Die doelstellings van die Register is die instandhouding van internasionale vrede en veiligheid; die inherente reg van state tot selfverdediging; redelike maar effektiewe instandhouding van streekveiligheid, vrede en stabiliteit; onverminderde vlakke van veiligheid aan alle state teen die laagste moontlike vlakke van wapens; en die noodsaaklikheid van behoorlike beheer met wapenoorplasings wat gebaseer is op legitieme behoeftes vir die veiligheid van lidstate.<sup>92</sup>

Suid-Afrika het verslae vir die VN se Register van Konvensionele Wapens jaarliks vanaf 1994 tot 2000 ten opsigte van wapenuitvoere ingedien. Ten opsigte van invoere toon die verslag vir elk van genoemde jare, dat daar geen invoere was nie.<sup>93</sup>

In 1999 het Suid-Afrika egter kontrakte vir die aankoop van konvensionele wapens ten bedrae van 29.99 miljard rand geteken.<sup>94</sup> Die opleidingsvegvliegtuie, vegvliegtuie, helikopters, patrolliebote en duikbote wat deur middel van die kontrakte verskaf gaan word, word hoofsaaklik benodig om ou uitgediende oorlogtuie te vervang.<sup>95</sup> As 'n teenprestasie het buitelandse maatskappye wat die wapentuig moet verskaf onderneem om beleggings; kontrakte aan Suid-Afrikaanse firmas; en teenaankope ten bedrae van 104 miljard rand in Suid-Afrika te maak, wat die potensiaal vir die skepping van werkgeleenthede in Suid-Afrika inhoud. Hierdie teenbeleggingsprogramme mag egter so lank as 10-15 jaar neem om te realiseer.<sup>96</sup> Suid-Afrika het ook 'n opsie om 12 van die 24 Hawk opleidingsvegvliegtuie se bestelling teen 2002 te kanselleer sowel as om 19 van die 28 Gripen vegvliegtuie se bestelling teen 2004 te kanselleer.<sup>97</sup> As gevolg van inflasie het die koste van die wapens reeds tot 37.5 miljard rand gestyg en word daar bespiegel dat die transaksie uiteindelik soveel as 50 miljard rand kan kos.<sup>98</sup>

## 2.6.2 Die Nasionale Komitee vir Beheer oor Konvensionele Wapens (NKBKW)

Die Suid-Afrikaanse Kabinet het in 1995 die aanstelling van die NKBKW goedgekeur. 'n Stel riglyne en kriteria wat verseker dat wapenhandel en oorplasings volgens internasional aanvaarbare norme geskied is terselfdertyd vir die NKBKW neergelê. Die organisatoriese struktuur wat deur die Kabinet geskep is, bestaan uit die volgende vier vlakke:<sup>99</sup>

- (a) 'n Vlak om permitaansoeke te prosesseer. Die Direktoraat van Konvensionele wapenbeheer is hierby betrokke.

- (b) 'n Multidepartementele vlak om aansoeke volgens neergelegde kriteria te hersien en aanbevelings daaroor te maak.
- (c) Op die derde vlak is daar 'n Komitee, bestaande uit die Direkteurs-Generaal van die Departemente van Buitelandse Sake, Suid-Afrikaanse Geheime Diens, en die Departement van Handel en Nywerheid, sowel as die Sekretaris van Verdediging. Hierdie komitee gaan weer eens die permitaansoeke na en doen dan aanbevelings aan die NKBKW.
- (d) Die vierde en laaste vlak van politieke beheer is die NKBKW wat uit verskeie ministers en adjunk-ministers bestaan, met 'n voorsitter wat geen lynfunksie in die wapennywerheid verrig of by uitvoere betrokke is nie. Hierdie komitee wat deur die Kabinet goedgekeur is neem die uiteindelike besluit en die Minister van Verdediging reik die permitte ingevolge die wet op Wapen Ontwikkeling en Vervaardiging, No 57 van 1968, soos gewysig, uit.

Volgens die Wetsontwerp op die Beheer van Konvensionele Wapens (W50—2000) wat in Julie 2000 in die Staatskoerant gepubliseer is, is die NKBKW tans saamgestel uit Ministers, of Ministers en Adjunkministers asook ander persone wat nodig mag wees, soos deur die President aangestel. Die Komitee kan subkomitees instel wat werkzaamhede moet verrig soos deur die Komitee gelas. Die take wat uit die Komitee of 'n subkomitee se werkzaamhede voortvloeи moet deur 'n sekretariaat bestaande uit administratiewe personeel en inspekteurs van die Verdedigingsekretariaat verrig word. Die Minister van Verdediging stel hierdie personeel in oorleg met die Sekretaris van Verdediging aan.<sup>100</sup>

Geen persoon mag enige konvensionele wapens invoer, uitvoer, heruitvoer, vervoer, vervaardig, bemark of verhandel, of 'n diens lewer wat betrekking het op konvensionele wapens nie, tensy daardie persoon in besit is van 'n geldige permit wat hom magtig om dit te doen. Die Minister van Verdediging kan, met instemming van die Komitee, 'n permit uitreik of weier om magtiging te verleen.<sup>101</sup>

Ten opsigte van ontvangerstate sal die volgende aspekte in aanmerking geneem word deur Suid-Afrika voordat wapens aan state verskaf word:<sup>102</sup>

- (a) Of die betrokke staat se regering respek vir menseregte en basiese vryhede toon.
- (b) 'n Evaluasie van die ontvangerstaat ten opsigte van die VN se Universelle Verklaring van Menseregte en die Afrika Handves van Menseregte. Spesiale aandag sal aan gevalle waar politieke, maatskaplike, kulturele godsdienstige en wetlike regte ernstig deur staatsowerhede geskend word, gegee word.
- (c) Die interne situasie in die ontvangerstaat en in die streek in die lig van bestaande spanninge en gewapende konflikte.

- (d) Die spesifieke staat se rekord van nakoming met betrekking tot internasionale ooreenkomste en verdrae.
- (e) Die aard en koste van die wapens wat oorgeplaas moet word in verhouding tot omstandighede in die ontvangerstaat ten opsigte van legitieme veiligheids- en verdedigingsbehoeftes, en die doel van die minimum aanwending van menslike en ekonomiese hulpbronne vir wapens.
- (f) Die mate waartoe wapenverkope tot voordeel van Suid-Afrika se nasionale en buitelandse belang is.

Wapenverkope en –verskaffing sal vermy word in gevalle waar:<sup>103</sup>

- (a) Wapens vir die skending en onderdrukking van menseregte en basiese vryhede aangewend word;
- (b) Suid-Afrika se verbintenisse ten opsigte van VN wapenembargo's en ander wapenbeheerooreenkomste daardeur teegewerk word;
- (c) vrede bedreig word; streekonstabilitet veroorsaak word; of waar die militêre balans negatief beïnvloed word deur wapenverskaffing;
- (d) wapens binne die ontvangerstaat aangewend word of heruitgevoer word vir doeleindest wat in stryd met Suid-Afrikaanse beleid is;
- (e) wapenverskaffing 'n negatiewe invloed op Suid-Afrika se diplomatieke en handelsbetrekkinge met ander state kan hê;
- (f) wapenverskaffing terrorisme aanmoedig of ondersteun;
- (g) wapens vir ander doeleindest as legitieme verdedigings- en veiligheidsbehoeftes aangewend word; en
- (h) wapenverskaffing tot die eskalasie van streekkonflikte kan bydra.

Ten spyte van hierdie verbintenisse het Suid-Afrika na bewering gedurende die laat negentigerjare wapens na state met swak menseregte rekords soos Saoedi-Arabië en Algerië uitgevoer.<sup>104</sup> Suid-Afrika het net voor die begin van die burgeroorlog in die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK) gedurende 1997 en 1998 wapens en toerusting na state soos Namibië, Zimbabwe, Angola, Oeganda en Rwanda, wat betrokke is by die konflikte, uitgevoer.<sup>105</sup> Ten spyte van duidelike bewyse van grootskaalse skending van menseregte en onstabilitet in Oeganda en Rwanda het Suid-Afrika in 1997, volgens "Human Rights Watch", wapens ter waarde van R 18 miljoen aan hierdie state verskaf, en in 1998 wapens ter waarde van R 17 miljoen aan Rwanda.<sup>106</sup> Die wapens was sensitief van aard.

### 2.6.3 Suid-Afrika en die Onmenslike Wapenkonvensie

Soos reeds vroeër beskryf is die Onmenslike Wapenkonvensie 'n multilaterale konvensie wat die volgende vier protokolle insluit:

- (a) Protokol I aangaande nie-waarneembare fragmente.
- (b) Protokol II wat die gebruik van landmyne, fopmyne en ander soortgelyke toestelle verbied of die gebruik daarvan beperk.
- (c) Protokol III wat brandbomme en soortgelyke wapens wat ergere brandwonde kan veroorsaak verbied of beperk.
- (d) Protokol IV wat laserwapens wat permanente blindheid kan veroorsaak verbied.

Die Konvensie het in 1983 van krag geword en 84 state het dit reeds geratificeer. Protokol II is in 1996 aangepas om interne konflikte in te sluit en is terselfdertyd strenger gemaak om groter onderskeid tussen burgerlike en militêre doelwitte te tref en voorafwaarskuwings moet gegee word van fopmyne, landmyne en soortgelyke toestelle in 'n oorlogsgebied. Protokol IV is 'n nuwe protokol wat in 1995 by die ander drie gevoeg is.

Suid-Afrika het op 13 September 1995 'n party tot die Konvensie (Protokolle I, II en III) geword, en op 26 Junie 1998 is Suid-Afrika se verklaring van verbintenis tot die gewysigde Protokol II en Protokol IV by die VN ingehandig.<sup>107</sup>

### 2.6.4 Suid-Afrika en teen-personeelmyne

Soos vroeër gemeld is Afrika een van die streke wat die meeste onder die onoordeelkundige gebruik van teen-personeelmyne ly. Hierdie uiters gevaaarlike wapens het 'n vernietigende effek op die burgerlike samelewing nadat konflikte beëindig is en plaas geweldige beperkings op pogings tot heropbou en ontwikkeling inveral buitestedelike gebiede. In Suider-Afrika is die landmynprobleem in Angola en Mosambiek veral geweldig akuut.<sup>108</sup>

Die belangrikste aspekte wat dringende aandag nodig het is om die miljoene geplante teen-personeelmyne te vind en dit onskadelik te maak, en tweedens om te poog om 'n algehele wêreldwyse verbod op die gebruik van teen-personeelmyne ingestel te kry. Suid-Afrika wat erken word as 'n staat wat oor gevorderde ontmyningstegnologie beskik, het reeds bilateraal en deur die VN aan ander state soos Mosambiek en Angola hulp met die oplossing van hulle landmynprobleme aangebied.<sup>109</sup>

In 1994 het die vorige Suid-Afrikaanse regering, in ooreenstemming met 'n VN resolusie, 'n moratorium op die bemarking, uitvoer, en transito vervoer van alle tipes landmyne geplaas. In 1996 het Suid-Afrika 'n verbod op die uitvoer van alle tipes landmyne geplaas. Die Suid-Afrikaanse Kabinet het verder op 19 Februarie 1997, met onmiddellike

effek, 'n verbod op die gebruik, ontwikkeling, vervaardiging en opberging van teen-personeelmyne geplaas. Op 18 September 1997 het die Oslo Diplomatieke Konferensie, onder voorsitterskap van Suid-Afrika, die Teen-Personeelmyne (TPM) Konvensie aanvaar. Dié Konvensie plaas 'n verbod op die gebruik, berging, vervaardiging, en oorplasing van teen-personeelmyne en bepaal dat hierdie myne vernietig moet word. Op 30 Oktober 1997 is die vernietiging van 261 423 teen-personeelmyne wat Suid-Afrika op daardie stadium in voorraad gehad het, voltooi. Agtien duisend is vir opleidingsdoeleindes uitgehou. Hiervan is 5 000 lewendige myne en 13 000 "oefen" myne.<sup>110</sup>

Die TPM Konvensie is op 3 Desember 1997 te Ottawa, Kanada vir ondertekening beskikbaar gestel. Suid-Afrika het dit op 3 Desember 1997 onderteken. Op 26 Junie 1998 het Suid-Afrika die TPM Konvensie geratifiseer, en op 1 Maart 1999 het die Konvensie in werking getree.<sup>111</sup>

Alvorens daar oorgegaan word tot die bespreking van wapenbeheer en ontwapening met verwysing na kleinwapens, word die proliferasie van kleinwapens ná die Koue Oorlog in Suid-Afrika eers in oënskou geneem. Soos reeds genoem het die proliferasie van ligte en kleinwapens, en die konflikte wat daarmee gepaard gaan, na die Koue Oorlog die grootste probleem in Afrika, maar veral in die Suider-Afrikaanse substreek, geword. Dié situasie en die redes vir die proliferasie van hierdie wapens in Suid-Afrika word vervolgens in oënskou geneem.

## 2.6.5 Kleinwapens

Soos reeds in hoofstuk 5 gemeld is daar 'n oorvloed van onwettige kleinwapens en ammunisie in omloop in die Suider-Afrikaanse substreek. Weens die feit dat Suid-Afrika se grense vir groot afstande onbewaak is, vind die instroming van hierdie wapens na Suid-Afrika vrylik plaas. Behalwe vir 'n geskatte vier miljoen gelisensieerde vuurwapens in Suid-Afrika, is daar 'n geraamde agt miljoen onwettige kleinwapens in omloop in Suid-Afrika. Die aantal gelisensieerde vuurwapens wat verlore raak of gesteel word vermeerder elke jaar. Die omvang van die probleem word die beste gedemonstreer deur die gemak waarmee kriminele, politieke antagoniste en sogenaamde "vigilante" groepe wapens vir hul doeleindes kan bekom. Gister se wapens van oorlog en politieke bevryding het vandag se wapens van misdaad en geweld in Suid-Afrika geword.<sup>112</sup>

### 2.6.5.1 Kleinwapenproliferasie in Suid-Afrika

Die volgende faktore gee aanleiding tot kleinwapenproliferasie in Suid-Afrika:

(a) Die Koue Oorlog natalenskap

Gedurende die Koue Oorlog het die Warschau-Verdragstate, Kuba en die Volksrepubliek van Sjina die sogenaamde bevrydingsbewegings in Suider-Afrika, naamlik die (MPLA), “People’s Liberation Army of Namibia” (PLAN), “Zimbabwe People’s Liberation Army” (ZIPRA), en *Frente de Libertação de Moçambique* (FRELIMO) van massiewe hoeveelhede wapens voorsien. Soos reeds genoem het Westerse state en wapenvervaardigers aan die ander kant weer, ten spyte van die wapenverbod van 1977, vir Suid-Afrika van militêre toerusting en wapens voorsien. Beide Suid-Afrika en die VSA het weer wapens aan anti-kommunistiese insurgente in Angola verskaf.<sup>113</sup>

(b) Apartheid se natalenskap

Soos reeds genoem het Suid-Afrika in sy stryd teen die ANC, behalwe vir oorgrens operasies teen die ANC, ook militêre hulp aan goedgesinde organisasies in Suid-Afrika se buurstate verleen. Organisasies soos RENAMO, UNITA, en die “Lesotho Liberation Army” het hierby gebaat. Wapens wat deur Krygkor vervaardig is en wapens wat deur Suid-Afrikaanse magte in Angola en Namibië gebuit is, is hiervoor gebruik. Na bewering is 40 000 AK-47's wat van Pole, Roemenië, Bulgarije, Joego-Slawië, Hongarye en Sjina vanaf 1976 tot 1986 gekoop is, aan UNITA verskaf en is AK-47's wat van Bulgarije en Hongarye gekoop is, aan RENAMO verskaf. Een van die dodelikste ligte wapens, naamlik die teen-personeelmyn, wat deur Suid-Afrika vervaardig is, is na bewering ook saam met ander wapens en ammunisie aan RENAMO voorsien.<sup>114</sup>

(c) Oneffektiewe post-konflik ontwapening

Soos reeds vroeër genoem was die gebrek aan effektiewe ontwapening gedurende multilaterale vredesoperasies een van die hoofoorsake van kleinwapenproliferasie in Suider-Afrika. Ten spyte van ontwapeningsreëlings wat deur die “United Nations Transitional Assistance Group” (UNITAG) getref is toe SWAPO en Suid-Afrikaanse magte in Namibië gedemobiliseer is, is baie wapens nie ingehandig nie, en het dit mettertyd hul pad na Suid-Afrika gevind. In Angola met die VN se UNAVEM II sending het die VN magte nie die hulpbronne gehad om die strydende magte te ontwapen nie. Wapens wat wel ingehandig is, was van swak kwaliteit, klein hoeveelhede, swak bewaak en in onveilige plekke geberg. Baie van hierdie wapens het hul pad na Namibië en Suid-Afrika gevind. Die VN se UNIMOZ operasie in Mosambiek het, soortgelyk aan Angola, misluk. Die proliferasie van kleinwapens

in Mosambiek het binnelands 'n groot probleem geword en baie van die wapens is ook na Suid-Afrika en Malawi gesmokkel.

Die demobilisering- en integrasieproses na konflikresolusie in Suid-Afrika was baie gekompliseerd. Sewe verskillende gewapende magte moes in een enkele, legitieme en verteenwoordigende weermag saamgesnoer word. Hierdie magte het die volgende ingesluit: MK, SANW, "Azanian People's Liberation Army" (APLA), en die vier TBVC (Transkei, Boputhatswana, Venda en Ciskei) state. Alle MK wapenopslagplekke in Suid-Afrika moes verklaar word.<sup>115</sup> Gedurende die integrasieproses is daar egter baie min aandag aan die ontwikkeling van 'n spesifieke program vir die opruiming van wapenopslagplekke van die voormalig nie-statutêre magte (NSM) gegee. Ses maande na die demokratiese verkiesing in Suid-Afrika is "Operation Rollerball" in Oktober 1994 geloods om ANC wapenopslagplekke in Suid-Afrika en in naburige state op te ruim. Die SANW se destydse Hoof van die Generale Staf, Generaal S. Nyanda, het in Februarie 1995 aangekondig dat dié operasie 'n sukses was, maar net 70 AK-47 gewere en 53 pistole is onder andere gevind. Vele opslagplekke is nie gevind nie en vele van dié wat wel gevind is het geen wapens of ammunisie opgelewer nie. 'n Sterk moontlikheid bestaan dat die "verlore" wapens later vir onwettige en destabiliserende aktiwiteite gebruik is.<sup>116</sup>

(d) Gelisensieerde wapens

Soos reeds gemeld is daar ongeveer vier miljoen gelisensieerde vuurwapens in Suid-Afrika. Die wetlike vereistes vir die verkryging van vuurwapens was in die vroeë negentigerjare nie baie streng nie en wapens kon dus maklik bekom word. Wette is sedertdien strenger gemaak. 'n Groot bron van kommer in Suid-Afrika is egter die geweldige aantal vuurwapens wat jaarliks verloor en gesteel word en dan in verkeerde hande beland. Ongeveer 30 000 gesteelde gelisensieerde vuurwapens beland jaarliks in die onwettige wapenhandel mark.<sup>117</sup>

(e) Verlies van vuurwapens deur veiligheidsmagte

Nog 'n interne bron van onwettige wapens is die geraamde 8 500 vuurwapens wat jaarliks deur die Suid-Afrikaanse Polisie Diens (SAPD) en die SANW verloor word, of gesteel word. Dit word beweer dat lede van die SAPD en die SANW self wapens steel en dit in die smokkelhandel verkoop.<sup>118</sup>

(f) Die wapennywerheid as 'n belangrike bron

Suid-Afrika is die grootste wapenvervaardiger in Afrika. In die middel tagtigerjare was Suid-Afrika die tiende grootste wapenvervaardiger in die wêreld. Hierdie onderskeiding is deur Krygkor bewerkstellig. Krygkor het tot een van die grootste nywerheidsorganisasies in Suid-Afrika ontwikkel en wapens was ná goud en steenkool Suid-Afrika se grootste uitvoerbate. Krygkor het egter nie wapens in die burgerlike handel verkoop nie, maar slegs aan die Suid-Afrikaanse weermag wapens verskaf.<sup>119</sup>

(g) Die ontstaan van misdaadsindikate, gewapende "vigilante" groepe en Moslem ekstremiste groepe

Misdaadsindikate, "vigilante" groepe soos "People Against Gangsterism and Drugs" (PAGAD) en Moslem ekstremiste groepe soos "Muslims Against Global Oppression" in Suid-Afrika gee aanleiding tot die proliferasie van veral kleinwapens in Suid-Afrika. Hierdie groepe opereer nie sonder wapens nie en die gebruik van onwettige wapens is aan die orde van die dag. Dit gebeur gereeld dat voertuie wat geld vervoer deur bendes wat met AK-47's gewapen is beroof word. As gevolg hiervan, sowel as die feit dat gewapende misdaad geweldig toegeneem het in Suid-Afrika in die negentigerjare, het die Suid-Afrikaanse samelewing onveilig geraak en het dit aanleiding gegee tot die ontstaan van talle privaat veiligheidsorganisasies wat hul dienste aanbied. Dit op sigself dra by tot kleinwapenproliferasie in Suid-Afrika deurdat hierdie organisasies nie hul werk sonder vuurwapens kan doen nie. Daar is hierdeur meer wapens in omloop en die moontlikheid van verlies en /of diefstal word dus vergroot.<sup>120</sup>

(h) Politieke geweld

Alhoewel politieke geweld na 1994 tot 'n mate verminder het in Suid-Afrika, het 'n politieke organisasie, die Inkatha Vryheidsparty in die laat negentigerjare steeds kleinwapens op groot skaal vir hulself bekom. Die politieke stryd en gepaardgaande geweld tussen die Inkatha Vryheidsparty en die ANC woed al sedert die vroeë negentigerjare en het nog steeds nie tot 'n einde gekom nie. Voor 1994 het hulle gebruik gemaak van 'n tuisgemaakte vuurwapen, die "kwasha", waarvoor konvensionele ammunisie gebruik kan word. Na 1994 het die patroon egter verander en word G-3 aanvalsgewere, R-5, R-4 en R-1 gewere gebruik. Hierdie nuwe wapens het ongetwyfeld bygedra tot die hoë vlak van politieke geweld in Kwazulu/Natal.<sup>121</sup>

### 2.6.5.2 Beheer oor kleinwapens in Suid-Afrika

Die Suid-Afrikaanse regering se sienswyse ten opsigte van pogings tot teenproliferasie van ligte en kleinwapens is dat daar 'n holistiese benadering met deurlopende aksie op nasionale, streek en internasjonale vlakke behoort te wees wat spesifiek op ligte en kleinwapens fokus.<sup>122</sup> Die Suid-Afrikaanse regering het 'n aantal maatreëls ingestel om die proliferasie van kleinwapens die hoof te bied:

- (a) Progressiewe strenger klousules in die Wapen en Ammunisie Wet No 75 van 1969 tesame met strenger vereistes vir die verkryging van vuurwapenlisensies.<sup>123</sup> Die Minister van Wet en Orde het op 12 Oktober 2000 Wetsontwerp No 34 van 2000 ten opsigte van Beheer oor Vuurwapens in Suid-Afrika by die parlement ingedien. Volgens dié wetsontwerp is die ouderdom vir die besit van 'n vuurwapen van 16 na 21 verhoog; mag 'n persoon net een vuurwapen vir selfverdediging besit; die vuurwapen mag nie 'n outomatiese wapen wees nie; 'n vuurwapenlisensie sal vyfjaarliks hernu moet word; en 'n nuwe aansoeker sal 'n sertfikaat van bevoegdheid om 'n vuurwapen te mag besit saam met sy aansoek om 'n vuurwapenlisensie moet inhandig.<sup>124</sup>
- (b) Suid-Afrika is daartoe verbind om die vloei van onwettige wapens oor sy grense te beëindig.<sup>125</sup> Gesamentlike operasies deur die SANW en die SAPD om toenemende misdaad en proliferasie van kleinwapens te bekamp word van tyd tot tyd onderneem. Aangesien wapens Suid-Afrika onwettig binnekoms vanaf state soos Mosambiek, Zimbabwe, Angola, Namibië, Lesotho, Botswana, Swaziland en Zambië (almal buurstate van Suid-Afrika) het Suid-Afrika met bilaterale inisiatiewe begin om die probleem die hoof te bied. Suid-Afrika het dan ook bilaterale ooreenkomste aangegaan met Swaziland en Mosambiek.<sup>126</sup> Operasies Rachel wat deur die Suid-Afrikaanse en Mosambiekse polisiemagte uitgevoer is het sedert 1995 tot die vernietiging van 450 ton kleinwapens en ammunisie wat by wapenopslagplekke in Mosambiek gevind is, geleei.<sup>127</sup> Tydens die jaarlikse operasie wat tydens 2001 in Mosambiek uitgevoer is, is reeds 18 wapenopslagplekke gevind. Bykans 1 000 vuurwapens, 246 magasyne, 77 handgranate, 120 000 patronen, bykans 300 vuurpyle, 647 mortiere en 31 teen-personeelmyne is gevind en vernietig.<sup>128</sup>
- (c) Suid-Afrika het 'n beleid aanvaar om alle uitgediende en surplus kleinwapens te vernietig sodat dit nie vir onwettige- en oorlogsdoeleindes gebruik kan word nie. Gedurende 1997 het die SAPD 70 ton kleinwapens en ammunisie vernietig. Dié wapens het 4 504 pistole, rewolwers, gewere, haelgewere en tuisgemaakte vuurwapens ingesluit.<sup>129</sup> Die Departement van Verdediging het sedert Junie 2000

ongeveer 262 000 kleinwapens vernietig. Die wapens was ondiensbaar, nie meer in gebruik nie of van onwettige eienaars gekonfiskeer. Die vernietiging van die wapens is onder die naam "Operasie Mouflon" gedoen.<sup>130</sup>

- (d) Suid-Afrika het homself tot 'n beleid van verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid in die handel en oorplasing van alle wapens verbind. Die regering het 'n wapenbeheerstelsel ingestel wat voorsiening maak vir 'n ministeriële liggaam, die Nasionale Komitee vir Beheer oor Konvensionele Wapens, om kriteria, beginsels en riglyne vas te stel om te verseker dat die handel in konvensionele wapens op 'n verantwoordelike wyse geskied.<sup>131</sup>
- (e) Suid-Afrika is een van die onderskrywers van 'n VN Algemene Vergadering resolusie wat 'n oproep doen om 'n internasionale konferensie oor onwettige wapenhandel wat nie later nie as 2001 gehou moet word. In 'n brief aan die Sekretaris-Generaal versoek Suid-Afrika dat die konferensie 'n aksieplan, wat gebaseer is op die ondervindinge van individuele state, teen die proliferasie van kleinwapens moet saamstel.<sup>132</sup>

Beheer oor kleinwapens is natuurlik nie net Suid-Afrika se taak nie. Kleinwapenproliferasie is nie net Suid-Afrika se probleem nie maar is inderwaarheid die Suider-Afrikaanse substreek en 'n Afrika probleem. Dit word egter nie tot dieselfde mate deur sommige ander state in Afrika besef nie. Suid-Afrika het dus 'n groot taak om sy buurstate te oorreed om hul verantwoordelikheid ten opsigte van kleinwapenbeheer in 'n meer ernstige lig te beskou.

## 2.7 Suid-Afrika en die VN se Konferensie oor Ontwapening (KO)

Die KO is, soos genoem, deur die VN se Algemene Vergadering tydens sy eerste spesiale sitting in 1978 gestig. Die KO is die enigste globale ontwapening onderhandelingsforum. Suid-Afrika se toelating, saam met 22 ander state, tot die KO op 17 Junie 1996 het op verskeie jare se onderhandelinge om die KO se lidmaatskap van 38 uit te brei, gevvolg. Sedert sy toelating is Suid-Afrika 'n aktiewe lid van die KO wat tans 66 lidstate het.<sup>133</sup>

Suid-Afrika het sedert toelating tot die KO aktief aan die verrigtinge deelgeneem. Op 4 Maart 1999 het Suid-Afrika se verteenwoordiger by die KO die Konferensie meegedeel dat die voorsitter van die NKBKW in Suid-Afrika aangekondig het dat ingevolge regeringsbeleid oor nie-proliferasie en wapenbeheer, die regering besluit het dat alle uitgediende kleinwapens in besit van die regering eerder vernietig moet word as om dit, soos vroeër gedoen is, op tender te verkoop. Die Suid-Afrikaanse verteenwoordiger het die Konferensie verder meegedeel dat daar voor die besluit deur die Suid-Afrikaanse regering, sedert 1997

reeds 50 ton vuurwapens en 20 ton ammunisie wat gekonfiskeer is of as oortollig beskou is, deur die SAPD vernietig is.<sup>134</sup>

Op 20 Januarie 1998 het die ambassadeur van Suid-Afrika 'n konsepbesluit by die KO ingedien wat soos volg gelui het:<sup>135</sup>

"1.The Conference on Disarmament decides to establish an Ad Hoc Committee on Nuclear Disarmament to deliberate upon practical steps for systematic and progressive efforts to eliminate nuclear weapons as well as to identify if and when one or more such steps should be the subject of negotiations in the Conference.

2.In discharging its functions, the Ad Hoc Committee will take into account existing proposals and views as future initiatives on nuclear disarmament."

Op 29 April 1998 het die Suid-Afrikaanse verteenwoordiger in die VN se Voorbereidende Komitee vir 2000 se Kernsperverdrag hersieningskonferensie die Komitee meegedeel dat daar nog nie konsensus in die KO bereik kon word oor genoemde *ad hoc* komitee nie, en het hy weer 'n pleidooi gelewer vir die instelling van so 'n ondergeskikte liggaam.<sup>136</sup>

Die 2000 Kernsperverdrag hersieningskonferensie het egter aangaande die praktiese uitvoering van artikel VI van die Kernsperverdrag, wat op kernontwapening betrekking het soos volg besluit: "The necessity of establishing in the Conference on Disarmament an appropriate subsidiary body with a mandate to deal with nuclear disarmament. The Conference on Disarmament is urged to agree on a programme of work which includes the immediate establishment of such a body."<sup>137</sup>

### 3. Samevatting

Daar was gedurende die Koue Oorlog nie enige sprake van wapenbeheer en ontwapening in Suid-Afrika nie. Suid-Afrika se beleid van apartheid; volgehoue administrering van Suid-Wes Afrika (Namibië) en beperkte politieke deelname aan swart mense in Suid-Afrika en in Namibië het tot hewige politieke konflik en internasionale isolasie van Suid-Afrika geleid. Die politieke konflik het metertyd tot 'n militêre konflik geleid en Suid-Afrika tot 'n groot mate van sy buurstate en die wêreldgemeenskap vervaar.

Ten einde die politieke *status quo* in Suid-Afrika en Namibië te handhaaf het Suid-Afrika geen ander keuse gehad as om homself deeglik militêr toe te rus nie. Wapenembargo's wat sedert die vroeë sestigerjare deur die VN teen Suid-Afrika toegepas is het daartoe geleid dat Krygkor gestig is, en Suid-Afrika sy eie konvensionele-, ligte-, en kleinwapens sowel as missiele begin vervaardig het. Die Suid-Afrikaanse regering het 'n konvensionele aanslag vanuit Afrika verwag; was verplig tot oorgrensaanvalle in buurstate

om ANC basisse uit te wis; en was in 'n teeninsurgensie oorlog teen SWAPO gewikkel wat tot oorgrensaanvalle in Angola gelei het. Hierbenewens het Suid-Afrika goedgesinde organisasies soos UNITA in Angola, RENAMO in Mosambiek en die "Lesotho Liberation Army" in Lesotho van logistieke hulp, opleiding en wapens voorsien in hulle stryd teen die regerings van die betrokke state. Groot bedrae is deur die Suid-Afrikaanse regering bestee aan die opleiding van militêre personeel; die mobilisering van die Suid-Afrikaanse weermag; die vervaardiging van wapens; en die verskaffing van wapens aan bogenoemde organisasies in buurstate.

Ten spye van die feit dat Suid-Afrika 'n party tot die BTWK is, is biologiese wapens in die tagtigerjare in Suid-Afrika vervaardig. Suid-Afrika is ook 'n party tot die Geneefse Protokol, wat bakteriologiese oorlogvoering verbied. So ook het Suid-Afrika gedurende die Koue Oorlog sedert die tagtigerjare chemiese wapens, en gedurende die sewentigerjare 'n kernwapenvermoë ontwikkel en ses kernwapens vervaardig. Die Suidpool Verdrag en die Seebodem Verdrag waarvan Suid-Afrika onderskeidelik sedert 1959 en 1971 'n party is, verbied nie die ontwikkeling van 'n kernwapenvermoë nie. Hierbenewens het Suid-Afrika in samewerking met Israel begin met die ontwikkeling van ballistiese missiele. Hierdie herbewapening van Suid-Afrika het in die sestigerjare begin en tot in die laat tagtigerjare voortgeduur.

In Suid-Afrika se geval is dit baie duidelik dat indien 'n staat militêr van binne en van buiten sy grense bedreig word, deelgenootskap aan ooreenkomste soos die BTWK hom nie sal verhoed om te doen wat nodig is om homself teen anargie van binne sy grense en militêre bedreigings van buiten sy grense te verdedig nie.

Daar was dus gedurende die Koue Oorlog nie werklik sprake van wapenbeheer en ontwapening deur Suid-Afrika nie. Die ooreenkomste wat wel onderteken is, het weinig (indien enigsins) beperkings ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening op Suid-Afrika geplaas.

Suid-Afrika se eksterne strategiese omgewing het egter na 1989 dramaties verander. Die Koue Oorlog het tot 'n einde gekom en daarmee saam die supermoondhede se wedywering in Afrika en Suider-Afrika. Dit het aanleiding gegee tot die oplossing van sommige historiese konflikte in Suider-Afrika. Dit het ook 'n invloed op Suid-Afrika se persepsie van 'n eksterne konvensionele bedreiging gehad. Suid-Afrika het terselfdertyd 'n radikale politieke beleidsaanpassing gemaak wat tot die onafhanklikwording van Namibië en die ontbanning van onder andere die ANC in Suid-Afrika en die beëindiging van die beleid van apartheid gelei het. In 1991 is onderhandelinge met die ANC begin om die binnelandse onrus in Suid-Afrika tot 'n einde te bring. Dit het tot die eerste demokratiese verkiesing in 1994 in Suid-Afrika gelei.

Die Suid-Afrikaanse regering se beleid ten opsigte van internasionale handel in verdedigingsverwante produkte bepaal dat 'n verantwoordelike benadering gevvolg moet word. Soos egter uit hierdie hoofstuk duidelik is, stel die Suid-Afrikaanse regering hom bloot aan kritiek deurdat daar nie altyd, veral ten opsigte van die beleid aangaande die uitvoer van konvensionele wapens, by die riglyne gehou word nie. Suid-Afrika ondersteun alle resolusies ten opsigte van deursigtigheid in wapens, streeksvertroueskepping, en die nie-proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging. Die Suid-Afrikaanse regering het sy benadering tot wapenuitvoere ná die Koue Oorlog drasties verander. Die verbintenis van die Suid-Afrikaanse regering tot wapenbeer en ontwapening is duidelik uit die volgende:

- Suid-Afrika se vernietiging van sy kernwapens, om sodoende die eerste staat ter wêreld te word om algehele kernontwapening toe te pas; die ondertekening van die Kernsperverdrag in Julie 1991; en die sentrale rol wat Suid-Afrika by die 1995 hersieningskonferensie van die Kernsperverdrag gespeel het.
- Suid-Afrika se deelname aan die raad van die IAEA en die omvattende veiligheidsooreenkoms wat met die IAEA in 1991 gesluit is.
- Die inhoud van Wet No 87 van 1993 oor die nie-proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging.
- Suid-Afrika se ratifikasie van die Omvattende Kerntoetsverbod in 1999.
- Suid-Afrika se bydrae tot die samestelling van die Pelindaba Verdrag en die ratifikasie daarvan in 1998.
- Suid-Afrika se lidmaatskap van die Zanger Komitee in 1993 en die KVG in 1995.
- Die staking van Suid-Afrika se chemiese en biologiese wapenprogram ("Project Coast") in 1993.
- Suid-Afrika se deelname sedert 1991 aan 'n internasionale *ad hoc* groep om onder andere 'n verifikasieprocedure vir die BTWK saam te stel.
- Suid-Afrika se ratifikasie van die CWK in 1995.
- Suid-Afrika se aanbieding van 'n suksesvolle seminaar in 1994 oor die implementering van die CWK in Afrika.
- Suid-Afrika se bereidwilligheid om, ten spyte van die feit dat Suid-Afrika nie 'n lid van die Australië Groep is nie, nogtans die groep se maatreëls ten opsigte van die uitvoer van chemiese en biologiese stowwe en giwwé na te kom.
- Suid-Afrika se lidmaatskap van die MTBR in 1995.
- Die neerlegging van streng riglyne en kriteria vir konvensionele wapenuitvoere en oorplasings met die aanstelling van die NKBKW in 1995 en die Wetsontwerp oor die Beheer van Konvensionele Wapens (50/2000).

- Suid-Afrika se verbod op die uitvoer van alle tipes landmyne in 1996 en 'n verdere verbod op die vervaardiging van teen-personeelmyne in 1997. In 1997 is 261 423 teen-personeelmyne vernietig.
- Suid-Afrika se ratifikasie van die TPM Konvensie in 1998.
- Progressiewe strenger klosules in die Wet op Wapens en Ammunisie van 1969 en die Wetsontwerp oor die Beheer van Vuurwapens (B34D/2000) met strenger vereistes vir die verkryging van vuurwapenlisensies sowel as vir die bewaring van vuurwapens.
- Suid-Afrika se verbintenis daartoe om die vloei van onwettige wapens oor sy grense te stop.
- Die vernietiging van 70 ton kleinwapens en ammunisie deur die SAPD in 1997.
- Die gesamentlike operasies Rachel wat sedert die negentigerjare deur die Suid-Afrikaanse en Mosambiekse polisiemagte in Mosambiek uitgevoer word en geleid het tot die vernietiging van 450 ton kleinwapens en ammunisie wat in wapenopslagplekke in Mosambiek gevind is.
- Suid-Afrika se toelating as lid van die VN se KO in 1996.

Met verwysing na hoofstuk 1 is Suid-Afrika se ondertekening van die Kernsperverdrag en die Pelindaba Verdrag sowel as die ratifisering van die CWK voorbeeld van wapenbeheer aan die einde van 'n konflik asook om strategiese stabiliiteit te bewerkstellig. Die beëindiging van Suid-Afrika se kern-, chemiese- en biologiese wapenprogramme kan ook beskou word as ontwapening aan die einde van 'n konflik. Die riglyne en kriteria wat vir die uitvoer en oorplasing van konvensionele wapens geld; die verbod op teen-personeelmyne en Suid-Afrika se ratifisering van die TPM Konvensie; maatreëls teen die proliferasie van kleinwapens; en die vernietiging van kleinwapens is voorbeeld van wapenbeheer deur die proliferasie van wapens te bestuur.

## VERWYSINGS

- 1 Goldblat, J, Arms Control: A Guide to Negotiations and Agreements, Sage Publications, London, 1996, pp. 286-313.
- 2 Baynham, S, Military Power and Politics in Black Africa, Croom Helm, London, 1986, p.296
- 3 Batchelor P and Dunn, P, The Restructuring of South Africa's Defence Industry, University of Cape Town. Internet: [www.lss.co.za/Pubs/ASR/7.6/The%20Restructuring.htm](http://www.lss.co.za/Pubs/ASR/7.6/The%20Restructuring.htm) p.1.  
Toegang: 22/02/2001.

- 4 Van der Merwe, F A, ongepubliseerde Magister Verhandeling, 'n Politikologiese Ontleding van die Voormalige Sowjet-Unie se Ideologies-Geostrategiese Uitgangspunte met spesiale verwysing na die RSA, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, 1993, p.169.
- 5 Baynham, S, op cit, pp.303-304.
- 6 Landgren, S, Embargo Disimplemented: South Africa's Military Industry, Oxford University Press, Oxford, 1989, p.25.
- 7 Baynham, S, op cit, p.297.
- 8 Ibid.
- 9 Ibid, pp.303-304.
- 10 Baynham, S, op cit, p.217; en Luckham, R, "Militarization in Africa", in SIPRI Yearbook 1985: World Armaments and Disarmament, Taylor and Francis, London, 1985, p.316.
- 11 Baynham, S, op cit, pp.303-304.
- 12 Luckham, R, op cit, pp.317-318.
- 13 Baynham, S, op cit, pp.303-304.
- 14 Everyone's United Nations, United Nations, New York, 1986, pp.88-91.
- 15 UN: Resolution 181 of August 1963. Internet: [www.un.org/documents/sc/res/1963/s63r\\_181e.pdf](http://www.un.org/documents/sc/res/1963/s63r_181e.pdf) Toegang:13/06/01.
- 16 UN: Resolution 182 of December 1963. Internet: [www.un.org/documents/sc/res/1963/s63r\\_182e.pdf](http://www.un.org/documents/sc/res/1963/s63r_182e.pdf) Toegang: 14/06/01.
- 17 UN: Resolution 418 of 1977. Internet: [www.un.org/documents/sc/res/1977/77r418e.pdf](http://www.un.org/documents/sc/res/1977/77r418e.pdf) Toegang: 13/06/01.
- 18 UN: Resolution 558 of 1984. Internet: [www.un.org/documents/sc/res/1984/84/r558e.pdf](http://www.un.org/documents/sc/res/1984/84/r558e.pdf) Toegang: 13/06/01.
- 19 UN: Resolution 591 of 1986. Internet: [www.un.org/Docs/scres/1986/591e.pdf](http://www.un.org/Docs/scres/1986/591e.pdf) Toegang: 13/06/01.
- 20 Landgren, S, op cit, p.9.
- 21 Ibid.
- 22 Robinson, T, and Boutwell, J, "South Africa's Arms Industry: A new Era of Democratic Accountability?", Armed Forces & Society, Vol 22 No 4, 1996, pp.599-618.
- 23 Singh, R P, and Wezeman, P D, "South Africa's arms production and export", in SIPRI Yearbook 1995: Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 1995, p.580.
- 24 Ferm, R, " Major multilateral arms control agreements", in SIPRI Yearbook 1992: World Armaments and Disarmament, Oxford University Press, Oxford, 1992, p.613; en Goldblat, J, op cit, p.277.

- 25 The Chemical Warfare Case, 1997, p.4. Internet: [www.contrast.org/truth/html/chemical\\_biological\\_weapons.html](http://www.contrast.org/truth/html/chemical_biological_weapons.html) Toegang: 22/02/2001.
- 26 Landgren, S, op cit, pp. 149-151.
- 27 The Chemical Warfare Case, op cit pp.6 en 15.
- 28 Ibid, p.4
- 29 Ibid, pp.6-10 en 15-16.
- 30 RSA: Truth and Reconciliation Commission Final Report, Volume Two, Chapter Six, October 1998. Special Investigation into Project Coast: South Africa's Chemical and Biological Warfare Programme, pp.1-2. Internet: <http://www.polity.org.za/govdocs/commissions/1998/trc> Toegang: 18/04/01.
- 31 Ibid, pp.1 en 4.
- 32 Ibid, pp.1,2 en 4.
- 33 Ibid, p.7.
- 34 "Chemical and Biological Weapons ", Nuclear Forces Guide, 1999. Internet: [www.fas.org/nuke/guide/rsa/cbw/](http://www.fas.org/nuke/guide/rsa/cbw/) Toegang:19/04/01.
- 35 Horton, R E, Out of Africa: Pretoria's Nuclear Weapons Experience, Program in Arms Control, Disarmament and International Security, University of Illinois at Urbana Champaign, June 1998, pp.1-2.
- 36 Albright, D, "South Africa's Secret Nuclear Weapons", ISIS Report, 1994, pp.6-7.
- 37 SIPRI Yearbook 1992, op cit, p.613; en Goldblat, J, op cit, pp.318-319.
- 38 Albright, D, op cit, pp.6-7.
- 39 Ibid, pp.10-11en16,
- 40 De Villiers, J W, et al, "Why South Africa Gave Up the Bomb", Foreign Affairs, Vol 72 No5, Nov/Dec 1993, pp103-104.
- 41 RSA: Debates of Parliament (HANSARD),1993-1994, 8 March to 7 April 1993, Vol 39, pp.3465-3471.
- 42 Landgren, S, op cit, pp.103-104.
- 43 Ibid, p.103.
- 44 Ibid, p.165.
- 45 RSA: Department of Foreign Affairs, Missile Technology Control Regime (MTCR), p.1. Internet: [www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/mtcr.htm](http://www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/mtcr.htm) Toegang: 16/01/02.
- 46 Batchelor, P, and Dunn, P, op cit, p.4.
- 47 Ibid.
- 48 Cilliers, J, and Reichardt, M, About Turn, Institute for Defence Policy, Halfway House, 1996, p.134.
- 49 Batchelor, P, and Dunn, P, op cit, p.5.
- 50 Ibid,

- 51 RSA: Department of Foreign Affairs, Wassenaar Arrangement, p.2. Internet: [www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/wassenaar.htm](http://www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/wassenaar.htm) Toegang: 16/01/02.
- 52 UN: 49<sup>th</sup> General Assembly of the United Nations: Statement delivered by the H E Mr Vernon R W Steward, Permanent Representative of South Africa in the First Committee of the General Assembly, 17 October 1994.
- 53 RSA: Defence in a Democracy: South African White Paper on Defence, 1996, p.29.
- 54 RSA: Defence in a Democracy: South African Defence Review, 1998, p.5.
- 55 Cilliers, J, "Towards a South African Conventional Arms Trade Policy", African Security Review, Vol 4 No 4, 1995, p.6.
- 56 RSA: White Paper on South African Defence Related Industries, Chapter Six, 1999, pp.3-4.
- 57 Beri, R, "South Africa's Nuclear Policy", Strategic Analysis, Vol XXII, No 7, 1998, p.6. Internet: [www.idsa-india.org/an-oct8-2.html](http://www.idsa-india.org/an-oct8-2.html) Toegang: 18/01/02.
- 58 RSA: Wet op die Nie-Proliferasie van Wapens van Grootstaalse Vernietiging, No 87 van 1993.
- 59 RSA: South Africa's policy on the non-proliferation of weapons of mass destruction: The Role of the Department of Foreign Affairs, South African Communication Service, Parow, 1995, pp.7-8.
- 60 Ibid, pp.9-10.
- 61 Ibid, p.20.
- 62 Goldblat, J, op cit, p.345.
- 63 RSA: South Africa's policy on the non-proliferation of weapons of mass destruction: The role of the Department of Foreign Affairs, op cit, pp.36-37.
- 64 UN: "Documents of the 1995 NPT Review and Extension Conference" in The United Nations Disarmament Yearbook, Vol 20, 1995, United Nations, New York, 1995, pp.23-24.
- 65 RSA: White Paper, 1999, Chapter Six op cit, pp.2-3.
- 66 Beri, R, South Africa's Nuclear Policy, op cit, p.6.
- 67 RSA: Department of Foreign Affairs, Comprehensive Nuclear Test-Ban Treaty (CTBT), p.1. Internet: [www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/treaties/ctbt.htm](http://www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/treaties/ctbt.htm) Toegang: 16/1/02.
- 68 RSA: White Paper, 1999, Chapter Six, op cit, p.3.
- 69 Saxena, S C, "Disarmament: The African Perspective", Strategic Analysis, Vol XXII, No 7, 1998, p.11. Internet: [www.idsa-india.org/an-oct8-3.html](http://www.idsa-india.org/an-oct8-3.html) Toegang: 18/01/02.
- 70 RSA: South Africa's policy on the non-proliferation of weapons of mass-destruction, op cit, pp.11-12.

- 71 Ferm, R, "Arms control and disarmament agreements", in SIPRI Yearbook 1999: Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 1999, p.721.
- 72 RSA: White Paper, 1999, Chapter Six, op cit, p.3.
- 73 OAU: The African Nuclear-Weapon-Free Zone Treaty (The Treaty of Pelindaba), Organisation of African Unity, pp.6, 7 en 21.
- 74 RSA: White Paper, 1999, Chapter Six, op cit, p.3.
- 75 Ibid.
- 76 Ibid.
- 77 Mangold, T, and Goldberg, J, Plague Wars: A true story of biological warfare, Macmillan, London, 1999, p.267.
- 78 RSA: Department of Foreign Affairs, Biological and Toxin Weapon Convention (BTWC), pp.1-2. Internet: [www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/treaties/btwc.htm](http://www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/treaties/btwc.htm)  
Toegang:16/01/02.
- 79 RSA: White Paper, 1999, Chapter Six, op cit, p.2.
- 80 RSA: Department of Foreign Affairs, Chemical Weapons Convention (CWC), p.1. Internet: [www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/treaties/cwc.htm](http://www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/treaties/cwc.htm) Toegang:16/01/02.
- 81 RSA: Staatskoerant, No 17967, 1997, pp.1-25.
- 82 RSA: Chemical Weapons Convention(CWC), op cit, pp.1-2.
- 83 Ferm, R, "Arms control and disarmament agreements", in SIPRI Yearbook 1997: Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 1997 p.593.
- 84 RSA: South Africa's policy on the non-proliferation of weapons of mass destruction, op cit, pp.13-14.
- 85 RSA: White Paper, 1999, Chapter Six, op cit, p.2.
- 86 Allbright, D, "South Africa's Secret Nuclear Weapons", ISIS Report, May 1994, p.16.
- 87 RSA: Missile Technology Control Regime (MTCR), op cit, p.1.
- 88 RSA: South Africa's policy on the non-proliferation of weapons of mass destruction, op cit, p.14.
- 89 Anthony, I and Stock, I, "Multilateral military-related export control measures", in SIPRI Yearbook 1996: Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 1996, pp.550-551.
- 90 RSA: White Paper, 1999, Chapter Six, op cit, p.2.
- 91 Ibid., pp 5-6.
- 92 Cilliers, J, op cit, pp. 6-7.

- 93 UN: UN Register of Conventional Arms. Internet: <http://domino.un.org/REGISTER.nsf>  
Toegang : 21/11/2001; en "Conventional Weapons Issues", in The United Nations Disarmament Yearbook, Vol 24, 1999, United Nations, New York, 2000, p.110.
- 94 Hagelin,B, et al, "Transfers of major conventional weapons", in SIPRI Yearbook 2000: Armaments, Disarmament and International Security, pp.354-355.
- 95 DSEI News, 16/09/99.
- 96 Hagelin, B, et al, SIPRI Yearbook 2000, op cit, pp.354-355.
- 97 RSA: Armscor Annual Report 1999-2000, pp.11-12.
- 98 Beeld, (Pretoria), 04/05/2001.
- 99 RSA: White Paper, 1999, Chapter Six, op cit, p.5 ; en RSA: Department of Foreign Affairs, The National Conventional Arms Control Committee (NCACC), p.1. Internet: [www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/ncacc.htm](http://www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/ncacc.htm) Toegang: 16/01/02.
- 100 RSA: Wetsontwerp op die Beheer van Konvensionele Wapens, (W50), 2000, pp.5,7,9 en11.
- 101 Ibid, p.13.
- 102 RSA: White Paper, 1999, Chapter Six, op cit, p.6
- 103 Ibid.
- 104 Jeppie, S, Foreign Affairs. Internet: [www.uct.ac.za/depts/religion/foreign.htm](http://www.uct.ac.za/depts/religion/foreign.htm) Toegang: 16/05/01.
- 105 Human Rights Watch: South Africa; A Question of Principle, Vol 12 No 5 (A) ,October 2000, Chapter VII, pp.2-3.
- 106 Ibid; en RSA: Department of Defence, Directorate Conventional Arms Control: South African Export Statistics for Conventional Arms 1997-1999, pp.5-13.Internet: <http://www.mil.za/SecretaryforDefence/ConventionalArmsControl/NCACC1999/ncac.htm> Toegang: 21/11/00.
- 107 RSA: Department of Foreign Affairs, Convention on Prohibition or Restrictions on the Use of Certain Conventional Weapons which may be Deemed to be Excessively Injurious or to have Indiscriminate Effects (CCW), pp.1-2. Internet: [www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/treaties/ccw.htm](http://www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/treaties/ccw.htm) Toegang: 16/01/02.
- 108 Ibid, pp2-3.
- 109 Ibid, p.3.
- 110 Ibid, pp.4-6 en 10.
- 111 Ibid, p.10.
- 112 Beri, R, "Coping with Small Arms Threat in South Africa", Strategic Analysis, Vol XXIV, No 1, 2000, p.1. Internet: [www.idsa-india.org/an-apr010.html](http://www.idsa-india.org/an-apr010.html) Toegang:18/01/02.

- 113 Cock, J, "Light Weapons Proliferation", in Cock, J and Mckenzie, P, From Defence to Development: Redirecting Military Sources in South Africa, David Philip, Cape Town,1998, pp.135-136.
- 114 Ibid, pp.136-138.
- 115 Beri, R, "Coping with Small Arms Threat" op cit, pp.3-5.
- 116 Oosthuysen, G, Small Arms Proliferation and Control in Southern Africa, South African Institute of International Affairs, Johannesburg, 1996, p.7.
- 117 Ibid, .p.5.
- 118 Beri, R, "Coping with Small Arms Threat" op cit, p.5; en Cock, J, op cit, pp.143-144.
- 119 Beri, R, "Coping with Small Arms Threat", op cit, pp.5-6.
- 120 Ibid, p.7.
- 121 Ibid, pp.7-8.
- 122 RSA: Small Arms, pp.3 en 5. Internet: [www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/arms.htm](http://www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/arms.htm) Toegang: 17/01/02.
- 123 Ibid, p.2; Beri, R, "Coping with Small Arms Threat", op cit, p.8.
- 124 RSA: Wetsontwerp no 34 van 2000 vir die Beheer oor Vuurwapens , Suid-Afrika, 2000.
- 125 Deen, T, "Disarmament: South Africa Leads Effort to Curb Small Arms", World News, Inter Press Service, Internet: [www.oneworld.org/ips2/jan99/03\\_00\\_001.html](http://www.oneworld.org/ips2/jan99/03_00_001.html) Toegang: 31/05/01.
- 126 Beri, R, "Coping with Small Arms Threat" op cit, p.8.
- 127 Small Arms, op cit, pp.3-4.
- 128 Beeld, (Pretoria), 21/05/01.
- 129 Deen, T, op cit, p.1.
- 130 Beeld, (Pretoria), 28/05/01.
- 131 RSA: Wetsontwerp oor die Beheer van Konvensionele Wapens, op cit, pp.5-13.
- 132 Deen, T, op cit, p.2.
- 133 RSA: Department of Foreign Affairs, Conference on Disarmament (CD), pp.1 en 3. Internet: [www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/cd.htm](http://www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/cd.htm) Toegang:16/01/02.
- 134 UN: Press Release DCF/362: Conference on Disarmament hears Statements on Small Arms and Landmines from South Africa and Ukraine.
- 135 UN: Disarmament Diplomacy, Issue No 22, Statements to the Conference on Disarmament: Statement by South Africa, 20 January 1998, pp.1-2.
- 136 UN: The Preparatory Committee for the Year 2000 NPT Review Conference (Second Session): Statement by the Republic of South Africa, 29 April 1998, pp.2-3.
- 137 UN: 2000 Review Conference of the Parties to the Treaty on the Non-Proliferation of Nuclear Weapons,14 April-19 May 2000, Final Document, p.18.

## HOOFSTUK 7

### WAARDESKATTING

In hierdie hoofstuk word 'n oorsig oor die studie as geheel gegee en word daar ook aangetoon of die hipoteses wat in die inleidende hoofstuk gestel is wel geverifieer is aldaar nie.

#### **1. Die konsep van wapenbeheer en ontwapening**

Ontwapening beteken 'n algemene internasionale toestand van verminderde wapenvlakke, wat bewerkstellig word deur 'n tussenstaatlike ooreenkoms, wat dikwels deur 'n proses van onderhandeling voorafgegaan word. In uitsonderlike gevalle besluit 'n staat soms op unilaterale ontwapening met die hoop dat ander state daardoor oorreed sal word om dieselfde te doen.

Verskillende benaderings kan met ontwapening gevolg word. Volgens die "spanning eerste" benadering kan konflik verminder word deur beter kommunikasie tussen partye. Dit kan tot 'n beter verstandhouding, wat interstaatlike verhoudinge positief kan beïnvloed, en tot groter buigsaamheid in ontwapeningsonderhandelinge en selfs 'n gewilligheid om te ontwapen, lei. Volgens die "politieke skikking" benadering is ontwapening nie moontlik so lank politieke kwessies wat belangrik vir die betrokke partye is, onopgelos bly nie. Die "wapens eerste" benadering is gegrond op die idee dat spanning alleenlik verminder en politieke konflik alleenlik opgelos kan word wanneer die ontwapeningsproses begin het.

Die belangrikste argumente ten gunste van ontwapening is vrees vir oorlog; dat beskikbare fondse eerder vir ekonomiese ontwikkeling as vir wapens aangewend moet word; en dat wapens die oorsaak van internasionale spanning en oorlog is.

Die belangrikste argumente teen ontwapening is oorversekering deurdat superioriteit bo pariteit verkies word; wanpersepsies wat tot wapenwedlope lei; wapens is nie noodwendig die belangrikste oorsaak van internasionale spanning nie; en die mens se inherente wantroue in sy medemens maak ontwapening 'n vergesogte opsie.

Algemene en omvattende ontwapening verwys na die wêreldwye vermindering van alle kategorieë wapens tot die minimum wat nodig is om interne wet en orde te handhaaf; die veiligheid van burgerlikes te verseker; en ooreengekome kontingente vir 'n internasionale vredesmag te voorsien. Die ideaal van algemene en omvattende ontwapening sal weens politieke en ideologiese verskille en, onder ander, ekonomiese, soewereiniteits-, en militêre vraagstukke wat in onderhandelinge vir so 'n ooreenkoms sal ontstaan, dit onmoontlik maak om so 'n wêreldwye ooreenkoms te sluit. Meer beperkte ontwapening kan ook ten opsigte van

sekere tipes wapens toegepas word, wat dan nie noodwendig net 'n vermindering nie maar afskaffing van 'n tipe of kategorie wapen(s) kan beteken.

In teenstelling met ontwapening is die benadering met wapenbeheer 'n ooreenkoms wat tussen twee of meer state wat potensieel vyande is aangegaan word, waardeur, as gevolg van gemeenskaplike belang, samewerking bewerkstellig word om beheersheid aan die dag te lê, en beperkings toe te pas, ten opsigte van die besit, ontwikkeling, gebruik en bering van sekere tipes en kategorieë wapens, asook die hoeveelhede en eienskappe van volledige wapens of komponente daarvan. Wapenbeheer, soos dit in die twintigste eeu gemanifesteer het, het in die middel vyftigerjare in reaksie op die kernwapenwedloop gedurende die Koue Oorlog ontstaan. Die herhaalde mislukking van ambisieuse ontwapeningskemas om enige impak in die praktyk te hê het verder tot die ontwikkeling van 'n benadering van wapenbeheer bygedra.

Alhoewel daar 'n verwantskap tussen ontwapening en wapenbeheer bestaan is daar 'n aantal duidelike verskille tussen die twee konsepte wat onder andere die volgende insluit: ontwapening verwys altyd na 'n vermindering van wapens terwyl wapenbeheer ook 'n beheerde vermeerdering van wapens kan beteken; voorstanders van ontwapening glo dat algehele en omvattende ontwapening moontlik is terwyl die voorstanders van wapenbeheer se standpunt is dat dit nie moontlik is nie; voorstanders van ontwapening beskou die bestaan van wapens as die oorsaak van oorloë; terwyl die voorstanders van wapenbeheer glo dat daar geen eenvoudig verklaarbare oorsaak-en-gevolg verband tussen die besit van wapens en die uitbreek van oorlog is nie.

Te oordeel na die geskiedenis van wapenbeheer is daar vyf benaderings tot wapenbeheer te onderskei, naamlik wapenbeheer soos toegepas aan die einde van konflikte; wapenbeheer om strategiese stabiliteit te bevorder; wapenbeheer om sekere gedragsnorme te skep; wapenbeheer om die proliferasie van wapens te bestuur; en wapenbeheer deur internasionale organisasie.

'n Belangrike aspek van enige benadering tot wapenbeheer of ontwapening is die ooreenkoms wat aangegaan word. Daar is basies drie wyses van optrede, naamlik unilaterale (een staat en geen ooreenkoms) optrede; stilstwyende ooreenkomste, wat neerkom op 'n blote verstandhouding tussen state; en formele ooreenkomste. Laasgenoemde twee metodes kan verder bilateraal (twee state) of multilateraal (meer as twee state) van aard wees.

Die belangrikste argumente ten gunste van wapenbeheer is onder ander soos volg: die essensiële doel is internasionale veiligheid en vermindering van spanning; om wapenwedlope te verhoed en vreedsame skikkings van geskille te bevorder; en om ekonomiese besparings teweeg te bring en vrygestelde hulpbronne vir doeleindes soos omgewingsbewaring, bestryding van armoede, maatskaplike opheffing en meer onlangs, die bestryding van VIGS aan te wend.

Die belangrikste argumente teen wapenbeheer is onder ander die volgende: wapens is 'n weerspieëeling van politieke wantroue, nie die oorsaak nie; wapenbeheer is unrealisties want veiligheid is die uitvloeisel van die handhawing van militêre oorheersing; en wapenbeheer-ooreenkoms word verbreek en diegene wat dit respekteer word daardeur benadeel.

Wanneer 'n wapenbeheer- of 'n ontwapeningsooreenkoms tussen state aangegaan word sal daar as 'n reël 'n verifikasie-, inspeksie- en afdwingingsprosedure ingestel word. Die doel van verifikasie, wat nie werklik sonder een of ander vorm van inspeksie toegepas kan word nie, is om sover moontlik afwykings en oortredings van die verdrag of ooreenkoms te ontmoedig; nakoming te bevorder; en vertroue tussen state sowel as openbare vertroue in die ooreenkoms te versterk. Afdwingingsmaatreëls teen 'n oortreder sluit die volgende in: onttrekking deur die benadeelde party van die ooreenkoms; ekonomiese en/of wapensanksies teen die oortreder; en militêre optrede teen die oortreder as 'n laaste uitweg.

Vertroue- en veiligheidsversterkende maatreëls het veral na die Koue Oorlog van kardinale belang geword. Soos die benaming aandui dra vertroue- en veiligheidsversterkende maatreëls daartoe by om vertroue tussen state te versterk en die risiko van gewapende konflik tussen state te verminder. Die volgende maatreëls is universeel van toepassing: maatreëls wat beperkings op die gedrag van partye plaas; maatreëls wat deursigtigheid, openheid en direkte kommunikasie tussen partye moontlik maak; en maatreëls wat ekonomiese en politieke samewerking tussen partye bevorder. Wapenbeheer, ontwapening en verifikasie is inderwaarheid vertroue- en veiligheidsversterkende maatreëls.

## 2. Die situasie na die beëindiging van die Koue Oorlog

Met die val van Kommunisme in die voormalige Sowjet-Unie aan die einde van die Koue Oorlog het die Oos-Wes wedywering, die kernwapenwedloop, kernafskrikking en die gevaar van 'n kernkatastrofe tussen die Ooste en die Weste, grootliks verdwyn. In die plek daarvan het groter samewerking op ekonomiese en politieke gebied tussen die Ooste en die Weste gekom. Die koste verbonde aan die vervaardiging van wapens, omgewingskwessies en toenemende klem op menseregte, het nuwe stukrag aan wapenbeheer en ontwapening gegee. Die fokus het na 'n belangrike onmiddellike doelwit, naamlik die nie-proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging en gevorderde wapentegnologie, en deproliferasie verskuif. Multilaterale wapenbeheer het in die nuwe konteks belangriker as net bloot bilaterale wapenbeheer geword. Met toenemende openheid in militêre aangeleenthede is verifikasie, inspeksie en nakoming nie meer so 'n groot hindernis by die aangaan van wapenbeheer- en ontwapeningsooreenkoms soos gedurende die Koue Oorlog nie.

Indien die proliferasie van wapens in ag geneem word en dit in gedagte gehou word dat afvalmateriaal van kernreaktors verwerk kan word om as kernwapenmateriaal gebruik te word;

dat 44 state in die wêreld reeds oor kernreaktors beskik; dat honderde ton uraan jaarliks vir oënskynlik onskuldige redes verkoop word; en dat daar in 1972 reeds 23 laekoste tegnologiese metodes beskikbaar was om uraan te verryk, het die fokus na die Koue Oorlog eintlik net na nuwe gevare verskuif. Hierby het konvensionele wapens hoogs gesofistikeerd geword en sal state dit, nie noodwendig om kwaadwillige redes nie, graag wil bekom.

Die mees oorheersende verskynsel sedert die einde van die Koue Oorlog is die ontstaan van hoofsaaklik intrastaatlike gewapende konflikte, veral in Afrika. Die verbrokkeling van die Sowjet-Unie in 'n aantal onafhanklike state, sowel as die lidstate van die Warschau Verdragsorganisasie wat van die Sowjet invloedsfeer bevry is, het die potensiaal vir konflik in die wêreld verhoog. State soos Sirië, Irak, Libië en Noord-Korea het ook nie die Chemiese Wapenkonvensie van 1993 onderteken nie, wat die vermoede laat ontstaan dat hierdie state moontlik met chemiese wapenprogramme besig is of selfs oor chemiese wapens beskik.

Indien die argumente wat na die Tweede Wêreldoorlog ten gunste van wapenbeheer en ontwapening aangevoer is, in oënskou geneem word, is dié argumente steeds geldig. Die gevare verbonden aan 'n kernwapenwedloop, kernafskrikking en 'n moontlike wêreld kernkatastrofe het bykans verdwyn, maar die mens se inherente natuur het nie verander nie. Nuwe vrese het na die Koue Oorlog ontwikkel en eienskappe soos naywer, gierigheid, magshonger en strewes na oorheersing, selfs al is dit net binnelandse, het nie saam met die Koue Oorlog verdwyn nie.

### **3. 'n Historiese oorsig van die toepassing van wapenbeheer en ontwapening**

Die ooreenkomste wat in die antieke tyd gesluit is was in die algemeen bilateraal van aard en aan die einde van konflikte gesluit. Die verloorder is deur middel van 'n ongelyke verdrag, ook die *foedus inaequum* genoem, gedwing om te ontwapen. Die Verdrag van 546 vC was egter 'n vrywillige multilaterale ontwapeningsooreenkoms aan die einde van 'n konflik. Gedurende die Middeleeue is wapenbeheer hoofsaaklik deur proklamasies en bilaterale ooreenkomste toegepas. Die ooreenkomste was ook meer op wapenbeheer as op ontwapening gerig. Die ooreenkomste wat gedurende die tydperk wat van 1648 tot 1914 gestrek het gesluit is, was hoofsaaklik bilateraal van aard. Die verdrae wat België in 1839; Luxemburg in 1867 en die Swart See in 1856 as neutrale gebiede verklaar het, is voorbeeld van wapenbeheer om strategiese stabiliteit te skep sowel as om gedragsnorme te bepaal. Die Anglo-Franse Vlootbeperkingsverdrag van 1787 en die Argentyns-Chileense Vlootbeperkingskonvensie van 1902 is gesluit om wapenwedloopstabiliteit te bevorder en kan ook as vertroueversterkende maatreëls gesien word.

‘n Aantal verdrae wat gedragskodes en reëls vir oorlogvoering neergelê het is gedurende hierdie tydperk (1648-1914) gesluit. Die Deklarasie van St. Petersburg van 1868 het byvoorbeeld die gebruik van sekere tipes projektlede in oorlogvoering verbied. Twee vorme van wapenbeheer wat onder andere in die antieke tyd gegeld het, naamlik die skep van buffergebiede en die *foedus inaequum* aan die einde van konflikte, is gedurende die tydperk 1648 tot 1902 herhaal. ‘n Ontleding van die tipes ooreenkomste wat gedurende hierdie tydperk gesluit is toon dat wapenbeheer eerder as ontwapening toegepas is.

Al die benaderings tot wapenbeheer is gedurende die tussen-oorlogtydperk (1919-1939) toegepas. Die Verdrag van Versailles van 1919 is ‘n voorbeeld van ‘n *foedus inaequum* tipe verdrag wat aan die einde van ‘n konflik, die Eerste Wêreldoorlog, toegepas is. Dié Verdrag is op Duitsland, en ander soortgelyke verdrae op verskeie ander Oos-Europese state van toepassing gemaak, deurdat die grootte van hul weermagte daardeur beperk is. Die Kellogg-Briand Verdrag van 1928 verwerp oorlog as ‘n instrument van nasionale beleid en is ‘n voorbeeld van ‘n multilaterale ooreenkoms om verhoudings te versterk, en dien dus as ‘n vertroueversterkende maatreël. Die 1930 Vloot Protokol tussen Turkye en Griekeland is ‘n verdere voorbeeld van ‘n ooreenkoms om strategiese stabiliteit te versterk. Die Geneefse Protokol van 1925 wat die gebruik van giftige gasse in oorlogvoering en bakteriologiese wapens verbied, is ‘n voorbeeld van ‘n ooreenkoms wat gedragsnorme en oorlogreëls bepaal. In 1922 is ‘n soortgelyke verdrag wat die gebruik van skadelike gasse in oorlogvoering verbied reeds gesluit.

Die Convention for the Control of the Trade in Arms and Ammunition van 1919 en die Convention for the Supervision of International Trade in Arms and Ammunition and the Implements of War van 1925, is pogings om proliferasie van wapens te bestuur. Gedurende die tussen-oorlogtydperk is verdrae ook inhoudelik in groter detail opgestel om dubbelsinnighede en skuiveringte uit te skakel. Groeiente kommer oor die verifikasie van ooreenkomste en die proliferasie van wapens was verdere kenmerke van hierdie tydperk. Verskeie verdrae om die proliferasie van wapens te beheer en te beperk is dan ook gesluit. Wapenbeheer deur middel van internasionale organisasie het die eerste keer deur die stigting van die Volkebond in 1919 en deur die Wêrelde Ontwapeningskonferensie van 1932 beslag gekry.

Die vrees vir oorlog is na die Tweede Wêreldoorlog met wapens van grootskaalse vernietiging geassosieer. Wapenbeheer en ontwapening is dan ook na 1945 rondom kernafskrikking gestruktureer. Die VN wat in 1945 tot stand gekom het, het deur verskeie resolusies ‘n prominente rol in pogings tot kernontwapening gespeel. ‘n VN resolusie van 1961 het ook die basis vir die Kernsperverdrag van 1968 gevorm. Wapenbeheer deur middel van internasionale organisasie het dan ook na 1945 met die stigting van die VN en die stigting van die IAEA in 1956, wat tot stand gekom het om die vredesame aanwending van atoomenergie te bevorder, gedurende die Koue Oorlog beslag gekry. Toe die VSA ingevolge die Baruch Plan

van 1946 kerntegnologie vir vreedsame doeleindes beskikbaar wou stel, het die Sowjet-Unie dit teengestaan. Dit was 'n belangrike bydraende faktor tot die begin van die Koue Oorlog.

In die vroeë sestigerjare is daar as reaksie op die mislukkings van pogings tot kernontwapening tot wapenbeheer oorgegaan. Addisioneel tot die vrees vir 'n kernkatastrofe en strategiese stabilisering deur kernafskrikking, was die oogmerk onder ander om insentiewe om 'n eerste kernaanval te loods te verminder en kernproliferasie deur 'n situasie van wedersydse versekerde vernietiging (MAD) teen te werk. Hierdie benadering is dan ook gedurende die tydperk vanaf 1963 tot 1979 suksesvol gevolg. Gedurende hierdie tydperk is daar dan ook verskeie verdrae wat gedragsnorme tussen veral die supermoondhede gereël en die vertroue en veiligheidssituasie tussen hulle versterk het, gesluit.

Die SALT I ooreenkoms van 1972 tussen die twee supermoondhede het 'n vyf jaar moratorium op die ontplooiing van IKBM's in die twee state geplaas. Die ABM Verdrag wat in dieselfde jaar tussen hulle gesluit is het 'n beperking op die ontplooiing van ABM's in die twee state geplaas. Hierdie twee ooreenkomste het nie net gedragsnorme gereël nie maar ook strategiese stabilitet bevorder. Die gespanne internasionale situasie wat sedert die laat sewentigerjare tussen hulle geheers het, het egter veroorsaak dat daar tot 1984 geen verdere kernwapenbeheer of kernontwapeningsooreenkoms tussen die twee supermoondhede gesluit is nie. Die SALT II Verdrag van 1979 het misluk maar die Onmenslike Wapenkonvensie wat multilateraal van aard is, is egter in 1981 vir ondertekening voorgelê.

Toe Gorbatsjof in 1985 President van die Sowjet-Unie geword het, het daar 'n dramatiese verandering in die Sowjet-Unie se houding teenoor die Weste ingetree. Die polarisasie tussen die twee supermoondhede het verander na een van tegemoetkomendheid en samewerking. Die gevolg was skouspelagtige vordering met wapenbeheer- en ontwapeningsooreenkoms wat gedurende die voorafgaande veertig jaar ondenkbaar was. 'n Aantal ooreenkomste wat vanaf 1985 tot 1990 gesluit is het die vertroue en veiligheidssituasie tussen die twee supermoondhede en in die wêreld aansienlik versterk. Die bilaterale INF Verdrag van 1988 het byvoorbeeld tot die totale afskaffing en vernietiging van middel- en kortafstand kernmissiele aan beide kante gelei. Die Chemiese Wapenooreenkoms van 1990 tussen die supermoondhede het 'n verbod op die produksie van chemiese wapens en die drastiese vermindering van chemiese wapens tot gelyke vlakke beteken. Genoemde Ooreenkoms het nie die gebruik van chemiese wapens verbied nie. Die multilaterale CFE Verdrag van 1990 het beperkings op vyf kategorieë wapens en toerusting in Europa geplaas, en die CFE 1A Ooreenkoms op die getalle van gevegsmagte in Europa.

Gorbatsjof se beleid van *glasnost* en *perestroika* het daartoe gelei dat die Sowjet-Unie verbrokkeld en tot 'n val gekom het en dit het tot die beëindiging van die Koue Oorlog gelei. Hy het die slagoffer van sy eie beleid geword en het aan die einde van 1991 as Sowjetleier bedank.

'n Ontleding van die vernaamste verdrae en ooreenkomste wat gedurende die Koue Oorlog gesluit is, sowel as die betrokke VN resolusies, toon dat dit grotendeels eerder oor wapenbeheer as ontwapening gehandel het en dat bilaterale en multilaterale ooreenkomste bykans ewevel was. Bilaterale ooreenkomste is meesal tussen die supermoondhede gesluit. Die vernaamste ooreenkomste en verdrae wat sedert die vroeë tagtigerjare tot aan die einde van die Gorbatsjof-era gesluit is was meesal bilateraal van aard en wapenbeheer eerder as ontwapening was ter sprake. Die verdrae wat teen die einde van die Koue Oorlog gesluit is resorteer onder die benadering "wapenbeheer aan die einde van konflikte".

#### 4. Globale wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog

Die beëindiging van die Koue Oorlog is gekenmerk deur 'n aantal gebeurtenisse wat 'n radikale invloed op internasionale politieke verhoudinge gehad het. Saam met die verbrokkeling van die Sowjet-Unie, die Warschau Verdragsorganisasie (WVO) wat tot 'n einde gekom het en Duitsland wat herenig is, het 'n aantal soewerein onafhanklike state binne 'n kort tydsbestek in Europa ontstaan. Hierdie proses is verhaas deur die val van Kommunisme in die Sowjet-Unie en Oos-Europa, want die Sowjet-Unie se invloed het binne 'n kort tydsbestek in Sentraal en Oos-Europa verdwyn. Die bipolêre ideologiese verhouding van konfrontasie tussen die Ooste en die Weste het verander na 'n multilaterale benadering van samewerking ook ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening. Met die nuwe veiligheidsysteem het state baie meer ingesteld geraak op gemeenskaplike waardes soos konflikvoorkoming, konflikoplossing en krisisbestuur eerder as 'n balans van mag en vrees. Die basiese skeidslyn in die wêreld het van 'n ideologiese tussen Oos en Wes verander na 'n groeiende ekonomiese gaping tussen Noord en Suid. Die hoofdryfvere, veral in Europa, is nou die strewe na legitieme regerings, demokrasie en handhawing van menseregte. Nuwe bedreigings soos ekonomiese krisisse, etniese konflikte, misdaad, internasionale terrorisme, en besoedeling van die omgewing, het prioriteit geword en sal in die toekoms 'n groot invloed op samesprekings oor wapenbeheer en ontwapening hê.

Verskeie faktore het na die Koue Oorlog wapenbeheer en ontwapening bevorder. Die primêre dryfkrag vir stabilitet en veiligheidskepping ná die Koue Oorlog is interafhanklikheid van nasionale belang en samewerking om koöperatiewe veiligheid te bevorder. Daarvoor is openheid, deursigtigheid, vertroue en voorspelbaarheid nodig. Baie van hierdie elemente funksioneer reeds binne veiligheidstrukture soos die VN, OSCE, NAVO, WEU en die (EU). Steun vir die handhawing van menseregte en moraliteit het tot 'n groter mate 'n internasionale norm geword; verswakkende ekonomiese toestande in veral Sentraal en Oos-Europa het tot 'n

vermindering in verdedigingsuitgawes gelei; en die bipolêre ideologiese Oos-Wes verdeling wat verdwyn het, het die gevaar van 'n wêreldwye militêre konfrontasie grootliks verminder.

In teenstelling met die voorgaande, is daar ook 'n aantal faktore wat wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog nadelig beïnvloed het. Voorbeeld hiervan is die voorkoms van konflikte, hoofsaaklik in die Derde Wêreld, wat primêr intrastaatlik van aard is; proliferasie van wapens en wapenhandel wat onverpoosd voortgaan; probleme met die doeltreffende toepassing van verifikasieprosedures; en die koste verbonde aan die vernietiging van wapens.

Daar is egter na die Koue Oorlog op verskeie gebiede merkwaardige vordering met wapenbeheer en ontwapening gemaak. Op die gebied van kernwapenbeheer en ontwapening is die START I Verdrag die eerste multilaterale verdrag wat langafstand offensiewe kernwapens verifieerbaar aan beide kante, dit wil sê die VSA en Rusland, verminder het. Die onderhandelinge vir die sluiting van START I was aanvanklik bilateraal van aard, maar die Verdrag is uiteindelik deur vyf partye, naamlik die VSA, Rusland, Belarus, Kazakhstan en Oekraïne onderteken. Laasgenoemde drie state het ingevolge die verdrag onderneem om nie-kernwapenstate te word nadat hulle aanvanklik oor kernwapens beskik het. Die drie state het hulself ook onderwerp aan die bepalings van die Kernsperverdrag. Die onbepaalde verlenging van die geldigheid van die Kernsperverdrag en, wanneer geratificeer, die Omvattende Kerntoetsverbod, is lofwaardige pogings om globale kernwapenproliferasie te bestuur.

Ten opsigte van chemiese wapens is die mees uitstaande ooreenkoms na die Koue Oorlog die Chemiese Wapenkonvensie wat in 1997 van krag geword het. Dit is 'n geskiedkundige ooreenkoms in die sin dat dit chemiese wapens wêreldwyd verbied; 'n wye spektrum van inspeksies om verifikasie van nakoming van die verbod te verseker insluit; en alle aktiwiteite om chemiese wapens te ontwikkel of te vervaardig, streng verbied. Die CWK is 'n multilaterale ontwapeningsooreenkoms wat reeds deur 106 state, waaronder Rusland en die VSA, geratificeer is.

Die stigting van UNSCOM en die gedwonge ontwapening van Irak is 'n voorbeeld van internasionale toepassing van die *foedus inaequum* reël teen'n enkele staat.

In die afwesigheid van 'n formele multilaterale ooreenkoms wat die proliferasie van missiele beperk, lewer die MTBR steeds 'n waardevolle bydrae om die proliferasie van missiele en missieltegnologie te beperk. State soos die Volksrepubliek van Sjina, Israel, Roemenië en Oekraïne, wat nie-lede is, is bereid om hulle by die riglyne van die regime te hou.

Op die gebied van konvensionele wapens is daar ook na die Koue Oorlog 'n aantal deurbrike gemaak. Die CFE Verdrag wat reeds in 1990 onderteken is, is na die Koue Oorlog geratificeer. Dit is 'n regionale multilaterale ooreenkoms waarvolgens konvensionele wapens in die betrokke gebied, naamlik die ATTU sone, drasties verminder is. Die opvolgende CFE 1A Ooreenkoms het die gevegsmagte van Europese state in genoemde sone ook drasties verminder.

Protokol IV wat in 1995 tot die Onmenslike Wapenkonvensie toegevoeg is verbied wapens, naamlik laserwapens, wat ontwerp is om permanente blindheid by mense te veroorsaak. Vir die eerste keer sedert die 1868 Deklarasie van Petersburg is 'n nuwe wapen wat reeds ontwikkel en getoets is, verbied voor dit op die slagveld gebruik kon word. Voortspruitend uit die versterking van Protokol II van dieselfde Konvensie is die Teen-Personeelmyn (TPM) Konvensie op 3 en 4 Desember 1997 deur 121 state onderteken. Die TPM Konvensie plaas 'n algehele verbod op teen-personeelmyne en bepaal verder dat alle bestaande teen-personeelmyne vernietig moet word. Hierdie twee protokolle is albei voorbeeld van die toepassing van gedeeltelike ontwapening.

Deur die stigting van die FSC in 1992, het die CSCE state ná die Koue Oorlog voortgegaan om hulle pogings te intensifiseer om op 'n regionale basis CSBM's te inisieer, te verfyn en te bevorder. Die Verdrag op Oop Lugruime van 1992 wat deur 25 state onderteken is, is een van die mees verreikende CSBM's wat nóg na die Koue Oorlog-era aangegaan is. Die VN Register van Konvensionele Wapens is ook 'n multilaterale CSBM.

Met verwysing na die benaderings tot wapenbeheer, soos uiteengesit in hoofstuk 1, kan die ná Koue Oorlogverdrae, ooreenkoms en konvensies soos volg gekategoriseer word:

- Wapenbeheer aan die einde van konflikte - Die START I Verdrag; die VSA/Russiese unilaterale vermindering van kernwapens; die CFE Verdrag; en die toepassing van die *foedus inaequum* beginsel teen Irak na die Golf-oorlog. Laasgenoemde was 'n ontwapeningsmaatreël.
- Wapenbeheer en ontwapening om proliferasie te bestuur en te beheer - Alle genoemde verdrae wat na die Koue Oorlog ingestel is behalwe die CFE 1A Ooreenkoms, die VN Register van Konvensionele Wapens, CSBM's en die Verdrag op Oop Lugruime.
- Wapenbeheer om gedragsnorme te skep en te bepaal – Die CFE 1A Ooreenkoms; die Verdrag op Oop Lugruime, die VN se Register van Konvensionele Wapens en CSBM's.
- Wapenbeheer deur internasionale organisasie – die betrokkenheid van die VN ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening; die IAEA en UNSCOM wat deur die VN vir 'n spesifieke doel ingestel is.
- Wapenbeheer om strategiese stabilitet te versterk – Die START I Verdrag; die VSA/Russiese unilaterale vermindering van kernmagte; die START II Verdrag; die CFE Verdrag; die CFE 1A Ooreenkoms; en die Verdrag op Oop Lugruime.

Alhoewel ander aspekte ten opsigte van internasionale veiligheid, naas die militêre ná die Koue Oorlog belangriker geword het, geld die onderliggende argumente ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening steeds. Probleme soos intrastaatlike konflikte en proliferasie van wapens, wat vroeër deur die Oos-Wes polarisasie oorheers is, geniet tans groter prominensie in die internasionale politiek. Die belangrikheid van globale wapenbeheer en ontwapening het

ná die Koue Oorlog nie werklik verminder nie. Skouspelagtige vordering is intendeel ná die Koue Oorlog met wapenbeheer en ontwapening gemaak.

## 5. Afrika en wapenbeheer en ontwapening gedurende die Koue Oorlog

Die tydperk in Afrika gedurende die Koue Oorlog wat vanaf 1960 tot 1990 gestrek het, is deur veral drie aspekte wat 'n invloed op pogings tot wapenbeheer en ontwapening gehad het, gekenmerk. Dié drie aspekte was naamlik die dekolonialiseringssproses in Afrika wat veral vanaf 1960 momentum gekry het, en voortgeduur het tot in die tagtigerjare/vroeë negentigerjare; die mededinging tussen die Ooste en die Weste wat om strategiese, ekonomiese, en ideologiese redes hul invloed na onafhanklikwording in Afrika wou uitbou en versterk; en Suid-Afrika se beleid van apartheid, wat vanaf die vroeë sestigerjare met geweld deur die ANC teengestaan is en Suid-Afrika as die vyand van Afrika en as die grootste bedreiging vir vrede in Afrika uitgesonder het. Hierdie gebeure het tot vele hoofsaaklik intrastaatlike oorloë geleid en veroorsaak dat Afrika wêreldbekendheid verwerf het as die kontinent waar staatsgrepe op 'n gereelde basis aan die orde is.

Die Afrika perspektief op wapenbeheer en ontwapening toon sekere duidelike tendense in die benadering tot wapenbeheer en ontwapening gedurende die Koue Oorlog. Aanvanklik was daar 'n sterk gevoel by die OB sowel as die OAE teen kernwapens en ten gunste van algemene ontwapening. Alhoewel hierdie sienswyse hoofsaaklik ten opsigte van kernwapens gedurende die Koue Oorlog voortgeduur het, het wapenbeheer en ontwapening ten opsigte van konvensionele wapens 'n illusie gebly en het die klem in die laat sewentiger/ vroeë tagtigerjare na een van konflikvoorkoming, -oplossing en -bestuur verskuif, met ander woorde die "spanning eerste" benadering.

Teenstrydighede in die Afrika opset het veroorsaak dat daar van die goeie voornemens ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening, en veral wat konvensionele wapens betref, gedurende die Koue Oorlog nie veel tereg gekom het in Afrika nie. Die talle militêre konflikte wat gedurende die Koue Oorlog in Afrika plaasgevind het, is met konvensionele ligte en kleinwapens geveg. Die vernaamste oorsaak van interstaatlike konflikte was grensgeskille as gevolg van grense wat gedurende die koloniale era vasgestel is en konflik tussen "nuwe" onafhanklike state veroorsaak het. Deurlopende ekonomiese mislukking van state; oneffektiewe regering; politieke ontevredenheid; en etniese verskille was die belangrikste oorsake vir intrastaatlike konflikte. Hierdie redes en Suid-Afrika wat in die vroeë sestigerjare herbewapen het, het veroorsaak dat uitgawes aan wapens in Afrika skouspelagtig gestyg het in die sestigerjare; aanhou styg het in die sewentigerjare; en eers in die vroeë tagtigerjare begin afneem het.

In omstandighede soos hierbo geskets, was daar dus gedurende die Koue Oolog ten opsigte van konvensionele wapens nie werklik sprake van wapenbeheer en/ of ontwapening in Afrika nie. Twee state het die Onmenslike Wapenkonvensie van 1981 geratifiseer. Die Afrika beskouing van ontwapening soos by die eerste konferensie wat in Afrika oor streeksveiligheid, ontwapening en ontwikkeling in 1985 te Lomé gehou is, uiteengesit, dui eerder op 'n benadering van vreedsame oplossing van geskille as om wapenbeheer en/of ontwapening as sulks toe te pas. Dié benadering kan 'n omgewing skep waarbinne wapenbeheer /ontwapening toegepas sal kan word, maar dit op sigself is nie wapenbeheer of ontwapening nie. Die OAE en EGWAS se optrede dui ook op hierdie benadering en moet eerder as pogings om vertroue en veiligheid te bevorder gesien word.

Ten opsigte van kernwapens is daar alreeds vanaf die vroeë sestigerjare gepoog om Afrika as 'n kernwapenvrye sone te verklaar, maar dié doel is nie gedurende die Koue Oorlog bereik nie. Die ontwikkeling van 'n kernwapenvermoë deur Suid-Afrika in die tagtigerjare het in dié verband 'n belangrike rol gespeel. Die OAE het wel in 1988 die storting van kern- en nywerheidsafval in Afrika as 'n misdaad teen Afrika en sy inwoners bestempel. Hierbenewens het 34 Afrikastate die PTBT; 45 die Kernsperverdrag; en 22 die Seebodem Verdrag gedurende die Koue Oorlog geratifiseer. Verder het 34 Afrikastate die Geneefse Protokol van 1925 geratifiseer; 25 die BTWK van 1975; en sewe die ENMOD Konvensie van 1977. Die ondersteuning vir ooreenkomste ten opsigte van wapens van grootskaalse vernietiging is bemoedigend maar konvensionele wapens is gedurende die Koue Oorlog in Afrika konflikte gebruik, wat die waarskynlike rede is waarom die Onmenslike Wapenkonvensie so swak ondersteun is. Die bogemelde verdrae wat oor kernwapens handel is teen kernproliferasie gemik terwyl die Kernsperverdrag klousules insluit wat kernontwapening aanmoedig. Die Geneefse Protokol is ook 'n ontwapeningsooreenkoms wat gedragsnorme bepaal. Al bogemelde ooreenkomste is multilateraal van aard.

Die VN se vredesendings na Afrika gedurende die Koue Oorlog se mandate was gewoonlik beperk tot dié van fasiliteerde, met militêre personeel wat nie veronderstel was om, behalwe uit selfverdediging, geweld te gebruik nie. Die VN se ondersteuningsgroep wat in die laat tagtiger/ begin negentigerjare in Namibië by die implementering van die vredesoordeel tussen SWAPO en Suid-Afrika betrokke was, se mandaat het 'n spesifieke ontwapeningsklousule ingesluit. Ontwapening wat ingevolge hierdie ooreenkoms toegepas is kan gesien word as ontwapening aan die einde van 'n konflik, soos in hoofstuk 1 beskryf. Die verpligte internasionale wapenverbod wat die VN vanaf 1977 teen Suid-Afrika ingestel het, kan as gedwonge wapenbeheer beskou word weens die feit dat dit 'n poging was om Suid-Afrika wapens te ontsê.

## 6. Afrika en wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog

Na die Koue Oorlog het daar veral ten opsigte van kleinwapenproliferasie en teenpersoneelmyne 'n merkbare verandering in die houding van sommige Afrikastate ingetree. Die situasie ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening met betrekking tot konvensionele wapens in die algemeen het egter nie verander nie. Die traagheid by Afrikaleiers om ontwapening en wapenbeheer in 'n ernstige lig te beskou is grootliks gegrond op die behoefte om eers heersende veiligheidsprobleme aan te spreek voordat wapenbeheer en ontwapening oorweeg kan word. Hierdie benadering staan bekend as die "politieke skikking" benadering.

Die VN se Register van Konvensionele Wapens word swak ondersteun deur state uit Afrika en talle Afrikastate akkumuleer steeds wapens as gevolg van 'n persepsie van bedreiging veral van binne hul grense. Die VN se Register van Konvensionele Wapens sluit nie landmyne, ligte en kleinwapens in nie. Alhoewel gewapende konflik in Afrika in die middel negentigerjare afgeneem het, het dit nie 'n vermindering in konvensionele wapens teweeg gebring nie. Gewapende konflik het in die laat negentigerjare in elk geval weer tot die 1990 vlak toegeneem. Met die beëindiging van die Koue Oorlog het die wedywering tussen die Ooste en die Weste in Afrika grootliks tot 'n einde gekom en het die supermoondhede se belangstelling in Afrika verminder; hervormings het in Suid-Afrika begin wat uiteindelik tot die beëindiging van die beleid van apartheid geleid het; en Oos-Wes surrogaat konflikte om die groot moondhede se geskille te besleg sowel as die frontliniestate se stryd teen apartheid en bevrydingsoorloë het ook tot 'n einde gekom. Hierdie gebeure het wapenbeheer en ontwapening bevorder. Oorsake van intrastaatlike konflikte in Afrika soos separatisme, ontevredenheid met bestaande regerings, en etniese- en stamgeskille bestaan steeds en lei steeds tot bloedige konflikte. Bydraende faktore wat wapenbeheer bemoeilik is die vele onbewaakte toegangsroetes in en na Afrika vir wapenhandel en smokkelary. Logistieke probleme en 'n gebrek aan hulpbronne maak die beheer van wapens uiters moeilik.

Kleinwapenproliferasie het na die Koue Oorlog 'n ernstige politieke en veiligheidskwessie op plaaslike, substreek en streekvlak in Afrika geword. Die teenwoordigheid van verskeie vorms van intrastaatlike konflik, tesame met hoë vlakke van politieke geweld en onstabilitet in vele Afrikastate het 'n aanvraag vir kleinwapens laat ontstaan. 'n Surplus van wapens op die internasionale mark en in Afrika, en 'n groot swartmark vir klein- en ligte wapens het veroorsaak dat hierdie wapens baie goedkoop bekom kan word. Ander redes waarom daar so baie van hierdie wapens in Afrika in omloop is sluit 'n lang geskiedenis van intrastaatlike konflik in Afrika, en onvoldoende wapenbeheer- en ontwapeningsreëlings tydens vredesoperasies in Afrika in, wat veroorsaak het dat talle wapens nie deur strydende groepe ingehandig is met die sluiting van vredesooreenkomste nie. EGWAS se moratorium op kleinwapens en die vernietiging van surplus en onwettige wapens in Mosambiek (Operasie

Rachel) is pogings wat in Afrika aangewend word om proliferasie van ligte en kleinwapens te bekamp. Strenger maatreëls tydens vredesoperasies en om die probleme van wapensmokkelary en onwettige wapenhandel aan te spreek is egter nodig. Die tyd is ryp dat ernstige oorweging daaraan geskenk word om 'n register van konvensionele wapens, wat klein en ligte wapens insluit, vir Afrika in te stel.

In 1997 is die eerste kontinentale konferensie oor die gevaar van landmyne in Afrika te Kempton Park, Suid-Afrika gehou. Daar is by dié konferensie op 'n plan van aksie besluit om geplante landmyne in Afrika op te spoor en te vernietig en Afrikastate is aangemoedig om die TPM Konvensie te onderteken. By die VN het 38 Afrikastate 'n resolusie wat teen-personeelmyne wêreldwyd verbied, gesteun. Teen 23 Februarie 2001 het 43 Afrikastate die TPM Konvensie reeds onderteken en het 32 dit geratificeer. Die Konvensie het op 1 Maart 1999 in werking getree. Teen Januarie 2001 was die steun uit Afrika vir die Onmenslike Wapenkonvensie egter steeds swak. Twaalf van die 17 state wat dié Konvensie onderteken het, het dit tot op daardie stadium geratificeer.

Ten opsigte van wapens van grootskaalse vernietiging toon steun uit Afrika vir die CWK, die BTWK en die Geneefse Protokol dat dit die meerderheid state in Afrika se erns is dat chemiese en biologiese wapens wêreldwyd verbied word. Die Pelindaba Verdrag van 1996 het uiteindelik die weg voorberei vir 'n kernwapenvrye sone in Afrika om 'n werklikheid te word. Teen 9 Januarie 2001 het 15 van die 50 state wat dit toe reeds onderteken het, dit ook geratificeer. Daar is dus 'n traagheid in Afrika om die Verdrag in werking te stel. Dié Verdrag is 'n voorbeeld van wapenbeheer aan die einde van 'n konflik sowel as om strategiese stabiliteit te versterk. Daar word 28 ratifikasies benodig voor die Verdrag in werking kan tree. Hierbenewens het 53 Afrikastate die Kernsperverdrag en 35 die Gedeeltelike Kerntoetsverbod teen 15 April 2001 geratificeer.

Die voorkoms van gewapende konflikte in Afrika is na die Koue Oorlog steeds geweldig inhiberend op enige pogings tot wapenbeheer en ontwapening van veral konvensionele wapens. Die benadering in Afrika is een van "politieke skikking" of "spanning eerste" voor daar oor wapenbeheer en ontwapening onderhandel kan word. CSBM's en die Kampala Dokument se riglyne is hier van kardinale belang. Steun vir die CWK; die Pelindaba Verdrag; die verbod op teen-personeelmyne; die moratorium op die invoer, uitvoer en vervaardiging van lichte wapens in Wes-Afrika; en die sukses met bilaterale pogings (Operasie Rachel) tussen Suid-Afrika en Mosambiek om surplus en onwettige wapenopslagplekke op te spoor en te vernietig, is egter positiewe tekens dat daar wel beperkte sukses met wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog in Afrika behaal is.

## 7. Suid-Afrika en wapenbeheer en ontwapening tydens en na die Koue Oorlog

Suid-Afrika het gedurende die Koue Oorlog 'n party tot die volgende internasionale ooreenkomste wat op wapenbeheer en ontwapening betrekking het, geword: die Handves van die VN (1945); die Statuut van die IAEA (1956); die Suidpool Verdrag (1959); die Seebodem Verdrag (1971); en die BTWK (1975). Hierbenewens is Suid-Afrika ook 'n party tot die Geneefse Protokol ("Gasprotokol") van 1925.

Suid-Afrika se beleid van apartheid; sy volgehoue administrasie van Suidwes-Afrika (Namibië); en beperkte politieke regte aan swart mense het egter tot hewige politieke konflik en die internasionale isolasie van Suid-Afrika gelei. Die politieke konflik het mettertyd tot militêre konflik gelei en Suid-Afrika tot 'n groot mate van sy buurstate en die wêreldgemeenskap vervaarめ.

Ten einde die politieke *status quo* in Suid-Afrika te handhaaf het Suid-Afrika geen ander keuse gehad as om hom militêr deeglik toe te rus nie. Wapenembargo's wat sedert die vroeë sestigerjare deur die VN teen Suid-Afrika toegepas is, het daartoe gelei dat Krygkor gestig is en Suid-Afrika sy eie konvensionele-, ligte- en kleinwapens sowel as missiele begin vervaardig het. Die Suid-Afrikaanse regering het 'n konvensionele aanslag vanuit Afrika verwag; het verplig gevoel tot oorgrensaanvalle in buurstate om ANC basisse uit te wis; en was in 'n teen-insurgensie oorlog teen SWAPO gewikkeld wat tot oorgrensaanvalle in Angola gelei het. Hierbenewens het Suid-Afrika goedgesinde organisasies soos UNITA in Angola, RENAMO in Mosambiek en die "Lesotho Liberation Army" in Lesotho van logistieke hulp, opleiding en wapens in hulle stryd teen die betrokke regerings, voorsien. Groot bedrae is deur die Suid-Afrikaanse regering aan die opleiding van militêre personeel; die mobilisering van die Suid-Afrikaanse weermag; die vervaardiging van wapens; en die verskaffing van wapens aan bogenoemde organisasies in buurstate bestee. Suid-Afrika het ook sedert die tachtigerjare 'n chemiese en biologiese wapenprogram bedryf en gedurende die sewentigerjare ses kernwapens ontwikkel.

Daar was dus gedurende die Koue Oorlog nie werklik sprake van wapenbeheer en ontwapening deur Suid-Afrika nie. Die ooreenkomste wat wel onderteken is het weinig (indien enigsins) beperkings ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening op Suid-Afrika geplaas.

Suid-Afrika se eksterne strategiese omgewing het egter na 1989 dramaties verander. Die Koue Oorlog het tot 'n einde gekom en daarvan saam die supermoondhede se wedwering in Afrika. Suid-Afrika het terselfdertyd 'n radikale politieke beleidsaanpassing gemaak wat tot die onafhanklikwording van Namibië en die ontbanning van onder andere die ANC in Suid-Afrika en die beëindiging van apartheid gelei het. In 1991 is onderhandelinge met die ANC begin om die binnelandse onrus in Suid-Afrika tot 'n einde te bring. Dit het tot die eerste demokratiese verkiesing in 1994 in Suid-Afrika gelei.

Die Suid-Afrikaanse regering maak tans aanspraak op 'n verantwoordelike benadering tot internasionale handel in verdedigingsverwante produkte. Die regering stel homself egter bloot aan kritiek deurdat daar nie altyd by die riglyne gehou word nie en wapens soms aan state verskaf word waar growwe menseregteskendings aan die orde is. Suid-Afrika ondersteun alle resolusiese ten opsigte van deursigtigheid in wapens; streeksvertroueskepping; en die nie-proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging. Die Suid-Afrikaanse regering se houding jeens wapenbeheer en ontwapening het na die Koue Oorlog, en veral na die demokratiese verkiesing van 1994, soos vervolgens sal blyk, drasties verander.

Suid-Afrika se optrede gedurende 1990/1991 deur die eerste staat ter wêreld te word om algehele kernontwapening unilateraal toe te pas en in 1991 die Kernsperverdrag te onderteken, dui op 'n "wapens eerste" benadering tot ontwapening. Voortspruitend hieruit het Suid-Afrika in 1991 'n omvattende veiligheidsooreenkoms met die IAEA gesluit, en vanaf 1995 weer sitting op die beleidmakende raad van die IAEA verkry om sodoende deel te hê aan die globale verifikasie van kernwapenverdrae en ooreenkomste. Suid-Afrika het ook 'n sentrale rol gespeel tydens die 1995 konferensie oor die Kernsperverdrag. Dié rol het betrekking gehad op die bestuur van kernwapenproliferasie. Suid-Afrika het ook 'n belangrike rol vervul in die aanloop tot die sluiting van die Pelindaba Verdrag wat 'n voorbeeld is van wapenbeheer om strategiese stabiliteit ten opsigte van kernproliferasie in Afrika te versterk. Suid-Afrika het die Pelindaba Verdrag in 1998 geratificeer. Suid-Afrika se ratifisering van die Omvattende Kerntoetsverbod in 1999 is 'n verdere onderskrywing van globale wapenbeheer deur die proliferasie van kernwapens te bestuur. Aanvullend hier toe spreek die Wet op Wapens van Grootskaalse Vernietiging van 1993 ook die nie-proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging aan en het Suid-Afrika in 1993 'n lid van die Zanger Komitee en in 1995 lid van die Kernverskaffersgroep geword. Hierdie twee multilaterale organisasies beywer hulle vir uitvoerbeheer oor kernverwante materiaal, toerusting en tegnologie wat vir tweeledige doeleindes aangewend kan word. Dit is verdere voorbeeld van Suid-Afrika se onderskrywing van globale wapenbeheer deur die bestuur van kernproliferasie.

Suid-Afrika se unilaterale optrede met die beëindiging van sy chemiese en biologiese wapenprogramme in 1993 is 'n verdere voorbeeld van die "wapens eerste" benadering tot ontwapening. Suid-Afrika is ook sedert 1994 'n lidstaat van 'n multilaterale *ad hoc* groep van die partye tot die BTWK om 'n verifikasieprocedure vir die Konvensie saam te stel en het die CWK in 1995 geratificeer. Suid-Afrika lewer dus ten opsigte van chemiese en biologiese wapens 'n bydrae tot strategiese stabiliteit op globale en streekvlek sowel as tot die bestuur van die proliferasie daarvan. Suid-Afrika se bereidwilligheid om ten spyte van die feit dat hy nie 'n lid van die Australië Groep is nie, nogtans die groep se maatreëls ten opsigte van die uitvoer van chemiese en biologiese stowwe en giwwwe na te kom, is 'n verdere bydrae tot die bestuur van die proliferasie van hierdie wapens.

Suid-Afrika se lidmaatskap van die MTBR in 1995; die riglyne en kriteria wat vir die uitvoer van konvensionele wapens geld; die verbod op teen-personeelmyne; die vernietiging van 261 423 teen-personeelmyne in 1997; Suid-Afrika se ratifisering van die TPM Konvensie; maatreëls teen die proliferasie van kleinwapens; en die vernietiging van kleinwapens, is voorbeelde van wapenbeheer deur die proliferasie van wapens te bestuur. Die verbod op teen-personeelmyne beteken ook ontwapening van 'n spesifieke tipe wapen ingevolge Protokol II van die Onmenslike Wapenkonvensie waartoe Suid-Afrika in 1995 'n party geword het. Suid-Afrika het homself, sedert 1996 toe hy lid van die VN se Konferensie oor Ontwapening geword het, ook deeglik ten opsigte van die bevordering van globale kernontwapening laat geld.

Die wapenembargo's wat die VN in 1963 en 1977 op Suid-Afrika van toepassing gemaak het, was multilaterale ooreenkomste wat deur die toepassing van die *foedus inaequum* beginsel op 'n eensydige wyse wapenbeheer op Suid-Afrika toegepas het. Alhoewel die embargo's nie aan die einde van 'n konflik toegepas is nie was die doel met die optrede van die VN om Suid-Afrika strategies sowel as polities te isolateer.

## 8. Gevolgtrekkings

Die beëindiging van die Koue Oorlog was tot 'n groot mate die resultaat van die radikale verandering wat gedurende die Gorbatsjof-era in onder andere die buitelandse beleid van die voormalige Sowjet-Unie ingetree het. Gorbatsjof het in 1986 reeds verklaar dat sover dit die Sowjet-Unie betref die wêreld teen die jaar 2000 kernwapenvry moes wees.<sup>1</sup> Die verdrae wat dus na die Koue Oorlog bilateraal tussen die VSA en Rusland ten opsigte van kernwapenbeheer en -ontwapening gesluit is sowel as die multilaterale ooreenkomste wat na die Koue Oorlog ten opsigte van konvensionele wapenbeheer in Europa gesluit is, was ooreenkomste wat aan die einde van 'n konflik gesluit is en wat 'n positiewe invloed op internasionale veiligheid gehad het. Na die verbrokkeling van die Sowjet-Unie is Rusland tot 'n groot mate ontmagtig ten opsigte van invloed in Oos-Europa, asook weens die feit dat die voormalige republieke van die Sowjet-Unie onafhanklikheid verkry het. Aangesien Rusland dus sy status as 'n supermoondheid in die proses verloor het kan dit as 'n oorwinning vir die Weste beskou word wat dit dan 'n volwaardige voorbeeld van wapenbeheer aan die einde van 'n konflik soos in hoofstuk 1 beskryf, maak.<sup>2</sup> Die beëindiging van die Koue Oorlog het dus 'n positiewe uitwerking op globale wapenbeheer en ontwapening gehad.

Alhoewel die supermoondhede se invloed in Afrika na die Koue Oorlog grootliks verdwyn het en daarmee saam hul invloed ten opsigte van surrogaat konflikte en wapenskenkings aan Afrikastate, het konflikte in Afrika aanvanklik afgeneem, maar dié tendens was net tydelik van aard. Die feit dat die aantal groter gewapende konflikte in Afrika teen 1999

weer op die 1990 vlak was, is bewys dat daar, ten spyte van die beëindiging van die Koue Oorlog, steeds genoeg wapens beskikbaar was in Afrika om in konflikte te gebruik. Die sluiting van die Pelindaba Verdrag is hoofsaaklik moontlik gemaak deurdat Suid-Afrika 'n "wapens eerste" benadering gevvolg het deur kernontwapening unilateraal toe te pas en die Kernsperverdrag te onderteken.

Alhoewel die beëindiging van die Koue Oorlog 'n positiewe invloed op wapenbeheer en ontwapening in Suid-Afrika gehad het, kan die radikale beleidsverandering weg van apartheid deur die Suid-Afrikaanse regering wat saam met die beëindiging van die Koue Oorlog gevall het, nie net as 'n resultaat van die beëindiging van die Koue Oorlog beskou word nie. Die beleidsverandering was ook gemaak as gevolg van ernstige buitelandse en binnelandse politieke druk. Die idee om oor 'n politieke skikking te begin onderhandel het reeds in die tagtigerjare ontstaan voordat daar enige sprake van die beëindiging van die Koue Oorlog was.<sup>3</sup> Na die 1994 demokratiese verkiesing het Suid-Afrika weer sy regmatige plek in die wêreldgemeenskap begin inneem en wapenbeheer en ontwapening is hoog op die agenda van die Suid-Afrikaanse regering, vandaar die talle ooreenkomste wat deur Suid-Afrika ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening onderteken is en Suid-Afrika se prominente rol ten opsigte van kernontwapening by Kernsperverdrag hersieningskonferensies.

Die volgende feite dui daarop dat wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog ten minste nog net so belangrik is soos gedurende die Koue Oorlog.

- Alhoewel die Koue Oorlog tot 'n einde gekom het, beskik die VSA en Rusland gesamentlik steeds oor tussen 18 000 en 19 000 kernploffkoppe, indien nie-strategiese en defensiewe kernwapens ingesluit word. Hierdie twee state is dus steeds 'n bedreiging vir mekaar. Hierbenewens is Pakistan, Indië en Israel (na bewering) nou ook kernwapenstate, wat veroorsaak dat algehele kernontwapening 'n illusie sal bly.
- State soos Libië, Iran, Irak en Noord-Korea word steeds daarvan verdink dat hulle programme vir die vervaardiging van wapens van grootskaalse vernietiging bedryf.
- Geen verifikasieproses om vas te stel of ooreenkomste nagekom word is absoluut effektiief nie.
- Talle gewapende konflikte is wêreldwyd en veral in Afrika steeds aan die orde van die dag.
- Groot kommer heers wêreldwyd oor die onbeheersde proliferasie van ligte en kleinwapens.
- Die VSA se Nasionale Missielverdedigingsprogram {"National Missile Defence" (NMD)} wat tans aan die gang is om die VSA in staat te stel om ballistiese missiele wat moontlik vanaf vyandige state deur die buitenste ruimte na teikens in die VSA gelanseer kan word, in die ruimte of die atmosfeer te vernietig voordat dit die teiken tref, is besig om die ABM Verdrag in die gedrang te bring.<sup>4</sup> President G W Bush van Amerika het dan ook op 13

Desember 2001 bekend gemaak dat die VSA oor ses maande aan die ABM Verdrag gaan onttrek.<sup>5</sup>

Volgens die hoofstukke in hierdie studie wat oor wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog in Afrika en Suid-Afrika handel, is dit duidelik dat daar, aan die hand van beskikbare navorsingsmateriaal, wel deeglik kennis geneem kan word van wat na die Koue Oorlog in Afrika en Suid-Afrika ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening bereik is. 'n Aspek wat met hierdie studie as grondslag verdere navorsing regverdig is die kwessie van verifikasie, inspeksie en afdwinging van ooreenkomsste en verbintenisse wat ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening tydens en na die Koue Oorlog deur Afrikastate en, meer spesifiek, Suid-Afrika aangegaan is. Nog 'n aspek wat verdere navorsing regverdig is om vas te stel wat die redes is waarom Afrikastate so traag is om sekere verdrae en ooreenkomsste te onderteken en/of te ratifiseer.

## VERWYSINGS

- 1 Gorbachev, M S. The Coming Century of Peace, Richardson & Steirman, New York, 1986, pp.11-15.
- 2 Croft, S, Strategies of arms control: A history and typology, Manchester University Press, New York, 1996 p.69.
- 3 Rhoodie, E, P W Botha: The Last Betrayal, SA Politics, Melville, Johannesburg, 1989 pp.140-170; en Mandela, N, Long Walk to Freedom, Abridged Edition, Nolwazi Educational Publishers, Braamfontein, Johannesburg, 1996 pp.100-106
- 4 Stop Star Wars; Back to the Future. Internet: <http://www.stopstarwars.org/html/intro.html>  
Toegang: 25/07/01.
- 5 Beeld, Pretoria, 14/12/2001.

## BIBLIOGRAFIE

### Primère bronre

#### 1. Inter-owerheidsbronre

##### 1.1 UN/VN

African Speakers in Concerted Assault against Failure of Nuclear Powers to Honour 1995 Commitments, United Nations Press Release DC/2701, 27/05/2000.

Boutros Boutros-Ghali, An Agenda for Peace: Preventive Diplomacy, Peacemaking and Peace Keeping, United Nations, New York, 1992.

Conference on Disarmament: Overview. Internet: <http://www.unog.ch/disarm/disconf.htm>. Toegang: 06/10/01.

DDA Occasional Papers, No4, Department for Disarmament Affairs, United Nations, 2000.

Disarmament Diplomacy, Issue No 22. Statements to the Conference on Disarmament: Statement by South Africa, 20 January 1998.

Disarmament: Disarmament and Security in Africa, Department of Disarmament Affairs, United Nations, New York, 1991.

Disarmament Forum, one 1999: The New Security Debate, United Nations Institute for Disarmament Research, United Nations Publication, Geneva, Dec. 1998.

Disarmament Topical Papers 12: Disarmament and Security in Africa, United Nations, New York, 1992.

Disarmament Workshop on the Role of Border Problems in African Peace and Security: A Research Project, United Nations, New York, 1993.

Everyone's United Nations, United Nations, New York, 1986.

Final communique of the meeting of Ministers of Foreign Affairs and Heads of Delegations of the Movement of Non-Aligned Countries, held in New York on 23/09/99. General Assembly/Security document of the United Nations A/54/469; S/1999/1063, 1999.

Memorandum on activities relating to the African Nuclear-Weapon-Free Zone Treaty (Pelindaba Treaty) submitted by the Secretary-General of the Organization of African Unity at The 2000 NPT Review Conference (RevCon), 14 April-19 May 2000, New York.

Nuclear Weapon States Endorse Goal of "Total Elimination" of Nuclear Arsenals as NPT Review Conference Concludes, United Nations Press Release DC/2710, 27/05/2000.

Permanent Mission of Nigeria to the United Nations, UNGA49 First Committee. Statement by Ambassador I E Ayewah, Deputy Permanent Representative of Nigeria to the United Nations, New York, 18/10/99.

Permanent Mission of the Republic of Sierra Leone to the United Nations New York.  
Statement by His Excellency Dr Alusine Fofana of the Republic of Sierra Leone in the  
General Debate on Disarmament and International Security Issues, First Committee,  
24/10/94.

Permanent Mission of the Republic of Zimbabwe to the United Nations. Statement by H E  
Simbarashe; S Mumbengewi in the General Debate in the First Committee, 19/10/99.

Permanent Mission of Zambia to the UN. Statement by Mr H B Kunda, Deputy Permanent  
Secretary in the Ministry of Foreign Affairs of the Republic of Zambia in the First Committee  
of the 49th Session of the United Nations General Assembly, New York 24/10/99.

Press Release DCF/362: Conference on Disarmament hears Statements on Small Arms and  
Landmines from South Africa and Ukraine.

"Report of the Conference on Disarmament" in General Assembly Official Records-Forty  
seventh Session, Supplement No 27 (A/47/27), United Nations, New York, 1992.

Resolutions and Decisions Adopted by the General Assembly during the First part of its  
Fortieth Session, United Nations Press Release, Department Of Public Information, United  
Nations, New York, 1986.

Resolution 181 of August 1963. Internet: [www.un.org/documents/sc/res/1963/s63r181e.pdf](http://www.un.org/documents/sc/res/1963/s63r181e.pdf)  
Toegang: 13/06/01.

Resolution 182 of December 1963. Internet: [www.un.org/documents/sc/res/1963/s63r182e.pdf](http://www.un.org/documents/sc/res/1963/s63r182e.pdf)  
Toegang: 14/06/01.

Resolution 418 of 1977. Internet: [www.un.org/documents/sc/res/1977/77r418e.pdf](http://www.un.org/documents/sc/res/1977/77r418e.pdf)  
Toegang: 13/06/01.

Resolution 558 of 1984. Internet: [www.un.org/documents/sc/res/1984/84/r558e.pdf](http://www.un.org/documents/sc/res/1984/84/r558e.pdf)  
Toegang: 13/06/01.

Resolution 591 of 1986. Internet: [www.un.org/Docs/scres/1986/591e.pdf](http://www.un.org/Docs/scres/1986/591e.pdf) Toegang: 13/06/01.

Resolution S/Res/ 1051 of the Security Council, United Nations, New York, 1996.

Resolutions of the Security Council 1990, Security Council Official Records: Forty Fifth Year,  
United Nations, New York, 1991.

Resolutions of the Security Council 1991, Security Council Official Records: Forty Sixth  
Year, United Nations, New York, 1992.

Smith, C, et al, Disarmament and Conflict Resolution Project: Small Arms Management and  
Peacekeeping in Southern Africa, United Nations, New York, 1996.

The Biological and Toxin Weapons Convention Database, Fourth Review Conference Final  
Documents, Part III, Document BWC/CONF.IV/9.

The Permanent Mission of the Libyan Arab Jamahiriya to the United Nations. Statement by  
H E Mr M A Azwai, Permanent Representative to the United Nations, before the First  
Committee of the 49th Session of the United Nations General Assembly on Disarmament  
and International Peace and Security, New York, 21/10/94.

The Preparatory Committee for the Year 2000 NPT Review Conference (Second Session): Statement by the Republic of South Africa, 29 April 1998.

The United Nations Disarmament Yearbook, Vol 16, 1991, Office for Disarmament Affairs, United Nations Publication, New York, 1992.

The United Nations Disarmament Yearbook, Vol 17, 1992, Office of Political Affairs, United Nations Publication, New York, 1993.

The United Nations Disarmament Yearbook, Vol 18, 1993, Centre for Disarmament Affairs, United Nations Publication, New York, 1994.

The United Nations Disarmament Yearbook, Vol 19, 1994, Centre for Disarmament Affairs, United Nations Publication, New York, 1995.

The United Nations Disarmament Yearbook, Vol 20, 1995, Centre for Disarmament Affairs, United Nations Publication, New York, 1996.

The United Nations Disarmament Yearbook, Vol 21, 1996, Centre for Disarmament Affairs, United Nations Publication, New York, 1997.

The United Nations Disarmament Yearbook, Vol 22, 1997, Department for Disarmament Affairs, United Nations Publication, New York, 1998.

The United Nations Disarmament Yearbook, Vol 24, 1999, Department for Disarmament Affairs, United Nations Publication, New York, 2000.

The 2000 Review Conference (Rev Con), 14 April-19 May 2000, New York. Statement by Mr Y Osei, Deputy Permanent Representative of the Mission of Ghana to the United Nations.

United Nations General Assembly Official Records, Agenda item 105, Annexes, Twentieth Session, New York 1965.

United Nations Regional Centre for Peace and Disarmament in Africa: Report of the Secretary General, General Assembly Document A/55/171, 2000.

United Nations Regional Centre for Peace and Disarmament in Africa, UNRCPDA, July 2000, 1999.

United Nations Regional Centre for Peace and Disarmament in Africa. Internet: <http://www.unrec.org> Toegang: 22/08/2001.

UN Register of Conventional Arms. Internet: <http://domino.un.org/REGISTER.nsf> Toegang: 22/02/2001.

Yearbook of the United Nations 1946-1947, Department of Public Information, United Nations, Lake Success, New York, 1947.

Yearbook of the United Nations, 1947-1948, Department of Public Information, United Nations, Lake Success, New York, 1949.

Yearbook of the United Nations, 1961, Office of Public Information, United Nations, New York, 1963.

Yearbook of the United Nations, 1971, Vol 25, United Nations Publication, Office of Public Information, United Nations, New York, 1974.

2000 Review Conference of the Parties to the Treaty on the Non-Proliferation of Nuclear Weapons, 14 April-19 May 2000, Final Document.

2000 Review of the Parties to the Treaty on the Non-Proliferation of Nuclear Weapons, Final Document NPT/CONF.2000/28 (Vol I, Part I and II), New York, 22/05/2000.

49<sup>th</sup> General Assembly of the United Nations: Statement delivered by the H E Mr Vernon R W Steward, Permanent Representative of South Africa in the First Committee of the General Assembly, 17 October 1994.

## 1.2 ECOWAS/EGWAS

Declaration of a Moratorium on Importation, Exportation and Manufacture of Light Weapons in West Africa, Abuja, 31 October 1998.

Workshop on Small Arms Opens in Abuja. Internet: [www.nisat.org/west%20africa/news%20from%20the%20region/ecowas\\_workshopon\\_small\\_arms\\_op.htm](http://www.nisat.org/west%20africa/news%20from%20the%20region/ecowas_workshopon_small_arms_op.htm). Toegang: 08/10/01.

## 1.3 OAU/OAE

"CM/Res 1661 (LXIV), Resolution on the Convention on the Prohibition of the Development, Manufacturing, Stockpiling, and Use of Chemical Weapons and their Destruction", Resolutions Adopted by the Sixty-Fourth Ordinary Session of the Council of Ministers/Organization of African Unity, OAU, Addis Ababa, OAU, 1996.

"Decision CM/Des.363 (LXVI), Report of the Secretary-General on the Issue of Anti-Personnel (Mines), and International Efforts to Reach a Total Ban", Decisions adopted by the Sixty-sixth Ordinary Session of the Council of Ministers/Organization of African Unity, OAU, Addis Ababa, 1997.

"Decision CM/Dec. 377 ( LXVII), Report of the Secretary-General on the Decision CM/Dec. 363 (LXVI) on the International Efforts to Ban Landmines", Decisions of the Sixty-Seventh Ordinary Session of the Council of Ministers/Organization of African Unity, OAU, Addis Ababa, 1998.

"Decision CM/Dec. 432 (LXVIII), Proliferation of Small Arms and Light Weapons", Decisions of the Sixty-eighth ordinary session of the Council of Ministers/Organisation of African Unity, OAU, Addis Ababa, 1998.

Declaration of the Assembly of Heads of State and Government on the Establishment within the OAU of a Mechanism for Conflict Prevention, Management and Resolution, Cairo, June 30 1993.

"Draft Decision on the Illicit Proliferation, Circulation and Illicit Trafficking of Small Arms and Light Weapons, AHG/Draft/Dec.6 (LXX)", Draft Decisions of the Thirty-Fifth Ordinary Session of the Heads of State and Government, Organization of African Unity, OAU, Addis Ababa, 1999.

"Report of the meeting of experts" on the First Continental meeting of African Experts on Illicit Proliferation, Circulation and Trafficking of Small Arms and Light Weapons, Addis Ababa, May 2000.



"Resolution CM/Res. 1660 (LXIV), Resolution on Expediting the Process of Ratification of the Treaty Establishing the African Nuclear Weapon Free-Zone", Resolutions Adopted by the Sixty-Fourth Ordinary Session of the Council Of Ministers/Organisation Of African Unity, OAU, Addis Ababa, 1996.

Resolving Conflicts: OAU Conflict Management Bulletin, Special Edition, 1999.

The African Nuclear-Weapon-Free Zone Treaty (The Treaty of Pelindaba), Organisation of African Unity.

## **2. Owerheidsbronne (RSA)**

Armscor Annual Report 1999-2000.

Debates of Parliament (HANSARD), 1993-1994, 8 March to 7 April 1993, Vol 39.

Defence in a Democracy: South African Defence Review, 1998.

Defence in a Democracy: South African White Paper on Defence, 1996.

Department of Defence, Directorate Conventional Arms Control: South African Export Statistics for Conventional Arms 1997-1999. Internet: [www.mil.za/Secretary for Defence/ConventionalArmsControl/NCACC1999/ncacc.htm](http://www.mil.za/Secretary for Defence/ConventionalArmsControl/NCACC1999/ncacc.htm) Toegang: 21/11/00.

Department of Foreign Affairs, Biological and Toxin Weapon Convention (BTWC). Internet: [www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/treaties/btwc.htm](http://www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/treaties/btwc.htm) Toegang: 16/01/02.

Department of Foreign Affairs, Chemical Weapons Convention (CWC). Internet: [www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/treaties/cwc.htm](http://www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/treaties/cwc.htm) Toegang: 16/01/02.

Department of Foreign Affairs, Comprehensive Nuclear Test - BanTreaty (CTBT). Internet: [www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/treaties/ctbt.htm](http://www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/treaties/ctbt.htm) Toegang: 16/01/02.

Department of Foreign Affairs, Conference on Disarmament (CD). Internet: [www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/cd.htm](http://www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/cd.htm) Toegang: 16/01/02.

Department of Foreign Affairs, Convention on Prohibition or Restrictions on the Use of Certain Conventional Weapons which may be Deemed to be Excessively Injurious or to have Indiscriminate Effects (CCW). Internet: [www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/treaties/ccw.htm](http://www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/treaties/ccw.htm) Toegang: 16/01/02.

Department of Foreign Affairs, Missile Technology Control Regime. Internet: [www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/mtcr.htm](http://www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/mtcr.htm) Toegang: 16/01/02.

Department of Foreign Affairs, Small Arms. Internet: [www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/arms.htm](http://www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/arms.htm) Toegang: 17/01/02.

Department of Foreign Affairs, The National Conventional Arms Control Committee (NCACC). Internet: [www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/ncacc.htm](http://www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/ncacc.htm) Toegang: 16/01/02.

Department of Foreign Affairs, Wassenaar Arrangement. Internet: [www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/wassenaar.htm](http://www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/wassenaar.htm) Toegang: 16/01/02.

South Africa's policy on the non-proliferation of weapons of mass destruction: The Role of the Department of Foreign Affairs, South African Communication Service, Parow, 1995.

Staatskoerant No 17967, 1997.

Truth and Reconciliation Commission Final Report, Volume Two, Chapter Six - October 1998. Special Investigation into Project Coast. South Africa's Chemical and Biological Warfare Programme. Internet: [www.polity.org.za/govdocs/commissions/1998/trc/2chap6c.htm](http://www.polity.org.za/govdocs/commissions/1998/trc/2chap6c.htm) Toegang: 18/04/01

Wet op die Nie-Proliferasie van Wapens van Grootkaalse Vernietiging, No 87 van 1993.

Wetsontwerp op die Beheer van Konvensionele Wapens, (W50), 2000.

Wetsontwerp no 34 van 2000 vir die Beheer oor Vuurwapens, Suid-Afrika, 2000.

White Paper on South African Defence Related Industries, Chapter Six, 1999.

### **3. Ander bronne**

Convention on the Prohibition of the Development, Production and Stockpiling of Bacteriological (Biological) Biological and Toxin Weapons and on their Destruction, (1972). Internet:<http://www.tufts.edu/departments/fletcher/multi/texts/BH596.txt> Toegang: 07/10/01.

Djonovich, D J, (ed), United Nations Resolutions, Series I, Resolutions Adopted by the General Assembly, Vol VIII, 1960-1962, Oceana Publications Inc., Dobbs Ferry, New York, 1974.

Djonovich, D J, (ed), United Nations Resolutions, Series I, Resolutions Adopted by the General Assembly, Volume XII, 1968-1969, Oceana Publications Inc., Dobbs Ferry, New York, 1975.

Djonovich, D J, (ed), United Nations Resolutions, Series I, Resolutions Adopted by the General Assembly, Volume XIII, 1970-1971, Oceana Publications Inc., Dobbs Ferry, New York, 1976.

Draft Kampala Document for a Proposed Conference on Security, Stability, Development and Cooperation in Africa, (CSSDCA), Kampala, Uganda, 1991.

Legum, C, (ed) African Contemporary Record: Annual Survey and Documents 1978-1979, African Publishing Company, New York, 1980.

Legum, C, (ed) African Contemporary Record: Annual Survey and Documents 1979-1980, African Publishing Company, New York, 1981.

Legum, C, (ed) African Contemporary Record: Annual Survey and Documents 1984-1985, African Publishing Company, New York, 1986.

Legum, C, (ed) African Contemporary Record: Annual Survey and Documents 1985-1986, African Publishing Company, New York, 1987.

Member States of the IAEA. Internet: <http://f40.iaea.org/worldatom/About/member.shtml>. Toegang: 19/07/01.

Naldi, G J, (ed) Documents of the Organization of African Unity, Mansell, London, 1992.



Parry, C, (ed), The Consolidated Treaty Series Vol 29, Oceana Publications Inc: Dobbs Ferry, New York, 1969 (Franse Teks).

Parry, C, The Consolidated Treaty Series Volume 225, Oceana Publications Inc., Dobbs Ferry, New York, 1981.

Vienna Document 1994 of the Negotiations on Confidence- and Security Building Measures, CSCE Document 1113/94, Vienna 1994.

## Sekondêre bronne

### 1. Boeke

Arkhurst, F S, (ed) Arms and African Development, Praegers Publishers, New York, 1972.

Arlinghaus, B E, Development in Africa: The Military, Political and Economic Risks of Arms Transfers, Westview Press, Boulder, 1984.

Arlinghaus, B E, (ed) Arms for Africa: Military Assistance and Foreign Policy in the Developing World, D C Heath and Company, Lexington, 1983.

Armstrong, D, Revolution and World Order: The Revolutionary State in International Society, Clarendon Press, Oxford, 1993.

Barnaby, F, How Nuclear Weapons Spread: Nuclear Weapon Proliferation in the 1990's, Routledge, London, 1993.

Barnett, RJ, and Falk, R A, Security in Disarmament, Princeton University Press, Princeton, New Jersey, 1965.

Baylis, J, et al, Contemporary Strategy: Theories and Concepts, Vol I, Croom Helm, London, 1987,

Baylis, J, et al, Contemporary Strategy: The Nuclear Powers, Vol II Croom Helm, London, 1987.

Baynham, S, Military Power and Politics in Black Africa, Croom Helm, London , 1986.

Betts, R K, Conflict After the Cold War: Arguments on Causes of War and Peace, Macmillan Publishing Company, New York, 1994.

Bloed, A, (ed), Conference on Security and Co-operation in Europe: Analysis and Basic Documents 1972-1993, Kluwer Academic Publishers, Dordrecht, Boston, London, 1993.

Brennan D G, (ed), Arms Control, Disarmament, and National Security, George Braziller, New York, 1961.

Bull, H, The Control of the Arms Race: Disarmament and Arms Control in the Missile Age, Frederick A Praeger, New York, 1965.

Burns, R D (ed), Encyclopaedia of Arms Control and Disarmament, Charles Scribner, New York, 1992.

Buzan, B, An Introduction to Strategic Studies: Military Technology and International Relations, Macmillan Press, London, 1987.

Cilliers, J, (ed), Towards a Landmine-free Africa, Institute for Security Studies, Halfway House, South Africa, 1997.

Cilliers, J, and Reichardt, M, About Turn, Institute for Defence Policy, Halfway House, 1996.

Cock, J and Mckenzie, P, From Defence to Development: Redirecting Military Sources in South Africa, David Philip, Cape Town, 1998.

Croft, S, Strategies of Arms Control: A history and typology, Manchester University Press, New York, 1996.

Croft, S, (ed), The Conventional Armed Forces in Europe Treaty: The Cold War Endgame, Dartmouth Publishing Co., Aldershot, Brookfield, USA, 1994.

Davis, M J, Security Issues in the Post-Cold War World, Edward Elgar, Cheltenham, UK, Brookfield, U S, 1996.

Dougherty, J E, How to Think about Arms Control and Disarmament, Crane, Russak & Company, New York, 1962.

Du Plessis, L, and Hough, M, (eds) Protecting Sub-Saharan Africa: The Military Challenge, HSRC Publishers, Pretoria, 1999.

Dupuy, T N, and Hammerman, G M, (ed) A Documentary: History of Arms Control and Disarmament, R R Bowker, New York, 1973.

Edmonds, R, Soviet Foreign Policy: The Brezhnev Years, Oxford University Press, Oxford, 1983.

Freedman, L, The Evolution of Nuclear Strategy, Macmillan, London, 1981.

Freedman, L, Arms Control: Management or Reform?, Routledge & Kegan Paul, London, 1986.

Friedman, L, (ed), The Law of War: A Documentary History, Vol I, Random House, New York, 1972.

Frisch, D H, (ed), Arms Reduction: Program and Issues, Twentieth Century Fund, New York, 1961.

Foltz, W J, and Bienen, H S, (eds) Arms and the African, Yale University Press, London, 1985.

Furley, O, Conflict in Africa, I B Tauris Publishers, London, 1995.

Furley, O, and May, R, (ed), Peacekeeping in Africa, Ashgate, Brookfield USA, 1998.

Gamba, V, (ed), Society Under Siege: Crime, Violence and Illegal Weapons, Vol I, Institute for Security Studies, Halfway House, South Africa, 1997.

Gamba, V, (ed), Society Under Siege: Licit Responses to Illicit Arms, Vol II, Institute for Security Studies, Halfway House, South Africa, 1998.

- Gasteyer, C, Searching for World Security: Understanding Global Armament and Disarmament, Frances Pinter, London, 1985.
- Goldblat, J, Arms Control: A Guide to Negotiations and Agreements, Sage Publications, London, Thousand Oaks, New Delhi, 1996.
- Gorbachev, M S. The Coming Century of Peace, Richardson & Steirman, New York, 1986.
- Gray, C S, House of Cards: Why Arms Control must fail, Cornell University Press, London, 1992.
- Gromyko, A A, and Whitaker, C S, Agenda for Action: Africa-Soviet-US Cooperation, Lynne Rennier Publishers, Boulder, 1990.
- Henkin, L, (ed), Arms Control: Issues for the Public, Ballantine Books, New York, 1961.
- Hogan, M J, (ed), The End of the Cold War: Its Meaning and Implications, Cambridge University Press, New York, 1994.
- Holmes, J W, The United States and Europe after the Cold War, University of South Carolina Press, Columbia, 1997.
- Holsti, K J, International Politics: A Framework for Analysis, Prentice Hall, Englewood Cliffs, New Jersey, 1992.
- Hough, M, and Du Plessis, A, (eds), Africa: Selected Documents on Political, Security, Humanitarian and Economic Issues, Ad hoc Publication No 33 ,Institute for Strategic Studies, University of Pretoria, Pretoria, 1996.
- Hough, M, and Du Plessis, L, (eds), Contemporary International Organisations and Treaties: Selected Documents, Ad hoc Publication No 34, Institute for Strategic Studies, University of Pretoria, Pretoria, 1997.
- Israel, F L, (ed), Major Peace Treaties of Modern History (1648-1967), Vol I, Chelsea House Publishers in association with Mc Graw Hill Book Co: New York,1967.
- Israel, F L, Major Peace Treaties of Modern History, Vol II, Chelsea House Publishers in association with Mc Graw Hill Book Co: New York, 1967,
- Klare, MT, and Thomas, DC, World Security: Challenges for a New Century, St Martin's Press, New York, 1994.
- Klein, L R, et al, (eds), Arms Reduction: Economic Implications in the Post Cold War Era, United Nations University Press,New York,1995.
- Kolodziej, E A, and Kanet, R E, Coping with Conflict after the Cold War, The Johns Hopkins University Press, Baltimore and London, 1996.
- Krause, J, (ed), Security Implications of a Global Chemical Weapons Ban, Westview Press, Boulder, San Francisco and Oxford, 1991.
- Landgren, S, Embargo Disimplemented: South Africa's Military Industry, Oxford University Press, Oxford, 1989.

- Larsen, J A, en Rattray, G J, (eds), Arms Control: Toward the 21<sup>st</sup> Century, Lynne Rennier Publishers, Boulder, London, 1996.
- Laurance, E J, et al, Arms Watch: SIPRI Report on the First Year of the UN Register of Conventional Arms, Oxford University Press, Oxford, 1993.
- Leebaert, D, (ed), Soviet Military Thinking, George, Allen & Unwin, London, 1981.
- Lefever, E W, Arms and Arms Control, Thames & Hudson, London, 1962.
- Malan, M, (ed), Conflict Management, Peacekeeping and Peace-building: Lessons for Africa from a Seminar Past, ISS Monograph Series No 10, Institute for Security Studies, Halfway House, South Africa, 1997.
- Malan, M, (ed), New Partners in Peace: Towards a Southern African Peacekeeping Capacity, ISS Monograph Series No 5, Institute for Security Studies, Halfway House, South Africa, 1996.
- Mandela, N, Long Walk to Freedom, Abridged Edition, Nolwazi Educational Publishers, Braamfontein, Johannesburg, 1996.
- Mangold, T, and Goldberg, J, Plague Wars: A true story of biological warfare, Macmillan, London, 1999.
- Martin, L, (ed), Strategic Thought in the Nuclear Age, Heineman, London, 1979
- Min-Chuan Ku, A Comprehensive Handbook of the United Nations, Vol 2, Monarch Press, New York, 1979.
- Morgenthau, H J, Politics Among Nations: The Struggle for Power and Peace, Knopf, New York, 1985.
- Noel-Baker, P, The Arms Race: A Programme for World Disarmament, John Colder Ltd, London, 1958.
- Oakes, A, and Mowat, R B, (ed), The Great European Treaties of the Nineteenth Century, Oxford University Press, London, 1918.
- O'Conner Howe, J, (ed), Armed Peace: The Search for World Security, Macmillan, London, 1984,
- O'Neill, R, and Schwartz, D N, Hedley Bull on Arms Control, St. Martin's Press, New York, 1987.
- Oosthuysen, G, Small Arms Proliferation and Control in Southern Africa, South African Institute of International Affairs, Johannesburg, 1996.
- Osgood, C E, An Alternative to War or Surrender, University of Illinois Press, Urbana III, 1962.
- Osgood, R E, en Tucker, R W, Force, Order and Justice, Johns Hopkins Press, Baltimore, 1967.
- Osmanczyk, E J, Encyclopedia of the United Nations and International Agreements, Taylor and Francis, New York, 1990.

Oyebade, A, and Alao, A, (ed), Africa After the Cold War: The Changing perspectives on Security, Africa World Press, Inc., Asmara, Eritrea, 1998.

Pearson, F S, The Global Spread of Arms. Political Economy of International Security, Westview Press, Boulder, San Francisco, Oxford, 1994.

Poulton, R, and Youssouf, I, Peace of Timbuktu, United Nations Institute for Disarmament Research, New York, Geneva, 1998.

Rhoodie, E, P W Botha: The Last Betrayal, SA Politics, Melville, Johannesburg, 1989.

Schelling T C, en Halperin,M H, Strategy and Arms Control, Twentieth Century Fund, New York,1961.

Schoonees, P C, (red), HAT, Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal, Voortrekkers, Johannesburg,1975.

Schuman, F L, International Politics: Anarchy and order in the World Society, McGraw Hill, New York, 1969.

Scribner, R A, et al, The Verification Challenge: Problems and Promise of Strategic Nuclear Arms Control Verification, Birkhäuser, Boston, Basel, Stuttgart, 1985.

Sheehan, M, Arms Control: Theory and Practice, Basil Blackwell, Oxford, 1988.

Sheehan, M, The Arms Race, Martin Robertson, Oxford, 1983.

Shuman, M H, and Harvey, H, Security Without War: A Post-Cold War Foreign Policy, Westview Press, Boulder, San Francisco, Oxford, 1993.

Singer, J D, Arms Control and Disarmament: Towards a Synthesis in National Security Policy, Ohio State University Press, Columbus Ohio, 1962.

Smock, D R, and Crocker, C A, (eds), African Conflict Resolution: The U S Role in Peacekeeping, Institute of Peace Press, Washington DC, 1995.

Smock, D R, (ed), Making War and Waging Peace: Foreign Intervention in Africa, United States Institute of Peace Press, Washington DC, 1993.

Spanier, J W, and Nogee, J L, The Politics of Disarmament: A Study in Soviet-American Gamesmanship, New York, 1962.

Speed, R D, Strategic Deterrence in the 1980's, Hoover Institution Press, Stanford, California, 1979.

Stockholm International Peace Research Institute (SIPRI), Strategic Disarmament: Verification and National Security, Taylor & Francis Ltd, London, 1977.

Tanter, R, Rogue Regimes: Terrorism and Proliferation, St Martin's Press, New York, 1998.

Wainhouse, D W, Arms Control Agreements: Designs for Verification and Organisation, The Johns Hopkins Press, Baltimore, Maryland, 1968.

Wright, Q, A Study of War,Vol II, University of Chicago Press, Chicago, Illinois, 1942.

## 2. Tydskrifte

African Defence Journal, No 63, Paris, 1985.

African Events, Vol 9 No 2, 1993.

African Journal of Political Science, New Series, Vol 3 No 1, 1998.

African Security Review, Vol 6 No 4, 1997; Vol 7 No 4, 1998; Vol 4 NO 4, 1995.

Armed Forces & Society, Vol 22 No 4, 1996.

Brief 11, Bonn International Center for Conversion, 1998.

DSEI News, 16/09/99.

Foreign Affairs, Vol 72 No 5, Nov/Dec 1993.

Human Rights Watch: South Africa; A Question of Principle, Vol 12 No 5 (A), October 2000.

IDS Bulletin, Vol 16 No4, 1985.

International Conciliation No 577, 1970; No 540, 1962.

International Security, Vol 8 No 4, 1984.

ISIS Report, May 1994.

ISSUP BULLETIN, 4/95, 1995.

ORBIS, Vol 32 No 3, 1988.

Strategic Review for Southern Africa, Vol XVIII No 1, 1996; Vol XX No 2, 1998; Vol XXI No 1, 1999

Stratfor Commentary: Global Intelligence Update, 02/08/99.

Survival, 34/1, Brassey's London, Spring 1992.

The Bulletin of the Atomic Scientists, Vol 50 No 4, 1994; September 1962.

## 3. Jaarboeke

SIPRI Yearbook 1988-1993: World Armaments and Disarmament, Oxford University Press, Oxford.

SIPRI Yearbook 1994, Oxford University Press, Oxford.

SIPRI Yearbook 1995-2001: Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford.

Strategic Survey: 1989-1990, The International Institute for Strategic Studies, Brassey's, London, 1990.

Strategic Survey: 1990-1991. The International Institute for Strategic Studies, Brassey's, London, 1991.

Strategic Survey: 1991-1992, The International Institute for Strategic Studies, Brassey's, London, 1993.

Strategic Survey: 1992-1993, The International Institute for Strategic Studies, Brassey's, London, 1994.

Strategic Survey: 1993-1994, The International Institute for Strategic Studies, Brassey's, London, 1995.

Strategic Survey: 1996-1997. The International Institute for Strategic Studies, Oxford University Press, London, 1997.

World Armaments and Disarmament: SIPRI Yearbook 1978, 1979, 1981, 1983.1985, Taylor and Francis Ltd, London.

World Armaments and Disarmament: SIPRI Yearbook 1975 en 1977, The MIT Press: Cambridge, Massachusetts and London.

#### **4. Internet (diverse bronre)**

Batchelor P and Dunn, P, The Restructuring of South Africa's Defence Industry, University of Cape Town. Internet: <http://www.lss.co.za/Pubs/ASR/7.6/The%20Restructuring.htm>. Toegang: 22/02/2001.

"Chemical and Biological Weapons ", Nuclear Forces Guide, 1999. Internet: <http://www.fas.org/nuke/guide/rsa/cbw/>. Toegang: 19/04/01.

Isenberg, D, "should we be afraid? Yes!", Weekly Defence Monitor, Issue 20 1997. Internet: <http://www.cdi.org>. Toegang: 25/08/01.

Liberia Destroys Remaining Wartime Weapons. Internet: [www.nisat.org/west%20africa/news%20from%20the%20region/liberia\\_destroys\\_remaining\\_warti.htm](http://www.nisat.org/west%20africa/news%20from%20the%20region/liberia_destroys_remaining_warti.htm). Toegang: 08/10/01.

Deen, T, "Disarmament: South Africa Leads Effort to Curb Small Arms", World News, Inter Press Service. Internet: [www.oneworld.org/ips2/jan99/03\\_00\\_001.html](http://www.oneworld.org/ips2/jan99/03_00_001.html). Toegang: 31/05/01.

Jeppie, S, Foreign Affairs. Internet: [www.uct.ac.za/depts/religion/foreign.htm](http://www.uct.ac.za/depts/religion/foreign.htm). Toegang: 16/05/01.

The Chemical Warfare Case., 1997, p.4. Internet: [www.contrast.org/truth/html/chemical\\_biological\\_weapons.html](http://www.contrast.org/truth/html/chemical_biological_weapons.html). Toegang: 22/02/2001.

Stop Star Wars: Back to the Future. Internet: <http://www.stopstarwars.org/html/intro.html>. Toegang: 25/07/2001.

Beri, R, "South Africa's Nuclear Policy", Strategic Analysis, Vol XXII No 7, 1998. Internet: [www.idsa-india.org/an-oct8-2.html](http://www.idsa-india.org/an-oct8-2.html) Toegang: 18/01/02.

Beri, R, "Coping with Small Arms Threat in South Africa", Strategic Analysis, Vol XXIV No 1, 2000. Internet: [www.idsa-india.org/an-apr010.html](http://www.idsa-india.org/an-apr010.html) Toegang: 18/01/02.

Saxena, S C, "Disarmament: The African Perspective", Strategic Analysis, Vol XXII No 7, 1998. Internet: [www.idsa-india.org/an-oct8-3.html](http://www.idsa-india.org/an-oct8-3.html) Toegang: 18/01/02.

## 5. Ongepubliseerde Verhandeling en geleentheidspublikasies

Benson, W, Report: Light weapons control and security assistance: A review of current practice, A Safer World/International Alert Publication, London, 1998.

Horton, R E, Out of Africa: Pretoria's Nuclear Weapons Experience, Program in Arms Control, Disarmament and International Security, University of Illinois at Urbana Champaign, June 1998.

Latter, R, An End to Chemical and Biological Weapons?, Wilton Paper 63, London, HSMO, October 1992.

Van der Merwe, F A, ongepubliseerde Magister Verhandeling, 'n Politikologiese Ontleding van die Voormalige Sowjet-Unie se Ideologies-Geostrategiese Uitgangspunte met spesiale verwysing na die RSA, Universiteit van die Oranje Vrystaat, Bloemfontein, 1993.

Volman, D, The evolving pattern of African arms transfers. Paper presented at the 38th Annual Meeting of the African Studies Association, Orlando, Florida, ASA, Atlanta, 1995.

## 6. Nuusblaarie/nuusbriewe

Beeld, (Pretoria), 03/07/98; 11/01/00; 03/03/00; 04/05/01; 21/05/01; 28/05/01; 14/12/01.

Small Arms Proliferation and Africa, Newsletter 1, 1998.

## SAMEVATTING

### WAPENBEHEER EN ONTWAPENING NA DIE KOUE OORLOG MET SPESIFIKE VERWYSING NA AFRIKA EN SUID-AFRIKA

deur

FREDERICK ALBRECHT VAN DER MERWE

PROMOTOR : PROF DR M HOUGH

DEPARTEMENT : POLITIEKE WETENSKAPPE

GRAAD WAARVOOR : DOCTOR PHILOSOPHIAE  
PROEFSKRIF IN INTERNASIONALE  
INGEDIEN IS POLITIEK

In hierdie proefskrif word wapenbeheer en ontwapening soos dit ná die Koue Oorlog op globale-, streek-(spesifiek Afrika) en nasionale (spesifiek Suid-Afrika) vlakke toegepas is ondersoek en ontleed.

Die doel van die studie is om bestaande kennis op 'n oorsigtelike gekonsolideerde wyse, veral ten opsigte van Afrika en Suid-Afrika uit te brei omdat 'n behoefte in dié opsig met die indiening van die navorsingsvoorstel geïdentifiseer is; om aan te toon dat wapenbeheer en ontwapening selfs na die beëindiging van die Koue oorlog steeds wêreldwyd van kardinale belang is; en dat daar na die Koue Oorlog ongekende sukses op globalevlak, in Afrika tot 'n mindere mate, en in Suid-Afrika groot sukses met wapenbeheer en ontwapening behaal is. 'n Radikale verandering in binnelandse en buitelandse beleid deur Suid-Afrika het tot gevolg gehad dat Suid-Afrika in die vroeë negentigerjare die eerste staat in die wêreld geword het wat kemontwapening algeheel toegepas het. Suid-Afrika se chemiese en biologiese oorlogvoeringprogramme is ook in die vroeë negentigerjare beëindig. Die demokratisering van die politieke bestel in Suid-Afrika in 1994 het ook grootskaalse betrokkenheid van die Suid-Afrikaanse regering by wapenbeheer en ontwapening op globale-, streek- en nasionale vlakke

tot gevolg gehad. Die doel van die studie is ook om aan te toon tot watter mate die beëindiging van die Koue Oorlog 'n invloed op wapenbeheer en ontwapening gehad het. Die beëindiging van die Koue Oorlog was 'n resultaat van 'n radikale verandering in binnelandse en buitelandse beleid deur die voormalige Sowjet-Unie.

Die studie aangaande wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog word voorafgegaan deur 'n ontleding van die teoretiese konsepte van wapenbeheer en ontwapening en die ontwikkeling van die konsepte deur teoretici van die twintigste eeu. Die benaderings met wapenbeheer en ontwapening soos deur hierdie teoretici ontwikkel, word dan ook in die studie toegepas op die verdrae en ooreenkoms wat na die Koue Oorlog onderteken en/of geratificeer is.

Die metode van ondersoek wat vir die bestudering van die onderwerp gevolg is, is histories-beskrywend en analities van aard. Die doel hiermee was om die verskillende wapenkategorieë en tydperke af te baken en dan vas te stel tot hoe 'n mate wapenbeheer en ontwapening globaal, en meer spesifiek op streek-(Afrika) en nasionale (Suid-Afrika) vlakke na die Koue Oorlog toegepas is. Wapenbeheer en ontwapening soos voor en na die Koue Oorlog toegepas, word ooreenkombig die teorie, soos in hoofstuk 1 uiteengesit, beoordeel.

Die prosedure wat met die navorsing gevolg is, is soos volg: selektering van boeke, dokumente, tydskrifte, nuusblaie en publikasies van verskillende aard; dataversameling en bestudering van tekse; data-ontleding ten einde vas te stel watter toepaslik is; die proses van vertolking en interpretering van die inligting; toepassing van inligting; evaluasie; en die vorming van gevolgtrekkings.

## SLEUTELTERME

Afskrikking	Proliferasie
Grootskaalse vernietiging	Verdrag
Interkontinentale ballistiese missiel	Verifikasie
Konvensionele wapens	Wapenbeheer
Ontwapening	Wedersydse versekerde vernietiging

## SUMMARY

# ARMS CONTROL AND DISARMAMENT AFTER THE COLD WAR WITH SPECIFIC REFERENCE TO AFRICA AND SOUTH AFRICA

by

FREDERICK ALBRECHT VAN DER MERWE

PROMOTOR : PROF DR M HOUGH

DEPARTMENT : POLITICAL SCIENCES

DEGREE FOR WHICH : DOCTOR PHILOSOPHIAE  
DISSERTATION WAS IN INTERNATIONAL  
PRESENTED POLITICS

In this dissertation the processes of arms control and disarmament as implemented at global, regional (Africa) and national (South Africa) levels are investigated and analysed.

The purpose of the study is to widen existing knowledge in a consolidated manner, especially with regard to Africa and South Africa. A need in this regard was identified with the submission of the proposal for the study. A further purpose of the study is to indicate that arms control and disarmament, even after the end of the Cold War, is still of utmost importance; and that success of formerly unknown proportions was obtained with arms control and disarmament after the Cold War on the global level, to a lesser extent in Africa, and with great success in South Africa. A radical change in internal as well as foreign policy by the South African government resulted in South Africa being the first state in the world to implement total nuclear disarmament in the early nineties. South Africa's chemical and biological warfare programs were also terminated in the early nineties. The democratisation of the political environment in South Africa in 1994 resulted in South Africa becoming involved in arms control

and disarmament at global, regional and national levels. The purpose of the study is also to illustrate to what extent the ending of the Cold War had an influence on arms control and disarmament. The end of the Cold War was a result of a radical change in internal as well as foreign policies of the former Soviet Union.

The study of arms control and disarmament after the Cold War is preceded by an analysis of the theoretical concepts of arms control and disarmament by twentieth century theorists. The approaches to arms control and disarmament, as developed by these theorists, are then applied to treaties and agreements, which were signed/ ratified before and after the Cold War.

The method of investigation that was followed for the study was historically descriptive and analytical of nature. The purpose was to differentiate between the different categories of weapons and the different periods during which arms control and disarmament were implemented since the earliest times and during and after the Cold War. The approaches to arms control and disarmament, during and after the Cold War, are also assessed according to the theory as explained in chapter 1.

The procedure which was followed whilst doing research for the study was as follows: The selection of books, documents, magazines, newspapers, and publications of various nature; compilation and studying of data; analysis of data to establish which would be appropriate to use; the process of interpretation of the information; application; evaluation and forming of conclusions.

## KEY WORDS

Arms control	Mass destruction
Conventional weapons	Mutual assured destruction
Deterrence	Proliferation
Disarmament	Treaty
Intercontinental ballistic missile	Verification